’n Alternatief vir die Premillennialistiese standpunt in die AGS van SA

MAL HATTINGH

orcid.org/0000-0002-6747-9795

Verhandeling voorgelê ter *gedeeltelike* nakoming vir die graad *Magister Artium* in Dogmatiek aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr FP Möller

Mede-studieleier: Prof dr N Vorster

Gradeplegtigheid Mei 2018

23167815

OPSOMMING

Getrou aan die Pinkster tradisie is die AGS Kerk se eskatologiese benadering hoofsaaklik Premillennialisties. Soms word na Premillennialisme verwys as 'n filosofie van geskiedenis. God is in die geskiedenis besig om sy heerskappy tot stand te bring en Premillennialisme leer dat een van die fases van sy heerskappy behels dat Christus 'n tussenryk waar Hy fisies op die aarde sy mag gaan uitoefen, gaan vestig. Dit word genoem die "Messiaanse Vrederyk".

Premillennialiste voel baie sterk oor hulle oortuiging en Skrifuitleg en dit is duidelik dat van hulle 'n ernstige probleem met ander benaderings het. Soms wil dit voorkom asof hulle meen dat deur die verwerping van Premillennialisme word die wese van die Evangelie aangeraak.

In die historiese ontwikkeling van Millennialisme word die invloed van Joodse en apokaliptiese verwagtings wat tussen die Ou en Nuwe Testament ontwikkel het, duidelik. Die vergeesteliking van die skeppingsverhaal (ses dae van die skepping en die sewende dag as rusdag) het ook bygedra tot die vorming van die Millenniumteorie. Deur die eeue was Premillennialisme nooit die prominente eskatologiese beskouing van die kerk nie. Dit het dikwels gedurende laagtepunte in die kerklike lewe opgevlam. Daar was veranderings en ontwikkelings in die leer van Premillennialisme en soms was vleuels van die beweging radikaal, veral in pogings om die verwagte Messiaanse ryk in 'n "Nuwe Jerusalem" te vestig. In die 19de eeu het Millennialiste die posisie ingeneem om profesieë in hulle Skrifbenadering letterlik te vertolk. Dispensasionele Premillennialisme het 'n nuwe metode ontwikkel vir die interpretasie van die Bybel en kontemporêre wêreldgebeure. Israel het toe ten opsigte van die leer van die Messiaanse Vrederyk 'n prominente plek in wêreldgebeure ingeneem. Die eskatologiese program het uitgebrei om onder meer die idee van 'n wegraping van die gelowiges in te sluit en dit het meegebring dat die Groot Verdrukking spesifiek rondom Israel sal wentel. Hulle het 'n wetenskap ontwikkel wat geskiedenis en wêreldgebeure orden en verklaar. Die kerk is 'n interimgebeure en word onderskei van God se heilsplan met Israel. Hulle eskatologie is gebaseer op 'n dogma wat berus op Judaïsme en om as basis hiervoor te dien, word sekere Ou en Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes vertolk om in te pas by hulle hedendaagse vooropgestelde modelle oor die toekoms.

Om alles in die Bybel letterlik op te neem beteken nie dat die Bybel daardeur suiwer interpreteer word nie. Profesieë (beloftes) het gewoonlik 'n boodskap van God vir die mense wat in die tyd van

die bepaalde profesie gelewe het en verder gaan die profesie ook in meer as een fase in die geskiedenis in vervulling. Dit bring mee dat dit in die Ou Testament beloftes gaan oor ’n werklikheid wat in Christus vervul word en kulmineer in die nuwe hemel en nuwe aarde. In die geskiedenis van saligheid is dit die sentrale posisie van Christus wat geld.

Die argument van hierdie studie is dat ’n Premillennialistiese beskouing nie Bybels verantwoordbaar is nie en dat dit neerkom op ’n verskraling van die Evangelie van die Koninkryk van God. Die mening is dat ’n eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens 'n Skriftuurlike begronding het. God het in sy almag en liefde vanaf die begin die einde in oog. In die skeppingsbedoeling van God met die mens is aangetoon dat God die gelowige, sy kinders, deur Jesus Christus en die werk van die Heilige Gees, iets gun van dit wat Hyself is, veral die liefdeseenheid wat daar bestaan tussen die Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie liefdeseenheid merk ons reeds in die Ou Testament op vanaf die skeppingsverhaal en dit vind veral uitdrukking in ons kindskap van God in Jesus Christus. Op hierdie eskatologiese reis verleen God identiteit aan sy mense, skep Hy ’n intieme verhouding, versorg Hy hulle en word hulle betrek as medewerkers in sy eskatologiese program. Dit is 'n deurlopende tema wat sy volkome gestalte en klimaks vind met die wederkoms, die voltooiing en volmaking van God se bedoelinge – dus hoort die proton en die eskaton bymekaar. Die verwagting is dat hierdie perspektief op die eskatologiese verhaal van God se op-pad-wees met sy mense in die realisering in die alreeds, sowel as in die hoop op die finale afronding van sy beloftes, verrykende gevolge inhou vir die verstaan en die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk van God in dié verband. Die eskatologie is ’n verhaal van God wat in sy almag en liefde met sy mense op pad is na ’n volmaakte toekoms van saamwees en eenwees in die nuwe skepping. Die realisering en die hoop van God se liefdesreis met sy mense in die hede, sowel as in die toekoms, is gebou op die gebeure van Jesus Christus, sy Seun, en die werk van die Heilige Gees.

Sleutelterme

- Skeppingsbedoeling
- God gun iets van wat Hyself is
- Jesusgebeure
- Die werk van die Heilige Gees
- Identiteit, intimiteit, versorging en medewerkers

- Die Bybel – ’n Eskatologiese verhaal
- Eskatologiese reis van hoop
- ’n Donker wêreld
- Op pad na die nuwe wêreld
- Kind, jy is altyd by my
- Alles wat ek het, is ook joune

ABSTRACT

True to the Pentecostal tradition, the AFM Church's eschatological approach is largely premillennial. Premillennialism is sometimes referred to as a philosophy of history. In this history, God is busy establishing His supremacy and premillenniaslism teaches that one of the stages of His supremacy means that Christ will establish an intermediate empire where He will physically exercise His power on earth. This called the "Messianic Reign".

Premillennialists feel very strongly about their beliefs and scriptural interpretation and it is clear that they have a serious problem with other approaches. Sometimes it seems as though they think the essence of the Gospel is affected by the rejection of premillennialism.

In the historical development of millennialism, the influence of Jewish and apocalyptic expectations that had developed between the Old and New Testament became clear. The spiritualisation of the creation story (six days of creation and the seventh day of rest) also contributed to the formation of the millennium theory. Through the ages, premillennialism was never the prominent eschatological view of the church. It had often flared during lows in the life of the church. There were changes and developments in the study of premillennialism and sometimes wings of the movement were radical, especially in efforts to establish the expected Messanic kingdom in a "New Jerusalem". In the 19th century, the millennialists interpreted prophecies in their approach to Scripture literally. Dispensational premillennialism had developed a new method for the interpretation of the Bible and contemporary world events. Israel then took a prominent place in world affairs with regard to the study of the Messanic Reign. The eschatological program expanded to include, inter alia, the idea of a rapture of believers and it led to the Great Tribulation, specifically revolving around Israel. They developed a science that ordered and explained history and world events. The church is an interim event and is distinguished from God's plan with Israel. Their eschatology is based on a doctrine build on Judaism and to serve as this basis, certain Old and New Testament Scriptures are interpreted to suit their contemporary preconceived models of the future.

To take every thing in the Bible literally does not mean that the Bible is therefore interpreted purely. Prophecies (promises) normally had a message from God for the people who lived in the time of the particular prophecy and the prophecy was furthermore fulfilled in more than one

phase in the history. This means that, in the Old Testament prophecies, it was about a reality that was fulfilled in Christ, culminating in the new heaven and new earth. In the history of salvation, it is the central position of Christ that counts.

The argument of the study is that a premillennial view is not biblically justified and that it amounts to an attenuation of the Gospel of the Kingdom of God. The view is that an eschatological approach from the perspective of the purpose of God's creation with man has a Biblical foundation. God, in His power and love, had a vision of the end, right from the beginning. In the purpose of God's creation with man, it is shown that God grants the faithful, His children, something of what He is, especially the bond of love between the Father, Son and the Holy Spirit, through Jesus Christ and the work of the Holy Spirirt. This bond of love is already noticeable in the Old Testament; from the story of creation and it is mainly reflected in our being children of God in Jesus Christ. On this eschatological journey, God gives His identity to His people, He creates an intimate relationship, He cares for them and involves them as collaborators in His eschatological program. This is an ongoing theme that finds its perfect shape and climax with the advent, the completion and perfection of God's intentions – the proton and the eschaton thus belong together. The expectation is that this perspective on the eschatological story of God's journey with His people has enriching implications for the understanding and advocacy of the Gospel of the Kingdom of God in the present as well as in the hope of the fulfilment of His promises. Eschatology is a story of God who, in His power and love, is on journey with His people to a perfect future of togetherness and unity in the new creation. The realisation and the hope of God's journey of love with His people in the present as well as in the future, is build on the events of Jesus Christ, His Son, and the work of the Holy Spirit.

Key terms

- Purpose of creation
- God gives something of what He is
- Events of Jesus Christ
- The work of the Holy Spirit
- Identity, intimacy, caring and co-workers
- The Bible – an eschatological story
- Eschatological journey of hope

- A dark world
- On the way to the new world
- Child, you are always with me
- Everything I have, is yours as well

BEDANKINGS

Eerstens, my innige dank aan ons Hemels Vader dat ek, al was my talente nie geslyp vir so 'n taak nie, hierdie onderneming kon aanpak. In my laerskool jare het Hy my die eerste keer aangegryp met die gedagte van die eindgebeure, of soos ek dit nou sal sê: met die gedagte van op-pad-wees-na-God-se-nuwe-wêreld, deur die boekie van Timo Kriel met die titel: *Môre*. Ek het niks meer in my aftree jare met hierdie onderneming beoog as om slegs na die bedoeling van God met sy mense te soek nie. Waaroor mag ek droom? Ek wou sy verskyning meer koester?

Ek waardeer die moeisame hulp van my studie leier: Dr. Francois Möller. U het geduldig 'n reuse werk gedoen en my goed gelei.

Professor Nico Vorster, baie dankie vir u waardevolle bedrae om my werk te verbeter .

Clarina Vorster, u was so vriendelik en bedagsaam met die vertaling en taalversorging. Baie dankie vir u goeie werk.

Graag wil ek Prof. Kobus de Smidt en Maria Moroalle van die Auckland Park Theological Seminary bedank vir hulle hulp met bronne. Hulle was vriendelik. Net so waardeer ek die groot hulp van Hester Lombaard van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU.

My dierbare vrou, Christa, baie dankie dat ek die studie kon aanpak. Dit het soveel jare geneem en ons kon soveel meer vrye tyd gehad het. Jy het baie geoffer en gehelp! Duisend dankies!

Baie dankie aan ons kosbare kinders vir hulle ondersteuning en gebede. Julle liefde vir God is 'n baken van sy genade. Ons is op pad na ons Here se nuwe wêreld en die ewige saamwees met Hom.

Table of Contents

OPSOMMING i

ABSTRACT iv

BEDANKINGS vii

HOOFSTUK 1: DIE DOEL EN METODOLOGIE VAN DIE STUDIE 1

1.1 INLEIDING 1

1.1.1 Belangrike definisies 1

1.1.2 Millennium 2

1.1.3 Die wederkomsboodskap 3

1.1.4 Die huidige situasie 4

1.2 AGTERGROND TOT DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME IN DIE AGS 5

1.2.1 Die Premillennium aanbieders (predikers) 5

1.2.2 Tekens van die tye en wêreldgebeure 9

1.2.3 Die Messiaanse Vrederyk 10

1.2.4 Die Premillenniumleer en die Bybel 11

1.2.5 Die boodskap van die eskatologie 12

1.3 DIE PROBLEEMSTELLING 14

1.3.1 Die Premillennialiste se sterk oortuiging en hulle reaksie op andersdenkers 14

1.3.2 Die probleemstelling 15

1.4 DOELSTELLINGS 16

1.5 DOELWITTE 16

1.6 DIE SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT 16

1.7 METODOLOGIE 17

1.7.1 Algemeen 17

1.7.2 Kerkgeskiedenis 18

1.7.3 Die apokaliptiese geskrifte 18

1.7.4 Metodes van navorsing 18

HOOFSTUK 2: 'n KORT WEERGAWE VAN DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PREMILLENNIALISME 21

2.1 INLEIDING 21

2.2 VERWYSINGS VAN PREMILLENNIALISTE NA HISTORIESE GETUIENISSE 21

2.2.1 'n Teologiese aanname wat die kerk met Israel gelykstel 22

2.2.2 Opbloei en verval van die Millennialisme in die geskiedenis 23

2.3 'n KORT OORSIG VAN DIE LEER VAN DIE ESKATOLOGIE IN DIE VROEË KERK 26

2.3.1 Inleiding 26

2.3.2 Verskeie elemente van hoop in die vroeë kerk 28

2.3.3 Die oplewing van reaksionêre Millennialistiese groepe weens onvergenoegdheid met die kerk 31

2.4 'n HISTORIESE ONTLEDING VAN DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME 33

2.4.1 Die Millenniumidee of die Millenniumhoop tot en met die negentiende eeu 33

2.4.2 Premillennialisme in die negentiende eeu 39

2.4.3 Premillennialisme van die hede – 'n nuwe filosofie van die geskiedenis van verlossing 53

2.5 DIE VROEGSTE GETUIES VAN DIE MILLENNIUM-LEER EN MEER BESONDERHEDE OOR HUL GETUIENIS 63

2.5.1 Die vergeesteliking van die skeppingsverhaal 63

2.5.2 Die gebruik van buite-bybelse bronne – ongeskrewe tradisie en vreemde gelykenisse 64

2.5.3 Papias word nagevolg 66

2.6 BUITE-BYBELSE BRONNE, JOODSE VERWAGTINGE EN 'n APOKALIPTIESE HOOP 67

HOOFSTUK 3: PREMILLENNIALISME SOOS GELEER EN VERSTAAN DEUR DIE AGS 73

3.1 INLEIDING 73

3.2 DIE MESSIAANSE VREDERYK 73

3.2.1 Inleiding 73

3.2.2 Die aard van die Messiaanse Vrederyk 75

3.3 INTERPRETASIE VAN OU TESTAMENTIESE PROFESIEË TEN OPSIGTE VAN 'n HERSTEL VAN ISRAEL (MESSIAANSE VREDERYK) 86

3.3.1 Die letterlike vertolking van profesieë ten opsigte van 'n nasionale herstel van Israel – 'n Millenniumryk 86

3.3.2 Die gebruik van die Ou Testament profesieë, wat verwys na Israel, in die verkondiging van die Nuwe Testamentiese kerk 91

3.3.3 Die aard van die Ou Testamentiese profesieë as beloftes 93

3.3.4 Jesus Christus in die Ou Testamentiese profesie 95

3.3.5 Die Judaïstiese paradigma en die letterlike vertolking van die Ou Testamentiese profesieë ten opsigte van 'n Dawidiese ryk 98

3.3.6 Hoe om tussen die letterlike en die figuurlike te onderskei 101

3.4 UITSPRAKE VAN JESUS EN DIE NUWE TESTAMENTIESE SKRYWERS OOR DIE EINDGEBEURE 103

3.4.1 Direkte aankondigings van 'n verwagte Messiaanse Vrederyk by Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers? 104

3.4.2 Die opstanding van die regverdige en die onregverdige in die Nuwe Testament 105

3.4.3 Die wederkomste vir die regverdiges en vir die onregverdiges ? 105

3.4.4 Wat die apostels leer aangaande die einde 108

3.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KERK EN ISRAEL 109

3.5.1 Argumente van Premillennialiste ten opsigte van die kerk-Israel-verhouding ... 111

3.5.2 Die kerk is die voorsetting van God se beloftes aan Israel 135

3.6 DIE POSISIE VAN ISRAEL IN DIE ESKATOLOGIE 136

3.6.1 Die verkiesing van Israel 136

3.6.2 Israel as die idioom in terme waarvan die Koninkryk van God aangedui word .. 138

3.6.3 Wat van Israel nou in Palestina? 139

3.7 DIE WEGRAPING 142

3.7.1 Wegraping – die kerk en die groot verdrukking 145

3.8 DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME 147

3.8.1 Die eerste gestalte – die geestelike koninkryk 147

3.8.2 Die tweede vorm van die koninkryk – die sigbare politieke ryk 148

3.8.3 Die Messiasfiguur 148

3.8.4 'n Paar opmerkings oor die verborgenheid van die koninkryk en die Messias-geheimenis 149

3.9 CHRISTUS SE KONINGSKAP EN DIE MESSIAANSE RYK 150

3.9.1 Die Koninkryk wys ook op 'n toekoms 154

HOOFSTUK 4: EVALUASIE VAN DIE ESKATOLOGIESE BOODSKAP VAN PREMILLENNIALISME 157

4.1 INLEIDING 157

4.1.1 'n Verdere ondersoek na die verkondiging van Premillennialiste 158

4.1.2 Enkele opmerkings oor die boodskap van Premillennialisme 163

4.2 ALGEMENE TEMAS IN DIE PREDIKING VAN DIE PREMILLENNIALISTE 166

4.2.1 Die wegraping 166

4.2.2 Die tweede koms, die wederkoms, is die groot gebeure! 171

4.2.3 Die verdrukking: die sewe jaar tussen die wegraping en die wederkoms 174

4.2.4 Die tekens van die tye 211

4.3 VERDERE EVALUERING VAN DIE ESKATOLOGIESE BOODSKAP VAN DIE PREMILLENNIALISTE 219

4.3.1 Evaluering van die idee van die Millennium Vrederyk 219

4.3.2 Evaluering van die boodskap van die tekens van die tye 221

HOOFSTUK 5: 'n ESKATOLOGIESE BENADERING VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN GOD SE SKEPPINGSBEDOELING MET DIE MENS 235

5.1 DIE TERM “ESKATOLOGIE” 235

5.1.1 Nuwe Testamentiese aanduidings van die begrip “eskatologie” 235

5.2 ESKATOLOGIE IN DIE KONTEKS VAN ANDER BYBELSE LEERSTUKKE 237

5.3 ESKATOLOGIE IN DIE GROTER VERHAAL VAN GOD EN SY EIE (MENSE) 245

5.3.1 Inleiding 246

5.3.2 Die ontdekking van die boodskap van die eskatologie in die groter God-en-mens-verhaal 252

5.3.3 Verdere Skriftuurlike begronding van die eskatologie as 'n gebeure van God en sy mense op pad na ’n volmaakte einde 268

5.3.4 Die betrokkenheid van die Heilige Gees in die eskatologiese reis van God na sy nuwe wêreld 293

5.3.5 Die eskatologie – ’n Christelike lewe van hoop 308

5.3.6 Die finale afronding van die eskatologiese hoop 319

5.3.7 Samevatting en enkele opmerkings 321

HOOFSTUK 6: DIE BEOORDELING VAN PREMILLENNIALISME IN DIE AGS EN ’n ALTERNATIEWE ESKATOLOGIESE BENADERING 324

6.1 PREMILLENNIALISME SE AANSPRAAK OM HISTORIES DIE LEER VAN DIE KERK TE WEES 325

6.1.1 Premillennialiste se bewering dat ’n bepaalde teologiese ontwikkeling in die kerk Millennialisme as die algemene siening van die kerk sou kelder 325

6.1.2 Openbaring 20 as 'n historiese bewys van die leer van Premillennialisme 326

6.1.3 Die agtergrondprobleem van die leer van Millennialisme 327

6.1.4 Ontwikkeling of verandering in die leer van Millennialisme teenoor die aanspraak om histories die leer van die kerk te wees 328

6.1.5 Die wederkomsverwagting in die dominante kerklike tradisies? 334

6.2 BEOORDELING VAN DIE LEER VAN DIE PREMILLENNIALISME 335

6.2.1 Die boodskap van die Messiaanse Vrederyk 336

6.2.2 Die Skriftuurlike fundering van Premillennialisme 337

6.2.3 Die kerk-en-Israel-verhouding 341

6.2.4 Die posisie van die volk Israel in die eskatologie 343

6.2.5 Die wegraping 346

6.2.6 Die wederkoms (die tweede koms) en die gebeure wat volgens die leer van die Premillennialiste daarmee gepaard gaan 348

6.2.7 Die tekens van die tye 354

6.2.8 Die afwesigheid van die Heilige Gees in die eindgebeure 361

6.2.9 Opsommende opmerkings oor die leer en boodskap van Premillennialisme 362

6.3 'n ALTERNATIEWE BESKOUING VAN DIE ESKATOLOGIE 367

6.3.1 Inleiding 367

6.3.2 Sekere skrifverwysings wat aanleiding gee tot 'n breë benadering tot die eskatologie 368

6.3.3 God verleen identiteit, skep verhouding, versorg en dra verantwoordelikheid oor 370

6.3.4 God se skeppingsbedoeling – 'n openbaring van God se groot liefde 372

6.3.5 Die eskatologie -'n reis van hoop 373

6.4 SLOT 379

BRONNELYS 380

HOOFSTUK 1: DIE DOEL EN METODOLOGIE VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Hoofstuk 1 beoog om 'n inleiding te wees tot die studie. Die navorsing is gerig op 'n alternatiewe standpunt vir Premillennialisme, soos in die AGS voorgehou. Daar word gepoog om die eskatologie vanuit die skeppingsbedoeling van God met die mens te verstaan. Die verwagting is dat hierdie perspektief op die eskatologie verrykende gevolge sal inhou vir die verstaan en die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk van God in dié verband.

1.1.1 Belangrike definisies

Die Apostoliese Geloof Sending Kerk (AGS) is 'n Pinksterkerk. Wat die eskatologie betref, is die Pinkster tradisie primêr Premillennialisties. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die Pinksterbeweging se sterk bande met die herlewing van die negentiende eeu (Schwartz, 2000:322):

> Millennial hopes are closely connected with the idea of the imminent return of Christ and gained renewed attention during the nineteenth century revivals --. Today millennial ideas are more widespread than ever in Christian conservative circles (i.e., among evangelicals, fundamentalist and Pentecostals).

Balfour (2011:129) praat van drie onderskeidende kenmerke van Pinkstergroepe se eskatologie, naamlik: die nabye verwagting van die wederkoms, Premillennialisme en die eskatologiese betekenis van die volk Israel.

Getrou aan die Pinkster tradisie is die AGS Kerk se benadering hoofsaaklik Premillennialisties. In die voorwoord van Du Plessis (2006), 'n voorstander van Premillennialisme, se boek, word gemeld dat hy die boek geskryf het op versoek van die Nasionale Leierskap Forum van die AGS. Daar is ook die volgende kommentaar (as voorwoord) van prof. Gerald J. Pillay, (rector and chief executive, Liverpool Hope University College, England): ”Dr. Lemmer du Plessis has succeeded in effectively capturing the worldview of modern day Pentecostalism.” Op die agterblad verskyn dr. Isak Burger, president van die AGS, se waardering van die boek:

> Dr. Lemmer du Plessis het 'n teologiese verantwoordbare geskrif rondom die groot saak van die eindtyd te boek gestel. Dit is opvallend hoe noukeurig hy die Bybel laat spreek en hoe deeglik sy standpunte in sy gemoed verwerk en geïntrigeer is. ’n Besliste

> winspunt is die talle verklarings wat met grondige eksegese ondervang word. Hierdie boek word met vrymoedigheid by alle Christene aanbeveel.

Dit kan daarom gesê word dat Premillennialisme die huidige en amptelike beskouing van die AGS is.

1.1.2 Millennium

Die woord “Millennium” kom van die Latynse woord *mille* wat 1000 beteken en daar word ook gepraat van “Chiliasme” wat van die Griekse woord *chilio* (1000) afgelei is. Premillennialisme vertolk Openbaring 20:1-6 as 'n letterlike duisendjarige regering van Christus vanuit Jerusalem op die aarde. Die voorsetsel “pre-” dui daarop dat die wederkoms van Christus voor die letterlike 1000 jaar vrederyk plaasvind. Baie bybelse profesieë word met vandag se omstandighede en wêreldgebeure in verband gebring.

Postmillennialisme glo dat die tweede koms van Christus ná (post) 'n 1000 jaar letterlike regering van Jesus op die aarde sal wees. Ten spyte van terugslae sal die wêreld geëvangeliseer word. Möller (1998:51) sê oor Postmillennialisme se leer:

> It is to be understood that not all people will be saved. The influence of the church will, however, increase to such a measure that Christian principles will become the accepted norms for individuals as well as communities. The entire social, economic and cultural life of nations will be recreated and controlled by Christianity.

Du Rand (2007) meld dat sowel die Premillennialiste as die Postmillennialiste die siening huldig van 'n massabekering onder die Jode en alle nasies tydens die verwagte lang tydperk van vrede op aarde.

Die Amillennialisme verwerp die gedagte van 'n letterlike 1000 jaar aardse regering van Christus. Die duisendjarige regering van Christus (Op. 20:1-6) word simbolies gesien. Dit dui op Christus se heerskappy nóú in sy Kerk. Möller (1998) wys daarop dat diegene wat die Premillennialistiese en Postmillennialistiese standpunt verwerp nie sonder meer onder Amillennialisme geklassifiseer kan word nie. Die eskatologie hoef nie kragtens 'n Millennium begryp te word nie.

In die negentiende eeu het Dispensasionele Premillennialisme sy verskyning gemaak. Sommige maak nie die onderskeid nie en praat net van Premillennialisme. König (2001) en Du Rand (2007)

maak wel die onderskeid tussen Historiese Premillennialisme en Dispensasionele Premillennialisme. In laasgenoemde siening word meer besonderhede bygevoeg soos die "wegraping" en die "bruilof van die Lam" en die idee van die vrederyk word baie meer prominent en omvangryk. Volgens hierdie beskouing sal die gelowiges nie deur die groot verdrukking gaan nie, terwyl Premillennialisme dit vroeër geleer het. Du Plessis (2006:1) sê hy vermy die bedelingsmodel (dispensasionalisme) maar tog is daar in sy eskatologiese model bedelings, terwyl Kleynhans (2000:43) bepaalde bedelings voorhou: God se handelinge met die mens is in sy (God) oë soos een week. Daar is sewe dispensasies in die heilsgeskiedenis en die sewende dispensasie is Christus se regering op die aarde vir 1000 jaar as Koning van die konings, aldus Kleynhans.

1.1.3 Die wederkomsboodskap

Die boodskap van die wederkoms is 'n passievolle onderwerp by Premillennialiste. Dit gaan oor dramatiese gebeure aan die einde van die tye waartydens bybelse profesieë in vervulling gaan. Die wegraping (die wegraping word soms na verwys as die "geheime wegraping", omdat die koms van Christus met die aanbreek van die Millennium sigbaar gaan wees) van die bruid van Christus is naby, en daarop volg die bruilof van die Lam. Die opstanding van die ontslape heiliges vind terselfdertyd plaas en hulle, saam met die veranderde gelowiges, ontmoet Christus in die lug. Daarna breek die regering van die Antichris aan en die sewe jaar van die groot verdrukking vind plaas (Dan. 7, 8, 9; Matt. 24:15, 21; 2 Tess. 2:3-11; Op. 11:2; 13). Profesieë oor die herstel van die Nasionale Israel en die herbou van die tempel (Jes. 54:8-12; Jer. 23:5-8, 31:7-12, 23-37; Eség. 36:24-28, 37:1-27, 43:7,12) word waar, nasies versamel teen hulle en die Armageddon-slag (Kleynhans {2000} meen daar is 3 veldslae) vind plaas. Die Satan is in dié tyd gebind en hy word daarna vir 'n kort tydjie losgelaat. Daar is 'n finale oorlog teen Satan waarna God dié wat ongeregtigheid gedoen het, oordeel. Hierna verskyn die nuwe hemel en aarde asook die nuwe Jerusalem.

1.1.3.1 Die ontwikkeling van 'n alternatiewe benadering tot die eskatologie beïnvloed

Die vraag kan gevra word: gaan die boodskap oor die eindtyd hoofsaaklik oor die wêreldgebeure, wegraping, sewe jaar verdrukking en die duisend jaar aardse vrederyk of behoort die tema vanuit breëre bybelse temas benader te word?

1.1.4 Die huidige situasie

In die eeue wat verby is, was daar dikwels gebeurtenisse wat deur sommige Christene vertolk is as die nabye einde van die wêreld, of wat gelowiges laat uitsien het na die wederkoms. Vervolging, afvalligheid, groot rampe, wêreldoorloë en die wisseling van eeue was vir baie mense aanwysings dat die einde naby is.

Jeremiah (2008:17, 18), 'n New York Times topverkoperskrywer, sê in die inleiding van sy boek getiteld "Wat op aarde is aan die gang?":

> Die gebeure wat tans in die wêreld aan die ontvou is, dreig om instellings te ontwrig, nasionale politieke bondgenootskappe te hervorm, die magsewewig in die wêreld te verander en die regverdige verspreiding van hulpbronne te destabiliseer. Mense begin wêreldwyd in vrees en onsekerheid leef. Ek is seker daar was nog nooit 'n meer 'vreesaanjaende en gebroke' tyd as die eerste deel van die 21ste eeu nie.

Die dreiging van oorbevolking, hongersnood, skaarsheid van natuurlike bronne (olie, water, kos, ens.), natuurrampe en onmin tussen die bevolkings van die aarde laat baie gelowiges dink: is die einde nie in sig nie en is dit nie die tekens van die laaste dae nie? Omstandighede (persoonlik en wat in die wêreld gebeur) noop die mens om te vra: waarheen is die wêreld op pad? Die gedagte van 'n "global village" het 'n realiteit geword en alles wat in die wêreld gebeur, al die rampe, bedreigings en ongeregtighede, word ook "tuisgebeure".

Vandag se mens is op soek na 'n eietydse spiritualiteit en na waarheid wat nie noodwendig in lyn met bybelse waarhede is nie. Die sekularisme wat op soveel vlakke van ons samelewing sigbaar is, bevraagteken 'n "ingryp" van Bo en die moontlikheid van 'n persoonlike verhouding met God. Dit vererger onder sommige Christene die gevoel van bedreiging en dat die eindtyd naby is.

Du Rand (2007:33, 34) sê in dié verband:

> Ons kan die tekens sien gebeur omdat die 'saak' waaroor dit gaan – die oordeelsvoltrekking – nou reeds ontvou. Natuurrampe, soos aardbewings, tsoenami's en hongersnood, is beslis om die skepping en skepsels voor te berei vir die groot en finale einde wanneer Christus weer kom – deel van God se 'eindprogram' wat verlossing en oordeel insluit. Dit is ook sy program om die mensdom telkens te herinner aan ons afhanklikheid van God en ons op te roep tot bekering, soos in Openbaring. God is dus nie liefdeloos nie, maar bloot regverdig en besig om sy 'eindprogram' te laat ontvou.

1.2 AGTERGROND TOT DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME IN DIE AGS

Met verwysing na die agtergrond word opmerkings gemaak oor die predikers, die belangrike temas van die boodskap en die prominente plek wat die leer van 'n aardse ryk by die Premillennialisme inneem. Hierdie eskatologiese beskouing beïnvloed die wyse waarop die bybelse boodskap in dié verband vertolk word.

1.2.1 Die Premillennium aanbieders (predikers)

Die algemene waarneming is dat die boodskap van die wederkoms meestal gepreek en geleer word deur 'n klein groepie pastore wat hulle hierin toegerus het en dan by gemeentes optree. Die AGS word primêr met die benadering van Premillennialisme gekonfronteer en dit is in hierdie beskouing waarin 'n klein groepie predikers geskool is.

Daar het met die tyd verandering gekom in die aanbieding van Premillennialisme, maar daar is ook verskille in dié verband, soos byvoorbeeld by Du Plessis (2006), Kleynhans (2000), Lindsey (1996) en Horton (1995). Pillay, in sy kommentaar oor Du Plessis (Du Plessis, 2006:Voorwoord), praat ook van “the worldview of modern day Pentecostalism” wat die gedagte skep dat vroeër Pinkstersienings anders was.

1.2.1.1 Verskil in benadering by sekere aanbieders van Premillennialisme

Du Plessis (2006) se mening is dat 'n studie oor eindtye nie met die voleinding van alle dinge (navorsing van die boeke Openbaring, Daniël, of met die Tekens van die Tye en die Antichris) begin kan word nie, maar by die begin – die skepping.

Hy praat van God se skeppingsdoel. Met dié doel voor oë, het daar 'n noukeurige ewige raadsplan van God ontstaan wat die skepping van die heelal ingesluit het, die skepping van engele, van mense asook die sending van Christus. Persoonlik teenwoordig sê God die aanwesigheid en mag van sonde die stryd aan en deel Hy ook sy deugde met ander. Hy vergelyk dit met 'n argiteksplan en die bou van 'n huis: “Die onderskeie kamers mag getipeer word as die verbond-kamer, die Israel-kamer, die kerk-kamer en die koninkryk-kamer” (Du Plessis, 2006:11). Die kamers moet eers

bestudeer word en dan kan die vorm van die dak (die eskatologie) verstaan word. God het 'n drievoudige doelstelling met die sending van Christus:

> Om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8), om ons sondes weg te neem en 'n verbond met die mens te sluit (1 Joh. 3:5: Matt.18:11), en om God se Koninkryk te herstel, om alle dinge wat in die hemel en op die aarde is onder een hoof in Christus te verenig (Ef. 1:10: Kol 1:20). Die drievoudige doelstelling wat die koms van Jesus na die aarde rugsteun, ---sal tydens die Messiaanse Vrederyk hul gesamentlike, seëvierende klimaks op die aarde bereik (Du Plessis, 2006:19, 333).

Du Plessis gebruik selde die woord *Millennium*, maar verwys eerder na die Messiaanse Vrederyk, die aardse Vrederyk of die politieke Vrederyk van Jesus op die aarde. Deur die gebruik van dié terminologie word dit waarskynlik duideliker waarom dit gaan.

Kleynhans (2000), wat vir jare 'n pastor van die AGS was, verskeie boeke oor die eskatologie geskryf het, en dikwels as spreker na verskillende gemeentes genooi is, se vertrekpunt is sekere Skrifuitsprake in die Nuwe Testament, die tekens van die tye, die wêreldgebeure en die posisie van Israel en Ou Testamentiese profesieë oor die sogenaamde herstel van Israel wat vervul moet word. Hierdie profesieë is belangrik in Premillennialisme. Die vraag hoekom profesieë ten opsigte van Jesus letterlik vervul word, maar dié rakende Israel nie, is 'n brandende vraag. Johannes 14:2-3 is een van die belangrikste gedeeltes ten opsigte van die wegraping. Kleynhans het baie geskryf om uit die Griekse teks die wegraping en gebeure daarrondom, te verduidelik en te staaf. Kleynhans (2000:69) werk ook met vier dae waarop 'n mens bedag moet wees as mens die Woord van die Here lees:

1. “Die dag van die mens” – dit dui op “die tyd wat begin by Adam en eindig by die wederkoms”.
2. “Die dag van Jesus Christus – dis die dag wat Hy sy bruid kom haal by die wegraping”.
3. “Die dag van die Here – dis die dag wanneer die Here sy dag sal hê in die groot verdrukking en die Duisendjarige Vrederyk”.
4. “God se dag” – dit is “'n dag aan die einde van die Millennium, by die groot wit oordeelstroon en die restourasie van die planeet aarde en die hemel na hulle oorspronklike heerlikheid”.

Lindsey (1996), een van die bekendste Premillennialiste, hou sy lesers vasgevang op 'n reis van wêreldgebeure en wat die volgende is om te verwag. Sy benadering is in die kommentaar op die agterblad van sy boek duidelik:

> Hal Lindsey is sometimes called the father of the modern day prophecy movement. He has been called 'the Jeremiah for this generation' (by Time Magazine). No one to date has offered a more thorough, complete and easy to understand analysis of the current world crises and where they are leading.

Hy is op hoogte van wêreldgebeure soos natuurrampe (toeneem van aardbewings, plae, katastrofiese omgewingsbeskadiging), dwelmmisbruik, okkultisme, etniese konflikte en 'n nuwe wêreldorde. Hy het baie boeke geskryf, maar vir vyf-en-twintig jaar het hy nie sy pen op papier gesit nie, want, soos hy in die inleiding tot sy boek sê (Lindsey, 1996):

> I was not sure how a book could do justice to the subject. Instead of focusing on writing prophecy books that might be out of date by the time they reached the stores, I devoted my attention to radio and television shows.

By Horton (1995:597-599) word 'n baie positiewe benadering en 'n mooi boodskap oor die wederkoms van Christus gevind. God word in die Bybel geopenbaar as die God van hoop wat vir ons vrede en vreugde gee as ons in Hom glo. Die hoop is tweevoudig: God se liefde stuur Jesus na die kruis vir ons (Rom. 5:5-10), en die werking van die Heilige Gees: "sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees" (Rom. 15:13). Dan sê Horton (1995:598-599):

> In this way, the Holy Spirit who baptizes and fills us 'is a deposit (a first instalment) guaranteeing our inheritance' (Eph. 1:14). From the beginning God had the last things in mind. It is true that the Bible centres its attention around the first coming of Christ, which accomplished salvation and caused the future to break in on the present in a promissory way. Yet the second coming of Christ, which will bring in the consummation of God's plan and the glory we shall share, is also in view.

Horton (1995:623) verklaar verder dat die Bybel twee aspekte van Jesus se koms aandui en hier word sy Premillennialistiese siening duidelik: aan die een kant sal Hy kom as die Bewaarder, Verlosser of Redder wat sy mense van die "komende oordeel" (1 Tess. 1:10), van die straf van God red (Rom. 5:9; 1 Tess. 1:10). Dit is die opstanding uit die dood van dié wat in Christus gesterf het en die wegraping van die wagtende Christene (1 Tess. 4:16-18; 1 Kor. 15:52-54). Dit is die koms van Christus vóór die verdrukking, want sê Horton (1995:625):

> Pretribulationist recognise that the apostle Paul still had the rapture in mind when he said, 'God did not appoint us to suffer wrath but to receive salvation through our Lord Jesus Christ (1 Thess.5:9). Christ's sacrificial death guarantees that whether we die before the rapture or are alive at that time, we shall 'live together with Him' (1 Thess.5:10), for He will 'rescue us from the coming wrath' (1 Thess.1:10).

Horton se interpretasie van 1 Tessalonisense 5:9: "nie bestem om gestraf te word"; "snatch up believers to be with Him" (1 Tess. 4:17) (hy bring ook in Kol. 3:4 en Judas 14 wat sou sê dat die gelowiges met Hom sal wees met die wederkoms) bring hom by die gevolgtrekking (Horton, 1995:626):

> (the scriptures) show it is scriptural to recognise two phases of Christ's coming. – Indicates that the great tribulation occurs between these two phases of His coming. The pretribulation view fits in best with the future hope the Bible presents. Believers, who are told repeatedly to be watchful and to wait for God's Son from heaven (1 Thess.1:10), are never told to watch for the Great Tribulation or the appearance of the Antichrist'. To expect that such things must happen before the Rapture destroys the teaching of immanence with which the New Testament is replete.

Die tweede aspek van Christus se koms is waar sy geregtigheid sal geld en Hy verheerlik sal word deur sy mense (2 Tess. 1:7-8, 10). Horton sê: "This fits in with other passages which shows that the Kingdom must be brought in through judgment (Dan. 2:34-35, 44-45; Rev. 19:11-16)" (Horton, 1995:624-626). Dit is die koms waar Christus kom om as beloofde Messias vir duisend jaar te regeer.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die gedagte aan 'n letterlike vervulling van profesieë oorheersend is. Daar is verskille in die aanbieding van Premillennialisme. Sommige predikers (byvoorbeeld Kleynhans {2000} en Lindsey {1996}) laat naas die verkondiging van die leer van Premillennialisme die fokus op wêreldgebeure val. Ander (byvoorbeeld Du Plessis {2006} en Horton {1995}) se fokus is egter nie so sterk op wêreldgebeure nie. Daar kom ook 'n verandering van onderwerpe voor, soos byvoorbeeld Kleynhans het in sy vroeë boeke onderwerpe aangespreek soos "Die skepping van die V.V.O."; "Die Diaboliese sameswering en Suid-Afrika" (Kleynhans, 1980) en later lees mens van die "Illumitati-meesterplan" en "Die simboliese syfer sewe en die Woord" (Kleynhans, 2000). Die verandering van wêreldgebeure het ook 'n invloed op die aard en inhoud van die prediking gehad.

1.2.2 Tekens van die tye en wêreldgebeure

Tekens van die tye en wêreldgebeure is belangrik in die benadering van Premillennialisme. Tog is daar verskille in mening hieroor. By Kleynhans en Lindsey is hierdie tekens en wêreldgebeure van uiterste belang en Jesus verwag dat daarop gelet sal word. Die omvang van sekere tekens neem toe en die einde is naby. Sekere sake word bygewerk soos buiteruimtelike wesens in vlieënde pierings (Matt. 24:37: "En net soos die dae van Noag was"). "'n Metaforiese toring van Babel: die wetenskap is besig om die Dimensionele Skeidsmuur uit te klim (kloning van die mens) en is op die punt om die gordyn wat tussen die aarde en die onsigbare hemel strek deur te breek" (Kleynhans, 2000:86). Lindsey (1996) bespreek in sy boek onder die gedagte van "Countdown to the Third Millennium" (wat hy in die inleiding noem) onderwerpe soos: "the rise of deceiving spirits, the new world disorder, the coming great desception, is aids just the beginning?, the rush to rebuild the temple, the coming false peace". Andersyds meen Horton (1995:603) dat Jesus waarsku teen te veel aandag aan die tekens. Volgens hom is dit eenvoudige kenmerke van die tyd tussen die eerste en tweede koms van Jesus. Du Plessis (2006:299-309) praat van agt negatiewe en drie positiewe tekens. Die negatiewe tekens (aardbewings, hongersnood, ensovoorts) dui aan dat die Messiaanse Vrederyk nog nie aangebreek het nie. Daar is geen bewyse dat die tekens in omvang toeneem namate die wederkoms nader snel nie. Die drie positiewe tekens dui daarop dat Jesus se wederkoms naby is. Die tekens is wêreld-evangelisasie (Matt. 24:14) (daar is verskille van mening oor dié feit), die bevryding van Israel (Luk. 21:24) en die gruwel van verwoesting (Matt. 24:15-28).

Wêreldgebeure word dikwels geïnkorporeer in die verstaan van Premillennialisme – dit wek groot belangstelling. Lindsey (1996:214) skryf byvoorbeeld oor China se belangrike en skrikaanjaende rol in die eindtyd scenario: "And never before has the giant power of the East seemed more prone to assuming its fateful place in Premillennial history." Hy sê daar is geen nasie wat 200 miljoen (Op. 9:16) soldate op die been kan bring en opruk suidwaarts teen Israel nie – en dit is al 20 eeue tevore voorspel. Nasies gaan versamel teen Israel en hulle is by baie Premillennialiste onder die vergrootglas. Daar word gewonder en gespekuleer oor die rol van die magtigste nasie (Amerika) in die eindgebeure (Jeremiah, 2008:123-144). Hoekom sê die profetiese woord dan niks oor Amerika nie? Sal Amerika deel van Europa wees of word Amerika weens sy sedelike verval nie gereken nie? Soms word daar verskeie moontlike ramp-scenario's voorgehou.

1.2.3 Die Messiaanse Vrederyk

By Premillennialisme gaan dit hoofsaaklik om die Messiaanse Vrederyk. Alles word in verhouding daartoe uitgewerk – die toekomsverwagting, Jesus as Messias, God se trou aan Israel en die posisie van die kerk. Dit is 'n fisiese aardse ryk waar Jesus, die Seun van God, as seun van koning Dawid, op 'n aardse troon sal sit en oor al die nasies sal regeer. Eers dan het die Koninkryk van God gekom en tree Jesus ten volle na vore as die beloofde Messias. Die Kerk is deel van interim gebeure omdat die Jode nie Jesus as Messias aanvaar het nie. In die Messiaanse Vrederyk is Israel 'n hoofkarakter en hierdie posisie het Israel verkry deur 'n verbond. Alles is gekoppel aan Israel. Dit gaan oor beloftes wat God deur die profete aan hulle gemaak het en wat nog nie vervul is nie. Israel het nog nie al hulle beloofde grondgebied ontvang nie en die aarde sal, in hierdie tyd, heel anders en uniek daar uitsien. Daar is nog nie vrede op aarde soos die engel die nag in die Efraimveld gesê het, of soos Jesaja 9 oor die Vredevors geprofeteer het nie. Die Satan is nog nie gebind nie en Jesus regeer nog nie soos Psalm 2 ("ysterstaf") en Openbaring 20 (duisend jaar) leer nie. Só regeer die Heiliges ook nog nie.

Du Plessis (2006:331-333) meld die noodsaaklikheid van 'n vrederyk. In die kerk is Jesus se heerskappy reeds gevestig, maar dit beteken nie dat Jesus oor Libië of Irak of Sjina regeer nie, aldus Du Plessis. Die aardse regering van Jesus gaan eers by sy wederkoms 'n werklikheid word. Volgens Du Plessis wonder party mense waarom dit vir God nodig is om 'n vrederyk op te rig. Met die kerkperiode bereik God sekere doelwitte. Só voldoen die vrederyk ook aan bepaalde verwagtinge wat slegs deur die teokratiese bestel op die aarde gerealiseer kan word.

Du Plessis maak verskeie uitsprake oor Jesus Christus en die beeld van Jesus wat voorgehou word. Hy noem sewe noodsaaklikhede vir God om sy Koninkryk op aarde te vestig.

Die eerste rede wat Du Plessis aanvoer, is hierbo alreeds na verwys. Dit is, volgens hom, die Ou en Nuwe Testamentiese beloftes dat Jesus sy heerskappy oor die eindes van die aarde sal uitbrei. Deur die aardse ryk handhaaf God verder sy verbondsbeloftes – die onberoulikheid van sy roeping en genadegawes. Die derde noodsaaklikheid, soos hy noem, is die "vervulling van die byklousule" van die Ou Verbond aan Abraham. Die byklousule is die seëninge van Israel wat in die 1000 jaar oorgaan tot die nasies. Volgens Du Plessis is die byklousule histories eers in die kerk vervul en sal dit ná die wederkoms verder vervul word.

Die vierde rede fokus hoofsaklik op versoening en verlossing. Deur “die proses van versoening wat op Golgota begin, is sy finale en universele dimensie met die Vrederyk bereik.” Wat hier bedoel word, is dat versoening nie slegs die saligheid van ons siele voor oë het nie, maar ook ag slaan op onderlinge sosiale verhoudinge. Die versoeningsproses sal uitgebrei word tot sake soos oorloë, onderdrukking en moord. Solank daar verkragting, armoede en VIGS is, kan die versoeningsproses nie tot volkomenheid uitbrei nie. Daar sal eers 'n liefdevolle broederskap geskep moet word soos in die tuin van Eden. Die volgende noodwendigheid vir 'n toekomstige ryk sluit hierby aan deurdat die evangelie in die tyd ongebreidel sal toeneem. Du Plessis voer aan dat daar nie meer geografiese hindernisse soos Islam en Kommunisme sal wees nie. Die ongelowiges sal verplig word om jaarliks na Jerusalem toe te gaan om te aanbid. Die sesde rede het ook 'n uitgebreide verlossingselement. Die “humanistiese sekularisme” sal aangespreek word. Dan sal mense geleer word om God te dien en afstand te doen van selfgodery en selfaanbidding. Laastens is die feit dat dié koninkryk die enigste manier is waarop die “heerlike oorwinning” van Jesus universeel op aarde gevier kan word.

Die vraag kan gevra word: as Openbaring 20:2-5 nie in die Bybel was nie, sou daar 'n leer van Premillennialisme gewees het? Veral as in aanmerking geneem word dat dit die enigste plek in die Bybel is waar daar na 'n Millennium verwys word. Jesus, asook die apostels, het nie só 'n duisend jaar aardse regering voorgehou nie. Premillennialiste se verweer hierteen is dat die enkele voorkoms van 1000 jaar in Openbaring 20:2-5, voldoende en duidelik gestel is. Möller (1998:64) stel dat Premillennialisme profesieë in die Ou Testament geneem het en met 'n aanhaling (Openb. 20:2-4) in die Nuwe Testament verbind het om hulle leer op te bou.

1.2.4 Die Premillenniumleer en die Bybel

Die fokus op Israel en 'n Messiaanse Vrederyk ('n nasionale aardse ryk) skep die gevoel dat die Ou Testament uit die mens se hande geneem word, omdat baie van die beloftes nie vir die gelowige in Christus bedoel is nie, maar slegs vir Israel. ’n Goeie voorbeeld is Jesaja 9:5-6: ”Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers; en Hy sal genoem word: Wonderbaar Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring.” Hierdie gedeelte ('n pragtige bemoediging wat soms gesing word) het vir Premillennialisme slegs betrekking op die Vrederyk, met ander woorde, Jesus se fisiese regering

van 1000 jaar op die aarde. Hulle beweer dat Jesus nog nie oor die aarde geheers het nie en daar was nog nie vrede op die aarde nie.

Möller (1998:64) stel dat die Premillennialiste se leer en interpretasie van die eskatologie gebaseer is op 'n dogma wat berus op 'n Judaïstiese paradigma: “The basis of Judaistic paradigm is constructed by putting together passages from the Old Testament and a passage from the New Testament”. Uitsprake van die profete ten opsigte van die Koninkryk van die Messias word letterlik as 'n nasionale Koninkryk van Israel verklaar. Dit word verbind met Openbaring 20:4-6. Die aankondiging van die Here Jesus en die apostels oor die wederkoms: “had to be adapted and even changed to accommodate a literal thousand year kingdom of Israel on earth”.

Du Rand (2007:57, 570) meld dat Premillennialiste daarop aanspraak maak dat hulle die bybelse profesieë letterlik interpreteer en toepas en dat die ander groepe dit vergeestelik. Hy meen egter dat hulle die Ou Testamentiese Skrifgedeeltes buite verband manipuleer om in te pas by hedendaagse vooropgestelde modelle oor die toekoms en sê: “Die futuristiese uitleg (by Premillennialisme) verval so maklik in subjektiewe spekulasie wat grens aan 'n vergeesteliking of tydlose allegoriese interpretasie” (Du Rand, 2007:57, 570).

1.2.5 Die boodskap van die eskatologie

As deel van die agtergrond word algemene hoofmomente in Premillennialisme aangedui en sekere vrae gevra.

1.2.5.1 Aksente in Premillennialisme se boodskap

Premillennialisme laat die klem van hulle wederkomsboodskap val op temas soos wêreldgebeure, 'n wegraping, 'n groot verdrukking van sewe jaar, 'n aardse politieke Messiaanse Ryk van duisend jaar en 'n meervoudige koms van Jesus.

Schwarz (2000:334) meen dat, in die leer van die wegraping, Christus as hoop vervang word deur 'n hoop op die wegraping. Hy haal J.F. Walvoort ('n Premillennialis) se beskouing van die wegraping aan: ”If this (the rapture) is a literal, future event, it is a most important aspect of the hope of the church”. As Horton (1995:614) praat oor Millennialisme in die geskiedenis, bind hy die wederkoms aan die hoop op 'n aardse regering van Jesus: “Until the middle of the second

century most Christians held to the hope that Christ would return and they would reign with Him for a thousand years. Then concern over Christology turned attention away from the future hope". Hy verwys na Origenes wat die toekomstige koninkryk vergeestelik het as gebeure van nou.

Om ruimte te maak vir 'n nasionale aardse ryk van Jesus, moet Premillennialisme noodwendig 'n sekere begrip van die Koninkryk van God, en van Jesus as Messias, voorhou. In 'n verwysing van Du Rand (2007:554) na Premillennialiste se leer oor die koninkryk verduidelik hy: "Toe die Jode die koninkryk wat Jesus kom verkondig het, verwerp het, is die koninkryk sogenaamd onttrek en die kerk ingestel as plaasvervanger. Die huidige kerk periode is hiervolgens 'n tussenfase om die evangelie te verkondig (evangelie van genade en nie van die koninkryk nie), waarna Christus weer kom om finaal sy koninkryk ten koste van die kerk te vestig".

Du Plessis (2006) onderskei tussen Jesus as die gesalfde by die eerste koms en sy tweede koms (sy fisieke aardse regering van duisend jaar). Hy verwys na Jesus in sy aardse lewe as die *Aurora Christi* (die Dagbreek) verskyning. Daarteenoor, wanneer Hy sy Koninkryk, die Messiaanse Vrederyk, op die aarde sal vestig, is hy die Son wat op die horison verskyn. Hy sê: "Die koninkryk het gewis nie tydens die aardse bediening van Jesus aangebreek nie. In sy geestelike vorm, die kerk, het die koninkryk ná die opstanding van Jesus aangebreek" (Du Plessis, 2006:139). God het besluit om ná die hemelvaart van Jesus sy universele koninkryk in twee opeenvolgende gestaltes te manifesteer, naamlik die kerk en die Vrederyk. Matthéüs en Lukas, wat na die verborgenhede (meervoud) van die koninkryk verwys, meen Du Plessis, onderstreep die twee opeenvolgende manifestasies daarvan (Du Plessis, 2006:139, 120, 123).

By Kleynhans (2000:254) maak die volgende opmerkings oor Jesus en die Koninkryk van God:

> Dit (Jes. 2:4: 'oordeel tussen nasie en regspreek tussen volke') pas alleen by 'n toekomstige Millennium, Messiaanse Ryk, wat begin by die wederkoms wanneer Hy as Koning op sy troon sal sit! Gedurende die Millennium regeer die Christus as Middelaar! Dis nog 'n deel, die slot hoofstuk van Sy verlossingswerk, dat Hy al sy vyande kom oorwin en uiteindelik vir ewig uitwerp uit sy koninkryk. Die verlossingswerk is dan eers voltooi en die einddoel is bereik. Die Millennium is die eerste stadium van die sigbare, komende Koninkryk van God. Dis 'n oorgangstadium, 'n *inter regnum*, 'n tussen koninkryk, 'n noodsaaklike trap in die volvoering van die heilsraad van God.

Met ander woorde, die Koninkryk van God moet geïnterpreteer word in die lig van die aardse ryk wat voorlê. In die Millennium gaan dit oor Jesus op 'n aardse troon, midde ander konings terwyl Hy regeer met geweld. "Alle teenstanders moet eenmaal verpletter word hiervan spreek Psalm 2 en Daniel 2:31-46" (Kleynhans, 2000:254).

1.3 DIE PROBLEEMSTELLING

1.3.1 Die Premillennialiste se sterk oortuiging en hulle reaksie op andersdenkers

Van die Premillennialiste in die AGS voel baie sterk oor hulle oortuiging en Skrifuitleg en dit is duidelik dat hulle 'n ernstige probleem met ander benaderings het. Dit wil voorkom, volgens hulle, dat die wese van die Evangelie deur die verwerping van Premillennialisme aangeraak word. Anders gestel: die ontkenning van 'n duisend jaar van Jesus se nasionale regering bring die geloof in n Jesus as die Messias en die volbrenging van die verlossingswerk in gedrang. Benaderings wat verskil van Premillennialisme word soms gesien as "verkeerde vals leerstellings wat deur Satan van kansels verkondig word." (Kleynhans, 2000:50).

Kleynhans (2000:500 meen daar is drie redes waarom Premillennialisme deur teoloë, sedert Augustinus, verwerp word. Alles berus, volgens hom, op:

> 'n Fatale Skrifverklaring wat die volgende insluit:
>
> 1. 'n verwarring van Israel en die Kerk;
> 2. 'n oorhaastige omruil van teenwoordige dinge met dinge van die toekoms; en
> 3. 'n eensydige vergeesteliking van die profesieë van die Ou-Testament met betrekking tot die Koninkryk van Christus."

Kleynhans verklaar verder:

> In die ganse Skrif self het ons in jare van belangstelling en studie van die onderwerp nêrens iets gevind wat in stryd is met die Millennialisme nie. Dit sou erg verbysterend wees indien daar iets gevind sou kon word! Dit sou ons voor die ontstellende raaisels omtrent die gesag van die profetiese woord en bondstrou van God plaas. Ons vind ook inderdaad dat Antichiliaste al meer daartoe kom om albei hierdie fundamentele heilsaangeleenthede skromelik aan te tas, beide van die ortodokse en van modernistiese kant (Kleynhans, 2000:251).

Kleynhans beskuldig die teenstanders van Premillennialisme dat:

> Wanneer hul verklarings op botsende, onlogiese gevolgtrekkings afstuur, volg hulle die handige verskoning van simboliek. Die Bybel moenie letterlik opgeneem word nie, maar simbolies. Hulle gevolgtrekking oor die verskillende wederkoms tekste is dat dit 'n literêre tegniek is om lesers se gedagtes van een simboliese situasie na 'n ander te verplaas. Dit is tog so jammer dat soveel mense deur hulle eie toedoen gaan agterbly wanneer die Here sy kinders voor die verdrukking en die openbaring van die Antichris kom haal. Hulle sal hul onkunde en teologiese vooroordele hiervoor moet blameer, en ook die god van hierdie wêreld wat die sinne van mense verblind (2 Kor. 4:4; Kleynhans, 2000:11).

Ook Du Plessis (2006) het sterk kritiek teen andersdenkers en meen dat hulle grootliks dwaal. Hy reken daar is vier basiese veranderings wat deur andersdenkende Skrifuitlêers aan 'n teks aangebring word, naamlik die teks word verskraal, word verdik, word verdraai of bloot vermy. Hy sê dat die teologiese aanname wat die Kerk met Israel gelyk stel, is die gevolg van ontwikkeling in die Kerkgeskiedenis en het derhalwe uiteraard aan die teks van die Nuwe Testament ontbreek. Du Plessis sê: “Dit is jammer dat hierdie kettery die denke van welmenende gelowiges in hulle verstaan van die ekklesiologie en die eskatologie so lank reeds korrupteer” (Du Plessis, 2006:189).

1.3.2 Die probleemstelling

Wat is ’n Skriftuurlike alternatiewe eskatologiese benadering teenoor die Premillennialistiese standpunt wat onder meer in die AGS gehuldig word?

Die volgende vrae word nagevors:

1. Wat word die AGS-lidmate inhoudelik geleer in Premillennialisme? Hier word veral gefokus op die skopus van die eskatologie, die interpretasie van profesieë in dié verband, die verhouding tussen Israel en die Kerk, die wegraping, die duisendjarige vrederyk en die reële wederkoms van Christus.
2. Wat is die konsekwensies van dié eskatologiese benadering vir AGS-lidmate – die verstaan en die verkondiging van die Evangelie en versorging van lidmate in dié verband?
3. Moet die eskatologie nie eerder geïnterpreteer word vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens nie?
4. Hoe sal so 'n eskatologiese benadering die pastor en die lidmaat se begrip van hul verhouding met God en mekaar beïnvloed?

5. Hoe moet 'n eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens skriftuurlik benader en ontwikkel word?

1.4 DOELSTELLINGS

Die sentrale doelstelling van die studie is om ’n alternatiewe eskatologiese beskouing teenoor die leer van Premillennialisme in die AGS voor te hou.

1.5 DOELWITTE

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

1. Om 'n oorsig te gee van dit wat Premillennialisme behels en in die besonder hoe dit deur sommige teoloë binne die AGS voorgehou word. Veral sal gefokus word op die vertolking van Skrifuitsprake en profesieë in dié verband. Daar sal ook gekyk word na die verhouding tussen Israel en die Kerk, die leer oor die wegraping en die sogenaamde duisendjarige vrederyk en die reële wederkoms van Christus;
2. om die konsekwensies van Premillennialisme te bepaal en te beoordeel in die lig van die verstaan en verkondiging van die Evangelie en die versorging van lidmate in dié verband;
3. om as alternatief tot Premillennialisme, die eskatologie te interpreteer vanuit die skeppingsbedoeling van God met die mens;
4. om uit te lig en te beoordeel hoe só 'n eskatologiese beskouing die verstaan van die Evangelie en die verkondiging raak; en
5. om 'n alternatiewe eskatologiese benadering in die plek van Premillennialisme te ondersoek en aan te bied.

1.6 DIE SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT

Die sentrale teologiese argument of hipotese van hierdie studie is dat ’n Premillennialistiese beskouing nie bybels verantwoordbaar is nie en neerkom op ’n verskraling van die Evangelie van die Koninkryk van God. Die vermoede is dat ’n eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens 'n beter Skriftuurlike begronding het. In die skeppingsbedoeling van God met die mens sal aangetoon word dat God ons iets gun van dit wat Hyself is, veral die liefdeseenheid wat daar bestaan tussen die Vader, Seun en Heilige Gees.

Hierdie liefdeseenheid sien ons in die Ou Testament en vind uitdrukking in ons kindskap van God in Jesus Christus. Dit is 'n deurlopende tema wat sy volkome gestalte en klimaks vind met die wederkoms – dus hoort die proton en die eskaton bymekaar.

1.7 METODOLOGIE

1.7.1 Algemeen

Hierdie teologiese-dogmatiese studie word vanuit 'n Pinkster perspektief gedoen. In die ondersoek is dit belangrik om verskillende oortuigings te bestudeer. Die doel is om oor die belangrike saak van die eindtyd helderheid te vind. Du Rand (2007:9, 10) meen wie sy hand aan Openbaring waag, "speel egter op 'n treinspoor. Soveel waagmoed kan gevaarlik wees. Openbaring herinner 'n uitlêer gou daaraan om nederig te bly en slegs te sê: Ek verstaan dit so…"

Selfs oor die begrip "einddinge" is daar onsekerheid. Dit sal onmoontlik wees om alles wat aangebied en geleer word deur te werk. Slegs hoofmomente word onderskei en ondersoek. Daar word ook gepoog om tot duidelike en eenvoudige gevolgtrekkings te kom. Daar word probeer om mooi te luister en te besin rondom bepaalde oortuigings wat geleer word en eerlik te vra: verstaan ons regtig waarom dit gaan? Wat is die betekenis daarvan vir die gelowige?

Die studie hou aan die einde 'n Skriftuurlike eskatologiese beskouing wat 'n helder lig op die hele Christelike leer laat val, voor. In die leer oor die laaste dinge word God se verhouding met die mens, wat van die begin af was, voortgesit en bereik dit sy volmaaktheid. God is in sy liefde, van ewig af in hierdie heelal, met die mens onderweg na 'n volmaakte bestemming saam met Hom

Wat die gebruik en relevansie van literatuur in die studie betref, mag dit voorkom dat die bibliografie kort is en so mag ook die gebruik van sekere bronne as oorbenut beskou word. Die rede vir so 'n moontlikheid is omdat gepoog word om 'n oorsig te gee van dit wat Premillennialisme behels en in die besonder hoe dit deur sommige teoloë binne die AGS voorgehou word. Daar word veral op die beskouing van laasgenoemde teoloë gelet. Die oortuiging is egter dat die beperkte bronne in dié verband nie die deeglikheid van die studie beinvloed nie.

1.7.2 Kerkgeskiedenis

Dit is belangrik om Premillennialisme in die kerkgeskiedenis na te gaan. Horton (1995:614) lees die geskiedenis soos volg: “Until the middle of the second century most Christians held to the hope that Christ would return and they would reign with Him for a thousand years”, terwyl ander weer beweer dat Millennialisme nooit deel van die hoofstroomkerke was nie. De Smidt (1993:84) se navorsing lewer die volgende:

> In the first three centuries the early church was not chiliastic. It was merely the doctrine of individuals. During the third and fourth century the doctrine of chiliasm found favour with a few patriarchs’ -. With a few exceptions, the church never confessed chiliasm as its doctrine.

Die volgende vrae kan gevra word: wat was die gelowiges (die kerk) se eskatologiese beskouing in die begin? Was Millennialisme van die begin af daar en indien nie – wanneer en hoe het dit begin? Indien 'n materiële 1000 jaar regering wel van die begin af 'n eskatologiese beskouing was – hoe algemeen was dit? Indien daar ontwikkeling in die leer van Millennialisme plaasgevind het, hoe het dit ontwikkel? 'n Blik op die geskiedenis is belangrik vir die verstaan van Premillennialisme.

1.7.3 Die apokaliptiese geskrifte

Gedeeltes van die materiaal waarmee ons in ons verkenning werk is in apokaliptiese vorm geskryf. Dit sal daarom nodig wees om te verstaan wat met “apokaliptiek” bedoel word en hoe hierdie literêre genre vertolk moet word.

1.7.4 Metodes van navorsing

Die volgende metodes is gebruik om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord:

1. Om Premillennialisme by die AGS te ondersoek, word 'n analitiese-kritiese studie gedoen van literatuur wat in die AGS gebruik en voorgehou word. Hierdie literatuur word met ander toepaslike literatuur oor die eskatologie vergelyk, geëvalueer en Skriftuurlik beoordeel.
2. Ten opsigte van die ontwikkeling van ’n alternatiewe eskatologiese benadering word gepoog om toepaslike Skrifgedeeltes te identifiseer, te eksegetiseer en te interpreteer. Daar

word verder gepoog om aan te dui dat ’n eskatologie vanuit die perspektief van God se skeppingsbedoeling met die mens 'n werkbare model is om 'n volledige en Skriftuurlike getuienis van die evangelieboodskap weer te gee.

3. Die eksegetiese metode wat gebruik word, is die grammaties-historiese benadering wat deur De Klerk & Van Rensburg (2005:3) en ook Coetzee (1990:15-30) aangedui word. Woord-eksegese word volgens die metode van komponensiële analise gedoen. Louw & Nida se woordeboek (1989) word veral hiervoor ontgin.

In die ondersoek sal relevante Skrifgedeeltes wat betrekking op die toepaslike sake het, geïdentifiseer word. Die boek van De Klerk & Van Rensburg *Making a sermon* dui verskeie stappe aan vir eksegese en uitleg. Die bepaalde Skrifgedeelte moet in die eenheid of perikoop waarin dit voorkom, verstaan word. Netso moet dié perikoop se plek in die spesifieke boek geplaas word en dan moet die posisie en bedoeling van dié boek in die Bybel vasgestel word. Die Bybel vorm ’n eenheid in die openbaring van God.

Die literatuursoort is belangrik aangesien elke soort literatuur sy eie reëls van vertolking volg. Van die gedeeltes oor die eskatologie, soos reeds genoem, is byvoorbeeld apokalipties van aard.

Die vasstel van die sosiale-historiese agtergrond is nodig om die teks beter te verstaan. Verder is die perikoop nie net deel van ’n boek, van ’n bepaalde tyd, van ’n spesifieke agtergrond nie, maar maak ook deel uit van die geskiedenis van God se openbaring. Die vraag is ook: Hoe vergelyk die gedeelte met dit wat God vroeër geopenbaar het en wat daarop volg?

Daar word ook kennis geneem van De Klerk & Van Rensburg (2005:95) se insigte ten opsigte van die gebruik van bronne met die oog op eksegese.

Skematiese voorstelling

Probleemstelling	**Doelstellings en doelwitte**	**Metodologie**
Wat is die leer en gevolge van Premillennialisme in die AGS en hoe kan ’n alternatief -'n perspektief vanuit die skeppingsbedoeling van God met die mens – en die gevolge van so 'n	Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om Premillennialisme by die AGS te ondersoek en die gevolge daarvan te beoordeel en om 'n Skriftuurlike alternatief voor te	Hierdie studie van Premillennialisme en die gevolg daarvan in die AGS asook die voorhou van 'n Skriftuurlike alternatief, word gedoen vanuit die AGS-tradisie.

beskouing in die lig van die Skrif beoordeel word?	hou.	
Wat word inhoudelik aan die AGS-lidmaat onder Premillennialisme voorgehou en hoe moet dit beoordeel word?	Om wat aan die AGS lidmaat voorgehou word onder Premillennialisme te ondersoek en te beoordeel.	Om wat aan die AGS-lidmaat voorgehou word onder Premillennialisme te ondersoek en te beoordeel, word 'n analitiese-kritiese studie gedoen van literatuur wat in die AGS gebruik word.
Wat is die konsekwensie van die Premillennialistiese benadering in die AGS – die verstaan en die verkondiging van die Evangelie en die versorging van lidmate – en hoe moet dit beoordeel word?	Om die konsekwensies van Premillennialisme in die AGS te verstaan en die verkondiging van die Evangelie en die versorging van lidmate in dié opsig te ondersoek en te beoordeel.	Om die gevolg van Premillennialisme in die AGS te ondersoek en te beoordeel, word literatuur in die AGS en ander toepaslike literatuur vergelyk, geëvalueer en in die lig van die Skrif beoordeel.
Wat is die getuienis van die Skrif ten opsigte van 'n eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens? Is só 'n beskouing uniek en belangrik in die kerk se getuienis en ook in die versorging en toerusting van mense?	Om vas te stel wat die getuienis van die Skrif is ten opsigte van 'n eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens en wat die gevolg van só 'n beskouing is ten opsigte van die kerk se getuienis en in die versorging en toerusting van mense.	Om vas te stel wat die getuienis van die Skrif is ten opsigte van 'n alternatiewe benadering en wat die gevolg van só 'n beskouing is, word tersaaklike Skrifuitsprake geïdentifiseer, geëksegeteer, beoordeel en gevolgtrekkings gemaak. Die metode waarvolgens die eksegese gedoen word, is die taalkundige-historiese benadering en woordeksegese word volgens die metode van komponensiële analise gedoen.
Hoe moet Premillennialisme in die AGS en 'n alternatiewe benadering, in die lig van die Skrif, vanaf die perspektief van God se skeppingsbedoeling met die mens asook die gevolg van beide ten opsigte van die getuienis van die kerk en die versorging van mense, beoordeel word?	Om Premillennialisme in die AGS en 'n alternatiewe benadering, in die lig van die Skrif, vanaf die perspektief van God se skeppingsbedoeling met die mens; en die gevolg van beide ten opsigte van die getuienis van die kerk en die versorging van mense, te beoordeel.	Die versamelde stof word geïnterpreteer en annaliseer om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom.

HOOFSTUK 2: 'n KORT WEERGAWE VAN DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PREMILLENNIALISME

Premillennialisme, die belangrikste eskatologiese beskouing wat in die AGS figureer, se historiese ontstaan en ontwikkeling word in hierdie hoofstuk nagegaan. Noodwendig word 'n effens breëre navorsing gedoen om ook insig te verkry van die omgewing waarin Premillennialisme funksioneer (byvoorbeeld: “sekulêre millennialisme”). In hoofstuk 3 word Premillennialisme in die AGS en hoe dit verstaan en geleer word, verken.

2.1 INLEIDING

Die vraag na die ontstaan van die Premillennialistiese standpunt en die ontwikkeling daarvan in die geskiedenis, veronderstel dat dit nie vanaf die begin deel van die kerk se boodskap was nie. Die doel met hierdie hoofstuk is om vas te stel wanneer hierdie leerstelling ontstaan het en hoe algemeen aanvaarbaar dit deur die eeue geword het. Sekere vrae wat ook na vore kom, is: Wat was histories die inhoud van hierdie standpunt? Het daar veranderings gekom en watter verandering het met die tyd gekom? Veranderings in die leer van Millennialisme kan beteken dat die opvatting nie deel was van die leer van die eskatologie in die Nuwe Testament nie. Die prediking van Jesus en die apostels was gelaai met eindtyd waarhede, maar bevat dit werklik aanduidings van 'n aardse politieke ryk van duisend jaar en die herstel van die Dawidiese ryk?

2.2 VERWYSINGS VAN PREMILLENNIALISTE NA HISTORIESE GETUIENISSE

Vlach (2012: 256) beweer dat vir 200 jaar na die skryf van Openbaring was daar sterk konsensus in die Christelike kerk dat die Millennium waarvan Johannes gepraat het, verwys na ’n aardse ryk in die toekoms. Hy verwys na twee persone, Papias (60-130) en na Irenaeus (later in die 2de eeu), wat histories direkte of indirekte kontak met Johannes sou gehad het en wat die leer van Premillennialisme, wat Johannes volgens hom, geleer het, bevestig. Hy meen dan dat dit onwaarskynlik is dat hulle Johannes kon misverstaan. Later sal Papias en Irenaeus as historiese getuies bespreek word.

2.2.1 'n Teologiese aanname wat die kerk met Israel gelykstel

Du Plessis (2006:189) meld dat daar in die vroeë kerk, in reaksie op die Judaïsme se verwerping van Christus, 'n teologiese ontwikkeling ontstaan het wat die kerk met Israel gelykstel. Hy beweer kerkhistorici erken die ontwikkeling van so 'n teologiese aanname en sê:

> Met die verloop van tyd is die konsep van 'n sogenaamde geestelike Israel, of nuwe Israel, op die kerk van toepassing gemaak, en die beloftes wat aan Israel gemaak was, is opgeneem as of dit na die mense van die Nuwe Testament, die Christene sou verwys. Die teologiese siening wat vroeër ontwikkel het, is later universeel deur die hoofstroomkerke, die Roomse Katolisisme, die Oosterse Ortodoksie asook verskeie vorme van die Protestantisme aanvaar. Aangesien die konsep dat die kerk die geestelike of ware Israel verteenwoordig 'n ontwikkeling van die kerkgeskiedenis is, moet dit derhalwe uiteraard aan die teks van die Nuwe Testament ontbreek.

Du Plessis betreur dit dat hierdie kettery ('n sogenaamde geestelike Israel) die denke van welmenende gelowiges in hulle verstaan van die ekklesiologie en die eskatologie so lank reeds korrupteer. Wat Du Plessis voorhou is dat die duisend jaar materiële ryk waar Jesus die staatshoof van die wêreld en Israel prominent is, Bybels gefundeer en outentiek in die leer van die kerk is.

In Kleynhans (2000:50) se behandeling van die vroeë kerkgeskiedenis maak hy ook melding van die ontwikkeling van 'n leer waarin God se plan met Israel deur die kerk vervang is. Kleynhans verwys na Justinus die Martelaar, Irenaeus en Augustinus as die mense wat met hierdie leerstuk begin het. Hy beweer dat al meer en meer van die Ou Testamentiese uitsprake in dié verband allegories vertolk is en baie min profesieë letterlik opgeneem is. Hy praat van: "die volkome onhoudbare Amillennialistiese of Anti-chiliastiese teorieë wat hulle ontstaan hoofsaaklik aan Augustinus te danke het" (Kleynhans, 2000:7).

Volgens Horton (1995:614), 'n Premillennialis, was die Millenniumhoop sterk en algemeen tot die middel van die tweede eeu:

> Until the middle of the second century most Christians held to the hope that Christ would return and they would reign with Him for a thousand years. Then concern over Christology turned attention away from the future hope.

Skynbaar word hier ook verwys na ’n reaksie op Judaïsme wat gelei het tot 'n afname in die verwagting van 'n Millennium aardse regering.

Walvoord (1977:11) wys daarop dat die sistematiese teologie ’n ontwikkelende wetenskap is. Histories was daar in verskillende belangrike gebiede van die teologie strydpunte. Die kerk het aandag daaraan gegee, maar die eskatologie het deur die eeue heen voortgegaan om ’n onopgeloste leerstuk te bly. Walvoord meen ook dat die kerk die eerste twee eeue oorheersend chiliasties was en geleer het dat Christus se wederkoms opgevolg word met ’n regering van duisend jaar op die aarde. Hierdie leer is eerste uitgedaag deur Origenes in die derde eeu. Volgens Walvoord het Origenes gepoog om die sistematiese teologie te harmoniseer met die filosofie van Plato. Die poging was slegs moontlik as die Skrif op ’n nie-letterlike wyse geïnterpreteer word en die boodskap van die Bybel allegories verstaan word. Op dié wyse het die leer van ’n letterlike Millennium verlore gegaan. Alhoewel die ortodokse teoloë die Alexandrynse skool (Origenes) se leer verwerp het, het dit tog ’n effek gehad en die Premillennialistiese interpretasie ondergrawe (Walvoord, 1977:12).

Horton (1995) dateer hierdie krisis in die Millenniumleer ook terug na die leer van Origenes (185-254). Origenes, met sy allegoriese metode van verklaring, het aanleiding gegee tot die vergeesteliking van die toekomstige koninkryk. Dit het tot gevolg gehad dat die aanhang van die Chiliasme verskraal het. De Smidt (1993:84) bevestig dit:

> In the Eastern Church it was Origen (230), the head of the Alexandrian school who, with his allegorical interpretation of Scripture, dealt chiliasm a death blow. His focus was not upon the manifestation of the kingdom within this world, but within the soul of the believer.

2.2.2 Opbloei en verval van die Millennialisme in die geskiedenis

Ons het reeds verwys na Du Plessis (2006) se bewering van 'n teologiese ontwikkeling wat die kerk met Israel gelykgestel het asook na Horton (1995) se kommentaar oor Origenes se allegoriese verklaringsmetode wat die leer van Millennialisme gestrem het. In die vyfde eeu, meld Horton, het die aanhang van 'n toekomstige Millenniumryk 'n verdere terugslag gehad toe die Koninkryk van God en die hiërargiese kerk met mekaar geïdentifiseer is. Horton (1995:614) stel dit soos volg:

With the church giving out judgment, as a result, the future Kingdom and final judgment were no longer emphasized.

Toe die Christelike geloof die aanvaarde godsdiens van die Roomse Ryk geword het, was daar volgens Schwarz nie meer behoefte aan die onderwerping van die bose magte in 'n verwagte Millenniumryk nie (2000:100, 324). Schwarz verwys na Eusebius se kerkgeskiedenis (boek 10) waarin hy sy vreugde uitspreek oor die vryheid en die bekragtiging wat die staat aan die Christene verleen het. Eusebius het hom verheug oor al die dinge wat in hulle tyd vervul is. Volgens Schwarz het Eusebius gesê dat God skielik al sy vyande voor die mens weggevee het en dat 'n helder dag vir die Kerk van Christus aangebreek het (2000:100). Volgens Walvoord (1977:12) het Augustinus twee beginsels van uitleg vir die Skrif gebruik het, naamlik: "a literal historical, and grammatical interpretation of non-eschatological passages, and a nonliteral and figurative interpretation of prophetic scriptures". Die Roomse Kerk het die nie-letterlike metode gebruik vir die vertolking van die eskatologie. Dit was foutief om profesieë as 'n spesiale geval in dié opsig te behandel en nie-letterlik te interpreteer. Premillennialiste meen dat hierdie uitgangspunt gelei het tot Amillennialisme en Premillennialisme (Walvoord, 1977:15).

In Horton (1995:614) se verwysing na die latere Middeleeue, skryf hy dat die geloof in 'n toekomstige Millennium slegs af en toe opgevlam het. Gewoonlik was dit in protes teen die hiërargiese gesag van die kerk. Horton meen dat die Hervorming ook nie ruimte gelaat het vir 'n aardse Millenniumryk nie, want die klem het geval op die gesag van die Bybel en God se betrokkenheid in die geskiedenis. Met betrekking tot die eindgebeure is aandag gegee aan die verheerliking van die gelowiges, en "there was little mention of the consummation of the age and the final state".

In die sewentiende eeu het die geloof in 'n Millennium in Engeland meer populêr geword. Volgens Horton (1995:615) het die Puriteine wat deur Josef Meade opgelei is dit geleer, hoewel baie nog geglo het aan die Millennium wat reeds vervul is in die geskiedenis van die kerk. Verder meld Horton (1995:615):

> Those who did preach the second coming of Christ to bring in the Millennium, however, hurt their cause by making computations that put His return between 1640 and 1660.

Ten opsigte van die agtiende eeu skryf Horton (1995:614, 615) van Whitby se invloed op die kerkwêreld:

> [He] popularized the view that Christ would not return until after a Millennium of progress brought the world under the authority of the gospel.

Horton sê egter dat bybelkonferensies wat in die somer gehou is in die negentiende eeu, die hoop vir 'n toekomstige Millennium laat opvlam het. In hierdie tyd is Dispensasionalisme geaksentueer:

> Whose literal interpretation of prophecy is in extreme contrast to the figurative interpretation of Postmillennialists and Amillennialists, as well as those of liberals and existentialists (Horton, 1995:614-615).

In Walvoord (1977:13) se historiese weergawe van Premillennialisme noem hy dat die vermeerdering van kerke en denominasies noodwendig daartoe gelei het dat alle areas van die sistematiese teologie, die eskatologie ingesluit, herondersoek moes word:

> Premillennialism, which had formerly included in its ranks some held extreme views, began to solidify and organize its interpretation of scripture. This became especially apparent in the last century.

Walvoord verwys ook na die genoemde bybelkonferensie en die ontwikkeling van Dispensasionalisme:

> Out of this matrix has come a systematic and detailed study of prophecy that has greatly refined the issues and re-established the doctrine of the second advent of Christ as an important tenet of biblical Christianity. The wide study and discussion of prophecy led to clear understanding of the contrasting views of Postmillennialism, Premillennialism and Amillennialism (I977:13).

Walvoord (1977:15) beweer dat hulle by die konferensies teruggekeer het na die siening van die vroeë Kerkvaders, wat volgens hom oorheersend chiliaste was. Hulle het die Bybelse geloof van die vroeë kerk herstel.

Uit die weergawes van Du Plessis, Kleynhans, Horton en Walvoord met verwysing na die geskiedenis, wil dit voorkom dat hulle van mening is dat Millennialisme aanvanklik meer prominent in die kerk was, maar dat dit later afgeneem het. Met verwysing na die geskiedenis sê Horton (1995:614): "Christology turned attention away from the future hope. Only occasionally did the belief in a future Millennium flare-up, usually in protest against hierarchical authority". Volgens Walvoord was daar in die negentiende en twintigste eeu 'n oplewing in Premillennialisme. Groter duidelikheid is verkry oor sekere elemente in die leer en ten opsigte van radikale sieninge in die leer is hulle interpretasie van die Skrif verenig en gesistematiseer. Die Premillennialiste maak aanspraak daarop dat daar met dié oplewing en interpretasie 'n terugkeer was na die leer van die vroegste kerk en na die bybelse waarheid oor die eindtyd.

Boettner (1964:366) het die volgende kommentaar ten opsigte van die egtheid van Premillennialisme:

> The sweeping claims made by some that the early Church was predominantly Premillennial are now known to have been greatly exaggerated. In the writings of only a few of the anti-Nicene church fathers is the subject even mentioned, and when it is mentioned it is in an elementary form having little in common with present day Dispensationalism.

Boettner wys ook op die verskille tussen Premillennialisme van die vroeë eeue teenoor wat vandag voorgehou word in Dispensasionele Premillennialisme. Later in die hoofstuk word aandag gegee aan die ontwikkeling of veranderings in die leer van Premillennialisme en die verskille met die Bedelingsteorie.

2.3 'n KORT OORSIG VAN DIE LEER VAN DIE ESKATOLOGIE IN DIE VROEË KERK

2.3.1 Inleiding

Berkhof (1963:662-664, 708) sê oor die eskatologie: "Christianity never forgot the glorious predictions respecting the future – – and finding comfort in them." Maar dan sê hy ook:

> Sometimes however, the Church, borne down with cares of life or entangled in its pleasure, thought little of the future. In days of defection the Christian hope sometimes grew dim and uncertain, but it never died out altogether. At the same time it must be said that there has never been a period in history of the Christian Church, in which eschatology was the center of the Christian thought (Berkhof, 1963:662).

Berkhof reken daar was 'n sekere prominensie van Chiliasme in die eerste twee eeue, maar dat dit nie so prominent was soos sommige beweer nie. Premillennialiste verwys soms na Amillennialisme as 'n nuwe siening en as die jongste fantasering, maar hierdie waarneming is nie in ooreenstemming met die getuienis van die geskiedenis nie. Die naam "Amillennialisme" is nuut, sê Berkhof, maar die beskouing is so oud soos die Christendom. Dit is wyd aanvaar en "the only view that is either expressed or implied in the great historical Confessions of the Church, and has always been the prevalent view in Reformed circles" (Berkhof, 1963:708).

Amillennialisme verwerp 'n fisiese duisend jaar vrederyk. Hierdie leer aanvaar eerder dat Christus deur sy dood en opstanding die mag van die bose gebreek het (Op. 20) en dat Christus se heerskappy reeds op aarde gevestig is. Die duisend jaar word gereken as 'n simboliese aanduiding van die tydperk waarin Christus tussen die eerste koms en die wederkoms op aarde regeer (De Smidt, 1993:90; König, 2001:370).

'n Ander punt wat aandag verdien is moontlik die vraag: Het 'n kerk nog 'n toekomsverwagting as dit nie die leer van 'n toekomstige Millennium aardse ryk van Jesus steun nie? By Premillennialiste is die fokus gerig op 'n toekomstige hoop van 'n verwagte duisendjaar aardse regering van Christus, waartydens Christene saam met Hom sal regeer. Horton (1995:664, 667) sê:

> Most Christians held the hope that Christ would return and they would reign with Him for a thousand years. The Bible shows that our only hope is that God will intervene, - - and send Jesus back to earth again to establish His rule and make David's throne eternal.

Die gebrek aan só 'n verwagte Millenniumryk word gewoonlik deur Premillennialiste vertolk as die afwesigheid van 'n hoop op die Wederkoms. Dit is egter nie die geval nie. Schwarz (2000:321, 325, 365, 386, 390, 392) wys byvoorbeeld op 'n wederkomsverwagting van die kerk wat nie berus het op 'n Millenniumverwagting nie. Schwarz noem dat Augustinus nadat die Romeinse Staat die

kerk amptelik aanvaar het, gemeen het dat hoop vir ’n toekomstige Millennium waarin die bose magte onderwerp sou word nie meer nodig sou wees nie. Tog het Augustinus op ’n finale koms van Christus bly hoop. Schwarz verwys na 'n aanhaling van Augustinus van Handelinge 1:7: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandighede te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie”. Augustinus het verder ook gesê: “It is not the one who asserts that He is near nor the one who asserts that He is not near who loves the coming of the Lord, but the one who waits for Him, whether He be near or far, with sincere faith, firm hope and ardent love (Schwarz, 2000:321)”. Van Wyk (2011:48) verwys na ’n soortgelyke opmerking van Augustinus aan sy kollega, biskop Hesychus, wat in ’n skrywe gemeen het dat die einde van die wêreld naby is. Augustinus het op twee gevare gewys as ’n mens só dink:

> Jy kan die tyd wanneer Jesus kom te gou verwag en sodoende in niksdoen verval; jy kan hierdie wederkoms te laat verwag en dus daardeur oorval word… Nee, sê Augustinus vir sy kollega, ons moet hou aan die woorde van Christus: 'niemand (op aarde) weet wanneer daardie dag en uur kom nie’ (Matt 24”36). Daarom moet ’n mens waak terwyl jy werk, en werk terwyl jy waak.

Schwarz (2000:392) maak ook melding van Martin Luther wat na vloede, oorloë en komete verwys het as tekens van die naderende einde van die wêreld. Hy het die pousdom gesien as die Antichris. In baie van sy briewe het hy uitgeroep: “Kom, liewe laaste dag!” Luther het in unieke en beeldende taal gepraat van die voleinding: “This world serves for God only as a preparation and a scaffolding for the other world” (Schwarz, 2000:390).

2.3.2 Verskeie elemente van hoop in die vroeë kerk

Berkhof (1963) is van die opinie dat daar in die begin nie 'n formele leer van die eskatologie was nie, maar dat die kerk bewus was van sekere elemente in hulle hoop, soos: Christus kom weer; daar sal 'n geseënde opstanding van God se mense wees; en dit word gevolg deur 'n algemene oordeel – 'n ewige oordeel vir die goddeloses en vir die regverdiges 'n beloning van ewige heerlikheid in die hemel. Omtrent Millennialisme verwys Schwarz (2000:99) na 'n antwoord wat Justinus die Martelaar (100 -165) aan 'n Jood gegee het wat hom gevra het of hy glo aan 'n Millenniumregering. Justinus se antwoord was:

> I and many others are of this opinion, and (believe) that such will take place, as you assuredly are aware; but, on the other hand, I signified to you that many who belong to the pure and pious faith, and are true Christians, think otherwise.

Schwarz meen dit verduidelik dat Millennialisme nie as 'n absolute standpunt nie, maar as 'n siening naas ander gehuldig is.

Vanaf die vyfde eeu tot die tyd van die Hervorming is daar nie 'n deurdagte en sistematiese leer van die eskatologie ontwikkel nie. Daar was egter nog, soos in die vorige eeue, die eenvoudige elemente van hoop. Berkhof (1963:663) verklaar:

> Under the guidance of the Holy Spirit the attention of the Church was directed from the future to the present, and Chiliasm was gradually forgotten. Especially under the influence of Origen and Augustine, anti-chiliastic views became dominant in the church. The thought of a material and temporal kingdom made way for that of eternal live and the future salvation

Volgens De Smidt (1993:85) het Origenes (230 nC.), in die Oosterse kerk, die Skrifte allegories verklaar en sodoende was daar nie ruimte vir 'n Millenniumleer nie. Origenes het gemeen dat die misterie van Openbaring eerder dieper gesoek moet word as in 'n historiese en letterlike betekenis. De Smidt verwys ook na Augustinus (354 – 430 nC.), wat volgens hom Openbaring allegories geïnterpreteer het en Chiliasme hewig gekritiseer het. De Smidt sê: “for him (Augustine) the Millennium had become a spiritual state into which the church collectively had entered at Pentecost and which the individual Christian might already enjoy through mystical communion with God.” Die regering van duisend jaar is verstaan as 'n geestelike verwysing en dui op die “eeue” van die kerk wat opgevolg word deur die wederkoms van Christus.

Met die verval en verwêreldliking van die kerk, die hiërargiese strukture, die kerk wat geïdentifiseer is met die Koninkryk van God en gebruike wat daar in die Middeleeue in die kerk was, het reaksie met tye teen die toestand van die kerk opgevlam. Onder die groepe was daar sterk wederkomsverwagtinge en daarom het van hulle Chiliasme geleer. Berkhof (1963:663) sê oor Chiliasme: “This was in part a reaction of a pietistic nature against the externalism and worldliness of the Church”.

Met betrekking tot die eskatologie vanaf die Hervorming en later, skryf Berkhof (1963:663):

> The thought of Reformation centered primarily about the idea of the application and appropriation of salvation, and sought to develop eschatology mainly from this point of view. Many of the old Reformed theologians treat it merely as an adjustment to soteriology, dealing with the glorification of believers. The Reformation adopted what the early Church taught respecting the return of Christ, the resurrection, final judgment, and eternal life, and brushed aside the crass form of chiliasm which appeared in the Anabaptist.

De Smidt (1993:85) meld: "The Protestant Reformers (16th century) of the Lutheran, Calvinistic and later Anglican traditions were not chiliasts but remained firmly attached to the allegorical millennialism ('realized eschatology') of St Augustine (Sandeen, 1982:202)". In Van Wyk (2001:198) se verwysing na Calvyn se leer oor die eskatologie meen hy dat Calvyn van mening is dat ons volgens die Skrifte tans in die tussentyd lewe – tussen die koms van Jesus en die wederkoms – en dat die kruis en die opstanding van Christus die groot draaipunt in die wêreldgeskiedenis is.

De Smidt (1993:86) verwys na Sandeen (1982:212) wat die aandag daarop vestig dat Augustinus se Millenniumbeskouing die Hervorming oorleef het, maar nie die intellektuele revolusie van die sewentiende eeu nie. In sy aanhaling van Sandeen (1982:202), verduidelik De Smidt die invloed van die ontwikkeling van die wetenskap op die allegoriese interpretasie metode van die kerk: "A new concern with calculation and literalism spread to biblical scholarship and resulted in the creation of the third type of millennialism found in the Christian tradition – progressive millennialism". De Smidt vertel verder van Josef Mede, 'n sewentiende eeuse Anglikaanse teoloog, wat vars na Openbaring gekyk het en gemeen het dat dit 'n letterlike koninkryk belowe. Dit impliseer dat die verlossing voltooi sal word in die geskiedenis van hierdie wêreldtoneel.

Bloesch (2004:102) beweer dat Postmillennialisme regdeur die kerkgeskiedenis aanwesig was, by tye nie so prominent soos Amillennialisme en Premillennialisme nie. Bloesch meen verder dat Eusebius die kerk se oorwinning onder Konstantyn geïnterpreteer het as die begin van die "Millennium". Volgens Bloesch was daar selfs in die Montanisme bewyse van Postmillennialisme. Hulle het 'n spesiale uitstorting van die Heilige Gees voorsien wat die weg sou baan vir die

wederkoms. Die Postmillennium-visie het opgevlam in die geestelike bewegings van die Middeleeue en ook in die moderne tyd. In die tyd van die Puriteine en die Piëtiste (naas die groei van Premillennialisme) het Postmillennialisme gegroei tot 'n belangrike invloed in die kerk. Hulle het geglo in die oorwinning van die Koninkryk van God in die geskiedenis deur die verkondiging van die Evangelie: "The conquering rider on the white horse in Revelation 19 symbolizes the conquest of the world by the risen and ascended Christ working through the power of the Spirit" (Bloesch, 2004:102). Onder die aanhangers van Postmillennialisme was gewilde predikers, soos Daniel Whitby (1638 – 1726), Jonathan Edwards (1703 – 1758), John en Charles Wesley en Philip Spener (Bloesch, 2004:102; De Smidt, 1993:86).

Möller (1998:59) sê opsommend oor Premillennialisme in die geskiedenis:

> The pre-millennialist view was the view of only a few individuals and has never been included in the official doctrines of faith of the church..... Various people in the early church took up position against chiliasm. The most important of these was most certainly Augustine. On account of his refutation, the chiliastic viewpoint remained in the background for almost a thousand years. Only during the Reformation (sixteenth century) did independent groups bring chiliasm or millennialism to the fore again. However, the Reformers, especially John Calvin, were opposed to this view.

2.3.3 Die oplewing van reaksionêre Millennialistiese groepe weens onvergenoegdheid met die kerk

'n Eerste opmerking is dat Chiliasme veral onder die radikale reformasie (byvoorbeeld die Anabaptiste) voorgekom het.

Met verloop van tyd het groepe as gevolg van laagtepunte in die geestelike toestand van die kerk in reaksie gekom. Onder hierdie bewegings het Millennialisme dikwels opgeleef. Een van die vroegste reaksies op die kwynende belewenis van 'n Heilige Gees-ervaring en sekulêre neigings in die kerk, was die Montanisme van die tweede eeu. Onder leiding van Montanus (156 nC.) het 'n bepaalde wederkomsverwagting ontstaan en is beweer dat die hemelse Jerusalem op die punt is om in Frigië tot stand te kom (Walker, 1968:55, 56).

Berkhof (1963) wys daarop dat, uit protes teen kerkisme, Chiliastiese sektes weer in die latere eeue te voorskyn gekom het as deel van 'n piëtistiese reaksie op die veruitwendiging van godsdiens en

verwêreldliking in die kerk. Hierdie reaksie het, volgens Berkhof, ook ontstaan as ’n reaksie op die Reformatore se onderbeklemtoning van die eskatologie (Berkhof, 1963:663).

Berkhof (1963) meld dat, gedurende die intellektuele revolusie en die industrialisering in die agtiende en negentiende eeu, die toekomsverwagting in die Westerse kerk verskraal is. Daar was eintlik nie 'n leer van die eskatologiese verwagting nie. Die bybelse toekomsverwagting, ’n vertikale ingryp deur God, is met 'n geestelike of etiese boodskap vervang. Berkhof (1963:664) se kommentaar is: “Liberal theology entirely ignored the eschatological teachings of Jesus and placed all the emphasis on his ethical precepts.” 'n Nuwe golf van Premillennialisme het gevolglik na vore gekom. Dit was nie net beperk tot klein groeperinge nie, maar het ook amptelik ingang gevind in sommige kerke.

Daar is reeds verwys na die sewentiende eeu toe die sogenaamde Progressiewe Millennialisme ontwikkel het. Hierdie stroming het geleer dat 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees, die bekering en herstel van die Jode, evangelisasie en sending 'n lang tyd van vrede en voorspoed vir die kerk sal inlei (De Smidt, 1993:86).

Gedurende die negentiende en twintigste eeu was daar weer ’n nuwe klem op die eskatologie. 'n Wending het gekom in die belangstelling van die eindgebeure. Aanhangers het 'n nuwe filosofie van geskiedenis, hoofsaaklik gebaseer op studies van Daniël en Openbaring, voorgestel. Dit was die opkoms van Dispensasionalisme in die Millennialistiese beskouing. Die verskyning van die Scofield Bible (1909) het grootliks bygedra tot die vestiging van Premillennialisme in die VSA. Möller (1998:59) sê: “It spread from there to other countries. Many Pentecostal churches and charismatic groups adopted the pre-millenarian viewpoint as their official one.”

Volgens Berkhof (1963) is die eskatologie vir ’n geruime tyd nooit as 'n prominente leerstuk in die kerk ontwikkel nie, maar die kerk was egter deurlopend bewus van onderskeie elemente in hulle hoop op ’n wederkoms. Volgens Berkhof, Schwarz (2000), De Smidt (1993) en Möller (1998) was daar in die geskiedenis konstant vanaf die hoofstroom-kerke 'n verwerping van ’n toekomstige Millenniumryk. Dié beskouing was eerder ’n randverskynsel as die algemene standpunt van die kerk. Millennialisme het deur die eeue dikwels as gevolg van onvergenoegde toestande in die kerk en wêreld gebeure opgeleef.

2.4 'n HISTORIESE ONTLEDING VAN DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME

In die voorafgaande gedeelte het ons kortliks na die algemene verwagting in die geskiedenis ten opsigte van die eindgebeure gekyk en na sekere inligting oor Chiliasme. Vervolgens word meer aandag gegee aan Millennialisme. Eers word die mees algemene beskouing van die vroeëre geskiedenis kortliks voorgehou en daarna word die Dominante Premillennium-teorie van vandag bestudeer.

2.4.1 Die Millenniumidee of die Millenniumhoop tot en met die negentiende eeu

Die enigste verwysing in die Bybel na 'n Millennium is in die boek Openbaring 20:1-6. Die gedeelte is gelaai met simboliek en 'n letterlike interpretasie van die gedeelte is moeilik. Later word die gedeelte vollediger behandel.

2.4.1.1 Die agtergrond van hierdie idee of hoop

Die visie van 'n duisend jaar meen Schwarz (2000:322) moet beskou word teen die agtergrond van die Joodse apokaliptiek, soos die *Sibbellynse Orakels* (3:652-653), waar onder andere gesê word: "God will send a King from the sun who will stop the entire earth from evil war". Schwarz verwys ook na 2 Barug 40:1-3 wat skryf van die laaste regeerder wat gebind gaan word en sy hele leer wat vernietig gaan word, en sê:

> They will carry him on Mount Zion, and my Anointed One will convict him of all his wicked deeds and will assemble and set before him all the works of his host. And after these things he will kill him and protect the rest of my people who will be found in the place that I have chosen. And his dominion will last forever until the world of corruption has ended and until the time which have been mentioned before have been fulfilled (Schwarz, 2000:322).

Schwarz wys daarop dat daar egter by die Jode 'n nasionale verwagting van die Messias was wat nog verder teruggaan. In dié nasionale verwagting is geglo dat die Messias sal verskyn as 'n Koning van die eindtyd en dat die Dawidiese ryk tot sy antieke glorie herstel sal word. Die nasionale verwagting is later met die universele apokaliptiese verwagting verbind en dit was die aanduiding van 'n Messiaanse Koning wat kort voor die einde van die wêreld en net voor die begin van die nuwe wêreld, sal regeer. Dit kom daarop neer dat: "The earthly Messianic age will be for a

limited time and it will be followed by a last assault of the powers of chaos prior to the commencement of the future world" (Schwarz, 2000:323).

Schwarz (2000:324, 325) meld verder dat sommige teoloë van die vroeë kerk (soos Justus die Martelaar, Tertullianus en Hippolitus van Rome) dié idee van Millennialisme gunstig gevind het. In die Weste (kerk) het Lactantius in sy geskrif *The Divine Institutes* Millennialisme gepromoveer deur van die *Sibbellynse Orakels* en ander bronne gebruik te maak. Schwarz (2000:99) verwys ook na die Brief van Barnabas, geskryf om en by 80 -100, wat aandui dat die ontstaan van die opvatting van 'n Millennium werklik verbind is aan 'n Joodse interpretasie van die skepping, en sê:

> Since God finished his creation in six days, Barnabas concluded that 'this implies that the Lord will finish all things in six thousand years, Therefore, my children, in six days, that is, in six thousand years, all things will be finished. This means: When His Son, coming (again), shall destroy the time of the wicked man, and judge the ungodly, and change the sun, and moon, and stars, then shall He truly rest on the seventh day.' In this passage Barnabas concludes that six thousand years after the creation of the world, according to Jewish counting, the Millennium will commence.

Volgens Gould (1997:37) het die Millenniumgedagte ook aangesluit by 'n spesifieke Apokaliptiese getalle-teorie. Petrus het in 2 Petrus 3:8 ten opsigte van die wederkoms gesê: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag". Hierdie stelling van Petrus is saam met Psalm 90:4: "Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verby skiet, en soos 'n nagwaak" gebruik om aan te dui hoe lank die aarde sal bestaan en wanneer die Millennium sal aanbreek. Gould (1997:74) meen die redenasie is dan dat ons met hierdie riglyne die tyd kan vasstel wanneer die Millennium sal aanbreek. Die argument is dat Openbaring 20 se duisend jaar verteenwoordig slegs 'n dag vir God. Ons weet ook dat God die aarde in ses dae geskep het en die sewende dag gerus het. Die simboliese ooreenkoms is dan dat wêreldgeskiedenis in ses duisend jaar sal ontvou waarna die Millennium sal aanbreek.

De Smidt (1993:85) reken dat die ontvanklikheid van 'n Joodse Millenniumkonsep in die Christelike wêreld te verstane is. Die eerste Christene kom uit die agtergrond van Judaïsme en het 'n Messias verwag wat die troon van Dawid sou herstel. Die Christene was ook aan vervolging blootgestel. In Du Rand (2007:20) se bespreking van 'n apokaliptiese gemeenskap sê hy dat dit in die apokaliptiek gaan oor die ideologiese denke of krisisdenke wat ontstaan wanneer waardes, gebruike en reëls van 'n bepaalde samelewing betekenloos word vir 'n bepaalde gedeelte van daardie samelewing. So 'n groep mense kan hulle nie meer vereenselwig met die samelewing nie,

hulle beleef verwydering, onttrek hulle en vorm 'n subkultuur wat bots met die res van die samelewing. Die minderheid word al hoe meer vervreemd en kan eenvoudig nie sien hoe 'n oplossing vir die krisis waarin hulle verkeer uit die huidige geskiedenis kan voortkom nie. Hulle verwag daarom dat verlossing alleenlik van buite moet kom. God moet van bo af ingryp om die apokaliptiese krisis op te los. Hulle interpreteer hulle hede en toekoms vanuit 'n totaal nuwe toekoms wanneer God sal ingryp. Volgens Du Rand beskou hulle die toekoms as 'n Utopia en die hede as 'n moeisame op-pad-wees daarheen.

2.4.1.2 Veranderings in die Millenniumidee

Gould (1997:43) meen dat daar met elke opeenvolgende geslag mense was wat 'n Millenniumverwagting gekoester het. Met die verwoesting van Jerusalem en die uitblus van die Joodse lewe in 70 n.C. kan egter aangeneem word dat dit die onmiddellike verwagting van 'n meer sekulêre en Messiaanse vorm van Joodse apokaliptiek beïnvloed het. Gould verwys dan na die profetiese uitspraak van Montanisme in die tweede eeu wat 'n onmiddellike verwagting van die hemelse Jerusalem op 'n vlakte in Frigië voorspel het. Gould meld dat die skouspelagtige mislukking van 'n duidelike voorspelling die beweging nie gekelder het nie, maar die Montanisme het nog vir eeue voortgeduur. Volgelinge het die afgesonderde en morele streng lewe gewaardeer en die mislukkings van apokaliptiese voorspellings gerasionaliseer met verskonings van misrekening en misverstaan van metaforiese en letterlike verklarings.

In die Ooste was daar nie veel ruimte vir Millennialisme nie. Daar is reeds verwys na Origenes (230 nC.) wat van mening was dat die misterie van Openbaring dieper gesoek moet word as in die geskiedenisgebeure of in 'n letterlike betekenis. De Smidt (1993:85) sê: "For almost a thousand years the allegorical method was the accepted interpretation for understanding Revelation". De Smidt skryf dat, tesame met die opkoms van allegoriese verklaring, geglo is dat die sogenoemde Millennium sy aanvang geneem het met die historiese Jesus.

Vroeër is reeds verwys na Augustinus met sy allegoriese interpretasie van Openbaring. Toe die kerk in die tyd van Konstantyn (325) 'n substantiewe sekulêre mag geword het, eerder as 'n vervolgde en radikale sekte, was dit in kontras met die geskiedenis van die apokaliptiese gedagte (Gould, 1997:45). Die Millenniumidee het ook 'n ander inset beleef. Die tyd van die kerk se bestaan, is gesien as 'n eskatologiese era van saligheid en vrede (Schwarz, 2000:99). Gould

(1997:45) meen dat met dié geestelike vooruitgang van die Christendom, daar veral twee moontlikhede vir die kerk na vore gekom het. Eerstens kan verklaar word dat die Millennium iewers in die verre toekoms sal aanbreek. Tweedens, meer algemeen, kan die Millennium metafories of allegories vertolk word as dat die sogenaamde geseënde tyd reeds aangebreek het. Vir Augustinus was die Millenniumidee 'n geestelike stand waarin kerk met Pinkster betree het: die nuwe lewe het vir die gelowige aangebreek en elke Christen kan 'n geestelike verhouding met God geniet. De Smidt (1993:85) verwys na Jones (1975:13) en Dijk (1933:213) en meld dat die Hervormers se leer teruggevoer kan word na Augustinus se beskouing, naamlik dat die duisend jaar alreeds 'n werklikheid is en dat die binding van Satan niks anders is as die kerk se oorwinning oor die magte van die hel nie. De Smidt beskryf Augustinus se benadering as 'Allegoriese Millennialisme' en meen dat dit dominant gebly het tot die twintigste eeu.

Schwarz (2000:325-327) maak ook melding van 'n ander beskouing wat 'n idee van Millennialisme verteenwoordig. Dit word teruggelei na die leer van 'n monnik, Joagim van Fiore (1135-1202). Ná studie en meditasie het Fiore 'n soort openbaring van die boek Openbaring gehad en het hy op 'n profetiese wyse die toekomstige fases van 'n verwagte ontwikkeling van die geskiedenis uitgespel. Kortliks kom dit daarop neer dat daar drie verskillende tydvakke is. Die eerste fase, die ou verbond, is die tyd van die Vader en word gekarakteriseer deur die wet en vrees. Die tweede tydvak, die nuwe verbond, is die tyd van die Seun en word geken deur genade en geloof. Die derde periode is die tyd van liefde en die Gees. Alhoewel, wanneer Schwarz (2000:326) sê: "Joachim opted more for a radical spiritualization of the world during the time of the spirit than an earthly renewal", wys hy daarop dat Fiore se opvolgers meer geneig was om sy gedagtes 'n materiële basis te gee. Schwarz (2000: 326, 327) meld verder:

> For instance, The Franciscan Spirituals in the thirteenth and fourteenth centuries attempted without compromise to fulfil the laws of the kingdom of God in the present age. It led them (the followers of Joachim) into open confrotation with the imperial messianism of Emperor Frederick II and with the institutional Roman Catholic Church. Even Thomas Muntzer (1490- 1525), the apocalyptic Utopian and 'new Daniel' who wanted to rigorously enforce God's will in this eschatological end time, refers to Joachim.

Volgens Schwarz (2000:328) is Joagim se geskrifte vir eeue versprei en sê: "Even Thomas Muntzer (1490- 1525), the apocalyptic Utopian and 'new Daniel' who wanted to rigorously enforce God's will in this eschatological end time, refers to Joachim".

Ons het gesien dat De Smidt (1993:86, 87) van Apokaliptiese Millennialisme, Allegoriese Millennialisme en Progressiewe Millennialisme praat. Die Progressiewe Millennialisme glo dat die geskiedenis opwaartse vordering maak en dat die Koninkryk van God al nader aan verwesenliking kom (De Smidt, 1993). Die Progressiewe Millennialisme het geleer dat agteruitgang in die pousdom sal lei tot 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees, die bekering en die herstel van Israel en die evangelisasie van die wêreld. Dit lei dan tot 'n lang tydperk van vrede en voorspoed vir die kerk waarop die wederkoms van Christus volg. Schwarz (2000:330) meen dat Edwards met sy kragtige prediking die weg gebaan het vir die Groot Ontwaking (1734-1744) in die Amerikaanse kolonies. Evangelisasie en sending is as tekens van die naderende Millennium gesien. Daar is selfs gewonder of die Millennium nie alreeds besig is om in Amerika wortel te skiet nie, of dat Amerika reeds naby die ideaal van God se Millennium is (Schwarz, 2000:330 en De Smidt, 1993:86).

Gould (1997) noem dat sekere radikale Hervormers in hulle verwagting van 'n nabye wederkoms Millennialiste was en nie geweld ontsien het in hulle aksies nie. Münster (1490-1528) was oortuig dat hy aan die einde van die eeue leef en het gevolglik 'n opstand in 1525 gelei. Hulle hervormingsywer het gepaard gegaan met geweld en hulle het 'n sterk toekomsverwagting gehad. Volgens die mening van Berkhof & De Jong (1967:118), het hulle hulself as werktuie gesien van 'n goddelike gerig en wou hulle 'n nuwe godstaat tot stand bring.

In Duitsland is 'n sinodale vergadering (later die "Martelaar"-sinode genoem) op 20 Augustus 1527 gehou, wat hoofsaaklik gehandel het oor die apokaliptiese idees van Hans Hut. Hut, 'n Anabaptis, het homself as 'n profeet gesien wat verklaar het dat die vervolging van die heiliges gevolg sal word deur die vernietiging van die Ryk deur die Turke. Daarna sal al die heiliges bymekaar kom en nadat hulle al die priesters en die oneerbare leiers omgebring het, sal Christus sigbaar op die aarde regeer. Hut het verwag dat die einde van die wêreld in 1528 sal aanbreek (Walker, 1968:329-330). Walker maak melding van Melchior Hoffmann wat in 1529 in Strassburg in kontak gekom het met die Anabaptiste en sê:

> Their opposition to the churches caused him to develop an original form of Apocalypticism. He expound it in connection with the book of Revelation. He now regarded Luther, 'the apostle of the beginnings', as a Judas and proclaiming himself 'apostle of the end' he predicted that the last judgment would come in 1533, spreading throughout the world from Strassburg.

Hoffmann is uit die stad verban en het na Nederland gegaan waar hy suksesvol die aanhangers van die Hervorming verenig het en hulle gevul het met die verwagting dat hulle sal oorwin en dat ander deur geweld sal omkom. In 1532 is hy terug na Strassburg (Walker, 1968:331). Burger (1987:44, 45) sê dat hierdie revolusionêre en later self-ekstreme apokaliptiese vleuel spoedig onder Hoffmann en sy vriend tot 'n hoogtepunt gekom het met die oorname van die stad Munster in 1534, wat dan die "Nuwe Jerusalem" sou word. Die stad is ná 'n jaar te midde van groot bloedvergieting weer teruggeneem en dit was die nekslag van die radikale Anabaptisme (Burger, 1987:45).

Rouse & Neill (1976:83, 84) is van mening dat die verwagting wat onder die Piëtiste geleef het dat wedergebore Christene 'n volmaakte staat kan bereik, aanleiding gegee het tot 'n Millenniumhoop, 'n hoop vir 'n beter era vir die kerk. Een van die seëninge van die Messiaanse tyd is die herstel van die eenheid van die kerk. Volgens Rouse & Neill is die hoop al by Anabaptiste gevind en gaan dit verder terug in die ortodokse Christelike tradisie. Rouse & Neill (1976:84) maak die volgende opmerkings oor Millennialisme by die Piëtiste:

> The attempt to take eschatology seriously, down to the details of concrete prophecy, leads to a curious but inevitable reversal of the points of view; eschatology becomes transformed into history, and through this transformation it ceases to be genuinely a doctrine of the 'last things'.

Daar was uiteenlopende benaderings en standpunte oor die Millenniumidee, maar tog wil dit volgens Berkhof (1963:708-712) voorkom asof daar in die vroeë geskiedenis 'n sekere mate van eenstemmigheid tussen Millennialiste was. Berkhof sê in hierdie verband: "The view of Irenaeus may be given as that which best reflects that of the early Christians centuries." Volgens Berkhof was Irenaeus se siening dat die huidige wêreld, in ooreenstemming met die ses dae van die skepping, ses duisend jaar sal bestaan. Aan die einde van die ses duisend jaar sal lyding en vervolging van die heiliges sterk toeneem totdat die finale inkarnasie van die boosheid in die persoon van die Antichris sal verskyn. Na die Antichris se vervolging sal hy in die tempel van God gaan sit waarna Christus in hemelse heerlikheid, triomferend oor al sy vyande, sal verskyn. Hiermee saam sal die fisiese opstanding van die gelowiges plaasvind en die Koninkryk van God op die aarde in sy volle gestalte realiseer. Die Millenniumheil, wat duisend jaar sal duur, sal ooreenstem met die sewende dag van die skepping – die dag van rus. Jerusalem sal herbou word, die aarde sal ryke vrug voortbring, geregtigheid en vrede sal heers. Aan die einde van die duisend

jaar sal die finale oordeel aanbreek en 'n nuwe skepping, waar die verlostes vir ewig in God se teenwoordigheid sal lewe, sal verskyn.

Hierdie beskouing van Irenaeus was volgens Berkhof 'n beskouing wat redelik algemeen sedert die vroeë eeue van die kerk tot en met die 19 de eeu gegeld het.

2.4.2 Premillennialisme in die negentiende eeu

2.4.2.1 Die era van groot veranderings

Daar is vroeër verwys na Progressiewe Millennialisme wat reeds op veranderings in die wêreld van die kerk gewys het. Walvoord (1977:13), met verwysing na die diversiteit van teologiese opinies wat deur die Protestantisme na vore gekom het, meld dat dit gelei het tot die verskyning van verskillende denominasies en groepe. Vanuit hierdie nuwe bewegings het, onder andere, Postmillennialisme (Progressiewe Millennialisme) ontwikkel. Walvoord erken dat 'n soortgelyke siening al vroeër deur verskeie individue gehuldig is en noem hier spesifiek die bydrae van Whitby (1638-1726) en sy volgelinge se moderne Postmillennialisme.

Shelly (2013:324) beskryf die groot veranderings as die opstand van die rede en noem dit 'n intellektuele revolusie. Die Middeleeue en in die Hervorming beskryf hy as die era van geloof. Die rede was hier in diens van die geloof en so het die denke onder gesag gestaan – by die Katolieke was dit die kerkgesag en by die Protestante was dit Bybelse gesag. Dit kom daarop neer dat by albei het God se Woord eerste gekom. Die gelowige se basiese ingesteldheid was om gereed te wees vir die lewe hierna. In die era van die rede is die denke in die plek van geloof geplaas. Volgens Shelly (2013) was die mens in die era van die rede primêr op geluk en vervulling in die huidige wêreld begaan en nie in die hiernamaals nie. Die denke van die mens, eerder as geloof, was die beste gids tot geluk. Daar was ook nie plek vir emosies, of mite, of bygeloof nie.

Shelly (2013:325) meen dat dié nuwe gees wat tot die era van die Verligting gelei het sy wortels in die Renaissance beweging, in die tyd van die Hervorming, gehad het. In die Renaissance was daar die herontdekking van die waardes van klassieke Grieks en Romeinse beskawings soos uitgedruk in literatuur, politiek en kuns. Die vernaamste Hervormers het dié Renaissance-humanistiese benadering tot die teks omarm deur na die oorspronklike taal van die Bybel terug te gaan. Volgens Shelly (2013:325-327) het die Hervorming en die Renaissance, ten spyte van hulle

gemeenskaplikheid, verskil in hulle siening oor die mens. Die Hervormers het die oersonde van die mens en die gevalle toestand van die wêreld geleer. Die mens het die genade van God nodig om lief te hê en om die Here te dien. Die Renaissance het, daar teenoor, 'n positiewe siening oor die menslike natuur en die wêreld voor gehou. Die mens is nie 'n sondaar nie en verlig homself deur sy denke. "He is a reasonable creature".

Meyer (1969:247) beskryf die tyd van die einde van die agtiende eeu tot in die twintigste eeu as 'n revolusionêre tydperk: "Progress and perfectibility of man and society were entrenched hopes". Die Christendom was ongemaklik met die aanvalle van bepaalde denkers op tradisionele beskouings van die kerk en gelowiges se vertroue op die bonatuurlike. Biggs (1965:181) sê dat die:

> Conclusions reached by enquiring minds seemed to some to be in conflict with Faith. By its very nature the Church tends to be conservative and backward-looking, and in consequence new scientific discoveries were regarded with suspicion. Thus the astronomical theories of Copernicus and Galileo were bitterly opposed by many Christian leaders.

Moderne wetenskap (Kopernikus {1473-1543} wat geleer het dat nie die aarde nie, maar die son die middelpunt van ons sonnestelsel is en Galeleo {1473-1642} wat die teleskoop ontdek het om die planete te ondersoek) tydens die 16de en 17de eeu het mense met hoop gevul van vooruitsigte van vrede en harmonie (Shelly, 2013:326). Die mens is gedwing om weer nuut te dink oor die heelal. Op die terrein van die Fisika was Isaac Newton (1642-1727) se insigte oor die wette van swaartekrag revolusionêr. Meyer (1969:237) wys daarop dat, alhoewel Newton die gedagtes van die wetenskap as verhewe gesien het, hy nie die wetenskap beskou het as 'n vervanging van godsdiens nie. In die loop van die agtiende eeu, toe die Verligting met die gepaardgaande deïsme en rasionalisme prominent was, het dit egter eerder oor natuurwette gegaan as oor die Gewer daarvan. Volgens Shelly (2013:327) het die Verligting die rol van die rede verheerlik en was die heelal beskou as 'n glad werkende masjien wat gekoördineer is deur 'n groot ontwerp (Deïsme). Die mens moes deur eie logika die betekenis van die lewe en ware geluk vind. "God is often pictured as one more actor on the stage and not the majestic Lord overseeing the entire project".

Ten spyte van bepaalde Christelike denkers, het die Verligting floreer op 'n openlike skeptisisme oor gevestigde waarhede en daar is gevra: wat is ware godsdiens? (MacCulloch, 2009:794). MacCulloch (2009:796) meen dat die Verligtingaanslag teen die Christendom meer uit die Katolieke wêreld as die Protestante wêreld gekom het. Hulle het hulleself as vyande van die

mistieke beskou en wou bevryders wees van die idee van geopenbaarde waarhede in die godsdiens. Die sterk rasionele denke van hierdie tyd het sy grootste ondersteuning in die sewentiende eeuse filosoof René Descartes (1596-1650) gekry (Meyer, 1969:234-236). Biggs (1965:182) wys egter daarop dat Descartes die waarheid verskraal het tot die sekerheid van selfkennis, en twyfel gekroon het as 'n belangrike element in die menslike soeke na hierdie sekerheid. Descartes het wel sy geloof behou, maar sy metode en sy gevolgtrekkings het ander van hulle geloof laat afsien. Terwyl die Duitser, Wolff (1679-1754) en andere, beweer het dat die krag van die rede die enigste sekerheid gee, het ander die fokus laat val op menslike gevoel en ervaring as bronne van kennis (Walker, 1968:484). Daar was gelowiges wat die rede en geloof met mekaar wou versoen. Volgens Shelly (2013:328) het die filosoof John Locke (1632-1704) nooit geloof geïgnoreer nie, maar het hy beweer dat die bestaan van God die mees voor die hand liggende waarheid is wat die rede ontdek het. Shelly wys verder daarop dat die God wat Locke in gedagte gehad het, eintlik min ooreenkomste met die God van die eksodus en die opstanding van Jesus gehad het. Walker (1968:484-486) meen dat Immanuel Kant (1724 -1804) beide uitgangspunte gekombineer het en 'n nuwe vertrekpunt vir die filosofie verskaf het – 'n waarde aan die mens se gevoel (ervaring) gegee het wat albei genoemde partye nie genoegsaam erken het nie. Kant het sy eie idee van godsdiens eerder prakties gefundeer as op 'n uitsluitlike rasionele teorie. Volgens MacCulloch (2009:803) het Kant die standpunt gehandhaaf dat die rede die wêreld orden in die wyse waarop dit ervarings interpreteer. In Kant se sisteem is daar 'n God. Sy bestaan kan nie bewys word nie; daar is nie 'n openbaring in Bethlehem of op die kruis nodig nie; geen Bybel nie, maar 'n innerlike bewussyn bring ons tot 'n bewussyn van God (MacCulloch, 2009:304). Walker (1968:485, 486) reken dat Kant se bydrae tot die teologie geleë was in sy oortuiging dat die mens se diepste gevoel die basis van praktiese godsdiensoortuiging en morele gedrag is. Hy het beklemtoon dat moraliteit die hoofinhoud van die praktiese rede is.

Berkhof & De Jong (1967:232, 233) skryf soos volg oor hierdie tydperk waarin, soos reeds die fokus op die belangrikheid van rede en die wetenskaplike ontdekkings geplaas is:

> De geest van onbegrensd vertrouwen in de menselijke rede, die zich nu baan brak, wordt aangeduid als Verlichting. Men het gevoel dat de mens nu pas op eigen benen ging staan, en dat alles daarom beter en gelukkiger zou worden dan voorheen. De gangbare mening was dat de rede bij elk mens van nature een bepaalde, allen gemeenschappelijke inhoud bezat, die men slecht op allen terreinen van de verbasteringen door de traditie behoefte te reinigen. Zo zocht men naar de 'natuurlijke' (= redelijke) godsdienst, zedelijkheid, staatsleer, opvoedkunde, enz.

Die hele samelewing is deur die filosofie van die Verligting aangeraak. Ten spyte hiervan het die Verligting tog in 'n sekere sin van die woord meer verdraagsaamheid teenoor verskillende standpunte gebring en deur kerk en staat van mekaar te skei, het dit ook aanleiding tot groter godsdiensvryheid gegee. Daar het meer verdraagsaamheid en ruimte gekom om van mekaar te verskil. Godsdienstige vooroordeel is as 'n groter euwel as ateïsme beskou. Daar was 'n dors na verdraagsaamheid en waarheid (Shelly, 2013:325). Voltaire (1694-1778) het graag na Christendom verwys as die "infamous thing", na Jesus as "the hanged man" en in sy aanslag teen die geloof het hy na duisende mense gewys wat die slagoffers geword het van 'n Christelike onverdraagsaamheid (Shelly, 2013:230; MacCulloch, 2009:800).

Volgens Biggs (1965:185) het die rasionele en godsdienstige aanslag van die Verligting in lande verskil van mekaar: "In Germany, rationalism ran much soberer course… It was never a revolutionary and destructive movement as in France. It was not a dilettante and aristocratic movement as Deism had been in England. It was far more creative and constructive than elsewhere".

Die Franse Revolusie, 'n belangrike gebeurtenis in die agtiende eeu in die geskiedenis van die Weste, was 'n voortvloeiing van die Verligting se verkondiging van vryheid, gelykheid en die aksie teen korrupte howe en adelstand. Wyl Frankryk in die middel van die 18de eeu 'n finansiële en leierskap krisis beleef het, het Verligtinggesindes 'n nuwe regering in 1789 gevorm (MacCulloch, 2009:807). In die optimisme van die Verligting is 'n paar maande later 'n deklarasie van menseregte aanvaar. Volgens MacCulloch (2009:807-809) was die grootste oogmerk van die regering om die kerk te hervorm tot 'n nasionale kerk soos dié in Engeland. Die gevolg was 'n ideologiese oorlog met die kerk. Die kerk het tradisionele bande met die res van Europa gehad en sodoende is baie lande deur hierdie oorlog geraak. Die Verligters het self diktators geword. Die kerk en die Christendom is gesien as vyande van die nuwe wêreld. Die Revolusie se poging om die kerk te verbeter, het eerder gelei dat godsdiens 'n samevoeging van klassieke simbole geword het en 'n verheerliking van die agtien-eeuse rede. In bepaalde gebiede het dit vir gelowiges uiters moeilik geword om hulle geloof uit te leef en moes hulle hulself elders vestig wat dikwels groot sosiale nood tot gevolg gehad het.

Die ontwikkeling van die mens en die wetenskap het die Industriële Revolusie tydens die negentiende eeu tot gevolg gehad. Welvaart en mag is aan 'n opkomende middelklas oorgedra

(MacCulloch, 2009:814). Die Industriële Revolusie het ook, veral in stedelike gebiede, ernstige sosiale probleme soos werkloosheid, swak infrastrukture, besoedeling, higiëne en siekte toestande geskep. Hierdie verwikkeling het moeilik hanteerbare krisisse vir die gevestigde kerke meegebring (Biggs, 1965). Die kerk, wat die grootste maatskaplike versorger was, is verswak en dit het die maatskaplike probleem verder verdiep (MacCulloch, 2009:809).

MacCulloch (2009:813-815) skryf dat die retoriek van "vryheid, gelykheid en broederskap" van die revolusie van die Verligting vir gewone mense die moontlikheid na vore gebring het om hulle eie bestemming te bepaal. Hulle het nie meer hulle lewe rondom 'n bepaalde tradisie gebou nie. Mense kon makliker reis en die boodskap van die kerk kon makliker versprei en oorgedra word. MacCulloch wys ook op 'n nasionalisme wat in die 19de eeu in die Europese lande onder sekere groepe na vore gekom het en wat veroorsaak het dat nasionaliteit die plek van die Christelike godsdiens ingeneem het.

In die 19de eeu het die era van die Romantiek in Wes Europa ontwikkel. Dit was deels in reaksie op die teleurstellende uitkoms van die Verligting (veral in Frankryk) wat nie die mens se innerlike behoeftes kon bevredig nie. Die nuwe uitdrukking van emosie was 'n soeke na innerlike vervulling (MacCulloch, 2009:815). Die gedagte van die broedersskap van alle mense het 'n beslissende faktor van die manier van dink geword. Dit, stel MacCulloch, het in Europa aanleiding gegee tot 'n radikale politiek onder die naam van Sosialisme. Dit was 'n herformulering van die optimisme van die Verligting. Sommige sosialiste het weer aansluiting gevind by die etiek van Jesus Christus se liefde en soms ook selfs by dié van die kerk.

Wat die Bybel betref, het die Verligtingsdenke onder meer uitdrukking gevind in 'n kritiese studie van die bronne, die styl en die literêre metodes wat deur die outeurs van die bybelboeke gebruik is en ook van die geskiedenis van die boeke self (hierdie kritiese studie en ingesteldheid word ook in ons huidige tyd voortgesit). Soms was dit baie negatief, soos Meyer (1969:274) opmerk: "Higher criticism also intended to deny supernaturalism, including predictive prophecy, and ultimately attacked views of the authorship and integrity of the entire Old Testament". Biggs (1965:189) bevestig dit en skryf: "It is true that methods of the Tubingen school have led some into a barren rationalistic approach to the New Testament, which has lost sight of Him to whom the New Testament bears witness…" Biggs wys verder daarop dat dié benadering tog gehelp het om die kerk te bevry deur weer nuut te dink oor die Bybel en ook te besef dat ons die skat, die Bybel, in 'n

"erdekruik" het. Die rekords van die Bybel se ontstaan en ontwikkeling kan nie losgemaak word van 'n historiese ondersoek nie, maar daar is ook besef dat die Evangelie nie volledig omskryf kan word deur suiwer rasionele uitdrukkings nie (Biggs, 1965:189).

Opsommend kan gesê word dat die opkoms van die Verligting die Christelike denke in onrus gedompel het (Biggs, 1965:208). Burger (1987:52) beskryf die negentiende eeu as die eeu van vele fasette. Dit het geboorte gegee aan sekulêre filosofieë en ideologieë. Die tydperk is ook in vele kerklike kringe geken as 'n tyd van geestelike louheid, rasionalisme en liberalisme wat dikwels die kerk verlam het. Volgens Biggs (1965:208) was daar verskillende reaksies hierop. Aan die eenkant was daar diegene wat teruggekeer het na tradisionele leerstellings en hulle vertroue gestel het in die kerk as 'n goddelike instelling (kyk ook Shelly, 2013:329). Aan die ander kant, was daar dié wat die Bybel as 'n onfeilbare boek beskou het en dit vreesloos teen aanvalle van die wetenskap en filosofie verdedig het. Ander het die nuwe kennis met blydskap aanvaar en nie gevoel dat dit hulle geloof bedreig nie, maar sommiges het hulle geloof laat vaar. Baie Christene het probeer om die natuur en die Skrifte bymekaar uit te bring en eenvoudig die openbaring van God ter syde gestel (Shelly, 2013:329). Kort hierna het daar egter 'n geestelike evangeliese herlewing uitgebreek wat 'n groot inpak op die kerk en samelewing gehad het.

2.4.2.2 Die Tweede Groot Ontwaking

In die begin van die negentiende eeu het 'n geestelike ontwaking of herlewing, soms genoem die Tweede Groot Ontwaking, in Europa, die VSA en elders begin. Die herlewing het vir dekades geduur en het in die tweede helfte van die eeu toegeneem en 'n groot impak gemaak (Walker, 1968:508). Burger (1987:52) sê dat baie die Tweede Evangeliese Ontwaking wat in 1857/8 begin het, beskou het as God se antwoord op die gebeure van die tyd.

In Amerika was die innerlike omstandighede van die kerklewe gedurende en ná die Burgeroorlog in 'n krisis. Minder as tien persent van die bevolking was kerklidmate (Walker, 1968:507). In 'n tydperk van 'n halwe eeu het hulle grondgebied drie keer groter geword en die bevolking het vyf keer verdubbel. Die verspreiding van die bevolking het so vinnig geskied dat dit die georganiseerde kerklewe beïnvloed het. Rouse & Neill (1969:232) beskryf dit onder andere soos volg: "The problem faced by all Churches of the frontier was how to retain the frontiersmen in the Church".

Volgens Meyer (1969:256) was die aanleidende faktore vir die geestelike ontwaking in Amerika 'n reaksie op rasionalisme, maar dit was veral die sosiale en geestelike isolasie van die mense op die Amerikaanse grensgebiede wat 'n rol gespeel het. Die godsdiensontwaking het deur die land versprei en dit was veral in die state Tennessee en Kentucky waar die mees emosionele en skouspelagtige manifestasies van die ontwaking plaasgevind het. Dikwels was dit by kampbyeenkomste waar die herlewing gemanifesteer het (Walker, 1968; Meyer, 1969:255; Shelly, 2013:449). Daar was nie staatsondersteuning nie en die prediking en lering is deur vrywilligers gedoen (Shelly, 2013:359).

In die stedelike nywerheidsgebiede in Engeland, wat een van die nagevolge van die Industriële Revolusie was, het slegs ses persent van die werkers 'n aanbiddingsplek besoek en in die dorpe was dit skaars bo twee present (Biggs, 1965:200). Walker (1968:501-504) skryf oor die geestelike ontwaking in Europa in die negentiende eeu en sê: "the reaction against the French Revolution, the rise of Romanticism, and the general revolt from the rationalism of the eighteenth century prepared the way for Evangelical revival…". Hy maak ook melding van die weerstand wat daar was teen sakramentalistiese en konfessionalistiese elemente in die kerk.

Daar was evangeliese konferensies in Europa en in Amerika gehou. Volgens Horton (1995:615) was dit by hierdie "Somer Bybelkonferensies" waar die hoop van 'n toekomstige Millennium versprei het. Baie Evangeliese groepe het hier die wesenlike van Premillennialisme geformuleer (Shelly, 2013:449). Met hierdie oplewing van 'n toekomsverwagting is Dispensasionalisme versprei wat profesieë baie letterlik, en in 'n skrille kontras met die figuurlike interpretasie van Postmillennialisme en Amillennialisme, geïnterpreteer het (Horton, 1995:615).

Walvoord (1977:14) wys daarop dat na die tyd van Whitby daar mense was wat die optimisme van Postmillennialisme verbind het aan die leerstelling van organiese evolusie. Liberaliste het die teorie van evolusie verheerlik as 'n goddelike metode wat 'n goue eeu sou inlei. Volgens Walvoord het konserwatiewe Postmillennialiste en Amillennialiste dit identifiseer as 'n afwyking van die geloof en pogings aangewend om hierdie nuwe evolusionêre konsep te weerlê. Een van die metodes gedurende die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu was om profetiese konferensies te hou. Walvoord (1977:15) meen dat dié twee groepe nie veel kon bied om die begrip van 'n evolusionêre vooruitgang te besweer nie en as gevolg van hierdie innerlike verskille is die konferensies oorheers deur Premillennialiste. Baie van die leerstellings

wat hier voorgestel en bespreek is, het later 'n wesenlike deel van die teologie van Premillennialisme geword. Dit is die leerstellings van die herstel van Israel in hulle land, die toekomstige aanbreek van 'n tyd van letterlike verdrukking, die letterlike liggaamlike terugkoms van Jesus Christus en sy letterlike koninkryk van duisend jaar op aarde na die wederkoms. Die hernude studie van die eskatologie, meen Walvoord (1977), het meer as ooit tevore die probleem, of beginsel, van die interpretasie van die Skrif uitgelig.

Volgens Murray (1960:88) was daar in die tyd van die Groot Ontwaking 'n idee dat die enigste alternatief vir Premillennialisme die leer van Postmillennialisme is, maar Postmillennialisme het geblyk nie grondige ondersteuning in die Nuwe Testament te hê nie. Verder was daar die probleem dat Postmillennialisme skynbaar maklik deur liberalisme ontspoor kon word en in humanisme kon verval. Die Premillennialisme is gevolglik dikwels en maklik gesien as 'n aanvaarbare vertolking van die profetiese Skrifte. Hierop sê Murray (1960:88): "so long as one does not go into too much detail and refrains from asking too many awkward questions. This the average man will not do, for his interest in the Bible and in Christian theology will not impel him to make a careful study of the subject." 'n Verdere faktor, skryf Murray, is dat die uitstaande evangeliste wat deur die land gereis en gepreek het, Premillennialiste was, en daarby was verskeie van hulle redakteurs van tydskrifte waarin Premillennialisme beklemtoon is as: "a phase of 'the faith once delivered to the saints'". Murray meld ook dat gepoog was om standpunte van modernisme in teologiese seminariums te vermy deur studente in Bybelinstitute op te lei. Dit was inrigtings wat gewoonlik 'n Premillennialistiese standpunt ondersteun het. Hierdie faktore, saam met die Scofield Reference Bible (wat as 'n gesaghebbend bron vir die Bedelingsteorie gesien was) se ondersteuning, het daartoe aanleiding gegee dat Premillennialisme vinnig veld gewen het (Murray, 1960:89; Möller, 1998:59-60; North, 1996:2).

2.4.2.3 Verskeie kerke en groepe

Die veranderde wêreld met sy ontwikkeling, groter fokus op die rede en die individu, meer vryheid vir kerke en aanbidding, revolusies en sosiale nood en ook herlewings (die Tweede Groot Ontwaking) het tot die vorming van baie geestelike groepe en kerke gelei. Dit was veral in Engeland en Amerika die geval (Meyer, 1969:277, Rouse & Neil, 1967:232, Berkhof en De Jong, 1967:286; Shelly, 20013:358).

Volgens Shelly (2013:359) het die Hervorming onbedoeld ’n verandering in die tradisie van die verhouding tussen die staat en Christendom na vore gebring. Die kerk het gebid, gepreek en geveg vir die ware geloof en Shelly sê: “until no single church remained, only what we now called denominations”. Hy verwys na die kosmopolitiese aard van die Amerikaanse samelewing wat tot baie Christelike groepe aanleiding gegee het en waarvan elkeen die vryheid wou hê om sy eie siening uit te leef en op sy eie manier ’n heilige Amerikaanse volk voort te bring. Dit moes gebeur sonder staatshulp en beskerming (Shelly, 2013:358).

Berkhof en De Jong (1967:285, 286) meen dat, in die (kleiner) Christelike gemeenskappe (sektes) wat hulle afgeskei het van die tradisionele kerke, dit gewoonlik gehandel het oor fundamentele stukke van die Christelike geloof wat deur die tradisionele kerke verontagsaam is. Die stukke word dan die middelpunt van belydenis in die kleiner gemeenskap en só word die gemeente van Christus wat gevorm word, beskou as suiwerder kerke as dié kerke wat hulle verlaat het. Berkhof en De Jong (1967) beweer dat die groepe hulle onderskei het deur 'n oor en eensydige beklemtoning van sekere elemente van die Christelike geloof wat die tradisionele kerk dikwels verwaarloos het. Dit was elemente soos die nadruk op 'n persoonlike bekering en heiliging, die gemeenskap van gelowiges, die bediening van alle gelowiges, die gawes van die Gees soos veral gesondmaking en spreek in tale, 'n toekomsverwagting en die vreemdelingskap van die kerk in die wêreld.

> “Daarbij komt nog dat het doordrijven van een of enkele gezichtpunten dezs zo uit hun verband haalt, dat ze meestal ook in de gestalte waarin de sekte ze belijdt onmogelijk door die kerk kunnen worden overgenomen, zodat de kerken hierdoor vaak (ten onrechte) tegenzin krijgen tegen een dieper doordenken van die gezichtspunten die in de sekten worden voorgestaan. (b.v. de toekomsverwachting)” (Berkhof & De Jong, 1967:286).

Burger (1987:22) wys daarop dat ’n gesonde verwagting van die wederkoms soms vervang is deur wilde spekulasies oor die plek en tyd van die wederkoms. Dit het ’n reaksie in die kerk ontlok wat 'n sterk wederkomsverwagting letterlik vir eeue uit die hart van die kerk laat verdwyn het (Burger, 1987:23).

Walker (1968:515) verwys na nuwe bewegings wat in die negentiende eeu, gestimuleer deur die emosionele klimaat van die geestelike ontwaking, ontstaan het en meen dat hulle teologies wegbeweeg het van die Evangeliese Protestantse geloof of dit verdraai het. Hy verwys onder meer

na William Miller (1782-1849) wat 'n Baptiste boer was en vanaf 1831 wyd gepreek het en beweer dat, volgens berekeninge vanuit die boek van Daniël, die wederkoms en die aanbreek van die Millenniumregering van Jesus in 1843-1844 (binne 'n jaar na 21 Maart 1843) sou plaasvind. Daar sou ook twee opstandings uit die dood plaasvind (Meyer, 1969:278). Miller het duisende volgelinge oorgehaal en ten spyte van die mislukking van die voorspelling het hulle in 1845 'n algemene konferensie van Adventiste, soos hulle hulself genoem het, gehou. Die belangrikste verteenwoordiging van die beweging was die Sewendedag Adventiste wat formeel in 1863 begin het. Walker (1968:516) skryf dat die "Adventist faith" beweging wat dikwels verbind word met die Pinksterbeweging en Heligheidsbeweging belangrik was in die vorming van nuwe kerkgroepe. Die beweging het ook onder leiding van Charles Taze Russell (1852-1916) gelei tot die vorming van die Jahova Getuies (1870).

Volgens Berkhof en De Jong (1967) het die Jehova Getuies 'n nabye wederkoms verwag en hulle leier, 'n ywerige bybelondersoeker, het die wederkoms in 1914 voorsien. Toe die eerste wêreldoorlog in 1914 uitbreek, is die gevolgtrekking gemaak dat Christus toe die troon in die hemel bestyg het (Op. 12:7-12). Berkhof en De Jong (1967:287) beweer van hierdie groep:

> De verwachting van de nieuwe aarde, voorafgegaan door het armageddon en de vernietiging der ongelovigen, vervult de getuigen van Jehova met een militant-missioaire geest. Aan de huidige wereld, aan handel, militaire dienst en politiek onttrekken zijn zoveel mogelik. De staat is het instrument van die duiwel en die kerken zijn zijn handlangers.

In die negentiende eeu was daar verskeie groepe in Duitsland met die naam van "Broeders". In Engeland was daar die Plymouth Brethren wat vernoem is na hulle stigter, John Darby (1880-1882). Die Plymouth Brethren het Premillennialisme geleer. Net na 1830 het Darby 'n "geheime wegraping" van die gelowiges gepropageer (Schwarz, 2000:334). Darby was 'n vurige propagandis en het die "Broeders" in verskeie lande, ook die VSA, geplant (Walker, 1968:500). In Noord-Amerika het die leer van Darby gewild geword met die druk van die Scofield Reference Bible, die eerste keer gedruk in 1909, waarin Scofield (1843-1921) sewe onderskeie periodes van saligheid voorgehou het. Die huidige tyd val tussen die sesde en sewende tydvak en is dus naby die beslissende einde (Schwarz, 2000:334). Volgens Meyer is daar in Amerika agt onderskeie groepe Brethren, plus nog 'n paar ander kleiner denominasies wat bekend is as die River Brethren, wat hulle oorsprong in die Switserse Mennoniete het.

Ons het reeds in hoofstuk een verwys na Schwarz (2000) se opmerking dat die Millenniumleer vandag meer as ooit in die Christelike konserwatiewe kringe (evangeliese groepe, fundamentaliste en die Pinksterbeweging) voorkom. Boettner (1964:7) verwys na Premillennialisme in die negentiende eeu en sê: “They have never found creedal statement in any of the larger Protestant denominations, but are held by individuals throughout the denominations.” Shelly (2013:449) stel dat baie van die Evangeliegesindes hulle tot Premillennialisme gekeer het. Hulle het geglo dat die wederkoms op hande was en dat die samelewing onvermydelik slegter sal word voordat dit gebeur. Hy merk ook op dat tussen 1880 en 1890 Bybelstudie en persoonlike heiligheid meer aandag geniet het as die idee van die hervorming van die Amerikaanse samelewing. Hierdie opmerkings van Shelly dui ongetwyfeld op 'n skuif van Postmillennialisme na Premillennialisme onder Christelik konserwatiewe groepe. Macculloch (2009:7) sluit hierby aan en verwys na twee faktore wat gelei het tot die leer van Premillennialisme: die ellende en onverklaarbaarheid van wêreldgebeure en ook die leed van die verlies van ’n verwagte goue eeu. Hierdie faktore het aanleiding daartoe gegee om die geskiedenis in verskillende tydvakke te orden met 'n goue eeu wat ophande is, net na die wederkoms.

Tussen 1880 en 1900 het die Nasionale Heiligheid Beweging in Amerika sterk gegroei en verskillende denominasies het daaruit gespruit. Hulle was streng Premillennialisties (Meyer, 1969:282; Shelly, 2013:449). Meyer meen dat hierdie Heiligheidsbewegings, ten spyte van sterk ooreenkomste, onderskei moet word van die Pinkstergroepe wat rondom 1900 ontstaan het. Die Pinkstergroepe het eerder 'n eie identiteit gehad.

2.4.2.4 Die Pinksterbeweging en Premillennialisme

Daar is reeds verwys na Premillennialisme en die Pinksterbeweging, maar in hierdie afdeling word daar in meer besonderhede hierop ingegaan.

As Burger (1987:23, 32) ’n lyn trek van Pinksterfenomene (soos hy dit noem) deur die geskiedenis, lig hy verskeie ooreenkomste van die Pinksterbeweging met bewegings in die verlede uit. In die vergelykings maak hy dikwels melding van ’n sterk wederkomsverwagting. Só wys Burger, onder andere, op die sterk wederkomsverwagting (uitgesluit die wilde spekulasie van tyd en plek van die wederkoms) wat by Montanisme in die tweede eeu was. Hierdie ooreenkomste ag die Pinksterbeweging belangrik en kosbaar. Burger (1987:32) verwys ook in dié verband na die

Camisard profete van Cenennes van die sewentiende eeu. Dit was ’n charismatiese groep wat voorspel het dat die wederkoms van Christus op hande is.

Dit is duidelik, volgens Meyer (1969), dat die Heiligheidsbeweging hoofsaaklik Premillennialisties was. Burger (1987:57) dui aan dat die belangrikste leiers van die vroeë Pinksterbeweging, sowel as talle van die eerste lidmate, aanvanklik uit die Heiligheidsbeweging gekom het. Charles Parham, gebore 1873, wat volgens Burger beskou kan word as die formuleerder van die basiese Pinksterleerstellings, was geassosieer met die Heiligheidsbeweging. Parham het die basiese leerstellings van die beweging aangeneem en Burger (1987:66) verwys daarna as: bekering as ’n krisis ervaring, heiligmaking as 'n tweede genade werk, Goddelike genesing en Premillennialisme. Daarna kry ons William J. Seymour wat 'n leidende rol vervul het by Azusastraat, Los Angeles. Dié plek is bekend as die basis vanwaar die Pinkstergetuienis na verskillende wêrelddele uitgedra is. Hy was ’n ouderling van ’n Heiligheidsgemeente en het die bybelskool van Parham bygewoon waar hy die basiese punte van Parham se leer aanvaar het (Burger, 1987:73).

2.4.2.5 Vernuwing en ’n sterk wederkomsverwagting

Oor die eskatologie is reeds opgemerk dat Berkhof (1963:662) daarop gewys het dat daar tye was wat die kerk deur óf die sorge van die lewe afgemat was, óf deur plesier vasgevang was. Volgens Berkhof is daar in sulke tye min aandag aan die wederkoms gegee. Die afleiding wat uit Berkhof se opmerkings gemaak kan word, is dat daar ’n korrelasie is tussen die vlak van geestelike welvaart (toewyding) in die kerk en 'n toekomsverwagting. In die loop van die geskiedenis was daar dikwels reaksie op swak toestande in die kerk, soos die verwêreldliking, verkeerde fokus, die kerk en staat verhouding en hiërargiese regeringstrukture. Alhoewel hierdie reaksionêre bewegings verskillend beoordeel word deur kommentators, soms minder positief (Meyer, 1969:281, 282) en in ander gevalle meer positief (Berkhof & De Jong, 1967), was baie van die aksies ’n soeke na ’n verdieping van 'n verhouding met God en ’n poging om die bybelse geloof te weerspieël (Burger, 1989:46; Berkhof, 1963:663). Die Piëtiste beweging, wie se invloed oor etlike eeue heen strek, meen Burger (1989:47), het persoonlike bekering en ontmoeting met God, heiligmaking, die belangrikheid van sang, sendingbewustheid en die individuele gerigtheid op 'n persoonlike getuienis, beklemtoon. Die soeke na verdieping in ’n verhouding met God en weerstand teen verwêreldliking in die kerk het gepaard gegaan met ’n sterker wederkomsverwagting (Burger, 1989:22; Berkhof, 1963:662-664).

Dit sal verkeerd wees om die sterk wederkomsverwagting by herlewingsbewegings noodwendig te sien as ’n oplewing van ’n hoop op ’n Millennium Vrederyk. ’n Verinniging van ’n verhouding met God het dikwels daartoe gelei dat gelowiges hulle as vreemdelinge en bywoners op die aarde gesien het en sterker verlang het na ’n vereniging met hulle Here en Verlosser in die hemel. Sommige geestelike oplewings het gepaard gegaan met ’n Premillennialistiese verwagting en oplewing by ander groepe weer met ’n Postmillennialistiese verwagting. Tog was daar ook geestelike herlewings wat nooit enige van die genoemde oortuigings gedeel het nie (Bloesch, 2004:102; Berkhof, 1963:663; Schwarz, 2000:330).

Berkhof (1963:664) wys daarop dat, gedurende die intellektuele revolusie en die industrialisering in die Weste gedurede die negentiende eeu, die toekomsverwagting in die kerk bleek geword het. Hy noem dat, as gevolg daarvan, 'n eskatologie tot stand gekom het wat uiters problematies was. Hy stel verder dat daar nie 'n verwagting van 'n toekomstige vertikale ingryp van God was nie. 'n Toekomsverwagting is met 'n geestelike of etiese boodskap vervang. Berkhof meen dat Liberale Teologieë die eskatologiese lering van Jesus geïgnoreer het. Uit sy evaluasie van die gebeure rondom die negentiende eeu het hierdie gebeure nie net alleen ’n negatiewe invloed op die geestelike lewe van die kerk gehad het nie, maar ook op die leer van die eskatologie. Berkhof (1963:664) meen dat daar in hierdie tyd ’n nuwe golf van Premillennialisme te voorskyn gekom het en dat dit nie net beperk was tot sektes nie, maar ook inslag gevind het by sommige kerke van die dag.

Die vraag wat egter gevra moet word, is: Is daar ook ander redes vir die oplewing van Premillennialisme gedurende die negentiende eeu? Was dit bloot ’n uitvloeisel van ’n innerlike begeerte na vernuwing in 'n verhouding met God, of het dit oor meer gehandel? Was daar nie ook 'n reaksie op wêreldgebeure en ’n verlange na die aanbreek van ’n Utopia nie? Was dit nie in die tyd dat daar begin is om sekere profetiese boeke en Openbaring letterlik te vertolk en te verbind aan Judaïstiese verwagtings nie? Gaan dit, onder andere, oor die noodsaaklikheid van ’n “tussenryk” of ’n sogenaamde Vrederyk wanneer die aardse regering van die Seun van Dawid opgerig gaan word, die heil volmaak sal wees en die gelowiges saam met Jesus as konings sal regeer (Du Plessis, 2006:331-333, 350; Kleynhans, 2000:250)?

Du Rand (2007:561) verduidelik dat die Millennialiste met die begrip van 'n Messiaanse, tydelike en tussentydse koninkryk, ’n oorgang, ’n tussenstaat, wil voorhou. Hierdie ryk val tussen die

huidige sondebesmette tydvak en die volmaakte bedeling wat in die toekoms volg. Die vraag kan daarom tereg gevra word: Word die aanhangers van die idee van ’n Millennium nie dalk gemotiveer deur die feit van ’n sogenaamde plaasvervangende materiële ryk van Christus by die wederkoms, eerder as (of naas) ’n vooruitsig na ’n ontmoeting met God nie? Met ander woorde, het die Millenniumidee nie soms sy eiesoortige motivering gehad wat nie altyd soseer gedryf is deur ’n verlange na ’n verdieping van ’n verhouding met God nie?

Berkhof (1963:663) maak die volgende interessante opmerking oor die opkoms van Chiliasme voor die Hervorming as ’n reaksie op die sakramentalisme en sentralisering in die Kerk: “As a protest against this ecclesiasticism, Chiliasm again made its appearance in several sects. This was in part a reaction of pietistic nature against the externalism and worldliness of the Church”. Rouse & Neill (1976) meen dat Piëtiste in hulle poging om erns te maak met die eskatologie – om dit deel te maak van konkrete profesieë – die eskatologie verander het tot geskiedenis. Die leer van Premillennialisme kan dus die gevaar loop dat dit 'n bedreiging inhou vir 'n eie verinniging van ’n verhouding met God.

Die gebeure in die negentiende eeu, wat aanleiding gegee het tot die herlewing, het gepaard gegaan met ’n sterker eindtydverwagting. Die wêreldgebeure van die tyd het egter ook sy eiesoortige appèl op die idee van ’n Millennium gemaak, en geleentheid gebied vir die opbloei daarvan. Daar het ook, soos reeds na verwys is, verandering gekom in die Millenniumleer wat skynbaar meer aangesluit het by wêreldgebeure.

Voordat verder gekyk word na die ontwikkeling van Premillennialisme word kortliks verwys na Berkhof (1963:708-714) se opsomming van die Premillennium-gedagte gedurende die negentiende eeu. Berkhof meen dat daar groter helderheid gekom het in die leer. In breë trekke kom dit daarop neer dat die koms van Christus naby is en dat dit sigbaar, persoonlik en in heerlikheid sal wees. Dit sal voorafgegaan word met gebeure soos die evangelisering van die nasies, die bekering van Israel, die groot afvalligheid, die groot verdrukking en die openbaring van “die mens van sonde”. Donker dae lê vir die kerk voor in die tyd van die groot verdrukking. Die wederkoms sal 'n groot, enkele, uitstaande en glorieryke gebeurtenis wees waartydens die gestorwe heiliges sal opstaan en die heiliges op die aarde verander sal word en saam sal hulle weggevoer word om die komende Here te ontmoet. Die Antichris en sy bondgenote sal verwoes word. Israel sal tot bekering kom en gevestig word in die Heilige land. Dan sal die Koninkryk van God, soos deur die profete voorspel,

opgerig word in 'n veranderde wêreld. Die heidene sal in massas tot bekering kom en in dié koninkryk opgeneem word. Nadat die duisend jaar van Christus se aardse regering voltooi is, sal die res van die dooies opstaan tot die laaste oordeel en dan kom die nuwe hemel en aarde. Daar was egter ook kleiner nuanses by Millennialiste oor sekere van die genoemde besonderhede.

2.4.3 Premillennialisme van die hede – 'n nuwe filosofie van die geskiedenis van verlossing

Berkhof (1963:710) verwys na die ontwikkeling van Premillennialisme en verklaar: "In the second quarter of the nineteenth century a new form of Premillennialism was introduced under the influence of Darby, Kelly, Trotter, and their followers in England and America, a Premillennialism wedded to Dispensationalism". Die Scofield Reference Bible (1909), soos ons reeds gesien het, het dit gewild gemaak. Berkhof meen hulle bied 'n nuwe filosofie van die geskiedenis van verlossing aan waarin Israel 'n leidende rol vervul en die kerk 'n tussenspel is. Berkhof skryf verder:

> Their guiding principle prompts them to divide the Bible into two books, the book of the kingdom and the book of the church. Their divisive tendency also reveals itself in their eschatological program. There will be two second comings, two or three (if not four) resurrections, and also three judgments. Moreover, there will be two people of God (Israel and the church).

Die oorsprong van Dispensasionalisme kan teruggevoer word na die kommentaar op Openbaring deur 'n Spaanse Jesuïte monnik, Ribera (1591) (Boettner, 1964:367; De Smidt, 1993:89). Die Pous en die Roomse Kerk is deur die Protestante beskou as die Antichris en die slegte vrou in Openbaring 17. Boettner noem dat Ribera, wat in die vroeë Hervorming geleef het, die Pous en die Roomse Kerk wou beskerm deur 'n toekomstige uitleg van Openbaring te gee. De Smidt verwys ook na, Rabbi Ben-Esra, wat 'n Jesuïet geword het. Hierdie Jesuïet se teorie wat na sewe dispensasies verwys het, het veral gewild geword deur die verskyning van die Scofield Reference Bible via die Plymouth Brethren groep.

North (1996:125) stel dat die doel van Dispensasionalisme is om mag uit te oefen. Die mag sal in sondelose mense se hande wees onder die bevel van die Messias. Die absolute mag sal dié mens nie korrupteer nie, maar sal hulle beskerm teen sondaars. Aan die einde van die Millennium sal 'n opstand van die sondaars kom teen die bevoorregte stand van die regeerdes. Volgens North (1996:iv) het die idee gegroei in die midde van die siening van "the power of quantification,

classification and scientific analysis to construct firm religious knowledge". Hy stel dat terwyl liberale, hoër kritiek die praktyk beoefen om die teks in die lig van tyd (die verlede) te interpreteer, werk Dispensasionalisme andersom: tyd (geskiedenis en toekoms) word in die lig van die Bybel geïnterpreteer. Die Dispensasionaliste argumenteer dat die betekenis van tyd van binne kom, deur die bonatuurlike ingryp op die tydelike orde. Die Dispensasionele denke het homself gevestig in die Amerikaanse modernisme. North (1996:1) beweer dat soos die publiek deur die aanslag van Darwin, liberale teologie, pragmatisme en ander moderne denkrigtings al minder beïndruk was, die Dispensasionalisme gepoog het om die wêreld deur hulle wetenskaplike metodes aan te gryp. Hulle het 'n nuwe metode ontwikkel van die interpretasie van die Bybel en kontemporêre wêreldgebeure, en 'n noukeurige stelsel gekonstrueer om die dispensasies te onderskei en die geskiedenis te orden. Hy argumenteer dat Dispensasionaliste, soos baie van hulle tydgenote, hulle tot die wetenskap wend "(or at least the rhetoric of science) and the application of technological methods to religious practices (particularly reading the Bible and interpreting sacred history) in order to create stronger systems of plausibility for their beliefs" (North, 1996:4) Die Scofield Reference Bible het die mees kanonieke stelling van Dispensasionalisme geword (North, 1996:2; Flesher, 2009:38)

2.4.3.1 Die filosofie oor 'n teokrasie

Berkhof (1963:710, 711) wys daarop dat die gedagte van 'n teokrasie ten nouste met die Premillennialistiese beskouing skakel. Hiervolgens het God in die loop van die geskiedenis intens met die mens gehandel. Boettner (1964:151) sê daar is verskillende bedelings en: "In each there is a new revelation of God's will, and in each God tests man's obedience in a new and different way. God starts each dispensation out all right, and man is thus given repeated opportunities to solve his problems of sin and government." Hy verduidelik verder dat God met die mens verbonde aangegaan het en hom telkens voor 'n toets gestel het. Indien die mens gefaal het, het daar oordeel gekom en 'n ander bedeling het gevolg. Die teokrasie in Israel wat by die berg Sinai "ontstaan" het, het 'n spesiale plek in God se handeling met die mens gehad. Die teokrasie in Israel was die inleidende vorm van die Koninkryk van God of die Koninkryk van die Messias, en die goue era van hierdie koninkryk was in die tyd van Dawid en Salomo. In tye van gehoorsaamheid het die koninkryk uitgebrei en as die mense ontrou was, is dit omvergewerp. Dit was deur hulle ontrouheid dat die ballingskap plaasgevind het. Die profete het die ballingskap voorspel, maar ook 'n boodskap van hoop voorgehou. Israel sal in die dae van die Messias na die Here terugkeer, en

die troon van Dawid sal op 'n onoortreflike wyse herstel word. Selfs die heidene sal deel in die seën van die toekomstige koninkryk.

Toe die Messias kom en aanbied om sy ryk op te rig, het die Jode (Du Plessis {2006:124} praat van die Esau-Jode) hulle nie bekeer nie. Die gevolg was dat die Koning nie sy ryk gevestig het nie, maar na 'n vêr land gegaan het en sy koninkryk uitgestel het tot Hy sou terugkeer (Luk. 19:12). Voordat Hy weggegaan het, het Hy egter die kerk gestig wat geen ooreenkomste gehad het met die koninkryk nie en waarvan die profete nooit gepraat het nie (Du Plessis sê die profete het dit nie gesien nie). Die gevolg, van die Jode se verwerping van Christus se aanbod van die Dawidiese Koninkryk, was dat die aanbod van die koninkryk teruggetrek is en die kerk as plaasvervanger ingestel is. Die kerk is derhalwe 'n tussenspel en God handelinge met die mens. Dit sal aanhou gebeur totdat Christus terugkom, die kerk wegneem en die Millenniumryk oprig word (Boettner, 1964:6). Die oogmerk van die Millenniumryk, wat gevul sal word met 144,000 Jode wat die Groot Verdrukking oorleef het, sal wees om God se beloftes wat aan Israel gemaak is te vervul (Flesher, 2009:41). Die dispensasie van die wet sal plek maak vir die dispensasie van die genade van God. Gedurende dié tydperk van genade word Jode (Du Plessis {2006:124} noem hulle "die Jakob-Jode") en heidene byeengebring en maak saam die liggaam van Jesus uit. Nou deel hulle in sy lyding, maar sal eendag as bruid van die Lam, deel in sy heerlikheid.

Du Plessis (2006:139-141) praat van die *Aurora Christi*-verskyning met Christus se eerste koms. Die koninkryk het gewis nie tydens die aardse bediening van Jesus aangebreek nie. Na die hemelvaart het Christus sy posisie aan die regterhand van die Vader ingeneem vanwaar Hy oor sy geestelike koninkryk regeer. Christus se koms na die aarde is slegs die "dagbreek" van Christus se koms (*Aurora Christi*). Die Môresterverskyning van Christus – "die sonsopkoms lê nog vorentoe" (Mal. 4:2). Die "sonsopkoms"-verskyning verwys na Christus as Koning van die nasionale ryk van Israel, die Messiaanse Vrederyk.

Berkhof (1963:711) beskryf die taak van die kerk soos voorgehou deur Millennialisme voor die eerste koms van Christus: "She has the glorious task of preaching, not the gospel of the Kingdom, but the gospel of the free grace of God". Daar word dus onderskei tussen twee evangelies: die evangelie van die Koninkryk (vir Israel) en die evangelie van Genade (vir die kerk) (Flesher, 2009:41). Die kerk moet al die uitverkorenes as getuies vir Jesus versamel, maar Berkhof wys daarop dat, volgens Millennialiste, dié metode homself nie suksesvol bewys het deur bekerings op

’n groot skaal te bewerk nie. Aan die einde van die dispensasie sal Christus skielik verskyn en ’n suksesvolle wêreldbekering meebring.

2.4.3.2 Verdere besonderhede van die eskatologiese beskouing van die filosofie van verlossing by die Premillennialisme

In hierdie filosofie (De Smidt, 1993; Berkhof, 1963:710) van die geskiedenis van verlossing vervul die teokrasie in Israel, gevestig op die Berg Sion, 'n spesiale plek in God se handeling met die mens. Jesus kan enige oomblik kom en daar is geen voorspelde gebeure wat nog eers moet plaasvind nie (Berkhof, 1963:711). Die koms bestaan uit twee aparte gebeure wat van mekaar onderskei word deur 'n periode van sewe jaar. Die eerste is die *parousia* wanneer Christus in die lug sal verskyn om die heiliges te ontmoet. Die ontslape heiliges sal opstaan uit die dood, die lewende heiliges sal verander word en saam hulle weggeraap word vir ’n ontmoeting met Christus in die lug. Na hierdie gebeure word verwys as die “wegraping” (soms die “geheime wegraping.”). Die teorie het eers na 1830 werklik momentum gekry toe die drome van ’n sekere Margaret MacDonald in hierdie verband openbaar gemaak is (Du Rand, 2007:317). Schwarz (2000) sluit hierby aan en beweer dat die wegraping-konsep verdere prominensie met die leerstellings van John Darby (1800-1882) gekry het. Hy het 'n geheime wegraping van die getroues in die 1830’s voorgehou. Daarna sou die bruilof van die Lam volg en so sou hulle vir ewig by God wees. Terwyl Christus en sy kerk van die aarde af weg is, en so ook die Heilige Gees, sal daar 'n periode van sewe jaar wees, verdeel in twee fases waartydens verskillende dinge sal gebeur. Gedurende die eerste fase sal die evangelie weereens verkondig word – waarskynlik deur die oorblywende Jode – en ’n grootskaalse bekering sal plaasvind, maar daar sal ook diegene wees wat nog steeds God sal laster. God sal ook weer by die Jode betrokke raak en hulle sal hulself tot die Here bekeer. Die tweede helfte van die sewe jaar sal egter gekenmerk word deur 'n ongekende verdrukking. Die Antichris sal geopenbaar word en God se oordeel sal oor die mensdom uitgegiet word (Berkhof, 1963:711).

Aan die einde van die sewe jaar sal 'n “openbaring” volg wat sal dui op die Here as die Messiaanse koning wat na die aarde saam die heiliges sal kom. Die nasies sal geoordeel (Matt. 25:31) word en die skape van die bokke geskei word. Die heiliges wat in die groot verdrukking gesterf het, sal opstaan. Die Antichris sal in die poel van vuur gewerp word en die Satan sal gebind word vir 'n duisend jaar. Die duisend jaar koninkryk word nou gestig – 'n sigbare, aardse en materiële

koninkryk van die Jode. Met die herstel van die teokrasie word die Dawidiese koningskap heringestel en sal die heiliges saam met Christus regeer. Berkhof (1963) wys verder daarop dat, volgens hierdie beskouing, die Jode natuurlike burgers sal wees, terwyl die nie-Joodse Christene aangenome burgerskap sal besit. Christus se troon sal in Jerusalem gesetel wees en dit sal weer die sentrale plek van aanbidding word. Die tempel sal op die berg Sion gebou word en die altaar sal na die bloed van offers ruik, selfs sonde en oortredingsoffers sal gebring word. In dié tyd sal baie hulle bekeer. Sommige meen dit sal deur die verkondiging van die Evangelie geskied, maar die meerderheid meen dat daar totaal ander redes vir die bekerings sal wees, soos die persoonlike verskyning van Christus en jaloesie op die geseëndheid van die heiliges. Die vrees vir 'n verskriklike oordeel sal egter die grootste motivering vir hierdie bekerings wees (Berkhof, 1963:711).

Ná die Millennium word die Satan vir 'n kort tydjie losgelaat. Die magte van Gog en Magog sal versamel word vir oorlog teen die heilige stad, maar sal deur vuur van die hemel verteer word. Daarna word die Satan in die bodemlose put, waar die dier (Antichris) en die valse profeet alreeds is, gegooi. Hierna volg die opwekking van die goddeloses en verskyn hulle voor die groot wit troon om geoordeel te word. Dit is die finale eindgebeure, waarna 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tot stand sal kom (Berkhof, 1963:711).

Die skeiding van die skape en bokke (Matt. 25:31-46), gaan oor die oordeel van die *nasies* voor die duisend jaar vrederyk (Du Plessis, 2006:344). Horton (1995:633) verskil egter van Du Plessis en verklaar ten opsigte van Matthéüs 25: “That is, the final state, not the Millennium”.

Voor die negentiende eeu het Premillennialisme geleer dat die verdrukking voor Christus se koms sal plaasvind en dat die kerk deur ’n donker tyd sal gaan. Die koms van Jesus sal 'n enkele, oorwinnende verskyning in heerlikheid wees. Toe Dispensasionalisme egter gedurende die negentiende eeu na vore gekom het, het verdere radikale leerstellings na vore getree. Die koms van Christus het nou twee aparte gebeure geword en die verdrukking van sewe jaar word nou tussen die twee gebeure geplaas. Die sewe jaar periode word die periode van die Groot Verdrukking en die letterlike vervulling van Openbaring 4 tot 18. Die tweede koms, ’n openbare koms, is die oprigting van 'n nasionale teokrasie in Israel. Die wegraping (geheime wegraping) is die gebeure waarin die kerk van die Groot Verdrukking ontsnap. Die besondere fokus op die sentrale plek van die tempel

en die herinstelling van die offerdiens en liturgiese gebruike is verder opmerklik in die nuwe weergawe van die Millenniumleer.

Dit blyk dus dat daar 'n ontwikkeling of uitbreiding in die leer van Premillennialisme plaasgevind het, maar dit beteken egter nie dat daar huidiglik slegs een siening is nie. Die twee mees prominente sienings is volgens du Rand die Bedelings-premillenniuminterpretasie en die Historiese-premillenniuminterpretasie (2000:556). Boettner (1964:6) skryf oor die Bedelingsteorie as volg:

> Dispensationalist, a comparative recent development, are the double 'pre-s' – pre-tribulation and Pre-millennialists. This distinction is of great importance to the Dispensationalist, for it gives them a seven year period, allegedly the 70th week of Daniel's prophecy (9:24-27), during which time all the events foretold in Revelation chapter 4 through 19 are to be fulfilled.

Wat Historiese-Premillennialisme betref, word geleer dat die einde van die kerkbedeling op die aanbreek van die verdrukking dui. In dié verdrukking sal die Antichris homself as God verklaar en die gelowiges intens vervolg. Ná die verdrukking sal Christus met krag en heerlikheid kom. Die regverdige dooies sal opgewek word en saam met die heiliges weggeraap word om Christus in die lug te ontmoet. Die Antichris word met die Armageddon-geveg vernietig, en Christus rig sy Millennium Koninkryk in Jerusalem op (Du Rand, 2007:556).

Die Bedelingspremillennialisme wys daarop dat God se plan met Israel verskil van sy plan met die kerk. Sy belofte aan Dawid en ander oor die herstel van Israel onder die Messiaanse bewind bly van krag. Israel en die kerk sal die tweede koms (die "onsigbare" koms) van Christus elkeen afsonderlik ervaar. Die gelowiges sal 'n geheime wegraping ervaar wat hulle van die Groot Verdrukking sal red. In die tyd wat volg speel die gebeure van Openbaring 4 tot 19 (die Groot Verdrukking) af en na die sewe jaar vind die sigbare koms van Jesus met sy heiliges plaas (Du Rand, 2007:555).

Een van die verskille wat Boettner (1964:144) tussen die twee benaderings uitlig, is dat die rol van die Jode baie sterker prominensie by Dispensasionaliste geniet as by die Histories-Premillennialiste. Dispensasionaliste wys byvoorbeeld daarop dat die Jode spesiale guns in die fisiese koninkryk sal geniet en as 'n aparte groep tot in ewigheid onderskeie van die heidene sal bly, en ook onderskeie van die gelowiges uit die kerk. 'n Mens kan net wonder waar die Jode wat

deel van die kerk geword het, sal inpas? Die hele Nuwe Testament is vir Historiese-Premillennialiste op die huidige dispensasie van toepassing, maar by die ander groep is dit nie die geval nie: “much of the Gospel, including particular the Sermon of the Mount, was not designed for the Church age but is Israelitish or Kingdom truth and will find its primary application during the Kingdom age”. Murray (1960:12) meen, soos reeds gemeld is dat Dispensasionalisme praat van: “two Gospels: the Gospel of Grace, and the Gospel of the Kingdom. It has one message for the Jews and another for the Gentile”. Openbaring 3-19 is nie bedoel vir die kerk nie, maar behoort aan die toekoms vir die Jode. Flesher (2009:41) meen dat die gevolgtrekking gemaak kan word dat mense op verskillende wyses gered sal word en die boodskap van die Skrif ooreenkomstig die verskillende klasse van mense verdeel moet word.

Volgens Boettner is daar ook ’n verskil in die siening oor die nabyheid van die wederkoms. Dit gaan oor die verwagte tekens, of gebeure, rakende die Groot Verdrukking wat moet plaasvind. As geglo word aan ’n geheime wegraping voor die verdrukking, kan die wederkoms enige oomblik plaasvind, maar andersins, as daar nog eers voorspelde gebeure moet plaasvind, is ’n nabye verwagting nie moontlik nie. Walvoord (1977:9), ’n Dispensasionalis, stel dit soos volg: ”Many believe that the fulfilment of the hope of the Lord’s return for the Church is imminent and will occur before the final great event of the end times, described in the Bible as the great tribulation”.

Ons het gesien dat Dispensasionele Premillennialisme as die nuwe vorm van Premillennialisme in die tweede kwartaal van die negentiende eeu in Engeland en in Amerika onder die leiding van Darby, Kelly, Trotter en andere voorgehou is. Die rol van die Scofield Reference Bible (1909) om die leer gewild te maak, is genoem (Berkhof, 1963:710; Boettner, 1964:149; Murray, 1960:13; Schwarz, 2000:334; Flesher, 2009:37).

Ons het reeds verwys na die ontwikkeling van Dispensasionele Premillennialisme by die Somer Bybelkonferensies. Horton (1995:614, 615) verwys na die konferensies as geleenthede waar die letterlike interpretasie van die profesieë in skrille kontras gestaan het met die figuurlike interpretasie van die Postmillennialiste en Amillennialiste. Walvoord (1977:15) meld dat daar by dié profetiese konferensies voorstelle en besprekings na vore gekom het wat later wesenlik deel van Premillennialisme geword het. Walvoord verwys spesifiek in dié verband na die leerstukke oor die herstel van Israel, die verwagting van ’n letterlike verdrukking (7 jaar), die letterlike

liggaamlike terugkoms van Jesus Christus ("in His second advent") en 'n letterlike koninkryk van duisend jaar wat hierop volg. Die Amillennialisme en Postmillennialisme het foutiewelik die profesieë nie-letterlik vertolk, meen Walvoord. Daar is opgemerk dat Hy meen dat daar by die konferensies teruggekeer was na die leer van die Kerkvaders, wat oorheersend Premillennialiste was en volgens hom dit derhalwe ook 'n terugkeer na die ware bybelse geloof was.

Walvoord se bewering dat Premillennialisme van die negentiende eeu 'n terugkeer was na die leer van die Kerkvaders en bybelse geloof, is egrer problematies. Dit is duidelik dat daar verskille tussen die Historiese-premillenniuminterpretasie (wat nou aansluit by die vroeë leer oor Premillennialisme) en die Bedelings-premillenniuminterpretasie is en dié verskille weerspreek Walvoord se aanname. Die oortuiging van 'n wegraping voor die verdrukking en die feit van die "Groot Verdrukking" is belangrike leerstukke in die skema van Dispensasionaliste terwyl dit nie deur die Kerkvaders, waarna hy verwys, geleer is nie.

Wat die verdrukking betref, erken Walvoord dat daar verskille met die Kerkvaders is. Walvoord meen dat hulle siening van 'n na-verdrukking-wederkoms logies inkonsekwent was. Die Kerkvaders het volgens Walvoord verkeerdelik geglo dat hulle reeds in die verdrukking leef. Hierdie siening dat hulle ín die verdrukking leef, het veroorsaak dat hulle 'n nabye verwagting van die wederkoms gehad het. Volgens Walvoord is die klassieke siening wat die wederkoms ná die verdrukking plaas, noodwendig gefundeer op 'n beskouing wat die verdrukking as nie-letterlike sien. Dit ontken ook enige spesifieke opeenvolging van profetiese gebeure wat die wederkoms nog moet voorafgaan. Walvoord redeneer dat as die klassieke siening van Openbaring 1-18 ten opsigte van die Groot Verdrukking op 'n vergeesteliking van gebeure neerkom, en dan is daar ook nie logiese gronde om Openbaring 19 – 20 letterlik ten opsigte van Millennium te verklaar nie (Walvoord, 1977:27, 28).

Bloesch (2004:91) stel: "A current controversy in evangelical theology is whether the dispensations are different ways of salvation". Hy beweer dat die Bedelingsleer veranderings ondergaan het en verwys in hierdie verband na klassieke en progressiewe groepe in die beskouing: "In a marked deviation from classical dispensationalism the so-called progressive dispensationalists believe that Jesus began his heavenly Davidic reign at his resurrection rather than the dawning of the Millennium" (Bloesch, 2004:96).

Bloesch (2004) glo dat dit tyd is vir 'n nuwe dogma oor die Millennium, al is dit net om die Evangeliese Kerke te verenig. Volgens hom lê 'n deel van die probleem in die letterlike verstaan van die bybelse taal en die misverstaan van die apokaliptiese taal. Openbaring 20 moet verstaan word as 'n simbool van Goddelike manifestasie in die geskiedenis en nie 'n letterlike duisend jaar nie. Die binding van Satan moenie gesien word as 'n daad ten volle gerealiseer in die verlede nie, maar as 'n proses wat in die toekoms voltooi sal word. Bloesch (2004:110) merk op:

> I propose a realizing or unfolding Millennium and final fulfilment. The Millennium is the kingdom of Christ that is now hidden in the crises and turmoils of history. It is a kingdom that is ever advancing but always meeting with renewed opposition and powers that still wreak havoc in the world.

Bloesch wys verder daarop dat hy van die posisie van Amillennialisme verskil: "because I see the kingdom of Christ forward within history. Moreover, I perceive the dawning of millennial glory within history, not just at the end of history" (Bloesch, 2004:111). Postmillennialisme se geleidelike toename van geregtigheid in die geskiedenis word ook deur Bloesch verwerp. Hy meen die koninkryk gaan vooruit, maar die oorwinning in die geskiedenis is altyd gedeeltelik – die goed sowel as die kwaad neem toe. Bloesch verklaar dat die Millennium: "being realized in the present and consummated in the future. I hold to both partial fulfilment and final fulfilment of biblical prophecy" (Bloesch, 2004:111). Terwyl Bloesch ook Premillennialisme opponeer, wat hy sê, die Koninkryk van Christus ten volle toekomstig maak en in werklikheid die wêreld oorgee aan die duiwel, deel hy in sekere elemente van hulle beskouing en verduidelik sy siening oos volg:

> But I uphold that part of the millennial vision that includes the promise of a transfigured earth anticipated in Christ's resurrection and powerfully carried forward at his second advent. In the Millennium Christ with the glorified saints proceeds to extend his rule over the kingdoms of this world, but this rule is hidden and will become manifest in the period of millennial glory following the return of Christ.

Ten slotte moet verwys word na 'n belangrike opmerking van Möller (1998:95):

> The rejection of pre- and post-millennialism does not mean that our point of view should be classified as a-millennial. By allowing oneself to be classified as either pre-, post- or a-millennial, one has to assume that millennialism is the pivotal factor in our

> understanding of eschatology. Because such a supposition is wrong, any classification based on it is not valid.

Die stelling van 'n duisend jaar binding van die Satan en die heerskappy van Christus saam met gelowiges (Op. 20:1-6) het verkeerdelik in sekere denkrigtings ŉ spilpunt geword in die verstaan van die eskatologie. Volgens Möller (1998:50) handel die verskille in die verskeie verklarings ten opsigte van die duisend jaar oor die vraag wanneer en hoe hierdie koninkryk sal realiseer? Progressiewe Millennialisme of Postmillennialisme interpreteer die duisendjarige ryk as ŉ (letterlike) aardse Koninkryk van Christus wat binne die huidige geskiedenis sal realiseer. Iewers in die toekoms lê ŉ aardse vrede, "'n goue Messiaanse era" wat die kerk deur sy prediking help voorberei, en met Christus se wederkoms afgesluit word (Du Rand, 2007:571-573; De Smidte, 1993:85). Hierteenoor leer Premillennialisme dat dié ryk van vrede ná die wederkoms tot stand sal kom. In hierdie eskatologiese siening gaan Jesus saam met die gelowiges vir duisend jaar vanuit ŉ aardse Jerusalem regeer. In Amillennialisme, ook genoem, Allegoriese Millennialisme (De Smidt, 1993:95), word Openbaring 20 nie letterlik geïnterpreteer nie. Hier het ons nie ŉ verwagting van ŉ letterlike regering van duisend jaar van vrede op aarde nie. Die duisend jaar word gereken as ŉ simboliese aanduiding van die tydperk waarin Christus tussen sy eerste koms en die wederkoms op aarde regeer (De Smidt, 1993:90; König, 2001:370). Volgens Du Rand (2007:570) is die problematiek van die duisend jaar in die verskil in interpretasie van die Woord van God geleë. Openbaringe van God kan nie net letterlik of net simbolies verklaar word nie. Du Rand wys daarop dat Openbaring 20:1-6 binne die raamwerk van die boodskap van die boek Openbaring verstaan moet word. Die teologiese verband en die apokaliptiese simboliek en retoriek van die boek moet deur die Skrifverklaarder in ag geneem te word. "Die toets lê by die boodskap wat dit tuisbring, en nie by ŉ denkskema waarin dit moet pas nie" (Du Rand, 2007:570). Wat Du Rand tuis wil bring, is dat die verstaan van die eskatologie nie vasgelê kan word in ŉ letterlike of simboliese interpretasie van Openbaring 20:1-6 nie. Du Rand meld dat in die boodskap van die boek Openbaring kan "die tweede koms van Christus slegs verstaan word vanuit sy eerste koms, en dat sy eerste koms eers regtig afgerond word deur sy wederkoms" (Du Rand, 2007:62). Volgens Du Rand (2007:63) is Christus met sy mense op pad is na 'n volmaakte bestemming. Dit gaan oor "die vestiging en erkenning van sy alleen heerskappy op die aarde soos wat dit in die hemel erken word" (Op. 11:15; 12:7-9). Die heerskapy van God kan nie inpas in denkskemas van 'n letterlike of simboliese duisend jaar regering van Christus nie.

In terme van die leerstellings van Millennialisme verklaar Möller (1998:95) dat die sentrale en oorheersende waarheid van die eskatologie rondom Jesus Christus as die triomferende Lam van God sentreer. Alles word aan Hom onderworpe gestel. Hy is die koning van sy koninkryk op aarde soos dit in die kerk in sy tydelike en onvolmaakte vorm realiseer en bestaan. Hy sal sy kerk tot die finale oorwinning oor sonde en die dood lei. Met die wederkoms sal die eindgebeure plaasvind wanneer die Satan, sy engele en alle goddeloses tot die verderf veroordeel sal word en die heiliges saam met Christus verheerlik sal word. Dit is dan ook die aanbreek van die nuwe hemel en aarde waarin God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

2.5 DIE VROEGSTE GETUIES VAN DIE MILLENNIUM-LEER EN MEER BESONDERHEDE OOR HUL GETUIENIS

Daar is reeds kortliks verwys na die leer van Millennialisme soos deur die eeue aangebied, maar met die oog op groter helderheid oor hierdie standpunt en die ontwikkeling daarvan, is dit nodig om ook die vroegste aanbieders se bydraes van nader te beskou.

Die bekendste vroeëre getuies van 'n Millennialistiese siening, word gevind by Justinus die Martelaar (100-165), Papias van Hiërapolis (3de geslag), Irenaeus (130-200), Tertullianus (155-240), Montanus (-156), Lactantius en die Evangelie van Barnabas (80-100).

2.5.1 Die vergeesteliking van die skeppingsverhaal

In die Evangelie van Barnabas (ongeveer 80-100 nC.) vind ons belangrike agtergrond oor Millennialisme. Schwarz (2000:99) beweer: ”The *Epistle of Barnabas* – shows that the notion of a Millennium actually originated from the Jewish interpretation of creation”. Ons het reeds verwys na Barnabas se vertolking van die skeppingsverhaal, dat die aarde sesduisend jaar sal bestaan en die Seun daarna sal kom en die bose vernietig.

Dit is belangrik om in hierdie verband daarop te wys dat die gedagte van die Millennium ontleen is aan 'n interpretasie van die skeppingsverhaal. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie standpunt net een wederkoms voorsien, en dat die kerk wel deur die verdrukking sal gaan.

Volgens Schwartz (2000:101) het die teoloog, Justinus (100-165), ’n soortgelyke vergeesteliking van die skeppingsverhaal geleer: “As Justin said, after the world has lasted the 6000 years, the first

resurrection will take place and the just will rule the earth". Lactantuis (soos aangehaal deur Schwarz, 2000:324 uit sy *The Divine Institutes* 7.14, *in ANF*. 7:21, waar hy Millennialisme promoveer en die *Sibellynse Orakels* en verskeie ander bronne gebruik om die betekenis van die hoop te verduidelik) sê:

> And God laboured during those six days in creating such great works, so His religion and truth must labour during these six thousand years while wickedness prevails and bears rule. And again, since God, having finished His works, rested the seventh day and blessed it, at the end of the six thousand year all wickedness must be abolished from the earth, and righteousness reign for a thousand years; and there must be tranquillity and rest from the labours which the world now has long endured.

2.5.2 Die gebruik van buite-bybelse bronne – ongeskrewe tradisie en vreemde gelykenisse

Schwarz (2000:98) wys op 'n aanhaling van Eusebius (260-339/340) oor Papias (2de eeu) se Millennium-idee. Volgens Schwartz is Papias die eerste bekende promoveerder van die Millennium gedagte. Eusebius (soos aangehaal deur Schwarz, 2000:98) skryf soos volg:

> Through unwritten tradition he received certain strange parables and teachings of the Saviour, and some other more mythical things. To these belong his statements that there will be a period of some thousand years after the resurrection of the dead, and the kingdom of Christ will be set up in material form on this very earth.

Eusebius was self negatief oor die Millennium-idee en meen dat Papias se beskouing op 'n misverstand van die apostoliese weergawe berus: "…not understanding that the things said by them were spoken mystically in figures". Sommige kerkvaders het Papias se siening aangeneem, waaronder ook Irenaeus, aldus Eusebius (Schwarz, 2000:98). De Smidt (1993) verwys na Papias se opmerkings oor 'n buitengewone herlewing in die natuur gedurende die Millennium en meen dat dit waarskynlik uit 2 Barug ontleen is.

Buite-bybelse bronne is deur die vroegste millennialiste gebruik. Schwarz (2000:321) is van mening dat: "Though this idea (millennialism) is a distinctive Christian teaching, its roots are deeply embedded in foreign soil." De Smidt (1993:83) merk verder op:

> Chiliastic viewpoints are expressed in teaching of certain rabbinic scholars as well (Swete 1960:264; Van Rensburg 1946:28). Rabbi Eliezer ben Hyrcanos (-90 AD), at

> approximately the time of origination of Revelation of St. John – was the first rabbinical authority who represented the concept of the Millennium reign of the Messiah.

Vlach (2012:254) se mening dat Johannes in Openbaring 20:1-10 beslis ’n toekomstige aardse ryk van Jesus voorhou, begrond hy deur onder andere te wys na Papias (60-130) en Irenaeus (130-200) wat 'n vorm van Millennialisme geleer het. Hy verwys byvoorbeeld na Eusebius se geskrifte wat, soos reeds vermeld, daarop wys dat Papias van ongeskrewe tradisie gebruik gemaak het om ’n millennium na die opstanding uit die dood te verkondig. Verder beweer hy dat daar aanduidings is dat Papias kontak gehad het met volgelinge van Johannes. Saam met hierdie verwysings wys Vlach (2012) daarop dat Papias en Irenaeus van Klein Asië was, waar Johannes later in sy lewe gewoon het. Hierdie gegewens, meen Vlach, steun die argument dat Johannes ’n aardse ryk van Jesus in die toekoms geleer het en dat Papias en Irenaeus dit korrek reflekteer. Wat Vlach egter nie bespreek nie, is sy siening dat Johannes in Openbaring 19 die wederkoms in gedagte gehad het, en dat Openbaring 20 op die Millennium dui, ’n ryk tussen die huidige en die ewige staat (Vlach, 2012:244). Hierteenoor het Papias ’n Millennium verwag wat skynbaar op Jesus se hemelvaart sou volg (Sien Eusebius-aanhaling hierbo en Netherton, 1999:2). Vlach en Papias verskil dus. Wat ons egter ook hierbo opgemerk het, is dat Eusebius, wat negatief oor die Millennium-idee was, juis voorbehoud gehad het oor Papias se gebruik van “unwritten tradition (he received), certain strange parables and teachings of the Saviour, and some other more mythical things” waarop hy die leer van Millennialisme gebou het.

Netherton (1999:1) meen dat Papias waarskynlik die eerste na-Bybelse skrywer was wat ’n duisend jaar sigbare koninkryk, die Millennium, inhoudelik beskryf het. Volgens Netherton is dié aardse ryk so idillies geskets dat sommige Christene die sensasionele verwagting van 'n Millennium onweerstaanbaar gevind het. Na jare en dekades het dit egter duidelik geword dat die Millennium nie met die hemelvaart begin het nie en weer gedink moes word oor die gebeure wat dit sou inlei. As die hemelvaart dit nie ingelei het nie, sal dit miskien deur die wederkoms ingelei word (Netherton, 1999:1).

Justinus die Martelaar (100-165 nC.) het Papias se Millennium gedagte gedeel. Hy het bevestig dat die gestorwe heiliges uit die dood sal opstaan en vir duisend jaar saam met Christus sal regeer, maar hy het van Papias daarin verskil dat hy die Millennium aan die wederkoms verbind het. Justinus was die eerste na-bybelse skrywer wat die Millennium na die wederkoms geplaas het en in dié sin die eerste Premillennialis geword het (Netherton, 1999:1).

Netherton (1999:2) wys daarop dat ook Irenaeus (130-200 nC.) Papias hierin nagevolg het. Daar sal geen droogtes wees nie en die diere sal met mekaar en met die mense in harmonie leef. Hy het die Millennium na die Antichris en die wederkoms verwag. Justinus en Irenaeus het 'n veraf verwagting gehad, maar in die 2de eeu was daar diegene soos Montanus van Frigië wat die Millennium ophande gesien het. Montanus het teen 156 nC. homself verklaar as 'n instrument waardeur die Heilige Gees praat (Netherton, 1999:2; Walker, 1968:56). Twee ander profete het by hom aangesluit (Priska en Maximilla) en hulle het as mondstukke van die Gees verklaar dat die einde van die wêreld op hande is en dat die hemelse Jerusalem op die punt is om in Frigië opgerig te word. Volgens Walker is Montanisme by een van die vroegste sinodes in die kerk (160 nC.) veroordeel. Tertullianus het rondom die jaar 200 n.C. by die beweging aangesluit.

2.5.3 Papias word nagevolg

Premillennialiste hou voor dat hulle leer 'n historiese begronding het. Cruthfield (1998:427) is van mening dat met die afsluiting van die Apostolies periode die leer van Jesus Christus se duisend jaar regering op aarde, gevestig was. Hy meen dat die apostel Johannes die bron vir die vestiging van die leer in veral Klein Asië was. Hy wys daarop dat die Kerkvaders oortuig was dat hulle leer oor die geloof (Premillennialisme ingesluit), vanuit die Ou Testament gevorm is wat primêr was vir die leringe van Christus. Ice (1992:3) is ook oortuig darvan dat Premillennialiste deur die kerkgeskiedenis ondersteun word, maar dit bly belangrik dat die gesag van God se Woord ook hulle geloof sal bevestig. Wayne House (2012:282) meen dat die profesieë ten opsigte van Jesus letterlik reeds vervul is en vra waarom daar verwag word dat die Ou Testament allegories vertolk moet word? Hy beweer dat die Jode in Jesus en die apostels se tyd nie allegories gedink het nie, en daarom het hulle gewonder of Jesus in hul tyd die koninkryk van Israel sou oprig (Hand. !:6). Hy voeg ook by dat die vroeë Christene die belangrikheid van Israel in die plan van God verstaan het.

Volgens Eusebius (Schwarz, 2000) het Papias (2de eeu), die eerste bekende Millennialis, egter deur ongeskrewe tradisie, mites, vreemde gelykenisse en leringe sy inligting oor die Verlosser ontvang. Irenaeus (130-200) het, soos gemeld, weer op sy beurt Papias nagevolg (Schwarz, 2000). De Smidt (1993), met verwysing na Dijk (1933:29), meen ook dat Irenaeus nie by sy konsep gekom het deur 'n onafhanklike eksegese van Openbaring nie, maar dat dit sonder meer van Papias oorgeneem is. Na aanleiding van Papias het ook ander Kerkvaders hierdie siening aangeneem.

Möller (1998:59) meen dat Millennialisme in die begin die siening van 'n paar individue was, maar nooit die amptelike leer van die kerk was nie. De Smidt (1993:84) deel die mening dat die kerk gedurende die eerste drie eeue nie Chiliasties was nie, maar dat dit slegs die siening van enkelinge was. Volgens Möller (1998:59) het die vroeë kerk onder die Romeinse gesag gely en die Millennialiste het verwag dat Jesus sal kom en hulle van die anti-Christelike magte verlos en ŉ duisend jaar van aardse heerskappy sou vestig. Die vroeë Chiliaste het nooit van ŉ geheime wegraping, ŉ Groot Verdrukking van sewe jaar na die wegraping, die terugkeer van Christus na dié verdrukking en die prominente posisie van Israel in die vestiging van ŉ die aardse ryk, melding gemaak nie. Flesher (2009:42) sluit hierby aan as hy ook meld dat navorsing wys dat die gedagte van ŉ verdrukking van Israel en ongelowiges, sowel as die wegraping van die gelowiges, eers "onlangs" na vore gekom het.

Samevattend kan gesê word dat die eerste ondersteuners van Millennialisme, hoofsaaklik van buite-bybelse en ongeskrewe bronne gebruik gemaak het. Die ses dae van skepping en die sewende rusdag was allegories gebruik om die leer van 'n toekomstige duisend jaar aardse regering te bevestig. Ons kry dit byvoorbeeld in die *Briewe van Barnabas*, by Justinus, in Lactantius se *Divine Institutes* en by Papias. Ander Kerkvaders het dit, soos Irenaeus, by Papias oorgeneem. Daar is by die vroegste getuies nie aanduidings van 'n wegraping en van 'n verdrukking ná die wederkoms van Christus nie, maar wel 'n verdrukking vóór die koms van Christus. Dit blyk ook dat die Millennium aanvanklik aan gebeure soos die opstanding van Jesus, die hemelvaart en die opstanding van die heiliges verbind was, en dat eers na 'n verloop van tyd is die Millennium ná die wederkoms geplaas is. Dit was opgevolg met verwysings na die verskyning van die Antichris voor die wederkoms.

2.6 BUITE-BYBELSE BRONNE, JOODSE VERWAGTINGE EN ŉ APOKALIPTIESE HOOP

In die vorige gedeelte is bydraes van sommige van die vroegste getuies van die Millennium-idee voorgehou. Daar was in dié verband verwys na die gebruik van buite-bybelse bronne, 'n apokaliptiese hoop, en 'n Messiaanse verwagting. Daar word nou meer in die besonder daarop ingegaan.

Die enigste moontlike direkte afleiding wat in die Nuwe Testament van 'n Millenniumryk gemaak kan word, is uit Openbaring 20:2-6. Dit is waarskynlik ook die belangrikste Skrifgedeelte vir die Premillennialiste, maar baie is van mening dat 'n betroubare eksegese van die gedeelte nie die leer van 'n duisend jaar nasionale regering van Israel ondersteun nie (Berkhof, 1963:715, 716; De Smidt, 1993:91, 92; Du Rand, 2007:54, 563-565; König, 1970:350-358;, 1998:85-90; Möller, 2011:10; Schwarz, 2000:136). Daarom moet daar noodwendig ook na ander wortels van die Millenniumleerstuk gesoek word.

In Handeling 1:6 het die dissipels vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig". Robertson Nicoll (1970, 2:56) verklaar: "No doubt the thoughts of the disciples still moved within the narrow circle of Jewish national hopes". Van der Walt (2008:18) reken dat die dissipels drie foute met die vraag gemaak het. Eerstens het hulle met "nou" nie in gedagte gehou dat die wêreldgeskiedenis nog lank kan duur nie. As die hemelvaart dan die ware wederkoms was – wat van die opdrag om die wêreld te evangeliseer? Met "die koninkryk van Israel" het hulle ook sending-perspektief vergeet, en die gedagte "van Israel" pas nie noodwendig met die gedagte dat Jesus die Koning van die heelal is nie.

In Du Rand (2007) se agtergrondskets van die Millenniumoorsprong wys hy op 'n bestaande Joodse verwagting van die tyd, 'n profetiese ideaal van 'n Messiaanse Koninkryk van Dawid. Israel sou as 'n volk iewers in die toekoms herstel word na die toestand soos wat in die paradys geheers het. Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees (Jesaja 2). 'n Tweede Dawid is as Messias verwag om God se Ryk volkome in Israel te herstel. Die verwagting sluit 'n nuwe wêreld (Jesaja 60) in en dit word 'n nuwe skepping genoem. Hierdie gedagte is terselfdertyd gekombineer met 'n ander verwagting – 'n apokaliptiese hoop. Volgens dié verwagting sal God in die toekoms skielik in die geskiedenis van die mens ingryp en sy finale ryk tot stand bring.

Ten opsigte van die opkoms van die apokaliptiek noem De Smidt (1993:81, 82) dat Israel oorheers is deur wêreldmagte. Israel se profetiese verwagting het hulle hoofsaaklik beperk tot voorspoed in die huidige wêreld. Hulle het 'n aardse koninkryk van heerlikheid, met die Messias op die troon van Dawid, verwag. Ná die ballingskap, toe die aparte ryke van Israel en Juda nie meer bestaan het nie, was daar egter diegene wat besef het dat die wêreld nie geskik was vir die Messiaanse Koninkryk nie. Hieruit het 'n apokaliptiese toekomsperspektief na vore gekom. Die beskouing het 'n bonatuurlike verstaan van die Messiaanse Koninkryk gehad. De Smidt (1993:82) sê:

> Against prophetic eschatology, which expected the restoration of Israel, on earth and in history, the apocalyptics interpreted and experienced the present, the past and the future, from the expectation of a new century and a new world (Vorster, 1986:163; Taylor, 1974:52; Bauckham, 1978:10; Rowley, 1950:510). In this devolution of the earthbound messianic kingdom to a transcendentical apocalyptic kingdom, the roots of Millennium are found in a compromise between the expectation of an earthly and of a heavenly (Heyns, 1978:418; Barclay, 1976:187; Charles, 1976:142; Russel, 1976:269; Van Schaik, 1976:232; Swete, 1960:234).

Du Rand (2007:555, 561, 562) gee verder inligting en sê daar is algaande in die Nuwe Testamentiese tydperk begin glo dat 'n Messiaanse tussenryk die finale ryk van God sou voorafgaan. Die Messias wat sou kom, moes die finale ryk van God voorberei:

> Die begrip van 'n Messiaanse, tydelike en tussentydse koninkryk vorm die oorgang tussen die huidige sonde besmette tydvak en bedeling en die volmaakte bedeling wat in die toekoms volg. Die profete het 'n herstel van die Dawidiese monargie in die Messiaanse koninkryk verwag voordat God deur 'n apokaliptiese ingryp die ewige koninkryk vestig (Du Rand, 2007:561).

Volgens Du Rand kom die verwagting van 'n tussentydse Messiaanse Koninkryk in veral drie Joodse apokalips voor, waarvan die laaste twee tydgenote van Openbaring is:

1. Apokalips van die Werke uit 1 Henog 93:3-11, 11-17 (175 v.C.)
2. 2 Apokalips van Barug 29:3-30:1; 40:1-4; 72:2-74:3 (110 n.C.)
3. 4 Esra 7:26-44; 12:31-34 (90 n.C.)

Die Joodse verwagting van die herstel van die nasie in 'n Dawidiese aardse ryk het nuwe betekenis gekry in die verbintenis met die apokaliptiese verwagting van God se ingryping in die voleinding. Jesus sal in hierdie verwagte Joodse ryk die ware Messias wees. Wat hierby aansluit en dit ook verder ondersteun, is die interpretasie van die skeppingsverhaal – ses skeppingsdae en die sewende dag van rus – wat ons kry in die Evangelie van Barnabas (80-100), by Papias (derde geslag) en ander. Die skeppingsverhaal is verklaar as 'n geestelike boodskap vir die toekomstige tydtafel en die aanduiding van gebeure en 'n ryk van duisend jaar val in plek (die Sabbat). By Kleynhans (2000:28) kry ons bevestiging van die tydtafel: “Al die Premillennialiste sien uit na die wederkoms en glo dat dit om en by die begin van die sewende Millennium, dit is die tyd waarin ons nou leef, sal plaasvind”.

De Smidt (1993:82, 83) haal sekere navorsers aan en sê:

> Charles (1976:1840) is of the opinion that the interpretation of the story of creation in Genesis 1 and 2 Enoch 33:1ff is regarded as the key to determine the duration of the world. On the basis of Ps 90:4, in which it is stated that a thousand years is as one day to God, it is now alleged that an interpretation of 2 Enoch 3:1 would show that the world, according to the seven days of creation, would exist for seven thousand years. The supposition here is that the history of the world will last for six thousand years. Thereafter there will be a 'rest period' of a thousand years, when God will establish his kingdom. In this regard Swete (1960:264) states: This conception of a week of 'millennia' took root in early Christian thought, and support for it was found in an allegorical treatment of Genesis 2 coupled with Psalms 90:4.

De Smidt verwys na D.S. Russel (1976:293) se mening dat ons hier die begin van die leer van 'n letterlike Millenniumryk van duisend jaar het. Die idee sou in die tye wat kom 'n belangrike rol in die Christelike toekomsverwagting speel.

Samevattend kan gesê word dat daar vir baie eeue nie 'n sistematiese leer van die eskatologie ontwikkel het nie en tog was Christene deurlopend bewus van onderskeie elemente in die Christelike hoop. Millenniumidees was nie prominent nie. Soms word dit in die geskiedenis as vergete, of slegs as randgebeure of as 'n idee wat enkele aanhangers gehad het, beskryf.

Daar was deurgaans kritiek en verwerping van die leer van 'n aardse duisend jaar regering van Jesus. In die middel van die tweede eeu is Montanisme deur die kerk veroordeel. Eusebius (260) het Papias (2de eeu) gekritiseer dat hy vreemde bronne gebruik het en hy het veronderstel dat Papias se idees van 'n materiële ryk van Jesus op 'n misverstaan van die apostels berus. Augustinus het Millennialisme sterk veroordeel, maar het die wederkoms van Christus verwag. Net so het Luther en Calvyn Premillennialisme gekritiseer, maar 'n wederkomshoop gehad.

Die Millenniumleer het in die loop van die geskiedenis dikwels in reaksie op laagtepunte in die kerk se lewe en krisisse in die wêreld opgevlam. Daar was eeue wat die Millenniumleer baie stil was – byna onhoorbaar. Horton (1995:614), 'n Premillennialis, het soos reeds vroeër aangedui, opgemerk: "Only occasionally did the belief in a future Millennium flare-up, usually in protest against hierarchical authority".

In die sewentiende eeu kry ons die verdere ontwikkeling van Progressiewe Millennialisme, of Postmillennialisme. Volgens dié siening hou die boek Openbaring beloftes van die letterlike totstandkoming van die Koninkryk van God op die aarde in. Dit sal gebeur voor die koms van

Jesus. 'n Nuwe uitstorting van die Heilige Gees, die bekering en herstel van die Jode, evangelisasie en sending sal 'n lang tyd van vrede en voorspoed vir die kerk inlei.

Daar was tye wat die toekomsverwagting in die kerk baie laag was en die leer oor die eskatologie ignoreer is. Die hoop op 'n ewige lewe is vervang met die klem op die etiese voorskrifte van Jesus en 'n sosiale koninkryk.

Gedurende die negetiende en die twintigste eeu het die Bedelingspremillennialisme sterk na vore gekom. Die dispensasie-leer het sy promovering hoofsaaklik te danke aan die leier van die Plymouth Brethren, John Darby (1800-1882). Deur middel van die Scofield Reference Bible (1909) is hierdie beskouing versprei in Noord Amerika. Dié leer van Premillennialisme verskil van die benadering van die vorige eeue. Duplisering van gebeure is voorgehou en die leer van die wegraping het prominensie gekry.

Histories blyk dit dat die aanvanklike Millenniumbenadering uitgegaan het vanaf 'n Judaïstiese verwagting van 'n uitsonderlike regering en dit is verbind aan 'n apokaliptiese hoop wat verskyn het in apokaliptiese literatuur soos Daniel 7-12 en later in Openbaring. “In this devolution of the earthbound messianic kingdom to a transcendental apocalyptic kingdom, the roots of the Millennium are found in a compromise between the expectation of a earthly and a heavenly salvation” (De Smidt, 1993:82). Volgens Schwartz (2000) het die vroegste getuies van die Millenniumleer hulle idee gebou op 'n vergeesteliking van die skeppingsverhaal. Na ses duisend jaar van die wêreld se bestaan, sal God die bose verslaan en dan sal die duisend jaar van rus volg.

Sommige teoloë is van mening dat die outeur van Openbaring in hoofstuk 20:2-6 aansluit by die Joodse tradisie van 'n duisend jaar, maar De Smidt haal (Swete, 1960:265) aan: “yet he employs them with considerable reserve. St. John does not commit himself to a reign upon earth”. Die Apostel Johannes, as hy die outeur van Openbaring was, het in sy Evangelie (Johannes 14, 16) en in sy briewe (1 Johannes 2, 3, 4) geskrywe oor die wederkoms, maar daar is geen aanduiding van 'n duisend jaar regering van Jesus op die aarde nie.

Eerstens is aangetoon dat die historiese vertrekpunt van die leerstuk van 'n Millenniumryk wortels in ander bronne as die Bybel het. Papias, wat nagevolg is deur verskeie Kerkvaders, het met buite-bybelse bronne gewerk en so was daar ook ander Kerkvaders wat dieselfde gedoen het. Verskeie bronne is aangedui. Verder is die skeppingsverhaal van ses dae en die sewende dag, as rusdag, ook

deur sommige van die Kerkvaders allegories gebruik vir die aanbied van die eindtyd. Die moderne Premillennialisme verskil van die Millennialisme wat in die eerste negentien eeue geleer is. Die kerk was deurgaans bewus van eenvoudige elemente in hulle hoop op die wederkoms, en dit blyk dat daar altyd 'n afwys van die idee van 'n materiële ryk van Christus was. Die Millenniumidee het dikwels as reaksie op laagtepunte in die kerklewe en krisisse in die wêreld opgevlam.

Tweedens is voorlopig waargeneem dat die vorm van Premillennialisme, soos wat in baie AGS gemeentes geleer word, eers in die negentiende eeu sy voete gevind het en dat dit verskil van die algemene Millenniumbeskouing van die vorige eeue. Waar vroeër geleer is dat die kerk deur die verdrukking sal gaan en dat daar dan 'n sigbare en glorieryke koms van Christus sal wees (daar is nie van 'n wegraping geleer nie), het die program nou uitgebrei: Daar sal twee wederkomste wees (die eerste is die wegraping), twee of meer opstandings uit die dood en meer as een geleentheid waartydens geoordeel gaan word. Boonop sal daar afsonderlike of twee volke van God wees, wat volgens sommiges vir ewig geskei sal wees – Israel wat op die aarde sal wees en die kerk in die hemel.

Die volgende hoofstuk is 'n studie van Premillennialisme, soos geleer en verstaan in die AGS.

HOOFSTUK 3: PREMILLENNIALISME SOOS GELEER EN VERSTAAN DEUR DIE AGS

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om Premillennialisme, die mees algemene standpunt oor die wederkoms in die AGS, krities te ondersoek en te beoordeel. In die verkenning word gefokus op die interpretasie van profesieë en sekere relevante Skrifgedeeltes. Daar word besin oor die leer van die Messiaanse Vrederyk, die Koninkryk van God, die verhouding tussen Israel en die kerk en die wegraping.

Vlach (2012:226) het hierdie positiewe opmerking oor Premillennialisme:

> Premillennialism is based on a consistent application of historical-grammatical hermeneutics which take in account the genre and literary structure of the books of the Bible, along with canonical developments regarding the kingdom program. It is a position that is consistent with the biblical worldview which affirms the goodness of God's creation and the restoration of all things material and immaterial that God created.

3.2 DIE MESSIAANSE VREDERYK

3.2.1 Inleiding

Die Premillennialis, Barker (1993:43) het die volgende mening oor siening: "Herein lies the true discontinuity between the Testaments. New Testament hirtorical fulfillment falls dramatically short of OT escatological expectations. Therefore, only a future earthly kingdom could fulfil that of which the OT prophets wrote."

Volgens Vlach (2012:225) het die Koninkryk van God menigvuldige fasette en een van die belangrikste fases is God se koninkryksprogram in die Millennium. Hy beskryf die Millenniumryk as "earthly in the future" en dit sal volg op 'n wêreldwye verdrukking, kosmiese tekens, die redding van God se mense (waarskynlik Israel hier) en die oordeel van die nasies. Die wortelgedagte van Millennialisme is dat God met 'n plan besig is om die "rebelplaneet" terug te bring in ooreenkoms met sy universele koninkryk waarin sy wil volmaak geskied (Vlach,

2012:226). Hy noem dan dat ’n deel van God se plan is dat sy Seun, die Messias, sal kom om oor die nasies, insluitende sy vyande, vanaf Jerusalem en ’n herstelde Israel te regeer.

Die kern van die leer van Premillennialisme lê in die herstel van die volk Israel (die noodsaaklikheid van God om sy beloftes aan Israel te vervul) en die verwagting van 'n nasionale Dawidiese ryk, of ook genoem die Messiaanse Vrederyk. Onder die regering van Jesus, die Messias, word voorspel dat Israel 'n wêreldmoondheid sal wees. Die duisend jaar aardse ryk word baie uitsonderlik voorgestel. Die Premillennialiste verklaar dat dié periode van teokrasie wat hulle voorhou, hierdie tussenkoninkryk (tussen die genadetyd, die kerkperiode, en die finale einde), 'n noodsaaklik trap is in God se volvoering van sy heilsdaad (Du Plessis, 2006:331, 332). Die verlossingswerk word dan voltooi en die einddoel word op die aarde bereik (Kleynhans, 2000:254). Gesien die belangrikheid van hierdie aardse ryk van Jesus, waar Jesus die beloofde Messias (die Koning) word, en verlossing volle gestalte vind, is dit nodig om die aard van die voorgestelde Messiaanse ryk te ondersoek. Premillennialiste glo dat die Ou Testamentiese profesieë oor die eindtyd letterlik in vervulling sal gaan – dus word die ryk letterlik beskryf.

Du Plessis (2006:11,112) verduidelik die twee komste van die Messias: Met Christus se eerste koms ontplooi Hy die geestelike koninkryk (die eerste gestalte van die koninkryk) en met die tweede koms gaan Hy die politieke Messiaanse Vrederyk (die tweede gestalte van die koninkryk) oprig. Volgens Kleynhans (2000:250), staan die Messiasverwagting van die profete op twee bene: die Messias as lydende Kneg en die Messias as die komende Koning van Israel in die Millennium.

Rondom die idee van dié wêreldstaat van Christus word die eindgebeure uitgebou. Die verwagte nasionale politieke ryk hou noodwendig ook ’n implikasie vir die verstaan van die beeld van Jesus, die Koninkryk van God, die Kerk van Jesus Christus en die heil van God vir die mensdom in. Verder moet die uitsprake van Jesus en die apostels, die eskatologiese boodskap van die Nuwe Testament, geïnterpreteer word in die lig van hierdie noodsaaklike komende Dawidiese ryk – dit wat die profete, volgens hulle, baie duidelik leer.

3.2.2 Die aard van die Messiaanse Vrederyk

In die hieropvolgende bespreking van Du Plessis (2006:331-333) se sewe noodsaaklikhede wat hy vir die Millenniumryk voorhou, kan onder andere 'n beeld gevorm word van die aard van die verwagte ryk. Kleynhans (2000:252-266) praat van die kenmerkende eienskappe, die doel en funksie van die Millennium. Hoe gaan die verwagte Millenniumryk, die tweede gestalte van die koninkryk, daar uitsien?

3.2.2.1 'n Fisiese regering van Jesus op die aarde

- Die eerste belangrike aspek (die ander sluit hierby aan) van Du Plessis (2006) se sewe noodsaaklikhede vir die duisend jaar, is dat Jesus volgens die Ou en Nuwe Testamentiese beloftes sy fisiese Koninklike heerskappy oor die hele aarde gaan uitbrei. Die Here was persoonlik nog nie Koning op die aarde nie en het nog nie letterlik oor die nasies geregeer nie.

- Verder sal die oprigting van die Vrederyk die noodwendige gevolg van God se verbondsbeloftes wees en dit sal God se “onberoulikheid” van roeping en genadegawes aan Israel demonstreer.

- Die derde noodsaaklikheid noem hy die vervulling van die “byklousule” van die Ou Verbond aan Abraham dat hy die vader van baie nasies sal word. Tans het nog net die kerk in die seën van Abraham gedeel, maar in dié ryk sal die seëninge van Israel na die nasies toe uitbrei.

- Tydens die Millennium sal die proses van versoening, wat op Golgota begin is, sy finale en universele dimensie bereik. Die heil sal tot volkomenheid uitbrei, want meer as die saligheid van siele is in die versoening voor oë. Dit sal ook 'n sosiale impak hê: oorloë, onderdrukking, moord, verkragting en VIGS sal hanteer word. Die Satan se binding sal 'n voldonge feit wees en God sal, soos met Adam en Eva, saam met die mense op die aarde leef. Die nasies sal geleer word om met oorgawe en broederskap op aarde te woon.

- Vyfdens sal evangelisasie ongehinderd plaasvind en daar sal geen “geografiese” verhindering, soos Islam en Kommunisme, wees nie. Die goeie nuus sal oral in sy volheid deurbreek.

- In die sesde plek, sê Du Plessis, dat hierdie ryk die enigste manier is waarop humanistiese sekularisme aangespreek sal kan word. Die mense sal geleer word om God te dien en afstand te doen van selfgodery en selfaanbidding.

- Laastens, in die noodsaaklikheid van 'n Millennium aardse ryk van Christus, word genoem dat dit ook die enigste manier is waarop die heerlike oorwinning van Jesus op Golgota universeel op aarde gevier kan word. Die Vrederyk onderstreep die heerlikheid van God en dit sal wêreldwyd skyn en skitter.

Kleynhans (2000:250, 252-266) se opmerkings oor hierdie fisiese aardse ryk, die voorloper van die ewigheid, is soos volg: daar sal nie 'n nuwe hemel en aarde kom nie “voordat daar eers 'n heils-eeu by uitnemendheid was waarin Christus as die deur God gesalfde Koning van Israel en Koning van alle konings eers sy koningskap oor die nasies tot 'n sigbare, tasbare koninkryk op aarde laat word, het nie, 'n koninkryk van geregtigheid en vrede waarin elke knie voor Hom sal buig en elke tong Hom sal bely; 'n koninkryk waarin sy woord alleen wet sal wees oor die aarde, waarin al die nasies Hom eendragtig sal dien as onderdane (Ps. 72)”. Hierdie fisiese ryk sal wêreldwyd wees, 'n ewige ryk van vrede, geregtigheid en waarheid.

3.2.2.2 Die regeringstruktuur gedurende die Millennium

Jesus gaan die vrederyk fisies regeer, en sal volgens Du Plessis (2006:350) en Kleynhans (2000) 'n besondere hiërargiese regeringstruktuur aan die orde stel. Daar is 'n spesiale plek vir die kerk. Die Bruidsgemeente sal oorwin en saam mét Jesus op sy troon gaan sit, soos Hy ook na sy oorwinning op die troon van sy Vader gaan sit het (Ps. 89, 2; Luk. 1). Jerusalem sal die sentrum van sy heerskappy word (Jes. 2). Dawid sal onder Jesus as koning oor Israel heers (Ps. 89:4-5). Die twaalf apostels sal oor die twaalf stamme van Israel regeer, terwyl die gemeente saam met die Messiaanse Koning mag oor die nasies sal uitoefen en hulle met 'n ysterstaf sal regeer (Op. 2:26, 27; 20:5, 6). Tog sal die nasies, volgens die Millennialiste, hulle eie konings hê (Ps. 2:8-12). Kleynhans (2000:255) stel dat die gemeente nie deurentyd op die aarde sal wees nie: “die

gemeente sal wees waar Christus is. Meer word nie geopenbaar nie, en daarmee moet ons tevrede wees". Die kerk sal ontsterflik wees, maar die nasionale Israel sal nog in die vlees op die aarde as onderdane leef. Hulle sal aan die Koninkryk behoort, maar die kerk is die Koning se bruid.

3.2.2.3 Israel in die Millennium

Soos reeds gemeld, gaan dit in die Millennium oor die herstel van Israel en die hervestiging van die Dawidiese troon. Kleynhans (2000:95) verduidelik soos volg: "Die herstel van Israel staan in nouste verband met die duisendjarige ryk van Christus. Die een veronderstel die ander (Jes. 1:2-4; Miga 4:1-3)". Du Plessis (2006:338, 342) sê: "Een van die eskatologiese standpunte wat die Bybel voorhou, is dat dit tydens die Vrederyk in die besonder om die Joodse volk sal gaan". Hy maak 'n belangrike stelling oor diegene wat nie aan die komende Messiaanse Vrederyk glo nie:

> In die meeste gevalle onderskryf dié uitlêers die kerk-is-Israel dwaling. Hulle gedagtegang is dan voor die hand liggend. Indien die kerk Israel sou wees, kan God mos nie weer met die volk Israel handel nie en sou dit sinneloos wees om te verwag dat die Dawidiese Koninkryk herstel moet word.

In die herstel van die nasionale ryk gaan dit om die "tye van verkwikking", die "tye van wederoprigting van alle dinge waarvan God deur die profete gespreek het" (Hand. 3:19, 20); "die vervalle hut van Israel weer oprig" (Amos 9:11), en oor die "verbonde en beloftes" (Rom. 9:4) ten opsigte van Israel. Kleynhans (2000) sê dit is veral die Ou Testamentiese Skrifgedeeltes wat die herstel van Israel binne die Messiaanse Vrederyk plaas (Jes. 11). Die ryk begin met die versameling en herstel van Israel binne hulle land en die herbou van Jerusalem. Met die dag van die wederkoms (die tweede koms) sal Israel, wanneer God sy Gees oor hulle uitstort (Eség. 39:22-29), op een enkele dag gered word (Jes. 66:8)(Du Plessis 2006). Die Jode gaan 'n groot seën vir die wêreld wees (Rom. 11:12,15; Sag. 8:13): "So sê die Here…in die dae sal tien man van al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is" (Sag. 8:23). Die wonderlike nuus is dat Israel in dié tyd die wêreld sal evangeliseer.

Wie die ander nasies op die aarde in die duisend jaar politieke ryk sal wees, is nie duidelik nie. Die aarde sal grootliks ontvolk wees, só word gereken, want as die dae van verdrukking en oordeel nie ingekort word nie sou geen mens dit oorleef nie (Matt. 24: 22). Die "skaapnasies" (Matt. 25:31-46) sal ook daar wees. Du Plessis (2006:346) meen hulle sal daar wees, nie omdat

hulle bekeer is nie, maar omdat hulle Israel goedgesind was en volgens Jesus se skeidingsmetode tussen die skape en bokke beërf hulle die koninkryk wat vir hulle berei is (Matt. 25:34). Hulle sal onderworpe wees aan die streng regering van Christus. Vir die "skaapnasies" sal daar kindertjies gebore word. Wat presies die posisie van dié kinders van die ouers sal wees ten opsigte van God se Koninkryk (Mark. 9:14), verduidelik Du Plessis nie.

3.2.2.4 Die skepping en die mensdom

Wanneer hierdie letterlike prentjie van die Millennialiste van Jesus se aardse regering ingekleur word, vind ons 'n wonderlik skeppingstoneel. Dit wil voorkom dat die skepping se pynsugte van afwagting ná bevryding (Rom. 8), sugte is na die duisendjarige ryk (Kleynhans, 2000:264). Du Plessis (2006:348-350) sê:

> Die grootsheid van die Messiaanse Vrederyk van Jesus is deur die Here as 'n *palinggenesia* 'n 'wedergeboorte' voorgestel (Matt. 19:28), en die Apostel Petrus het dit 'n *apokatastasis* 'n 'wederoprigting' van alle dinge genoem (Hand. 3:21), wanneer die aarde na sy vorige *edeniese* heerlikheid sal terugkeer.

Daar sal 'n topografiese, fisiologiese en natuurkundige verandering van 'n bevryde skepping wees.

Kanaän sal weer 'n "land van melk en heuning" wees (Jes. 35:1-2); "die woestyn 'n waterplas" (Jes. 41:18) en "vroeë en laat reëns" word aan Israel belowe (Joël 2:21-32). In Joël 3:18 lees ons van die dal van Moab oos van die Jordaan wat besproei word deur 'n stroom wat vanaf Jerusalem vloei (Eség. 47). Volgens die Millennialiste sal die stroom wat in die somer en winter vloei, ontstaan onder die drumpel van die huis van die Here en maak ook die water van die Dooie See vars. 'n Gebied suid van Jerusalem, vanaf Geba tot Rimmon, "sal soos die Jordaanvallei word. Jerusalem sal gelig word daar waar hy nou is, hy sal hoog lê" (Sag. 14:10), volgens die Premillennialiste.

Die Premillennialiste, soos reeds verwys na Du Plessis (2006), dui aan dat die hele aarde sal verander en in die vernuwing sal deel. Hulle wys daarop dat die aarde vroeër as deel van die straf op die mens vervloek was, maar dat die vloek verby sal wees wanneer die Millennium aanbreek (Kleynhans, 2000:263, 264). Kleynhans stel verder dat die onvrugbaarheid van die aarde en die onnuttige plante (dorings en distels) sal verdwyn. Hierdie dinge was soos volg van die vloek van

sonde daar, maar in die Vrederyk sal dit anders wees. Daar sal vir ’n doringboom ’n sipres opgaan en vir ’n distel ’n mirteboom (Jes. 55:13).

Daar sal 'n wedergeboorte van die aarde wees – die berge en heuwels sal in gejubel uitbreek en al die bome van die veld sal hande klap {Jes. 55:12-13; Eség. l 47:8-11; Joël 3:18; Sag. 14:10}). Die vernuwing sluit hemelliggame in en die lig van die son en die maan sal sewe keer helderder wees (Jes. 30:26). Die stryd tussen mense onderling, dié tussen mens en dier en tussen dier en dier sal nie meer bestaan nie, want dit sal 'n vrederyk wees (Mig. 4:3; Jes. 11:5-9; 65:25; Eség. 34:25).

In die unieke werklikheidsbeeld van duisend jaar ('n lang periode in mensegeskiedenis), wanneer Jesus uit Jerusalem sal regeer, sal die dood nog steeds aanwesig wees, want mense sal nog kan sondig. As iemand egter op honderdjarige leeftyd sterf, sal dit beskou word asof hy jonk gesterf het of as iemand wat vervloek is (Jes. 65:20). Andersins sal die mense baie vrolik wees en God sal vir hulle 'n maaltyd van vetspyse berei, 'n maaltyd van ou wyn (Jes. 35:5-7; 25:6; Mig. 4:3-4).

3.2.2.5 Die liturgie en aanbidding in die Millennium

Volgens Du Plessis (2006:351) sal die Messias 'n majestueuse tempel bou en vandaar sal Hy regeer (Sag. 6:13; Eség. 43:7). Die amp van koning en priester sal in Jesus verenig word en: “As Priester-Koning sal Hy die Ou-Testament vorme van liturgie en aanbidding herstel”. Die Levitiese orde sal heringestel word om offers te bring, om die tafels van die Here en sy diens waar te neem (Eség. 43:19; 44:16). Die Sabbat sal as 'n heilige dag onderhou word, die Wet en die Woord van die Here sal vanuit Jerusalem uitgaan (Eség. 44:23-24; Mig. 4:2). Die nasies sal jaar na jaar na Jerusalem kom om die Here te aanbid en om die huttefees te vier (Sag. 14:6). As hulle versuim om op te trek, sal hulle nie reën ontvang nie. Jesus sal met 'n sterk arm regeer (Du Plessis, 2006:352). Die gevolg van sonde sal dadelik gevoel word, meen Kleynhans (2000:262). Du Plessis (2006:352) sê dat, hoewel sommige bybelstudente oor die feit van die herinstel van die Ou Testamentiese liturgie handelinge struikel, dit maklik is om die sin daarvan te verstaan wanneer ons aan die nagmaal dink. Wanneer die brood gebreek word en die wyn gedrink word, verkondig ons Jesus se dood (I Kor. 11:26). Op dieselfde wyse sal die liturgiese simbole by die tempeldiens verkondig word en ons herinner aan Golgota.

3.2.2.6 Bydraende faktore tot die volvoering van die uitnemende heils-eeu van dié teokrasie

Eerstens gaan dit om die teenwoordigheid van die teokrasie, maar Kleynhans (2000:262) sê: “Die twee dinge wat die duisendjarige Vrederyk moontlik sal maak is die persoonlike teenwoordigheid van die Here Jesus Christus op aarde (“God is daar;… Die Here, die Almagtige, is by ons,…” {Ps. 46:6, 8}), en die afwesigheid van die Satan van die wêreldtoneel gedurende daardie tyd”. Die Satan sal vir die duisend jaar gebind, in die afgrond gewerp, en toegesluit wees (Op. 20:3). Dit sal gedoen word sodat hy in dié tyd nie meer die nasies sal kan verlei nie. Kleynhans sê dat die mag van sonde grootliks gestrem sal wees. Daarna sal hy vir 'n kort tydjie losgelaat word (Op. 20:3).

Kleynhans (2000:263) meen: “Die Heilige Skrif leer helder en klaar dat daar eenmaal 'n tyd van aardse voorspoed, tydelik en geestelik, sal aanbreek”. Sy antwoord op die vraag hoe die sonde en dood, al is dit in 'n mindere mate, nog in daardie tyd sal voortbestaan, is dat dit nie die liggaamlike teenwoordigheid van die Heer is wat sonde laat verdwyn nie, maar alleen die eindelike totale vernietiging van die sonde en verbanning daarvan uit die hart van die mens.

3.2.2.7 Die tydsduur van die ryk

Die aardse ryk, wat hoofsaaklik oor Israel en 'n Dawidiese koningskap gaan, word voorgehou as 'n tydsduur van 'n duisend jaar. Kleynhans (2000:250) erken dat dit waar is dat daar van die genoemde duisend jaar slegs in Openbaring 20 melding gemaak word en nêrens anders word die duur van die Messiaanse ryk, soos hy dit noem, aangedui nie. Hy sê dat daar wel aanduidings is dat dit 'n betreklike lang periode sal wees en verwys dan na Skrifte soos: Psalm 72:2: “totdat die maan nie meer skyn nie,” en gedeeltes in 1 Korinthiërs 15:24-28: “as koning heers totdat hy al sy vyande onder sy voete stel” en “alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het”.

Die teksgedeeltes wat hierbo gebruik word ter ondersteuning van die duisend jaar leer niks daarvan nie. Die tekste wat die Millennialiste ter ondersteuning van hulle standpunt gebruik, praat van “tot in ewigheid,” of “ewig,” of “altyd” en nie van 'n duisend jaar nie. In Eségiël 37:25-26 lees ons byvoorbeeld: ”En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daar in woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in

ewigheid; en my kneg Dawid sal vors wees vir ewig en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig". In Jesaja 60:21 word gesê; "… vir ewig sal hulle die land besit" en Joël 3:20 praat van Juda: "Maar Juda sal ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag".

Volgens die Premillennialiste sal die heil in Jesus Christus tydens die Millennium aansienlik uitgebrei word. Die fisiese aardse heerskappy van Jesus sal gepaard gaan met 'n vestiging van sy eie wese of karakter (Jes. 9), seën op die aarde, morele en sedelike bevryding van individue en nasies en die heerlikheid van God wat wêreldwyd sal skyn en skitter. Dit is veral 'n beskrywing van die politieke aard, maar ook van geestelike ervarings, van 'n uitsonderlike sosiale en maatskaplike omgewing in die ryk en van die herstel van die skepping soos tot voor die sondeval.

By Premillennialisme is die waarheid van Jesus, as die Messias, afhanklik van die idee van 'n fisiese politieke regering op aarde (Ps. 2). In hierdie tweede koms word Hy werklik Koning op die aarde, terwyl die duiwel deur 'n engel in 'n sekere staat van gevangenis opgesluit is (Du Plessis, 2006:343). In hierdie tyd sal daar vir die eerste keer ware vrede onder die nasies wees. Die beeld van Jesus op die troon van Dawid vir 'n duisend jaar is 'n ander voorstelling van heil en daar is ander elemente betrokke as by die wyse waarop Hy Verlosser en Here is deur sy dood, opstanding en die werk van die Heilige Gees in die genadetyd. Dit gaan oor 'n aardse heerskappy van Christus, 'n soort liggaamlike teenwoordigheid van Hom, 'n kettinggebondenheid van die Satan, terwyl die gelowiges saam met Jesus Christus regeer in verheerlikte liggame met 'n ysterstaf oor die nasies.

Die nasionale politieke ryk het noodwendig implikasies vir die huidige beeld van Jesus, sy koms na die aarde, sy lewe, sy dood en opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:21-36). Daar moet 'n "reste" vir die beeld van Messias en van verlossing, wat nie in die genadetyd geld nie, oorgehou word om die Messiaanse Vrederyk betekenis te gee. Dit gaan om sogenoemde 'n fisiese regering oor die nasies. Die Koninkryk van God en die Kerk van Jesus Christus moet dus geïnterpreteer word in die lig van die sogenaamde komende ryk.

Die voorstelling van die duisend jaar ryk van God en dat die vrede van God eers in die tyd sal aanbreek, moet vir die kerk ten opsigte van die verstaan van saligheid en die aard van die kerk 'n groot probleem wees. Die inhoud of karakter wat aan die Millenniumryk toegeskryf word, moet meebring dat die gelowige die genadetyd, of die kerkperiode, slegs as gebrekkig kan beskryf. Die

voorstelling van die heil in die Millennium wil die verlossing in Christus(Messias) as "onvoltooidheid" voorstel. Die gelowige kan nie na reg vir Hom "Here" sê nie (Luk. 6:45-49), want Hy heers eers werklik in die Millennium.

Die gedagte van 'n duisendjarige Vrederyk het noodwendig implikasies vir die verstaan van Jesus en die apostels se uitsprake oor die eindtyd. Die eskatologiese boodskap (die aankondigings) asook sekere gedeeltes van die Nuwe Testament (byvoorbeeld Matt. 19:28; 24,25; Hand. 1:7,8; 2; 3:19-21; 15:11-18; Rom. 9:4,5; 11; Openb. 20:1-6) moet volgens hierdie leerstelling geïnterpreteer word in die lig van die noodsaaklike komende Dawidiese ryk wat die profete skynbaar baie duidelik leer.

Die voorstelling van die Millennium Vrederyk is 'n vermenging van tydelike en ewige dinge, van aardse en hemelse en van sondigheid en nie-sondigheid. Dit is 'n verwarrende samevoeging van begrippe en werklikhede wat nie saam hoort nie of stellig nie saam kan bestaan nie. Die beskouing van Millennialisme is die idee van 'n politieke ryk van Jesus Christus. Die vraag is egter: Is dit moontlik om die Seun van God, die Skepper van hemel en aarde, naas ander konings, op hierdie skepping te laat regeer (Heb. 1:2; Joh. 1:3; Kol. 1:15-18; Ef. 1:20-21; Jes. 44:28-45:1)? Stefanus het in sy toespraak voor die Joodse Raad uit 1 Konings 8 en Jesaja 66 aangehaal toe hy gesê het: "God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel: Die hemel is my troon en die aarde is die rusplek vir my voete" (Hand. 7:48-49). Dit blyk dat God van ewig af oor sy skepping regeer as Paulus sê: "Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon" (Hand. 17:23-26).

In dié broederskap, soos in die Tuin van Eden, is 'n besondere hiërargiese regeringstruktuur waar ewiglewende en sterflike mense saam gevind word en hulle regeer saam. Daar is 'n dubbele regeringstelsel wat oorvleuel. Die bruid van Christus ('n groot menigte wat nie getel kan word nie – Op. 7:9) sit saam met Jesus op die troon en vanuit hierdie posisie sal hulle saam met die Messias/Koning met 'n ysterstaf oor die nasies regeer. Daar word egter ook geleer dat die nasies (nie Israel nie) deur hul eie vorste en konings, onder die gesag van Koning Jesus, regeer gaan word (Ps. 2:8-12). Die twaalf apostels van Jesus, wat almal Jode was (maar hulle is tog ook deel van die bruid), sal saam met Hom in sy Koninkryk op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer. Die Millennialiste beroep hulle ook op die profeet Eségiël (34:23-24; 37:24)

wat stel dat God een enkele herder vir Israel gaan verwek, naamlik die Here se kneg Dawid. Hy sal die vors in Israel wees (Du Plessis, 2006:350, 351).

Die aard van Jesus en sy bruid se regering met 'n ysterstaf oor die nasies is nie duidelik nie. Wat word met hierdie regering of styl van regering bedoel? Du Plessis (2006) sê dat Jesus nie ná sy hemelvaart op die aarde regeer nie, maar Hy regeer vanuit die hemel oor sy geestelike Koninkryk. Die Millenniumregering word beskryf as 'n tipe mag wat Jesus sal uitoefen, gekenmerk deur strengheid en regverdigheid. Volgens Du Plessis sal daar in dié politieke ryk reaksie wees op Jesus se ysterstafregering en die nasies sal planne smee teen God en teen sy Gesalfde, Jesus (Ps. 2:1-3). Kleynhans (2000) meen die sigbare Koninkryk sal een van geregtigheid en vrede wees waarin elke knie voor Hom sal buig en elke tong Hom sal bely; 'n koninkryk waarin sy Woord alleen wet sal wees op die aarde, en al die nasies Hom eendragtig sal dien as onderdane. Wat duidelik is, is dat die regering in die Millennium anders sal wees as wat tans van Jesus, of God se heerskappy gedink word. Dit blyk vreemd te wees as ons na Jesus luister: "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle siele. My juk is sag en my las is lig" (Matt. 11:29-30). Matthéüs haal die Messiaanse voorspelling in Sagaria 9:9 aan in sy weergawe van Jesus se intog in Jerusalem (21:5): "Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakdier". Geldenhuys (1969:486-487) meen dat die skrywers van die Evangelies duidelik die standpunt huldig dat die intog vir Jesus en sy geselskap 'n Messiaanse karakter gehad het. Hy stel:

> – of course not in the sense of earthly military power and the like, as the Jews represented it, but it was 'a deliberate symbolic action of Jesus intended to proclaim publicly the real character of His Messiahship to the inhabitants of Jerusalem' (Major, *op. cit*., p.139). He entered the city humbly as Prince of Peace and not as a military Messiah. By the manner of His entry He proved clearly that His kingdom is not of this world and that He had not come to establish a Jewish-Messianic kingdom with outward violence, but to found the universal and the spiritual kingdom of God.

Die begrip van vrede en 'n vrederyk wat die Millennialiste verkondig, is ook vreemd. Volgens hulle sal vrede slegs aanbreek wanneer Jesus in die Millennium oor die nasies sal regeer en daar vrede onder hulle sal wees (Jes. 9). Wat Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers egter leer is anders.

In Lukas se melding van die lofsang (Luk. 1:67-79) van Sagaria by die geboorte van Johannes die Doper, die voorloper van die Messias, word die pad van die vrede besing (1:79). Hier word onder

meer gesinspeel op Jesaja 9:1 (Geldenhuys, 1969:95). Volgens Geldenhuys (1969:95) het die Jode slegs ’n aardse en materiële Messiaanse verlossing waardeur hulle van die Romeine ontslae sou raak, verwag. Hulle het geen besef van hulle geestelike nood gehad nie en Johannes moes aan hulle bekering tot vergifnis van sonde verkondig – “en al die mense sal die verlossing sien wat van God kom” (3:3-6, 1983). In die lofsang hoor ons dat die Messias saligheid bring deur die innige barmhartigheid van onse God. Hy sal soos die môrester opgaan en uit die hoogte op ons afstraal om lig te bring aan die wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, “om ons voetstappe te rig op die pad van vrede” (1:77-78, 1983). Volgens Geldenhuys wys die pad van vrede na die weg van vergifnis van sonde en versoening met God deur die werk van Jesus, die Messias-verlosser. In Lukas 2:14 kondig die engele die geboorte van Christus met die boodskap van “vrede op aarde” aan. God het in die mens ’n welbehae en daar is in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here. In Lukas 12:51 wil Jesus nie hê dat sy dissipels onder ’n valse indruk moet wees dat Hy ’n staat van vrede, soos die Jode verwag, tot stand gaan bring nie. Hy bring eerder verdeeldheid. Hy het gekom om die werke van die bose te verbreek en daar gaan vyandskap wees tussen die wat Hom volg en die bose en sy aanhangers. Die vrede van God het sy eie karakter en dit hou verband met verlossing en die werk van Christus in mense se lewens. Vir die sondares wat Jesus se voete gesalf het, het Jesus gesê: “Jou sondes is vergewe. – Jou geloof het jou gered; gaan in vrede” (7:50). Aan die siek vrou wat sy kleed vir genesing aangeraak het, het Hy gesê: “Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede” (8:48).

In Handelinge 10:34-36 sien ons duidelik dat Lukas die vrede in verband met ’n verhouding met God stel. Toe Petrus besef dat God 'n kaptein in die sogenaamde Italiaanse regiment se huis wil red, het hy verklaar:

> Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is. Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die Here van almal.

Volgens Johannes 14:27 het Jesus aan sy dissipels gesê dat die vrede wat Hy gee anders is as die soort wat die wêreld gee. Hy het toe byvoeg dat hulle nie ontsteld en bang moet wees nie. Die konteks van die vers staan in die lig dat Hy weggaan en dat hulle gaan agter bly, maar Hy sal hulle nie as wese agterlaat nie. Hy sal die Trooster stuur om by hulle te bly, om hulle te leer en te

lei. In dié konteks moet ons vrede verstaan as ’n versekering van redding en van die teenwoordigheid van God totdat Hy hulle kom haal (14:3). In 16:32 neem Johannes die boodskap verder. Hier wys Jesus op donker tye, maar Hy sê dit juis vir hulle, dat hulle in Hom vrede kan hê. Hulle moet moed hou. Hy het die wêreld oorwin. Johannes vertel dat Jesus na sy opstanding verskeie kere vir hulle gesê het: “Vrede vir julle!” (20:19, 21, 26). Die aand was die agtergrond van die vrede uitsprake besonder. Hulle was vol vrees en onsekerheid. Verder het Hy hulle gestuur soos die Vader Hom gestuur het en het ook oor hulle geblaas en gesê: “Ontvang die Heilige Gees” (20:19-26).

By Paulus is die vrede deur die kruis van Christus bewerk en stel dat Hy self ons vrede word (Kol. 1:20; Ef. 2:14; 17). Wat die lewe hier betref moet die gelowige oor niks besorg wees nie, maar hulle moet hulle begeertes deur gebed en danksegging aan God bekend maak. Die vrede van God wat hulle verstand te bowe gaan, sal hulle harte en gedagtes in Christus Jesus bewaar (Fil. 4:6-7).

Daar is ook 'n dubbelsinnigheid oor die vloek op die aarde. Die aarde word herstel na die Tuin van Eden, omdat die vloek nie meer daar sal wees nie, maar aan die ander kant gaan die mense nog sterf weens die vloek. Die paradyslike heerlikheid wat met die millennium sal terugkeer in die skepping is moeilik te versoen met die stroom wat onder die drumpel van die huis van die Here ontspring en die water van die Dooie See vars maak (Eség. 37). Die Premillennialiste gebruik, onder andere, Joël 3:18 vir die Millennium se wonderlike skepping, maar vers 19 sê: “Egipte sal 'n woestyn word, en Edom 'n woeste wildernis wees”. Dit is dus duidelik dat die Premillennialiste op ’n selektiewe wyse met die Skrif omgaan, en nie konsekwent hulle letterlike omgang met die Skrif toepas nie.

Volgens Du Plessis (2006:273, 274, 331) se uitleg, wil dit voorkom dat, gedurende die sogenaamde komende Millennium, die seën van Abraham meer vir die nasies inhou as die seën wat sondaars ervaar wat in die kerkperiode tot saligheid kom. Hy meen Handelinge 3:25 wat praat van die saad waarin “al die geslagte van die aarde geseën sal word” betrekking het op die nasies in die Millennium. Die vraag is: Deel die gelowige heidene en gelowige Jode in die genadetyd nie ten volle in die seën van God en is hulle nie ten volle erfgename van God deur Christus nie? Is daar 'n verskil tussen die seën van Abraham en die seën van God, of om erfgenaam van God te wees (Gal. 3:29; 4:1-7; Rom. 8:17; Ef. 3:6-9)?

Van Wyk (2001:198) haal Calvyn aan oor die Chiliaste en maak die volgende opmerking: “With Augustine he rejects the expectation of a future thousand years of peace (chiliasm) as a ‘childish’ idea (Inst. 3.25.5). The chiliasts restrict the reign of Christ to a thousand years, they secularise the kingdom of God, relegate it to being temporary and transient”.

Daar kan dalk stellig gevra word: Is lidmate bewus van die noodsaaklikheid van hierdie komende nasionale ryk en van die “onvoltooidheid” van die heil in Christus Jesus gedurende die genadetyd? Du Plessis (2006:332) sê dat, gedurende die aardse ryk van Jesus, mense geleer sal word om God te dien en afstand te doen van selfgodery en selfaanbidding. Hy meld dat die moderne wêreldbeskouing min ruimte vir God laat en dat dit hoofsaaklik mensgerig is.

In die Millennium Vrederyk gaan dit dus volgens die Premillennialiste oor die nasionale herstel van Israel en die heroprigting van die Dawidiese ryk. Vantevore is verwys na Du Plessis (2006:342) se stelling dat die meeste van diegene wat nie aan die komende Messiaanse ryk glo nie, mense is wat die kerk-is-Israel dwaling onderskryf. Volgens hierdie dwaling, aldus Du Plessis, sou dit sinneloos wees om te verwag dat die Dawidiese Koninkryk herstel moet word as die kerk die eintlike Israel is. Dit bring ons by die verhouding tussen Israel en die kerk: Is daar 'n nuwe Israel? Indien die kerk die nuwe Israel is, is daar steeds 'n Messiaanse Vrederyk? Daar sal egter eers moet bepaal word of die profesieë in die Ou Testament dui op die Koninkryk as die nasionale herstel van Israel, of anders gestel: leer die Bybel 'n toekomstige Millennium Vrederyk van Jesus Christus?

3.3 INTERPRETASIE VAN OU TESTAMENTIESE PROFESIEË TEN OPSIGTE VAN ’n HERSTEL VAN ISRAEL (MESSIAANSE VREDERYK)

3.3.1 Die letterlike vertolking van profesieë ten opsigte van 'n nasionale herstel van Israel – 'n Millenniumryk

Alhoewel Vlach (2012) nie direk die volk Israel bespreek in konteks van ’n prioriteit in die Millenniumleer nie maak hy stellings van ’n regering van Christus vanuit Jerusalem en van die nasionale herstelde van Israel. Volgens Vlach (2012:227) word die steun van die Millennium in drie kategorieë gevind: Eerstens word dit gevind in voorspellings van ’n komende regering van die Messias oor die nasies op ’n herstelde aarde na die tyd van ’n wêreldwye verdrukking.

Tweedens is daar Ou Testament bewyse van ’n tussentydse ryk wat van die huidige dispensasie en die “eternal state” onderskei word. (In hierdie twee stellings werk hy vanuit ’n letterlik interpretasie van profesieë in die Ou Testament). Die derde Skrifbewys is, volgens Vlach, Openbaring 20:1-10 wat duidelik die tydsduur van die tussentydse ryk aandui.

Du Plessis (2006:90, 91, 43) beskou die identifisering van die Kerk van Jesus Christus met die geestelike Israel as ’n dwaling en sê: “Wat ons metodologie betref, verkies ons om fundamentele waarhede bybels te begrond. Ons verkies om die inhoud daarvan met vers en kapittel te onderskryf”. Hy meld ook verder:

> Daar is skrifuitlêers wat aanvoer dat profesieë nie letterlik nie, maar geestelik of simbolies verstaan moet word. Maar dan praat hulle van die profesieë wat by Jesus se tweede koms lê en nie die wat reeds by sy eerste koms vervul is nie. Hulle vergeet dat die Ou Testament onderskei nie tussen twee gebeure wat na die eerste koms en ander wat na die tweede koms van Jesus verwys nie.

Du Plessis (2006:36, 38) sê dat baie van die Ou Testamentiese profesieë by die eerste koms van Jesus letterlik vervul is en dit volg dan logies dat gebeure wat voorspel is om by die tweede koms (die Millennium) plaas te vind ook letterlik in vervulling sal gaan. Oor die aard van profesieë skryf hy: “Profesie is een van die talle heerlike aspekte van die Heilige Skrif wat dit bo die boeke van ander wêreldgeskiedenisse verhef. Dit is een van die wondertekens van die Bybel”. Dit is dan ten opsigte van die profesieë, of beloftes, wat Du Plessis die volgende uitspraak maak: “Om die aanwesigheid van profesie in die Bybel te bevraagteken, beteken ongeveer dieselfde as om God se alwetendheid te kritiseer”.

Kleynhans (2000:31-33, 102) meen profesie is geskiedenis wat vooruitgeskryf is en verwys na 2 Petrus 1:19: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee, soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn” en na Jesaja wat, soos hy sê, onder inspirasie geskryf het in 46:9-13: ”Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie”. Verder stel hy ook, soos Du Plessis, dat God 'n plan van die begin af het, maar: “Die merkwaardige ding is dat die geestelike leiers van die wêreld moedswillig 'n dowe oor draai na die profetiese roep”. Hy haal Amos 3:7 aan: “Want die Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluite aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie”. Hy meen een van die strategieë van die Satan is om die waarheid in Gods Woord met betrekking tot Israel te verdraai, te verdoesel en te verwar. Wanneer Kleynhans (2000:251) verwys na die

profesie in die Ou Testament ten opsigte van die Millennium, sê hy: “Dit sou erg verbysterend wees indien daar iets (in stryd) gevind sou kon word! Dit sou ons voor ontstellende raaisels omtrent die gesag van die profetiese woord en die verbondstrou van God teenoor Israel plaas!”

Ou Testamentiese profesieë oor Israel dien vir die Premillennialisme as 'n sleutel tot die eskatologie. Kleynhans (2000) verklaar dat drie van die belangrikste bybelse temas in hierdie volk se bestaan hulle roeping, hulle internasionale verstrooiing en hulle eindtydse herstel is.

In hierdie ondersoek is dit noodsaaklik om na profesieë in die Ou Testament te kyk sowel as die verhouding tussen die kerk en Israel.

Premillennialisme voorsien 'n rykdom van vooruitsigte, wat hulle meen, deur die Ou Testamentiese profesieë aangedui word. Kortliks word verwys na enkele uitsprake ten opsigte van 'n nasionale herstel van Israel en hul bekering waaraan 'n Millenniumryk gekoppel word.

3.3.1.1 Profesieë in die Ou Testament wat spesifiek na 'n nasionale herstel van Israel verwys

Jeremia 31 bevat beloftes van terugkeer, verlossing en seën. Vers 8 sê: “Kyk Ek bring hulle uit die Noordland en sal hulle laat bymekaar kom uit die agterhoeke van die aarde”. Jeremia 23:8 verwys na die terugkeer en die mense sal sweer dat die Here hulle laat optrek uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. In Eségiël 36:24 is die belofte: “En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring”. Eségiël 39:27 herhaal die belofte en voeg by dat God Hom sal openbaar deur Israel: “As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, sal ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies”.

Dit wil voorkom asof die Premillennialiste meen dat die profesieë alreeds in die totstandkoming van die staat Israel en die terugkeer van Jode na hulle land besig is om in vervulling te tree. Kleynhans (2000:238, 68) skryf: “Die Skrifgeleerdes wat die letterlike herstel van Israel in hulle land bestry, hoef voorwaar nie meer ernstig opgeneem te word nie. Sienderoë het die menigvuldige profesieë gedurende die laaste klompie jare in vervulling gegaan”. Hy gaan verder deur te sê: “…die letterlike herstel van Israel na hulle eie land na 2000 jaar van diaspora is vaste bewyse dat die bybelse profesieë letterlik vervul gaan word”. Jeremiah (2008:17) meen egter dat

die teenwoordigheid van Israel vandag in hulle eie land nie die finale vervulling van God se belofte om sy volk bymekaar te maak, is nie. Hy sê dat wat in Israel vandag gebeur, hoofsaaklik die gevolg is van 'n sekulêre Sionistebeweging, terwyl Eségiël praat van 'n geestelike terugkeer van God se volk na Hom.

3.3.1.2 Profesieë oor die nasionale bekering van Israel, vervulling met die Heilige Gees en doop

Du Plessis (2006:339) meen dat die wedergeboorte (bekering) van Israel meteens sal wees wanneer die Heilige Gees op hulle uitgestort word (Jes. 32:15-18). Jesaja 66:8 sê immers: "Wie het so iets gehoor? Wie het so iets gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar?" Ons vind dit ook in Sagaria 3:9(b): "en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg". Eségiël 36 verskaf 'n beskrywing van wat God gaan doen. Hy maak hulle eers bymekaar uit die nasies en bring hulle na hulle land en: "Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al julle onreinhede en van al julle drekgode sal Ek julle reinig" (25). In die volgende verse vertel Hy van 'n nuwe hart en gees wat Hy sal gee en die hart van vlees wat Hy sal wegneem en: "Ek sal my gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insetting wandel en my verordeninge onderhou en doen". Jeremia 31:31-34 is vir die Millennialiste 'n verdere belangrike profesie vir die herstel van die staat Israel. Sien later opmerking hieroor.

Premillennialiste verwys na die realistiese beskrywings van die bekering van Israel in Sagaria, byvoorbeeld: 12:10: "…die huis van Dawid… sal opsien na My vir wie hulle deurboor het,…" en 13:6, 9: "En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daardie tussen jou hande? Dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende… Hulle sal my Naam aanroep en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sê: Die Here, my God".

Du Plessis (2006:338-340) praat van die uitstorting van die Heilige Gees oor Israel en dan verwys hy, onder andere, na Jesaja 55:3 - 4 en Jeremia 31:31-34. Hy meen die uitstorting van die Heilige Gees sal op die dag van die wederkoms plaasvind en haal Sagaria 12:10 aan: "Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor My rouklaag…". In Eségiël 39 ('n pragtige gedeelte oor die uitstorting van die Heilige Gees, meen Du Plessis) word vertel van

God se ontferming oor Israel en sy vergifnis van al hulle smaad en ontrou teenoor Hom. In vers 29 sê die Here: “En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here”. Du Plessis (2006:340) voer verskeie redes aan waarom dié uitstorting van die Gees nie na die gebeure op Pinksterdag verwys nie en meen ook dat Joël 2 (Hand. 2) wys op 'n dubbele vervulling van die profesie. Wat die waterdoop van Israel betref, is daar ook vir Israel voorsiening gemaak. Du Plessis verwys na Sagaria 13:1 en sê dat Jesus nooit die waterdoop tydens sy eerste koms bedien het nie (Joh. 4:2), maar Hy sal op die dag van sy wederkoms die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem in 'n geopende fontein reinig.

3.3.1.3 Eségiël 37, Sagaria 14, Jeremia 31:31-40 en die Messiaanse Vrederyk

Du Plessis (2006:334) meen Eségiël 37 is 'n “pakkende hoofstuk” oor die toekoms van Israel. Die Here sal sy Gees aan Israel gee en hulle in hul land vestig (37:2-10). Die verskeurde koninkryk van Dawid sal weer verenig (37:16, 17, 22a) word, een koning sal oor hulle regeer en hulle sal nooit weer in twee nasies verdeel nie (37:22b). Sy Heiligdom (die tempel) sal in hulle midde gevestig word (37:26; Sag. 6:13). Du Plessis verduidelik dat nie een van hierdie voorspellings is by Israel se terugkeer uit Babel of by die eerste koms van Jesus bewaarheid nie, maar dit gaan gebeur wanneer Jesus by sy wederkoms terugkom om tydens die Vrederyk as koning te regeer.

Sagaria 14 bied volgens die Premillennialiste ’n beskrywing van die aanbreek van die Millenniumryk. Dit is die dag van die Here en Hy sal kom staan op die Olyfberg wat middeldeur geskeur het en Israel sal in die dal in vlug. Die Here sal uittrek en oorlog maak teen die nasies en die veldslag van Armageddon sal plaasvind (Op. 16:16). In vers 9 sien ons: “En die Here sal koning wees oor die hele aarde; in die dag sal die Here een wees, en sy naam een”. Daarna beskryf Sagaria gebeure tussen die nasies en Israel en hoe die nasies jaar na jaar sal optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare om die huttefees te vier. By versuim sal hulle geen reën ontvang nie.

Du Plessis (2006) wys ook daarop dat God sy beloftes aan Israel, soos in Jeremia 31:35 en 36, waarborg: “…(soos Hy) die son gee tot 'n lig, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag…As hierdie verordenings voor my aangesig sal wyk, spreek die Here, dan sal die

nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd". In die volgende vers sê die Here ook dat, as die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde nagespeur kan word, sal Hy ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het.

Samevattend kan gesê word dat die Premillennialiste profesieë beskou as duidelike uitsprake van God oor die toekoms. Hierdie profesieë gaan letterlik vervul word. Die Here gaan Israel uit die nasies haal en uit al die lande bymekaar laat kom en hulle na hul bestemde land bring. God ontferm Hom oor hulle en vergeet van hulle ontrou. Die verskeurde koninkryk word vir ewig verenig onder koning Dawid (onder Jesus, 'n opvolger van sy vader, Dawid; Dawid self wat uit die dood opgestaan het). Du Plessis (2006) sê dat nie een van hierdie voorspellings by die terugkeer uit Babel of by die eerste koms van Jesus bewaarheid is nie. Hy meen dit gaan gebeur wanneer Jesus by sy wederkoms (sy tweede koms) terugkom om tydens die Vrederyk as koning te regeer.

3.3.2 Die gebruik van die Ou Testament profesieë, wat verwys na Israel, in die verkondiging van die Nuwe Testamentiese kerk

Die vraag is: wanneer die Nuwe Testamentiese skrywers van die Skrifte (Ou Testamentiese profesieë) gedeeltes, byvoorbeeld in Jeremia 31, Eségiël 36 en 37 gebruik, koppel hulle 'n Millennialistiese idee daaraan? Word uit die gedeeltes 'n uitbreiding van die verlossing, wat betrekking sal hê op 'n toekomstige wêreldregering van Jesus, voorgehou? Of gaan dit eerder oor 'n ou bedeling of verbond teenoor 'n nuwe en beter verbond (Jer. 31:31-34; Eség. 36:26, 27; 37:26; Heb. 8:8-13)? Die profete skryf dat God belowe dat daar dae gaan kom dat Hy 'n nuwe verbond gaan gee wat op die mense se harte geskrywe sal wees. Jeremia sê: "…Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste leer en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here…". Die skrywer van Hebreërs neem hierdie gedeelte, wat hy noem "'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is" en maak dit in 8:6-13 en in 10:16 van toepassing op die kerk. Paulus verwys in 2 Korinthiërs 3:3, 6 na Jeremia 31:33 en pas dit ook op die gemeente toe. Die gedeeltes, alhoewel daar verwysings soos Israel, Juda en Egipteland (Jer. 31:21-34) en in Eségiël 36:28: "En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het…" voorkom, word as beskrywend gesien van die heil in Jesus Christus vir

die kerk. Die nasionale herstel van die volk Israel figureer nie in Hebreërs 8 en 10 nie en ook nie in 2 Korinthiërs 3 nie. Die skrywer van Hebreërs sê dat die eerste verbond tekortkominge het en dat die Here dit al deur die profeet bevestig het en belowe het dat Hy met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. In Fensham (1962:95) se kommentaar oor Hebreërs 8 meld hy: "Israel en Juda slaan hier beslis op die geestelike Israel, almal wat sal glo in die Messias…". Oor die werking van die nuwe verbond teenoor die ou verbond, toe die Here Israel uit Egipte gelei het, sê hy: "Die nuwe verbond sal die hele lewe van die mens beheers. Op grond hiervan sal die Here 'n God vir sy nuwe volk, die geestelike Israel wees". Dods (1970:324, 325) wys op die verskil van die nuwe verbond teenoor die oue en sê dat dit meer as 'n: "complete a covenant" is; dit is: "comprehensive of the whole people of God". Verder meld hy oor die aard van die nuwe verbond: "This consists in three particulars. It is inward or spiritual; it is individual and therefore universal; it is gracious and provides forgiveness".

In teenstelling met die bogenoemde verklarings, meen Kleynhans (2000:100), dat dit in Jeremia se verwysing na 'n nuwe verbond gaan oor die Millenniumryk: "Israel kry 'n nuwe hart". Du Plessis (2006:338), hoewel hy onder andere na dié gedeelte verwys, leer: "Ten spyte van die verbreking van die Ou Verbond in die nag van verraad, wil God 'n Nuwe Verbond met die Jode aangaan op grond van sy genadebewyse aan Dawid".

Verwysings na die profesieë in Jesaja 9:1-6, vind ons in die Nuwe Testament. Volgens Kleynhans (2000:116, 254, 254) seëvier ongeregtigheid vandag nog op die aarde terwyl Jesaja 9:6 van mening is dat "reg en geregtigheid" in die koninkryk sal seëvier. Dit moet dan dui op 'n tyd wanneer geregtigheid ná die Armageddon sal seëvier en dit hemel op aarde sal wees. Dan sal die Koninkryk van Christus wêreldwyd erken word en so sal die koninkryk van vrede eenmaal aanbreek. Du Plessis (2006:105) stel:

> Die koninkryk waarvan Jesaja 9:1-7 praat, verwys egter nie na die geestelike koninkryk van die kerk nie. Om welke redes sê ons so? Eerstens, die eerste vier verse van Jesaja 9 verwys na die volk Israel en nie na die kerk nie. Toe Jesus sy bediening in Galilea begin het, het Hy slegs die Jode bedien (Luk. 4:16; Matt. 15:24). Dit was die Joodse volk wat die groot lig gesien het (Jes. 9:2; Luk. 1:68, 79). Tweedens, die teks dring daarop aan dat wanneer die Vredevors regeer, dit 'n vrede sonder einde sal wees. Oorloë en gerugte van oorloë is juis tiperend van die kerkperiode (Matt. 24:6). Derdens, die kerk as geestelike koninkryk was 'n verborgenheid wat nooit aan die profete van die Ou Testament geopenbaar was nie. Vierdens, die kerk word nooit in die Nuwe Testament die koninkryk van Dawid genoem nie. Daarom het Jesaja nie na die

> kerk verwys toe hy die toekomstige Dawidiese Koninkryk aangekondig het nie. Hy het die heroprigting van die oud-politieke Koninkryk van Dawid in die vorm van die Messiaanse Vrederyk van Christus voorspel.

Hierteenoor moet gestel word dat wanneer die Nuwe Testament aansluit by die boodskap van Jesaja 9 dit vertel van die koms van Jesus en sy optrede. Daar is geen Millennialistiese idee ter sprake nie. Die engel Gabriël bring vir Maria die nuus dat sy 'n Seun sal baar en sê: "en die Here God sal aan Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal geen einde wees nie" (Luk. 1:32, 33). Geldenhuys (1969:80) se kommentaar oor hierdie "troon van sy voorvader Dawid", en "huis van Jakob" in Lukas 1:32, 33 is: "Where hereafter mention is made of eternal kingdom of Christ it is obvious that it is not the earthly 'house of Jacob' that is meant here, but His people in a spiritual sense. *Basileia* here indicates not territory but the Lord's activity in kingly rule, His sovereignty to which there shall be no end". In Geldenhuys (1958:1486) se bespreking van Jesaja 9:1-6 verwys hy na Lukas 1:32, 33 en sê: "Die heerskappy sal wees *van nou af*, dit is van die tyd van die vervulling van hierdie profesie, dus van die Kind se optrede, *tot in ewigheid*, hier in volstrekte sin". In teenstelling met die Millennialistiese siening, sien ons dat Matthéüs uit Jesaja 8:23-9:1: aanhaal as hy vertel van Jesus wat begin preek dat die mense hulle moet bekeer omdat die koninkryk naby gekom het (Matt. 4:14, 15, 17). Die "vrede sonder einde" (Jes. 9:6) wat die Chiliaste in die sogenaamde duisend jaar vrederyk, wanneer daar nie meer oorlog sal wees nie, wil hê, word in Efésiërs 2:14 as die vrede van die gelowiges voorgestel. Salmon (1970:294) sê oor die frase:

> 'He and no other' suggests that the point of *aŭtós* is not only 'He alone,' but 'He in his own person'. It is not only that the peace was made by Christ and ranks as His achievement, but that it is so identified with Him that where He away it would also fail, so dependent on Him that apart from Him we cannot have it".

3.3.3 Die aard van die Ou Testamentiese profesieë as beloftes

Van Der Walt (2008{b}:766) stel dat 'n profesie vervul is, beteken nie bloot dat die vervulling gebeur wanneer dit die eerste keer uitgekom het nie. Hy praat van 'n profesie se klimaks of dieptepunt en verwys as voorbeeld na Jesaja 7:14: "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Emmanuel noem" en sê dat dit duidelik dui op 'n babatjie wat destyds gebore is. Die daaropvolgende twee vers dui dit aan, maar die klimaks, die diepste vervulling, vind eers later in Betlehem plaas.

König (1970:109, 459) verwys, na die aard van bybelse beloftes in die Ou Testament en sê: “Die bybelse beloftes word dikwels verkeerd verstaan deur dit te sien as voorspellings wat presies uitkom,” en dan word in vooruitgeskrewe vorm na die geskiedenis van die twintigste eeu gesoek en elke openbare gebeurtenis in ons tyd word verklaar as 'n bepaalde voorspelling wat waar word. König meen dit is verwringing van bybelse beloftes: “Beloftes wat vervul word, is iets anders as voorspellings wat uitkom. Laasgenoemde is arm en staties”. Hy maak die volgende stelling oor beloftes:

> God se beloftes word gekenmerk deur 'n rykdom wat so oorweldigend is dat geeneen van sy beloftes in hierdie wêreld ten volle vervul word nie. Elke belofte wat vervul word, is 'n verrassing omdat dit so anders gebeur as wat ons verwag het. En tegelyk bly daar na elke vervulling 'n ‘oorskot’ oor sodat die beloftes op nog groter en heerliker vervulling wag. Anders gestel: 'n belofte raak nie ten volle vervul of uitgeput in hierdie onvolmaakte wêreld nie. Omdat dit God se beloftes is, kan dit eers volkome vervul word in 'n werklikheid wat by God pas – dus in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. Die feit dat God se beloftes te heerlik en te groot vir hierdie gebroke wêreld is, bring mee dat die toekoms 'n verrassing bly. Ons weet nie op grond van die bybelse beloftes presies hoe alles tot die einde sal gebeur nie. Omdat God só groot is, is ons toekoms 'n *ope* toekoms”.

Beloftes wat as voorspellings “uitkom”, word “uitvervul”, die werklikheid waarin dit “uitkom” is presies soos die voorspelling daar uitsien.

König (1970:162) praat verder van die vaagheid van die profetiese blik. Dit is mense: “…wat al tastende na voldoende terme die beloftes onder woorde probeer bring sonder om presies duidelikheid te hê oor hoe die vervulde werklikheid daaruit sal sien”. Hy maak ook die volgende opmerking: “Hierdie vaagheid het egter ook meegebring dat die eenheid wat ten grondslag van alle Ou Testament profesieë lê, naamlik Jesus Christus, nie sonder meer uit die Ou Testament alleen af te lei was nie – en eers volledig in sig kom vanuit die vervulling wat in die Nuwe Testament beskryf word”. Hy sê oor die vaagheid dat dit opvallend is dat die Nuwe Testamentiese skrywers telkens 'n Ou Testamentiese belofte in vervulling sien gaan in meer as een fase van die geskiedenis van Jesus Christus, soos in sy eerste koms, of in die koms van die Heilige Gees, of in sy wederkoms. König (1970:195) maak dan die stelling dat die Ou Testament nie sin en betekenis in homself het nie en sê dat die vervulling van beloftes dadelik weer die bron van nuwe beloftes het. Hy stel dat ons in die heilsgebeure in Christus die ware afsluit van God se geskiedenis met Israel het en: “In Jesus kry ons weer die samehang tussen die woorde van God en sy dade in die geskiedenis”.

Volgens König (1970:452) kom Israel in toekoms-perspektief in Matthéüs 10:23; 19:28; Markus 13:30; Lukas 21:24 en Handeling 3:19-20 ter sprake. Hy stel egter dat geen uitsprake in die Nuwe Testament ons verplig om ’n ander siening oor Israel se toekoms as die van Paulus in Romeine 9-11, “wat ongetwyfeld die omvattendste, duidelikste en samehangendste in die Bybel” is, te hê nie. König voeg by dat wat die talle onvervulde profesieë in die Ou Testament oor Israel se toekoms betref dit veelseggend is dat Paulus nie na enige van hierdie profesieë verwys nie. Hy verklaar dat wanneer die aard van die bybelse beloftes en profesieë reg begryp word, nie as voorspellings wat letterlik uitkom nie, maar as beloftes van God waarmee Hy ons verras in die vervulling, sal dit blyk dat hierdie beloftes gesien moet word as vervul in die 'nuwe Israel’ en op die nuwe hemel en die nuwe aarde.

König (1970:162) verduidelik dat dit beteken dat finale insig in die eenheid van alle Ou-Testament beloftes eers vanuit die historiese werklikheid van hul vervulling in Jesus verkry word. Die Ou Testament kan nie finaal en volledig sonder die Nuwe Testament uitgelê word nie. Dit gaan in die Ou Testament beloftes dus om ’n werklikheid wat in Christus vervul word en nie om vooruitgeskrewe geskiedenis nie. König sê tereg dat in die koms van Christus “is die vervulling van die Ou-Testament profesie, en nie die modus of veelvuldigheid van sy koms nie”.

3.3.4 Jesus Christus in die Ou Testamentiese profesie

'n Belangrike vraag is: het die sentrale posisie van Jesus Christus in die Ou Testament ’n invloed in die verstaan van die profesieë?

Ons het reeds gewys op König se stelling dat dit in die Ou Testamentiese profesieë gaan om 'n werklikheid wat in Christus vervul word. König stel dat die Ou Testament nie sin en betekenis in ditself het nie. Slegs in Jesus kry ons die samehang tussen die woorde van God en sy dade in die geskiedenis (König, 1970:195).

Möller (1998:67) benader die eskatologie vanuit 'n Christosentriese paradigma. Hy wys op die posisie van Jesus in die Bybel as geheel:

> ...one should primarily pay attention to Christ and his role in creation and human history. The first coming of Jesus Christ to earth as Redeemer of the world and the subsequent era of the church is not merely an interlude or a parenthesis in history of the people of Israel. No, Christ is the Alpha and Omega, the beginning and the end, the one

> in whom everything is incorporated (Rev. 1:11, 17). He is the one from whom, by whom and unto whom all things exist (Col 1:15-17; Rom 11:36). The history of mankind begins with Him, is guided by Him and finds its climax and eternal destiny in Him. Christ does not merely join the history of Israel en route.

Möller noem dat, alhoewel die Ou Testament nie altyd direk na Jesus verwys nie, word Hy in die hele Ou Testament gevind. Dit begin in Génesis 3:15 by die saad van die vrou wat die slang se kop sal vermorsel. Jesus is die Kneg van die Here in Jesaja 52 en 53. Hy is die Kind wat gebore gaan word (Jes. 9:5) en wat genoem gaan word: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors. Jesaja 61 se profesie van die Gesalfde van die Here wat groot dinge gaan doen, pas Jesus, tot die verwondering van die Jode, op Homself toe (Luk. 4). Die Hebreërbrief praat van die geloofshelde van die Ou Testament wat die Verlosser vooruitgesien het en baie merkwaardig sê Hebreërs 11:26 oor Moses: "… (hy het) die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning". Moses (Deut. 18:15, 18, 19) het aan Israel by die Jordaan gesê dat die Here hulle God vir hulle 'n profeet opwek net soos hy: "… en Ek sal my woorde in sy mond lê, en hy sal aan julle sê alles wat Ek Hom beveel – na Hom moet julle luister". Ons sien hier 'n band tussen en die Ou Testament en die Nuwe Testament en alles loop op na een klimaks: Jesus Christus. Petrus haal hierdie woorde van Moses aan terwyl hy in die tempel met die Jode praat (Hand. 3:22). Stefanus verwys ook daarna voordat die Jode hom stenig (Hand. 7:37).

As verdere toeligting van die eenheid van die twee Testamente en die vertolking van die profesieë is dit nodig om te verwys na Möller (1998) se opmerkings oor die geskiedenis van saligheid. In die geskiedenis van saligheid is dit die sentrale posisie van Christus wat geld. Die Bybel bied nie 'n gewone geskiedenis aan nie, maar redding. Möller (1998:68) verduidelik dit soos volg:

> God's acting and speaking is intended to bring people of all times and under all circumstances to faith, and to guide them on their earthly sojourn. In history, there is a line of believers stretching from the beginning until the final end. At the end, all true believers from all times will be gathered with Christ, while the ungodly will be condemned. Thus the church is in no way a parenthesis in history. God's plan of salvation is one grand sweep without any interruption.

Möller (1998:68) se argument is dat God se verlossingplan samehangend en konsekwent is. Daar is een beginsel vir saligheid wat deur die eeue vir almal geld en dit is geloof in God en vertroue in Hom vir alles. Die verskil wat gekom het met Jesus se koms en die verkondiging van die Evangelie is dat die mens meer ingelig is dat hy God kan vertrou: "Now man can understand that

salvation history is actually about God's grace as it is revealed in the redemptive work of Christ". Die versoening is vir al die mense reg van die begin af bedoel en Möller se dan tereg dat dit duidelik is dat God nie twee geskiedenisse vir die mensdom het nie. Daar is nie 'n geskiedenis vir die volk Israel en 'n ander geskiedenis vir die kerk nie. Nee, daar is net een saligheidsgeskiedenis soos geopenbaar in Jesus Christus.

Om aan te sluit by Möller word enkele opmerkings gemaak. In die inleiding van Johannes blyk dit dat die heil in Christus in konteks staan met die skepping as hy stel: "in die begin was die Woord" (1:1). In vers 14 word die "Woord" aangewys as Christus ("en die Woord het vlees geword"). As ons aanneem dat hy ook die eerste brief sowel as Openbaring geskryf het, vind ons soortgelyke aanwysings in I Johannes 1:1: "die Woord van die lewe" en in Openbaring 19:13: "en sy Naam is: Die Woord van God". Dit mag geredeneer word dat 1:1:1 nie op 'n titel vir Christus dui nie, maar dat dit 'n uitdrukking vir die evangelie is. Die "Woord" word in konteks geplaas met die skepping (ewigheid) (1:1). Johannes 1:3: "alle dinge het deur Hom ontstaan", sluit hierby aan. In 1 Johannes 1:1 is die "Woord van die lewe" ook "van die begin af " en verder moet die "Woord van die lewe" ook in konteks van 1:1:1: "die ewige evangelie wat by God was en wat aan ons geopenbaar is" (1:1:1) gelees word. In Openbaring 14:6 word 'n verder aansluiting as Johannes skryf van: 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle die nasies en stamme en tale en volke." In samehang dat alle dinge deur Hom ontstaan het (Joh. 1:3), moet gelees word dat in Hom die lewe was, en dat die lewe die lig van die mense was. "Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld" (1:9).

Samevattend van wat alreeds gesê is, is gemeld dat die Ou Testament in terme van Jesus Christus vertolk moet word. Jesus is die lig van die wêreld en vanuit Hom moet ons die heil van God vir die mensdom sien. Die profesieë moet verklaar word in terme van wie Jesus Christus is. Die Seun van die mens en die kerk is nie 'n interspel nie en die heilsgebeure in Christus is die ware afsluiting van God se geskiedenis met Israel. Die saligheid deur die eeue is dieselfde vir al die mense (1 Kor. 1:18-25). Dit gaan in die Ou Testamentiese profesieë (beloftes) oor 'n werklikheid wat in Jesus Christus vervul word.

3.3.5 Die Judaïstiese paradigma en die letterlike vertolking van die Ou Testamentiese profesieë ten opsigte van 'n Dawidiese ryk

Möller (1998:64) verduidelik dat die Premillennialiste 'n Judaïstiese paradigma inkorporeer in hulle beskouing van die eskatologie. Die benadering word uitgebou deur Messiaanse gedeeltes in die Ou Testament te neem en lukraak met Nuwe Testamentiese gedeeltes te versoen. Die interpretasie uit die Ou Testament van 'n nasionale koninkryk van die volk Israel word byvoorbeeld verbind aan twee visioene uit Openbaring 20:4-6. Só word die Nuwe Testament dan gebruik ter ondersteuning van die leer van 'n letterlike nasionale ryk van Israel. Möller sê: "This link deemed necessary, since the Old Testament prophecies do not say anything about the thousand years, while the visions of Revelation 20:4-6 say nothing about the kingdom of Israel". Hy wys op die verskil wat voorkom in die voorstelling van die Ou Testamentiese profesieë teenoor Openbaring 20. Die skets uit die Ou Testament beeld toekomstige gebeure uit wat tot stand kom ná die finale oorwinning oor die bose. Dit stel ook 'n perfekte staat voor wat in volkome teenstelling is met die omstandighede op die aarde en wat nooit sal eindig nie, maar vir ewig sal duur (Jes. 11; 60:19-21; 63:1-6; 65:17, 19, 25; Eség… 43:7, 9; Sag. 14). Die vergelykende gedeelte in die Nuwe Testament, Openbaring 20:4-6, wat die Premillennialiste hierby laat aansluit, verskil egter en praat van die bose wat gebind word, terwyl daar in dié tyd nog sondige nasies op die aarde sal wees. Dit sal ook nie vir ewig duur nie, maar word beperk tot duisend jaar. Möller (1998:64,65) se gevolgtrekking is: "No other conclusion can be reached but that Old Testament prophecies about the Messianic kingdom deal rather with visions of a new heaven and a new earth and a new Jerusalem (Rev. 21 and 22)".

Möller (1998:65) wys voorts daarop dat dié Judaïstiese uitgangspunt beslissend by die Premillennialiste is en sê:

> The Pre-millennialistic view which originated in this way is regarded as so crucial that the clear apodictic pronouncements by the Lord Jesus concerning his second coming and matters related to it, as well as the pronouncements by Paul and others, had to be adapted and even changed to accommodate a literal thousand year kingdom of Israel on earth.

Sommige Premillennialiste verstaan die Bybel (die hele Ou Testament sowel as Openbaring 4-22) as basies handelend oor die letterlike geskiedenis van Israel. Möller (1998:65) maak die volgende opmerkings daaroor:

> Christ coming to earth, his work of redemption and the era of the church which followed, are merely interludes in history of Israel, and refer only to the New Testament till the end of Revelation 3. That is why we say that the pre-millennialistic teaching and interpretation of eschatology is based on a Judaistic paradigm.

Möller meen dat eskatologiese refleksie moet begin met wat Jesus aangaande sy wederkoms en die gebeure daar rondom gesê het. Nadat dit vasgestel is, kan die profesieë en visioene aangaande die einde vertolk word. Dit is wat onder ’n Christosentriese benadering verstaan word.

Die Judaïstiese Messiaanse verwagting was sterk tydens Jesus se lewe en het klaarblyklik ook sterk onder die dissipels geleef soos blyk uit hul vraag: ”Here, gaan U in hierdie tyd die Koninkryk van Israel weer oprig” (Hand. 1:6-8). Du Plessis (2006) meen dat Jesus se antwoord die gedagte van die verwagte Koninkryk van Israel geakkommodeer het. Dit kan bloot 'n aanname wees. Jesus se antwoord was besonder in die konteks waarin hulle reeds so baie gehoor en weet van Jesus se sending en dán tog nog vra na die herstel van Israelryk. Dit is nie vir hulle om die tye en omstandighede te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie en dan sluit Hy aan by die sending-perspektief (Joh. 20:21) wat hulle alreeds ontvang het, die Heilige Gees sal oor hulle kom en hulle sal sy getuies wees tot aan die uithoeke van die wêreld, hulle kan nie pawijoensitters wees nie (Van der Walt, 2008:18-19). In Lukas se weergawe in sy Evangelie (24:44-49) van 'n laaste gesprek van Jesus met die apostels is daar geen aanduidings van 'n verwagte Millennium nie.

Die feit dat die Jode Jesus verwerp het, dui op 'n verwagting by Jode waarin Jesus nie gepas het nie. Jesus se leer en sy optrede het nie aangesluit by hulle vertolking van die profete van 'n nasionale herstel van Israel nie. Hy het die Koninkryk van God aangekondig, maar dit is geestelik beskryf en nie as ’n koninkryk van hierdie wêreld nie (Matt. 5-7; Joh. 5:16-47; 8:12-59).

In Galásiërs 3:3: “Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle met die vlees?” is die Judaïstiese paradigma skynbaar steeds aanwesig. Paulus reageer egter daarop in 3:6, 7: “… Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham,” en in 3:14: “…sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang”. In die vierde en vyfde hoofstuk worstel hy ook met die Judaïstiese idees onder die gelowiges.

In Handelinge 15 lees ons ook die Judaïstiese uitgangspunt. Sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het aan die besnydenis en die wet van Moses vasgehou. By die vergadering het Petrus opgestaan en vertel dat God geen onderskeid gemaak het tussen die heidene en Jode nie: "Nou dan waarom versoek julle God…Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook (15:10, 11)." Op grond van Jakobus se leiding op die vergadering (15:13-21) meen Premillennialiste dat hy 'n latere Millenniumhoop geakkommodeer het. Handelinge 15 word later bespreek.

Daar is reeds gewys op die Judaïstiese paradigma van interpretasie en op van die moontlike Judaïstiese verwagtings wat in die Nuwe Testament voorkom. Jesus het egter met sy koms talle aankondigings gemaak en geleer van die koninkryk, maar nooit geleer van 'n komende nasionale ryk van Israel nie. Die klag teen Jesus voor Pilatus was een van opstand teen die keiser en teen die feit dat Jesus Homself as koning voorgehou het (Luk. 23:2). Toe Pilatus Jesus, volgens Johannes 18:33, 36, vra: "Is U die Koning van die Jode?" het Jesus geantwoord: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie". In die volgende vers het Pilatus opgemerk: "Is U dan tog 'n koning"? Jesus het geantwoord: "U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is ek gebore en hiervoor het ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem". Hierdie gedeelte ondersteun nie die gedagte van beide 'n geestelike koninkryk en 'n Messiaanse Vrederyk, soos Du Plessis (2006) dit wil hê nie. Dit het gegaan oor die klag teen Jesus dat Hy gesê het dat Hy Koning is en waarop Hy antwoord dat Hy daarvoor gebore is en daarvoor in die wêreld gekom het. Jesus is wel Koning, maar dit is nie 'n aardse nasionale ryk nie en hulle het geen gronde gehad om 'n klag van opstand teen die Romeine teen hom te lê nie.

Ander teksgedeeltes wat moeilik met die Joodse verwagting te versoen is, is waar Paulus stel dat gelowiges verlos is uit die duisternis en dat God ons: "oorgebring het in die Koninkryk van die Seun van sy liefde…" (Kol. 1:13). In Efésiërs 2:11-14 het die Jood, Paulus, die werk van Jesus soos volg omskryf : "… die wat heidene was, was sonder Christus, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die beloftes – Maar nou in Christus Jesus het julle wat ver was, naby gekom deur die bloed van Christus".

3.3.6 Hoe om tussen die letterlike en die figuurlike te onderskei

Die Premillennialiste maak dit duidelik dat hulle die profesie in die Ou Testament letterlik vertolk en waar dit figuurlik moet wees, sal die Bybel dit aandui. Kleynhans (2000:8) praat van 'n benadering wat verskil met Premillennialisme as die "… hedendaagse Skrifkritiek, die allegoriese verklaringsmetode, dit wil sê die vergeesteliking van al die profesieë is nie minder skadelik as dit kom van diegene wat in die kerk is nie. Dit is meer skadelik, omdat dit gedoen word onder die dekmantel van die godsdiens".

Möller (1998;69-73) meld dat die stellings van Millennialisme oor die letterlike vervulling van profesie indrukwekkend voorkom. Hulle neem sterk standpunt in oor die waarhede in die Bybel. Om alles egter letterlik op te neem beteken egter nie dat die uitleg suiwer is nie (Möller, 1998:70):

> The fact is that there are many examples in the Bible which cannot be taken literally, even where Holy Scripture does not indicate it as being figurative or metaphoric. We indeed believe that the Bible provides the key to distinguish the literal from the figurative interpretation. The key is incumbent on the paradigm within which we work.

Möller verwys dan na verskeie voorbeelde wat nie letterlik geneem kan word nie, soos in Openbaring 7:14, Johannes 15, Jesaja 49:14 en 52:2.

Op dieselfde wyse kan nie gedink word aan 'n letterlike groot ketting en slot waarmee die Satan in 'n letterlike afgrond gebind en verseël gaan word nie (Op. 20:1, 2). Satan is immers gees. Kan ons aanneem dat die finale oorlog gevoer word met boë, pyle, knopkieries en spiese? Die bloed van die mense wat gedood gaan word sal 300 kilometers ver vloei en so diep dat dit tot by die teuels van die perde sal kom. Möller (1998:70) sê: "To take this literally amounts to render the holy writ senseless".

Dit is ondenkbaar dat alles net letterlik of figuurlik moet wees. Die Ou Testament en Openbaring het beide letterlike en figuurlike uitsprake, maar Möller (1998:72) meen dat alle profesieë geïnterpreteer moet word. Die vraag is hoe, en volgens watter beginsel moet bepaal word wat letterlik en wat figuurlik gereken moet word? As iemand werk binne die Judaïstiese paradigma deur voor te hou dat 'n letterlike Koninkryk van Israel in die eskatologie moet figureer, is profesie vooruitgeskryfde geskiedenis: "…then it leads to them being obscurated. Then such prophecies

are not only rendered incompatible with the clear teachings of the New Testament, but also made ridiculous". As iemand die eindgebeure benader vanaf wat Christus en die apostels leer, word die gesigte en profesieë verklaar in die lig van wat verstaan word met die uitsprake van Jesus en die apostels. Möller stel dit soos volg: "Whoever interprets eschatological matters in this way, will know in the light thereof what should be taken literally and what figuratively. This also enables one to distinguish between spiritual realities and truths and that which is temporary and earthly".

Berkhof (1963:713) wys daarop dat die profetiese boeke reeds in hulself dui op 'n geestelike vervulling, soos byvoorbeeld: Jesaja 54:13; 61:6; Jeremia 3:16; 31:31-34; Hosea 14:2; Miga 6:6-8. Dit is onjuis om te sê dat die name "Sion" en "Jerusalem" altyd letterlik gebruik is: "There are passages in which both names are employed to designate Israel, the Old Testament church of God, Isa. 49:14; 51:3; 52:1,2. And this use of the terms passes right over into the New Testament, Gal.4:26; Heb. 12:22; Rev. 3:12; 21:9,10".

Die soeke na die letterlike en die figuurlike, of geestelike, raak die begrip van die Koninkryk van God. Möller (1998) wys daarop dat dit onmoontlik is om uit 'n Judaïstiese paradigma Christosentries en tegelyk Israel-sentries te wees. Anders gestel: dit is onmoontlik om aan 'n geestelike Koninkryk van God vas te hou en aan die ander kant 'n aardse politieke ryk van God te leer. Jesus het verklaar dat sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie en dit is die sentrale punt waarom alles draai. Möller (1998:69) sê voorts dat die Ou Testamentiese profesieë oor die huis van David, die Koninkryk van Israel met Dawid op die troon (Amos 9:11), alreeds in die kerk vervul is toe al die gelowiges van al die nasies verenig is (Hand. 15:13-17). Dit is nie iets wat nog in die toekoms vervul moet word nie:

> It is not something that will only be realised in some future kingdom of Israel. Thus the fulfilment of the Old Testament prophecies is the church. It is also called spiritual Israel or the 'Israel of God' (Gal 6:16).It is for this reason that it does not deal with a literal state of Israel, but with the spiritual body of Christ (the Church). Indeed, it is not even about a spiritual and literal state, as Judaism in early Christianity suggested.

Paulus verduidelik in Galásiërs 3: 8-29 vir die Jode dat die ware kinders van Abraham, nie die fisiese nageslag van Abraham is nie, maar elkeen wat tot geloof gekom het in Christus: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename volgens die belofte van God (3:28, 29)".

Du Plessis (2006) het die mening dat om die aanwesigheid van profesieë te bevraagteken, min of meer beteken om die alwetendheid van God te kritiseer. Die profesie wat hier ter sprake is, gaan oor die wederkoms en met wederkoms word bedoel Christus se koms vir die Messiaanse Vrederyk. Profesie in die Ou Testament is vir die Millennialisme vooruitgeskrewe geskiedenis.

Daar is reeds verwys na König (1970) se opmerkings dat bybelse beloftes dikwels verkeerd verstaan word as voorspellings wat presies waar word. Beloftes het sy eie aard en 'n rykdom wat so oorweldigend is dat dit nie in hierdie wêreld ten volle vervul kan word nie. Dit word eers vervul in 'n wêreld wat by God pas – in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. Möller (1998) meen ook dat die Ou Testamentiese profesieë oor Israel eerder gaan oor visioene van 'n nuwe hemel en aarde.

Daar is ook gewys na die plek wat Christus in die Ou Testament inneem. König sê die heilsgebeure van Christus is die ware afsluiting van God se geskiedenis met Israel (later word verwys na die posisie van Israel). Die ganse Ou Testament verwys na Christus en daarom funksioneer die Ou Testament nog in die kerk en word erken.

Dit is genoem dat die letterlike vervulling van profesie kan geestelik indrukwekkend voorkom, maar beteken nie dat die uitleg suiwer is nie. Die Ou Testament en Openbaring het beide letterlike en figuurlike uitsprake en alle is nie net letterlik of figuurlik nie. Daar is gemeld dat die profetiese boeke reeds in hulself op 'n geestelike vervulling dui. Möller (1998:68) is reg wanneer hy beweer dat dit onmoontlik is om in 'n geestelike Koninkryk van God te glo en dan nog aan 'n aardse en politieke ryk vas te hou. Die uitleg van die eskatologie moet begin met Christus en wat Hy aankondig oor die wederkoms. Eers nadat dit vasgelê is, kan gepoog word om die profesieë en visioene vanaf hierdie basis te verklaar.

3.4 UITSPRAKE VAN JESUS EN DIE NUWE TESTAMENTIESE SKRYWERS OOR DIE EINDGEBEURE

As die uitsprake van Jesus en die apostels die vertrekpunt van die beskouing oor die eskatologie moet wees, soos Möller (1998) voorhou, moet vasgestel word of daar enige verwysings by Jesus en die apostels is wat die leer van Premillennialisme ondersteun, of juis die idee van 'n Millennium Vrederyk uitsluit. Eers word opmerkings gemaak oor moontlike direkte uitsprake

van 'n Millenniumryk en daarna word afleidings gemaak uit die aankondigings oor die opstanding en die wederkoms.

3.4.1 Direkte aankondigings van 'n verwagte Messiaanse Vrederyk by Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers?

Jesus het baie geleer oor die eindgebeure. Gestel Hy het egter niks van die duisend jaar van vrederyk – waar Hy veronderstel is om oor die wêreld te regeer, of sy twee komste, gemeld nie, wat sou die rede daarvoor gewees het? Möller (1998:75) vra die vraag of Jesus dan net gedeeltelik geweet het van die finale gebeure, en: "…so that it was necessary for the millennialists to supplement and adapt the doctrine on eschatology by means of their interpretation of visions and dreams?" Verder stel Möller dat, as die Nuwe Testamentiese skrywers ook nie van die Millennium geskryf het nie beteken dit: " - that Paul and the other authors of the New Testament were also ignorant about the thousand years of peace on earth – something which supposed to be the fulfilment of many Old Testament prophecies!"

Daar is reeds daarop gewys dat Openbaring 20:1-6 die enigste plek in die Nuwe Testament is waar daar na 'n duisend jaar verwys word; dat daar in die gedeelte nie na Israel verwys word nie; en dat die afleiding hieruit van 'n Millenniumryk nie berus op betroubare eksegese nie. Dit was ook duidelik dat die skets wat die Ou Testamentiese profete van 'n Millennium sou voorhou, verskil van die beeld wat ons in Openbaring 20:1-6 vind. Dié twee voorstellings is nie versoenbaar nie. Verder weet ons ook dat, alhoewel Johannes in sy Evangelie en ook in sy briewe oor die wederkoms geskryf het, hy niks gemeld het van 'n toekomstige nasionale ryk van Israel of 'n Messiaanse Vrederyk nie.

By Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers vind ons dus nie 'n leer oor 'n verwagte politieke regering van Jesus nie. Volgens Möller (1998) het Jesus duidelike aankondigings gemaak oor wat met sy wederkoms sou gebeur en wat aan die einde gaan plaasvind. Hierdie uitsprake is nie die vertolking van visioene, drome of simboliek nie.

3.4.2 Die opstanding van die regverdige en die onregverdige in die Nuwe Testament

Met die term “opstanding” word bedoel dat die dooies aan die einde van die tyd uit die dood sal opstaan.

Möller (1998:76) sê daar is net een opdrag van die Here vir die opstanding en dit is bedoel vir die regverdige sowel as vir die onregverdige: “Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling” (Joh. 5:28, 29).

Martha het vir Jesus omtrent haar broer in die graf gesê: “Ek weet hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag” (Joh. 11:24). Möller (1998:76) wys daarop dat Nuwe Testamentiese Skrifte wat verwys na die opstanding uit die dode in die enkelvoud voorkom (Matt. 22:30; Mark. 12:18-26; Hand. 17:18, 32; 1 Kor. 15:13, 21, 42; 2 Tim. 2:18 en Hebr. 6:2).

Uit hierdie gedeeltes is dit onmoontlik om die opstanding van die goddeloses eers duisend jaar later, soos die leer van die aardse regering van Jesus voorhou, voor te stel.

Lukas 14:14 word deur Premillennialiste as 'n aanduiding van meer as een opstanding beskou. In die teks belowe Jesus dat daar eendag vergoed sal word in “die opstanding van die regverdiges”. Jesus wou slegs aankondig dat daar eendag by die opstanding beloning sal wees vir dié wat reg gedoen het en dat hulle nie nou moet loon soek as hulle 'n feesmaal aanbied nie.

3.4.3 Die wederkomste vir die regverdiges en vir die onregverdiges ?

In hoofstuk 2 het ons gesien dat Millennialiste histories een glorieryke koms van Jesus voorhou. Die Premillennialiste van vandag gebruik eintlik die terme “wederkoms” as die koms van Christus met die veldslag van die Armageddon voor die Millennium. Daar is 'n voorafgaande koms in die vorm van die wegraping wanneer die gelowiges Hom in die lug sal ontmoet. Dit is Christus se koms vir die regverdiges. Die gelowiges verwys waarskynlik na die wegraping as die wederkoms en nie soos die Premillennialiste wat verwys na die koms met die Armageddon as die wederkoms nie.

Die gedagte van 'n enkele wederkoms wat betrekking het op die gelowiges en die ongelowiges word in Matthéüs 12:41, 42 duidelik: “Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en – meer as Jona is hier”. Vers 42 sê ook dat die koning van die Suide saam met hierdie geslag sal opstaan en dit sal veroordeel. Möller (1998:76) sê dat dit daarop wys dat die opstanding ook die oordeelsdag beteken. In Handelinge 17:30, 31 leer Paulus die volgende: “God… verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel…”.

In Matthéüs 24:29-31 gee Jesus 'n beskrywing van die einde: daar gaan 'n verdrukking wees, en groot kosmologiese katastrofes sal plaasvind:

> ...en dan gaan die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn. Al die stamme van die aarde sal rou bedryf as hulle die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluide, en hulle sal die uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemel af tot die ander einde daarvan.

Die gebeure is duidelik 'n enkele koms van die Seun van die mens, maar die mense sal dit verskillend beleef. Hierdie aankondiging van Jesus is nie ’n aanduiding van 'n geheime wegraping nie, maar 'n verskyning wat almal sal sien en hoor.

Matthéüs 25:31, 32 het ook 'n verklaring van Jesus oor die dag wanneer die Seun van die mens kom en op sy heerlike troon sal sit. Al die heilige engele sal die dag saam met Hom kom en voor Hom sal al die nasies versamel word. Hy sal hulle van mekaar skei, het Hy gesê, soos 'n herder die skape van die bokke skei. Jesus het verskillende bestemmings vir die groepe aangedui, naamlik: vir die een groep die koninkryk wat vir hulle berei is van die grondlegging van die wêreld af en vir die ander groep die ewige straf.

“Die dag en die uur wat niemand van weet nie,” vergelyk Jesus in Matthéüs 24:36-39 met die dae van Noag. Mense sal soos gewoon leef en voortgaan en ’n ramp sal hulle onverwags oorval. Sommiges sal in die ‘ark’ gered en die ander sal deur die ‘sondvloed’ weggevoer word.

Möller (1998) wys na die gelykenisse wat Jesus gebruik het om die eindgebeure toe te lig. Dit is eenvoudige voorstellings van die inbring van 'n oes. Die eerste een is in Matthéüs 13:24-30 en

Jesus verduidelik dit in vers 36-43. Hy het gesê dat die oes die voleinding van die wêreld is. Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur (die maaiers) en hulle sal die onkruid bymekaar maak en in die vuuroond gooi en die regverdige sal skyn soos die son in die Koninkryk van hulle Vader ("die koring bymekaar in die skuur"). Die gelykenis van die visnet gaan ook oor die Koninkryk van die hemel en die voleinding van die wêreld (Matt. 13:47-51). Jesus vra eindelik: "Het julle al hierdie dinge verstaan?" Die engele bring weer die oes in. Dit word vergelyk met 'n visnet wat ingetrek word en op die strand maak hulle die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg: "Die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi" (49, 50).

In Matthéüs 24:45-51 vind ons die gelykenis van die twee diensknegte wat verantwoordelikheid moes neem oor die heer se diensvolk en in Matthéüs 25:14-30 vind ons die gelykenis van die man wat aan sy diensknegte sy besittings toevertrou het. In albei hierdie gelykenisse kry ons 'n skets van die oordeel en die verrassende beloning vir die goeie en die getroues aan die einde. Daar is geen aanduiding van 'n Millenniumregering, of dat die beloning en die oordeel deur 'n periode van 'n Millenniumregering geskei sal word nie.

Möller (1998:77) sê:

> The end will not take place a thousand years after the church has fulfilled its mandate of evangelizing all nations, and then the end will come. In Matthew 24:14 the Lord Jesus says: 'And this gospel of the kingdom will be preached in all the world as a witness to all the nations, and then the end will come.' Then we will have the end of the age about which the Lord was questioned by his disciples (Matt 24:3).

Christus het in die aankondigings van sy wederkoms nêrens 'n aanduiding gegee van 'n aardse Millenniumregering wat iewers in die toekoms lê nie. Dit is onmoontlik om die beskouing van die Premillennialiste van twee komste, die verdrukking tussen die komste en die nasionale duisend jaar van Jesus se regering in Jesus se aankondigings te lees, of, om die verskillende gebeure in te pas. In Jesus se lering is die wederkoms 'n enkele gebeurtenis wat die finale afsluiting gaan wees.

3.4.4 Wat die apostels leer aangaande die einde

Paulus het baie geskryf oor die finale gebeure en word dikwels deur die Premillennialiste aangehaal, byvoorbeeld oor die sogenaamde wegraping (Rom. 5:9; 1 Kor. 15:51, 52; Fil. 3:21; 1 Tess. 1:10; 4:15-17; 5:9; 2 Tess. 1:7, 8, 10). Die gedagte van 'n wegraping word later in groter besonderheid behandel.

In Paulus se verhoor voor die goewerneur Felix (Hand. 24) sê hy, terwyl hy verklaar dat hy alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is, in vers 15: "… dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges". Hier is duidelik nie sprake van twee opstandings nie. In Romeine 2:5-10 beskryf Paulus die oordeel. Dit is ook een gebeurtenis soos met die opstanding, terwyl daar 'n verskil in uitkomste is, naamlik dié van een groep wat "eer en onverganklikheid soek- (ontvang) die ewige lewe; maar aan die wat… aan die ongeregtigheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn".

In 1 Tessalonisense 5:1-11 maak Paulus melding van die dag van die Here wat kom soos 'n dief in die nag. Die kinders van die lig sal gered word, maar die kinders van die duisternis sal deur 'n skielike verderf oorval word. Dit is 'n enkele onverwagte gebeurtenis vir beide groepe en niks laat die gedagte dat die kinders van die duisternis eers die oordeel ná 'n Millenniumryk sal ervaar nie.

2 Tessalonisense 1:7-10 bied vir ons 'n beskrywing van die koms van Jesus met sy magtige engele uit die hemele. Paulus sê van hierdie geleentheid:

> …en aan julle lyding en ons sin, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus… uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en die wat die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam nie. Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy magtige heerlikheid. Dit sal gebeur op dié dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur die wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo.

Dit is onmoontlik om die duplisering van Premillennialisme hierin te lees. Dit is gebeure wat plaasvind met die verskyning van Jesus. Dit is die eenvoudige hoop van die kerk en daar is geen aanduiding van 'n duisend jaar nasionale regering waar Jesus eers 'n aardse ryk moet bedryf om koning te wees nie.

Petrus skryf (2 Pet. 3:7-14) ook dat die wederkoms van Jesus sal wees soos 'n dief in die nag en volgens sy aankondiging is dit duidelik dat dit ’n groot, enkele en die finale gebeurtenis sal wees. Met die koms van Jesus sal “… die hemel deur vuur vergaan en die elemente sal brand en versmelt (12). Daarna kom daar 'n nuwe hemel en nuwe aarde”. Möller (1998:78) meld dat Petrus in vers 12 na ’n dag verwys wat die gelowiges verwag en wat hulle deur hulle optrede kan verhaas. Volgens Petrus se aanduiding is daar volkome sekerheid dat daar nie nog ’n ander dispensasie van duisend jaar na hierdie op die aarde sal wees nie. Christus se terugkoms beteken inderdaad die einde van alles op die huidige aarde.

Johannes skryf in Openbaring 11:18 van die Here God wat kom in die eindtyd en aan sy diensknegte loon sal gee en die kwaaddoeners vernietig. Daar is nie 'n verloop van duisend jaar tussen die gebeure nie.

Samevattend kan gesê word dat, volgens die uitsprake van Jesus, Paulus en ander Nuwe Testamentiese getuies, daar sekerheid is ten opsigte van 'n enkele koms van Jesus aan die einde. Die wederkoms van Jesus is die afsluiting van alles in die wêreld, die huidige aarde (2 Pet. 3:7-14). Daar is een opstanding uit die dood – sommiges tot die ewige lewe en ander tot ewige veroordeling. 'n Toekomstige dispensasie van duisend jaar, waar Jesus as die Seun van Dawid oor die nasies sal regeer, word nie deur Jesus of die Nuwe Testamentiese skrywers voorgehou nie.

3.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KERK EN ISRAEL

Ter inleiding word enkele opmerkings oor die verhouding tussen die kerk en Israel gemaak en dan word gewys op afleidings wat reeds in die werkstuk oor die posisie van die kerk as die Israel van God na vore gekom het.

Die siening van 'n verwagte nasionale herstel van Israel en die Dawidiese Koninkryk, noop Premillennialiste om die gedagte van 'n geestelike Israel te verwerp. Dit beteken dus dat die siening van die verhouding tussen die kerk en Israel bepalend kan wees vir die geloof in 'n Millenniumryk, al dan nie. Die terme *geestelike Israel* kan ook gestel word as die “ware Israel”, “die Israel van God” (Gal. 6:16) of die “volk van God”, of soos die Premillennialiste sê: “die kerk met Israel gelyk gestel.”

Met hierdie studie is reeds vasgestel dat die Millenniumidee van buite-bybelse bronne gebruik gemaak het en dat die sewe dae in die skeppingsverhaal vergeestelik is – die Sabbat dui die duisend jaar van die vrederyk aan. Daar is ook gewys op die bydrae van die Judaïstiese verwagtings en apokaliptiese literatuur in die ontwikkeling van dié tussentydse ryk.

Verder het dit uit die ondersoek duidelik geblyk dat die hele Bybel oor Jesus Christus gaan. Die heilsgebeure in Christus is die ware afsluiting van God se geskiedenis met Israel. God was deur Israel oppad na al die nasies toe (Gen. 12:3; Gal. 3:8; Hand. 13:47; Jes. 42:6; 49:6). In Christus Jesus sien ons nou die verbonde en beloftes (Ef. 2:12,13) en die werklikheid van God se volk. In Romeine 2:28, 29 (1983) lees ons: "Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie". Paulus skryf in Romeine 9:8 (1983): "dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word". Dit gaan in die Ou Testament profesieë (beloftes) oor 'n werklikheid wat in Jesus Christus vervul word.

Dit is ook aangetoon dat die vertrekpunt van die eskatologie die duidelike uitsprake van Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers behoort te wees en vandaar moet die visioene en gesigte geïnterpreteer word. Vanuit hierdie vertrekpunt ontbreek aanduidings van 'n duisend jaar Messiaanse Vrederyk. Die gebeure rondom die sogenaamde aardse ryk van Jesus (twee opstandings, twee wederkomste met die verdrukking daartussen), kan nie in Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers se aankondigings ingepas word nie.

Die profetiese boeke, soos Jesaja 54:13, dui reeds in hulself op 'n geestelike vervulling: "En julle kinders sal deur die Here geleer wees…" en 61:6: "Maar julle sal priesters van die Here genoem word; aan julle sal gesê word: Dienaars van onse God!" (Jer. 3:16; 31:31-34; Hos. 14:2; Miga 6:6-8). Die naam "Sion" dui nie altyd letterlik 'n berg aan nie. In Jesaja 49:14; 51;3; 52:1,2 verwys dit na God se mense. Dit is egter eers in die lig van die Nuwe Testament dat daar meer volledige insig in God se geskiedenis van redding in die Ou Testament kom. God is deur die eeue heen besig om mense tot geloof te bring, hulle te begelei om eendag volkome met Christus te verenig (Matt. 8:11; Rom. 15:9-13; Gal. 3:14; Op. 5:9, 7:9). Die kerk is nie 'n tussenfase of 'n tydelike plaasvervanger in God se geskiedenis met Israel nie, maar is God se ononderbroke plan

van redding (Gen. 3:15, 12:3; Jes. 9:1-6; 52; 53 Gal. 3:8, 9, 29; Ef. 1:4; 2 Tess. 2:13). Die Ou Testamentiese profesieë oor die huis van Dawid (Amos 9:11), is alreeds in die kerk vervul toe al die gelowiges van al die nasies verenig is (Hand. 15:13-17), die "Israel van God" (Gal. 6:16).

Die Nuwe Testament verwys egter na Israel en die kerk, soos die Premillennialiste sê, as onderskeie werklikhede en hulle voer aan dat dit daarop neerkom dat die regering van Israel in die eindgebeure sal figureer, of anders gestel: die Kerk van Jesus Christus is daarom nie die geestelike of ware Israel nie. Verder meen hulle ook dat daar Nuwe Testamentiese uitsprake is wat wys op 'n toekomstige nasionale ryk van Israel en dan is daar Skrifte wat beide die idee van 'n geestelike koninkryk (die kerk) sowel as die Messiaanse Vrederyk beliggaam. Vervolgens word kortliks aan van hierdie verwysings aandag gegee.

3.5.1 Argumente van Premillennialiste ten opsigte van die kerk-Israel-verhouding

3.5.1.1 Die terme "Jode" en "heidene" in die Nuwe Testament

Du Plessis (2006:189, 190) sê: "In die Pauliniese teologie word die Jode en die heidene konsekwent as twee afgeskeie sosiologiese groothede aangetref". Hy verwys na 'n reeks Pauliniese aanhalings en bespreek 'n paar van hulle (Rom. 4:9; 1 Kor. 1:22,23; Gal. 2:7; Ef. 2:17).

In Romeine 4:9 vestig Du Plessis sy argument op die verwysing na "besnedenes" en "onbesnedenes" in die teks wat dan op die "afgeskeie sosiologiese groothede" dui. Paulus se vermelding van die twee groepe, besnedenes en onbesnedenes, meen hy dui daarop dat die konsep van die kerk wat die geestelike Israel verteenwoordig in die teks van die Nuwe Testament ontbreek. Paulus wil egter juis in die konteks die eenheid van die vryspraak wat deur geloof in Jesus Christus kom, verduidelik (4:6, 7). In Christus Jesus is daar 'n eenheid oor alle grense heen. In vers 16 het hy geskryf:

> Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag sal bly vir sy hele nageslag. En sy nageslag is nie net die wat die wet ontvang het nie, maar ook die wat glo soos Abraham geglo het. Hy is immers die vader van ons almal, soos daar geskrywe staan: 'Ek het jou die vader van baie nasies gemaak'.

Dieselfde gebeur in die konteks van 1 Korinthiërs 1:22, 23: "… 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke". Du Plessis meen die noem van "Jode" en "Grieke" hier is 'n bewys

dat die konsep van 'n geestelike Israel grootliks 'n dwaalleer is. Du Plessis gebruik Galásiërs 2:7 waar Paulus skryf dat die Evangelie vir die onbesnedenes aan hom toevertrou is en dié vir die besnedenes aan Petrus as bewysteks om aan te toon dat daar "duidelik twee afgegrensde groepe" is (Du Plessis, 2006:190). Maar in vers 14 (Gal. 3), toe Paulus sien dat Petrus nie volgens die waarheid van die Evangelie wandel nie, het hy hom bestraf: "…het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?" Die teendeel wat Du Plessis beweer is dus waar, want die sogenaamde twee "afgeskeie sosiologiese groothede" is volgens Paulus een in die nuwe werklikheid in Christus Jesus: "Daar is nie meer Jood of Griek nie,…julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Gal. 3:29).

Die argument van "afgeskeie sosiologiese groothede" (Jode en heidene of Grieke, besnedenes en onbesnedenes), soos Du Plessis dit beskryf, kan nie gebruik word word om 'n toekomste nasionale Israel ryk te ondersteun nie, of anders gestel, kan nie gebruik word om 'n wyer voorstelling van God se volk in Jesus Christus te ontken nie. Met die koms van Jesus Christus, die Messias, is dit duidelik dat God die hele wêreld in sy visie het (Joh. 3:16-18; 1 Joh. 4:9; Rom. 5:8; 1 Tim. 2:1-7; 4:10). Inteendeel, ons kan sê dat God van die begin af en dwarsdeur die verloop van die geskiedenis, nie so 'n "afgeskeie sosiologiese groothede" in gedagte gehad nie. God was deurlopend betrokke by die ganse mensdom en die skepping wat Hy gemaak het (Gen. 9:9-17). In Efésiërs 1:4, 5 lees ons: "…soos Hy ons uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld…. Deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus, na die welbehae van sy wil". Die posisie van Israel in God se plan word later in die studie behandel.

3.5.1.2 Premillennialiste: die Nuwe Testament leer nie dat die kerk die nuwe Israel is nie

Du Plessis (2006:190) verwys na ses-en-sewentig teksgedeeltes waar die terme *Israel* of *Israeliet* in die Nuwe Testament aangetref word en sê dat in nie een van dié gedeeltes gesê word dat die kerk Israel is nie. Dit is nie noodwendig 'n argument teen die gedagte van die kerk-Israel-verhouding nie. Die eerste voorbeeld wat hy aanhaal is Matthéüs 2:6: "…want uit jou (Betlehem) sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees". In dié gedeelte gaan dit om

die wyse manne uit die Ooste wat navraag gedoen het oor waar die Koning van die Jode, wat gebore is, Hom bevind. Belangrik in hierdie gedeelte is, is dat God die manne uit die Ooste gebring het en dat hulle voor die Kindjie neergeval en Hom aanbid het. God maak hulle ook deel van die gebeure en van dié wat die Koning aanbid.

Aan die ander kant kan ook gesê word dat nie een van die ses-en-sewentig skrifgedeeltes wat Du Plessis gebruik, bewys dat die Nuwe Testament 'n toekomstige Israel ryk verwag nie.

3.5.1.2.1 Galásiërs 6:11-16

Du Plessis (2006:191) meen dat slegs een keer in al die ses-en-sewentig skrifgedeeltes die onmiddellike betekenis van die terme Israel nie voor die hand liggend is nie, naamlik Galásiërs 6:15, 16 (1983): "Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is. En almal wat volgens hierdie beginsel leef, die ware Israel – mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys". In die teks praat Paulus van die besnedenheid en die onbesnedenheid en met die *besnedenheid*, meen Du Plessis, is opsigtelik die volk Israel betrek. Hy meen dat die apostel aan die einde van sy oorweging sê: "En mag daar vrede en geregtigheid wees aan almal wat wandel volgens hierdie reël (dws wat slegs in die kruis roem, soos hyself, en nie in die besydenis nie), *en* oor die Israel van God (6:16). Die wat hierdie reël volg (roem in die kruis) is nie Israeliete nie. Vrede en barmhartigheid vir hulle en ook vrede en barmhartigheid vir Israel wat nie hierdie reël volg nie." Die gedeelte wil egter die teenoorgestelde leer as wat Du Plessis beweer. Paulus sê in vers 15: "Of 'n mens besny is of nie, is nie van *belang* nie, maar dat jy *'n nuwe mens* is". Hierop sê hy dan verder: "En almal wat volgens hierdie beginsels leef, die ware Israel – mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys" (Bybel, 1983). Du Plessis maak gebruik van die vertaling wat lees: "…*en* oor die Israel van God." Rendal (1970:191) wys op die "en" in die teks: "*Kaí* (Grieks) is not properly copulative here, but intensive. Those who walk by the rule of the Spirit are declared to be indeed the true Israel of God, not the Jews who have the name of Israel, but are really only children of Abraham after the flesh". Du Plessis se interpretasie pas nie in die konteks nie en voorts vind ons in Galásiërs 6:16 'n verwysing na 'n "geestelike Israel".

Du Plessis (2006) se argument kan dus beteken dat die Israel groep gaan roem in die besnydenis. Möller (1998:69) is dan reg wanneer hy sê: "In their striving for this (political kingdom of Israel),

they inevitably end up on the way of the Law and the covenant of circumcision". In Filippense 3:3 lees ons: "Ons het die ware besnydenis, ons wat God deur sy Gees dien, ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op die uiterlike dinge vertrou nie." Is daar dan twee planne vir saligheid?

3.5.1.3 Sekere uitsprake in die Nuwe Testament wat sou dui op die nasionale bestaan van Israel in die eindtyd

Die Nuwe Testamentiese gedeeltes wat na bewering 'n toekomstige staat van Israel aan die einde voorstel, is onder andere: Matthéüs 19:28; Lukas 22:29-30; 21:12-14; Romeine 11:25-26; Handelinge 3:19-26; 15:14-18; Openbaring 7:4; 20:2-4.

Omtrent 'n nasionale herstel, bekering en figurasie van Israel in die eindtyd sê Berkhof (1963:699):

> It is not taught nor even necessarily implied in such passages as Matt. 19:28 and Luke 21:24, which is often quoted in its favor. The Lord spoke very plainly of the opposition of the Jews to the spirit of the Kingdom, and of the certainty that they, who could in a sense be called children of the Kingdom, would lose their place in it.

Hy haal dan verskeie gedeeltes aan, soos byvoorbeeld Matthéüs 8:11, 12: "… baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis". Johannes die Doper het dit soortgelyk as Jesus aan die Joodse leiers gestel: "Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: 'Ons het Abraham as vader' nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders van Abraham verwek. Die byl lê klaar teen die wortels van die boom" (Matt. 3:9,10).

König (1970:452) verwys na Matthéüs19:28; Lukas 22:30; 21:24 en Handelinge 3:21 en sê: "Geen van hierdie Nieu-Testamentiese uitsprake noop 'n ander visie op die toekoms van Israel as die van Paulus in Romeine 9-11 nie, wat ongetwyfel die omvattendste, duidelikste en samehangendste in die Bybel is". König (1970:414) verwys na Ridderbos wat gesê het dat die bekering van die "hele Israel," wat nog nie plaasgevind het nie en langs 'n ander weg as die normale evangelieverkondiging in die geskiedenis sal geskied, 'n merkwaardige uitwas is van die

teologiese denke oor Israel. Dit pas in geen enkele opsig in die heilshistoriese gedagtegang van Romeine 9 -11 nie. Later word weer hierna verwys.

3.5.1.3.1 Matthéüs 19:28; Lukas 22:29: "(die apostels) die twaalf stamme van Israel sal oordeel (regeer)"

Hierdie gedeeltes is belangrik vir die Millennialiste en wys volgens hulle op Israel in die eindgebeure. Matthéüs 19:28 en Lukas 22:30 handel oor die beloning wat Jesus se volgelinge, wat 'n prys betaal om Hom te volg, sal ontvang. In die ewige lewe sal daar loon wees.

Eerstens kan gesê word dat Jesus simbolies praat. Hy gebruik beelde vir die vreugde en beloning wat hulle sal ontvang, soos om te: "…eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel". In Matthéüs 19:29 sluit Hy ook meer as "die twaalf" in met: "En elkeen," en Jesus gee meer besonderhede van die beloning. Hy praat die beërwing van die "ewige lewe" ook van die ontvangs van honderd maal soveel huise, broers, susters, vaders, moeders, vroue, kinders en grond, in hierdie lewe. Kan die baie vroue letterlik bedoel wees? Verseker nie. Verder sien ons dat Jesus sy antwoord op Petrus se vraag oor wat hulle sal kry as beloning (19:27) inlei met: "Wanneer alles nuut (in die wedergeboorte) gemaak word, en as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit…". Dit kan net op die ewigheid hierna, wanneer alles nuut gaan word, wys. Geldenhuys (1969:565) sê: "The expression 'the twelve tribes of Israel' is not intended literally, but is 'a conventional expression for the members of the kingdom' (V. Taylor, op.cit., 289)". Daar sal beloning wees vir aardse getrouheid, maar in geeneen van die gedeeltes kan enigiets oor 'n duisend jaar aardse regering afgelei word nie.

3.5.1.3.2 Lukas 21:20-24; "tot die tye van die nasies vervul is;" Romeine 11:25-26: "totdat die volheid van die heidene ingegaan het (en so sal die hele Israel gered word)."

Du Plessis (2006:302, 303) meen dat Paulus in Romeine 11:25, 26: "…totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word", aansluit met die "treffendste profesieë" van Jesus, soos hy dit stel, in Lukas 21:24: "En Jerusalem sal vertrap word deur die nasies (nie Jode) totdat die tyd van die nasies vervul (totdat ook hulle tyd verby) is".

In Lukas 21:20-24 reageer Jesus op die dissipels se navrae oor die teken van sy koms en wanneer die voleinding van die wêreld sal wees (Matt. 24:3; Luk. 21:7). Hy vertel hulle van die dinge wat gaan gebeur en ook die verwoesting van Jerusalem. In 21:24 sê Jesus dat: "Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul (totdat ook hulle tyd verby) is" In vers 25 en 26 beskryf Jesus wat verder gaan gebeur en in vers 27 kondig Hy aan: "En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom". Hier is geen aanduiding van 'n tydrooster van heil, eers vir die nasies "…die tyd van die nasies vervul is," en dan weer vir Israel nie. In vers 35 verduidelik Jesus dit so: "Want soos 'n strik sal hy (die dag) kom oor almal wat op die hele aarde woon". Jesus sluit al die mense op die aarde in en is besig om die einde van die teenswoordige wêreld aan te dui. Die uitdrukking "totdat die tye van die nasie vervul" moet dus dui op die voleinding van die wêreld (21:7). Geldenhuys (1969:536) sê: "Christ nowhere implies that the 'times of the Gentiles' will be followed by Jewish dominion over nations. The kingdom of this world is to give place to 'the kingdom of our Lord and his Christ' (Rev. 10:15) – not a glorified Jewish kingdom, as certain modern chiliasts hold, but the eternal reign of God".

Wat Romeine 11 betref gaan dit by die Millennialiste veral oor die gedeelte: "…totdat die volheid (die volle getal) van die heidene ingegaan het; en so (op hierdie manier) sal die hele Israel gered word…" (25, 26). Dit wys daarop dat God, aan die einde van die kerkperiode, nadat die deur van genade toe is, weer met sy geliefde Israel sal deel "en so sal die hele Israel gered word" (Du Plessis, 2006:280).

In Du Plessis (2006:277-281) se uitleg van Romeine 11 werk hy met drie groepe Jode: die Esau-Jode, die Jakob-Jode en die volk Israel. Hy verduidelik dat in perikoop twee (11:11-24) die redding van individuele Jode behandel word. Die derde perikoop (25-32) handel oor die redding van die volk Israel by die wederkoms (die koms met die Millennium) van Jesus. Die Esau-Jode is hulle wat Jesus verwerp het, maar wat na die opstanding, deur die ruimte wat die Nuwe Verbond skep, weer deel kan kry aan die verlossing. Hy stel dat die Jakob-Jode, wat die uitverkore deel van Israel is en wat Jesus aanvaar het, ontvang wat Israel gesoek het, naamlik, die Messias. Hulle deel in die verkiesing van genade. Daar kan gevra word: is daar 'n verskil in die wyse van redding van dié twee groepe – ruimte wat die Nuwe Verbond skep en verkiesing deur genade? Du Plessis leer: "Selfs dié Jode wat gedurende die Aurora Christi [in die genade tyd en die Esau-Jode] nie uitverkore was nie, is onder die dekking van die Nuwe Verbond tot die saligheid uitgenooi." Die Esau-groep se verwerping was noodsaaklik vir God se raadsplan vir die

kruisiging van Jesus – dit was die groep se funksie en is volbring . Du Plessis (2006:279) stel: “Indien hulle (Esau-Jode) nie in ongeloof bly nie, kan hulle ook ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent.” (11:23). Die verharding het “slegs vir 'n bepaalde periode (= tot by die kruisiging van Jesus) voortgeduur”. Tog wil dit blyk dat Du Plessis die groep van die Esau-Jode se verharding ook by die einde, wanneer God Hom weer tot die volk Israel sal wend, implementeer: “Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heiden nasies in die koninkryk ingegaan het; en op hierdie manier sal die hele Israel gered word” (11:25b, 26). Die derde groep Jode, die volk Israel, se verwerping sal voortduur totdat God se handeling met die heidene tot 'n einde kom, die genadedeur toegemaak word. Dan breek die volk Israel se groot tyd aan – die Koninkryk van God in die Millennium en die hele Israel word gered. God het 'n liefdesverbond met hulle en daar is 'n baie spesiale toekoms vir hulle. God sal weer met Israel as 'n volk handel nadat Sy werk met die heidene voltooi is.

Daar was dus deur die eeue Esau-Jode en Jakob-Jode, soos Du Plessis (2006) hulle noem, wat tot geloof in Jesus gekom het en deel het in die saligheid. Die vraag kan gevra word: val hulle buite die liefdesverbond van God met sy geliefde Israel? Waar pas hulle in by die bemindes ter wille van die verkiesing van Abraham, Isak en Jakob en by God se genadegawes en roeping wat onberoulik is – wat Du Plessis ten opsigte van Israel beklemtoon? Volgens Du Plessis, soos reeds gemeld, sal God wanneer Hy aan die einde van die kerkperiode die deur van genade toemaak, weer met sy geliefde Israel deel (Romeine 11:26-27; kyk ook Jes. 59:30-31) en so sal die hele Israel gered word. Die Verlosser sal dan uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend en dit is God se verbond met hulle wanneer Hy hulle sondes wegneem. Uit hierdie siening van Du Plessis kan slegs die afleiding gemaak word dat ons hier met twee wyses van saligheid te doen het. Die eerste weg tot saligheid is gedurende die genadetyd deur geloof in Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees. Die tweede gaan gepaard met die koms van Christus vir 'n nasionale regering op die aarde. Volgens Berkhof (1963:711) handhaaf die Premillennialiste die mening dat die prediking van die genade deur Jesus Christus as ’n mislukking bewys sal word en nie baie tot bekering sal kom nie. Aan die einde van die dispensasie sal Christus skielik kom en dit sal ’n grootskaalse bekering aan die hand werk. Dit wil voorkom asof Du Plessis self hierdie spanning van twee wyses van saligheid agterkom as hy verduidelik dat “die plan van God met Israel en met die kerk is sy eie. Niemand het God van advies bedien oor hoe Hy Hom in sy heilsgeskiedenis moes betrek nie. Niemand het God

omgekoop sodat Hy na iemand se pype sou dans nie (Rom. 11:35)". Die heerlikheid kom die Here toe. Dit is wat ons, volgens Du Plessis (2006:281), in die lofsang van die doksologie vind (11:33-36).

Möller (1998:93, 94) leer, na aanleiding van die olyfboombeeld, dat die gelowige aardsvaders Abraham, Isak en Jakob die stam en die wortels verteenwoordig. Vanaf hulle, as die stam, het die volk van Israel ontwikkel as takke. Baie van die takke is weens hulle ongeloof afgebreek en baie van die heidene is deel gemaak van die boom omdat hulle Christus as Verlosser aangeneem het. Möller verduidelik verder:

> Thus they became spiritual descendants of Abraham, the father of all believers – both those from literal Israel and those from the heathen nations (Rom 4:10-17)…Paul admonishes the believers in Rome not to revel in the fact that they were grafted into the planted olive tree, while literal Israel, as the natural branches, have been broken off (Rom 11:19-23). This is, after all, about God's mercy towards those who have believed, and not about any merit on the basis of good works in compliance with the law. If the heathens, as branches of a wild olive tree could be grated so easily, how much more readily can the natural branches be grafted in again into the good olive tree – if they were to repent (Rom 11:24).

Vers 22 vers lees: "Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook afgekap word." In hoofstuk 11:1-5 sê Paulus dat God nie sy volk verstoot het nie, maar dat daar 'n oorblyfsel is soos in Elia se tyd: "Nét só is daar in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade" (vers 5).

Möller merk op dat alhoewel God 'n spesiale geneentheid tot die volk Israel het – "ter wille van die vaders" (11:28, 29) – moet hulle ook, soos enige iemand anders, glo in Christus om gered te word. Dit moet binne die aangewese tyd van genade wat met die wederkoms van die Here beëindig word, gebeur.

König (2001:331, 332, 217) verklaar dat die Jode van die mak olyfboom afgebreek is omdat hulle die Messias verwerp het. Maar Paulus se siening oor sy hele heiden-sending is om die Jode, deur die gelowige heidene, jaloers te maak op hulle Messias – "as ek tog my volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!" (11:14). Paulus verwag nie 'die einde' in die verre toekoms nie; ook nie 'n ander soort bekering van Israel as waarmee hy besig is". König noem ook dat Paulus in sy hele bediening op hulle eindbekering gerig is: "'Op die manier' (nie 'dan' nie) sal die hele Israel

gered word (Rom. 11:26)". Paulus stel dit ook duidelik waarom God Hom oor sekere mense ontferm (omdat hulle glo), en ander verhard (omdat hulle nie glo nie). Dit is ook die slotsom van Romeine 11 dat Israel wat die mak takke is uit die mak olyfboom uitgekap is "omdat hulle nie geglo het nie", en dat die heidene geënt word omdat "hulle glo" (11:20).

Romeine 11:25 sê dus nie: "en dan (nadat) sal die hele Israel gered word nie," maar "en so (op die manier) sal die hele Israel gered word". Uit die genade van God (Rom. 11:5,6) word Jood en heiden gered, maar elkeen moet in Jesus Christus glo om gered te word (Joh. 3:36; Rom. 3:21-25). Die redding gebeur binne die vasgestelde tyd van genade tot met die koms van Jesus (Hand. 17:30, 31; Matt. 13:36-52; 24:50, 51). Die "hele Israel", Joodse en heiden-christene, moet na aanleiding van die konteks die volle getal van gelowiges in die kerk insluit. Dit is God se nuwe olyfboom.

3.5.1.3.3 Openbaring 7:4: "…144 000 verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel"

Daar word ook verwys na Openbaring 7:4 waar ons lees van die honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel. In vers 5 het ons presies 12 000 wat uit elke stam kom, dit maak 'n letterlike verklaring nie moontlik nie. Du Rand (2007:302-305) wys daarop dat die twaalf stamme nie meer letterlik aan die einde van die eerste eeu na Christus bestaan het nie. Volgens hom is die 144 000 wat verseël is 'n direkte reaksie op die martelare se smeekgebede in 6:9-11 en die opdrag aan hulle om nog 'n klein rukkie te wag. Die 144 000 dui dan daarop dat die getal voltallig is. By wyse van interpretasie sou 'n mens kon sê: "voltalligheid is 144 000". Du Rand meen dat hulle in hoofstuk 7:9-17 'n ontelbare menigte "uit alle nasie en stamme en volke en tale" genoem word. Dieselfde groep van 144 000 kry ons in 14:1-5 en hier blyk dit net manne te wees, terwyl daar in 7:4 ook vroue moes wees in God se volle getal. "Die 144 000 wat verseël is (7:4-8), is God se volle getal wat nog in hulle aardse stryd beskerm moet word, en die groot menigte (7:9) is God se volle getal wat vanuit 'n hemelse hoek beskryf word. Ook die 144 000 in 14:1-5 is God se volle getal wat triomferend saam met die Lam bymekaarkom", aldus Du Rand. Hy meen dit kan nie letterlik stamme van Israel wees waarvan gepraat word nie. Hy wys daarop dat ook in Openbaring 21:12-14 die groter samehang van die boodskap van die Ou en Nuwe Testament bymekaar kom. Die name van die twaalf stamme is op die poorte van die nuwe Jerusalem aangebring, terwyl die stad twaalf fondamente het met die

name van die twaalf apostels van die Lam. "Die getal 12 verwys in Openbaring nie meer na die letterlike stamme van Israel nie, maar na die kerk" (Du Rand, 2007:304). Achtemeier, Green and Thompson (2001:561) stel ook dat die getalle in Openbaring hoogs simbolies is. Die 144 000 verseëldes ontwikkel deur vermenigvuldiging van 12 x 12 x 1000 wat die groot menigte van vers 9 aandui. "The formulaic and repettive use of numbers underscores their symbolic function" (Achtemeier, Green and Thompson, 2001:562).

3.5.1.4 Skrifte wat beide die geestelike koninkryk (kerk) en die Messiaanse Vrederyk sou beliggaam

Die Premillennialiste verwys na Skrifgedeeltes, wat volgens hulle, beide die geestelike koninkryk (kerk) en die Messiaanse Vrederyk beliggaam (Du Plessis, 2006:270-277).

3.5.1.4.1 Handelinge 3:19-26 – "tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge" (3:21)

Sommige skrifinterpreteerders, veral diegene wat die kerk-is-Israel-dwaling ondersteun, word deur die Millennialiste daarvan beskuldig dat hulle "die wederoprigting van alle dinge" (3:21) interpreteer as verwysend na die volmaakheid van die hiernamaals. Volgens die Millennialiste verwys die "wederoprigting van alle dinge" na die vestiging van die Messiaanse Vrederyk. Du Plessis (2006:271, 272) voer eerstens aan dat die betekenis van die Griekse woord "*apokatastasis*" (wederoprigting) wat gebruik word, letterlik beteken om iets na 'n "vorige goeie toestand/staat te herstel". Die gevolgtrekking wat hy maak, is: "Apokatastasis kan dus nie na die hiernamaals verwys nie, aangesien dit na 'n toestand verwys wat tevore op aarde bestaan het…. inderdaad na die wederoprigting van alle dinge onmiddellik na die wederkoms van Christus, wanneer Hy die Messiaanse Vrederyk vestig". Verder meen hy dat die eerste gedeelte van vers 21: "Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het" (1983) ("Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alla dinge" {1953})" leer dat Jesus in die hemel bly tot hy met die wederkoms die Millennium Vrederyk kom vestig en die aarde herstel soos wat dit voor die sondeval in die tuin van Eden was. Die wederoprigting van alle dinge wys dan gevolglik nie na die nuwe hemel en nuwe aarde in die hiernamaals nie, maar na 'n tipe Eden gedurende die sogenaamde duisend jaar aardse regering van Jesus.

Petrus haal wat Moses gesê het met betrekking tot ’n Profeet (Jesus) wat sal kom (Deut. 18:15, 18, 19) aan in Handelinge 3:19-26. Du Plessis (2006) beweer ten opsigte van Moses se uitspraak: “Die voorspelling deur Moses is reeds gedeeltelik by die eerste koms van die Here vervul. Jesus het inderdaad in sy bediening tydens die Aurora Christi as Profeet opgetree”, maar in Handelinge 3:23: “En elke siel wat nie na die Profeet luister nie, sal *uit die volk uitgeroei word*,” dat daar, volgens hom, na die Messiaanse Vrederyk gewys word. Die argument wat hy daarvoor aanvoer, is:

> …niemand wat die Profeet ongehoorsaam is, word nou uitgeroei nie – hulle gaan met hulle sondige lewe voort. In die hiernamaals sal niemand ooit uitgeroei word nie, want daar sal nie sonde bestaan nie. Die woorde van Petrus ‘elke siel wat na die profeet nie luister nie, sal uit die volk uitgeroei word’ is ook nie by Jesus se eerste koms vervul nie – alhoewel Jesus as Profeet opgetree het, het Hy nie as Regter funksioneer nie.

Hieruit lei du Plessis af: “Dit verwys na die tweede koms, na die apokatastasis, wanneer die Profeet, die Messias, as Regter oor die ongelowiges sal optree tydens die Messiaanse Vrederyk (Miga 4:3)” (Du Plessis, 2006:272). Volgens hierdie uitleg, meen hy, het ons hier die voorstelling van die geestelike koninkryk (die kerk) en die Messiaanse Vrederyk.

Insake die Millennialiste se idee van 'n regterlike funksie of regeer met 'n ysterstaf wat in vers 23 na vore kom en wat sou dui op 'n Millenniumryk, sê Knowling (1970:118) dat “uit die volk uitgeroei word” 'n algemene uitrukking is wat Petrus gebruik het. Dit kom in die Ou Testament in Génesis 17:14; Exodus 12:15, 19; Levitikus 17:4,9; en Numeri 15:30 voor. Hy sê van die uitdrukking: “…they need not to refer to anything more the penalty of the death of the body, and is not necessary to see in them here any threat of eternal punishment”. Met ander woorde die uitdrukking wat Petrus gebruik het, was 'n bekende en algemene waarskuwing teen ongehoorsaamheid aan God en is geen aanduiding van 'n sekere soort regering wat in 'n sogenaamde Millennium sal geld nie.

In die perikoop wou Petrus die verbaasde skare by die tempel oorreed om hulle te bekeer. Hulle moet luister na alles wat die profeet, Jesus, soos Moses hulle beveel het, met hulle sal spreek. Petrus voeg dan by: “En ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dag aangekondig” (3:24). Du Plessis argumenteer dat die profete

nie van die kerk geweet het nie, maar net van die einde, naamlik die Millenniumryk. Dit bring hom by die gevolgtrekking dat "hierdie dag" beduidend is van die dae wanneer die Messias op die aarde sal heers.

Handelinge 3:25: "In jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën wees" (3:25) verwys volgens Du Plessis nie na die saligheid van heidene in die kerkperiode nie, maar na die seën van Abraham vir die heidene gedurende die Messiaanse Vrederyk. Voor die wederoprigting van alle dinge, in die kerkperiode, "seën Jesus eers die sondaars met saligheid" (Du Plessis, 2006:273, 274). Hy meen vers 26 en Galásiërs 3:14 bevestig dit. Galásiërs 3:9, 14, 29 stel die volgende:

> Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham. – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur geloof kan ontvang. En as julle aan Christus behoort, dan is julle nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename

Du Plessis se uitleg van hierdie sin is moeilik om te verstaan. Hy leer dat dit vir die kerk die seën van saligheid is, maar later in die Millennium is dit die seën van Israel vir die heidene.

Ons het reeds König (1973) se opmerking dat die vertolking van Handelinge 3:19-26 nie vra na die herstel van die staat Israel nie, aangehaal. Die gedeelte "die wederoprigting van alle dinge" leer niks van 'n aardse ryk en 'n paradys van duisend jaar nie.

Na die genesing van die kreupel-gebore man by die poort (Hand.3) roep Petrus sy verbaasde Joodse gehoor tot bekering. Hy sê vir hulle dat die God van Abraham en die voorvaders die Leidsman tot die lewe verheerlik het en Hom opgewek het uit die dood. Moses en al die profete van Samuel se tyd af het die dag van Jesus aangekondig (3:22-24). Hulle, die dissipels, is getuies daarvan dat God die Leidsman tot die lewe opgewek het en deur die geloof in Hom is kreupel-gebore man gesond. God het vervul wat Hy vantevore verkondig het deur die mond van al die profete, naamlik dat Christus sou ly (3:18). Petrus het met "die tye van die wederoprigting van alle dinge" na die hiernamaals (die nuwe hemel en nuwe aarde) verwys en daar is geen aanduiding van 'n Millenniumryk nie. Terwyl hy oor die eindgebeure in een van sy briewe geskryf het, was sy opinie nie dié van 'n tussenryk van die Messias op die aarde nie, maar 'n enkele finale gebeurtenis: "Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op die dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame sal brand en tot niet gaan,

en die aarde met alles wat daarop is, sal vergaan" (2 Pet. 3:10). Vers 13 sê: "Maar ons verwag volgens sy belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon."

3.5.1.4.2 Handeling 15:16 – "…die vervalle huis van Dawid weer oprig"

Du Plessis (2006:274-277) vind ook in hierdie "boeiende Skrifgedeelte", soos hy dit noem, eienskappe wat na die geestelike koninkryk (kerk) sowel as na die Messiaanse Vrederyk verwys. Die belofte in Handelinge 15:16: "Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en herstel" dui volgens hom op die wederkoms (Millenniumryk) van Jesus. Nadat die kerkperiode verby is, sal Jesus terugkom. Hy sal die vervalle hut van Dawid weer oprig en herstel – die verstrooide Ou-Testamentiese volk van Israel. In die debat, meen Du Plessis, kan gesien word dat God van die begin af vir Hom 'n volk uit die heidene wou aanneem (Hand. 15:14: "Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem"). Dat al God se werke van ewigheid af aan Hom bekend is (15:18) verklaar dat die kerk van ewigheid af 'n plek in die hart van God gehad het (Ef. 1:4). "Daarna" (*meta tauta* in die Grieks beteken letterlik: "na hierdie dinge") sal God, soos Jakobus aan hulle verduidelik het, terugkeer. Nadat Hy die kerk byeengeroep het en die kerkperiode verby is, sal Jesus terugkom en die Millenniumryk oprig.

Hierdie gedeelte in Handelinge verwys na die profeet Amos (9:11). Amos, dui Du Plessis aan, praat van die terugkeer van Israel, die herstel en opbou van die land en wonderlike seën in die land. Amos kon nie die kerk in gedagte gehad het nie, want die kerk was nooit vervalle, verskeur en in puin om opgerig te word nie. Du Plessis meen ook dat Handelinge 15:17: "… sodat die oorblyfsels van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is," na die wêreldwye evangelistiese uitreiking gedurende die Millennium heenwys.

In die vergadering (Handelinge 15) het dit, volgens konteks, gegaan oor 'n groep gelowiges uit die Fariseërs wat wou hê dat die bekeerlinge uit die heidene besny en aangesê moes word om die wet van Moses te onderhou. Hulle het dit gesê uit reaksie op Paulus en Barnabas se getuienis oor wat God onder die heidene gedoen het.

Die vraag was, wat moet vir die heiden bekeerlinge geleer word, of wat moet gedoen word dat hulle regtig gered kan wees, of volk van God kan wees? Dit het nie gegaan of daar nog 'n herstel

van die Israel en 'n aardse Millennium gaan wees nie. Die slotsom van die vergadering is ingelei met Petrus se vertelling oor hoe God heidene deur sy verkondiging tot geloof gebring het. God het hulle geloof bevestig “deur die Heilige Gees aan hulle te gee net soos aan ons. Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie: Hy het ook hulle harte gereinig” (15:8, 9). Hy neem die saak verder en sê dat die voorvaders nie in staat was om die juk (die wet van Moses) te dra nie. “Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons deur die genade van die Here Jesus gered word (15:11).”

In Jakobus se samevatting van die saak wys hy daarop dat God van die begin af omsien na die heidennasies om vir Hom 'n volk uit hulle te versamel. Knowling (1970:320) se kommentaar hieroor is: “The converts from among the gentiles were no less than Israel people of God.” Dit was in elk geval nie ter sprake nie. Jakobus meld dan dat die profete dieselfde sê (dat God die heidene red) en haal Amos aan: ”Daarna sal Ek terugkom, en die vervalle huis van Dawid weer opbou” (15:16). ”Daarna” en die res van die sin verwys nie na 'n tyd ná die bekering (of kerkperiode) nie. Nee! Jakobus het begin om te staaf dat dit wat nou besig is om te gebeur (wat Petrus verduidelik en Paulus en Barnabas se verslag), is wat die profete voorspel het. Dit was sy belangrike punt. God kom terug en bou die vervalle huis van Dawid op. Hy kon nie hier na 'n later, 'n Millennium Vrederyk, verwys het nie, want die saak ter sprake was die redding van die heidene en dit is wat hy uit die profete wou bewys. Hy gebruik die idioom net soos die profeet dit gestel het. Vir Jakobus was die aanvaarding van die heidene in die Koninkryk van Jesus die geestelike herstel van die huis van Dawid. Vers 17 sluit daarby aan: “…sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die heiden nasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees, sê die Here wat al hierdie dinge doen. Dit is van ouds af bekend”. Die vervulling met die Heilige Gees was deel daarvan (15:8).

Hier is dus geen sprake dat Jakobus twee koninkryke voorgehou het nie, of enigsins vir die gelowiges uit die Fariseërs wou aandui dat daar tog nog eendag 'n nasionale Israel ryk sal wees nie. As die Jakobus-brief syne was, het hy daarin gesê: “Julle moet ook geduldig moed hou, want dit is nie meer lank, dan kom die Here. Die Regter staan al voor die deur” (5:8, 9).

3.5.1.5 Openbaring 20:1-6

Hierdie is die mees direkte en belangrikste verwysing in die Nuwe Testament waarop die Premillennialiste die Millenniumryk van Israel bou. Dit is twee gesigte wat Johannes gesien het: die een is van 'n engel wat die Satan gegryp het en hom vir duisend jaar gebind het; die ander een is onthoofde heiliges wat nie die merk van die bees op hulle het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus regeer vir duisend jaar. Die feit dat dit die enigste plek in die Bybel is wat 'n duisend jaar "tyd" aandui en dat die gedeelte ook niks meld van Israel nie, is vir die Chiliaste geen probleem nie. Volgens hulle, soos vroeër na verwys, is daar aanduidings in die Bybel dat die sogenaamde aardse vrederyk "'n betreklike lang periode" sal duur. Kleynhans (2000) en Du Plessis (2006) is oortuig daarvan dat daar 'n verband is tussen Openbaring 20 en Jesaja 24:21-23.

Volgens König (2009:365) en Du Rand (2007:551) is dit die beroemdste en mees omstrede deel in die hele Openbaring. Daar het reeds onverkwiklike debatte oor die verskillende interpretasies van hierdie gedeelte geheers. Wat duidelik by beide König en Du Rand is, is dat die vasstel van die boodskap van apokaliptiese beelde belangrik is. Nadat daar opmerkings gemaak is oor die beginsels om moeilike en onduidelike gedeeltes te verklaar, word voorts kortliks ondersoek ingestel na die boodskap van hierdie gedeelte.

3.5.1.5.1 Verklaring van moeilike en onduidelike Skrifgedeeltes

Oor die gebruik van Openbaring 20 deur die Chiliaste, ter bevestiging van hulle leerstellings, skryf König (1970:349): "Dit is 'n suiwer beginsel om moeiliker en onduideliker Skrifgedeeltes in die lig van en met behulp van makliker en duideliker gedeeltes te verklaar (of ook gedeeltes wat meer poëties en beeldryk is aan die hand van gedeeltes wat meer in prosavorm en in die algemene omgangstaal geskryf is)." Verder is dit ook 'n beginsel om die uitleg van alleenstaande uitsprake, of uitsprake wat heel selde in die Skrif voorkom, te toets aan die sentrale en ryker betuigde Skrifwaarhede. "Nou is dit enersyds 'n feit dat die binding van Satan vir 'n periode van duisend jaar slegs hierdie één keer (Openbaring 20) in die Bybel genoem word – terwyl die leer van chiliasme na alle waarskynlikheid nie sonder hierdie (één) uitspraak sou bestaan het nie." Die binding en die onderwerping van Satan en sy bose magte kom dikwels in die Nuwe Testament voor. Dit was opvallend deel van Jesus se optrede en bewys dat die Koninkryk van God gekom het (Matt. 12:29; Luk. 10:18,19; Joh. 12:31; 16:11; Ef. 1:21,22; Kol. 2:10,15). König (1970:350)

merk tereg op: “In die lig van hierdie situasie is dit dus onverantwoordelik om van Openbaring 20 uit te gaan en die duidelike leer van die Nuwe Testament dat die bose magte oorwonne, onderworpe en gebonde is, in die lig van (één mootlike uitleg van!) hierdie beeldryke hoofstuk te probeer verklaar.”

Möller (1998:67) meen Premillennialiste interpreteer bepaalde Skrifgedeeltes as botsend met die mees basiese beginsel van hermeneutiek:

> It is a well-accepted hermeneutical principal that anything which is not presented in a clear and direct fashion, or which is concealed by obscurity (types, parables, visions and all kind of figurative speech) must be intrepreted in the light of direct and clear statements. The converse, as practised by Pre-millennialists, is never true. Clear pronouncements of Christ and his apostles cannot be adapted to any vision or even changed. Every vision should be interpreted only after one has taken cognisance of what has been presented clearly and directly in Scripture about an incumbent matter. This is like prefering to study an object in twilght, while that same object can been seen and studied in bright sunlight.

'n Gebalanseerde begrip van die Skrif, wat die gedeelte laat inpas in die groter prentjie van Openbaring, ook in wat Jesus en die ander apostels geleer het en in konteks van die hele Bybel, is belangrik.

3.5.1.5.2 Die boodskap van Openbaring 20:1-6

Wat bedoel Johannes met die duisend jaar? Anders gestel: wat is die boodskap hiervan? Verder is dit belangrik om te weet of dit 'n letterlike tydsduur is al dan nie? Indien dit letterlik is, wanneer is die periode of is die gedeelte simbolies bedoel? Antwoorde hierop kan ons help om die boodskap te verstaan. Volgens Postmillennialisme vind die wederkoms van Jesus ná hierdie tydperk plaas. Die Premillennialisme weer is oortuig dat die wederkoms vóór hierdie tydperk van duisend jaar van vrede en geregtigheid sal wees.

Wat betref 'n Joodse profetiese ideaal van 'n Messiaanse Koninkryk, wat al bespreek is, sê Du Rand (2007:563): ”Dit sou egter verkeerd wees om die Joodse en buite-bybelse verwagting oor die eindgebeure gesaghebbend te maak, om daarvolgens God se eindplanne te verklaar. Deur sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld te stuur, het God reeds op sy manier sy geskiedenis ontplooi.” Dit wil sê, volgens Du Rand se stelling, kan die duisend jaar nie gesien word as geskiedenis wat

voorlê nie. Die gedeelte wil dus 'n ander boodskap oordra as 'n letterlike nasionale Israel Koninkryk.

In die lig van ons ondersoek, is die Messiaanse Vrederyk 'n onwaarskynlikheid. Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers het dit nie geleer nie. Ons het ook gesien dat die Ou Testamentiese profesieë vertolk moet word binne die aankondigings van die Nuwe Testament en die posisie van Jesus in die hele heilsgeskiedenis. In Jesus het die koninkryk reeds gekom. Die boodskap moet dus in die simboliek gesoek word. Dit is nie moontlik om 'n letterlike "duisend jaar" te verreken as deel van die uitgebreide simboliek van die verse nie. Daar is baie simbole in Openbaring 20: die bind met 'n ketting, toesluit met 'n sleutel en die verseël van die deur of deksel, Satan wat vir 'n kort rukkie losgelaat word, die nasies wat uit die vier hoeke van die aarde versamel word en die oorlog wat ooreenkomste toon met vorige verwysings na oorloë.

Die duisend jaar was in 'n gesig wat Johannes gesien het en na aanleiding wat reeds gesê is, is dit beter om dit te sien as 'n aanduiding van 'n simboliese fase van God se geskiedenis waarin ons nou leef. Du Rand (2007:567) sê: "Die 1000 jaar is saamgestel uit die getal 10, wat in Openbaring volheid simboliseer, en dan tot die mag drie, wat volle betuiging voorstel. Ons sou bloot kon sê dit is God se ten volle betuigde fase in die geskiedenis. Daarom moet die 1000 jaar nie letterlik nie, maar simbolies opgeneem word."

Johannes gee nie vir ons al die besonderhede nie en ons moenie vergeet dat ons met apokaliptiese beelde te doen het nie. Met dié beelde kan nie verwag word dat al die kleiner besonderhede toegelig gaan word nie.

Vervolgens word die boodskap verder ondersoek en ondersoek ingestel na hoe die gedeelte inpas in die breër prentjie van Openbaring en in die Nuwe Testament.

3.5.1.5.3 Vasmaak van die Satan vir 'n duisend jaar lank

Johannes vertel in die eerste verse van Openbaring 20 dat hy 'n engel uit die hemel sien neerdaal het met die sleutel van die ondergrondse dieptes en met 'n groot ketting in sy hand. Hy het die Satan gegryp, vir 'n duisend jaar vasgebind, in die onderaardse dieptes gegooi, toegesluit en dit bokant hom verseël. Dit is 'n kragtige en beeldryke aksie. In die gesig wat Johannes in Openbaring 1 gehad het, sê Jesus in vers 18 vir hom: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste

en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk." Hieruit meen Möller (2011) dat dit moontlik is dat die engel in 20:1 Jesus kon wees, juis omdat die taak om die Satan te oorweldig so groot is dat alleen Christus dit kon doen.

In Openbaring 12 lees ons van die geboorte van die Christuskind, die geveg met die draak en die oorwinning. Dieselfde name word hier gebruik vir die bose as die name in Openbaring 20, naamlik die draak, die ou slang, wat ook genoem word die duiwel en Satan. Dit wil dus voorkom of die Satan wat vasgebind is (20:2), verbind kan word met die koms van Christus in die wêreld en die neerwerp van die draak (wat genoem word die slang, duiwel en Satan). Naas hierdie simboliek in die breër Openbaring wat aansluit met 20:2 vind ons ook Jesus se verwysing na sy oorwinning oor die Satan. In Matthéüs 12:29 sê Jesus, nadat Hy 'n duiwel uitgedryf het: "Hoe kan iemand tog by die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed vat as hy nie eers die sterk man vasbind nie?" Hy wys in 'n vorige vers daarop dat, as Hy die duiwel uitdryf: "dan het die Koninkryk van God by julle gekom". Dit is 'n duidelike uitspraak van Jesus en Hy kon tog nie iets anders daarmee bedoel het nie as dat die duiwel met sy koms gebind is nie. In Lukas 10:18,19 bevestig Jesus, nadat die dissipels vertel het dat duiwels hulle onderwerp het aan hulle, ook sy oorwinning oor die Satan: "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. Kyk, Ek het aan julle mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met *al* sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen." Jesus se oorwinning oor die Satan deur sy kruis word verwoord in Johannes 12:31,32: "Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld, die Satan, uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal ek almal na My toe trek."

Dit is dus beter om Openbaring 20:2 direk met Openbaring 12, waar die geboorte van die Kind en die oorwinning oor die Satan geleer word, te verbind. Naas Jesus se uitsprake van sy oorwinning oor Satan sê Paulus in Kolossense 2:14,15 dat Jesus die owerhede en magte uitgeklee en oor hulle getriomfeer het. Kan ons die verklarings van Jesus ligtelik opneem en daarteenoor die simboliek van 'n duisend jaar in Openbaring 20 beslissend maak vir die leer van 'n toekomstige Messiaanse Vrederyk? Die Millennialiste beklemtoon, ten spyte van Jesus se uitsprake oor die Satan, dat die duiwel nog baie aktief is (1 Pet. 5:8; Ef. 6:12). Die vraag is: Is daar nie 'n beter of meer korrekte verklaring vir die binding van Satan as om dit nog in die toekoms te wil sien en te koppel aan 'n duisend jaar aardse ryk nie?

In vers drie staan dat die Satan vir 'n kort tydjie losgemaak word. Die vraag kan wees waarom? En dit nadat die dier en die valse profeet, sy agente, in die vuurpoel gegooi is. Kleynhans (2000:267) sê oor die tydelike loslaat van die monster: ”Maar 'n alwyse God sal dit so wil, en in sy wil sal ons berus, want die Here doen niks sonder 'n wyse bedoeling nie.” Du Plessis (2006:343) sê: “Die Griekse konstruksie is 'n *dei (moet) van profesie*, ooreenkomstig die eis van God se doelstellings. God het bepaal dat Satan aan die einde van die Vrederyk losgelaat moet word om die nasies te mislei.” Dit is ooreenkomstig God se huidige bepalings wat die Satan toelaat om die kerk te versoek, meen hy. Die vraag kan gevra word: moet die kort tydjie van loslaat (versoeking) letterlik en chronologies ná die duisend jaar wees?

Wat ook belangrik is in vers drie, is: “sodat hy die nasies nie meer sou verlei nie”. Die doel of effek is om die nasies te verlei. Daarna word hy losgelaat en gaan hy voort om die nasies te verlei en te versamel vir die oorlog teen die heiliges. Möller (2013:12) meen dat die gedagte dat hy nie meer die nasies kan verlei nie, heel waarskynlik 'n tweeledige betekenis het: “voor die koms van die Here was die heidense nasies (soos veral voorgehou in die Ou Testament) in die greep van die bose. Die openbaring was hoofsaaklik tot Israel beperk”. God het altyd die heidene in gedagte gehad en van hulle is tog as individue betrek in Israel, maar na die soendood van Christus het dit totaal verander. Hy het vir die dissipels opdrag gegee: “Gaan dan na al die *nasies* toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het” (Matt. 28:19). Betekenisvol is ook sy belofte net daarna – waarskynlik vir die opdrag van vers 19: “En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (28:20). Jesus se vooraf stelling: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde” het ook betrekking op die opdrag om die nasies volgelinge te maak.

Möller merk verder op dat dit vir die Joodse Christene 'n revolusionêre gedagte was wat hulle nie dadelik gesnap het nie. Petrus moes eers met 'n gesig uit die hemel oortuig word om die Evangelie aan die Romein, Kornelius, te verkondig. Kornelius was soekend na God (Hand. 10). Die uitdrukking van Johannes: “Sodat hy nie meer die nasies kan verlei” maak sin in die nuwe tydperk na Jesus se dood en opstanding vir die sonde van die wêreld. Jesus gee sy volgelinge opdrag om die wêreld te evangeliseer en verseker hulle van sy mag en teenwoordigheid. Die Satan kan nie meer langer keer dat die heidense nasies deel kry in God se genade nie. Weer eens kan na Johannes 12:31, 32 verwys word as ondersteunend ten opsigte van die bekering van die

nasies: “Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld, die Satan, uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal ek almal na My toe trek.” Möller (2013:12 sê: “Trouens, hierdie gedagte was so vreemd vir die Jode dat die Here spesifiek opmerk dat sy koms nie sal plaasvind voordat die evangelie nie aan al die nasies verkondig word nie (Matt. 24:14)”.

Die tweede betekenis, volgens Möller (2013), wat moontlik aan die binding van Satan gekoppel kan word, is die beperking wat die bose het om die heiden-nasies te mobiliseer ten einde die Kerk van Jesus Christus te vernietig. Hy verwys na Jesus se versekering aan Petrus in Matthéüs 16:18: “En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op die rots sal ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Hy meen die verklaring het betekenis as dit in die lig van die loslating van die Satan en mobilisering van die nasies vir 'n oorlog, wat in Openbaring 20:6, 7 gevind word, gelees word. Dit is betekenisvol om dit in samehang met die verskyning van die Antichris en die uitbrei van sy rol aan die einde te sien.

Möller (2011:11) verduidelik: “Die gedagte van: *die nasies nie verlei*, en *die nasies te verlei*, staan in kontras met mekaar.” Hy sê die begrip “nasies” moet as 'n kollektiewe begrip gesien word en hy meen tereg dat dit in die eerste geval nie beteken dat niemand in die nasies verleibaar is en dat almal daarom gered is nie. In die tweede geval weer beteken dit ook nie dat al die nasies verlei sal word nie of dat niemand gered sal word nie. Paulus se uitsprake in Efésiërs 2:12,13 oor die Jood en die nie-Jode: “In die tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus”. Hierdie aanhaling ondersteun die gedagte dat die Satan nie meer die nasies kan verlei nie.

Die bedoeling met die loslating van die Satan kan wees, of insluit, dat God wil sê dat die bose se aanslag teen die Kerk van Christus net feller kan word na die einde toe. Openbaring 12:17: “En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”

Samevattend en met enkele opmerkings kan gesê word dat hierdie hoogs simboliese gedeelte waarskynlik teologies die beste beskrywend is van die kerk in die huidige tyd waarin ons leef en

nie ’n verklaring van 'n duisend jaar van binding van die Satan wat nog iewers in die toekoms lê nie. Die feit is dat Jesus se oorwinning oor die bose, die werklikheid van sy dood en opstanding asook die koms van die Heilige Gees kan bevestig dat ons reeds nou in die simboliese duisend jaar leef (Joh. 12:31, 32; 16:33; Lukas 10:18, 19; Matt. 12:29; Hand. 1:8)). Dit kan beteken dat die binding van die Satan 'n simbool is van die verspreiding van die Evangelie onder al die nasies. Die “klein rukkie” wat die Satan losgelaat sal word kan verklaar word as die beperkte mag wat hy het en van die toename in die geweld van die Satan soos wat die wederkoms van Christus nader kom. Dit is nog 'n “stryd – nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte-” (Ef. 6:12). Hy is werksaam: “Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, opsoek om iemand te verslind. Bly vas in die geloof en staan hom tee” (1 Pet. 5:9,10). Du Rand (2007:567) sê: “Hy (die Satan) is onderhorig en beskik slegs 'n beperkte ruimte. Daarom is die bose 'n werklikheid waarmee steeds rekening gehou moet word. Maar hy kan die gelowiges nooit weer oorweldig nie.”

3.5.1.5.4 Saam met Christus vir duisend jaar lank regeer – Openbaring 20:4-6

Johannes het nie alle besonderhede gegee nie en uitlêers verskil in hulle interpretasie. Wat ons weet is dat ons reeds in die geskiedenis leef wat Jesus se koms, dood en opstanding bewerk het. Dit kan beteken dat ons reeds in die simboliese duisend jaar leef. Wat “regeer” betref is die uitleg nie maklik nie. Du Plessis (2006:350) is nie duidelik wie regeer oor wie in die toekomstige vrederyk nie. Die twaalf apostels regeer oor die twaalf stamme van Israel, maar Dawid sal ook daar wees en onder Jesus regeer. Die nasies sal hulle eie vorste en konings hê en tog sê hy dat die bruid van Christus as koningin saam met Jesus op die troon sal sit en mag oor die nasies sal uitoefen en hulle met 'n ysterstaf sal regeer.

As ons dink dat die duisend jaar regering (20:4-6) parallel loop met die binding van die Satan vir ’n duisend jaar (20:2-3), wat ons simbolies wil interpreteer as Christus se oorwinning oor die bose en die verspreiding van die Evangelie, moet ons ook dink aan regeer in die konteks van die huidige tyd. Die boodskap van Openbaring is egter ook eskatologies van aard. In Openbaring 21 en 22 vind ons die beeld van die nuwe hemel en nuwe aarde. In 22:3 en 5 lees ons: “… en die troon van God en die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien” en dan weer oor hulle (die diensknegte): “… en hulle sal as konings regeer tot in *alle ewigheid*”. In Daniël 7:13, 14 het ons ook 'n voorstelling van die regering van die Seun van die mens: “En aan Hom is gegee

heerskappy en eer en koningskap: en al die volke en nasies en tale het Hom vereer: sy heerskappy is 'n *ewige* heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." In 1 Korinthiërs 6:2 leer ons van die heiliges wat die wêreld gaan oordeel. As die "regeer" egter gesien word as 'n toekomstige duisend jaar van heerskappy, kan daar ook gevra word: wat word van hulle wat "op die trone sit" en heerskappy voer in "die kort tydjie" en daarna (Op. 20:3)? König (2009:371) waarsku dat ons nie moet vergeet dat ons met apokaliptiese beelde werk nie. Dit is 'n beeld van die heerlikheid wat al God se kinders saam met Christus sal geniet.

In vers 4 sê Johannes dat hy die siele van die mense wat onthoof is, omdat hulle in Jesus geglo het, op trone sien sit het. Hulle het lewendig geword en saam met Christus 'n duisend jaar lank regeer. Dit word die eerste opstanding genoem (vers 5). As Romeine 6, om geestelik saam met Christus te sterf en op te staan, in gedagte gehou word, kan aangevoer word dat die eerste opstanding dui op wedergebore gelowiges wat nou op aarde saam met Christus regeer. Möller (2011:9) meen dat die "eerste opstanding" wel verwys na Romeine 6:4, maar hy wys ook verder daarop dat ons teks praat van die "*siele* van die wat onthoof is" en dus is dit nie mense as sodanig nie. Hy sê: "Hulle het 'lewendig geword' in die sin dat hulle, nadat hulle op aarde liggaamlik gesterwe het, nou by Christus is en saam met Hom nou deel in sy heerskappy." Du Rand (2007:565 – 573) se mening is waarskynlik: "Dit (die eerste opstanding, 'n suiwere geestelike opstanding wanneer iemand Christus in geloof aanvaar [Joh. 5:24-25; Rom.6]) is moeilik om te bewys omdat die gelowiges onthoof is." Hy sê verder: "Wat ons wel kan sê, is dat die gelowige die ewige lewe betree wanneer hulle in Christus ingeplant is (Rom. 6), maar dat hulle eers opstaan wanneer hulle gesterf het om saam met Christus te wees (Fil. 1:23)." Volgens hom geskied die opstanding in twee fases: die eerste is die opstanding van die gees nadat die gelowige gesterf het (Op. 20:4) en die tweede is die opstanding van die liggaam wat met die wederkoms sal plaasvind.

Die onthoofdes is in die eerste plek die martelare in die tyd van Johannes se lesers. Hy het aan sy lesers geskrywe dat die "onthoofdes" lewend geword het, op trone gesit en bevoegheid gekry het om saam met Jesus vir 'n duisend jaar te heers. Möller (2011) sê dat trone in Openbaring nêrens na aardse gebeure verwys nie. Die gedagte aan die trone en die siele van die onthoofdes wat lewend geword het asook die melding wat gemaak word van die eerste opstanding, moet waarskynlik daarop dui dat die "siele" in die hemel is. In die 1983-vertaling van die Bybel word die "onthoofdes" ook wyer geïdentifiseer as "hulle (wat) aan die getuienis van Jesus en die woord

van God vasgehou het", en met "hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie". Met hierdie omskrywing kon Johannes stellig wyer gedink het as slegs onthoofdes en alle gelowiges wat gesterf het insluit. Dit kon selfs ook dui op alle gelowiges wat aan Jesus vashou (Moffat, 1970:472).

Volgens die 1953-vertaling van die Bybel wil dit voorkom asof daar na twee groepe in vers vier verwys word: "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit. En aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld aanbid het nie…; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank." Volgens König (2009:370) laat die Grieks albei vertalings toe.

Vir die Premillennialiste is die chronologie van Openbaring 19 en 20 belangrik. In Openbaring 19 het ons die wederkoms van Jesus met die Armageddon-slag en dan volg chronologies, volgens hulle, die Millenniumryk (20) en daarna die nuwe skepping (21). Daar is reeds daarop gewys dat daar nêrens in Jesus, in Paulus of in die ander Nuwe Testamentiese skrywers se toekomsuitsprake enige aanduiding van 'n duisend jaar is nie en dit kan ook nie ingepas word by die wederkoms en die nuwe hemel en aarde nie. Die oorlog in 20:8 (die nasies tussen die vier uithoeke van die aarde wat byeengebring word vir die oorlog) is moeilik om te plaas ná die beskrywing van die gebeure in 19:21: "Die ander nasies is doodgemaak met die swaard wat uitgegaan het uit die mond van die Ruiter op die wit perd." Die Millennialis, Jeremiah (2008), bespreek twee groot oorloë: die een is met aanvang van die verdrukking en die ander een, die Armageddon, is aan die einde van die verdrukking. Kleynhans (2000) praat van "die Armageddon in drie veldslae" en dan verklaar hy nog dié oorlog na die sogenoemde vrederyk. Het ons in 20:8 'n ander oorlog as wat in 16:16; 17:14; 19:19-20 beskryf word? Ons het eerder hier 'n herhaalde verwysing na die "oorlog" wat ons in 16:16; 17:14; 19:19-20 sien, maar dalk net vanuit 'n ander hoek. Die aanneemlikste is egter dat alles eintlik verwys na die "oorlog" teen die Kerk van Jesus Christus (Op. 12:17). In Openbaring 20 het ons 'n boodskap wat simbolies die aard van die Evangelie vanaf Jesus se opstanding tot met die wederkoms voorhou. Daar is niks wat ons forseer om Openbaring 20 ná 19:11-21 te plaas nie. König (2009:365, 366) wys na die ooreenkomste tussen hoofstuk 20 en 12 en sê: "Dit sal uiteindelik 'n vraag wees of 'n mens Openbaring 20 met Openbaring 12 moet verbind. Die laaste besondere aandag wat aan die draak gegee is, was in hoofstuk 12". Möller (2013:10) sê: "dat Openbaring 20 nie chronologies volg op hoofstuk 19 wat

eindig met die triomf van die Ruiter op die wit perd (Christus) nie". Hy meen dat die skrywer in hoofstuk 20:8 en 9 ons terugneem na die nasies wat versamel vir die oorlog teen God. Hy sê ook: "Openbaring 20:10 moet nie gelees word as 'n opvolging van wat in hoofstuk 19:20 gesê word oor die dier en die valse profeet wat in die vuurpoel gegooi is nie. Al wat Openbaring 20:10 sê is dat die duiwel in die poel van vuur gegooi is waar die dier en die valse profeet ook is. Die Griekse teks dui nie op 'n opeenvolging van gebeure nie."

Miskien moet Openbaring 20:4: "geregeer saam met Christus die duisend jaar lank" hoofsaaklik gesien word in die konteks van die bose wat deur Jesus Christus oorwin is. Die kerk deel in die oorwinning (Ef. 2:4-6; 1 Kor. 4:8; 1 Pet. 2:9; Op. 1:6; Luk. 10:18, 19; Matt. 28:19, 20) en dit strek tot in die heerlikheid en volmaaktheid van die hiernamaals. Dié wat reeds gesterf het, regeer vanuit die hemel. Die Here bemoedig en versterk sy mense te midde van hierdie dreigende wêreldmagte. Wat ons hier het, is stellig 'n voorstelling van God se mense wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie. God wil hulle in hulle swaarkry bemoedig, verseker van sy oorwinning oor die bose en van die heerlikheid waarin hulle deel en dat die Evangelie tot die nasies gaan.

Om saam te vat, is dit duidelik dat die skrifbewyse wat die Millennialiste aanvoer dat die Jode en heidene as twee "afgeskeie groothede" in die Nuwe Testament na vore kom, is nie geldig nie. Daar is nie gedeeltes wat die geestelike herstel van Israel in 'n Millenniumryk leer nie, ook nie skrifte wat beide die geestelike koninkryk (die kerk) en die Messiaanse Vrederyk voorhou nie. Daar is niks wat 'n aparte onderskeibare posisie aan Israel in God se reddingsplan in Jesus verleen nie. Die teendeel is juis waar, naamlik dat God vir Homself 'n nuwe mensheid skep, in ooreenstemming met sy ewige voorneme in Jesus Christus (Ef. 1:1-6). Volgens die Millennialiste leer die Nuwe Testament nêrens dat die kerk Israel is nie, maar tog blyk dit juis die boodskap van Galásiërs 6:11-17 te wees. Die "nuwe skepsel" is die Israel van God – God se verloste mense waarmee Hy al die eeue mee oppad is (Gal. 3:9, 14, 28, 29; 5:6; Matt. 3:9, 10; 8:11, 12; Fil. 3:3). Jesus het in sy soendood en opstanding volkome versoening bewerk en daar is nie behoefte aan 'n verdere heils-eeu, 'n tussentydse ryk, 'n Messiaanse vrederyk nie (1 Kor. 1:23, 24).

Openbaring 20:1-6, die belangrikste verwysing in die Nuwe Testament waarop 'n nasionale en letterlike Koninkryk van Israel gebou word, is eerder 'n unieke simboliese boodskap van bemoediging en versekering. Christus het die bose oorwin. Al is daar swaarkry en bedreiging, het God alreeds in Christus oorwin en die toekoms verseker. Die boodskap van God is vir mense

van alle eeue bedoel – van die eerste eeu af tot nou, vir ons in ons tyd en ons omstandighede. Dit strek ook uit na die toekoms en wat vir ons voorlê ten opsigte van die ewigheid.

Möller (2011:4) sê: "In die Nuwe Testament is daar geen obsessie oor Israel na die vlees nie. Indien die eskatologie steeds op Israel, in plaas van Christus en sy kerk gebou word, word die Bybelse boodskap geweld aangedoen."

3.5.2 Die kerk is die voorsetting van God se beloftes aan Israel

In Romeine 11 word die band tussen die kerk en Israel beklemtoon – al die gelowiges in die een olyfboom: "En so (op die manier) sal die hele Israel gered word" (11:26). Dit is God se nuwe olyfboom. In Efésiërs 2:13 meld Paulus van: "… julle wat vroeër ver was, (het) naby gekom deur die bloed van Christus" en in 3:6 hoor ons: "dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en deelgenote aan sy beloftes in Christus deur die evangelielede" (2:13). Voor Agrippa vertel Paulus van sy bediening onder die heidene om hulle oë te open, dat hulle tot geloof en vergifnis kan kom "en 'n erfdeel onder die heiliges kan ontvang" (Hand. 26:18). Met "om hulle oë te open" sluit hy aan by Ou Testamentiese beelde, wat op Israel betrekking het (Jes. 42:6). In Romeine 2:28,29 handel Paulus oor wat vir God aanneemlik is en sê: " Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie… Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is die besnedenheid wat in die hart gedoen is…" Petrus maak in 1 Petrus 2:5-10 geen onderskeid tussen Israel en elke gelowige nie. Hy neem uitsprake wat op Israel betrekking het (Deut. 7:6; 29:19; Amos 3:2; Eks. 19:5) en maak dit van toepassing op die kerk: "'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry…". In Openbaring 1:7, wanneer Johannes aan die sewe gemeentes skryf, gebruik hy ook gedeeltes uit Daniel 7:13 en Sagaria 12:10. Sagaria se stelling van "hulle [wat] deurboor het" brei hy uit met "al die geslagte van die aarde". Die nuwe verbond (Jer. 31:31-34), een van die belangrikste profesieë wat in die Millennialisme gebruik word vir die verwagte nasionale ryk van Israel, sien die skrywer van Hebreërs in Jesus en in al die gelowiges, in die kerk, vervul (8:6-13; 9:15). Die lesers van die brief van Hebreërs word in 3:1 "heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping" aangespreek. Volgens Ellingworth & Nida (1983:51) beteken hierdie wyse van aanspreek eenvoudig: "You who also believe in Christ". In hoofstuk 8 word gesê dat "ons", die skrywer en hulle wat in Christus glo, 'n Hoëpriester (Jesus) het wat aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel sit (8:1). Jesus is die Middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (8:6). Deur Jesus het

barmhartigheid gekom (8:12; 9:14-15) en sluit God nou die nuwe verbond en gee Hy sy wette in die gelowiges se verstand en skryf dit op hulle harte (Jer. 31:34; 8:10). Paulus gebruik Jesaja 49:8 in 2 Korinthiërs 6:2: "Kyk nou is die tyd van welbehae; kyk, nou is die dag van welbehae." Die gedagte dat die kerk die voorsetting van Israel is, sien ons ook in 2 Korinthiërs 6:18: "…en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle my seuns en dogters wees" waar Paulus aansluit met Eksodus 4:22. In die volgende vers (2 Korinthiërs 7:1) sê hy: "Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons."

Jesus is die Messias en die beloftes van die Ou Testament word in Hom vervul en so word dit vervul in die "nuwe Israel" en in die nuwe hemel en die nuwe aarde wat gaan kom.

Ons vind in Jesus se verwelkoming van die hoofman van Kapernaum 'n afwysing van ongelowige Jode. in Matthéüs 8:11,12: "… baie sal kom van die ooste en die weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemel. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word…". In Johannes 8:33-58 bevraagteken Jesus die skrifgeleerdes en die Fariseërs dat hulle kinders van Abraham is, want hulle probeer om Hom om die lewe te bring en Abraham het dit nie gedoen nie. Hulle het ook nie God as Vader nie anders sou hulle Hom (Jesus) liefhê en na sy woorde kon luister. Jesus maak toe die stelling: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen" (8:44). In Matthéüs 3:9 spreek Johannes die Doper die Fariseërs en die Sadduseërs aan om nie by hulleself te sê: "ons het Abraham as vader nie; want Ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek."

3.6 DIE POSISIE VAN ISRAEL IN DIE ESKATOLOGIE

In die voorafgaande gedeeltes, is die verhouding tussen die kerk en Israel ondersoek en gevind dat die Nuwe Testament nie 'n spesiale posisie aan die volk Israel in die eindtyd toeskryf nie. Dit gaan oor Jesus Christus en elkeen wat in Hom glo "hulle is kinders van Abraham" (Gal. 3:7). Die vraag is: wat is die posisie van Israel as nasionale volk in die eskatologie?

3.6.1 Die verkiesing van Israel

Dit is eers noodsaaklik om 'n antwoord te vind op die vraag rondom Israel se verkiesing. König (1970:411) sê dat Israel nie uit die volkere verkies is omdat God nie meer in alle volke belang gestel het nie, maar: "Israel se uitverkiesing was God se metode om des te effektiewer die hele

wêreld te bereik. As Hy Abraham kies, beloof Hy: 'en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word'" (Gen. 12:3). God trek dus nie vir Israel voor nie, maar Hy is lief vir die hele wêreld en wil Israel gebruik (Eks. 19:5; Rom. 2:11) om die wêreld te red.

Möller (2011:2) stel dit so dat die uitverkorenheid van Israel nie parallel gestel kan word aan die gelowiges as uitverkorenes van God nie. "Israel was uitverkore in die sin dat God hulle guns bewys deur sy verbond met Abraham (dat die Messias uit sy nageslag gebore sou word) deur hulle waar te maak (Gal. 3:16). Hiermee saam is die woorde en openbaring van God aan hulle toevertrou (Rom. 3:1-2)." Hy sê ook verder: "Dit het egter nie beteken dat die hele Israel as uitverkore volk in die Here geglo het en daarom as regverdig gereken was nie." Hy onderskei tussen uitverkore met die oog op 'n sekere taak en uitverkore met die oog op saligheid. Möller sê: "Om hierdie taak te vervul, wou God ook hê dat hulle Hom sou dien en in Hom sou glo. Diegene wat dit gedoen het, het guns by God ontvang in dié sin dat hulle ook as uitverkorenes van God gesien is met die oog op die saligheid." Hy wys ook op die onderskeid wat Paulus gemaak het tussen die Israel van nature, en Israel as gelowiges in Romeine 9:8: "Dit is nie kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie…". In Romeine 2:28, 29 lees ons: "Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en dit is die besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees."

Möller (2011:3) maak dan die opmerking: "Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is dat die geboorte van die Messias, Jesus Christus, die slot woord van God aan Israel as uitverkore volk met die oog op 'n spesifieke taak was. Hierdie wyse van uitverkore wees, is in Christus vervul." Volgens hom beteken dit: "dat ons die eskatologie nie moet verstaan kragtens God se verhouding met die vleeslike Israel nie (hierdie verhouding is vervul in die geboorte van Christus), maar kragtens die Here en sy kerk. Christus kom weer om sy kerk (nie die vleeslike Israel nie) saam met Hom te neem om vir ewig sy bruid en liggaam te wees".

In Romeine 3:1 (1983) vra Paulus: "Het dit enige voordeel om 'n Jood te wees…?". In vers 2 sê hy: "Die belangrikste is dat God sy Woord aan die Jode toevertrou het" En in vers 9 vra hy: "Is ons as Jode beter af as die ander? Glad nie, want ons het bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van sonde is." Möller (2011:3) maak 'n belangrike stelling as hy daarop wys dat die eskatologie nie geskei kan word van die versoeningswerk van God in Christus Jesus nie. Die

wederkoms is die voltooiing van die gelowige se saligheid, en “Dit gaan nie om die herstel van Israel of enige aardse koninkryk nie (God se Koninkryk is geestelik van aard). Trouens, 'n Israeliet wat nie in Christus is nie, het geen guns by God nie en word soos enige ander ongelowige as geestelik dood gereken.”

3.6.2 Israel as die idioom in terme waarvan die Koninkryk van God aangedui word

Möller (2013:5-8) het 'n verduideliking oor hoe God Israel gebruik in sy openbaring van die koninkryk. Hy meen dat, uit die aard van God se selfopenbaring, dit te verstane is dat Israel die verwagting gehad het dat die Messias die nasionale Israel as 'n ryk sou vestig. Dit is ook waarom daar diegene is wat dit as eskatologiese realiteit verwag. Daar is verskeie Ou Testamentiese skrifgedeeltes wat dit op die oog af bevestig.

'n Verdere belangrike stelling van Möller is: “Dit moet altyd onthou word dat die openbaring van God na die bybelskrywers gekom het met die begripsvermoë, taal, kultuur en tyd waarin hulle geleef het.” Hy wys na die Nuwe Testament in Openbaring 19:11-21, waar God 'n geveg met die nasies wil aandui, maar die oorlog word gevoer op 'n wyse soos aan hulle bekend is – op die rug van perde met swaarde en pyle. Jesus ry ook soos 'n Romeinse bevelvoerder op die rug van 'n wit perd.

Ons lees in 1 Korinthiërs 2:9 oor dit wat God vir ons voorberei: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.” God kan, in die lig van ons gebrokenheid en ons onvermoë om te verstaan, ook nog nie aan ons openbaar wat ons eendag sal wees nie (1 Joh. 3:2).

Möller (2013:6) verduidelik egter verder: “Tog swyg God nie volkome oor ons toekomstige bestaan nie, maar poog om vir ons die ‘onsêbare’ op 'n manier te sê waarin ons tog iets daarvan kan aanvoel en verstaan. Dit word gedoen deur die ‘onsêbare’ met dit wat vir ons bekend is te beklee – met ander woorde deur antropomorfes en kosmomorfes.” Oor die deurbraak by die wederkoms, sê hy:

> Dit is 'n koninkryk wat vir die gelowiges in die ewigheid gestalte vind as 'n nuwe hemel en nuwe aarde (Op. 21:1-8). In die beskrywing van hierdie koninkryk, asook die nuwe hemel en aarde, word dit dikwels in die Ou Testament in terme van die Koninkryk van

> Israel in sy volmaakte toestand gedoen. Die Koninkryk van Israel moet eerder gesien word as die middel waardeur God uitdrukking gee aan sy ewige koninkryk.

In die Ou Testament word die ewige toekoms met God en die nuwe hemel en aarde beskryf in beelde van volmaakte toestande wat in Israel heers (Jes. 65:17-25). Dit is beelde van voorspoed in die natuur, die dierelewe en by mense. By Jesus en die apostels vind ons nie so ’n verbintenis van ’n nuwe skepping wat tot nasionale Israel hoort nie. Petrus sê ons leef in verwagting van 'n nuwe hemel en aarde, maar dit sal eers gebeur as die huidige hemel verdwyn en vergaan (2 Pet. 3:10-13).

Möller (2013:7) sê:

> Dit blyk dus dat Israel in die Ou Testament gebruik word as die idioom in terme waarvan die Koninkryk van God (in die gestalte van 'n nuwe hemel en aarde) aangedui word. Die Koninkryk van God kan egter nooit beperk word tot die herstel van die nasionale Israel soos dit oënskynlik in Jesaja 65:17-25 voorgehou word nie.

Hy verwys na Openbaring 21:10, 11 waar Jerusalem die idioom word in terme waarvan die bruid van Christus beskryf word. Die bruid van die Lam word voorgehou as die heilige stad Jerusalem. Johannes word genooi (21:10) om die bruid van God te sien en hy word dan vanaf 'n groot hoë berg die heilige stad Jerusalem gewys. Die stad daal vanuit die hemel neer. Hierdie ontsaglike stad, ’n perfekte kubus van duisende kilometers met sy ongelooflike skoonheid word beskryf. Met hierdie stad wil God egter net iets oor sy bruid sê – iets wat onverwoordbaar is. “Hier het ons weer 'n geval waar 'n geestelike werklikheid in terme van ons materiële wêreld beskryf word” (Möller, 2013:8). Ons kry dit dikwels in die Bybel.

3.6.3 Wat van Israel nou in Palestina?

Een van die belangrikste tekens van die tye vir die Chiliaste is die herstel van die Joodse nasie. Hulle terugkeer na Palestina voor die wederkoms is verwag. Dit het in 1948 gebeur en nou is die koms van Jesus naby. König (2001:365) meen egter dat dit ons voor 'n ernstige probleem stel, want as dit so is, was die hele Nuwe Testament verkeerd met die dringende boodskap van Jesus se nabye koms.

In ’n artikel van die Premillennialis, Balfour (2001), waar hy pleit vir wyer dialoog ten opsigte van Pinkstergroepe se belangrike onderskeidende eskatologiese kenmerke skryf hy onder meer

oor die posisie van Israel in die eindgebeure. Volgens Balfour (2011:134) moet die Pinkstermense se siening tot die belangrikheid van Israel in die eskatologie gesien en gewaardeer word as ’n toenemende verskyning in die “post-Holocaust generation of Pentocostal leaders”. Vir dié geslag van Pinksterleiers was die fisiese Israel ’n nuwe en noodsaaklike fenomeen. Vir hulle was die totstandkoming van die soewereine staat van Israel die enigste ware beskerming van die Jode en ’n oorwinning vir God se heilsgeskiedenis. Die vervanging van Palestyne (Christene en ander) deur Jode is nie in aanmerking geneem nie. In Balfour (2011:139) se voorstel vir die dialoog meld hy dat Israel deur God bemin word en dat vir hulle gebid moet word (Ps. 122:6), maar God het al die nasies lief. Hy meld dat Openbaring beklemtoon dat alle volke en tale in die hemel teenwoordig sal wees (5:9-10; 7:9). Vir alle mense, ook Palestyne, moet gebid word (Mk. 13:10; Rom. 13:1-7; Gal. 3:8). Balfour stel dat in al God se planne met Israel is dit nodig om eerstens te weet dat dit Gód se planne is en nie ons planne nie. Die roeping, die sending van die opgestane Christus aan sy mense was gerig op die hele wêreld (Matt. 28:19-20).

Schwarz (2000:376) sê dat daar nooit aan die “hele Israel” (Rom. 11:11-26) gedink kan word sonder die gedagte van 'n eenheid tussen Jood en heiden nie; en: “…the Christian community knows that the ethnic restrictions of the old covenant no longer hold and that the new covenant should include all people”. Hy sê egter dat dit ons tog laat wonder hoe mense wat sonder ’n tuisland was vir byna 2000 jaar, kan terugkeer na hulle land? Hulle is deur die wêreld verwerp, het baie gely onder die wreedste vervolging en mishandeling en tog het hulle geloof in God behou en die Messias bly verwag. Alhoewel dus betwis en beveg, het hulle 'n nasionale staat. Schwartz is nie 'n Millennialis nie, maar wil tog dink dat God nog 'n boodskap deur Israel vir die wêreld het. Die Joodse nasie is ’n raaisel sowel as ’n bron van inspirasie en hoop. Hulle herinner ons dat God sy mense deur valleie van doodskaduwees lei, Hy sal hulle nie vir ewig verwerp nie; maar onderhou, roep en versorg hulle. Ten opsigte van ons taak om die wêreld te evangeliseer, moet ons op die Jode let. Alhoewel hulle nie altyd aanvaar is nie, sê Schwartz van die Jode: “Yet this did not prevent the Jewish people from perceiving all of humanity ‘as the descendants of one father and the creatures of one Creator,’ and similarly cherishing ‘the complementary vision of reunited mankind under God at the end of time.’”

Möller (2011:3) maak die volgende opmerking: “Die enigste moontlike guns wat Israel as volk voor God mag hê, is dat God hulle hul land sal laat behou. In Génesis 13:15 belowe die Here aan Abraham: ‘Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag’”. Hy wys egter

daarop dat dit nie 'n uitgemaakte saak is dat die woorde “vir altyd” (vanaf die Hebreeuse woord *ad olaam*) op 'n onbeperkte tyd dui nie.

Saam met die herstel van die Jode in hulle nasionale tuiste word ook 'n massabekering veronderstel. Die Millennialisme leer ook dat baie nasies in die Millennium Vrederyk weens unieke omstandighede tot bekering sal kom en die seën van Abraham sal geniet. Jesus het nie in sy aankondigings van die eindgebeure die herstel van Israel in Palestina geleer nie en ook nie die massabekering van die volk nie. Hy het sy dissipels uitgestuur om dissipels te maak van al die nasies en om hulle alles te leer wat Hy hulle beveel het. Hy het hulle ook verseker dat Hy mét hulle sal wees tot die einde toe: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:19, 20). Paulus het in 1 Timotheüs 2:4 gesê dat dit aanneemlik is vir God, ons Verlosser, dat alle mense gered word. Jesus het ook vir sy Joodse gehoor in Matthéüs 7:14 geleer: “Maar die poort wat na die hemel lei, is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min.” Het “die min” net betrekking op hulle (Jode en heidene) wat in die genadetyd tot bekering kom, maar nie betrekking op die situasie in die verwagte fisiese regering van Jesus op die aarde, soos die Chiliaste leer, nie?

Is die totstandkoming van die moderne staat Israel 'n aanduiding van 'n komende Millennium Vrederyk, 'n Christus – Dawidiese aardse ryk? Gaan daar, op 'n ander wyse as die verkondiging van die Evangelie, soos in die genadetyd, 'n massabekering van Jode en heidene plaasvind? Gaan daar 'n unieke uitbreiding (geestelik, moreel, sosiaal en polities) van die heil wees in die duisend jaar? Paulus leer hierteenoor dat almal op dieselfde manier in die olyfboom ingeënt word (Rom. 11). In Galásiërs 3:29 is geskryf: “En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename”. Die herstel van die Joodse staat vandag in Palestina kan nie verbind word aan 'n verwagting van 'n duisend jaar Messiaanse Vrederyk nie, want Jesus en die skrywers van die Nuwe Testament het nie só 'n Dawidiese nasionale ryk geleer nie en dit kan ook nêrens ingepas word in die raamwerk van die eindgebeure nie. Die Bybel leer nie van 'n duisend jaar aardse regering van Jesus nie. Anders gestel: die nasionale herstel van Israel kan nie verbind word met, of 'n bevestiging wees van, 'n verwagte Millennium Vrederyk waar Jesus in die nasionale Israel gaan regeer nie. Of dit 'n teken van die einde is, word veral deur die interpretasie van Lukas 21:24 bepaal. Hierdie vers is reeds behandel. In dié gedeelte is daar nie die geringste aanduiding van die herstel van Israel in hulle land of 'n ryk van duisend jaar nie. Daar is dus geen bewyse in die Nuwe Testament om aan te neem dat daar 'n spesiale, aparte

toekoms vir die Jode is nie. Die Koninkryk van Christus is 'n geestelike koninkryk (Joh. 18:36; Rom. 2:18-29; 4:16-17).

Om saam te vat: daar is verwys na Möller (2011) se opmerking dat die enigste moontlike guns wat Israel as 'n afsonder volk voor God mag hê, is die besit van sekere grondgebied. Möller haal Génesis 13:15 aan waar die Here aan Abraham belowe het dat Hy die hele land wat Abraham sien vir altyd aan hom en sy nageslag sal gee.

Volgens Schwarz (2000) sluit die nuwe verbond alle mense in, maar tog meen hy dat God deur Israel nog 'n boodskap vir die wêreld het. Hy oordeel dat die Joodse volk 'n bron van inspirasie en hoop is. Hulle herinner ons daaraan dat God sy mense deur donker dieptes lei. Hy onderhou, roep en versorg hulle.

3.7 DIE WEGRAPING

Die gedagte van die wegraping is die belangrikste verwagting wat in die hart van Premillennialistiese gelowiges leef. Vir dié gelowiges is dit die wederkoms van Christus en is dit die wyse waarop die gelowige sy lewe hier op aarde afsluit, of ontvlug, en hemel toe gaan. Maar eintlik handhaaf die leer van die Premillennialiste die koms van Christus ná die wegraping, sy "tweede koms", die wederkoms. Met dié koms, na die groot verdrukking, vestig Jesus sy Messiaanse Vrederyk op die aarde. Die "eerste koms" (wegraping) is naby en niemand weet wanneer nie, maar die tweede is vasgestel, dit volg op bepaalde gebeure soos reeds verduidelik. Die Premillennialiste wil soms voorhou dat dit een gebeurtenis is met twee aspekte, maar dit word met sewe jaar geskei en elke koms het sy eie doel. Schwarz (2000:334) haal die Premillennialis, Walvoord, aan oor die wegrapingvraag: "'if this is a literal, future event, it is a most important aspect of the hope of the church.' Since Christians will be spared the final tribulation, 'at the time of the rapture the saints meet Christ in the air, while at the second coming Christ returns to the Mount of Olives to meet the saints on earth'". Schwarz beweer dat die gedagte van die wegraping nie so oud is soos die voorstanders daarvan wil voorgee nie: "It gained prominence in Great Britain with John Darby (1800-1882), a founder of the Plymouth Brethren, when in the 1830s he advocated a 'secret rapture' of the faithful". Du Rand (2007:317) bevestig dat dit waarskynlik in 1830 momentum gekry het toe die drome van 'n sekere Margaret MacDonald openbaar gemaak is.

Soos reeds ondersoek en gevind, is daar nie in die kerk se algemene toekomsverwagting 'n gedagte van 'n wegraping nie. Selfs Millennialiste het tot die 19de eeu geleer dat die koms van Christus 'n sigbare, persoonlike, enkele, uitstaande gebeurtenis sal wees. Tot in die 19de eeu is geglo dat die kerk in die groot verdrukking gaan ly. Die meervoudige koms is deel van die duplisering (twee komste, twee opstandings en twee oordele) wat in Dispensasionalisme na vore gekom het.

In König (2009:88-92) se bespreking van die wegraping haal hy 27 tekste aan wat gebruik word om die leer van die wegraping te motiveer (die geheime wederkoms). Dan is daar 'n tweede lys wat gebruik word om die wederkoms (die tweede koms) te ondersteun. In sy ontleding van die tekste vra hy: "Wat is in hierdie tekste wat ook nie vir die wederkoms geld nie? Of: wat in al hierdie tekste laat 'n mens dink dat dit oor iets anders as die 'gewone' wederkoms gaan?" Hy bevind dan dat daar: "tog niks anders staan nie as dat Christus sal kom of verskyn, die dooies sal opwek, en ons sal oordeel; dat ons Hom verwag; dat sy koms naby is; dat ons met Hom herenig sal word. Maar dit geld tog alles met sy wederkoms. Het 'n mens 'n aparte, geheime wegraping daarvoor nodig?" Hy noem verder dat, van die sowat 50 tekste, daar nie een is wat na albei komste verwys nie. Dit is ook vreemd, meen hy, dat nie een van die verwysings uit die eerste drie Evangelies kom nie. Jesus het veel en breedvoerig oor die wederkoms geleer, maar niks vermeld van die wegraping nie.

Die beelde in Matthéüs 24:40-41 van twee mense wat saam werk, word algemeen deur Premillennialiste gebruik om die leer oor die wegraping, of geheime wegraping, te grond. Jesus het gesê dat die een aangeneem sal word en die ander een agtergelaat sal word. König (2009) meen min van hulle gebruik vandag nog hierdie verwysings. In die voorafgaande gedeelte, vanaf 24:30, gaan dit oor die wederkoms en daar is geen aanduiding in 24:40 dat na 'n nuwe gedagte oorgegaan word nie. Dit kan ook nie na die wegraping verwys nie, want dan sal dit beteken dat die wegraping ná die wederkoms is.

Die teorie van die wegraping rus hoofsaaklik op 1 Tessalonisense 4:13-18. In vers 16-17 beskryf Paulus die wederkoms. Die belangrikste vers wat die wegraping sou kon ondersteun is vers 17: "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle (die ontslapendes) in die wolke weggevoer word in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees". In die vorige verse vind ons niks van 'n wegraping nie, maar daar word slegs gemeld van die opstanding, gegrond op Jesus se

opstanding, en “dat ons wat oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapendes hoegenaamd nie sal voor wees nie” (15). In 1 Tessalonisense 4: 13-18 gaan dit nie oor ongelowiges teenoor gelowiges nie, maar oor dié wat in Jesus ontslaap het teenoor die gelowiges wat by sy wederkoms nog leef. Paulus antwoord die vraag oor wat met die ontslapenes by die wederkoms gaan gebeur. Dié wat in die lewe oorbly sal by die wederkoms van die Here die ontslapenes nie voor wees nie. Dit verwys na die eindgebeure en eindig met: “en so sal ons altyd by die Here wees.” Volgens vers 16 sal die wegraping nie in die geheim wees nie. Dit gaan gepaard met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God. Jeremiah (2008:112), 'n Premillennialis, probeer die geroep van die aartsengel en die geklank van die basuin verduidelik en sê: “Paulus beskryf nie afsonderlike klanke nie; hy beskryf net een klank op drie verskillende maniere. Die volume en helderheid sal soos die geskal van 'n trompet wees. En die klank sal eksklusief gerig word – dit sal net gehoor word deur die wat hul vertroue in Christus gestel het”. Ons het egter elders soortgelyke voorstellings. In 1 Korinthiërs 15:52 noem Paulus dat die dode opgewek word en ons sal verander word “by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink.” In Matthéüs 24:30-31 sê Jesus dat die Seun van die mens sy engele sal uitstuur met harde trompetgeluid en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemel af tot die ander einde daarvan. Die Millennialiste meen egter dat hier verwys word na die tweede koms en dat engele die Jode (sy uitverkorenes) vanuit die nasies sal versamel. Die Premillennialiste meen die profesieë word nou reeds vervul met die Jode in hulle land.

König (2009) sê tereg dat 1 Tessalonisense 4:13-18 nie die indruk wek dat daar nog 'n klomp dinge moet gebeur nie en veral nie dat die eintlike wederkoms nog eers daarná sal plaasvind nie. Du Rand (2007:319) verwys na Paulus se afsluit van die gedeelte deurdat die gelowiges mekaar moet bemoedig (1 Tess. 5:11). Dit is duidelik dat 1 Tessalonisense 4:16 praat oor die wederkoms en hy bespreek die lot van gelowiges, van dié wat leef en van dié wat gesterf het, by die wederkoms. “Daar is niks geheimsinnigs aan sy wederkoms soos die wegraping-voorstanders wil voorstel nie” (Du Rand, 2007:319). Dit word in die openbaar aangekondig deur die aartsengel en die trompet van God. Dit word beskryf as ’n oomblik van triomf van Christus (kyk Matteus 26:46). “Die lug wat in die antieke tyd beskou is as die gebied van die bose geeste (vgl. Ef. 2:2), is deur die triomferende Christus oorgeneem” (Du Rand, 1995:31).

Die inhoud van Johannes 14:1-3 blyk die wegrapingteorie te ondersteun. Wat ons egter hier vind, is dat Jesus slegs sy mense wou troos en bemoedig in die nag van verraad. Hulle moenie ontsteld word nie, maar glo in God en in Hom. Hy kom hulle haal na 'n ewige tuiste by sy Vader en hulle gaan wees waar Hy is. Daar is geen rede om te dink dat Jesus iets anders wou sê nie, of dat daar nog ander gebeure gaan volg by 'n tweede koms nie. Daar word ook niks van 'n wegraping in die teks vermeld nie. Om die wegraping hierin te lees, is om 'n vooropgestelde denkskema in die skrifgedeelte te probeer bewys.

3.7.1 Wegraping – die kerk en die groot verdrukking

Daar is reeds daarop gewys dat die Millennialiste tot in die 19de eeu geleer het dat die kerk in verdrukking gaan ly.

Du Rand (2009:320-321) meen dat die argumentslyn wat deur die wegrapingteorie gevolg word, veronderstel dat God altyd in die verlede sy mense uit die nood gered het, soos Noag en sy gesin en Lot en sy dogters. Kleynhans (2000:147) is dit met hom eens en verwys na Lukas 21:36; Openbaring 3:10 en 2 Petrus 2:4-9: “die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos…”(9). Du Rand meen dat die grootste kritiek teen die wegraping met die opvatting dat die gelowiges van verdrukking sal ontsnap, saamhang, en hy sê: “Die grootste uitredding wat God nog vir sy eiendom bewerk het, was deur die dood en opstanding van sy Seun, Jesus Christus.” Die kerk put sterkte uit hierdie verlossing en marsjeer deur die wêreld as oorwinnaars. “Die kerk gaan tydens die simboliese 1260 dae (7 jaar) fel vervolging en teenstand ondervind, maar God dra sy kerk enduit tot by die een wederkoms van die Here Jesus. Elkeen wat die Seun sien en glo sal die ewige lewe hê en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan (Joh. 6:40)”.

Horton (1995:626), daarenteen, meen 1 Tessalonisense 5:9-10: “Want God het ons *nie bestem tot toorn nie*, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap saam met hom kan lewe” (9) en 1:1:10: “en sy Seun uit die hemel te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons *van die toekomstige toorn verlos,”* bevestig die wegraping en ontvlugting van die groot verdrukking. Volgens hom is die wraak/toorn van God die groot verdrukking (Op. 6:16; 25:1, 7; 16:1) en dit is nie dieselfde as die verdrukking wat die gelowige tans in die wêreld ervaar nie. Hy sê dat die konteks waarin die gedeeltes geskryf is, die wegraping is. Daar is egter niks in die gedeeltes wat enigsins iets anders

leer as die eenvoudige wederkoms van Jesus en die eindoordeel nie. Dit is dus duidelik dat hierdie interpretasie ook vanuit die vooropgestelde werkskema van die wegraping geskied.

Matthéüs 24:21-30 het Jesus geleer oor die groot verdrukking en gesê: “En as daardie dae nie verkort word was nie, sou geen mens gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (22). Möller (2011:19) meen die uitverkorenes is die gelowiges, of die kerk, en hy verwys na Openbaring 7:9-14 wat praat van dié wat uit die groot verdrukking voor die troon staan. “Hierdie mense is duidelik geredde mense en daarom deel van die kerk. Daar is geen aanduiding dat hulle eers later deel van die kerk geword het nadat die res in die hemel opgeneem is nie”.

Lukas 21:36: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” handel oor die koms van Jesus en om waardig te wees om voor die Seun van die mens te staan; om die verskriklike gebeure van die finale oordeel te ontvlug en nie oor die ontvlugting van die groot verdrukking nie. Verse 17-19 dui juis op God se hulp gedurende die verdrukking en dat die gelowiges met volharding hul lewens “in besit kry”.

'n Ander vers wat gebruik word om te bewys dat die kerk voor die verdrukking weggeraap word, is Openbaring 3:10: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel”. Kleynhans (2000:149) verwys na die voorsetsel *εκ* (Grieks) in die gedeelte “bewaar in die uur,” en sê dat dit net kan beteken: “bewaar uit die uur.” Dan sê hy ook dat dit nie “bewaar“ is nie, maar “verlos” moet wees. Die voorsetsel *εκ* kan baie betekenisse hê. König (2009:157, 158) verwys na Baur (1952) wat meer as 30 betekenisse van *εκ* onderskei. Verder meld hy dat die werkwoord wat met “bewaar” (1953) en ”vashou” (1983) vertaal word nooit *verlos* of *uitred* beteken nie. In Johannes 17:15 beteken die werkwoord juis dat Jesus die dissipels in die wêreld moet bewaar van die Bose en nie uit die wêreld moet wegneem nie. Die gedeelte bewys nie dat die kerk die verdrukking sal vryspring nie. Die beproewing gaan die hele wêreld en al die bewoners van die aarde raak. Die Christene sal nie daarvan gevrywaar word nie, maar God gaan hulle krag gee en help in die proses. Jesus het sy kerk geleer oor die verdrukking en om lydsaamheid te hê. Hulle moet Hom voor oë hou en aan Hom vashou en Hy sal hulle vashou (Matt. 5:10; Joh. 16:13; 2 Tess. 3:5; Heb. 10:36; 12:2-4; Op. 1:9; 13:10; 14:12).

3.8 DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE LEER VAN PREMILLENNIALISME

Die Premillennialiste se verwagting van 'n sigbare, politieke ryk bring mee dat hulle 'n sekere beskouing oor die Koninkryk verkondig. Daar is reeds verwys na Vlach (2012:225) wat beweer dat Koninkryk van God verskillende fasette het en dat een van die belangrikste fases is God se Koninkrykprogram in die Millennium. Die Ou Testament vertel van hierdie interim-koninkryk wat verskil van die huidige ryk van God en van die komende ewige staat. Du Plessis (2006:111) is van mening dat God volgens 'n ewige dekreet besluit het om sy Koninkryk in twee opeenvolgende gestaltes te ontplooi (Hand. 1:7, 9). Hy sê dat wat Jesus met die verborgenheid van die koninkryk (Mark. 4:11) bedoel het, is:

> dat daar 'n *bestanddeel*, 'n *element* in die herstel van die toekomstige Dawidiese koninkryk was wat nie gedurende die Ou Testament geopenbaar is nie. Die geheime bestanddeel van die koninkryk wat nooit vantevore aan die Jode bekend was nie, is dat God besluit het om die koninkryk in twee opeenvolgende gestaltes te vestig, eers die geestelike en dan die politieke koninkryk" (Du Plessis, 2006:122, 123).

Die profete het nie van die geestelike koninkryk geweet nie.

3.8.1 Die eerste gestalte – die geestelike koninkryk

Jesus het die geestelike ryk in verborgenheid gehou deur in gelykenisse te praat en sy dissipels daarvan te weerhou om bekend te maak dat Hy die Messias is (Mark. 4:11; Matt. 16:20). As die Jode dit sou weet, sou hulle verhinder het dat die eerste gestalte plaasvind, met ander woorde verhinder het dat Hy vir die sondes sou sterf.

Die eerste gestalte, die kerk, noem Du Plessis (2006:113, 118, 120) ook die onsigbare of immanente koninkryk. Du Plessis meen dat Jesus nooit op die aarde geheers het nie en is ook nooit in Jerusalem gekroon as koning nie. Jesus het ook nie vanuit die hemel op die aarde geheers nie. Tog is Jesus by sy doop deur die Vader ingehuldig en die bevestiging van sy heerskappy het sy aanvanklike beslag gekry nadat Jesus hemel toe opgevaar het en aan die regterhand van God gaan sit het.

3.8.2 Die tweede vorm van die koninkryk – die sigbare politieke ryk

Die eerste gestalte maak plek vir die sigbare, politieke ryk. Du Plessis (2006:104) sê: "Die profetiese geskrifte van die Ou Testament wemel letterlik van uitsprake oor die heroprigting van die antieke koninkryk van Dawid in die vorm van 'n Messiaanse Koninkryk." By die bruilof van die Lam word Jesus as Koning gekroon en met die tweede koms na die aarde, met die aanvang van die duisend jaar aardse ryk, word Hy as Koning oor Jerusalem bevestig. Hy regeer met 'n ysterstaf. Die gedagte van regeer het dus twee betekenisse: die een gaan oor sy heerskappy oor die kerk en daarna oor die nasies op die aarde. Die nasies sal nie genoeë neem met die teokrasie nie en in opstand kom oor dié styl van regering, in die vorm van 'n oorlog.

3.8.3 Die Messiasfiguur

Die twee opeenvolgende gestaltes van die Messiaanse Koninkryk het ook betrekking op die Messiasfiguur. Du Plessis (2006:106) sê die profete het 'n paradoksale Messiasfiguur geskets. Die eerste profiel is 'n nederige, lydende Kneg en die tweede profiel word geskets as dié van 'n Magtige Koning wat oor die hele aarde regeer. Die dubbele profiel het die Jode verwar, maar die oplossing is eenvoudig: by die eerste koms, as die arm en nederige dienskneg, bedien Hy (Fil. 2:7; 2 Kor. 8:9). Dié profiel is voltooi. Die meeste profesieë dui op die tweede profiel: Jesus as die politieke heerser by die tweede koms. Dit is nog onvervuld. Hy gaan dan kom as die Koning van die konings (Op. 19:16). Die vraag is natuurlik: hoe tree Jesus, die Messias, nou in die tussentyd op? Is Hy nog steeds dienskneg, of is Hy reeds Koning?

Alhoewel die Chiliaste die Nuwe Testamentiese verwysings na Jesus as Koning, of Messias, gebruik, vertolk hulle dit só dat Hy nie "regtig" die Messias is nie. Kleynhans (2000:252) sê ten opsigte van Jesus in die Millenniumryk:

> ...want dit is nou tyd dat die koningskap oor die hele wêreld oorgaan op Christus, die Middelaar-koning, vir wie ons uit die hemel as Verlosser verwag. Hy kom die aarde geheel verlos van die mag en invloed van Satan,…Hy is die Koning, nie alleen in die sin dat Hy Heer oor almal is nie, maar ook die betekenis van die ideale Koning, die Man na die hart van God.

3.8.4 'n Paar opmerkings oor die verborgenheid van die koninkryk en die Messias-geheimenis

Die verborgenheid, of die geheim, wanneer Jesus met gelykenisse ten opsigte van die Koninkryk (Mark. 4:11) praat, gaan nie om 'n geheim dat daar naas 'n sigbare politieke ryk wat gaan kom eers 'n geestelike koninkryk sal wees nie. Jesus openbaar die aard van die Koninkryk van God sowel as ons reaksie op dié Koninkryk. God openbaar Homself op 'n sekere wyse aan dié wat in gehoorsaamheid na Hom luister en dan weer anders aan dié wat ongehoorsaam is. In vers 13 vra Hy: "Begryp julle dan nie hierdie gelykenis nie?" Daarna verduidelik Hy die gelykenis oor die saad (die woord) en die land (die hoorders). Die uitkoms van die saad (die woord) verskil na gelang van die verskillende tipes grond (harte). Jesus het gesê: "As iemand ore het en kan hoor moet hy luister" (Mark. 4:23). So het Jesus ook ander gelykenisse soos dié van die lamp, mosterdsaad, suurdeeg, onkruid, pêrel en die visnet (Matt. 13) gebruik om hulle te leer oor die Koninkryk. Die Koninkryk het sy eie karakter. Dit kan so gering voorkom, maar dit beïnvloed die wêreld en die eindbestemming van alles word deur hierdie Koninkryk besleg. Simon van Jerusalem het, toe hy die kindjie Jesus in sy arms neem, God geprys en gesê: "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, omdat my oë u verlossing gesien het wat U gereed gemaak het voor die oë van al die nasies en tot eer van u volk Israel" (Luk. 2:29-32).

Om te stel dat Jesus moes sy Messias-identiteit verberg het anders sou die Jode Hom nie gekruisig het nie, is moeilik om te verstaan. Hou ons dan enigsins rekening met die werk van die bose (Matt. 2:13; Luk. 22:3; Joh. 13:2, 27)? Jesus het hulle openlik verwyt oor hulle verwerping van Hom (Luk. 7:31-35). In Johannes 8:40-59 het Hy hulle beskuldig dat hulle Hom om die lewe wil bring. In vers 43 vra Hy: "Waarom ken julle my spraak nie?" In 44 sê hy: "Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie. " Hy het vir die skare gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" (58) en hulle wou Hom stenig. Hy het dikwels openlik gesê Hy kom van God en dat die ewige lewe in Hom is (Joh. 6,7). Daar was verskeie mense, onder andere blindes en 'n Kananese vrou wat Jesus as die Seun van Dawid bely het (Matt. 9:27; 15:22; 20:30-31). Dit was juis oor sy selfopenbaring dat hulle Hom wou kruisig (Luk. 22:71) en dit was deel van die klag teen Hom voor Pilatus: "…terwyl Hy sê dat Hy self Christus, die Koning is" (23:2).

Die enigste gevolgtrekking blyk te wees dat die Premillennialiste hulle leer van die Koninkryk van God só ontwerp het dat die idee van 'n politieke regering geakkommodeer kon word. 'n Sekere profiel word van Christus geskep om plek te maak vir 'n latere politieke figuur aan die einde. In die eerste voorstelling is Hy in 'n sin die Christus, die Seun van Dawid, die Koning, maar tog ook nie, want Hy heers nie oor die nasies nie, dit is nie 'n vrederyk nie en daar is 'n onvoltooidheid in die heil vir die mens. Tekste in die Nuwe Testament wat Jesus se Messiasskap aandui word minderseggend. Alles word beoordeel aan die hand van 'n sekere begrip wat gekoppel word aan die styl heerskappy wat in die toekoms verwag word. Nét so is ook die voorstelling van die toekomstige regeringstelsel in die aardse ryk vreemd aan die beeld van Jesus Christus, soos in die Nuwe Testament geopenbaar. Die koninkryk van die hemel word tot 'n politieke, 'n tydelike, 'n aardse en materiële ryk gereduseer.

3.9 CHRISTUS SE KONINGSKAP EN DIE MESSIAANSE RYK

Ons het reeds gesien dat die Ou Testamentiese profesieë hulle vervulling in Jesus vind. Anders gestel: die Messiaanse Koninkryk van die Ou Testamentiese profete is die Koninkryk van God wat in Jesus geopenbaar word. Kajafas wou hê dat Jesus by sy verhoor onder eed voor die lewende God moes sê of Hy die Christus die Seun van die lewende God is. Jesus het hom duidelik geantwoord: “Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel” (Matt. 26:63, 64). Op Pilatus se vraag of Hy wél 'n koning is, het Jesus geantwoord: “U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is ek gebore en hiervoor het Ek wêreld toe gekom, om vir die waarheid te getuig” (Joh. 18:37).

Die engel Gabriël wat aan Maria die aankondiging maak oor die geboorte van die kindjie Jesus, het van Hom gesê: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal aan Hom die troon van sy voorvader Dawid gee en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie” (Luk. 1:32, 33). Die engel se aankondiging het met die Ou-Testamentiese Messiaanse verwagting aangesluit, maar dit was nie ’n aardse ryk nie. Dit is die Seun van die Allerhoogste, Hy noem God sy Vader en sy heerskappy is tot in ewigheid (Joh. 1:49; 6:22-71; 20:17; kyk ook Ps. 2:7; 89:27-38; 2 Sam. 7:13-14; Jes. 9:6; Dan. 2:44; 7:14, 27; Joh. 20:17).

In die perikoop waar Johannes skryf van Jesus se eerste dissipels (1:35-52) het ons getuienisse van Jesus as die Messias. Toe Johannes die Doper Jesus sien, het hy gesê: "Daar is die Lam van God" (1:36; kyk ook 1:29; Ek. 12:3). Verder sien ons dat toe Filippus vir Natanael vertel van Jesus het hy gestel dat hulle die Messias, Hom van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het, gevind het. Natanael het toe met sy ontmoeting Jesus se Messiasskap erken en uitgeroep: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die koning van Israel" (1:50). Op Natanael se belydenis het Jesus hulle verseker ("voorwaar, voorwaar" {Bybel, 1953} – 'n dubbele Aramese *amen* {Hendriksen, 1969:110}) dat hulle die hemel oop sal sien en dat hulle die engele van God sal sien op- en afklim na die Seun van die mense toe (1:52). Jesus het verwys na Genesis 28, en Jakob se leer kom in Hom tot vervulling; die hemel en aarde word verbind (Hendriksen, 1969:111). Deur na Homself te verwys as die Seun van die mens sluit Jesus ook aan by Daniël (7) se droombesig. Vers 14 sê: "En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasie en talle het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie".

In Petrus se toespraak in Handelinge 2:30-36 op Pinksterdag gee hy 'n verklaring dat die hele Israel sekerlik moet weet: God het sy eed aan Dawid (Ps. 132:11) gehou en hierdie Jesus, wat hulle gekruisig het, uit die dood opgewek en Here en Christus gemaak. Paulus maak 'n soortgelyke bevestiging (Rom. 4:11, 17) aangaande Jesus en sluit aan by Genesis 12:3 en Psalm 2:7.

Aan die begin van Jesus se prediking het Hy die Koninkryk van God aangekondig en die mense tot bekering geroep (Mark. 1:15). Nadat Hy by 'n geleentheid 'n besetene wat blind en stom was genees het, het die menigte gevra of Hy nie miskien die Seun van Dawid is nie? Die Fariseërs het hierop gereageer dat Hy met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels, die duiwels uitdryf. Jesus se reaksie was dat, as die Satan verdeeld is, sy koninkryk ten gronde sal gaan en oor Homself gesê: "Aangesien Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, het die Koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom" (Matt. 12:22-29).

In teenstelling met die Premillennialiste wat 'n skeiding maak tussen 'n geestelike en aardse koninkryk om legitimiteit te verleen aan 'n verwagte duisendjarige aardse ryk van Jesus, kan gestel word dat die Koninkryk van God veral 'n gebeure van wedergeboorte in die lewe van gelowige is (Joh. 3:3). In Lukas 17:20, 21 lees ons: "En toe Hy deur die Fariseërs gevra is

wanneer die Koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die Koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! Of: Kyk daar! Nie; want die Koninkryk van God is binne-in julle."

God se handeling raak egter die hele skepping. Toe Johannes die Doper sy mense na Jesus gestuur het en vir Hom gevra het: "Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" het Jesus hulle geantwoord en gesê: "Gaan vertel wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, die dooies word opgewek en aan die armes word die evangelie verkondig en salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie" (Matt. 11:3-6). Daar is beslis 'n fisieke element in die Koninkryk van God. Ons sien dit in al die wonderwerke: die vermeerderings van die brood, die loop op die water, die wonderlike visvangste, genesings en vele meer. Daar is egter nie 'n sogenaamde duisend jaar ryk nodig vir 'n fisieke ryk waar daar vrede bewerk sal word en die troon van Dawid gevestig gaan word nie.

Uit die aard van God se handelinge met die mens kan daar nooit 'n fisieke ryk teenoor 'n geestelike ryk wees nie. Byvoorbeeld in die eerste gedeelte van Psalm 105 (vers 1-11) gaan dit oor aanbidding van God en die bekendmaking van Homself aan sy mense deur ooreenkomste en verhouding. Verder in die hoofstuk is dit duidelik dat dié geestelike gebeure plaasvind binne die gebeure van God en sy mense in die konkrete wêreldsituasie van volke, gebeure en alledaagse omstandighede. God openbaar Homself in die totale wêreldomgewing waar Hy aktief betrokke is met ingrype en wonders. In Lukas 1 is die koms van Christus is daar 'n verweefdheid van die fisieke en die geestelike. God gebruik 'n ou man, Sagaria, en sy onvrugbaar vrou om die voorloper van Christus, Johannes die Doper, in die wêreld te bring. Sagaria kon tot met die geboorte van die seun nie praat omdat hy nie die goeie tyding van Gabriel, wat voor God staan, geglo het nie (1:20). Met die koms, die dood en opstanding van Jesus Christus, God se Seun, het God deur die werk van die Heilige Gees deur die fisieke wêreld gebreek. Maria het swanger geword deur die Heilige Gees wat oor haar gekom het en die krag van die Allerhoogste wat haar oorskadu het (Luk. 1:30-35). Sy het gehoor dat die Seun wat sy sal baar, groot sal wees en die Seun van die Allerhoogste genoem sal word en dat die Here God aan Hom die troon van sy vader Dawid sal gee. Hy sal tot in ewigheid koning wees, aan sy ryk sal daar geen einde wees nie (1:31-33). Geldenhuys (1969:76) sê dat Christus se heerskappy nie 'n verbygaande aardse ryk is nie. Christus sal tot alle ewigheid regeer, "although a change in the manner of His sovereignity may set in when the whole of creation is brought back to full submission to God, when all things

shall be subdued unto Him (1 Cor. xv. 24-8) and when Satan with his satellites shall have been banished from His presence (Rev. 11-15)".

Van der Walt (2007{a}:1) meld dat ons as mens geneig is om die Koning mis te kyk. Hy is die Koning van die heelal (Dan. 2). Die manne uit die ooste se navraag na die geboorte van Jesus is 'n bewys van Christus se koningskap. Van der Walt meen tog dat hulle Jesus misgekyk het, want hulle soek die koning van die Jode en nie die Koning van die heelal nie (Matt. 2). Hy wys ook daarop dat die Jode meer as drie duisend jaar gelede 'n koning gesoek het, terwyl hulle alreeds 'n Koning gehad het en Hy die Heerser van die heelal was (1 Sam. 8). Die Jode het eeue lank vurig na die Messias verlang, maar toe Hy kom, het hulle Hom nie herken nie en wou hulle Hom nie erken nie. In Johannes 6:15 word vertel van 'n groot menigte mense wat Jesus met geweld koning wou maak, maar die aand is Hy alleen die berg op (6:15). Die volgende dag is hulle ontnugter en keer hulle hulle rug op Hom (6:60-66) (Van der Walt, 2007{a}). Nog 'n voorbeeld dat die Messias mis gekyk word, is Pilatus. Ten spyte van Jesus se antwoord aan hom dat hy Koning is, het Pilatus met die opskrif aan die kruis die tipiese fout van die Jode gemaak om die Messias tot die Jode te beperk: "Dit is Jesus, die Koning van die Jode" (Matt. 27:37). Jesus is Koning, maar onder die gesag van Rome. Die Jode het 'n koning verwag en Hy sal koning van die hele wêreld wees, maar hulle sal sy bevoorregte koningsvolk wees. Van der Walt (2007{a}:2) stel dat daar baie koning-makers is, maar hulle het 'n beperkte denkwêreld – nie een van hulle konings is koning van meer as net die aarde nie. Jesus het gesê: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde". Agter die Man van Nasaret moet ons die Here van die heelal sien: "Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie" (Joh. 1:3). Paulus het geskryf: "Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem (Kol. 1:18).

Van der Walt (2007{b}:37-39) stel dat die hart van die Bybel gaan oor die Koninkryk van God. Dit is waaroor die 66 boeke van die Bybel per slot van rekening gaan. Vir die eerste Christene het dit beteken dat God regeer; Hy is die ware Koning en nie die keiser in Rome nie. Van der Walt (2007{b}) meld dat alhoewel die uitdrukking van die Koninkryk van God nie in die Ou Testament voorkom nie kom die gedagte dat God regeer tog duidelik voor (Ps. 93; 97; 98; 10:16; 24:7-10; 44:5; 47:3). Van der Walt (2007{b}:40-41) verwys na die gedagte van die Koninkryk van God as die goue draad wat dwarsdeur die Bybel loop en wat ons help om 'n beter perspektief op die Bybelgebeure te kry. Hy meld dat as ons sê dat die basiese betekenis van die Koninkryk

van God is dat Hy regeer, hoe kan die Bybel dan praat van ’n Koninkryk wat nog kom? Van der Walt antwoord dan dat daar ’n tee-koning is wat met sy magte in stryd met God is – die dodelike stryd tussen die ryke van die lig en van die duisternis. Van der Walt (2007{b}:42) verduidelik dat die oorlog voor die skepping begin het en dat dit “eers eindig (of dalk netnou, of môre?) met die voleinding. Die middelpunt, die keerpunt, die beslissende wendingspunt in hierdie allesomvattende oorlog is die Kruis en Opstanding van Jesus Christus. Van daardie oomblik af is die uitslag van die oorlog bo alle twyfel. Dis nou net ’n kwessie van tyd voor Satan verslaan sal wees”. Met die uiteindelike koms van die Messias kon die Satan maklik gedink het dat hy op die punt is om die oorwinning te behaal, maar Christus het die oorwinning behaal en die Koninkryk het onstuitbaar deurgebreek. “Die loop van die geskiedenis word dramaties en radikaal omgekeer” (Van der Walt, 2007{b}:46). Wat ons betref sê Van der Walt dat ons in die oorlog betrek is (Ef. 6:10). Ons roeping is om onverbiddelik te bly veg. Die duiwel maak inderdaad wederregtelik, en dit ten onregte, asof hy koning is.

3.9.1 Die Koninkryk wys ook op 'n toekoms

Dit blyk dat die Ou Testamentiese profete nie Jesus se koms na die aarde en sy wederkoms as twee aparte gebeure aangedui het nie. Möller (1998:92) stel dit tereg dat die profete in hulle aankondigings alles oor die boeg gegooi het van die triomferende Messias wat sy ewige Koninkryk gaan openbaar. Die stellings van sy geboorte, lyding en verlossing kan alleen onderskei word deur die lig van die Nuwe Testament en dan word die gebeure ook nie apart van die ewige koninkryk voorgestel nie.

By Paulus vind ons 'n eenheid in die eskatologie as hy in Romeine 1:1-6 skryf van Jesus Christus. God se reddingswerke het al lankal begin en strek die toekoms in – God se redding vir almal wat tot geloof en gehoorsaamheid aan Jesus kom. God het tevore deur sy profete en die heilige geskrifte beloof aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid. Jesus is op grond van sy opstanding uit die dode deur die Heilige Gees verklaar as die Seun van God wat met mag beklee is. Deur die Here het hy genade en apostelskap ontvang om al die heidene tot geloof en gehoorsaamheid te bring. In hoofstuk 3:21 stel hy ook dat die wet en die profete getuig van die geregtigheid van God wat nou in werking tree. Dit is die vryspraak deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. In die slot lofprysing in die boek besing hy die evangelie wat hy verkondig. Dit het eeue lank geheim gebly, maar nou is dit geopenbaar.

Hy bring lof aan die enigste en alwyse God aan wie die heerlikheid behoort deur Jesus Christus tot in ewigheid (16:25-27).

Volgens Schwarz (2000:92-93) het Paulus sy apostelskap beskou as ’n saak wat strek vanaf die opstanding van Jesus tot met sy wederkoms. Vir Paulus was dit asof hy in die eindtyd leef. Paulus het geweet daar is spanning tussen die vervulling en die verwagting van die koninkryk, maar omdat hy bewustelik in die eindtyd leef, was daar by hom geen teorie oor die komende Messiaanse koninkryk, verklaar Schwarz. Die Messias is Jesus wat gesterf en opgestaan het. Christene leef in die eindtyd. Wat nog ontbreek is die verandering van die wêreld en opstanding wat ook as verandering verstaan is. Schwarz (2000:93) skryf onder andere oor Paulus se eskatologiese siening: “In the parousia of Christ, the eschatology event of his death and resurrection comes to his conclusion: Christ becomes the final judgement and salvation of the world”.

Baie teoloë is dit eens dat Openbaring sy inhoud nie chronologies aanbied nie. Dieselfde gebeure word meer as een keer net in 'n ander prentjie of toneel aangebied. Die besonderhede word dan soms uitgebrei.

Du Rand (2007:20-25) bespreek die vraag of Openbaring as ’n apokalips beskou moet word. Volgens Du Rand gaan dit in die apokaliptiek oor die *denkinhoud* van geskrifte wat vanuit 'n apokaliptiese perspektief geskryf is. Dit behels ’n begrips van *krisisdenke* wat ontstaan wanneer die waardes, gebruike en reëls vir 'n groep mense betekenloos word in ’n bepaalde samelewing. Die minderheid onttrek hulle en hulle kan nie 'n uitkoms sien in die huidige geskiedenis nie. Verlossing is alleenlik deur 'n *radikale breuk* moontlik; hulle verwag dan dat verlossing van buite moet kom. Daar moet van buite die geskiedenis ’n ingryp van God kom om die apokaliptiese krisis op te los. Du Rand sê dat so ’n groep hulle hede en toekoms interpreteer vanuit so ’n totale nuwe toekoms wanneer God sal ingryp. Daar is vir die apokaliptiese minderheid geen sin in hierdie bestaande wêreld nie, en daarom sien hulle uit na die nuwe wêreld of Utopia.

Du Rand (2007) maak dan die gevolgtrekking dat Openbaring geskryf is vanuit ’n apokaliptiese perspektief, maar inhoudelik verskil dit totaal daarvan - die Jesusgebeure maak alles anders. Jesus het reeds die hede gevul met verlossing en wanneer Hy weer kom, sal Hy die verlossing volmaak afrond. Omdat Christus ’n verskil gemaak het, beleef die gelowige reeds hoop. Du

Rand (2007:25) stel: “Daarom is Openbaring ’n dramatiese apokaliptiese vertelling (narratief) aan ’n spesifieke groep Christenlesres met ’n apokaliptiese perspektief”. ’n Leser in 100 nC kan vanuit sy eietydse stryd teen die bose, eietydse godsdienstradisie en mitologiese beeldspraak die boek Openbaring beter verstaan as ’n leser in die 21ste eeu.

Vanaf ’n ander hoek bekyk, is Openbaring sterk profeties-eskatologies (Du Rand, 2000:25). Die gelowiges het hulle self gesien as reeds verlos op grond van die dood en opstanding van Christus. Johannes lei Openbaring in deur te stel dat die brief 'n openbaring is van Jesus Christus wat God hom gegee het om te toon wat gou moet gebeur (1:1-3). Johannes het visioene beleef wat ten opsigte van formaat en inhoud apokalipties was.

Volgens Achtmeier (2001:556) het die boek Openbaring die literatuur kenmerke van ’n brief, profesie en apokalips. Openbaring wil dit duidelik maak dat sy lesers ’n hemelse perspektief nodig het om ten volle die omstandighede en bedreigings om hulle te verstaan. Deur sy leser te wys hoe hulle huidige wêreld lyk vanaf die oorwinning deur Jesus die Lam wat op die troon sit; vanaf God se toekoms wou Johannes sy lesers se gedagte verander, hulle versterk en hoop te gee (2001:557-563; kyk ook De Smidt, 1994:76).

Openbaring is gerig op die toekoms, maar handel ook met die hede omdat die heil in Christus reeds beleef word in ’n donker wêreld.

HOOFSTUK 4: EVALUASIE VAN DIE ESKATOLOGIESE BOODSKAP VAN PREMILLENNIALISME

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is gepoog om die eskatologiese beskouing van Premillennialisme skriftuurlik te beoordeel. Die verkondiging van die verwagte Messiaanse Vrederyk en die aard daarvan is bespreek. In dié "Premillennium" idee gaan dit hoofsaaklik oor die boodskap van 'n 1000 jaar waartydens Jesus letterlik op die aarde gaan regeer en verskeie leerstukke en gebeure wat daarmee saamval. In wese gaan hierdie aardse ryk oor die nasionale herstel van Israel, die herstel van 'n Dawidiese Koninkryk met 'n unieke regeringstelsel. Dit behels 'n massabekering van die Jode en heidene en ook 'n openbaring van besondere heilselemente wat nie tydens die genadetyd ervaar word nie. Alhoewel hierdie Vrederyk nog nie die nuwe hemel en aarde is nie, sal die "skepping" uniek vernuwe word. Die ryk neem 'n aanvang met die wederkoms wanneer Jesus sy Koninkryk sal vestig. 'n Wegraping van die gelowiges (die afsluiting van die fase van die genadetyd en die kerk in die heilsgeskiedenis) word voorgehou wat voor die wederkoms sal plaasvind. Die geheime wegraping word deur sewe jaar van verdrukking gevolg en dié verdrukking is dan die voorspel tot die wederkoms.

Daar is gewys op die Premillennialiste se beskouing van profesieë: dit is een van die talle heerlike aspekte van die Heilige Skrif wat die Bybel bo ander boeke van die wêreldgeskiedenis verhef (Du Plessis, 2006). Om die aanwesigheid van profesieë (die letterlike vertolking van profesieë) te bevraagteken, beteken ongeveer dieselfde as om God se alwetendheid te kritiseer. Vroeër is gemeld gewys dat Kleynhans (2000) meen dat dit erg verbysterend sou wees as daar iets gevind kon word wat in stryd is met die gedagte van 'n Millenniumryk. Dit sou ons, aldus Kleynhans meld plaas voor 'n ontstellende raaisel omtrent die gesag van die profetiese woord en die verbondstrou van God teenoor Israel. Profesie is geskiedenis vooruitgeskryf.

Die doel van hierdie hoofstuk is om verder navorsing te doen oor die boodskap van Premillennialisme en om 'n wyer ondersoek te doen as slegs die algemene raamwerk van die leer en die begronding daarvan in die Skrif.

Voordat die boodskap nagegaan word, word eers gemotiveer waarom daar verdere ondersoek noodsaaklik is.

4.1.1 'n Verdere ondersoek na die verkondiging van Premillennialiste

Daar is tereg gevind dat die skema van ’n duisend jaar aardse regering van Christus nie die boodskap van die Bybel is nie. Die vraag is daarom: waarom ’n verdere ondersoek?

4.1.1.1 Die noodsaak van die ondersoek ten spyte van die gebrek aan skriftuurlike grond vir die leer van Premillennialisme

Premillennialisme kry nie voldoende ondersteuning vanuit die Skrif nie. Bavinck (1996:108) reken dat, as daar ’n interim staat tussen hierdie dispensasie en die voleinding is, kan Matthéüs 23:37-39; Lukas 21:24; en Handelinge 3:19-21 daarvolgens verstaan en verklaar word, maar in hulself verskaf hierdie gedeeltes geen rede vir die verstaan van só ’n oorgangsperiode nie. Die vraag is egter: het Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers nog so ’n periode van krag en heerlikheid voorsien?

In die ondersoek en evaluasie van Premillennialisme se eskatologiese beskouing is uitgegaan vanaf duidelike uitsprake van Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers oor die eindtyd. Profesieë, visioene en apokaliptiese beelde moet in die lig van hierdie duidelike uitsprake verstaan en verklaar word. Openbaring 20:1-6, die simboliekgelaaide gedeelte en die enigste gedeelte wat na ’n duisend jaar verwys, moet in die wyer verband van die boek Openbaring en van die Nuwe Testament verklaar word. Dit is duidelik dat hierdie gedeelte nie na die herstel van die Jode en ’n nasionale regering verwys nie. Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers het nêrens 'n duisend jaar politieke regering voorgehou of enige verwagting gestel van ’n nasionale herstel van Israel nie. Die Nuwe Testamentiese skrywers was ten volle oortuig daarvan dat Jesus waarlik die Christus en die verwagte Messias was (Joh. 1:42, 46, 50; 4:42; Matt. 15:22; Luk. 9:20, 18:38, 39). Die hoop en beloftes van redding is in Christus vervul (Hebr. 1:1-10; Joh. 1:1-12; Kol. 1:9-23; I Joh. 1:1-7). Die sogenaamde Millennium en die gebeure wat daarmee saamgaan, kan nie ingepas word in die Nuwe Testament se boodskap oor die einde nie. 'n Aardse regering van Jesus en die heil wat daarin voorgestel word, is vreemd en doen die Evangelie van Jesus Christus geweld aan. Die sogenaamde uitbreiding van die heil, of 'n soort ‘superheil’ in 'n verwagte

politieke aardse ryk is dus onaanvaarbaar. Wat betref die massabekering van Israel gedurende die Groot Verdrukking om die Millennium in te kan gaan, is ook vreemd, want dié bekering blyk om op 'n ander wyse as bekering deur geloof in Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees in die genadetyd te geskiet. Dit moet beteken dat daar geen massabekering van Israel om 'n Millennium in te gaan, kan wees nie.

Die nie-bybelse skema van Premillennialisme beteken ook dat dit in die idee van 'n voor-verdrukking-wegraping verval. Die wegraping is 'n belangrike komponent in die prediking van Premillennialiste en berus volgens Walvoord (1977:166) op die beginsel om konstant en logies te dink ten opsigte van 'n letterlike interpretasie van die profesieë. Histories is die wegraping nie vir die eerste 19 eeue geleer nie. Jesus en die skrywers van die Nuwe Testament het in elk geval nie van 'n vooraf wegraping geleer nie. Die Nuwe Testament ken slegs een wederkoms van Jesus wat ook die afsluiting, soos Petrus skryf, van die huidige bewoonbare wêreld is. Die onverwagse koms van Jesus en die finale einde is een gebeurtenis: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verby gaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Pet. 3:10).

Ondersteuning vir die leer van Premillennialisme word hoofsaaklik in die Ou Testament gegrond, maar die begronding berus op swak eksegese. In Bolt (1996:91) word verneem: "The Old Testament is decidedly not chiliastic" en dat chiliasme nie 'n Christelike nie, maar 'n Joodse en Persiese oorsprong het en:

> It is always based on a compromise between the expectation of an earthly salvation and those of a heavenly state of blessedness. It attempts to do justice to Old Testament prophecy in the sense that it accepts the earthly messianic kingdom predicted by it but claims this kingdom will be replace after a time by the kingdom of God.

Hierop sê Bolt dat die Ou Testament 'n Messiaanse Koninkryk beskryf wat volkome is, wat nie vernietig gaan word nie, maar vir ewig sal bestaan (Dan. 2:44) en wat voorafgegaan word deur die oordeel, opstanding en die vernuwing van die wêreld. Die Ou Testament sien die Messiaanse ryk nie as voorlopig en tydelik nie, maar as die uitkoms van die wêreldgeskiedenis. Profesieë skilder volgens Bolt slegs een voorstelling van die toekoms en nie van twee opeenvolgende ryke nie.

4.1.1.2 Premillennialisme: Israel en die kerk

Die argument van Premillennialisme berus daarop dat hulle voorhou dat God twee ewige aparte doelstellings met die kerk en Israel het. Dit is egter duidelik dat die Bybel een plan van saligheid vir alle mense in Jesus Christus voorhou. Dit is totaal verkeerd van die Premillennialiste om te leer dat die kerk 'n tussenfase is om die Evangelie te verkondig, waarna Christus weer kom om, ten koste van die kerk, finaal sy Koninkryk te vestig (Du Rand, 2007:554; Boettner, 1964:150, 151; Bolt, 1996:97; De Smidt, 1993:90; Schwarz, 2000; Möller; 1998; König, 1970). Bolt stel dat die teenoorgestelde waar is: die verbond met Israel is tydelik en eerder 'n tussenfase tussen die belofte aan Abraham en sy vervulling in Christus (Rom. 5:20; Gal. 3:24). Abraham is die vader van alle gelowiges, nie net die gelowiges onder die Jode nie, maar ook van die heidene (Rom. 4:11). As ons aan Christus behoort, is ons die nageslag van Abraham en, volgens die belofte, erfgename (Gal. 3:29; Rom. 9:7).

In die lig van die feit dat Premillennialisme nie 'n grondige basis in die Skrif het nie en dat daar nie aparte toekomste vir Israel en die Kerk van Jesus Christus is nie, is die vraag steeds: waarom moet die boodskap van Premillennialiste nog verder bespreek word?

4.1.1.3 Die boodskap – wyer as slegs die begronding en die skema van die leer

Met "boodskap" word meer bedoel as slegs die begronding en uitleg van die Premillenniumskema. Die mening is dat dit nodig is om, ten spyte van die probleem van die skriftuurlike basis, na te vors wat die boodskap is wat aan die Kerk van Jesus Christus oorgedra word. Uit die aard van die leer van Premillennialisme het hulle inderdaad 'n uitgebreide boodskap met baie elemente, temas en leerstukke. Die kerk van Jesus Christus word met die skema en al sy leerstukke gekonfronteer. Die oogmerk is om die groter boodskap te ondersoek en te evalueer.

Naas die feit van die wye veld van hulle tema in die verkondiging, preek en leer die Premillennialiste stellig meer oor die wederkoms as andersdenkers. Verder staan hulle sterk op hulle oortuigings en reageer heftig op andersdenkers. Dit het geblyk dat Kleynhans (2000:11) saligheidswaarde aan sy beskouing heg as hy sê: "Dit is tog so jammer dat soveel mense deur hulle eie toedoen gaan agterbly. Hulle sal hul onkunde en teologiese vooroordele hiervoor moet blameer, en ook die god van hierdie wêreld wat hulle sinne verblind." Daar is verwys na Du

Plessis (2006:189) se kommentaar waar hy betreur dat die kettery (aanname wat die kerk met Israel gelyk stel) die denke van welmenende gelowiges in hulle verstaan van die ekklesiologie en die eskatologie so lank reeds korrupteer. Kleynhans (2000) en Du Plessis (2006) beskou die Millennium Vrederyk as 'n noodsaaklikheid vir die uitbreiding van die heil van God – die heils-eeu by uitnemendheid. Malan (1970:16) voer aan dat die rede van sy skrywe was om onder andere mense in staat te stel om die venynige misleiding van Satan te ontwyk en hulle deur die Heilige Gees, deur die Woord van God, in te lig sodat die heerlike oogmerke van God met hulle verwesenlik kan word. Vir Malan is Chiliasme heel eenvoudig die geloof in 'n letterlike koninkryk van duisend jaar – die regering van Jesus Christus saam met die gelowiges op die aarde.

Na aanleiding van wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat die boodskap om meer as die uitleg van die skema van die Millennium teorie gaan. Kortliks en samevattend kan van die skema en die temas gesê word dat dit gaan oor 'n beskouing van Jesus Christus, die Koninkryk van God, die betroubaarheid van God se Woord, die roeping van Israel en die hoop van die kerk. Dit is die verkondiging van 'n letterlike Millennium regering van Jesus, die seun van Dawid, oor al die nasies en die seën van Abraham aan hulle. In die Premillennialisme kry ons 'n vertolking van wêreldgebeure en verwagte gebeure, wat in die Bybel, veral in die Ou Testament en in Openbaring 4-19, soos die Premillennialiste leer, vir ons duisende jare vooruit geskryf is.

Al is die begronding van die leer van die Premillennialisme in die Bybel 'n probleem, word gemeen dat die temas wat in die benadering na vore kom dit noodsaaklik maak om wyer na die boodskap van Premillennialisme te kyk. Daar is reeds verwys na Walvoord (1977:166) se opmerking wat daarop dui dat dit meer as 'n skema is: "It becomes evident that pretribulationism is more than a dispute between those who place the rapture before and after tribulation. It is actually the key to an eschatology system." Die boodskap van die einde is 'n kernboodskap, dit is die voltooiing van ons saligheid.

4.1.1.4 'n Verdere motivering tot die studie

Met 'n verdere ondersoek na die boodskap word dus bedoel om wyer te kyk as net na die skema en skriftuurlike agtergrond van Premillennialisme. Die verskeidenheid van temas wat met die leer saamgaan word uitgelig en daar word gepoog om te interpreteer en te evalueer.

Die groot vraag is: Wat hou die boodskap van Jesus Christus se wederkoms vir die gelowiges, en selfs vir die hele wêreld in? Die gelowiges is immers op reis na ŉ finale afronding van ŉ onbeskryflike, heerlike en volmaakte toekoms met God. Hiermee saam is die oortuiging dat daar ŉ besondere verbintenis is tussen die protologie en die eskatologie. Dit is ŉ verbintenis wat al God se handelinge as ŉ geheel of ŉ eenheid sien in Jesus Christus, die Here, Skepper en Voleinder en gee ŉ dieper dimensie aan die boodskap van die eskatologie. Dit gaan oor meer as om gereed te wees vir 'n onverwagte wederkoms – dit is God wat in sy liefde die mens in die wêreld aan die hand neem om te deel in sy ewige heerlikheid – nou, en eendag in sy volle vervulling. Die wederkoms-verwagting behoort sin te bring en hoop te verskaf vir die mens tydens sy aardse bestaan.

In 2 Timotheüs 4:8 beskryf Paulus die gesindheid van gelowiges ten opsigte van die wederkoms met die woorde: “almal wat sy verskyning liefgehad het” of “almal wat met verlange uitsien na sy koms”. Die gelowiges moet dus met dié gesindheid op pad wees na hulle triomferende, heerlike en ewige bestemming by God (Joh. 17:24). Die vraag is dus: is hierdie gesindheid en verwagting wel by die gelowiges aanwesig? Indien nie, het die aard van die boodskap ten opsigte van die eskatologie bygedra tot die afwesigheid daarvan? Dit is ŉ vraag wat ook Premillennialiste in hulle boodskap oor die eindgebeure moet antwoord. Anders gestel: wat beoog die Premillennialis om met sy boodskap te bereik? En watter effek het hul prediking op die lewe van die gelowiges?

4.1.1.5 Premillennialiste – verkondigers van die eindgebeure met aangrypende temas

Daar is reeds gemeld dat die Premillennialiste waarskynlik die dominante verkondigers van die eindgebeure is en dat hulle uit die aard van hulle skema ŉ wye verskeidenheid van uiters belangrike temas behandel. Die temas is onder andere: profesieë wat gebruik word om wêreldnuus uit te lê en vooruit te loop; bewyse van 'n voor-die-deur-koms van Jesus; 'n ontsnapping van die gelowiges deur ŉ geheime wegraping van die gelowiges; 'n beskrywing van die gebeure gedurende die verdrukking; die bruilof van die Lam; die koms van Jesus as Koning met die slag van Armageddon; oordeel oor alle ongeregtigheid; en die vestiging van Christus se nasionale aardse ryk. Lindsey (1996) het 'n slot hoofstuk met die titel: “What to look for in the days ahead.” Hy maak voorspellings van wat hy volgens sy studies verwag: “I want to spend the final pages of this book discussing what I expect to see happen in the hours and minutes we have

left". Lindsey (1996:308) beweer dat hy nie langtermyn planne maak nie, want: "We may be caught to meet Christ in the clouds between now and then." Die einde word dramaties voorgestel:

> Never before in the history of the planet have events and conditions so coincided as to set the stage for this history-stopping event. It's clear that the Bible can't be talking about any other time in history but today. There can be little doubt that this is the generation. It could be tomorrow. If you listen closely enough, you can almost hear the true Messiah's footsteps. And you can also sense that the False Messiah is in the wings, ready to come on stage (Lindsey, 1996:158, 255).

Jeremiah (2008:238, 239) wys daarop dat 'n onderwerp soos "bybelse profesieë" tot 'n baie hoe bywoningsyfer van kerkdienste lei, en vervolg:

> Ek vermoed dat baie mense kom luister na hierdie boodskappe omdat hulle nie betekenisvolle antwoorde by hulle eie pastors kry nie. Ek kan nie indink hoe dit moet wees om 'n pastor te wees in die rampspoedige wêreld van vandag en nie die Woord van God te gebruik om mense 'n perspektief te gee op wêreldgebeure nie.

In wêreldsake gaan dit oor dinge soos die bedreiging van Islam, die hergeboorte van die antieke Romeinse Ryk (soos hy dit stel oor die Europese Unie) en die nuwe wêreldorde. Die Chiliaste probeer relevant bly in die vertolking van wat in die wêreld aangaan en dit, soos hulle dit sien, te vertolk in die lig van die wederkoms. Dit bring mee dat hulle verkondiging 'n bepaalde karakter van navorsing en versameling van inligting het.

4.1.2 Enkele opmerkings oor die boodskap van Premillennialisme

As Boettner (1964:358, 359) verwys na die sake wat ter sprake is by Chiliaste, noem hy die sewe dispensasies, twee wederkomste, drie tot vier opstandings, vier tot sewe oordeelvoltrekkings, die Groot Verdrukking, twee koninkryke ('n Millennium Koninkryk op aarde en 'n hemelse koninkryk), 'n drievoudige volk van God: kerkheiliges, verdrukkingsheiliges en die verloste Jode.

Boettner verwys na verskillende menings oor die konsekwensies van Premillennialisme: sommiges meen dat Premillennialisme, ongeag of die sisteem van 'n duisend jarige ryk waar of onwaar is, geringe gevolge het, terwyl ander glo dat, as die saak van die Millenniumleer van nader beskou word, dié opinie nie gehandhaaf kan word nie. Dit is 'n vrugtelose spekulasie en is nie waar nie; dit is 'n interpretasie, alhoewel dit deel in geloof in God en dieselfde hoop as ander

Christene koester, wat ’n effek het op van die belangrikste sake van die Christelike geloof en dit verklaar dinge deur ’n media van sy eie. Boettner meld dan ook dat die Premillennialiste self voel dat daar nie ’n enkele geloofsaak is wat nie deur hulle leer geraak word nie en hy noem sake soos die leer van die opstanding, die Koninkryk van God, die wederkoms, die aard en die doel van die huidige dispensasie en die toestand van die lewe in die finale verlossing.

Boettner wil stellig wys dat die probleem gaan oor die idee van 'n Millennium aardse ryk. Die verskil is nie in Premillennialisme of Postmillennialisme nie. Hy meen dan: “The question relates to the future course of christianity and fate of the world, and so large a matter cannot be unimportant” (Boettner, 1964:358). Hy sê verder dat Millennialisme nie fataal mag wees tot die Christelike geloof en lewe nie en dat daar baie mense is wat, sonder dat hulle ’n bepaalde mening oor die onderwerp van die eindgebeure het, steeds vashou aan hulle geloof en hulle toewyding aan Christus. Tog meen hy dat die saak krities is: dit is nie onbelangrik dat iemand geloof in Jesus het nie, maar die bepaalde siening wat só ’n persoon oor die eindgebeure het, is ook belangrik. Iemand se beskouing oor die eindgebeure het werklike konsekwensies. Millennialisme kan nie beperk word tot sekere smal lyne waarbinne dit beweeg nie. Dit is ’n beginsel wat wortels het en ander leerstellings van die geloof en lewe raak, meen Boettner.

Alhoewel Boettner meen dat daar konsekwensies in die boodskap van Premillennialisme vir die kerk is, brei hy nie veel daaroor uit nie. Hy stel wel die sake, soos hierbo gemeld, wat ter sprake is by Millennialisme en wat deur die leer van Millennialisme beïnvloed word.

Boettner beweer dat Premillennialisme ook ’n verdelende faktor geword het in Evangeliese Kerke. Dit gebeur deurdat hulle die beskouing handhaaf dat hulle die waarheid en dit wat “die Bybel leer” ontdek het en dit beskou as 'n toets vir ortodoksie. Hulle noem hulself studente van die profesieë of studente van die profetiese woord (Boettner, 1964:360).

Joubert (2012) is erg krities oor die Millennialiste en meen dat die eindtyd-skrywers op slegte wêreldnuus teer: “Seën en voorspoed is geensins op die radarskerms van hierdie eindtyd-ghoeroes nie, net slegte gebeure.” (Joubert, 2012:38). Joubert verwys na “die holrug geryde rillerverhale wat gedurig deur sogenaamde eindtyd-kenners aan ons opgedis word” (Joubert, 2012:55). Hierteenoor is die Bybel nie vol drogbeelde en verskrikkings nie, maar funksioneer dit soos God dit bedoel het, naamlik as ’n Troosboek wat ons wil gerusstel en bemoedig.

König (2001:371) meen dat ons teenoor Premillennialisme verdraagsaam moet wees en sover as moontlik vir mekaar moet ruimte laat. Ons het nie hier te doen met waarhede wat beslissend tot die wese van die Evangelie is nie. Mense se saligheid is nie afhanklik van hierdie oortuigings nie.

Du Rand (2013:40) reken dit is gesond dat absolute outoritêre interpretasies getemper en deeglik oorweeg moet word en sê: "Om fanaties, en self sensasioneel, net Postmillennnialisties of net Premillennialisties of net Amillennialisties te dink en bybelse eskatologie gegewens in selfgemaakte *vasstaande* kategorieë in te dwing, is onaanvaarbaar." Oor basiese evangeliewaarhede dat Jesus Christus die Verlosser is en dat Hy weer kom om God se werk volmaak te voltooi, stem die meeste uitleggers saam: "Vir die individu gaan dit net oor een saak: 'n betekenisvolle finale bestemming waaraan nou reeds geglo en wat die toekoms betref, op gehoop moet word" (Du Rand, 2013:39).

'n Samevatting en enkele opmerkings

In die evaluasie van die eskatologiese beskouing van die Premillennialiste, gaan dit nie net oor die skrifgetrouheid van die benadering nie, maar ook oor die wyer boodskap wat die Premillennialiste uitdra. Het hierdie beskouing nie die kerk beroof van 'n geleentheid om beter te hoor wat die Here vir sy mense wil sê nie? Die boodskap van die Premillennialiste wil mense bewus maak van Jesus se naderende wederkoms, maar uit die aard van hulle beskouing van 'n verwagte nasionale regering van duisend jaar verkondig hulle 'n aardse regering van Jesus vanuit Jerusalem. In dié tyd sal Israel 'n sentrale posisie ten opsigte van sekere nasies wat hulle in die huidige tyd goedgesind is, beklee. Hierdie beskouing bring vele ander sake ter sprake. Vorm hierdie sake, of temas, nie die oorheersende basis van hulle boodskap nie?

Du Rand en Schwarz het sekere opmerkings oor die boodskap van die eskatologie gemaak. In Du Rand (2007:14) se opgewondenheid oor die boodskap van Openbaring stel hy dit voor as 'n diamant met strale wat ons hede en toekoms verlig. Die boodskap van die eskatologie help ons om die hede beter te verstaan en dit bring uitsig op God se toekoms. Openbaring probeer, volgens hom, om twee vrae te beantwoord: wie beheer hierdie menswêreld waarvan ons deel is en wat is die betekenis van al hierdie hartseer gebeure in ons daaglikse geskiedenis? Schwarz (2000) het in die laaste hoofstuk van sy boek oor die eskatologie verassende gedagtes oor die kerk

en kerklewe. In kort: die kerk en die lewe in die kerk, of om ’n gelowige te wees, word beskryf as 'n vooruitgryping van die komende nuwe wêreld. Daar word nou alreeds as ’n nuwe-wêreld-mens geleef, maar die volmaakte is nog in vooruitsig. Die boodskap van die eskatologie is baie positief. Later in die studie word Schwarz se kommentaar weer bespreek.

In die lig van bogenoemde, is verdere besinning oor die temas wat deur die Premillennialiste aangespreek word, noodsaaklik.

4.2 ALGEMENE TEMAS IN DIE PREDIKING VAN DIE PREMILLENNIALISTE

Die verwagting van 'n wegraping is waarskynlik die belangrikste gedagte wat ten opsigte van die eindgebeure in die harte van Premillennialistiese gelowiges leef. Die sogenaamde toekomstige geheime wegraping is die “hoop” vir die gelowiges en dit is wat die gelowige stellig beskou as die groot moment van die wederkoms. Tog, uit die aard van die Millenniumleer, is dit nie dié groot gebeurtenis nie: dié groot gebeurtenis begin met die tweede koms; die oprigting van die Millenniumryk is die groot saak: Hier vestig God sy trou, is Hy ten volle Messias, regeer Hy oor die nasies en is Hy Koning van die konings. Die wegraping is die skielike, vooraf en onverwagte gebeurtenis wat soos 'n dief in die nag sal kom en dit word verbind met tekste soos Matthéüs 24:43; 1 Tessalonisense 5:2; 2 Petrus 3:10. Kleynhans (2000:11) praat van die futiele pogings van teoloë om: “Christus se koms soos 'n dief in die nag, en sy openbare verskyning wanneer elke oog Hom sal sien, as een gebeurtenis te beskryf”.

4.2.1 Die wegraping

Daar is reeds in ’n vorige hoofstuk verwys na ’n aanhaling van Schwarz (2000:334) van 'n stelling van die Premillennialis, Walvoord, oor die wegraping: “if this is a literal, future event, it is a most important aspect of the hope of the church”. Die Christene sal dan die verdrukking aan die einde gespaar wees en “at the time of the rapture the saints meet Christ in the air, while at the second coming Christ returns to the mount of Olives to meet the siants on earth.”

Kleynhans (2000:4-9) sê: “Rasegte Chiliaste onderskei hulle veral deur hulle verwagting van 'n wegraping en 'n wederkoms van die gelowiges saam met Christus; en eindelik deur hulle geloof aan 'n massabekering van Jode wat na Israel terugkeer waar die sentrum van die Christus-regering

in Jerusalem bevestig sal wees" (Kleynhans, 2000:4). Hy erken ook dat profesieë negatief en verswarend kan wees, maar hy reken die rede daarvoor is omdat mense nie na die "salige hoop" agter die tekens van die tye kyk nie. "Die wegraping is vir ons die 'salige hoop'" skryf Kleynhans (2000:5) en haal dan Titus 2:12-14 aan: "… en leer ons om die goddeloosheid en die wêreldse begeerlikheid te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as eiendom te reinig, ywerig in goeie werke". Walvoord (1977:165) gebruik ook Titus 2:13 as hy melding maak van: "Exhortation relating to the rapture". (Tog word die teks deur ander Premillennialiste van toepassing gemaak op die wederkoms, die sigbare koms: "die *verskyning* van die heerlikheid van die Grote God en ons *Verlosser* " {Boettner, 1964:165}). Kleynhans (2000) noem ook dat hy in sy lesings (sy boek) die meeste aandag aan die wegraping gee om: "aan die ernstige student van die Woord te toon dat God sekerlik lig gee sodat ons kan weet, met volle versekering, dat die volgende gebeurtenis in sy plan is die wegraping van die kerk na die teenwoordigheid van die Here" (Kleynhans, 2000:10).

4.2.1.1 Die wegraping as bemoediging

Kleynhans (2000:121) skryf oor die wegraping: "Die eerste van Christus se toekomstige wederkomste sal wees wanneer Hy sy heiliges (sy voltooide kerk) uit die wêreld kom wegneem." Die wegneem vind eindelik met geweld plaas (Joh. 14:3) en dit is wanneer die bruid met die Bruidegom verenig gaan word vir die bruilof van die Lam (vir sewe jaar). Kleynhans meen verder dat die vooruitsig op die wegraping aan die gelowige 'n daaglikse motivering gee om, totdat Jesus kom, heilig en rein te lewe. Soos die geliefde verloofde bruid angstig gewag het ('n gebruik in bybelse tye) op haar geliefde bruidegom, wag ons ook op die koms van die hemelse Bruidegom – iets wat enige oomblik kan plaasvind (1 Pet. 1:8).

Alle gedeeltes oor die wegraping is vergesel met 'n praktiese bemoediging meen, Walvoord (1977:167) en verduidelik: "Only pretribulationists can consistently hold to a moment-by-moment expectation of the Lord's return along with the literal interpretation of the promises that are to be fulfilled following the Lord's coming."

Naas die motivering van die ontmoeting met die Bruidegom hou die Premillennialiste verder voor dat die wegraping veral 'n verlossing en uitredding uit die uur van God se oordele van die sondige wêreld is. Met die wegraping, soos reeds gesien, ontvlug die kerk die sewe jaar van die Groot Verdrukking wanneer God wraak gaan neem (dit is nie altyd duidelik wie die hoofspeler(s) in die tyd sal wees of wat in die tyd sal gebeur nie – later meer hieroor). Horton (1995:623) verwys na Jesus se koms en sê: "He will come as the Preserver, Deliverer, or Rescuer 'from the coming wrath' (1 Thess. 1:10)." Ander skrifte word ook gebruik soos: Romeine 5:9: "Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn" en 1 Tessalonisense 5:9: "Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus." Die verdrukking is God se wraak en toorn.

4.2.1.2 Die chaos na die wegraping en 'n moontlike verklaring wat aangebied sal word ten opsigte van dié "ontruiming"

In die boodskap van die geheime wegraping word die gelowiges ingelig oor die skrikwekkende omstandighede wat na die wegraping in die wêreld sal heers. Jeremiah (2008) skryf in sy boek in 'n hoofstuk getitel: "Spoorloos verdwyn" (die wegraping):

> Die Bybel sê vir ons dat miljoene mense op die aarde in minder as 'n millisekonde van die aardbodem af sal verdwyn. – en die doel van (die) ontruiming is – om 'n skrikwekkende vernietiging te vermy. Hierdie ontruiming sal God sy mense red van die rampspoedige gevolge van aardbewings, brande en wêreldwye chaos wat op pad is (Jeremiah, 2008:101).

Die gebeure van die "ontruiming" of "die Groot Verdwyning" self, soos Jeremiah dit stel (Lindsey {1996:285} maak ook gebruik van die terme: "Operation Evacuation" as hy van die wegraping praat), sal verwoesting, verlies, verdriet en verwarring in die wêreld veroorsaak. Paniek sal in stede en lande posvat. Dit sal chaos skep in huise, skole, hospitale, besighede, vervoer en oral. Jeremiah meen dat die gebeure van die wegraping Amerika magteloos kan maak en "uitwis". Daar word bereken dat die land 25 present van sy bevolking sal verloor en dit is ook die heel beste, die "sout' en die "lig" van die nasie. 'n Verdere verskrikking wat die wêreld sal teister is die *boosheid* van die mense wat agtergelaat is. Die seën van die wegraping is dus ook dat die gelowiges dié boosheid sal vryspring. Die ware Christene sal gespaar word van die skrikwekkende gevolge (die verwarring en boosheid) wat die ontruiming veroorsaak. Hulle sal

van die aarde opgetel en weggevoer word om die sewe jaar lange tyd van die *Groot Verdrukking*, wat oor die hele wêreld sal uitbreek, te ontvlug (Jeremiah, 2008:101-105, 143).

Hoe gaan die "ontruiming " in die wêreld verklaar word? Lindsey (1996:295-297) meen dat hy insig het oor hoe die wêreld die feit van die ontruiming van die massa mense met die wegraping moontlik sal verklaar. Volgens Lindsey berei die New Age voorstanders alreeds 'n antwoord voor wat die skielike verdwyning van die Christene, sal verduidelik. Hulle sal die waarheid só verdoesel dat dit hulle planne sal pas. Lindsey (1996:295) verwys na van hulle uitsprake:

> Dr. Christopher Hyatt, for instance, predicts that true enlightenment for mankind will come after a major global holocaust. New Age guru Alice Bailey contents her Tibetan master, Djwhal Khul, channeled a massage through her that one-third of mankind must die by the year 2000. John Randolph Price claims he was told by the spirit guide that as 2.5 billion might be killed in the finale holocaust.

4.2.1.3 Die verwarring van twee gebeurtenisse: die wegraping en die wederkoms

Daar is verwarring by mense omdat die Millennialiste dikwels die terme "wederkoms" vir twee aparte gebeure in hulle eskatologiese program gebruik: die wegraping en 'n tweede koms wanneer Jesus met sy bruid vir duisend jaar op die aarde kom regeer. Jeremiah (2008) wys op die misverstand wat spruit uit die verwarring van die twee gebeurtenisse en verduidelik dat, wanneer daar gepraat word van die *tekens wat op die wederkoms dui*, daar nie gepraat word van die wegraping nie, maar van die Here se uiteindelike terugkeer saam met sy heiliges na die aarde toe. Hy stel dat die wegraping 'n "geheime gebeurtenis" sal wees – net die gelowiges sal dit sien en die tweede koms sal 'n "openbare gebeurtenis" wees – almal sal Hom sien: "Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag" (Op. 1:7).

Volgens Walvoord (1977) berus die idee van twee wederkomste op 'n konstante logiese beginsel van letterlike interpretasie. Daar is 'n sterk kontras in die aard en doel van die twee komste. Die voor-verdrukking wegraping: "has continued to appeal to thousands of lay interpreters because it makes sense out of the passages that deal with the rapture of the church" (Walvoord, 1977:167).

Jeremiah (2008) sê ook dat daar geen gebeure is wat nog die wegraping moet voorafgaan nie. Dit is net 'n geval van God se volmaakte tydsberekening. Die tekens wat verbind word met die

tweede koms, sewe jaar later, is skadu's wat ons kan inlig oor die naderende wegraping. Daar word gewys op die tekens wat besig is om in vervulling te gaan en die gelowiges word opgeroep om gereed te wees vir die koms (die wegraping) van Christus. Daar is reeds verwys na Lindsey (1996) wat meen dat dit enige oomblik kan gebeur.

Alhoewel Lindsey en Kleynhans sterk gevoel het dat, met die wisseling van die eeu (die sewende Millennium), die koms van Jesus (skynbaar die tweede koms, want dit gaan met tekens gepaard) kon plaasvind, is spesifieke datumvasstelling nie algemeen nie. Horton (1995:600) wys daarop dat Jesus nie presies aangedui het wanneer sy terugkoms gaan wees nie, maar dat net die Vader alleen weet (Matt. 24:30, 36; Mark. 13:32-33) en sê: "Perhaps God withheld this information (about the date) in order to minimize the danger of delay." Baie kan in versoeking kom soos die slegte dienskneg in Matthéüs 24:45-51 en roekeloos begin leef. Jesus het herhaaldelik gesê dat sy koms skielik en onverwags gaan wees, maar ook dat daar 'n lang getalm sal wees (Luk. 12:35-38). Horton (1995:601) meen dat dit beter is dat ons nie weet nie en dat ons lewe in "the tension between 'soon' but 'not yet', doing His business, carrying out the tasks He gives us to do, until He comes back (Mark 13:33-34; Luke 19:13)".

Samevatting en enkele opmerkings

Opsommend kan gesê word dat die boodskap van die wegraping by Premillennialiste veral gaan oor sogenaamde skrifgronde, die ontruiming van die kerk en die gebeure daarrondom en die hoop wat die wegraping vir die gelowige inhou. Die hoop behels hoofsaaklik twee sake, naamlik die ontmoeting met die Bruidegom in die lug (later word meer hieroor gesê) en hiervoor moet die bruid gereed wees. Tweedens is die wegraping 'n ontsnapping van die chaos wat na die ontruiming sal kom asook die toorn van God wat oor die nasies uitgegiet gaan word.

Verder is deel van die boodskap van die wegraping 'n voorstelling van 'n ontsettende omwenteling wat ontketen gaan word en dat, in die sewe jaar wat daarop volg, verwoestende magte werksaam sal wees (later word meer hieroor gesê). As al die Christene op een dag weggeneem word, sal al die sout en die lig skielik weg wees. Jeremiah (2008) meen die gevolge sal onvoorspelbaar wees en die verlies aan die invloed van Christene kan nie oorbeklemtoon word nie. Na die vertrek van die gelowiges, sal die werking van die Heilige Gees ook heeltemal afwesig wees.

Horton (1995) wys daarop dat die gelowiges mekaar moet bemoedig met die gedagte van die hoop van die wegraping. Jeremiah (2008) voel dat Paulus die gelowiges aanspoor om nie by 'n passiewe kennis van die wegraping te bly nie, maar om oor te gaan tot spesifieke dade van troos. Kleynhans (2000:54) leer:

> Daar kan geen twyfel daaroor wees dat die geloof dat die mens enige oomblik weggeraap kan word, erns en diepte aan jou lewe gee nie. Ons gaan nie vir altyd hier wees nie, daarom moet ons elke minuut laat tel. Verder weerhou hierdie geloof ons van die neiging om te intiem te assosieer met 'n wêreld wat nie ons finale bestemming is nie.

Vosloo (2011:83, 84) meen dat die siening van die wegraping die bybelse boodskap drasties omkeer ten opsigte van die plek waar die wederkoms van Christus inpas. Die doel van die wederkoms word verander en verskeie ekstra leerstukke word in die bybelse boodskap ingeweef. Vosloo bly krities oor die feit dat gelowiges (die kerk) in die "laaste dae" vrygestel gaan word van lyding, die Groot Verdrukking. Verder, terwyl die Bybel net oor een wederkoms getuig, word die wederkoms in hierdie benadering uitgebrei na twee of selfs 'n derde koms wanneer Jesus aan die einde van alles gaan kom om al die mense op die aarde te oordeel. Die leer van die wegraping bring mee dat die opstanding van alle mense uitgebrei word en so ook die oordeel. Met die eerste koms word die Jode geoordeel en daarna almal met die laaste koms (die derde koms). Die Bybel wys op een redding vir ewig, maar nou kom daar op aarde ná die wegraping en Groot Verdrukking 'n tweede en selfs 'n derde geleentheid van redding. Die klem val op Jesus wat in die geheim, onsigbaar en onverwags terugkom en: "So word die feit dat Christus weer kom, minder belangrik as om die tyd vas te stel wanneer Hy kom en op watter maniere Hy gaan kom." (Vosloo, 2011:84).

Die onuitspreeklike heerlikheid van Jesus se koms, die finale afronding van sy verlossing en die aanbreek van die ewige en volmaakte manier van saamwees met God word verdring deur leerstukke wat nie in die Bybel is nie. Die hoop en bemoedigende boodskap van die verwagting van Jesus se verskyning in heerlikheid, eenmaal aan die einde, verloor sy krag met die idee van 'n geheime wegraping en alles wat daarmee saamgaan.

4.2.2 Die tweede koms, die wederkoms, is die groot gebeure!

Daar is reeds gemeld dat dit mag wees dat die *wegraping* vir die Premillennialistiese gelowige die groot moment van die wederkoms, of die wederkoms self is, maar in die leer van die

Premillennialiste blyk dit dat die tweede koms, dié een aan die einde van die verdrukking met die Armageddon oorlog, die groot gebeurtenis, dié wederkoms is. Jeremiah (2008:220, 72) verklaar**:**

> Christus se wederkoms is 'n sentrale tema in groot gedeeltes van die Bybel, en dit is een van die bes gestaafde beloftes in die Bybel. Christene kan gerus wees in hulle oortuiging dat net soos Jesus die eerste keer aarde toe gekom het, Hy ook aan die einde van die groot verdrukking sal terugkeer. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir die wat Hom verwag (Hebr. 9:27-28).

Premillennialiste het hulle eie begrip van wat hulle bedoel met verlossing. Die eerste keer sou Jesus kom om te ly en die tweede keer om te oorwin. Jesus sal dan uiteindelik kom, sê Jeremiah, om "die groot boosheid wat die wêreld sal teister, reg te stel." Hy kom om te regeer, die aarde te oordeel, die regverdiges te red van die bose en sy Koninkryk op die aarde op te rig. Horton (1995:617) sluit hierby aan met die volgende: " The Bible shows that our only hope is that God will intervene, bring judgement on the present world system, and send Jesus back to earth again to establish His rule and make David's throne eternal."

Jeremiah (2008:226) bou voort op die heerlikheid van die wederkoms as hy verwys na LaHaye wat gesê het dat dit 'n ware "stergeleentheid" sal wees – hemels, kosmies, groter as die aarde en groter as die hemele. Dit sal die lug uit die mensdom se longe ruk en mans en vroue en konings en presidente en tiranne op hul knieë dwing. Jeremiah verduidelik verder dat die wêreld sy regmatige Here en Koning sal sien. Teenoor sy eerste nederige en eenvoudige koms, sal sy heerlikheid en majesteit hierdie keer skouspelagtig ten toon gestel word vir almal om te aanskou.

Kleynhans (2000) verklaar dat Jesus nog steeds 'n fisiese liggaam het en met hierdie liggaam moet Hy terugkom om die profesieë te vervul. Hy is nog steeds dieselfde man as wat Hy was toe Hy die aarde bewandel het, omdat Hy nog steeds die nasaat van Dawid is en nog as almagtige op Dawid se troon gaan sit. As ons Kleynhans reg verstaan, is hierdie verskyning van Jesus vreemd, want Paulus sê dat ons met die wederkoms (volgens Kleynhans dan die wegraping) *verander* sal word: "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word" (1 Kor. 15:53), en in vers 50 het hy gesê: "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die Koninkryk van God nie kan beërwe nie". Die beeld wat Johannes in Openbaring 1:13-17 van die Seun van die mens beskryf is totaal anders.

In hierdie uitsprake van die tweede koms wil dit voorkom of verlossing en die hoop vir die *gelowiges* voorgehou word: Christene kan gerus wees, net soos Jesus die eerste keer aarde toe gekom het, sal Hy terugkeer en die tweede keer verskyn om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag (Heb. 9:27-28). Die enigste hoop is dat God sal ingryp, die wêreld sal oordeel en sy Seun sal stuur om die ewige Dawidiese ryk tot stand te bring. Sulke stellings skyn soos 'n tweede redding vir die gelowiges. Tog het ons by die Premillennialiste al gehoor dat Jesus met die tweede koms nie vir die gelowiges kom nie, maar dat hulle sáám met Hom kom. Die Premillennialiste sal tereg 'n tweede redding ontken, maar dit is die gevolgtrekkings wat spruit uit hulle leer van die twee komste van Jesus. Die heerlikheid van Jesus se eenmalige wederkoms word versprei na 'n tweede en selfs 'n derde koms aan die einde van alles.

Die kern van die tweede koms gaan oor die nasionale herstel van Israel. Israel word geoordeel in die verdrukking, hulle bekeer hulle en Jesus kom as die seun van Dawid en rig die Millennium Vrederyk op. Op dié wyse hervat God sy verbond met Israel, of stel die nuwe verbond in werking. Die kerk moet egter by die duisend jaar betrek word en nou word dit ook voorgestel as 'n verwagte heil van die gelowiges.

Met ander woorde, daar is geen verlossing vir die kerk by dié tweede koms nie, want die kerk is, volgens die Premillennialiste se eie skema, reeds met die wegraping in verheerlikte liggame met Christus verenig en seker "aan Hom gelyk, omdat hulle Hom sal sien soos Hy is" (1 Joh. 3:2). Miskien is die vooruitsigte wat die Premillennialis, Malan (1970:45), probeer beklemtoon dalk die enigste heil wat die skema aanbied as hy sê: "Die Bybel is baie duidelik daaromtrent dat die verlostes van die Here Jesus op aarde sal regeer, dat hulle dan vir duisend jaar saam met Hom op aarde sal regeer." Of dit 'n verwagting of vooruitsig kan wees vir mense wat reeds in God se hemelse heerlikheid deel, is moeilik om te verstaan. Om vir duisend jaar in 'n steeds bedorwe wêreld (mense wat God bedrieg en Hom skynheilig dien) God se heerskappy af te dwing is geen opgradering vir die bruid van Christus nie.

Met die skema van twee komste van Christus word die "stergeleentheid" (Jeremiah, 2008:226) van Christus se wederkoms, soos reeds gemeld is, ontneem van sy heerlikheid en krag. Die voltooiing of afronding van God se verlossing van die wêreld verval in verwarring en weersprekende feite. Daar word rondom die twee komste baie geleer en verkondig, maar dit pas nie by die beeld van Jesus nie en dit pas nie in by Jesus leer oor die eindgebeure nie.

4.2.3 Die verdrukking: die sewe jaar tussen die wegraping en die wederkoms

Die verdrukking (sewe jaar) wat tussen die wegraping en die wederkoms sou lê, kry baie aandag in die prediking. Die Premillennialiste kommunikeer baie gegewens en gebeure wat in hierdie periode moet plaasvind. Volgens hulle het die profete die gebeure voorspel – ons kry dit veral in Openbaring 4-19. Dit word ook genoem die Groot Verdrukking, maar soms word net na die laaste drie en half jaar verwys as die Groot Verdrukking. Gedurende hierdie periode is verskillende magte in aksie. Die Antichris is 'n hoofkarakter en die grootste oorloë van alle tye gaan gevoer word. Gedurende die verdrukking sal die gelowiges wat uit die dood opgestaan het, en dié wat weggeraap is, by die bruilof van die Lam wees (Op. 19:7).

Vervolgens word kortliks eers na die bruilof van die Lam gekyk, want die gelowiges het deur die wegraping 'n nooduitgang wat na hierdie geleentheid lei.

4.2.3.1 Die bruilof van die Lam

Die bruilof van die Lam word bespreek onder die opskrif van die Groot Verdrukking, want dit wil voorkom of dit 'n soort teenpool van die verdrukking is, of – ten minste plaasvind gedurende dieselfde sewe jaar waarin die verdrukking sal wees. In Openbaring 19:7, 9 lees ons van die bruilof van die Lam: "Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is'". Die Premillennialiste leer dat, terwyl die bewoners van die aarde deur benoudheid gaan, die kinders van die Here as sy bruid, verheerlik en rustig by Hom, die hemelse Bruidegom, daar bo in die lug sal wees (Kleynhans, 2000:249). Dit word gebruik as motivering vir mense om 'n besluit te maak vir Jesus en om die verskrikking van die verdrukking te ontvlug. Jeremiah (2008:234) meld dat Openbaring die wonderlike feesmaal (die sewe jaar) nie beskryf nie, maar verklaar dat as 'n gebeurtenis te wonderlik vir woorde is, is dit soms meer doeltreffend om die wonder deur reaksies op die gebeurtenis, eerder as deur die gebeurtenis self, te beskryf. Johannes sê iets, maar gebruik reaksie om die aard van die fees indirek aan te dui. Ons word net vertel van die pragtige kleed wat die bruid vergun is om te dra en dan hoor ons van die hallelujas wat sal voortspruit as 'n hemelse uitdrukking van die vreugde van die gebeurtenis.

Du Plessis (2006:116, 117, 144, 335-337) leer van ’n uitgestelde koninkryk én van die deurlopende aspekte van die Koninkryk van God (die duisendjarige vrederyk vir die Jode). By hierdie uitgestelde en die deurlopende aspek van die koninkryk word Jesus by die fees van die bruilof van die Lam as Koning gekroon. Du Plessis skryf dat die gelowiges ná die wegraping voor die regterstoel van Christus in die hemel sal verskyn om vir hulle goeie dade beloon te word. Daarna volg die twee gebeure voor die béma-troon: die bruilofsmaal van die Lam en die kroningsplegtigheid (Hebr. 1:1-9: Ps. 45-48). Du Plessis (2006:338) sê verder: “Nadat Jesus deur die Vader gekroon is, kom Hy as Koning van die konings en Here van die Here na die aarde toe terug (Op. 19:11-20). Dit is die dag van Jesus se wederkoms wanneer die Son van geregtigheid oor die aarde sal opgaan (Mal. 4:1)”.

Boettner (1964:162) merk op oor die bruilof (sewe jaar) van die Lam, die vereniging van die gelowiges met Christus, dat die Premillennialiste erken dat die getal van die gereddes nie voor die *einde* van die Millennium voltallig sal wees nie. Dit beteken dat die bruilof dan geskied *voordat* die bruid, of gelowiges voltallig is. Sommige gelowiges sal hulle bruilof mis. Die vraag wat Boettner dalk moet vra is: Wie maak die bruid van die Lam uit? Is dit net hulle wat in die genade tyd gered word? Dit is stellig so, want dit is hulle wat as koningin aan sy regterhand staan, saam met Hom op sy troon sit, saam met die Messiaskoning mag oor die nasies uitoefen en met ’n ysterstaf regeer (Du Plessis, 2006:350). Wat duidelik is, is dat hulle skema van die eindgebeure onduidelik is en probleme skep.

In die boodskap van die Premillennialiste blyk die sewe jaar van die bruilof van die Lam om op sy eie ’n stukkie saligheid te wees vóórdat die ewigheid saam met God gaan aanbreek: ’n aparte stukkie heerlikheid (hemel) voordat die ewigheid, die hemel, aanbreek. Dit gaan kort voor die Vrederyk (weer ’n ”ander heerlikheid”) plaasvind.

Die opwindende bybelse beeldspraak van die bruid wat die finale eenwording tussen Christus en die gelowiges, die klimaks van God se betrokkenheid met die mens, uitdruk, word ’n tussenin gebeurtenis wat die skema van die Premillennialisme idee moet dien. In dié opsig kan dit nie dien as ’n boodskap van die fees van die ewige volmaakte saamwees met God nie.

In die Ou Testament word die beeldspraak van Israel as bruid deur die profete gebruik (Jes. 54:5; 61:10; Eség… 16:7-14). Du Rand (2007:538) meen dat die juwele en trouklere in Eségiël 16:10-

13 as agtergrond vir Openbaring 19:7-8 gesien moet word. ’n Feesgeleentheid was algemeen in die Joodse oorlewering: “Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige ’n feesmaal gereed maak vir al die volke” (Jes. 25:6),en ons vind dit by Jesus (Matt. 8:11-12; Luk. 13:29; Matt. 22 en 25). In Markus 2:19-20 verwys Jesus na Homself as die bruidegom en stellig ook in Johannes 2 waar die wyn opgeraak het by die bruilof in Kana. Hy het gesê: “My uur het nog nie gekom nie”. In 2 Korinthiërs 11:2 beskryf Paulus die gemeente as ’n bruid wat hy vlekkeloos na Christus wil bring.

Net soos met die leer van die meer as een koms van Christus word die fokus van die wederkoms verskuif en doen die Premillennialiste met die verkondiging van ’n bruilof, ’n periode van sewe jaar iewers in die lug en gekoppel aan ’n ontsnapping van verdrukking, oneer aan die boodskap van God se ewige saamwees met sy mense. God druk die ewigheid saam met Hom uit as ’n huwelik.

4.2.3.2 Rolspelende faktore in die verdrukking

In die boodskap van die verdrukking sien ons talle faktore wat 'n rol in die tyd sal speel, of wat verduidelikings moet bied van die gebeure.

Dit is eerstens 'n boosheid in die mensdom, soos ons reeds gesien het, wat, nadat die gelowiges van die aarde verdwyn het, vrye teuels sal hê. Dan is dit ook die oordeel van God oor die nasies (Horton, 1996), en verder is dit nog die Satan wat met die werking van die Antichris en die Valse Profeet die gelowiges en Israel haat en hulle wil uitdelg. Die skrywers wys ook op 'n magshonger onder die nasies; by sommiges 'n haat jeens Israel én 'n begeerlikheid na hulle rykdom (Eség… 38:12, 13) wat aanleiding gee tot die gebeure en menseslagtings (Kleynhans, 2000; Jeremiah, 2008).

Jeremiah (2008) sien ook in die oorloë en verwoesting die almag van God se plan en hy noem verskeie aksies van God. Eségiël 38 en 39 dui aan wat God in die tyd aan Israel se vyande (in die oorlog) gaan doen, maar daarmee saam beweer Jeremiah dat die bloedbad van die Armageddon God se verontwaardiging teenoor Israel is omdat hulle Hom verwerp het. Verder is dieselfde gebeure ook die afsluiting van God se oordeel oor die nasies wat Israel vervolg het en dan is dit ook God se formele oordeel oor al die nasies wat Hom verwerp het.

Lindsey (1996:268) het nog 'n verklaring vir die verdrukking en wil dit stellig as 'n reddingsaksie van genade sien. Hy skryf dat die helfte van die aarde se bevolking in dié tyd uitgewis word en vra dan die vraag: hoe kan God só 'n vergieting, só 'n lyding toelaat? Hy antwoord dan: "The Bible makes it clear He will do it for only one reason – so that humanity might finally learn its lesson and turn to God's free gift of forgiveness in Jesus Christ." Kleynhans (2000:225) verklaar: "Ons moenie 'n fout maak om te dink dat die Satan en sy handlangers die enigste sal wees wat groot benoudheid sal veroorsaak nie. Die Here sal self sy hand ten kwade uitstrek oor die goddelose aardbewoners. Die dag van die Groot Verdrukking is immers 'die groot dag van Sy toorn' (Op. 6:17)." Kleynhans verduidelik dat dit nie die finale oordeel is nie, maar net die aanvanklike oordeel oor die lewende nasies van die wêreld wat agtergebly het nadat die bruid van Christus weggeruk is.

Aangaande die verdrukking meld Du Plessis (2006:319): "Die kerk staan nie onder die grimmigheid van die Vader nie. God is nie kwaad vir sy kerk nie. Hy het haar lief (2 Joh. 1:1, 7, 8). Daarom sal God sy geliefde kerk hemel toe neem voordat Hy sy toorn op die volgelinge van die Antichris uitgiet". In sy verweer dat die kerk nie in die verdrukking sal ingaan nie wys hy daarop dat die verdrukking van die gelowiges 'n *ligte* verdrukking (2 Kor. 4:17) is. Hy beskryf dan die verdrukking: "Die *groot* verdrukking sal gekenmerk word deur die Antichris se aanvalle teen die Joodse volk, sowel as teen al die nasies van die wêreld (Matt. 24:16; Op. 13:7)". Soos vroeër gemeld is, is God se eerste oordeel gerig teen die Jode en God gebruik die Antichris, maar die Antichris sal ook die nasie aanval. In hierdie gedeelte is slegs verwys na die agtergrondmagte of -faktore wat volgens die Chiliaste rolspelers in die sewe jaar verdrukking sal wees. Daar is verskille in die verduidelikings van die faktore en motiewe wat 'n rol in die verdrukking speel; dit is weersprekend en onduidelik.

4.2.3.3 Bekerings gedurende die Groot Verdrukking

Gaan daar in die Groot Verdrukking 'n bekeringsgeleentheid vir die nasies wees – nog 'n reddingsmoontlikheid na die wegraping? Ons het gesien dat Lindsey (1998) meen dat God die lyding van die Groot Verdrukking gebruik om finaal die mensdom te lei om hulle tot Hom te bekeer vir die vrye gawe van vergifnis in Jesus Christus. Met verwysing na Johannes 3:5 en Titus 3:5 ten opsigte van die Heilige Gees se betrokkenheid by ons wedergeboorte ontstaan die vraag nou: hoe kan daar bekerings wees as die Heilige Gees vanaf die wegraping afwesig sal wees?

Vir eers moet onthou word dat die "skaapnasies" (Matt. 25:40, 45) op grond van hulle verhouding met Israel tot die Messiaanse Vrederyk sal toetree (Plessis, 2006:345, 346). Die gevolgtrekking van Du Plessis is dat dié nasies nie uit verloste mense sal bestaan nie, maar uit nasies wat Israel goedgesind was. Hulle word dus gered as gevolg van hulle gesindheid teenoor Israel, maar stellig sal hulle tog 'n sekere ervaring van redding in die Millennium moet hê. Waarskynlik leer Kleynhans (2000:259) dieselfde as hy verwys na die nasies wat ná die verwoesting van die Antichris nog gaan oorbly as "dié nasies wat die bekeerde Joodse volk tot groot seën sal wees (was)". Gedurende die Vrederyk sal die Jode aan hulle die Evangelie van die Koninkryk van die Messias, anders gestel: die Koninkryk van die Millennium, verkondig (Matt. 24:14). Die getroue Jode wat oorgebly het, sal in die Millennium vir "al die nasies van hulle wonderlike Messias en van sy wonderbaarlike regering van regverdigheid vertel. Hulle sal vir almal aanmoedig om na Jerusalem te kom en hulle koning op sy troon te sien" (Kleynhans, 2000:169).

Wat die prediking van die Evangelie in die tyd van die Groot Verdrukking betref, wil Kleynhans (2000:228) ons inlig dat, soos ons die verkondiging nou verstaan, daar min kans sal wees tydens die Groot Verdrukking. Die enigste wenk wat ons kry, is dat die boodskappers nie gewone mense sal wees nie, maar engele (Op. 14:6). Kleynhans meld dat dit nie vreemd is dat God engele gebruik om sy boodskap te dra nie, want God het in die begin die engele gebruik as boodskappers (Hebr. 2:1-3). Wat die boodskap van die engele betref sal eerder gaan oor die komende oordeel as oor die genade van God, meen Kleynhans. Verder wys Kleynhans (2000:229) op die twee besondere getuies (Op. 11) wat, soos hy meen, tydens die verdrukking sal optree. Van dié twee getuies blyk dit of Du Plessis (2006:177, 178) wil leer dat hulle bediening eintlik oor die Jode gaan as hy sê: "Die Vader het die twee manne (Henog en Elia wat albei lewend hemel toe gegaan het) gereed gehou om Israel tydens die verdrukking, in haar uur van smart, te bedien". Maar later skryf Du Plessis dat, ten spyte van groot vervolging, 'n ontelbare menigte tot bekering sal kom (Op. 7:9, 14) en hier wil dit voorkom of dít te danke is aan die twee getuies (Op. 11:3, 6, 7), asook 'n engel wat 'n ewige Evangelie sal verkondig. Die mense wat positief op hierdie verkondiging reageer en wat die Antichris se beeld nie aanbid nie, sal met hulle bloed vir hulle verhouding met Christus moet betaal (Op. 13:15) (Du Plessis, 2006:317).

Kleynhans (2000:228) skryf andersins dat daar wel uitverkorenes (Jode en die gelowiges wat agtergebly het) sal wees wat deur die Groot Verdrukking sal gaan. Hulle sal nie deur die plae van God getref word nie (Op. 7:3), maar die verdrukking wat teen hulle sal woed, sal alleen wees die

verdrukking wat van die kant van Satan kom (Matt. 24:22: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word“).

Opsommend, ten opsigte van redding, leer die Premillennialiste dat daar nasies sal wees wat sonder persoonlike keuse en geloof in Jesus Christus die Millennium Vrederyk sal binnegaan. Agtergeblewe gelowiges sal ook bewaar word om gered te word. Die Evangelie sal gedurende die verdrukking verkondig word, maar dit sal geskied deur ’n opgestane Henog, Elia en engele. Die Evangelie wat verkondig sal word, sal na alle waarskynlikheid anders wees as in die genadetyd, naamlik die Evangelie van die Koninkryk van die Messias (fisiese heerskappy van Jesus, die seun van Dawid). Maar tog kan dié Evangelie, uit die aard daarvan, stellig nét gedurende Jesus se duisend jaar aardse regering verkondig word en nie in die verdrukking nie!

Wil die Premillennialiste regtig ’n tweede en ’n derde reddingsgeleentheid voorhou? Dit sal dan net vir sekere lewendes aan die einde van die tyd wees.

4.2.3.4 Die Antichris gedurende die verdrukking

Die beskrywing van die Antichris en die rol wat hy sal speel, kom sterk in die verkondiging van die Premillennialiste na vore. Dié “supermens” sal gedurende die Groot Verdrukking probeer om die plek van Jesus in te neem en sal die magtigste diktator wees wat die wêreld nog gesien het, maar ook die laaste een. Hy sal die volk van God vervolg, martel en doodmaak, en die leërs van die wêreld aanvoer in die kritieke slag van die Armageddon. Jeremiah (2008:164) beskryf die persoonlikheid en die profiel, asook die program van die toekomstige wêreldheerser. Hy haal 'n beskrywing van Frazier (1998:149) aan oor 'n moontlike scenario van die Antichris:

> Daar is op hierdie oomblik iewers 'n jong man aan die groei tot volwassenheid. Hy is na alle waarskynlikheid 'n peinsende, diepsinnige jong man. In sy hart is daar egter 'n woede soos die hel. Dit prut soos 'n kookpot gesmelte lood. Hy haat God. Hy verag Jesus Christus. Hy haat die kerk. In sy gedagtes begin 'n droom van oorwinning vorm aanneem. Hy sal hom in alle onskuld voordoen as 'n vriend van Jesus en die kerk. Maar… hy sal, as hy eers die mag het, die hel self oor die wêreld uitgiet. Kan die wêreld só 'n wonderkind voortbring? Hitler was eens só 'n klein seuntjie…Die teerheid van kindwees sal deur die duiwel omvorm word tot die verskrikking van die Antichris.

Jeremiah (2008:163) sê: “In die laaste daad van rebellie teen God sal hierdie afskuwelike wese hom tuismaak in Jerusalem en die herboude tempel ontheilig en daarna probeer om die Jode uit te wis, en so die eerste onheilspellende note in die voorspel tot die slag van Armageddon laat opklink.”

As Lindsey (1996:231) die koms van die Antichris bespreek, meld hy van die opkoms van die tweede fase van die vierde koninkryk van Rome (Dan. 7). Dit kom in die vorm van ’n konfederasie van 10 nasies, en oor die “future Fuehrer”, soos hy dit noem, sê Lindsey:

> And heading up this 10-nation confederacy will be a man of such magnetism and power that he will become the greatest dictator the world has ever known. He will be the Antichrist. The Antichrist will be a messianic-type figure who seems to have answers to the world’s problems. He will be extremely charismatic, attractive and beguiling. He will dazzle the world with miracles produced by Satan’s power. It may take a figure like this to bring Europe into its final confederated state. And it will take this figure to lead the world to the brink of destruction before Jesus Christ returns to redeem the planet.

Die werking van die Antichris saam met die Valse Profeet word in diepte bespreek: die wonderwerke, die opeis van aanbidding vir die Antichris, die nuwe internasionale ekonomiese orde en beheer oor die wêreld (2 Tess. 2:8-12; Op. 13). Die Antichris gaan in die verdrukking op die Joodse volk fokus; veral die laaste drie en ’n halfjaar. Du Plessis (2006) meen dat aangesien hy die groot valse Christus sal wees (Joh. 5:43), is dit logies dat hy vanaf Jerusalem, die stad van die groot Koning, sal opereer (Ps. 48:2). Kleynhans (2000:219) skryf dat die diep gewortelde gees van die nasies om hulle mag uit te brei noodwendig sal lei tot botsing met die komende Christus; en “waarom? Omdat nie een van die nasies as sodanig rekening hou met die koms van Christus as die Een wat eenmaal Koning van die heelal sal wees nie.”

Die Antichris se rol is met ander woorde godsdienstig en polities wat veral duidelik word in die sogenaamde oorloë tydens die verdrukking. Later in die hoofstuk word meer aandag gegee aan die Antichris.

4.2.3.5 Oorloë gedurende die verdrukking

Daar is reeds verwys na die magte en faktore wat ’n rol speel in die gebeure van die Groot Verdrukking, en dit was weersprekend en onduidelik.

Die lesers en die gehoor van die Premillennialiste word ingelig oor die oorloë wat, volgens hulle, letterlik gedurende die verdrukking gaan plaasvind. Die vervulling van baie voorspellings aangaande wêreldgebeure is hier ter sprake. Die besonderhede van die oorloë maak 'n belangrike deel uit van die boodskap en is gelaai, volgens hulle, met profetiese openbarings van God. Die magte wat gemobiliseer word tot hierdie stryd word ontleed en geïdentifiseer. Die vervulling van profesieë meen hulle is opwindend; die nasies se gesindheid en strategieë kom na vore; so ook die Satan se planne en werking, maar veral God se redding in die voorgestelde oorloë word deur die prediking toegelig.

In Eségiël 38:2-6 word genoem dat die "Gog, in die land Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal" met 'n leër van perde en ruiters sal uittrek. Saam met hom sal die Perse, Kussiete en Puteërs en Gomer met sy al leërs wees, as ook Togama uit die verre uithoeke van die Noorde. Kleynhans (2000:235) skryf dat die naam "Ros" (Eség… 38:2, 3; 39:1), volgens 'n Hebreeuse taalkundige "aan die naam Rusland beantwoord". Kleynhans noem ook: 'Taalkundige navorsers het vasgestel het dat Moskou en Tobolsk, die Europese en Asiatiese hoofstede van Rusland, slegs die moderne skryfwyse is van Meseg en Tubal". Hy meld ook dat die Scofield-naslaanbybel die verwysing van Meseg en Tubal as 'n duidelike punt van uitkenning vir Moskou en Tobolsk beskou. Kleynhans vind Eségiël se aanduiding van Moskou met Meseg treffend, gesien die feit dat Sint Petersburg só lank die hoofstad van Rusland was en Moskou éérs deur die Bolsjewiste as hoofstad herstel is. Kleynhans meen dat die verwysing na Moskou bepaald 'n teken is dat die eindtyd aan naderkom is. Kleynhans (2000:236) maak verder melding van die moderne stad, Tobolsk in Siberië, in die noorde, en sê:

> God inspireer Eségiël om hierdie gebied in die Sy Woord af te pen. Hoe anders, het Eségiël só lank gelede geweet dat hierdie groot mag soos ons hom vandag sien, vanuit hierdie gebied in die verre noorde sou kom (38:6, 15 en 39:2)? Die letterlike vervulling daarvan het na 'n baie absurde moontlikheid gelyk. Rusland het eers diep in die twintigste eeu 'n wêreldmoondheid geword wat aan die spits van 'n grootskeepse inval kon staan. Meer nog, Israel het eers na 1948 vorm gekry en dit was vroeër moeilik om te dink waarom die twee lande in 'n konflik betrokke sou raak. Vyf van Rusland se bondgenote is 2600 jaar gelede deur Eségiël in sy profesieë by name genoem. Hulle samevoeging het voorheen onlogies voorgekom.

Die lande wat in koalisie met Rusland, "Gog, in die land Magog, die vors van Ros (Rusland), Meseg (Moskou) en Tubal (Toboisk)" is, word volgens Kleynhans soos volg geïdentifiseer: Die

Perse is die teenswoordige Iran, die Kussiete is Ethiopië, die Puteërs is Libië, Gomer maak Oos-Duitsland, Pole en Tsjeggo-Slowakye uit en Togarma staan vir Turkye.

Du Rand (2007:568) se kommentaar op die identifisering van Gog en Magog is dat dit problematies en spekulatief is en verwys na aanduidings in vroeë buite-bybelse literatuur. Hy noem sekere assosiasies, wat al gemaak is:

> In die Sibillynse Orakels 3:31 is Gog en Magog die name vir die Etiopiërs, en volgens Josefus (Antiquitates 1123) is Magog die naam van die. In die vroeë Joodse literatuur is Gog en Magog spreekwoordelik van die vyandige nasies wat Israel in die eindtyd sal aanval (3 Henog 45:5). En volgens die Targoem (Arames kommentaar) op Eségiël 39:16 is Gog in naam in Rome. As benoeming van die vyande wat teen God oorlog maak, en uit die noorde kom, is Magog onder meer al geassosieer met die huidige Asië, en spesifiek die Islamitiese suidelike republieke van die voormalige Sowjetunie, wat ook Afganistan insluit. Sommige meen Mesek is ’n verwysing na die huidige Turkye, en Tubal na die huidige Iran en Suid Rusland.

In Eségiël 38:17-23 en 39:1-6 blyk dit asof die vyande deur die Here totaal verslaan is, maar tog kom hulle meermale tot die oorlog, soos ons by die Premillennialiste sal sien. Verder lees ons in Openbaring 20:8 dat, ná duisend jaar, die Satan “sal uitgaan om die nasie te verlei wat in die uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see”. Sal die lande weer in daardie tyd na vore kom? Dit wil eerder voorkom asof “Gog en Magog” hier “die nasies wat verlei” en versamel word, voorstel. Du Rand (2007:568) se gevolgtrekking is; “Al wat ons kan sê, is dat ‘die vyandige nasie vanuit die noorde’ altyd die bedreigende vyand was, en ook in Openbaring 20:8 met die benaming ‘Gog en Magog’ aangedui word in die finale eindoordeel teen God”.

Naas die identifisering van die magte wat in die sewe jaar betrokke sal wees, is die beskrywing van die oorloë self. Hierdie pogings om ’n letterlike vertolking van massiewe oorloë aan te bied, vra aandag.

Volgens Jeremiah is hierdie 2600 jaar oue profesie rakende die oorlog aan die einde die belangrikste en mees dramatiese profesie in die hele Skrif: “Die profesie voorspel ’n inval in Israel in die laaste dae – deur ’n mag saamgestel uit 'n enorme massa troepe van ’n koalisie van lande gelei deur Rusland en Iran” (Jeremiah, 2008:168). Jeremiah se identifisering van die moderne state uit die lys van Eségiël 38 en 39 verskil van Kleynhans se poging. Jeremiah (2008:173) sê byvoorbeeld dat min geleerdes vandag Mesek en Tubal met die moderne stede

Moskou en Tobolsk, soos in die verlede, identifiseer (vir Kleynhans was dié identifisering van die stede ’n merkwaardige openbaring), maar hierdie plekke is eerder deel van die huidige land Turkye.

Jeremiah noem dat, aangesien dit hier gaan oor die eerste oorlog (Eség… 38 en 39), dit die gegewens is wat tans in die nuus “gelees” kan word. Maar asof hierdie koalisie teen Israel, gelei deur Rusland en Iran, nie genoeg is nie, meen Jeremiah, het Eségiël nog bygevoeg dat baie volke, Islamitiese en pro-Islamitiese lande by die koalisie sal aansluit (38:6). Wat die Weste betref, verduidelik Jeremiah dat hulle nie aan die oorlog sal deelneem nie. Hierdie mening word gegrond op die identifisering en uitleg van geleerdes, soos Jeremiah dit stel, van die besonderhede in vers 13: “Skeba en Dedan en die koopmans van Taris en al sy en al sy jong leeus”. Die gegewens sou dui op Engeland en sy voormalige kolonies soos Kanada, Australië Nieu-Seeland, die Afrika-kolonies en die Verenigde State en hulle sal wel sterk genoeg wees om hulle misnoeë op daardie dag te kenne te gee. Jeremiah meld verder dat die groepering in Eségiël se profesie van die nasies wat opstaan om Israel te vernietig en die wat nie, baie nou ooreenstem met die groepering van nasies wat ons vandag in die wêreld sien vorm aanneem. Jeremiah (2008:178) sê: “Ons vind dus dat Eségiël se antieke profesie wat ongeveer 2600 jaar gelede geskryf is, ons inlig oor wat voor ons oë op die aardse aan die gang is”.

Baie inligting soos uitsprake van leiersfigure, haat en dreigemente, koalisies wat gevorm word, berigte in nuusblaaie en die opbou na die werklike aanslag word deur die Premillennialiste deurgegee. Gegewens van die plek, tydperk, doel, besonderhede, weermag vermoëns en die arsenale wapens vir die inval, asook die nasleep van die oorlog word gekommunikeer.

Die drie hoofdoelwitte van die nasie in die oorlog van Gog en Magog is eerstens om Israel se land af te neem (38:12), tweedens om Israel se rykdom te steel (38:12-13) En derdens ’n “uiteindelike slagting van die volk Israel (11-12, 16)” (Jeremiah, 2008:182). Wat ook belangrik is, is dat Jeremiah sê dat die aanval sal plaasvind in ’n tyd van rus en vrede in Israel (38:14: “in die dag as my volk veilig woon”). Die enigste tydperk is, volgens Jeremiah, onmiddellik na die wegraping van die kerk wanneer die Antichris en die Europese Unie ’n ooreenkoms met Israel sal sluit om sy vrede en veiligheid te waarborg (Dan. 9:27). Israel sal sy waaksaamheid verslap wat hy gedwing was om te handhaaf sedert die stigting van hul nasie in 1948. Jeremiah sê dat hulle aandag gaan

wegdraai van hulle verdediging en bou aan hulle rykdom en dit maak die deur oop vir die aanval uit die noorde.

Wanneer die massiewe Russies-Islamitiese leërs op die noordelike berge van Israel bymekaar kom, sal dit net ŉ ingryp van God wees wat sal kan red (Eség… 38:18-19). God sal tot die oorlog toetree en sy arsenaal wapens sal daaruit bestaan dat Hy eerstens die aanvallers sal tref met massiewe aardbewings en tweedens dat Hy onder die aanvallende magte verwarring sal saai en hulle mekaar sal aanval (38:21). Die derde wapen van God is aaklige siektes (38:22) (Jeremiah, 2008:184). Dit is eintlik God, sê Jeremiah (2008:192,193), wat met die oorlog en skrikwekkende tye sy eie doelwitte wil bereik. God wil hê sy volk moet Hom as Here en God en oppermagtig erken wanneer hulle die vrede en vreugde ervaar wat Hy vir sy volk beoog. Ongeag hoe groot die kwaad in hulle harte is, openbaar God hom onder die nasies deur sy eie mense terug te bring uit die land van die vyande en hulle te verlos. Dit beteken dan dat daar ŉ groot invloei van Jode na Palestina sal wees. Jeremiah meld: "So sluit Ségiël sy grootste profesie op 'n hoogtepunt af met die verkondiging van God se liefde en barmhartigheid vir sy volk." Jeremiah neem die gebeure, die oorwinning van God oor die vyande, en wil dit skynbaar ŉ boodskap van hoop en verlossing maak vir die gelowiges met die wegraping: "Maar dank die Here, sy verlossing is nie net vir Israel beskore nie. Elke man en vrou kan vandag kies om deel van God se volk te wees" (Jeremiah, 2008:192, 193).

Jeremiah (2008) wys op ŉ letterlike nasleep van die eerste oorlog: eerstens sal dit ŉ fees wees vir die aasvoëls en roofdiere wat sal vreet van die ongelooflike massa liggame wat oor die slagveld gesaai sal lê (39:4-5, 17-20); tweedens sal spesiale taakmag sewe maande lank die reuse taak hê om al die dooies te begrawe (39:11-12, 14-16). Verder wys Jeremiah daarop dat dit sewe jaar sal neem om die wapens te verbrand (39:9-10), die land te reinig. Jeremiah (2008:188) meld dat sommige lesers bekommerd is dat die profeet die wapens as van antieke oorsprong beskryf (skilde, boë en pyle, knopkieries en spiese) terwyl dit tog in die toekoms gaan plaasvind, maar, sê hy: "ons moet ons gesonde verstand gebruik met die lees van Ségiël – hy het gedoen wat alle profete doen: Hy praat van die toekoms terwyl hy uitdrukkings en beskrywings gebruik wat hy en die mense van sy tyd sou verstaan het". Miskien kan ŉ mens vra wat van vers 10: "Hulle sal nie hout uit die veld hoef aan te dra nie of in die bos hoef te gaan kap nie, want hulle sal vuurmaak met jou wapens"?

Opsommend hou Jeremiah dus die gebeure van die eerste oorlog as volg voor: nadat die wegraping van die gelowiges, die kerk, plaasgevind het, word die Antichris geopenbaar. Hy sluit 'n verbond met die Jode en dit bring 'n tyd van vrede en vreugde vir hulle, maar dan oorval 'n massiewe Russies-Islamitiese leer Israel. Die oormag is te groot en die Here gryp in, verslaan Israel se vyande met 'n indrukwekkende aanslag. Die nadraai van die oorlog is dat dit die Jode sewe maande sal neem om die dooies te begrawe en vir sewe jaar sal hulle plunder en vuurmaak en stook met die hout van die verwoeste wapentuig om die land te reinig. Met hierdie ingryp is God se bedoeling om sy liefde en barmhartigheid aan sy volk te bewys en dit is 'n boodskap van hoop en bemoediging, meen Jeremiah.

Met die beskrywing van die tweede slag, die Armageddon, wil Jeremiah (2008) agtergrond gee van die gebeure, oftewel meer agtergrond van die verdrukking. Volgens Jeremiah word die Satan gedurende die verdrukking uit die hemel op die aarde gegooi en hy begin dan onmiddellik om die vrou wat die seun gebaar het te vervolg (Op. 12:9, 13). Die "vrou" is 'n duidelike metafoor vir Israel uit wie die kind Jesus gebore is, verklaar Jeremiah (2008:197). Die Satan se eerste massiewe poging tot vervolging, die Gog en Magog oorlog, misluk deur dat die almagtige God Israel red. Die Satan is egter meedoënloos in sy vervolging van die Jode, en: "Sy doel, beginnende midde in die verdrukking, is om die Joodse volk te vernietig voordat Christus sy Koninkryk kan oprig om sodoende God se voorspelde heerskappy op aarde te verongeluk" (Jeremiah, 2008:197).

Die tweede oorlog wat Jeremiah identifiseer, is die slag van Armageddon. Dié oorlog sal die tyd van die verdrukking beëindig terwyl die eerste aan die begin van die verdrukking sal wees (3 tot 4 jaar periode tussen die 2 oorloë). Die oorlog van Gog en die slag van Armageddon word deur etlike jare geskei en dit betrek verskillende deelnemers (Jeremiah, 2008:205). Dit is opmerklik dat die sewe jaar van skoonmaak, of reiniging van die land, nog nie voltooi is nie.

Jeremiah tref 'n onderskeid tussen die twee oorloë. In die tweede oorlog draai dit veral om 'n leiersfiguur en sy motiewe. Die eerste oorlog beskryf Jeremiah (2008:198, 206) as 'n massiewe Russiese-Islam inval op Israel, maar by die tweede het ons 'n Antichris geleide aanslag waarby al die nasies betrek is. Die Antichris is 'n Europese leier wat met Israel 'n sterk verbond sal sluit (Dan. 9:27). Hy sal sy mag uitbrei tot 'n wêreldheerser, tot wêreld-diktator en dan tot 'n god. Jeremiah (2008) verklaar dat die Antichris sy mag oor alles en almal gaan uitbrei. Hierdie is

waarskynlik gebeure wat tussen die twee oorloë sal plaasvind. Die Antichris sal 'n enorme militêre mag opbou en uitgebreide oorloë voer (Dan. 11:37-39). Teen wie die oorloë sal wees, is nie duidelik nie. Die heerskappy sal ook, soos ons gesien het, 'n sekere oorheersende religieuse element hê. Van elke lewende wese sal verwag word om die man te aanbid (11:36; Op. 13:15).

Die Antichris, meen Jeremiah, se houvas op wêreldmag sal egter nie lank duur nie. Die nasies sal ontevrede raak oor sy leierskap en hulle eie mag opbou en teen hom in opstand kom. Jeremiah (2008:209-215) meen Daniël 11:40 beskryf 'n leër uit Afrika en leërs uit die noorde (Rusland sal herstel wees na vier jaar gelede se terugslag in die eerste oorlog) wat sal mobiliseer "om op die Heilige Land toe te sak en die wêreldheerser, met sy koalisie van Europese lande, uit te daag" (Jeremiah, 2008:209). 'n Mens kan dan aflei dat die wêreld-diktator se mag en regering waarskynlik in die land van Israel gesetel sal wees, maar tog is dit moeilik om uit die aard van die oorlog dít te verstaan (Europese leier met 'n enorme militêre mag en later sal hy Palestina selfs aanval?). Net nadat die Antichris hierdie opstand onderdruk het, word die vloei van die Eufraatrivier deur 'n daad van God onderbreek (Dan. 11:44; Op. 16:12) en die massiewe leërs uit die ooste (China) kan dan die natuurlik versperring van die Eufraat oorsteek en die Israel-arena vir die geveg teen die Antichris betree. Jeremiah meld dat demone van die hel by die gebeure betrokke sal wees en die konings van die aarde sal versamel vir die oorlog van die Almagtige (Op. 16:14). Jeremiah (2008:213) beskryf die geleentheid so:

> Op die oomblik wanneer die Antichris dus gereed is om Israel en Jerusalem aan te val en te vernietig, kom daar 'n afleiding in die vorm van nog 'n reusagtige leer (China wat deur die Eufraatrivier kom) wat die gevegsfront betree. So word die toneel ingerig vir die laaste, geweldige bedryf in die slag van Armageddon.

Openbaring 19:11-16 beskryf hoe die Here Jesus, die aanvoerder van die hemelse leërskare, toetree tot hierdie stryd. Jeremiah wys daarop dat dit nie net die leërs van die heiliges, die wat gesterf en die wat weggeraap is (Sag. 14:5; 1 Tess. 3:13; 2 Tess. 1:10; Jud. 14), wat sal neerdaal om in die geveg saam met Jesus deel te neem nie, maar dat die engele ook sal neerdaal (Matt. 25:31). Jeremia noem dat dit opwindend is om te dink aan menslike heiliges wat sy aan sy met God se engele veg.

Volgens Lindsey (1996) sal daar tussen Israel en Islam 'n vredesooreenkoms deur die Europese Antichris bewerk word (1 Tess. 5:3). Maar só 'n ooreenkoms dra nie gewig by Islam nie, meen Lindsey (1996:261). Hy sê verder dat die nimmereindige stryd tussen Ismael en Isak nie kan

verdwyn sonder dat die een of die ander verdwyn nie. Lindsey skryf van ’n beweerde stelling van ’n Islam-leier, Sheikh Tamimi, in Jerusalem: “The Jews are destined to be persecuted, humilated and tortured forever, and it is Moslem duty to see to it that they reap their due. No petty arguments must be allowed to divided us. Where Hitler failed, we must succeed”. Die Islamitiese wêreld sal nie Israel se beheer oor Jerusalem aanvaar alvorens die Millenniumryk gevestig is nie; nie totdat alle mense die waarheid van die Evangelie en die heerskappy van Jesus erken nie. Hierdie is ’n konflik tussen Jood en Arabier, tussen Joods-Christelike waardes en Islam, en dit, sê Lindsey (1998:262):

> ...will shape world events and lead towards the worst holocaust man has ever known or will ever known. This is why there is no escaping the destiny of the world described by the prophets for thousands years. And remember, every prophecy they have made has come literally true.

Lindsey (1996:263, 267) verduidelik dat die hoofgebeure wat die periode van die Groot Verdrukking (die laaste drie en ’n half jaar) sal afskop, sal wees die besetting van die tempel deur die Antichris. “Daarna sal hy probeer om elke Jood op die aarde uit te wis, en so die eerste onheilspellende note in die voorspel tot die slag van Armageddon laat opklink” (Lindsey 1996:162). Lindsey (1996:263, 267) wys op Matthéüs 24:15-22 en beskryf die Armageddon as volg:

> Is it a battle? Is it a place? Is it literal? Is it figurative? As I mentioned, it would more precisely be described as a war. The Bible never talks about a ‘battle’ of Armageddon. But there are several huge battles that take place in this Israeli valley…It’s when this pretender to the trone of the world picks up and moves into the holiest place of the rebuild temple that all hell literally starts breaking loose on planet Earth. Shortly after this event, Russia and its military allies in Islamic world sweep into Israel and fight a war that seems to include at least some tactical nuclear weapons. The Bible tells us that in this first major war of the Tribulation period one-fourth of the world’s population will be destroyed.

Lindsey meen dat die oorlog binne maande kan eskaleer (alle die veldslae gebeur in die laaste gedeelte van die verdrukking) en die hele wêreld sal bedreig word. Dan volg die Asiatiese optog oor die Eufraatrivier (200 miljoen sterk – moontlik uit China, Indië en Japan) en ’n derde van die oorblywend bewoners van die aarde sal dan omkom. Lindsey (1996:267) bereken: “That means half of the original population of the earth is wiped out within a space of no more than a few years – perhaps in only a few months (Revelation 6:7, 8 and 9:15).”

Lindsey verwag dat die wêreld 'n grootskaalse internasionale atoomoorlog sal ervaar en noem dat die Bybel oor en oor 'n prent skilder van 'n skielike en gewelddadige dood (Sef. 1:14-18). Verskeie gedeeltes wys op stede wat sal brand en vuur wat sal reën op die aarde (Jes. 1:7-9; 24:6; 29:4; Joël 2:30-31; Jer. 50:32; Eség… 38:19-20; 25:5). Die hele wêreld sal egter ook in 'n konvensionele oorlog betrek word (Joël 2:4-8)

Jerusalem, die fokuspunt van die eindtydgeveg, sal verower word deur Israel se vyande en Jeremiah (1998:266) beweer dat die vernietiging van die heilige stad die finale strooi sal wees wat die toorn van God sal opwek en aanleiding sal gee tot Jesus se koms. As Hy kom en met sy voete die Olyfberg aanraak, sal 'n groot aardbewing letterlik die geografie van die omgewing van Jerusalem verander (Sag. 14:1-4).

Kleynhans (2000:232-249) gee ook 'n breedvorige beskrywing van die Armageddon-oorlog en volgens sy letterlike vertolking sal daar drie veldslae gedurende die sewe jaar van die verdrukking wees. Hy noem dat die Antichris onmiddellik na die kerk weggeraap is, wat volgens hom die teëhoudende faktor is, sy verskyning gaan maak (die ruiter op die wit perd van Openb. 6:2). Kleynhans sê dan: "Nou ontketen God die gevreesde tweede van die vier ruiters (Op. 6:3-4). Dit is die beeld van oorlog op die aarde" (Kleynhans, 2000:237).

Die eerste een van die drie veldslae is tussen Gog en Magog (Eség… 38, 39) en sy bondgenote, die Arabiere, teen Israel. Deur Israel aan te val wil die Russe aan die wêreld bewys dat daar geen God is nie. Rusland wil die verbondsvolk van God uitdelg soos hy tans besig is om die Christendom te probeer vernietig (Eség… 38:5). Verder gaan dit oor Israel se minerale rykdom en strategiese posisie vir wêreldoorheersing (38:12) (Kleynhans, 2000:237). Die Moslems het op hul eie ook 'n doel voor oë – om Israel van die aarde af vee (Psalm 83:5-6). Die aanval sal skielik en onverwags plaasvind, soos 'n swerm sprinkane (vliegtuie) wat 'n land aanval (Joël 1). Hierdie komende oorlog sal die laaste wêreldoorlog verreweg oortref en groot verwoesting sal aan die noorde van Israel aangerig word (Joël 2:3). Volgens Kleynhans gee God die oorwinning en hy verwys na Joël 2:20: "Ja, Ek sal die sprinkaanswerm, uit die noorde afkomstig, van jou af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land; sy voorhoede na die Oostelike See en sy agterhoede na die Westelike See toe". Ten opsigte van die aard van God se toetrede tot die geveg verwys Kleynhans na Eségiël 38:22 en Openbaring 16 wat praat van pes, bloed, oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swael wat op die leërs gaan reën. Hierop beweer Kleynhans dat

Rusland sal verval tot ’n nietige volk, vasgedruk in die noorde van Siberië tussen die Beringsee in die ooste en die Yssee in die noordweste.

Die oorlog gee aanleiding tot die betrokkenheid van die Europa (Eség… 38:13) en die Antichris tree dan na vore. Terwyl die Antichris voorgee dat die oorwinning aan hom te danke is, sal hy ’n sewe jaar verdrag van vrede bewerk (Dan. 9:27; 1 Tess. 5:3).

In die tweede veldslag kom die aanvallers uit die Ooste, plus ’n geringe oorblyfsel uit die Noorde en demone word betrokke. “Die konings van die Ooste, die drake-wêreld, kom nou om Israel te verwoes, saam met hulle kom die bose geeste, die gevalle engele wat onder in ’n afgrond bewaar word vir die dag en uur (Op. 9:1-11, 13-21). Dit skyn asof die Antichris hier gedood word om Openbaring 13:3 te vervul. Die duiwel vaar nou in hom in en die tweede drie en ’n halwe jaar begin” (Kleynhans, 2000:242).

Die derde veldslag noem Kleynhans soms die Armageddon. In hierdie groot stryd is die ergste aanval op die Joodse volk, “’n tyd van benoudheid van Jakob” (Jer. 30:7). Twee derdes of byna die hele Joodse volk sal deur die Antichris vermoor word (Du Plessis, 2006:316; Kleynhans, 2000:246, 247). Wanneer die verdrukking op sy donkerste is, of na die verdrukking, maak Christus met ontsaglike kosmiese tekens sy verskyning (Matt. 24:28-30). Dan sal die Seun van die mens self tot die stryd toetree en die Antichris verslaan (Sag. 12:4; 14:3; Matt. 24:28; Op. 19:17). Du Plessis (2006:322) sê: “Die heerskappy sal die Antichris ontneem en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel aan die heiliges gegee word (Dan. l 7:27). Dit is ’n verwysing na die Vrederyk wat gaan aanbreek ná die vernietiging van die Antichris, en na Israel wat oor die nasies van die aarde sal regeer (Luk. 22:29; Eség… 7:28)”.

4.2.3.6 Bemoediging en aansporing deur die wederkoms, die verwagte tweede koms van Christus en die ontsnapping van die verdrukking – die bruilof van die Lam

Die periode van die verdrukking het uit die aard van die Premillennialistiese skema nie soseer betrekking op die gelowiges (die kerk) nie, want hulle sal dan alreeds weggeraap wees na God toe, maar tog kom dit voor asof die Premillennialiste “tweede koms” gebruik as troos en aansporing vir die gelowiges. Ons kry dit byvoorbeeld by Horton (1995:617) as hy oor die Millennium Koninkryk skryf: “The Bible shows that our only hope is that God will intervene,

bringing judgement on the present world system, and send Jesus back to earth again to establish His rule and make David's throne eternal."

Jeremiah (2008:193) werk daaraan om 'n bemoedigende boodskap met God se ingryp in die Armageddongebeure aan te bied: ons kan God dank dat sy verlossing nie net vir Israel is nie, maar dat elke man en vrou vandag kan kies om deel van God se volk te wees. Iemand hoef nie 'n Jood te wees om verlossing te ontvang nie. Daar is 'n ooreenkoms met die Armageddon verlossing "deurdat God se Gees op die verlostes uitgestort word, word die 'spil van boosheid' in ons harte deur die liefde van God verander."

Die skrifte en die leer wat sou wys op die *wederkoms*, die tweede koms met die slag van Armageddon en die oprigting van die Millenniumryk, word dikwels gebruik om die gelowiges aan te spoor om te waak en gereed te wees vir die *wederkoms* (Du Plessis, 2006:323; Kleynhans, 2000:30). Kleynhans (2000:30) verwys byvoorbeeld na die finale ingryp van God in die geskiedenis en sê:

> Dit gaan deur die *wederkoms* van Jesus Christus gebeur. Daarom glo ons dat die Here graag wil hê dat sy kinders die wederkoms van sy Seun gedurig voor oë en daagliks vanuit hierdie waarheid moet leef. Hieruit volg dat elke kind van God erns moet maak met die wederkoms van die Here Jesus Christus. Voorbereiding vir die wederkoms is van lewensbelang.

Die verweer van die Premillennialiste op kritiek teen die dubbele verwagting en hul gereedheid (wegraping en wederkoms), soos ons hierbo sien, kan wees dat hulle sê dat die wegraping en die wederkoms eintlik twee fases van *een* gebeurtenis is. Dit sal egter moeilik wees om dit só te sien, want dit kan tog nie geld nie. Word die verlossing van die gelowiges nie met die wegraping afgehandel nie? Die Premillennialiste meen dan dat die kerk 'n tussentydse gebeurtenis is, en dat God ná die verwydering van die kerk, sy verbond met Israel weer hervat. Daar word ook gesê, soos ons gesien het, dat die twee komste kontrasteer wat doel en karakter betref. Die kerk en Israel is altyd twee onderskeibare groepe. Die verdrukking en die *wederkoms*, die aanbreek van die Millennium, het dan eintlik in wese niks te make met die kerk nie. 'n Mens sal tog in gedagte moet hou, volgens die Premillennialiste se bewering, dat daar gedurende die verdrukking gelowiges (nie Jode nie) wat agtergebly het, sal wees, wat hulle saak met die Here regmaak. Die vraag sou dan wees: bedoel die Premillennialiste dat die boodskap van bemoediging met die wederkoms (die tweede koms) betrekking het op hierdie gelowiges in die verdrukking? Daar kan

ook gevra word: hoe sal die finale einde van die Millennium as ’n hoop gedurende die tyd voorgehou word? Sal die mense in dié era wat God geveinsd gedien het (Kleynhans, 2000:268; Du Plessis, 2006:332, 346), bewus wees van ’n “afsnydatum” wanneer die reddingstyd, die duisend jaar verstreke sal wees en sal hulle weet wat daarna sal gebeur?

Daar kan tereg gevra word oor die voorhou van *’n sewe jaar* bruilof tydens die verdrukking: wat wil bereik word met die leer van 'n sewe jaar bruilof, terwyl die toekoms saam met God 'n ewige onbeskryflike fees in 'n onbeskryflike nuwe wêreld sal wees (Joh. 14:3; 17:24; 2 Pet. 3:10; Op. 21:1-5)? Is die voorgestelde periode van ’n *sewe jaar* bruilof iewers in die lug nie eerder 'n verskraling van die heerlikheid vir die gelowige in die lig van God se volmaakte toekoms saam met *sy eie mens in sy nuwe wêreld* nie? Die idee van ’n *sewe jaar* bruilof spruit uit die leer van die Millennium aardse ryk wat Jesus in elk geval nie geleer het nie en wat in elk geval nie tot verheerliking van onse Here is nie. Dit word slegs ingepas om die Israelskema te kan leer. Dit beroof bybelondersoekers om te soek wat God vir sy mense wil sê.

4.2.3.7 Verdere opmerkings oor die leer van die Groot Verdrukking by Premillennialisme

Die beskrywing van oorloë, of die Armageddon, wat in die voorgestelde sewe jaar van die Groot Verdrukking sal plaasvind, neem ’n belangrike plek in by Premillennialisme. Jesus het self oorloë voorspel. Nadat Hy vir sy dissipels vertel het van die verwoesting van die tempel het hulle Hom gevra het: “Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleiding van die wêreld” (Matt. 24:3) Het Jesus hulle toe onder andere geantwoord:

> En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, pasop moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke (Matt. 24:6-7).

Die letterlike vertolking van profesieë ten opsigte van oorlog of oorloë in die voorgestelde sewe jaar verdrukking, soos ons al opgemerk het, verskil onder die Premillennialiste en dit lei tot verskillende voorstellings van die eindgebeure.

4.2.3.7.1 Die Groot Verdrukking – aktiwiteit van ’n Europese leier

Ons het al verwys na die Antichris in die verdrukking. Wanner die Groot Verdrukking rondom die Europese leier beskryf word, wil dit eenvoudiger voorkom as wanneer dit gaan oor die verkondiging van baie motiewe, faktore en oorloë. Dit blyk asof Premillennialiste dikwels twee voorstellings het. Die eerste behels basies die gedagte van die opkoms van ’n Europese leier, ’n wêreldheerser en sy program. Die eerste dade van die wêreldleier sal wees om vrede met Israel te maak (maar daar is onduidelikheid oor die vrede-ooreenkoms: is dit ’n ooreenkoms tussen die Europese lande, waarvan die Antichris die leier is en Israel, of is dit ’n vredesluiting tussen Israel en die Islamitiese nasies wat Jode van die aarde af wil wegvee? Laasgenoemde word elders voorgehou.). Na drie en ’n half jaar sal die leier sy ooreenkoms met Israel verbreek en die Jode erg vervolg (Dan. 9:27; Jes. 28:18). Daarna sal die Antichris doodgemaak word, maar tot verbasing van die hele wêreld sal hy deur die mag van Satan uit die dood opgewek word. Dit is ’n namaaksel van die opstanding van Christus (Op. 13:3-4). Na die sataniese opstanding sal die Antichris die leiers van drie lande in die Europese Unie laat vermoor (Dan. 7:8) en al die ander lande sal onmiddellik hul mag aan hom oorgee, volgens Jeremiah (2008). Die Antichris, die dier, sal ’n medepligtige hê, die vals profeet, en hy sal die merk van die dier op elkeen sit wat die dier volg. Enigeen wat nie die merk van die dier het nie, sal nie in die wêreldekonomie kan deelneem nie, nie kan koop of verkoop nie. Hierdie tiran sal uiteindelik vernietig word wanneer Jesus Christus kom om oorlog teen die Antichris en sy leërs te voer. In die oorlog sal die Antichris doodgemaak en sy magte vernietig word en “die triomfantelike Christus sal sy troon as regmatige koning en heerser van die heelal inneem” (Jeremiah, 2008:163).

In die beskrywing hierbo van die sewe jaar blyk dit net ’n weergawe van ’n gewelddadige program van die Antichris teen Israel te wees. Die Europese leier kom as die Messias en dan volg die ontnugtering dat hy dit nie Hy is nie en hierna breek die geweld teen Israel los. Volgens Du Plessis (2006:316): “Daarom kon Sagaria met reg voorspel dat twee-derdes van die Joodse volk in Israel deur die Antichris uitgemoor word (13:8)”. Hierna gryp die Here in en verslaan die Antichris. In hierdie eenvoudiger beskrywing is dit moeilik om al die motiewe en oorloë, waarop die Premillennialiste andersins fokus, in te pas. Die sewe jaar gaan dus oor die opkoms van die Europese persoon, die Antichris en sy program wat moontlik hoofsaaklik gemik is teen Israel.

Aan die ander kant, met die omvangryke weergawes en beskrywings van al die gebeure wat die Premillennialiste leer wat tydens die sewe jaar sal afspeel, is dit moeilik om gebeure van die sewe jaar te verstaan. Daar kan tereg gevra word: waaroor gaan die Groot Verdrukking?

4.2.3.7.2 Die Groot Verdrukking – 'n vervolging van gelowiges ter wille van Jesus?

Die eerste vraag kan wees: Is die Groot Verdrukking 'n vervolging van gelowiges, vervolging van die kerk ter wille van Jesus? 'n Mens kan dit verwag, want die Antichris speel 'n belangrike rol in die Groot Verdrukking. Jesus het immers geleer dat sy mense, die gelowiges, terwille van Hom vervolg sal word (Joh. 15:20; Matt. 10:23; Joh. 16:33). Ons weet egter dat die Premillennialiste leer dat die Here sy kerk voor die verdrukking sal wegraap, hulle sal die Groot Verdrukking ontvlug, want die kerk staan nie onder sy grimmigheid, sy oordeel nie. Die kerkperiode kom voor die verdrukking tyd tot 'n einde (Du Plessis, 2006:319). Dit beteken dus dat die sewe jaar in die eerste plek nie 'n vervolging van Jesus se kerk is nie.

Maar, aan die ander kant leer die Millennialiste tog dat die Satan gelowiges in hierdie tyd sal vervolg. In dié geval moet die vervolging in die Groot Verdrukking dan onder andere gemik wees teen *agtergeblewe gelowiges*, wat nou stellig 'n tweede kans kry, sowel as op die mense wat in dié tyd tot bekering sal kom.

Die feit van mense wat agtergebly het met die wegraping is egter onduidelik. Kleynhans (2000:171-192) maak seker om te bewys dat met die wegraping dit eenvoudig gaan oor die mense se *geloof* in Jesus as Redder. Dit gaan nie oor 'n geesvervulde lewe of 'n heiligheid nie. Hy sê verder: "Hierdie verse sê almal vir jou dat jy met Christus as jou Redder, vir ewig veilig is. Sonder Christus as jou Redder is jy verlore en moet jy die ewigheid saam met Satan deurbring" (Kleynhans, 2000:192). Dit wil na 'n skoon snit lyk: jy glo in Jesus as jou Redder en dit is veilig. As jy nie glo nie is jy vir ewig verlore. As Kleynhans egter na die uitverkorenes in die Groot Verdrukking verwys, sien ons dat daar wel mense is (gelowiges?) wat agtergebly het: "Op 'n wonderlike wyse sal God Sy uitvekore kinders (Jode en die wat agter gebly het) vrywaar van Sy plae wat oor die goddelose sal kom" (Kleynhans, 2000:228). Watter mense is dié gelowiges wat agtergebly het? Kan daar in 'n wegrapingskema so 'n mens, 'n soort nie-sondaar, 'n soort nie-ongelowige agterbly?

Net so is die saak van bekeerlinge ("Alhoewel die Antichris so 'n verskriklike vervolging sal laat losbreek, gaan daar nog baie mense tydens die groot verdrukking gered word" {Du Plessis 2006:317}) in die sewe jaar 'n probleem, want die Heilige Gees is saam met die kerk dan afwesig {Kleynhans, 2000:144}) en verder, volgens die Premillennialiste, word die genadetyd met die wegraping beëindig. Die vraag is dan: sal daar hoegenaamd bekerings wees? En indien wel, dan is hulle nie deel van Israel nie en hulle is ook nie deel van die kerk, die liggaam van Christus nie. Hulle is nie die Verbondsvolk van God nie en ook nie gelowiges uit die genadetyd nie. Sommige Premillennialiste leer, soos ons gesien het, dat die kerk en Israel vir ewig as twee aparte werklikhede sal bestaan. Kleynhans (2000:185) skryf: "Wat dan van die heiliges van die verdrukking? Sal hulle nie ook deel wees van die kerk nie – van Christus se liggaam? Ons dink nie so nie." Wie sal dié gelowiges dan wees, of hoe sal hulle beskryf word? Hulle moet 'n derde groep (gelowiges) wees – uit die Groot Verdrukking, uit die sewe jaar kom 'n "derde groep"!

Ons kan dus die afleiding maak dat die vervolging in die Groot Verdrukking, onder andere, moet gaan oor die vervolging van 'n sogenaamde derde groep van gelowiges: die wat agtergebly het met die wegraping en hulle wat, nadat die genadetyd verby is, tot bekering gekom het. Verder kan seker genoem word dat die aard van omstandighede, die motiewe en oorloë wat in die tyd ter sprake is, nie goed inpas in die vervolging van die Christene nie – hulle is tog nie nasies nie en kan nie deel uitmaak van die oorloë wat beskryf word nie. Die program wat voorgehou word van die Europese leier, kan wel individuele vervolging insluit.

Die Premillennialiste verklaar dat Openbaring 4 – 19 gaan oor Israel en die Groot Verdrukking. Maar die gedeelte, soos byvoorbeeld: 7:9, 17; 11:3, 6, 7; 14:6, 7 kan nie verklaar word sonder om die kerk in te bring nie. Die Premillennialiste bring egter die "derde groep" in, die wat agtergebly het en wat tot bekering gekom het. Hulle is Openbaring 7:9 se "groot menigte wat niemand kon tel, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande", en nie die kerk nie.

Dit is dus duidelik dat die Groot Verdrukking by die Premillennialiste eintlik gaan oor Israel en nie om die vervolging van gelowiges ter wille van Jesus nie. Jesus se lering oor die eindgebeure in Matthéüs 24 het vanaf vers 15, ná die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk (vers 14), betrekking op Israel in die sogenaamde sewe jaar (Du Plessis, 2006:321-323). Hierdie mening van Du Plessis beteken dus dat die Groot Verdrukking (24:29) net betrekking op Israel

het. Die res van die hoofstuk se inhoud, naamlik die gelykenis van "soos die dae van Noag" en van "die getroue en verstandige dienskneg" is moeilik versoenbaar met só 'n aanname. Om die tweede koms na die sewe jaar te identifiseer met vers 36: "die dag en die uur weet niemand nie" is ook problematies. Omdat Jesus vanaf vers 15 die Jode in die oog het, is sy voorspelling in Matthéüs 24:6-7 van oorloë, wat ons vroeër aangehaal het, dus nie van toepassing op die oorloë in die verwagte sewe jaar nie. Ons kan dan sê dat Jesus nie self na oorloë in die sogenaamde Groot Verdrukking verwys het nie.

Dit is duidelik dat die vervolging in die Groot Verdrukking van sewe jaar wat die Premillennialiste verkondig, gebou word rondom die leer van 'n nasionale herstel van Israel en 'n aardse wêreldregering van Jesus. Du Plessis (2006:319) sê ook: "Nadat die kerk weggeneem is hemel toe, sal Israel se prominensie in wêreldaangeleenthede herstel word".

4.2.3.7.3 Die Groot Verdrukking-skema en letterlike vertolking van die profetiese-apokaliptiese materiaal in die Bybel

Deur 'n letterlike uitleg van sekere materiaal in die Bybel word 'n onduidelike en verwarrende Groot Verdrukking voorgestel. Ons het vroeër genoem van die talle faktore wat 'n rol speel in die sewe jaar: die matelose ellende wat volg op die verlies van die gelowiges (die sout van die aarde) met die wegraping; die boosheid van die agtergeblewe mensdom wat dan vrye teuels sal hê; die magshonger en begeerlikheid van die nasies; die haat van Islam jeens die Jode wat strek vanaf die konflik tussen Ismael en Isak en wat nie sal rus nie totdat Israel uitgeroei is. Nog 'n massiewe rolspeler is die Russe met hulle haat vir God en Israel wat oorloë voer. Naas hierdie faktore word die Groot Verdrukking verklaar as die Europese Leier (sommiges meen hy staan al iewers gereed), die Antichris, wie Christus haat en ook die Jode vervolg, wie die vrou (Israel) wat die kind in die wêreld gebring het (Op. 12), agtervolg. Hy wil die wêreld oorheers en hy wil aanbid word. Nasies vorm koalisies en voer enorme oorloë teen Israel en ook nasies wat teen die Antichris draai. Aan die ander kant word die Groot Verdrukking ook voorgestel as 'n verskeidenheid van God se plan. Hy wil in sy almag Israel se vyande straf. Hy sal ook besig wees om Israel te straf vir hulle verwerping van die Messias en verder is dit ook God se oordeel van die nasies wat Hom verwerp het. Dit word ook gestel as 'n beplande periode wat die Here beskik het om die wêreld voor te berei vir sy voorgestelde aardse regering (daar sal net 'n klein groepie mense oorbly). Hierdie is nie God se finale oordeel nie. Laastens meen Premillennialiste

dat God bedoel om in die sewe jaar van die Groot Verdrukking sy grootheid en liefde aan Israel te bewys om hulle tot bekering te bring.

Die doolhof van motiewe en faktore wat volgens die Premillennialiste die loop van die gebeure in hulle verwagte sewe jaar van die Groot Verdrukking gaan bepaal, gee aanleiding tot die voorspelling van verbysterende oorloë. Dit skyn onmoontlik te wees om alles in die sewe jaar in te pas: verskillende oorloë, die na-oorlogse opruiming van die geweldige verwoesting, die heropbou van die leërs wat soms lyk of hulle totaal verwoes is en Israel gaan nog, een of ander tyd, in die sewe jaar vrede en voorspoed geniet.

Dit blyk of die letterlike vertolking van sekere geskrifte verval in 'n warboel van onsekerhede en selfs onmoontlikhede van motiewe, rolspelers en oorloë. Willekeurig word besluit wat letterlik en wat simbolies is, en so word gesê: gesonde verstand sê die wapens kan nie antiek wees nie, maar dat hulle sewe jaar lank nie brandhout in die bos hoef te gaan haal nie en die feit dat van die wapens gebruik sal word om vuur te maak, is letterlik bedoel (Eség… 38). Dat dit sewe maande sal neem om die dooies te begrawe en dat die voëls geroep sal word om die dooies te eet word letterlik ook verstaan (Eség… 39). Openbaring 14:20, wat vertel van bloed wat tot aan die tooms van die perde sestien honderde kilometer (Op. 14:20, 1983) sal vloei word ook letterlik opgeneem (Jeremiah 2008:201; Lindsey 1996:263; Du Plessis 2006:342).

Die Premillennialiste gebruik die skrifte vir hulle letterlike verklaring verskillend. Jeremiah (2008) sal byvoorbeeld Openbaring 19 as sy basis gebruik om die Here se finale ingryp met die Armageddon te beskryf. Hy wys dan op die Here wat op die wit perd sit en uit die hemel kom. Sy oë is soos 'n vuurvlam en op sy hoof baie krone. Daar is verskillende name aan Hom verbind en Hy is bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop is. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, gekleed met wit en rein fyn linne. Jeremiah noem dat die leërs van die Here nie net uit die heiliges (die wat weggeraap is voor die verdrukking en die wat in die Here gesterf het) sal bestaan nie, maar al die magtige engele sal ook neerdaal (Matt. 25:31; 2 Tess. 1:7). Hy voeg by dat daar volgens die Bybel ongelooflike getalle engele is. Jeremiah skilder 'n letterlike prentjie as hy sê: "Dit is opwindend om te dink aan menslike heiliges wat sy aan sy met God se engele veg" (Jeremiah, 2008:215).

Lindsey (1996) en Kleynhans (2000) bou die finale aanslag van God op die beelde in Sagaria 14. Sy koms gaan met ’n groot katastrofe gepaard. Die Here sal uittrek en met sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant. Die Olyfberg sal middeldeur geskeur word van oos na wes tot ’n groot dal en die helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En die mense van Jerusalem sal vlug in die dal van die Here se berge. Du Plessis (2006:341) kombineer Openbaring 19 en Sagaria 14 en sê ondermeer:

> Op daardie dag sal Jesus met sy voete op die Olyfberg wat oos van Jerusalem lê, gaan staan. Die Here sal sy oorlogskreet soos die gebrul van ’n leeu uit Jerusalem aanhef (Joël 3:16). Uit sy mond sal daar ’n skerp swaard gaan om die nasies daarmee te slaan (Op. 19:15). Die ander vyande sal gedood word met die swaard van Hom wat op die perd sit. Al die voëls sal van hulle vlees versadig word (19:21; Matt. 24:28).

4.2.3.8 Die kerk en die Groot Verdrukking?

Die Premillennialiste leer van ’n groot verdrukking van sewe jaar ná die sogenaamde wegraping en ons het gelet op die aard daarvan. Dit is nodig om te probeer om die saak van die verdrukking in perspektief te stel.

Die vraag is: waaroor gaan dit in die Groot Verdrukking? Dui die “Groot Verdrukking” slegs op ’n algemene vervolging van God se mense, die kerk, in die bose wêreld? Of dui die gedagte van ’n groot verdrukking daarop dat vervolging met die naderende wederkoms sal toeneem? Of gaan dit nog verder gepaard met ’n besondere gebeurtenis, ’n smartvoller moment van verdrukking in die laaste dae van die einde? Die skema van die Premillennialisme wat ’n aardse ryk van Jesus, waar hulle teorie van die Groot Verdrukking ook inpas tussen ’n wegraping en die duisend jaar, is nie skrifgebonde nie. Enkele opmerkings sal nog daaroor gemaak word.

Jesus het sy dissipels voorberei op die verdrukking met uiterste implikasies en dit, ter wille van Hom: “In die wêreld sal julle verdrukking hê” (Joh. 16:33); “As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg” (Joh. 15:20); “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle *doodmaak*” (Matt. 24:9); “En wanneer hulle julle vervolg in een stad, vlug na die ander toe.- – En moenie vrees vir die wat die *liggaam doodmaak,* maar die siel nie kan verderwe nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel” (Matt. 10:23, 28).

Möller (1998) wys op die vorm wat vervolging kan aanneem: in howe verskyn, gemartel en gedood word en om selfs deur familie aan die dood oorgelewer te word (Matt. 24:9; Mark. 13:9, 12; Hand. 13:45). Lyding is 'n teken dat die gelowige die Koninkryk werd is (2 Tess. 1:5; Hand. 14:22) en dat hulle deel van Christus is (Joh. 15:20). Hulle moenie vrees nie, maar getrou bly tot die dood toe, want die Here sal hulle die kroon van die lewe gee (Op. 2:10). Ons kan die erns van verdrukking verstaan deur Jesus wat vir sy dissipels sê dat hulle in die wêreld verdrukking sal hê, "maar *hou goeie moed*. Ek het die *wêreld oorwin*" (Joh. 16:33).

Eerstens kan ons sê: Om 'n volgeling van Jesus en sy Kerk te wees, gaan gepaard met hewige vervolging. Möller (1998:36) wys tereg daarop dat, in die Ou en Nuwe Testament, vervolging nog altyd die lot van gelowiges in die sondige wêreld was. Die kerkgeskiedenis bevat getuienisse dat Christene groot lyding en verdrukking ervaar het.

Du Plessis (2006:319-320) stel dat die groot verdrukking nie met die kerk verbind moet word nie, maar wel met 'n sogenaamde sewe jaar. Hy lewer , onder meer, kommentaar oor Handelinge 14:22: "Ons moet deur *baie verdrukking* in die Koninkryk van God ingaan". Du Plessis se argument is stellig tweeledig: eerstens, die lyding wat die *kerk* in die wêreld ervaar, is as gevolg van die *Satan* se aanvalle, maar die groot verdrukking sal gekenmerk word deur die *Antichris* se aanvalle teen die *Joodse volk*, sowel as teen al die nasies van die wêreld (Matt. 24:16; Op. 13:7). Deur die Satan en die Antichris *onderskeidelik* aan te dui, word stellig gepoog om twee verskillende sake of verskillende vervolgings uit te lig. Só 'n onderskeid is moeilik, want daar is een bose en die gees van die Antichris werk al lankal reeds (1 Joh. 2:18). Du Plessis se onderskeid tussen die gelowiges en Jode is ongeldig. Volgens die leer van die Nuwe Testament is dit onmoontlik om só 'n onderskeid in Christus te handhaaf. Dit is juis in Christus Jesus dat 'n "nuwe mens", die "ware Israel" na vore kom en dié *nuwe skepping* sluit almal in (Gal. 5:14-16, 2 Kor. 5:17; Rom. 1:17). Die nuwe mens word vernuwe tot die beeld van sy Skepper en hier is nie meer Griek of Jood, of watter stand ookal nie, maar Christus is alles in almal (Kol. 3:10-11).

Tweedens wat die lyding van die kerk aanbetref, meld Du Plessis dat die kerk verdruk word, maar ons verdrukking is 'n *ligte* verdrukking (2 Kor. 4:17). Dit is nie eerlik teenoor hierdie vers se konteks en in 'n breër konteks om hier 'n verskil van die graad van verdrukking te lees nie nie. Paulus het in die vers die lyding van gelowiges in hierdie lewe ("vir 'n oomblik") beoordeel binne die konteks van die ewige toekoms – "'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid"

(vers 17). Hy het dit opgeweeg in die vergelyking van die verganklike teenoor die onverganklike, 'n aardse tentwoning teenoor 'n huis nie met hande gemaak nie, maar in die hemel (2:4:18; 2:5:1). Vroeër in die hoofstuk het Paulus uitgebrei oor die verdrukking en vervolging en in vers 8 identifiseer hy die gelowige se lyding met Christus se lyding: "Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om" (10). In Kolossense 1:24 word ons lyding in verband gebring met Christus se lyding: "Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam wat die gemeente is". Petrus het gesê dat ons teëstander, die duiwel, rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (1:5:8-9). Om die verdrukking van die gelowige ter wille van sy verbintenis met Jesus as 'n ligte verdrukking voor te stel, is baie ver van die werklikheid.

Möller (1998:38-39) bespreek gedeeltes soos: Matthéüs 24:22; Lukas 21:36; Openbaring 3:10; 7:9-14; 1 Tessalonisense 5:9 en Titus 2:13 waarop Chiliaste 'n voor-verdrukking-wegraping bou en vind geen grond vir só 'n leer nie (Möller, 1998:39):

> We may aptly ask: Why do people make such statement concerning the great tribulation? There are no exetigal grounds on which to base them, and besides, they also clash with what is directly and clearly stated. The explanation for this view is that these interpreters reason from particular paradigm or frame of reference. This paradigm is based on a literal interpretation of prophetic-apocalyptic pronouncements in the Old Testament.

Die Chiliaste vertrek nie vanaf die raamwerk van duidelike uitsprake van die Nuwe Testament nie en ook nie in terme van die figuurlike voorstellings van die profetiese apokalip nie. Hulle hou nog vas, soos die Jode, aan die oprigting van 'n letterlike ryk van Israel (Möller, 1998).

Ons het reeds gewys op 'n groot vervolging en verdrukking wat die lot van gelowiges is en wat ons in 'n sin kan identifiseer met Jesus se lyding. Jesus het met sy kruis op pad na Golgota vir vroue gesê: "moenie oor My ween nie, maar ween oor julle self en oor julle kinders…. Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!" (Luk. 23:28, 31).

Maar die vraag is nog: Gaan die wrede vervolging toeneem met die naderende wederkoms? Is daar ook 'n dramatiese gebeurtenis wat aan die einde 'n groot invloed op die verdrukking sal hê? Het Jesus sulke aanduidings gegee?

4.2.3.8.1 ’n Groot verdrukking as ’n teken van die einde

Jesus het vir sy dissipels, nadat hulle Hom die tempel gewys het, van die verwoesting daarvan (“nie een klip sal op die ander gelaat word nie”) meegedeel (Matt. 24:2). Daarna het sy dissipels Hom gevra: “Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van die voleinding van die wêreld?” (24:3). Daar kan aangeneem word dat Jesus se antwoord handel oor die verwoesting van daardie tempel asook die voleinding van die wêreld. In vers 21-22 sê Jesus: “Want *dan* sal daar *groot verdrukking* wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word”. Markus 13:19 verwys ook na wat Jesus gesê het: “Want daardie dae sal daar *’n verdrukking* wees soos daar nie gewees het van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie”.

Dit wil dus wel voorkom asof Jesus wys op 'n uiters hewige verdrukking voor die voleinding van die wêreld. Die terme “groot verdrukking” kom verder net in Openbaring 7:9-14 voor:

> Hierna het ek ’n groot menigte gesien wat niemand kan tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande…. Een van die ouderlinge vra toe vir my: Hierdie mense met die wit klere aan, wie is hulle en waar kom hulle vandaan?… Hy sê toe vir my: ‘Dit is hulle wat uit die *groot verdrukking* kom, en hulle het hul klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam’.

Möller (2013:19) maak die volgende opmerking oor die verdrukte mense: “Hierdie mense is duidelik geredde mense en daarom deel van die kerk. Daar is geen aanduiding dat hulle eers later deel van die kerk geword het nadat die res *in die hemel opgeneem* is nie”. Du Rand (2007:310) meen dat groot verdrukking hier nie as ’n tegniese terme in Openbaring gebruik word nie, maar waarskynlik net in die algemeen na vervolging verwys. Ons moet onthou dat verdrukking ’n werklikheid in Johannes se tyd was: “julle broeder en deelgenote in die verdrukking” (1:9); “Ek ken jou verdrukking en armoede – Vrees vir niks wat jy sal ly nie – en julle sal tien dae verdrukking hê” (2:9-10).

Alhoewel Möller (1998) op die huidige vervolging van die gelowiges ter wille van Jesus Christus wys, meen hy dat Jesus se verwysing in Matthéüs 24 na ’n groot verdrukking moet geld as ’n

finale teken aan die einde van die dispensasie (Matt. 24:21). Möller wys ook op 'n korrelasie tussen die openbaring van die Antichris (wat eers later plaasvind) en 'n groot verdrukking (Möller, 1998:29):

> 1 John 4:3 speaks of the antichrist who has been at work from the beginning of these days. This can be seen as the spirit who acts against the Holy Spirit and endeavours to turn people from God. The greatest spiritual degenaration will come with the revelation of the antichrist himself (2 Thess. 2:3-4).

Jesus verbind die groot verdrukking aan gebeure van 'n bose eindkarakter:

> Wanneer julle dan die *gruwel van die verwoesting*, waarvan gespreek is deur die profeet Daniel, sien staan in die heiligdom… dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word (Matt. 24:15, 21-22).

Daniël 9:17; 11:31; 12:11 praat van leërs wat op die been gebring sal word en wat die heiligdom sal verwoes, ontheilig: offers afskaf en die ontsettende gruwel oprig. Dit sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae duur. Möller (1998:29) skryf ten opsigte van Daniël se voorspelling:

> These events are usually associated with the desecration of the temple by the Syrian king, Antiochus Epiphanes, in the year 167 BC. He abolished the regular sacrifices to the Lord and erected a pagan altar there. He crusified a pig and other impure animals. Moreover, he erected an image of the heathen god, Zeus Olympus, in the temple.

Möller verwys na Ridderbos wie 'n soortgelyk siening van die "gruwel van verwoesting" gehad het (Matt. 24:15; Dan. 9, 11, 12):

> This 'adomination of desolation' is a judgement on the Jewish nation and the holy place, and is manifest in the encirclement of Jerusalem by hostile armies (Luke 21). At the same time, it represent the culmination of the evil principle of the world which is inmical to God, as also appears from the tribulation which accompanies it and the world-wide distress which result from it (Ridderbos, 1962:516-517).

Dit blyk dat Möller (1998) meen dat Jesus in Matthéüs 24 'n lyn trek vanaf die gebeure van 167 vC, wat 'n vervulling van die profesie van Daniël kan wees en die gebeure as 'n herhaling van die vervulling beskou. Dit het inderdaad in 70 nC, toe die Romeine Jerusalem verwoes het, plaasgevind. Tydens dié gebeure het hulle ook die tempel vernietig, aan afgode geoffer en 'n beeld van die Romeinse keiser vir aanbidding opgerig. Möller (1998:30) reken egter verder:

“However, the Lord meant even more than that. Not only did he refer to the way the antichrist will persecute the true believers at the end of this dispensation, but also he is going to exalt himself as God”. Dit is die voorstelling van “die seun van die verderf” wat ons vind in 2 Tessalonisense 2:4: “die teëstander wat hom verhef oor al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee hy is god”.

Gevolglik kan ons sê dat Möller (1998), naas die vervolging wat gelowiges nou ly, meen dat Jesus ten opsigte van die tekens van die tye verwys na ’n hewige verdrukking aan die einde van die dispensasie:

> We have pointed out that the great tribulation is one of the final signs which will be followed by the return of Christ. The fact that this last tribulation will be much worse than any before makes it striking and therefore a sign. This tribulation will be so severe that God will have to shorten the days otherwise no one will survive it (Matt. 24:22). This great tribulation should be linked to the release of Satan and the antichrist. It is only when the evil one is no longer restrained that he is enabled to incite wicked people and nations to destroy the church of the Lord on earth. The return of Christ also implies an intervention to put an end to this situation and destroy all evil forces and ungodly people.

Ten opsigte van die agtergrond van “the release of Satan and the antichrist” waarna Möller verwys, moet ons aan Matthéüs 24:15; 2 Tessalonisense 2:3-10 en Openbaring 20:3 dink. Wat hierdie tekste betref sê Möller (1998, 36): “Saying that the antichrist is bound or the devil is bound amounts to the same thing, namely that the power of evil is bound”.

Du Rand (2013:230) se verklaring stem baie ooreen met dié van Möller. Wanneer Du Rand sê dat die Groot Verdrukking “’n onverbiddelike maar definitiewe fase in God se eskatologiese program is” (Matt. 24:15-20) bedoel hy nie ’n futuristiese sewe jaar verdrukking wat die Dispensasionaliste voorsien nie. Lukas gee in 21:20: “En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” ’n aanduiding wanneer die groot verdrukking sal plaasvind en Du Rand reken: “Dit verwys sekerlik na die oorlog tussen Rome en Israel” (66-70 nC). Verder meen Du Rand dat Daniël se woorde in 11:31 en 12:11 reeds kon verwys het na ’n vervulling toe die Siriese koning, gedurende die Makkabese opstande, ’n altaar ter ere van Zeus in die tempel opgerig het in 163 vC. Op die altaar is toe ’n vark geoffer en Du Rand sê dat dit die toppunt van die ontheiliging van *die heilige* vir ’n Joodse gemoed was.

Du Rand (2013) meen na aanleiding van Matthéüs 24:15 en 2 Tessalonisense 2:3-4 se aansluiting met Daniël 11:31; 12:11 kan ons aanneem dat Daniël se profesie nog ’n keer vervul sal word. Dit is nog nie “uit vervul” nie. Du Rand (2013:231) maak die opmerking:

> Die gebeure van 163 v.C. en 70 n.C. is dan eskatologiese kleedrepetisie vir wat voorlê as die optrede van die Antichris in die eindgebeure ook verreken moet word. Die gruwel van verwoesting kan teologies ook verbind word aan die wettelose mens (Antichris), as ’n definitiewe teken voor die wederkoms (vgl. 2 Tess. 2:3-10).

In die konteks van die verskyning van die wettelose mens as ’n teken van die wederkoms, verwys Du Rand na Matthéüs 24:23-28 en sê dat daar sal vals Messiaanse en vals profete met hewige pretensies wees net voordat die Seun van die mens weer kom (24:27). Hoe nader aan die wederkoms, hoe intenser die spanning wat oplaai. Die Antichris mobiliseer alle bose magte om die gelowige te ontspoor (Du Rand, 1995:150). Du Rand meen dat só ’n perspektief van die Groot Verdrukking die verdrukking nie beperk tot 70 nC of suiwer futuristies is nie. Du Rand (2013:23) maak dan die opsomming:

> Die groot verdrukking sou vir Israel die tydperk voor 70 n.C. wees, en vir die gelowiges die geleidelike en voortdurende krisis van volharding in die geloof deur vervolging heen, op pad na die wederkoms. Die eksegetiese besluit moet nie in dieselfde lig gesien word as ’n Dispensasionele menslike denkskema van ’n futuristiese verdrukking nie.

Dit blyk dat die gevolgtrekking wat ons by Du Rand (2013) en by Möller (1998) vind, is dat ons die idee van ’n groot verdrukking nie los moet sien van die vervolging van die gelowige in vandag se donker wêreld nie (Joh. 16:32). Verder, meen hulle dat Jesus, deur die aanduiding van die tekens, op verdere dramatiese gebeure in die verdrukking voor die wederkoms wys. Dit gaan ’n hewige, ’n groot verdrukking wees. Dit word veral verbind met die verskyning van die “gruwel van verwoesting” (Matt. 24:15), die “mens van die sonde, die seun van die verderf” (2 Tess. 2:3-10), die koms van “die Antichris” (1 Joh. 2:18). Tog, aan die ander kant, weet ons “dat daar al baie antichriste is” (1 Joh. 2:18), dat “die gees van die Antichris nou al in die wêreld is” (1 Joh. 4:3), en die “verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk” (2 Tess. 2:7). Ten spyte van die feit dat Du Rand hierbo meen dat hoe nader aan die wederkoms, hewiger die vervolging sal wees, sê hy ook dat die fokus in Openbaring nie lê in die opeenvolging van gebeure op ’n histories lyn nie. Openbaring stel nie belang in die verloop van die geskiedenis as sodanig nie,

maar eerder "in die rol van die eskatologiese, die *eschaton* in die geskiedenis" (1991:593). Dit beteken dat die leser hoef nie die tyd af te wag dat die Antichris moet verskyn nie.

4.2.3.9 Wat of wie is die teëhouer van die verskyning van die Antichris?

Aangesien Jesus 'n korrelasie tussen die gruwel van verwoesting en 'n groot verdrukking aandui, is dit belangrik om verder daarna te kyk.

Paulus spreek in 2 Tessalonisense 2 'n probleem in die gemeente "asof die dag van Christus al daar is" (vers 2) aan en sê: "eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf" (3). Die wettelose mens is al aan die werk, maar daar is iets "wat hom nog teëhou, sodat hy eers as dit sy tyd is, sy verskyning sal maak – en dan sal die wettelose *self* op die toneel verskyn" (2 Tess. 2:6-7).

Paulus sê nie wie of wat die teëhouer is nie. Wat ons dalk wel kan sê, is dat die verskyning van die wettelose mens en 'n hoogtepunt van 'n *verval in sonde en wetteloosheid* saamval. In 2 Timotheüs 3:13 word die gedagte van 'n morele verval ondersteun: "Maar die goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot *erger*, hulle wat verlei en verlei word" en Openbaring 22:11 lees ons: "Wie onreg doen, laat hom nog *meer onreg* doen; en wie vuil is, laat hom nog *vuiler* word".

Du Plessis (2006:318-319) meen "dat 'n logiese verduideliking van die teëhouer juis die kerk met sy opdrag vir wêreldevangelisasie is." Die verklaring klink logies in die Dispensasionalistiese skema: "Die oomblik wanneer wêreldevangelisasie getermineer word, die oomblik wanneer die kerk weggeraap word hemel toe, die oomblik wanneer die sout van die aarde weggeneem word en verval intree, op daardie oomblik kan die mens van sonde die wêreld betree".

In 2 Tessalonisense 2:6 lees ons in die 1953 vertaling: "En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd *geopenbaar* kan word" en die 1983 vertaling staan: "sodat as dit sy tyd is, sy *verskyning* sal maak". Robertson Nicoll (1970, 4:49) praat in sy kommentaar van: "restrains him from being *manifested* (*coming full into play and sight)* before his appointed season". Die bose is dus aan die werk, maar daar kom meer. In vers 7-8 het ons: "Want die *verborgenheid* van die ongeregtigheid is *al aan die werk*, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtigheid *openbaar* word," (1953 vertaling). Die 1983-vertaling stel dit meer by

implikasie: “Die *geheime krag* van die *wetteloosheid* is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees, en dan sal die *wettelose self op die toneel verskyn”.* Nicol sê dat die wettelose nou in die geheim opereer, dit kan nie nou geopenbaar word nie: “Its real character and full scope are not yet disclosed”.

Vers 9 vertel dat die koms van die wettelose mens, sy verskyning, die *werking van Satan is.* In Openbaring 13, waar ons hoor van die dier wat uit die see kom, word die feit van die *werking van Satan* ondersteun: “Die *draak* het sy *mag,* sy *troon* en *groot gesag aan hom gegee*” (13:2). Paulus verduidelik, naas die feit dat dit ’n werking van Satan is, nog op twee sake: die *manifestasies* en die *gevolg.* Nicol (1970:49} praat van: “*method* and the *results (10)* of this *evil advent*”) van die wettelose (die Antichris, wat sy mag van die Satan kry). 2 Tessalonisense 2:9-12 sê:

> (Dit) sal… gepaard gaan met ’n groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.

Die eerste gevolgtrekking wat waarskynlik uit die gedeelte gemaak kan word, is dat ons in die verskyning van die wettelose mens, die Antichris, ook die hand van God moet sien. Die stelling: “op *sy tyd/as dit sy tyd is*” (Robertson Nicoll {1970, 4:49}: “*his appointed season”)* dui op ’n *bewustelike* of *bepaalde periode* en verder, die *werkswyse* van die bose en die *gevolg* in die periode is ook *bekend*. Die gedagte van ’n *wetende* en skynbaar *bepaalde* toekomsgebeure word ondersteun deur Openbaring 11:7, 9: “*Dan* sal die dier wat uit die afgrond op kom, teen hulle (die tweegetuies – “In die eindtyd vervul die twee getuies, simbolies die kerk, hulle getuienistaak” {Du Rand, 2007:382}) oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak… En die mense uit al die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke *drie en ’n halwe dag lank* sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie”. In Openbaring 13:5 lees ons ook: ”En ’n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godlastering uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit *twee-en-veertig maande* lank te doen”; 13:7: “Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie”; en in 20:3-8 staan: “daarna moet hy dan ’n kort tydjie ontbind word… uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei…” Die afleiding wat ons kan maak, is dat dit moeilik is om die verskyning (“coming fully into play and sight” {Robertson Nicoll, 1970:49}) van die

wettelose, die Antichris, as ’n *wetende en voorsiende* gebeurtenis los te maak van die mag en heerskappy van God. Paulus voeg met hierdie verwysings na die Antichris ook God se finale beslissing oor die bose by: “Maar wanneer Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig” (2 Tess. 2:8). Alles val binne in God se beslissende mag met die mensegeskiedenis; God is met die wêreld op pad na sy eie bestemming.

Tweedens, wat ons stellig in die finale gebeure sien, word verder in 2 Tessalonisense 2:10-12 (1983) toegelig en kan stellig wat hierbo gesê word, verduidelik. Die Antichris se werke gaan ook gepaard met:

> ’n gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, *omdat* hulle nie *die waarheid liefgehad het en tot hulle redding aanvaar het nie.* Dit is ook waarom *God* hulle aan die *mag van dwaling oorgee*, sodat hulle die leuen sal glo *(“For this reason God sends them a powerful delusion so that they believe the lie”{NIV})*. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.

Dit skyn of Paulus hier wys op ’n program van die Here met die mense wat Hom verwerp. Waarskynlik sien ons reeds die werkswyse by Jesus toe Hy aan sy dissipels verduidelik het waarom Hy met die ongelowige skare deur gelykenisse spreek. Hy het ’n lyn vanaf Jesaja (6) deurgetrek: “*Daarom* spreek Ek tot hulle deur *gelykenisse*, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie… Want die hart van hierdie volk het stomp geword,…” (Matt. 13:13, 15); “omdat Jesaja ook gesê het: Hy het hulle *oë verblind* en hulle *hart verhard*, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie” (Joh. 12:40). Paulus het in Romeine 1 geskryf oor die toorn van God oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, en verklaar: “Daarom het God hulle ook in die *begeerlikheid van hulle harte oorgegee*… hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid” (1:24-25). In Psalm 81:2-3 hoor ons van Israel wat nie gewillig was vir die Here nie, en die Here het gesê: “Toe het Ek hulle *oorgegee* aan die verharding van hul hart, dat hulle in eie planne kan wandel”. Nicol (1970:49-50) skryf oor 2 Tessalonisense 2:9-10:

> The apostle holds that the refusal to open one’s mind and heart to the gospel leaves life a prey to moral delusion; judical infantuation is the penalty of disobedience to the truth of God in Christ…. an echo of the primitive Semitic view that God may deliberately lead men astray, or premit them to be fatally infuated, as a penal discipline.

2 Tessalonisense 2:8 sê: “Dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak”. Die verhaal van God se oordeel met die vloed in Noag se tyd sluit dan aan: “Toe die Here sien dat die boosheid van die aarde groot was en al die versinsel wat hy in sy hart bedink, altyd net sleg was” (Génesis 6:5). God se oordeel het ook op Sodom gekom, want God het gesê: “Die geroep oor Sodom en Gomora is waarlik groot, en hulle sonde is waarlik swaar. Ek wil neerdaal en sien of hulle werklik gehandel het soos hulle geroep oor hulle is wat by My gekom het” (Gen. 18:20-21).

Du Rand (2013:236) noem oor die teëhouer: “Dit is waarskynlik God wat bedoel word as die teëhouer van die wettelose mens (2 Tess. 2:6). En God gebruik die verkondiging van die Evangelie in ’n ordelike staatsbestel om sy doel te bereik”.

Möller (1998:36) wys op ’n parallel tussen 2 Tessalonisense 2 en Openbaring 20 en sê:

> The parallel drawn between 2 Thessalonians 2:3-12 and Revelation 20:1-3, 7-10, is apparent. The first passage of scipture mentions the antichris who is first bound, to be released at a later stage. The devil operates through him, doing powerful miracles of deception to lead mankind into unrighteousness. Ultimately, he will be destroyed at the return of Christ by the breath of the Lord.

Openbaring 20 verbind Möller (1998) met Openbaring 12 en 13 en meld dat ons hier te doen het met die Satan, wat as die draak, deur die Antichris en vals profeet oorlog voer teen die Kerk van Jesus. Hy word vir ’n tyd gebind en daarna vir ’n tyd weer losgelaat waarna hy die goddelose mensdom gaan verlei om teen God te draai. Dit kom daarop neer dat die Antichris en die Satan nie apart gesien moet word nie. Dit is een funksie – die werk van die bose wat teëgehou word of ontbind word.

Möller (2013:20-21) skryf dat dit sekerlik moontlik is dat 2 Tessalonisense 2:7 op ander wyses vertolk kan word:

> ...maar wie/dit wat die wettelose een teëhou kan nie die Heilige Gees wees nie, want God kan nie weggeneem word nie. Dit kan ook nie die gelowiges dui nie, want dit is juis die gelowiges wat tydens die groot verdrukking vervolg sal word. Buitendien daar is geen sin in die voortbestaan van die wêreld as die gelowiges nie meer daar is nie. Die wêreld bestaan net omdat die kerk van die Here nog daarin is, maar as die kerk die Here in die lug tegemoet sal gaan met sy wederkoms (I Tess. 4:17) sal die wêreld vernietig word om plek te maak vir ’n nuwe hemel en aarde (Rom. 8:18-23). Die kerkgeskiedenis bepaal hoe lank die wêreld se geskiedenis sal aanhou, nie andersom nie.

Möller (2013:20) meen: “Dit wat die wettelose teëhou, wys waarskynlik op die Evangelie self. Openbaring 12:11 wys op die krag van die Evangelie wat vrylik verkondig word, en sê: ‘En hulle het hom (die draak en die slang – vers 9) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe nie hulle lewe liefgehad nie’”. Möller verwys ook na die simboliese twee getuies in Openbaring 11, en sê dat dit die waarheid dat die Evangelie die wettelose teëhou, voorhou. In vers 7 is die opmerklik: “Wanneer hulle hul getuienis *klaar* gelewer het, sal die dier wat uit die aardse dieptes uitkom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin, en hulle doodmaak”. Dit wil voorkom of die toneel verander: In die eerste deel van die hoofstuk word op die krag van die twee getuies gewys, maar later word hulle oorwin en doodgemaak. Die gedagte van dood vind ons, soos ons gesien het, egter in 12: 11 ook: “en hulle het tot die dood toe nie hulle lewe liefgehad nie”. Hierdie bereidheid om te sterf vir die Evangelie is skynbaar deel van hulle oorwinning oor die bose. Hulle lewe gaan oor in triomf van God (12:11-12).

Samevatting en enkele opmerkings oor die Groot Verdrukking

Gelowiges is in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament vervolg ter wille van hulle geloof. Die vyandskap is reeds opgeteken in Génesis 3:15. Ons het gesien dat die Nuwe Testament ’n lyn trek tussen Jesus se lyding en dié van sy volgelinge.

Die beeld wat ons uit die Bybel kry oor die vervolging is donker en dat dit waarskynlik aan die einde van die einde kan toeneem. Ons het gesien dat Du Rand (2013) praat van ’n *geleidelike toenemende verdrukking en dat die optrede van die Antichris in die eindgebeure ook verreken moet word*. Möller (1998) meen die feit dat na die verdrukking as hewig en na die Antichris verwys word, maak dat dit opvallend en ’n teken is van die einde van die dispensasie. Jesus het gesê dat in daardie dae sal daar ’n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af nie. En as die Here dit nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, die dae verkort is (Mark. 13:19-20).

Ons word soos volg ingelig: Die “mens van die sonde, die seun van die verderf…die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word,” maak sy verskyning (2 Tess. 2:3-10); “die Antichris waarvan julle gehoor het,” kom; (1 Joh. 4:3) en “dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën” (1 Joh. 2:22). Du Rand (2013:236) skryf:

> Gedurende die laaste uur sê 1 Johannes 2:18 sal die Antichris(-te) verskyn. Hulle is vals leraars en verleiers van die mens. En hulle adem die mentaliteit en aftakelende invloed van die bose. Ons het dus nie hier te make met die tegniese eindtydse Antichris nie, maar met bose dwarstrekkers wat Christus ondermyn en nie sy menswording om te sterf vir sonde wou aanvaar nie (vgl. 1 Joh.2:22; 2 Joh. 7). Hulle optrede stem in elk geval ooreen met dié van die verwagte eindtydse Antichris.

Johannes het in Openbaring 'n narratief oor die bose; die oorlog tussen die lig en die duisternis:

> die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het… En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die draak was vertoornd op die vrou, en het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou (12:12-17).

In Openbaring 13 kleur Johannes die simboliese storie van die draak wat deur die *dier* werk in. Johannes sluit waarskynlik hiermee aan by die verwagting van die Antichris, waarvan hy in 'n brief geskryf het, wat gaan kom, maar tog reeds bestaan (1 Joh. 2:18: "daar bestaan ook nou baie antichriste"; 1:4:3: "en hy is nou al in die wêreld aan die werk"), en sê:

> En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering… en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net asof dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier die mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer (13:1-4).

Die Chiliaste se skema wat 'n futuristiese sewe jaar van verdrukking voorsien, net voor die tussentydse heilstaat, die Millennium Vrederyk, is nie skriftuurlik nie. Met hulle letterlike vertolking van die profeties-apokaliptiese simboliek skets hulle verwarrende wêreldgebeure, oorloë en massa-uitdelging van mense. Hulle teken 'n toneel van 'n goddelose wêreld; 'n toneel wat die aarde van sy begin af nog nooit geken het nie; tonele van boosheid, misleiding, hebsug, bedrog, sameswerings, geweld en verwoesting wat geen enkele mens sal kan ontvlug nie. Elke uithoek van die aarde sal in die greep van die boosheid en vernietiging van die oorloë vasgevang wees. Die verdrukking is só groot dat die Premillennialiste meen dat dit ondenkbaar is dat God ooit sy kerk aan so 'n afgryse sal bloot stel. In die toneel wat hulle voorstel is dit ook moeilik om die vervolging van gelowiges, terwille van Jesus, voor te stel.

Die Premillennialiste se model van 'n duisend jaar van aardse regering van Jesus is onmoontlik: Dit pas nie by God en kan in geen sin Jesus verheerlik nie. Net so is die afgebakende periode van sewe jaar (Groot Verdrukking) waarin die wêreld onder die Antichris, of wie ookal, se heerskappy staan, met al die gebeure wat plaasvind, hetsy van die nasies of van God se kant, ook totaal vreemd: dit kan nie Godswêreld wees of met Jesus Christus vereenselwig word nie.

Die verdrukking is 'n geveg tussen lig en duisternis (Joh. 1:5; 3:19; Ef. 6:12; Kol. 1:13). Wat die hewige verdrukking alles behels, of sal behels, weet of besef ons waarskynlik nie, en miskien het die kerk nog nooit die verantwoordelikheid van die versorging van sy lidmate in 'n Antichriswêreld goed verdiskonteer nie. As die verdrukking aan die einde sal toeneem: "die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om *oorlog* teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis vashou wat Jesus gelewer het" (Op. 12:17, 1953); as daar op een of ander wyse, met die toeneem van die ongeregtigheid, 'n openbaring/verskyning gaan wees van "die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Tess. 2:3-4); as die "die gees van die dwaling" (1 Joh. 4:6) en "verleidende geeste en leringe van duiwels" (1 Tim. 4:1) gaan toeneem: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier die mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (Op. 13:4), *hoe nodig en belangrik behoort versorging van God se mense nie te wees nie?* Die Bybel sê: "Die duiwel sondig van die begin af" (1 Joh. 3:8); die slang was van die begin af listig en 'n bedrieër. Eva het in die tuin vir God gesê: "Die slang het my bedrieg" (Génesis 3:1, 8); Paulus skryf aan die gemeente van God wat in Korinthe is: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle *sinne so bedorwe* kan raak, *vervreemd* van die *opregtheid* teenoor Christus" (2 Kor. 11:3). Die 1983 vertaling lees: "Maar ek is bang dat julle *gedagtes* weggelei sal word van die *onverdeelde* en *suiwere toewyding* aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang".

God verseker van die begin af sy mens van sy beskerming en sorg. Hy het na Abraham gekom en hom versekering gegee vir sy tog met Hom en gesê: "Vrees nie, Abraham, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot" (15:1). Die NIV lees: "Do not be afraid, Abram. I am your shield, your very great reward". Só het God sy mense die hele pad verseker dat Hy na hulle in die wêreld omsien en dat Hy hulle beskerm teen die geweld van die bose; Hy is in beheer en hulle sal oorwin

(Eks. 3:12; Jos. 1:5-6; 1 Sam. 16:13; Luk. 10:19; Matt. 29:20; Joh. 16:33; 15:20; 17:14, 15; Op. 4; 7:4; 11:11; 12:16; 14:1-5; 17:14; 19, 21; 22).

Die Premillennialiste se leer oor die verdrukking kan in hulle pad staan om die gelowiges toe te rus teen die aanslae van die bose. Die skrifte wat hulle voorhou vir ontvlugting van die verdrukking het nie betrekking nie (Tess. 1:10; 5:9; Rom. 5:9), en dit is jammer dat hulle leer onder meer 'n ontvlugting van verdrukking behels. Du Rand (2007:320-321) verwys na 'n argumentslyn wat dikwels deur die wegraping-teorie gevolg word: God het nog altyd in die verlede sy eiendom uit die nood gered, en dat Hy dit ook in die toekoms met sy kerk sal doen (Noag en sy familie {Gen. 7}; Lot en sy dogters {Gen. 19}; en die Israeliete bewaar van die plae {Eks. 7-12}). Du Rand noem dan: "Die grootste kritiek teen die wegraping hang met hierdie opvatting saam. Die grootste uitredding wat God nog vir sy eiendom bewerk het, was deur die die dood en opstanding van sy Seun, Jesus Christus".

4.2.4 Die tekens van die tye

Van die tekens van die tye, soos reeds bespreek, sluit aan by die verdrukking en die tweede koms.

In hoofstuk 1 is gewys op die verskil van benadering by Premillennialiste ten opsigte van die tekens van die tye. Horton (1995) meen dat Jesus ons waarsku teen te veel aandag aan die tekens, want dit is eenvoudige kenmerke van die tyd waarin ons leef tussen Jesus se eerste en tweede koms. Du Plessis (2006) wys dat daar agt negatiewe tekens (aardbewings, hongersnood, ensovoorts) is en sy mening is dat dié tekens dui dat die *Messiaanse Vrederyk nog nie aangebreek het nie.* Volgens hom is daar geen bewyse dat die tekens in omvang toeneem namate die wederkoms nader snel nie. Verder noem Du Plessis drie positiewe tekens wat daarop dui dat Jesus se koms naby is, en dit is wêreldevangelisasie (Matt. 24:14), die bevryding van Israel (Luk. 24:14) en die gruwel van verwoesting (Matt. 24:15-28). Die tekens impliseer die kerk, die Jode (die herstel van Israel) en die Antichris. Twee van die drie tekens is besig om voor ons oë in vervulling te gaan, maar die derde nog nie. Hulle word positiewe tekens genoem, want hulle vervulling dui daarop dat die wederkoms naby is (Du Plessis, 2006:300-313). Kleynhans (2000) ag die tekens van die tye belangrik. As 'n mens lig op die pad van die toekoms verlang, is studie van die tekens (profesieë wat die toekoms gebeure aanwys) noodsaaklik en Jesus verwag dit van ons (2 Pet. 1:19; Matt. 16:2, 3; Jes. 46:9-13; Amos 3:7). Vir Lindsey (1996) en Jeremiah (2008)

lê die saak van die tekens van die tye ook naby aan die hart en maak dit ’n baie groot deel van hulle leerstellings uit.

Hierdie tema is baie sentraal in die leer van die eindtyd by die Premillennialiste. Dit gaan oor die negatiewe wêreldgebeure en politiek en dit het aansluiting met die Millennium Vrederyk, want die verwagte ryk is immers ’n fisiese, aardse, politieke regering van Jesus, die Seun van koning Dawid. Die verskyning van die Vrederyk op aarde geskied teen die agtergrond van dit wat op die aarde aan-die-gebeur is, soos die onrus, oorloë, gebrek en ongeregtigheid. Die verwagte ingryp van Christus gaan oor die fisiese oprigting van sy duisend jaar lange ryk wat vrede en voorspoed op die aarde sal bring.

4.2.4.1 Die tekens van die tye skets 'n donker prentjie op die aarde

Jeremiah (2008) wys in die inleiding van sy boek op die uitgebreide voedseltekorte, rekordhoë brandstofpryse, natuurrampe, skokkende koerantopskrifte en meen dinge raak so chaoties dat dit as 'n “perfekte storm” beskryf word. Die gebeure dreig om instellings te ontwrig, nasionale politieke bondgenootskappe te vorm, die magsewewig in die wêreld te verander en die regverdige verspreiding van hulpbronne te destabiliseer. Die mense wil weet: Wat op die aarde is aan die gang? Is daar 'n toekoms?

Jeremiah meen dat as ons net nie wegskram om oor die profesieë te praat nie die Bybel 'n betroubare inligtingsbron oor die toekoms is. Mense smag in hulle diepste wese na daardie boeke wat die ontstellende tyd eerlik verklaar. Volgens Jeremiah beoog hy om in sy boek te begin om die stukke van die legkaart inmekaar te pas en vertrou hy dat iemand die tekens wat God vir ons gegee het, sal herken, sodat hulle vrede kan vind in die ”vreesaanjaende tyd”, en sal begin verstaan wat op aarde aan die gang is. Maar bowenal hoop hy die boek sal mense help om nie ontsteld of beangs [te] word nie. In die slothoofstuk van sy boek meld hy dat ten spyte van die groot waarde wat hy aan die verstaan van die toekomstige gebeure heg, het hy ondervind dat die studie van die profesieë (tekens van die tye wat vervul word) 'n selfs groter en meer praktiese waarde het. Dit gee ons 'n dringende motivering om 'n Christelike lewe te lei. Die direkte aard van die van profetiese gebeure dui aan hoe nodig dit is om elke oomblik in Christelike gereedheid te leef (Jeremiah, 2008:239).

Lindsey (1996:135, 158) maak in sy boodskap oor die tekens van die tye baie gebruik van wetenskaplikes se uitsprake oor dit wat in die wêreld aan die gang is, asook politieke leiers se toesprake en koerantberigte. Die doel van die tekens van die tye is om aan te dui dat die tyd van die wederkoms aangebreek het. Lindsey noem dit die "geboorte pyne" van Jesus se koms (Matt. 24:7: "Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is die begin van die smarte."). Oor die intensiteit van die tekens en nuwe bedreigings wat die wêreld in die gesig staar, verklaar Lindsey (1996:135, 136):

> Sure there have always been earthquakes and war and famines and pestilences and fearfull conditions. But there has never been a time like this in the world where all of these conditions are occurring simultaneously and in greater magnitude than ever before. That's why it is so significant that we are experiencing this age of famine at precisely the moment that all these other conditions are occurring – not just quakes and war and famines, but also religious deception and the rebirth of Israel and other geo-political alignments.

Lindsey (1996:105) haal 'n verslag, wat hy sê van 1580 wetenskaplikes uit 69 lande kom, aan:

> Scientist tell us they are grim about the future of the planet. For more than 20 years, their primary concern was nuclear war. But today it's ozone depletion, global warming, soil erosion, overpopulation and other environmental crises. Human beings and the natural world are on a collision course. Human activities inflict harsh and often irreversible damage on the environment and on critical resources.

Lindsey skryf oor Israel onder die opskrif: "*Israel – Center of World Destiny,"* en sê:

> There is no question, in reviewing Bible prophecy, that a cataclysmic, apocalyptic war will engulf the Mideast prior to the return of Jesus Christ. In this nuclear age, it makes sense to us that the mass annihilation we read about might be the result of a nuclear exchange. Because the Bible talks about mass destruction by fire, this scenario seems to make sense. It's clear that the Bible can't be talking about any other time in history but today… there can be little doubt that this is the generation. It could start tomorrow. We are on the brink of some startling prophetic development. Never before has the world been set for the climax of history as it is today. Pray for God's intervention. The 'times of the Gentils' are rapidly drawing to a close (Lindsey, 1996:158).

Voordat Lindsey (1996:287) die hoofstuk "*Operation evacation*" (die wegraping) skryf, meld hy dat die meeste onderwerpe wat in die boek bespreek is, nie aangename onderwerpe is nie, en nie "lekker leesstof" is nie. Gegewe die saak behoort dit slegte nuus te wees, want ons bespreek die aaklige stand van die menslike ras, die opkoms van verleidende geeste, die beweging na een

wêreldregering, die groot misleiding, omgewingsagteruitgang, die verspreiding van siektes en plae deur die wêreld, dood van massas, interne konflik in die Midde Ooste en die internasionale onrus wat die planeet onkeerbaar lei tot Armageddon.

By Premillennialiste word baie gewag gemaak van die morele en maatskaplike verval van die mensdom as ’n teken van die naderende wederkoms (2 Tim. 3:1-5). Lindsey (1996:14) noem dit: “The perilous condition of the human race” en bespreek onderwerpe soos huwelike, die gesinslewe, morele verval, misdaad, opvoeding, dwelmisbruik en skryf: “More often than not, it’s cool, calculating scientist who is most likely to suggest that Earth and mankind are hurtling toward destruction.”

4.2.4.2 Die Islam bedreiging

Die bedreiging deur die Islamitiese wêreld en terrorisme is ’n belangrike onderwerp. Dit blyk baie toepaslik in vandag se wêreldopset te wees. Lindsey (1996:177, 188) meen dat dit ’n gevaar vir hom is om selfs net te waag om ’n stelling oor hulle te maak, en sê:

> The greatest threat to freedom and world peace today – is Islamic fundamentalism… a force more explosive and dangerous than totalitarianism of the right or left. In fact, Islamic fundamentalism is actually billing itself as the successor to Marxism as the main agent of change in the world and the No. 1 challenge to the Judeo-Christian world order.

Daar word gewys dat Islam die vinnigste groeiende en grootste godsdiens in die wêreld is, asook op die Islam lande se wapen uitbreiding en strategieë teen Israel en die Weste. Lindsey verwys na 'n sekere G. H. Jansen, wat volgens hom 'n kenner van Islam is, wat beweer dat Islam die Weste 1,300 jaar militêr gekonfronteer het, maar nou is ’n ekonomiese konfrontasie bygevoeg. Jeremiah (2008:41, 42) praat van die koalisie van Islam lande as die “nuwe spil van boosheid”. Hulle gaan saam met Rusland deel uitmaak van die eerste oorlog in die verdrukking.

Al meer Chiliaste wys op die konflik in die wêreld se olievoorraad, en Jeremiah sê dat die Moslem-strategië beweer dat Allah deur die olierykdom in Islam se behoeftes aan geld voorsien het om ’n laaste polities-godsdienstige oorwinning te finansier. Islam beskou sy grootste vyand as die tot die Christendom bekeerde Euro-Amerikaanse samelewing. Jeremiah verwys na die opskrif van ’n artikel in die *New York Times* (2002) wat lui: “Irannees smeek Moslems om olie as

wapen te gebruik." In die artikel word die ajatolla Ali Khamenei soos volg aangehaal (Jeremiah, 2008:42):

> Die olie behoort aan die volk en kan as 'n wapen teen die Weste en dié wat die wrede bewind in Israel ondersteun, gebruik word… As Islamitiese en Arabiese lande… net een maand lank olie-uitvoere na Israel en sy steunpilare opskort, sal die wêreld geruk word.

4.2.4.3 Die hergeboorte van die antieke Romeinse Ryk

Een van die sentrale temas in die Premillennialiste se boodskap van die tekens van die tye is die toekomstige hergeboorte van die antieke Romeinse Ryk in die gestalte van 'n verenigde Europese ryk. Daniël het – so word beweer - 2500 jaar gelede (die voete en tone van die beeld in Daniël 2, en die horings op die kop van die vierde dier in Daniël 7) die "herstelde" ryk voorspel. Die ontwikkeling van 'n verenigde Europa is oor jare noukeurig gevolg om te sien hoe die droomgesig van Nebukadnesar oor die aardse koninkryke, die groot beeld (Dan. 2), en die van die vier diere wat uit die groot see kom (Dan. 7), in vervulling kom. Die laaste ryk (2:41-43) wat deur die voete en die tone, wat deels van yster en deels van pottebakkersklei was, voorgestel word, word gemeen is nou (of meer as vyftig jaar) besig om tot stand te kom. Die gesig van Daniël 7 van die vier diere kom ooreen met hoofstuk 2, en die laaste ryk word hier uitgebeeld met die tien horings op die vierde dier se kop. In die gesig het nog 'n horinkie tussen die ander uitgekom en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel: "en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek" (7:8).

Kleynhans (1980:212, 213) skryf van die gedagte wat na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het om Europa in 'n Europa-Unie te verenig en beweer dat ses van die leiers van Europese volke op 25 Maart 1957 'n verdrag onderteken het wat die begin van die E.E.G. was, en sê verder: "Die totstandkoming van die tien tone of koninkryke is 'n gewisse teken van die dreigende nabyheid van die openbaring van die Antichris". Lindsey (1996:227-229) meld dat geslagte gelede niemand kon droom dat 'n ryk van nasies wat deel van die ou Rome was, tot stand kon kom nie, maar sê:

> ..something significant happened the first day of 1993 – something that someday affect every man, women and child on the face of the Earth. On January 1, 1993, Western Europe became a single economic market, linking 345 million people in 12 nations and eliminating tariffs and custom barriers. Something else happened on November 1,

> 1993. On that day, those same 345 million became citizens of the new 'European Union.'

Die politiek, die ekonomie en die ambisies van die Europese lande word uiteengesit om te wys hoe alles voortsnel na iets meer – 'n wêreldregering wat uit 'n konfederasie van tien lande sal bestaan. Lindsey (1996:230, 231) sê:

> The Bible shows us that the Roman Empire will be revived shortly before the return of Jesus Christ to earth… Daniel chapter 7 was known by scribes as the greatest chapter in Hebrew Scriptures. Jesus and his apostels referred to it many times. And heading up this 10-nation confederacy will be a man of such magnetism and power that he will become the greatest dictator the world has ever known. He will be the Antichrist.

4.2.4.4 Die nuwe wêreldorde

Die opkoms van die nuwe wêreldorde is 'n werking van die bose en word al meer 'n werklikheid. Dit gaan hand aan hand met die een-wêreldregering en die Antichris. Kleynhans (2000:89-92) verwys na Openbaring 17:1-6 wat hy meen lig werp op die eenheidstrukture van die eindtyd. Johannes het 'n koninklike geklede vrou op 'n skarlakenrooi dier gesien sit. Die dier was vol godlasterlike name, met sewe koppe en tien horings. Die vrou het 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar onsedelikheid. Vers 5 en 6 sê:

> Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het 'n verborge betekenis. Die naam was: 'Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde.' En ek het gesien die vrou is dronk van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het. Toe ek haar sien het ek baie gewonder.

Kleynhans (2000:89-92) se verklaring is dat "Groot Babilon" dui op 'n mistieke Babilon en nie 'n werklike stad nie. Dié "moeder van die sedeloses" is die verpersoonliking van al die valse godsdienste wat in opposisie teen die ware godsdiens is. In die konteks sien ons dat dit verbintenisse met antieke godsdiens het en dat dit op afgodediens en okkultisme gebaseer is. Kleynhans meen dit wys ook op 'n noue assosiasie tussen politiek en die godsdiens wat verset teen die ware God vestig. Met verwysing na Daniël 11:36-39 voer Kleynhans aan dat daar drie nuwe gode is: wetenskap en tegnologie, voorspoed en rykdom, en globalisme. Een van die Satan se doelwitte is om met behulp van 'n internasionale monitêre stelsel en elektroniese beheer, heerskappy oor die mense te voer. Die nuwe wêreldorde is baie sterk op die hervestiging van rykdom. Hulpbronne moet deur 'n wêreldregering beheer word. Die assosiasie tussen godsdiens

en politiek (een wêreldorde) word dus simbolies voorgestel deur die vrou wat op die skarlakenrooi dier met sewe koppe en tien horings sit, en met 'n naam op haar voorhoof van die groot Babilon. Kleynhans (2000:80-81, 85) verwys ook na die bou van die toring Babel {Génesis 11}) wat na 'n wêreldregwring wys. Kleynhans het fotos van simbole (sommige skynbaar op note) en noem: "Twee van die simbole wat tans in Europa verskyn, is die van die toring van Babel en die vrou op die bees" (Kleynhans, 2000:92).

Lindsey (1996:50) verduidelik die wêreldorde:

> The Bible warns of a time coming very soon when the world will be divided into a few spheres of influence and when, in fact, there will be a giant world federation that controls virtually all human activity and commerce. To achieve that goal, people are being convinced – brainwashed really – into believing there are no significant difference between cultural and religious traditions. The movement is commonly called 'multi-culturalism. It's also a step towards the kind of one-world government the Bible predicts will exist on earth just before the return of the real Messiah of the Bible, Jesus Christ.

Die visioen van hierdie wêreldorde is wêreld vrede en 'n vennootskap van nasies wat hulle beywer vir 'n geskiedkundige tyd van samewerking. Lindsey meen dat nuwe menseregte wetgewing en 'n internasionale weermag onder die V.N. beheer, Amerika se soewereiniteit sal bedreig.

Volgens die Premillennialiste stuur die hergeboorte van die antiek Romeinse Ryk (Daniël se droomgesigte), sowel as die nuwe wêreldorde (wat blyk na 'n verbintenis tussen geestelik, morele waardes en politiek te wees) af op die regering van die Antichris. Dit sal 'n interafhanklike en 'n multikulturele staat wees.

Daar is egter nog verwikkelinge waarby die Antichris betrek word. In Lindsey (1996:67-81) se bespreking van die nuwe wêreldorde verwys hy na Lukas 21:11, 25, 26 en Openbaring 9:1 en praat van: "the coming great deception." Volgens Lindsey verwys die "verskriklike dinge en groot tekens van die hemel" na vreemde voorwerpe en wesens in die lug, en hy verklaar: "I have become thoroughly convinced that UFOs are real. And I believe they are operated by alien beings of great intelligence and power. To be blunt, I think they are demons" (Lindsey, 1996:71). Lindsey wys daarop dat die Bybel vertel dat die demone geestelike wesens is en in oorlog met

God is. Ons word geleer dat die duiwels toegelaat sal word om die mense met hulle groot krag van verleiding grootliks in die laaste dae te verlei (2 Tess. 2:8-12).

Lindsey (1996:72) se kommentaar hierop is onder meer:

> I think it is very possible for demons to stage a spacecraft landing on Earth, probably claiming they are from advanced civilization from another part of the universe. This is about the only thing colossal enough to cause Hindus, Moslems, Bhuddists, false Christians, et al., to forget old differences and get together into a one-world religion.

Hulle kan 'n nuwe verhaal van die ontstaan en ontwikkeling van die mensheid aanbied. Lindsey verwys na verskeie wetenskaplikes wat in kontak was met die vreemde wesens van buite. Hulle ervaring was dat dit demonies is.

Wanneer Kleynhans (2000:87, 89) van buiteruimtelike wesens skryf, verwys hy na 'n sekere Hopkins wat in sy boek, *Missing Time*, verslag gee van sy ondersoek na sewe gevalle van vroue wat ontvoer is en wat misterieuse swangerskappe ondervind het. Hopkins het tot die aaklige ontdekking gekom dat buiteruimtelike wesens besig is om fetusse (selle en embrio's) te oes. Later tydens ontvoerings is abnormale klein babatjies na die vroue gebring vir hantering. Hopkins meen die doel vir dit was om die behoefte van aanraking en emosie te vervul. Kleynhans beweer dat verskeie wetenskaplikes in die mediese professie en ander professies van verskillende dissiplines nou tot die slotsom gekom het dat hierdie verskynsel gedokumenteer kan word. Hulle het vasgestel dat dit werklik besig is om te gebeur. Kleynhans (2000:88) reken: "die doel is om 'n gekruisde menslike wese vir die beliggaming van bose geeste in ons fisiese wêreld voort te bring". Kleynhans meen dit verwys na die eindtyd in Daniël se beeld in 2:43: "yster gemeng met kleigrond". In verwysing na die King James vertaling: "And whereas thou sawest iron mixed with miry clay, they shall mingle themselves with the seed of men: but they shall not cleave one to another, even as iron is not mixed with clay" vra Kleknhans: Wie is die "they"? Is hul dan nie ook "seed of men" nie? Kleynhans is oortuig dat die profesie aandui dat vreemde wesens sal probeer om met die mens te vemeng. Die vermening (kloning) van bo (vreemde wesens) en die mens, en die navorsing om menslike embrio's te neem en moontlik te kloon, laat Kleynhans (2000:89) die opmerking maak: "U sien dus dat daar op die oomblik gebou word aan 'n nuwe Toring van Babel en God gaan dit nie toelaat nie. Die wêreld staan op die punt om weer 'n ingryp van God te sien."

4.3 VERDERE EVALUERING VAN DIE ESKATOLOGIESE BOODSKAP VAN DIE PREMILLENNIALISTE

In die evaluering van die eskatologiese boodskap van Premillennialisme gaan dit oor hul eindtydskema, en die boodskap wat voortspruit uit hulle benadering en oortuigings. In die begin van die hoofstuk is verwys na die feit dat die leer van Premillennialisme onvoldoende bybelse gronde het, maar die navorsing wil die verkondiging van die Premillennialiste met hul baie temas en leerstukke verder verken en evalueer. Die skema van die Premillennialistiese leer, sowel as alles wat daar rondom geleer word, is van belang vir die kerk.

4.3.1 Evaluering van die idee van die Millennium Vrederyk

In die verkenning in hoofstuk 3 is daar tot sekere gevolgtrekkings gekom oor hoe die leer van die Millennium die verkondiging van die Koninkryk van God raak. Juis omdat hulle 'n komende nasionale politieke ryk verkondig, moet daar noodwendig reste van die beeld van die Messias en van verlossing behou word om in die Messiaanse Vrederyk tot vervulling te laat kom. Dit is egter nog nie die finale voltooiing van die verlossing wat met die verskyning van die nuwe hemel en aarde sal plaasvind nie. Die kerk en die koninkryk word geïnterpreteer in die lig van dié sogenaamde komende ryk. Gevolglik is die genadetyd, of kerkperiode, die tussenperiode gebrekkig, of onvoltooid. Die argument sentreer om die bewering dat Jesus nie waarlik in die genadetyd regeer nie. Daar is nie werklik vrede op die aarde nie en die trou van God is nog nie ten volle aan Israel bewys nie. Jesus se heerskappy en vrede op aarde, word verwag om eers te realiseer in die voorgestelde Millennium Vrederyk. Saam met God se trou aan Israel is daar dus ŉ beloofde seën vir die wêreld.

“Die Millennium is die tye van verkwikking vir die vermoeide mensdom; die oorgang van die ou aarde na die nuwe aarde; die voorportaal van die ewigheid” (Kleynhans, 2000:263). Du Plessis (2006:332), soos reeds genoem, meen dat die Vrederyk, onder andere, die enigste manier is waarop humanistiese sekularisme, selfverheerliking en selfgenoegsaamheid van die Postmoderne mens aangespreek kan word en: “Tydens die Vrederyk sal mense geleer word om God te dien en afstand te doen van selfgodery en selfaanbidding.” Dié geseënde tyd breek aan sodra die periode van genade verby is en God weer met sy geliefde Israel handel. Die hele Joodse nasie sal op die dag van die wederkoms gered word. Jeremiah (2008:220, 221) leer: “As Hy die tweede keer

verskyn (vir die Millenniumryk), kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir die wat Hom verwag (Heb. 9:27, 28)…(die) eerste keer sou (Hy) kom om te ly en 'n tweede keer om te oorwin."

Die gevolgtrekking is dat die boodskap van die Millennium Vrederyk, 'n politieke regering van Jesus, nie tot verheerliking van die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus is nie. Van watter mense praat Kleynhans (2000) as hy sê dat die Millennium die tyd van verkwikking vir die vermoeide mensdom is? Volgens die Premillennialiste is die kerk dan al weggeruk? Vir wie is dit die oorgang van die ou aarde na die nuwe aarde, die voorportaal van die ewigheid? Hoe kan 'n gelowige wat deur geloof uit die dood en opstanding van Jesus Christus leef en glo aan die werking van die Heilige Gees verstaan dat daar nog 'n groter of ware verlossing in 'n tussen-era lê? Is ons deur Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers mislei oor verlossing en het hulle ons nie ingelig dat die enigste manier waarop humanistiese sekularisme, selfverheerliking en selfgenoegsaamheid van die Postmoderne mens eers aangespreek kan word in die sogenaamde Millenniumryk nie? Is Paulus verkeerd as hy vir die Korinthiërs skryf: "Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek *vlekkeloos* na Hom toe wil bring. Die man is Christus"?

Wanneer Hattingh (1984:101) die verkondiging van die Evangelie bespreek, noem hy verskeie aspekte van die koms van die Koninkryk wat deur die verkondiging en oordraging van die Evangelie beklemtoon word, naamlik: eerstens beklemtoon die verkondiging dat die oorwinning van die heerskappy van Jesus Christus as 'n voldonge feit geproklameer word; tweedens bring die teenwoordigheid van Jesus vrymaking en genesing (Luk. 4 en Matt. 11); derdens hou die heerskappy van Jesus, die wonder van die Evangelie, implikasies in wat dui dat die mens se lewe ingerig word volgens die Wil van God; en vierdens is die troos dat, waar dit vir die mens onmoontlik is, nuwe moontlikhede deur genade, deur die Gees van die Here geskep word.

Ten opsigte van die prediking van die politieke regering van duisend jaar, die Millennium Vrederyk, is die volgende opmerkings belangrik. Die studie het nie navorsing gedoen ten opsigte van prediking in die gemeentes self nie, maar het 'n vermoede dat die prediking hoofsaaklik oorgelaat word aan spesiale Millennialistiese predikers. Dié predikers lê waarskynlik die Premillennium skema uit en fokus op die tekens van die tye, maar dit is nie seker hoeveel aandag hulle gee aan die verkondiging van die ryk self nie, soos byvoorbeeld: wie almal daar sal wees,

die regeringstelsel en die “uitbreiding van die heil” (beter verlossing) wat in die Millennium, nadat die genadetyd verby is, sal plaasvind nie. Verder, wat die plaaslike pastor betref, is die inligting oor die twee gestaltes van die Koninkryk (die geestelik koninkryk en die politieke ryk), die twee gestaltes van die Messias en die “onvoltooidheid” van die heil in die genadetyd nie so voor die handliggend in die Bybel nie. Dit word daarom ook betwyfel of dit vir die pastor van die gemeente moontlik is om self veel aandag aan die verwagte Messiaanse aardse ryk te gee. Dit is ook moeilik om te dink dat die plaaslike pastor die Millennium Vrederyk as die hoop vir die gemeente en die uitbreiding van die verlossing sal voorhou.

Naas die feit dat die voorgestelde Messiaans Vrederyk nie deur Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers geleer is nie pas hierdie leer van 'n politieke regering ook nie in by die boodskap van die Nuwe Testamentiese nie. Dit is leerstukke wat uitgebou is rondom die Millenniumidee.

Die Millennium Vrederyk is ’n teleurstellende boodskap. Die herstel van Israel is hierin ’n belangrike onderwerp. Naas die aard van die Vrederyk laat die Premillennialiste veral op die gebeure wat die Millennium Vrederyk vooraf gaan die klem val. Noodwendig word die fokus vanaf die wederkoms, die voltooiing en volmaking van verlossing, verskuif na ’n menigte leerstukke. Die kosbare hoop van God van ewige nuwe saamwees vir sy mense, word onder meer verberg met 'n idee van ontsnapping van verdrukking en ’n bruilof van sewe jaar. Hierdie verskuiwing van fokus by Premillennialiste beïnvloed die ondersoek na die wonderlike boodskap van God wat deur Jesus Christus met sy mense na sy nuwe wêreld op pad is.

4.3.2 Evaluering van die boodskap van die tekens van die tye

Ons het reeds gewys op die donker prentjie wat met die tekens van die tye voorgehou word. Daar is melding gemaak van die Premillennialiste se beklemtoning van die Islam-bedreiging, die hergeboorte van die Romeinse Ryk waaruit die verwagte Antichris na vore sal kom en die nuwe wêreldorde wat die weg berei vir die Antichris.

Om verskeie redes is die boodskap van die tekens van die tye ’n kritieke aspek in Premillennialiste se aanbieding van die eindtyd. Die tema het ’n groot omvang en dit bied ’n baie dramatiese beskrywing van wêreldgebeure.

Die gevolgtrekking kan wees dat die leer oor die tekens van die tye by Premillennialiste daarop neerkom dat gelowiges deur die eeue, selfs die bybelskrywers, nie geweet het dat die wederkoms duidelik bedoel is vir vandag in die 21ste eeu nie.

4.3.2.1 Tekens van die tye – geheime kennis

Joubert (2012:36) verwys na die Premillennialiste se benadering oor die tekens van die tye:

> Die Bybel is 'n geheime boek vol versteekte kodes, leidrade en verwysings vir die ware ingeligtes om die wederkoms te bereken. Gewoonlik werk sulke spekulante met die idee dat die ware kennis van die eindtyd en wederkoms nie vir die massa in die kerk beskore is wat blind is vir God se ware tydlyn in sy Woord nie. Vir sulke 'kenners' is die Bybel eerder 'n boek vol esoteriese kennis en versteekte leidrade oor die einde en van die identiteit en modus operandi van al die politieke spelers wat die einde gaan inlui.

Joubert (2012:40) maak dan die opmerkings:

> Dis om te dink al die gelowiges voor ons was naïef genoeg om profetiese tekste in die Bybel te lees en te dink hulle verstaan dit, terwyl die tekste net vir ons, die terminale generasie, beskore is. Dis om te maak asof ons die ware witbroodjies van God is vir wie Hy die Bybel se ware geheime laat opskryf het. Dié voor ons moes dit maar gedwee lees met skille oor hulle oë (selfs al skryf Paulus in 2 Korinthiërs 3 dat die Gees van God reeds die skille voor alle gelowiges se oë weggevat het!)

Die gevolgtrekking van Joubert is dat Premillennialiste voorhou dat die verstaan van sekere profesieë in God se Woord nie vir die vroeë geslagte bedoel was nie, maar slegs vir mense honderde generasies ná hulle. En nou, in die twintigste eeu, kry sommiges die vermoë om die eindtydprofesieë te ontsluit.

Joubert se opmerkings word duidelik as Kleynhans (2000:27) meld dat daar vier verskillende vlakke is waarop die mens die Woord van God verstaan. Die vierde vlak word "Sood" genoem en hy sê: "…die Sood of geheime vlak (is) die mees komplekse een van almal. Dit dui naamlik op die profetiese gevolgtrekking, begrip of implikasies van die Woord en is uiteraard net vir dié wat met geestelike oë na die Woord en die geskape werklikheid kyk." Kleynhans (2000:29) maak ook dan die opmerking:

> Dit was nie vir die vorige geslagte moontlik om sekere profetiese dinge in die Bybel te ontsluit nie, want die onderwerpe was as't ware verseël. Baie het in die duisternis

> rondgetas, totdat die spreekwoordelike skakelaar uiteindelik gevind is. Hierdie beginsel geld ook ten opsigte van die eskatologie. Hiermee verstaan ons dat nie almal die buitengewone vermoë het om met die geestesoog na die wêreld en na die gebeure te kyk nie.

Kleynhans (2000) bied hierdie lering aan en verduidelik dat daar 'n groeiende getal gelowiges is wat opreg begeer om die diepere metafore van die Skrif te verstaan en ook te weet wat agter die gordyn verberg is.

4.3.2.2 Tekens van die tye – 'n negatiewe boodskap

Die tekens van die tye by Premillennialisme gaan hoofsaaklik oor die Groot Verdrukking – die wêreldgebeure wat dit voorafgaan en die gebeure gedurende die periode van sewe jaar self. Ons het reeds gesien die wyd uiteenlopende beskrywings van faktore en magte wat teenoor mekaar gaan afspeel. Dit gaan die aakligste periode in die menslike geskiedenis wees. Die bose magte sal soos nog nooit tevore die oorhand hê; menslike kwaad en ongeregtigheid sal hand uitruk; die chaos en geweld sal onbeskryflik wees en dit gaan oordele van God inhou oor Jode en ander volkere.

Daar is verwys na Kleynhans wat erken dat profesieë negatief en verswarend kan wees, maar hy reken die rede daarvoor is omdat mense nie na die "salige hoop" agter die tekens van die tye kyk nie. Lindsey (1996:287) erken ook dat die onderwerpe nie aangenaam is nie, en sê: "We discussed the sad state of the human race… not exactly light reading. And it's very easy to be consumed by these life-threatening crises that now surround us – to be mired in gloom and doom. This planet is on a death drive."

Joubert (2012:37, 38) skryf krities oor die Premillennialiste se skets van die eindtyd:

> Eiendtyd-skrywers teer op slegte wêreldnuus. Enige tsoenami, soos die Japannese tragedie in 2011, of oorstromings, aardbewings, droogtes en enige konflik in die Midde-Ooste is hulle kos, omdat dit volgens hulle direk verband hou met die uitsprake van Jesus en die profete oor die tekens van die tye. Seën en voorspoed is geensins op die radarskerm van hierdie eindtyd ghoeroes nie, net slegte gebeure. 'n Pessimistiese wêreldbeskouing is aan die orde van die dag.

Hiermee bedoel Joubert (2012) nie dat daar geen swaarkry aan die einde sal wees nie. Hy meen inteendeel dat die Christen altyd hier op aarde gaan swaarkry. Dit is 'n swaarkry wat strek vanaf

Jesus se hemelvaart tot en met sy wederkoms. Paulus beskryf die ganse Christelike bestaan is 'n navolging van Jesus se aardse lyding. In die tweede brief aan die Korinthiërs staan Paulus groot gedeeltes af om sy eie te verduidelik. Joubert wys ook op Petrus wat die Christene oproep om hulle lyding met waardigheid te dra, net soos Jesus. "Nêrens word enige hemels versekeringspolis uitgereik dat ons as gelowiges lyding gaan systap, of voortydig daaruit weggevat gaan word nie" (Joubert, 2012:112).

4.3.2.3 Die tekens van die tye en die nabyheid van die wederkoms

Daar is onduidelikheid in die leer van Premillennialiste oor die nabyheid van die wederkoms. Die Premillennialiste meen dat die profesieë oor die tekens van die tye op die oomblik vervul word en sodoende is die wederkoms (die tweede koms) ophande. Daar is 'n verloop van sewe jaar (Dan. 9:27) tussen die wegraping en die tweede koms, maar die tydperk kan dalk nie presies wees nie, want die sewe jaar tree dalk nie onmiddellik na die wegraping in werking nie (Lindsey, 1996).

Die *nabyheid* van Jesus se koms (die tweede koms) gaan dus spesifiek oor die *profesieë wat nou in vervulling gaan.* Ons het verwys na Walvoord (1977) se mening dat die beskouing van 'n wegraping voor die verdrukking dit vir Premillennialiste moontlik maak om 'n *nabye verwagting* van Jesus te koester, maar hierdie koms dui dan spesifiek op 'n *nabye wegraping.* 'n Benadering wat leer dat die kerk deur die verdrukking sal gaan, *kan nie 'n nabye koms van Jesus (wegraping) verkondig nie,* want daar is nog die profesieë (onder andere die terugkeer van Israel, die opkoms van die diktator, die krisis in die Midde-Ooste en die 42 maande Groot Verdrukking) wat voor die wederkoms vervul moet word, aldus Walvoord (1977:165-167). Behalwe vir die feit, soos ons hier sien, dat die tekens die onderskeid tussen die wegraping en die wederkoms aandui, meen Walvoord ook dat daar nog 'n ander onderskeid is: die belangrike gedeeltes in die Skrif wat die wederkoms (die wegraping) voorhou, en dié wat oor die wederkoms (die tweede koms) van Christus handel, word *onderskei* deur dat eersgenoemde aangebied word as *naby* en dat die tweede konstant voorgehou word dat dit volg *na verloop van gebeure* (Walvoord, 1977:163). Du Plessis (2006:323) sluit waarskynlik hierby aan as hy sê dat die wegraping van die kerk enige tyd kan plaasvind, maar as hy verwys na die drie positiewe tekens wat die wederkoms aanwys, noem hy dat Jesus geleer het dat die wederkoms nie spoedig sal gebeur nie ("my heer *talm*" {Matt. 24:48}; "die bruidegom *talm*" {25:5}; "na 'n *lang* tyd" {25:19}). Du Plessis meld egter dat twee

(wêreldevangelisasie en die bevryding van Israel) van die positiewe tekens nou voor ons oë vervul word en dit bring mee dat die herstel van die Koninkryk van Dawid voor die deur is.

Na aanleiding van wat Du Plessis (2006) en Walvoord (1977) beweer, kan moontlik gesê word dat die *nabye* koms (die wegraping) 1900 jaar gelede reeds kon plaasvind, en dat die wederkoms na verloop van tyd, nadat die voorspelde tekens eers in die een-en-twintigste eeu vervul word, sal plaasvind. Die Bybel sou dan juis, volgens hulle, die onderskeid maak van 'n *nabye* koms (die wegraping) en die tweede koms waar die Bruidegom eers *talm.* Terloops kan genoem word dat om te dink aan die Bruidegom wat met die tweede koms kom (soos hierbo genoem: "die bruidegom *talm*" {Matt. 25:5}) dalk nie toepaslik is nie, want die Bruidegom het eintlik net betrekking op die sogenaamde nabye wegraping van die bruid. Wat die naby en ver betref, bestaan die moontlikheid natuurlik ook dat Millennialiste die *sewe jaar periode* sien as 'n gebeurtenis wat aandui dat die wegraping en wederkoms as gebeurtenisse nie ver in tyd van mekaar geskei kan word nie.

Die argument wat met die paragraaf hierbo gemaak wil word, is dat die Premillennialiste deur hulle leer van meer as een koms in verwarring verval met die uitleg van *naby* en die *talm,* en dat hulle nie duidelik is oor die terme "wederkoms" nie.

Die koms wat na *'n lang tyd* sou wees, is egter nou naby, want die tekens vind plaas; die profesieë is, soos die Premillennialiste leer, besig om vervul te word. Dit maak dat die wegraping nou in 'n nuwe sin ook naby is, voor die deur, gedurende hierdie geslag én die gelowiges word dan "ontruim"! Daar is niks wat nog moet gebeur, geen profesie wat nog vervul moet word voordat die wegraping kan plaasvind nie, meen die Premillennialiste: "And the first stage – the rapture – could literally occur at any moment. It could happen today" (Lindsey, 1996:293). As iemand sou aanvoer dat al die profetiese gedeeltes nog nie heeltemal in plek is nie, sê Lindsey: "Not true…Every thing that needs to take place could easily occur either in the short interlude before the actual beginning of the last seven years, or within that period itself." Verder kan die omstandighede of chaos na die "ontruiming" die faktor wees wat slotgebeure aan die gang sit. Die wegraping is die volgende belangrike gebeurtenis op die profetiese kalender (Jeremiah, 2008:106).

Om die datums uit te werk en te voorspel word dikwels deur baie Premillennialiste veroordeel, maar tog bepaal hulle self ook die tyd van die wederkoms. Hulle doen ’n naastenby-berekening (Du Plessis, 2006; Kleynhans, 2000; Lindsey, 1996; Jeremiah, 2008). Kleynhans (2000:32, 33) verwys na Matthéüs 16:2, 3 waar Jesus die Fariseërs en die Sadduseërs aangespreek het oor *ongeloof in Hom*: “Geveinsdes julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie?” en maak dít van toepassing om vandag die tekens te onderskei en te verklaar dat Jesus se koms nou op hande is. Deur die koppeling van sekere bybelse gegewens aan wêreldgebeure word hulle voorspellers: dit gaan oor ’n laaste geslag, die laaste groep mense, dit kon nie vroeër gebeur het nie, dit word voor ons oë vervul, geen ander tyd in die geskiedenis as juis vandag nie, of hulle kan sê: Dit kan môre wees. Lindsey (1996) meld na aanleiding van Matthéüs 24:32-34: “Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur nie,” dat hy gemeen het dat die wederkoms teen 1988 kan gebeur. Die berekening het berus op die veronderstelling dat die duur van ’n geslag as veertig jaar beskou word en dan is dit veertig jaar na die stigting van die staat Israel in 1948 (Matt. 24:32; “Wanneer sy tak {die vyeboom} al sag word en sy blare uitstoot”). In 1996 het Lindsey geskryf dat ’n bybelse geslag tussen 40 en 100 jaar kan wees, en moontlik moet die aftelling begin word met die tyd toe Jerusalem in 1967 herower is, want Jerusalem het ’n belangrike plek in die herstel van Israel. Oor die jaar 2000 sê Lindsey (1996) in sy voorwoord: “Frankly, I don’t know if the year 2000 will be meaningful in relation to the Endtimes events. I do know this: The final countdown leading to the return of Jesus could occur even before the year 2000. It could literally begin today, tomorrow or next week.” Du Plessis (2006:321) interpreteer “hierdie geslag” anders, en meen dat Matthéüs 24:34 in korrelasie met Lukas 21:32, waarin die uitspraak ook voorkom, toon dat Jesus bedoel het dat daardie besondere geslag wat tydens die Groot Verdrukking sal lewe, nie sal verby gaan tot alles gebeur het nie.

Die Here het verklaar dat *niemand van dié dag en dié uur weet nie*, ook nie die engele in die hemel nie, maar net sy Vader alleen. Die Seun van die mens kom op 'n uur dat *niemand dit verwag nie* (Matt. 24:36, 42, 44). In 24:50 lees ons dat die dienskneg se heer kom “op 'n dag dat hy dit nie verwag en op 'n uur dat hy dit nie weet nie.” Petrus en Paulus het gesê dat die Here soos *'n dief in die nag sal kom* (2 Pet. 3:10; 1 Tess. 5:2). As ons “kinders van die lig” is, is dit nie te sê dat ons die “dag en die uur” van die “dief” weet nie, maar slegs dat ons nie “slaap” nie, nie “dronk” is nie, maar nugter is “met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop

op die saligheid" (1 Tess. 5:4-8). Ons sal nie die tyd weet nie, dalk ook nie naastenby nie, want dit is reeds die 21ste eeu, maar ons moet elkeen in ons lewensloop daarna uitsien en gereed wees. Dit is hoe ons moet leef en werk, en dit is ons lewe en maak ons sterk. Dit is sóós sy dissipels geleef het en gewag het op hulle Here se koms ("Hierdie Jesus wat van julle weggeneem is in die hemel, sal net so weer kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" {Hand. 1:11}). So moes elke geslag deur die eeue uitkyk vir sy koms – almal wat sy koms verwag en sy verskyning liefhet (2 Pet. 3:12; 2 Tim. 4:8).

Deur die Premillennialiste se berekening van die tyd, selfs van 'n naastenby-wederkoms, kan of word die uitsigte op die uiteindelike finale afronding van God se plan grootliks vervang met 'n projek van tydsberekening. Die tydsvastelling mag baie positief voorkom, want dit sou immers aandui dat die wederkoms nou baie naby is; dit kan ons voorbereid maak. Die berekening van die tyd vind plaas midde in 'n skets van 'n baie negatiewe wêreldtoneel. Die al-donkerder-wordende wêreld prentjie dien as 'n agtergrondskets waarin die verwagte "wonderlike" politieke ryk van Jesus Christus, die seun van koning Dawid, vir 1000 jaar na vore sal kom.

4.3.2.4 Is die tekens van die tye 'n aanduidings van die nabye koms van Jesus?

König (1970:463-466) meld dat hy uit 'n prinsipiële stellingname nie die tekens van die tye bespreek wanneer hy die wederkoms behandel nie, want dit is tekens wat die kerk gedurende sy hele geskiedenis vergesel; naamlik die tyd sedert die geboorte van Christus, en in besonder, sedert die uitstorting van die Heilige Gees. Hiermee bedoel hy nie dat die tekens nie in die eindtyd voorkom nie, maar sê: "Sodra die tekens egter gesien word as vooruitgeskrewe geskiedenis van wat in 'n bepaalde (toekomstige) eindtyd sal gebeur, verloor hy sy boodskap vir die kerk van die afgelope 19 eeue en kon die kerk nooit met 'n goeie gewete gedurende die eeue gepreek het dat die wederkoms naby is nie." König meld dat Berkouwer tereg gesê het dat ons die tekens nie mag interpreteer vanuit die idee van 'n futuristiese beriggewing nie: "Men miskent dan de erns van de eschatologiese prediking, die in elke tijd actueel is…" (König, 1970:464).

Wat die tekens en die nabyheid van die wederkoms betref wys König daarop dat Paulus altyd 'n nabye verwagting gehandhaaf het en nie na gebeure wat voorspel was, verwys het asof dit iewers in die verre toekoms sal plaas vind nie. Die gemeente het byvoorbeeld, volgens 1 Tessalonisense 4:15, verwarring ervaar ten opsigte van die afsterwe van gelowiges en die moontlikheid van 'n

spoedige wederkoms. Paulus reageer nie daarop met 'n *uitgestelde verwagting* nie, maar verduidelik eenvoudig hoedat die ontslapenes glad nie ŉ agterstand sal hê op "*ons* wat in die lewe oorbly by die wederkoms van die Here" nie. Hy praat nie van "hulle" wat in die lewe sal oorbly tot die wederkoms nie, maar van "ons". Verder wil dit voorkom asof Paulus in 1 Korinthiërs 15:51 meen hy sal ook deel in die wederkoms: "*Ons* sal nie almal ontslaap nie, maar *ons* sal almal verander word." As hy die saak behandel van mense wat dink dat die dag van die Here al daar is en verskrik is, wys hy op nog iets wat moet gebeur, maar hou nie ŉ lang verwagting voor nie: "net totdat hy wat dit teëhou, uit die weg geruim is" (2 Tess. 2:7).

König (1970:465) noem tereg dat: "Openbaring wat die meeste misbruik word as 'n boek wat dan eintlik sou handel oor dinge wat eers eeue later sou gebeur (maar wat vooraf 'presies korrek voorspel' is), is vol van die dringende boodskap vir Christene wat toe geleef het." Ons sien dat Openbaring begin met: "wat gou moet gebeur" (1:1), in 1:3: "want die tyd is min" en in 3:10 sê Jesus: "Kyk, Ek kom gou." In hoofstuk 22: 6 lees ons dat: "God…het sy heilige engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur" en in vers 7 hoor ons die Lam roep: "Kyk, Ek kom gou" en in vers 12 word dit herhaal: "En kyk, Ek kom gou" en so word Openbaring afgesluit met: "Ja, Ek kom gou." Jakobus het gesê: "Kyk, die Regter staan voor die deur" (5:9). Dit is duidelik dat daar geen gedagte was van ŉ klomp duidelik voorspelbare gebeure wat eers moet plaasvind alvorens die Wederkoms aanbreek nie.

König (1970) behandel die tekens en wys op die vervulling daarvan soos die "groot hongersnood" (Hand. 11:28: "oor die hele wêreld"), herhaaldelike verdrukking (Op. 3:10; 2:9) en die verkondiging van die Evangelie aan die nasies (Kol. 1:6: "wat julle sowel as die *hele wêreld* bereik het"; 23: "wat verkondig is in die *ganse mensdom* onder die hemel"; 2 Tim. 4:17: "en al die heidene dit kan hoor"). In die lig hiervan verklaar König (1970:466) moontlik tereg:

> In hierdie lig is dit duidelik dat Jesus Christus in die 19 eeue wat verby is, werklik enige oomblik kon gekom het, en dan sou geen teken onvervuld gewees het nie. Wie dit ontken, eerbiedig nie die Nuwe Testament verbod op alle berekeninge nie, en misken die werklike betekenis van die tekens wat in alle eeue die boodskap bring dat ons gereed moet wees.

Wat König noem is geldig, maar dit kan gevaarlik wees as ons die tekens van die tye as iets niksseggends sien, of só algemeen dat dit nie veel waarde het nie. Jesus het gereageer op ŉ vraag

van die dissipels: “wat is *die teken* van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Matt. 24:3).

Möller (1998:25) onderskei ook onder die tekens ’n verskil en sê: “The first signs pointed out by the Lord Jesus were as follows: religious deception by false christs and false prophets, wars, famines plagues, earthquakes, persecution, religious apostasy and the like (Matt 24:1-14, 24; Mark 1:1-9, 12-13)”. Hy noem dit algemene tekens en sê dat ’n mens geneig is om dit as die einde van die wêreld te sien, maar: “The Lord made it clear to his disciples that these are the signs of the last days, but are not yet the end or the conclusion of this era. Every natural disaster is most certainly a sign that this world is spoiled by sin, and is corrupted and transient by nature.” Möller maak dan ook verder die stelling: “In this way, these things indirectly herald the judgment and the coming of a new dispensation”.

Möller (1998:26) wys op drie tekens wat hy die finale tekens noem. Die eerste is: “En hierdie Evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ’n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Matt. 24:14). Möller meen dat Lukas 21:24: “totdat die tye van die nasies vervul is” en Romeine 11:25-26 (1983): “tot die volle getal van die heidennasies in die koninkryk ingegaan het; en op hierdie manier sal die hele Israel gered word”, in dié verband toepaslik is.

Wat ons hier as ’n teken moet verstaan, is dat Jesus stellig vir sy dissipels wou sê dat die finale einde nie sal kom, of kan kom voordat God sy program van evangelisering afgehandel het nie (Matt. 28:18-21; Hand. 1:8).

Die tweede en die derde finale teken wat Möller noem, is uitgewys tydens die bespreking oor die Groot Verdrukking: dit is die openbaring van “die mens van sonde” (2 Tess. 2:1-12) en “dan sal daar ’n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het nie” (Matt. 24:21). Die gebeure sluit bymekaar aan en sal geken word aan die gees van misleiding en morele verval (Matt. 24:24; 2 Tess. 2:3, 9-10; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-7).

Möller (1998:26-27) maak ook melding van verdere tekens wat gepaard gaan met die verskyning van Christus, wanneer Hy met groot krag en heerlikheid gaan kom (Matt. 24:29-30; Luk. 21:25-27). Volgens hom is hierdie kosmiese katastrofe reeds deur die profeet Joël voorspel (Joël 2:28-31; Hand. 2:16-20).

Wat die nabyheid van die wederkoms betref maak Möller (1998:47-47) 'n paar opmerkings: wanneer die nabye koms van Jesus genoem word, staan dit gewoonlik in verband met die tekens van die eindtyd, naamlik die *kosmiese* tekens (Matt. 24:29-31; Mark. 13:24-27; Luk. 21:25-27). Verder meld hy ten opsigte van uitdrukkings soos "die laaste dae" en "die laaste uur": "These expressions shoud be seen within the entire sweep of time from the creation of this world to its end. In terms of this, the last days leading up to the return of Christ are few and the remaining time is short". Dit kom daarop neer dat die eerste koms van Christus, die era van die kerk, sowel as die wederkoms, deel uitmaak van die laaste dae. Möller wys as 'n voorbeeld dat die uitstorting van die Heilige Gees en die kosmiese tekens tydens die koms van Christus saam gegroepeer word (Hand. 2:16-20). Hy noem ook dat sommige tekens reeds plaasgevind het met die dood van Christus aan die kruis en met sy opstanding (Matt. 27:45; 51-52). Johannes het aan sy lesers geskryf: "Kinders, dit is die laaste uur".

Petrus het 'n opmerking oor tyd in konteks van God gemaak. Dit het gegaan oor spotters "aan die einde van die dae" – maar waarskynlik verwys Petrus na hulle eie tyd – wat sê: "Waar is die belofte van die wederkoms?" In antwoord verwys Petrus na die hemel en aarde wat al lankal deur die Woord van God ontstaan het en dat *dieselfde* Woord die hemel en aarde vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense. Hierop maak Petrus dan die stelling oor hoe ons oor tyd in konteks van God moet dink: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie (dit moes iets wees wat in hulle tyd gesê is), maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommiges moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Pet. 3:8).

Waarna ook opgelet moet word, is dat die tyd min is met betrekking tot *voorbereiding* vir die wederkoms en wat God van die mens *verwag om te doen*. Dit gaan in die konteks dat die dae boos is in 'n bose wêreld (1 Kor. 7:29; Ef. 5:16; Gal. 1:4; Fil. 2:15; 1 Joh. 5:19) (Möller, 1998:48).

Ten opsigte van die tekens van die tye bevestig Du Rand (2007:27-29) dat Openbaring veel sê oor die eindtyd as die tydperk wat Christus se wederkoms voorafgaan. Die rede is omdat God reeds besig is om hierdie wêreld voor te berei vir die volmaakte wat dan sal aanbreek. Maar om huidiglike wêreldgebeure sensasioneel, reglynig te assosieer met "tekens" volgens Openbaring, meen Du Rand, forseer dikwels die Woord van God om te sê wat nie regtig daar staan nie. Du

Rand meld dat ons altyd in gedagte moet hou dat elke geslag nog hierdie “tekens” geïnterpreteer het asof dit daarop dui dat die wederkoms in hulle leeftyd sou plaasvind. In die studie is reeds verwys na ’n skrywe wat gerig was aan Augustinus wat gemeen het dat die “tekens” juis in hulle tyd tot vervulling kom, en só het Martin Luther ook gewys op die “tekens” in sy tyd en het ’n nabye verwagting van die wederkoms gehad.

Du Rand (2007:32) verduidelik dat ons ’n geestelike geloofsoog moet ontwikkel om die ‘tekens’ raak te sien. In Openbaring ontvou God se verlossing en oordeel oor die mensdom. God is beslis betrokke in die natuurrampe: “Hy is besig om die skepping en skepsels voor te berei vir die groot en finale einde wanneer Christus weer kom” (Du Rand, 2007:33). Du Rand sien die eindgebeure positief en sê ons moet die rampe nie noodwendig as straf verstaan nie, maar as deel van God se eindprogram wat verlossing en oordeel insluit. God wil ook die mensdom telkens herinner aan ons afhanklikheid van Hom en roep ons tot bekering. Du Rand wil dus tereg hê dat ons deur die “tekens van die tye” moet verstaan dat God in liefde en in regverdigheid besig is om sy “eindprogram” te laat ontvou.

Samevattend en met enkele opmerkings kan gesê word dat Jesus 'n naby wederkoms geleer het, maar ook dat Hy kan talm, maar niemand het ’n idee gehad hoe lank die Heer, of die Bruidegom “sal talm om te kom” nie. Wanneer die dag en die uur sal aanbreek weet niemand nie, die Vader *alleen* weet en bepaal dit. Dit sal onverwags of ’n verrassing wees. God mag verskeie redes hê waarom niemand weet nie. Niemand weet wanneer God met sy mense by die finale bestemming, die volmaakte nuwe saamwees in die nuwe wêreld sal arriveer nie. Dat niemand weet nie het beslis gegeld vir sy dissipels, vir die gelowiges deur die eeue heen en vir almal vandag. Almal moet of kan in verwagting leef en moet gereed wees. Ons weet stellig ook nie mooi hoe ons die finale tekens moet identifiseer nie: Wat behels die verskyning van die wettelose mens? Almal se lewe en ’n aardsbetrokkenheid staan in verband met, en moet geleef word in die lig van die koms van hulle Here wat eienaar en heerser van alles is; in verwagting in liefde vir die verskyning van die grote God in heerlikheid (Matt. 24:29-25:46; 2 Tim. 4:8; Tit. 2:13). Daar kan waarskynlik ’n verklaring wees dat die koms van ons verwagte Here beïnvloed kan word deur ’n “huis” (van God) wat nog nie “vol” is nie (Luk. 14); dat Hy uit “lankmoedigheid (wat) nie wil hê dat sommiges moet vergaan nie” (2 Pet. 3:9). Miskien kan aan die anderkant die gelowiges se betrokkenheid, hulle lewe en verwagting dit verhaas (2 Pet. 3:11, 12). Die leer van Jesus en die Nuwe Testamentiese skrywers (Openbaring ingesluit) oor die wederkoms was beslis nie om

"kodes" te verskaf wat spesiale kundiges of geseëndes in die 20 ste eeu vir gelowiges moet uitlê nie. Joubert (2012) sê dat dit nêrens in die Bybel deel van God se raadsplan is dat ons moet probeer om uit te werk waar trek ons tans op die aarde se tydlyn en hoeveel tyd daar nog oor is voor die laaste klok sal lui nie.

Die benadering van Premillennialiste ten opsigte van die tekens van die tye is, behalwe dat die Here dit nie bedoel het vir berekening nie, en só iets afgewys het, misleidend en verkeerd. König (1970:464) is reg as hy sê dat die boodskap van die tekens van die tye nie net 'n boodskap vir die verre geslagte is nie, maar dit is 'n boodskap vol dringendheid en aktualiteit vir die kerk hier en nou, ongeag die eeu waarin die kerk leef. Hy meen dat elke visie op die tekens wat dit onmoontlik maak om die nabye wederkoms in elke dekade te preek 'n verwringing van die boodskap is. Schwarz (2000:310, 311) sê: "The attempt to predict the coming of the eschaton denies our finitude, which prevents us from grasping the whole of history and of the world. Only God, who is beyond space and time and is also active in them, can have that kind of comprehensive knowledge." Schwarz maak 'n sterk uitlating: "Moreover, such calculation would be demonic and antigodly. In denying our finitude we would try put ourselves in the place of God". Wat wel waar is, is dat dit van ons verwag word om te verduidelik hoe die Nuwe Testamentiese skrywers die koms van Jesus enige tyd kon verwag het, terwyl Premillennialiste beweer dat dit nou eers die geslag is wat Jesus se koms enige tyd kan verwag. Schwarz verwys na Luther wat gewys het op die onberekenbaarheid van die einde: "…in one of his table talks in 1538, he calculates from the book of Daniel that it might take about another twenty years until the end will come." Maar hy het sy spekulasie afgesluit met die gedagte *dat God alleen weet*.

Samevattend en met enkele opmerkings

Wanneer Vosloo (2011:252) oor eindgebeure skryf, sê hy dat Johannes probeer het om vir ons in mensetaal te verduidelik wat geen mens op enige manier kon beskryf nie. Johannes het teruggeval op beelde wat 'n prent kon skets, en:

> Ons moenie vaskyk teen die beelde en die sketse en dit probeer letterlik verstaan nie. Ons moet die groot waarheid agter die indrukwekkende beeldmateriaal raaksien: *Aan die einde van die tyd sal God alles nuut maak. Ons sal die aardse bestaan verruil vir 'n lewe van heerlikheid saam met God; dit sal nie ophou nie, maar ewig duur.*

Vosloo (2012) stel dat Johannes net een groot gedagte by sy lesers wou laat en dit is dat hulle op pad is na die beste bestemming; dit geld vir ons ook. Openbaring 21 is dus 'n ongelooflike beskrywing van die nuwe Jerusalem wat God eendag sal oprig. Die Jode het 'n nuwe Jerusalem verwag en het in ommuurde stede gewoon. Johannes gebruik hierdie beeld in Openbaring en stel 'n stad voor; 'n kubus van twaalf duisend kilometers hoog; stadsmure van edelstene en strate van goud; die poorte wat nooit gesluit word nie; 'n rivier wat kristalhelder vloei; en 'n boom wat elke jaar volop vrugte dra. Ons bestemming aan die einde lê nie in 'n doodbang aftelling nie en ons moenie skrik vir woeste natuurrampe en die vernietiging van ons wêreld nie (Vosloo, 2011:253):

> God is oral teenwoordig en in beheer, ook in ons stukkende wêreld. Ons God sal ook uiteindelik vir ons bring na hierdie beste bestemming by Hom. Hierdie bestaan kan ons nie in hierdie lewe raakvat nie. Hoekom nie? Ons taal kan dit nie teken nie en ons woorde kan nie daarby uitkom nie.

Die verkondiging van die Premillennialiste het deur die eeue baie bygedra om die gedagte van die wederkoms by ernstige Christene lewend te hou. As die boodskap oor eindgebeure *altyd* met berekening gepaard gegaan het, kan dit 'n probleem wees vir Millennialiste om hulleself ten opsigte van die feit te verduidelik. Volgens Vosloo (2011:298) was die oorgang na nuwe tydvakke en krisistye in die samelewing die sneller wat eindtydbewegings, soos Millennialisme, aangevuur het. 'n Mens kan dit verstaan, maar tog kan dit ook jammer wees.

Kan dit wees dat ons God se reis met sy mense nog nie mooi ter harte geneem het nie? God is in liefde van ewig af met sy eie mense op pad na *sy nuwe wêreld* vir 'n ewige *saamwees*. Daar is reeds genoem dat andersdenkers waarskynlik uit reaksie teen die leer van die Millenniumidee dikwels versuim om veel aandag aan die wederkoms te gee.

Premillennialiste probeer om die *indrukwekkende beeldmateriaal* oor die einde letterlik te vertolk. Die *wonderlike bestemming, die ewige saamwees,* waarheen God met sy mense op pad is, word onder meer geteken met 'n idee van 'n tussenryk, 'n duisend jaar politieke regering van Jesus; 'n saak wat Jesus nooit geleer het nie. Dan is daar ook iewers in die lug 'n vroeë sewe jaar bruilof van die Lam en kerk. Met al die leerstukke rondom die idee van 'n Millennium Vrederyk word die uitsig verdof van God se nuwe wêreld vir sy mense. Die uitsig op die voltooiing, die troos en versekering van God se saamwees en oorwinning in die swaarkrywêreld word verduister met baie leerstukke, met die tekening van 'n oorheersende negatiewe wêreldbeeld en berekenings van die wederkoms.

Jakobus stel ’n eenvoudige prentjie voor, maar tog betekenisvol wanneer hy in sy brief aan die “die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is” (1:1), skryf. Met die ontvangers van die brief word die hele kerk, volk van God wat as vreemdelinge in hierdie wêreld lewe (Bybel, 1983), bedoel. Hy sê in 5:7, 8:

> Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het. Julle moet geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here.

Wanneer Du Rand (2007) oor Openbaring skryf, reken hy dat 'n mens oor die kleiner afdelings en uitdrukkings in die boek sou kon verskil, solank die groter verlossingskontoere van God se plan met hierdie mensegeskiedenis duidelik ons interpretasie op koers hou. Du Rand beskryf die toepassing van allerlei geheime kodes op Openbaring as ontoelaatbaar en oneerlik: “Dit is ’n teologiese verhaal wat vertel van God se alleenheerskappy op die aarde, en die daaropvolgende en ewige saamwees van die volhardende gelowiges met God en die Lam in die nuwe Jerusalem” (Du Rand, 2007:631). “Die gelowiges leef tans tussen die twee bergpieke van die Christelike geskiedenis: die eerste koms en die wederkoms van Christus. Dit gee ’n tinteling aan elke dag se opstaan en maak die lewe die moeite werd om te leef” (Du Rand, 2007:633).

Die volgende hoofstuk handel oor God se skeppingsbedoeling. Dit word benader met die oortuiging dat God iets wat Hyself is aan sy mense gun. Hy is met sy mense op pad na sy nuwe wêreld, na ’n nuwe, ewige saamwees.

HOOFSTUK 5: 'n ESKATOLOGIESE BENADERING VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN GOD SE SKEPPINGSBEDOELING MET DIE MENS

Hierdie hoofstuk wil in die benadering tot die leer aangaande die eskatologie vanuit ’n holistiese perspektief werk. Die voorneme is om die bybelse boodskap eskatologies te interpreteer: God is volgens sy ewige voorneme in Jesus Christus van die begin af met sy mense op pad na die nuwe wêreld, na die ewige nuwe saamwees met sy mense. Met dié benadering word gepoog om iets van die rykdom van die evangelie te belig: God is in Jesus Christus besig om iets wat Hyself is aan die mens te gun. Dié reis is gevul met 'n betekenisvolle ervaring van God en met hoop gelaai. Die oortuiging is dat daar ’n dringende behoefte is om die eskatologie vanuit so ’n geheelbeeld van die Bybel te verstaan.

5.1 DIE TERM “ESKATOLOGIE”

Die term “eskatologie” (van die Griekse woorde *eschatos*: laaste; en *logos*: leer), soos baie ander terme wat in die dogmatiek gebruik word, kom nie in die Bybel voor nie. Volgens Schwarz (2000:366) het hierdie term eers in die sewentiende eeu in die leringe van Johann Gerhard (1582:1637) na vore gekom. Du Rand (2013:25) meen die begrip het die eerste keer voorgekom in Friedlieb se *Dogmatics* in 1644. Die term is dus relatief jonk. Du Rand stel dat *eskatologie* en *apokaliptiek* die twee belangrikste begrippe is om die eindtyd te beskryf. Eersgenoemde verwys na die *feit* van die eindtydse gebeure en laasgenoemde na die *onthulling van hoe* dit sal plaasvind. Berkhof (1963:666) verwys na Kuyper (1910) wat die term “voleinding van die eeue” gebruik het.

5.1.1 Nuwe Testamentiese aanduidings van die begrip “eskatologie”

Die Nuwe Testament verwys in Johannes 11:24; Handelinge 2:17; 1 Timotheüs 4:1; 1 Petrus 1:20; 1 Johannes 2:18; Hebreërs 1:1 en in Judas vers 18 na die “laaste dag/dae/tyd/tye/uur”. In Hebreërs 9:26 lees ons van “die voleinding van die eeue”.

Van die gedeeltes wat in die Nuwe Testament voorkom oor die “laaste” dae/tye verwys na *Jesus se eerste koms* (Heb. 1:1: “Hy het in die laaste dae tot ons gespreek deur die seun” en 1 Pet. 1:20: “maar in hierdie laaste tye geopenbaar is”). Die skrywer van Hebreërs verwys na Christus wat

"een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te neem" (9:6). In Handelinge 2:17 word na die *uitstorting van die Heilige Gees* verwys as die laaste dae. Verder het die Nuwe Testamentiese skrywers die tyd *waarin hulle geleef het* as die laaste dae/tyd/uur beskou (1 Tim. 4:1; 2:3:1; Jak. 5:3; 1 Joh. 2:18; Jud. vers 18).

Die Nuwe Testament het egter met "laaste" dag ook 'n *toekomsaanduiding.* In Johannes 11:24 praat Martha van die opstanding op die laaste dag. Jesus wys ook na die toekoms as Hy in Johannes 12:48 melding maak van die oordeel op die laaste dag. Hy praat van die Koninkryk van God wat by hulle gekom het (Matt. 12:28) en wat binne-in hulle of tussen hulle is (Luk. 17:21), maar dan verwys Hy in Lukas ook na die toekoms met: "Want soos die weerlig wat van die een kant onder die hemel blits en tot by die ander kant van die hemel skyn, so sal die Seun van die mens in sy dag wees" (17:24); "…wanneer die Seun van die mens geopenbaar word" (17:30); en "…maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof vind?" (18:8). Paulus verwys in 2 Timotheüs 1:10 na die *eerste koms* van Christus as "die *verskyning* van ons Verlosser", maar in 2 Tessalonisense 2:8 verwys die *verskyning* op die *toekoms* wanneer Christus "die ongeregtige – met die asem van sy mond sal verdelg en deur die *verskyning* van sy wederkoms tot niet sal maak".

In die eskatologie kan dit gebeur dat die ondersoeker hom slegs bepaal by die feite en gebeure wat die wederkoms direk voorafgaan en by wat die uitkoms van die voleinding sal wees. Word daar egter ook met ander bybelse begrippe oor die laaste dae gewerk, kry die begrip "eskatologie" bykomstige betekenis. Soos aangetoon, kan dit ook die eerste koms van Jesus met sy opstanding insluit. Diegene wat in die studie van die eskatologie hoofsaaklik op die toekoms fokus, ontken egter nie noodwendig die beslissende rol van die eerste koms van Jesus in dié verband nie. Aan die ander kant ontken diegene wat Jesus se eerste koms as laaste dae gebeure insluit gewoonlik nie 'n toekomstige ingryping van God met die wederkoms nie. Wat van belang is, is dat met die verskil van benadering, die feite en gebeure van die toekoms en noodwendig ook die karakter van die eskatologiese boodskap verskillend geïnterpreteer kan word. Diegene wat in hierdie verband hoofsaaklik fokus op Jesus se eerste koms is meer ingestel op Jesus se oorwinning, terwyl dié wat veral op toekomstige gebeure fokus, konsentreer veral op die verwagting van sekere dramatiese wêreldgebeure.

Die vraag wat ontstaan is: Is dit moontlik om die leerstelling van die eskatologie vanuit die hele bybelse boodskap te benader? In die volgende gedeeltes word aandui dat 'n verbinding gemaak kan word tussen die leer van die eindgebeure en God se breër handelinge in die heilsgeskiedenis. Anders gestel: Die leer van die eskatologie kan in die konteks van al God se handelinge met die mens en die geskapenheid begryp word.

5.2 ESKATOLOGIE IN DIE KONTEKS VAN ANDER BYBELSE LEERSTUKKE

Aangesien eskatoloë veral op die eindgebeure fokus, is die vraag: Hoe vertolk hulle die eindgebeure in die geheelbeeld van God se openbaring? Anders gestel: Laat hulle die eskatologie aansluit by al God se handelinge?

Kleynhans (2000:4) se beskouing oor die eskatologie is eenvoudig en duidelik: Dit gaan oor die "Christelike Toekomsleer". Dit is met ander woorde leerstellings aangaande die laaste dinge. Hierdie dinge is vir hom: "die wegraping, die Vrederyk, die Christus regering, die dood, die verheerlikte liggaam, die nuwe hemel en nuwe aarde, die opstanding uit die dood en God se laaste oordeel" (Kleynhans, 2000:4). Tog, as pre-millennialis kyk Kleynhans wyer na die eskatologie wanneer hy na Israel tydens die Millennium Vrederyk verwys. Dit is vir hom 'n tydperk waarin God sy trou bewys en beide sy verbondsbeloftes en profesieë vervul. Hier word dus met 'n groter skopus van die openbaring van God gewerk as slegs toekomsgebeure

Vir Schwarz (2000) dek die term "eskatologie" alle konsepte van die lewe na die dood en alles wat daarmee verbind kan word soos hemel en hel, paradys en onsterflikheid, opstanding en wedergeboorte. Dit bepaal ook ons begrip van die mensheid, van liggaam en siel, van waardesisteme, wêreldbeskouings en lewensgedrag. Hy verwys byvoorbeeld daarop dat die prehistoriese mens se konsep van die lewe na die dood hoofsaaklik deur die oortuiging van die onsterflikheid van die siel bepaal was. Dié oortuiging meen Schwarz is tot vandag toe belangrik in die godsdiens. Hierdie begrip van die onsterflikheid van die siel of gees het tot 'n eskatologie gelei wat na die *eschata* verwys, die laaste dinge. Schwarz (2000:26) vervolg: "For these early human beings it was clear that the eschata are not simply things that occur at the end, but in a decisive way they influence present people and their well-being.… Eschatology therefore is a comprehensive concept extending to this life and beyond."

In die laaste deel van Schwarz (2000) se boek: *What can we hope for*?, bespreek hy die eskatologie in die konteks van die nuwe wêreld wat kom, maar verbind dit aan die "begin" as hy verwys na Kolossense 1:16: "alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape". Schwarz (2000:390) maak die opmerking: "There is no other goal of creation than Jesus, who as the Messiah enabled this creation to move toward this goal". As Schwarz (2000:370) skryf dat die kerk nou toegelaat word "to anticipate proleptically the new world to come", kom dit voor asof hy van die einde af terugwerk na die hede, maar as hy oor ons hoop skryf, verbind hy die eskatologie aan die begin: God wat die Skepper, Onderhouer en Verlosser is, is bo die tydgebonde wêreld:

> When we give account of the hope that is in us, we can only do so because it has been placed in us from beyond our time-bound world. A tenable hope for the future cannot rest on us but must be warranted by the God who created the world, sustained it, and will redeem it… we approach hope for the future grounded in God (Schwarz, 2000:245).

König (1970) bespreek die vraag: "Wat alles moet ons as eskatologie verstaan?" of "Wat alles in die geskiedenis het 'n eskatologiese karakter?". Hy verwys na die "slothoofstukkarakter" waarvan die eskatologie bevry moet word en beweer dat die *hede* en die *verlede* 'n eskatologiese karakter het. Met die verlede bedoel hy die "ganse geskiedenis" van Christus sedert sy menswording.

In die eerste hoofstuk van sy boek, *Die historiese probleemstelling*, behandel König die vernaamste strominge van die eskatologie sedert die eerste helfte van die twintigste eeu. Hy meen dat dit moontlik is dat hierdie tydperk later bekend sal staan as die eeu van die eskatologie en as dit wel gebeur (König, 1970:19):

> ...sal dit egter nie wees omdat daar besondere duidelikheid en eenstemmigheid oor hierdie leerstuk verkry is nie. Die feit is egter dat hierdie bonte verskeidenheid van standpunte klaarblyklik nie die bybelse visie op die eskatologie tot sy reg laat kom nie. Hieruit (uit sy oorsig) sal blyk dat die verskil so radikaal is dat die eskatologie as 'n dogmatiese leerstuk van vooraf gefundeer en gestruktureer sal moet word.

Uit die "bonte verskeidenheid van standpunte" meen König (1970:165) kom daar twee duidelike tendense wat 'n antwoord vra na vore: By die een tendens word die toekomsverwagting uit die eskatologie verwyder. Daar is nie 'n toekomstige vertikale ingryping van God nie, en die toekomsverwagting word met 'n geestelike of etiese boodskap vir die hede vervang. Die ander tendens, meen König, beklemtoon weer die toekomsverwagting ten koste van die eskatologiese karakter van die hede en die verlede. Hy sê: "Die tweede probleem (tendens) kan die

'slothoofstukkarakter' van die eskatologie genoem word" (Kónig, 1970:165). Volgens König het al hierdie standpunte (die vernaamste eskatologiese beskouings gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu) in gemeen dat hulle die eskatologie willekeurig en op 'n ongeldige wyse beperk tot minder as die ganse geskiedenis van Jesus self.

In König (1970) se studie, *Jesus Christus die Eskatos,* wil hy aantoon dat die Nuwe Testament die ganse geskiedenis van Jesus Christus eskatologies sien, naamlik sy inkarnasie, aardse optrede, kruisiging, opstanding, hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees en die koms van Jesus in die toekoms (wat om praktiese redes as sy "wederkoms" aangedui sal word). König (1970:120) beweer:

> Sodra ingesien word dat die eskatologie die ganse geskiedenis van Jesus insluit, sal die spanning tussen "alreeds" en "nog nie" wegval, die stryd van die vraag waar die sentrum van die bybelse boodskap is, besleg wees, en die eskatologie uit sy isolasie as 'n redelike onbelangrike en onvrugbare slothoofstuk van die dogmatiek bevry wees.

König (1970:187-191) stel tereg dat die uitdrukkings in Openbaring 1:8, 11, 17; 2:8; 22:13 waar Jesus verklaar dat Hy die begin en einde, die eerste en die laaste, en die alfa en die omega is, beteken dat daar 'n besondere verhouding tussen Christus en die ganse skepping is. Die uitdrukking "die begin" moet nie net as 'n tydsverhouding tussen Jesus en die skepping gesien word nie, maar ook as 'n heersersverhouding: Hy, as Here, neem sy skepping met Hom mee en onderhou dit. Dieselfde betekenis lê in die begrip "eerste", wat meer 'n rangorde as 'n tydsorde is. König wys ook daarop dat wanneer na Christus as die "einde" verwys word, dit blyk dat *telos* hier einde en doel beteken en dat dit saamhang met die uitsprake (van veral Paulus) wat Christus as die doel (of doeleinde) van die skepping sien. Christus as die "laaste" word as die beslissende betekenis vir die skepping gesien. Jesus is die Een wat verantwoordelik is vir die skepping en dit as Heerser begelei ("begin" en "eerste"), en dan is Hy die Een wat sy beslissende doel met die skepping bereik ("einde" en "laaste"): Jesus die *Eschatos*.

Die gevolgtrekking van König (1970:191) is dus dat die ganse geskiedenis van Jesus 'n eskatologiese karater het en op die eindgebeure dui.

König (1970:191) reken verder dat die begrip "eskatologie" ook te ruim opgevat kan word (wat selde gebeur) en verwys na Fluckiger (1955) wat "alle openbaringshandelinge van God en gevolglik sy ganse geskiedenis met sy volk in die Ou Testament en Nuwe Testament (Johannes

die Doper) as eskatologie sien". König verklaar dat: "Indien hy (Fluckiger) egter aan *Christus* as die *telos* en die *eschatos* vashou, sal hy insien dat *mislukte* geskiedenis, d.w.s. geskiedenis waarin die doel *nie* bereik is nie (nl. die ganse geskiedenis van Israel in die O.T.) nie eskatologies is nie, juis omdat *Jesus* (wat *nie* misluk!) die *eschatos* is."

Daar is gemeld dat König (1970) verwys na die begrippe in Openbaring 1:8, 11, 17; 2:8; 22:13, wat dui op die *besondere verhouding* van Christus met die ganse skepping (die alfa en die omega), Jesus wat die skepping *meeneem* en ook na die *heersersverhouding* (die begin en die eerste) wat Christus as Here oor die ganse geskiedenis van die geskape werklikheid het. Die beteken dat doel waarheen die *hele skepping op weg* is, sal deur Christus bereik word, maar tog is Israel egter, volgens König, *mislukte geskiedenis*, en daarom kan Christus nie deel van Israel se geskiedenis wees nie, want Christus, wat die *telos* en *eschatos* is, kan nie misluk nie. Die standpunte is moeilik versoenbaar. Dit is verder ook 'n standpunt wat daarop neerkom dat alle openbarings van God se handelinge voor Christus (voor sy geskiedenis as mens), nie 'n eskatologiese karakter het nie. Daarom maak König (1970) 'n onderskeid tussen die *openbaringshandelinge van God voor Christus* se vleeswording en die "*ganse geskiedenis van Christus*": Dit is slegs die "ganse geskiedenis van Christus" wat eskatologies van aard is.

Die betekenis van Jesus se uitsprake oor Homself in Openbaring waarna König verwys, ondersteun eerder die benadering om al God se handelinge eskatologies te verstaan. Christus as Skepper, Onderhouer en Heerser oor die hele skepping is eerder 'n aanduiding dat die ganse mensegeskiedenis, en die openbaringshandeling van God in die lig van die eskatologie vertolk moet word. Ons glo dat God Homself geopenbaar het in Jesus Christus en in Jesus leer ons God ken en moet ons al sy werke vanaf die skepping verstaan. In Jesus, God se Seun word alles saamgevat en is God op pad na 'n volmaakte toekoms (Gen. 3:15; Joh. 1:1-14, 18; 14:7-11; Matt. 11:27; Kol. 1:15-18; Heb. 1:2-3; Op. 1:8, 11, 17; 2:8; 22:13).

In die lig van König (1970) se beskouing dat Israel mislukte geskiedenis is, moet ons ook nie miskyk dat God op 'n besondere manier met 'n *oorblyfsel* in Israel (gelowiges binne die nasionale Israel) gewerk het nie (Gen. 45:7; Jes. 1:9; Hand. 15:15-17; Rom. 9:6-8, 27-29). In Heb. 11 en 12 lees ons byvoorbeeld van die "mense van die ou tyd": "'n groot wolk van getuies" wat vanaf die gelowige Abel (dit is nog voor Israel) getuies van die geloof is. In die nuwe bedeling word dié wat glo die nageslag van Abraham genoem. Daar is 'n mak olyfboom en al is van die takke

afgekap, word die wilde olyfboom daarop ingeënt (Rom. 4 en 11). God is in elk geval magtig om hulle (die afgebreekte takke) weer in te ent. Baie, het Jesus gesê, sal kom van die ooste en die weste en saam met Abraham en Isak en Jakob aansit in die koninkryk van die hemele (Matt. 8:11). Sou ’n mens kon dink dat Christus (God) iewers langs die pad met die “mislukte geskiedenis” (Israel of ’n deel van Israel) afwesig was? König hou nie werklik rekening met die gevalle mens en die mens wat vry is om te kies om God lief te hê nie. Die vraag is: Wat van hulle wat in Christus se tyd, of die nuwe bedeling, kies om nie te glo nie? Is dit nie ook “mislukte geskiedenis” nie?

König (1970:19) meen dat die eskatologie as 'n dogmatiese leerstuk van voor af gefundeer en gestruktureer moet word.

Coetzee (2013:1) se siening oor Christus word gesien in samehang van die eskatologiese hoop. Hy praat van ’n eskatologiese Christus. Hy stel dat die taak van die gereformeerde teologie in die interim tyd tussen die hemelvaart en die wederkoms is om die opgestane, eskatologiese Christus te verkondig en te verheerlik. Coetzee (2013:6) ondersteun König se siening dat die inkarnasie van Christus as deel van die eskatologie gesien moet word, maar dit is veral Barth se mening dat die opstanding die begin van die eskatologie is wat hy beklemtoon. Coetzee behandel in sy artikel die bedreiging wat modernisme in die vorm van kritiese teologie vir die tradisionele siening oor Christus en, in noue samehang daarmee, vir die tradisionele siening oor die eskatologie inhou. In die moderne kritiese benadering word na die verligting teruggegryp en word gesoek na die historiese Jesus. Volgens dié onlangse ondersoeke in die geskiedenis van die evangeliese tradisie is bewyse gelewer wat nie 'n apokaliptiese paradigma steun nie (Coetzee, 2013:2-3). Dit kom daarop neer dat die verwerping van die liggaamlike opstanding van Jesus implikasies het vir die leer van die eskatologie. Sonder die opgestane Christus is daar geen eskatologie nie. Sonder ’n lewende Koning is daar nie ’n Koninkryk nie. Sonder ’n hemelvaart is daar geen wederkoms nie. Coetzee (2013:4) verwys na Spangenberg se benadering wat die gevolgtrekking het dat daar geen hiernamaalse lewe is nie. Dood is slegs die siklus van die lewe en het geen betrekking op sonde nie. Dood is ’n intergrale deel van die funksionering van die kosmos. Coetzee (2013:7) stel dat die eskatologiese Christus is ’n lewende Christus, ’n regerende Christus en die komende Christus. Die begin van die Nuwe Testament teologie is gewortel in die gedagte wat volkome eskatologies is.

Berkhof (1963:666) beweer dat indien die aandag van die eskatologie gevestig word op Jesus se eerste koms, dan is dit: "natural to consider the believers of this dispensation as already, though only in principle, living in the *future age*". Berkhof wys verder daarop dat hierdie beskouing in die Nuwe Testament ondersteun word. Die Koninkryk van God is alreeds teenwoordig, die Heilige Gees is die voorskot van die hemelse erfenis en die gelowiges sit alreeds saam met Christus in die hemel. Alhoewel sommige van die eskatologiese werklikhede geprojekteer word tot die teenswoordige lewe is dit nog nie ten volle gerealiseer nie. Volle realisering geskied wanneer die tyd van die voleinding gekom het. Berkhof (1963:664-666) wys egter daarop dat hy in sý skrywe oor die eskatologie meer die feite en gebeure wat verbind word met die wederkoms van Christus en die kenmerke van die einde van hierdie dispensasie in gedagte het.

Berkhof (1963:665) maak insiggewende opmerkings oor die unieke verhouding waarin die eskatologie tot die res van die dogmatiek staan en by implikasie ook God se bemoeienis met die mens as sodanig:

> Eschatology is the crown and capstone of dogmatic theology. It is the one locus of theology, in which all the other loci must come to a head, to a final conclusion. Dr. Kuyper correcly points out that every other locus left some question unanswered, to which escahtology should supply the answer. In theology it is the question, how God is finally perfectly glorified in the work of his hands, and how the counsel of God is fully realized; in anthropology, the question, how the disrupting influence of sin is completely overcome; in christology, the question, how the work of Christ is crowned with perfect victory; in soteriology, the question, how the work of the Holy Spirit at last issues in the complete redemption and glorification of the people of God; and in ecclesiology, the question of the final apotheosis of the church. All these questions must find their answer in the last locus of dogmatics, making it a real capstone of dogmatic theology.

Berkhof (1963:665) verwys na Hearing (1915:831) wat ook daarop wys dat die eskatologie 'n helder lig op elke afdeling van die dogmatiek werp. In die leer van die eskatologie word, onder andere, *die gemeenskap tussen God en mens volkome gevestig*, en daardeur word die idee van ons godsdiens in sy suiwerheid as 'n perfekte werklikheid voorgestel. Hearing (soos aangehaal deur Berkhof, 1963:665-666) sê: "It must therefore appear at last, in the presentment of eschatology, if not sooner, whether the reality of this communion with God has received its unrestricted due."

Alhoewel Horton (1995:597) die eskatologie onder die titel "The last things" bespreek, wys hy nogtans heeltemal tereg op die eenheid tussen die begin en die voleinding:

> What the Bible says about the last events (theologians often refer to this as *eschatology*) of life and history is not a mere afterthought. Génesis 1 shows that God created according to a plan, a plan that included sequence, balance, correspondence, and a climax. Such things do not happen by chance. Then when Adam and Eve sinned, God gave a promise that the offspring of the women would crush the head of the very serpent that tempted Eve (Gen. 3:15; cf. Rev. 12:9). From that point on the Bible gradually unfolds a plan of redemption with promises given to Abraham (Gen. 12:3), to David (2 Sam. 7:11, 16) and to the Old Testament prophets – promises that point ahead to the coming of Jesus and His ultimate triumph. That is, the whole Bible focuses on the future, a future that is assured by the very nature of God himself.

Horton (1995:599) maak vervolgens 'n belangrike stelling:

> From the beginning God had the last things in mind. It is true that the Bible centers its attention around the first coming of Christ, which accomplished salvation and cause the future to break in on the present in a promissory way. Yet the second coming of Christ, which will bring in the consummation of God's plan and the glory we shall share, is also always in view.

Volgens Möller (1998:1) handel die leer van die eskatologie oor die gebeure van die laaste dae. Dit sluit alle gebeure, vanaf die eerste koms van Jesus na die aarde tot sy wederkoms aan die einde van die wêreld, in. Möller sien Christus en die versoening as sentraal in die begrip van die laaste dae: "The last days comprising the period in which the work of reconciliation begun by Christ on earth and continued by the church, will culminate in his return." Dit sluit die vernietiging van die kwaad op die aarde, die opstanding uit die dood, die verheerliking van die gelowiges, die oordeel van die goddelose en die totstandkoming van die nuwe hemel en aarde in.

By Möller kry ons belangrike opmerkings wat waarskynlik 'n wye perspektief oor die eskatologie gee as hy verwys na Christus se plek in die mensegeskiedenis en van die hele wêreld. Dit ontsluit 'n geheelprentjie van al God se handelinge of openbarings (Möller, 1998:1, 2):

> In order to understand the last days, we first need a clear concept of Christ's place and role in human history. He is the One around whom everything revolves. He guides and controls everything until the end. Not only does eschatology deal with events of that great and illustrious day; it also includes everything that points to, is preparatory to, and which will culminate in the return to Christ. We are dealing here with an endtime dispensation. Each person, but also the entire world, is running a course towards the fullness of time. Everything is under way to reaching a goal and nothing in its present state is permanent or eternal.

Volgens Möller (1998) is die geskiedenis en alle gebeure in die wêreld, soos die Bybel dit sien, deel van een werklikheid en werk dit op na ŉ klimaks teen die einde. God het dit so bestem. Verder, die eindtyd hou nie soseer die voltooiing en die einde van die wêreldgebeure, waar alles tot stilstand kom, voor nie. Nee, dit behels die volle ontplooiing van God se plan met die wêreld. Dan het die volheid van die tyd aangebreek. Dit wys op die toekomstige era wat met die finale einde aanbreek. Deur te fokus op Christus en sy versoening betrek Möller die hele skepping en die geskiedenis van die mensdom daarby. Hierdie opmerkings gee ŉ meer omvattende begrip aan die betekenis van die eskatologie en die eindgebeure. Die eindgebeure moet met ander woorde Christosentries in die konteks van al God se handelinge gesien en geïnterpreteer word – daar is ŉ *groter* prent.

By Du Rand (2013) kom hierdie breëre benadering oor die eskatologie duidelik na vore. Du Rand benader die eskatologie vanuit die *verhouding* tussen God en die mens. Dit is ŉ verhouding wat strek vanaf die skepping tot by die voltooiing, of volmaking in die ewigheid. Sy beskouing voorsien daarom besondere riglyne vir hierdie studie.

In die voorwoord tot sy boek, *Die einde,* skryf Du Rand dat, alhoewel die hoofklem in die bespreking van die eskatologie gewoonlik op sake val soos: die tekens van die tye, die lewe na die dood, die wederkoms van Jesus Christus, die opwekking van die dooies, die finale oordeel, hemel en hel, het hy ook probeer om aandag aan die lewe voor die dood te gee. Dit behels onder andere ŉ eindtydse Christelike lewensingesteldheid, ŉ betekenisvolle eskatologiese leefstyl (etos), die werking van die Heilige Gees en die kerk van Christus gedurende die huidige wêreldgeskiedenis, die hoop gedurende die laaste dae, die eskatologiese plek en funksie van moderne Israel asook die rol of regverdigheid van God in die "onverklaarbare" gebeure wat daagliks plaasvind. Du Rand (2013:21) maak die opmerking:

> 'n Mens sou kon sê die Christelike geloof is geheel en al eskatologies gerig. Eskatologie beskryf die leer oor die laaste dinge, toegespits op die einde van hierdie wêreld en tydsgewrig. Dit behels die afronding en voltooiing van God se werk wat die huidige bedeling op hierdie aarde, soos ons dit ken, betref.

Hoewel bogenoemde stellings dalk nie daadwerklik aandui hoe wyd hy die begrip eskatologie benader nie, verduidelik Du Rand (2013:21), net soos ons ook by Berkhof gesien het, dat die eskatologie nie net ŉ bylaag tot ander teologiese dissiplines is nie. Dit is vervleg met die leer oor God, oor Jesus Christus, oor die Heilige Gees, oor die goue draad van verlossing wat God bewerk

het en sal voltooi, oor die geskiedenis van die kerk deur die eeue, oor die etiek en oor die omgewing. Du Rand sê tereg dat dit nog altyd die gelowige se môre is, sy toekomsgerigtheid, wat betekenis aan die hede gee. Die toekomsgerigtheid is vanaf die skeppingsverhaal duidelik en Du Rand is waarskynlik reg as hy sê: "Die hele Bybel is bladsy vir bladsy eskatologies gerig: God is met sy eie op pad na sy volmaakte nuwe bedeling" (2013:22).

Opsommend

Wat uit die bogenoemde beredenerings duidelik word, is dat die eindgebeure onlosmaaklik aan al God se handelinge met die skepping en die mens gekoppel word, en dat ons alleen rekenskap kan gee van die hoop in ons omdat dit in ons vanaf Bo geplaas is. 'n Houbare hoop vir die toekoms moet gewaarborg word deur God wat in Jesus die wêreld *geskape* het, dit *onderhou* en dit volkome van alle sonde en gebrokenheid sal *verlos.* Dit gaan om die voltooiing van die groter prent van verlossing wat sy loop deur eeue geneem het, wat in die Nuwe Testament groter ontvou het en wat in vervulling gaan in 'n nuwe hemel en nuwe aarde, met 'n ewige saamwees met God met die wederkoms. Die begin sluit aan by die eindgebeure wat die voltooiing van God se handelinge met sy skepping beskryf. Hoop vir die toekoms moet benader en gegrond word op God wat alles geskape het, wat die mens liefhet, wat sy Seun gegee het om vir ons sondes te sterf, wat opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en die Heilige Gees uitgestort het. Die geskiedenis en alle gebeure in die wêreld is deel van *een werklikheid* en werk op na 'n klimaks teen die einde. God het dit so bestem. Die eindtyd moet daarom nie gesien word as 'n gebeurtenis waar alles wat is tot 'n stilstand kom nie. Nee, dit behels eerder die volle ontplooiing van God se plan in Jesus Christus, sy Seun, met die wêreld, want eers dan breek die volheid van die tyd aan.

5.3 ESKATOLOGIE IN DIE GROTER VERHAAL VAN GOD EN SY EIE (MENSE)

Terwyl na God se "eie", of sy "eie mense" verwys word, word erken dat die aarde aan die Here behoort en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarop woon (Ps. 24:1). Met "eie" word egter bedoel mense wat deur die geskiedenis in 'n geloofsverhouding tot God gestaan het (Gen.14:18: Job 1:8; Jona; Heb. 11-12). In die Nuwe Testamentiese konteks praat ons van die

mense wat *glo in Jesus Christus*, wat *wedegebore* is en wat *kinders* van God is (Joh. 1:11-12; 3:3, 36). Johannes 13:1 sê dat Jesus sy "eie mense" in die wêreld liefgehad het tot die einde toe.

Vervolgens sal inleidende verwys word na bepaalde opmerkings van Du Rand (2013) oor twee onderskeidende tydperke in die eskatologie en na 'n verstaansraamwerk om die Bybelverhaal eskatologiese te beoordeel en te verduidelik. Hy verwys verder ook na 'n ekklesiologiese vertrekpunt.

Om die eskatologie vanuit 'n omvattende benadering van God se handelinge te interpreteer, word na die boodskap van die eskatologie in die groter God-en-mens verhaal as vertrekpunt besin. Dit word ook gedoen deur onder meer te let op die Skriftuurlike begronding van hoe God sy plan, sy reis met sy mense na die nuwe wêreld laat ontvou.

In die studie van God se reis met die mens word die wesenlike betrokkenheid van die Heilige Gees duidelik gestel. God se bedoelinge met die mens en sy eskatologiese program realiseer immers deur die werk van die Heilige Gees en daarom word die betrokkenheid van die Gees in die eskatologiese optog van God na sy nuwe wêreld bespreek**.**

Dit word ook duidelik dat die eskatologiese program van God met sy mense na die volmaakte 'n opwindende reis van *hoop* is. Die eskatologie moet dus noodwendig in die konteks van hoop bespreek word. Dit is 'n hoop wat bestaan weens die regering van God oor alle dinge

5.3.1 Inleiding

Die eskatologie word voorhou as 'n reis van God met die mens na 'n volmaakte einde, na sy nuwe wêreld, en word gedoen vanuit 'n konteks wat wyer strek as slegs daardie gebeure aan die einde. Dit gaan met ander woorde oor die groter verhaal van God se bedoelinge met die mens in Jesus Christus.

5.3.1.1 Twee tydperke en drie bakens

Du Rand (2013:22) onderskei tussen drie bakens wat ook as drie ingrypende gebeure gesien kan word in die realisering van die *verhouding* tussen God en die mens. Dié drie ingrypende gebeure is: die skepping, die herskepping (Christus se eerste koms) en die wederkoms (Christus se tweede

koms). Dit is drie gebeurtenisse wat as besondere bakens dien in God se *betrokkenheid* by die mens en sy pad na die finale einde wanneer God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28). Du Rand verklaar (2013:22): "Die hele Bybel is bladsy vir bladsy eskatologies gerig: God is met die mens *op pad* na sy *volmaakte nuwe* bedeling." Du Rand (2013) wys verder daarop dat eskatologie wel op die einde (*eschaton*) dui, maar dat 'n mens na die groter kontoere van die bybelse verhaal ook moet kyk. Die is juis die groter kontoere van die bybelse verhaal wat die eskatologie in 'n *breër perspektief* plaas.

Die genoemde bakens veronderstel twee onderskeidende tydperke in die eskatologie Die eerste tydperk strek vanaf Adam en Eva tot met die koms van die Messias. In hierdie tydperk sien ons die versteuring van die harmonie tussen God en Adam en Eva deur sonde (Gen. 1-2) en die versekering van 'n toekoms waarin die slang vermorsel sal word.

God se toekoms stuur voort deur die verhale van Noag, Abraham, Isak en Jakob waar lief en leed deel van die eskatologiese pad is. Dit bring ons by Moses en Israel wat 'n leidende rol in die proses inneem. God bereik sy doel deur Israel se besondere rol in die geskiedenis. Uit Israel sou die Messias gebore word (Du Rand, 2013:26).

In hierdie *eerste tydperk* word dit duidelik dat God die pad na die finale einde aandui. Du Rand (2013:26) verwys in hierdie verband na:

> ...die *Oorblyfsel*, die herstelde Israel in God se verbond met sy eie. Die spore van 'n nuwe tempel (Eségiël) en Nuwe Jerusalem wys heen na die toekoms. Deur die beeldspraak van die Koningsheerskappy en die Koninkryk word Sion se rol beklemtoon. Die wegvoering van die volk van God in 587/586 v.C. in ballingskap was genoeg om *twyfel* te laat ontstaan oor die *toekoms* van Israel en God se beloftes van Koningsheerskappy in die toekoms. Die toekoms was ernstig bedreig!

Du Rand (2013:56) verwys na dan na die ontstaan van 'n "ballingskap-eskatologie, asook na-ballingskap- en apokaliptiese eskatologie". By apokaliptiese eskatologie kom dit kortliks daarop neer dat dit vir Israel gelyk het of God nie "in hierdie bedeling die nuwe sal laat deurbreek nie" (Du Rand, 2013:85). Du Rand (2013:85, 86) sê ons praat van 'n volk wat in 'n krisissituasie moes oorleef, die hede en die wêreld is pessimisties bejeën en:

> ...alle hoop word dus op God geplaas om in te gryp; – dat God aan die einde wonderbaarlik van buite die huidige geskiedenis sal kom om sy koninkryk te kom

> vestig. In so 'n Apokalips word Goddelike waarheid deurgegee in visioene, drome, Godverskynings, buite-wêreldse reise en tussengangers (dikwels engele). Volgens die Apokalips raak God se oordeel en verlossing die *Oorblyfsel* van die gelowiges terwyl dit by die profete die hele volk Israel raak. Die diepste bedoeling van die apokaliptiese literatuur is om moed te gee en mense in krisis te verseker dat God nog in beheer is en iewers *vorentoe* die uitkoms sal bring. Die toekoms, net soos die hede, is volledig in sy hande.

Hierdie verwagting van die apokaliptiese eskatologie van 'n Goddelike ingryping van buite die geskiedenis is, "nagekom toe Jesus mens geword het om Israel se rol oor te neem. Sy dood, opwekking en hemelvaart is die begin van *die einde*" (Du Rand, 2013:26).

Die tweede tydperk strek vanaf die eerste koms van Christus tot met sy wederkoms. In hierdie tydperk vind ons die *Christusgebeure* van God se eskatologiese *verhouding* met die mensdom op pad na volmaking. Hierby meld Du Rand: "Ook die uitstorting van die Heilige Gees (God het dit lankal beloof {Jes. 44:3; Eség… 39:29; Joël 2:28; Sag. 12:10}) moet eskatologies verstaan word". Du Rand (2013: 26) skryf oor die tweede tydperk:

> Die *nuwe Israel*, God se geloofsvolk volgens Paulus, sit God se veroweringstog voort. Die eskatologiese *nuwe skepping* en *nuwe hemel* en *nuwe aarde* en "nuwe bedeling" het volledig aangebreek, maar nog nie in volmaakte vorm nie. Eers by Christus se wederkoms breek die volmaakte aan en word die *Nuwe Jerusalem* betrek (Op. 21-22).

Ons het daarop gewys dat Du Rand (2013) van mening is dat daar na die groter kontoere van die bybelse verhaal gekyk moet word. Die groter kontoere van die bybelse verhaal plaas eskatologie in 'n breër perspektief. Du Rand wys daarop dat baie teoloë na die beste van hulle vermoëns die eskatologiese verwysings in die Bybel probeer uitlê. Elke interpretasie bevat gewoonlik 'n wesenlike waarheid. In dié noodsaaklike, moeisame en nederige taak is dit belangrik om eers die geheelbeeld te verstaan en om daarvandaan die dele uit te lê. Du Rand maak die opmerking dat ons reeds in die skeppingsverhale duidelike verwysings kry na God se verlossing wat in die hede plaasvind, maar ook tog na 'n klimaks in die toekoms opwerk. 'n Eskatologiese en saambindende goue draad vleg deur die geskiedenis van Israel en die profete tot by die menswording van Jesus. "En dieselfde goue koord lei die gelowige na God se volmaakte afronding" (Du Rand, 2013:31). God verlos sy mense keer op keer, maar verseker hulle dan ook van 'n volmaakte toekoms wanneer *die einde* aanbreek. Du Rand beklemtoon God se verheerliking: "en dat die harmonie tussen God en mens enduit moet lei na die volmaakte heerlikheid wanneer Christus weer kom.

Ons sou dit ook die *God-en-mens-verhaal met ŉ definitiewe Goddelike toekoms* kon noem" (Du Rand, 2013:31).

Wat belangrik in die verband is, is dat ons op ons reis in die geskiedenis van die God-en-mens-verhaal die geheelbeeld moet verstaan. Die mening is dat daar in al God se handelinge duidelike bedoelinge gevind kan word.

5.3.1.2 ŉ Verstaansraamwerk van die Bybelverhaal en ŉ ekklesiologiese teologiese vertrekpunt

Vir Du Rand (2013:35-36) is ŉ verstaansraamwerk belangrik om eskatologiese sake te beoordeel en te verduidelik.

5.3.1.2.1 ŉ Onthullende eskatologiese lees

Die eerste beginsel wat die bybelse eskatologie sal oopvou, is ŉ o*nthullende eskatologiese* lees van die bybelse boodskap. Volgens Du Rand behels dit dat kennis geneem sal word van die gesonde spanning tussen die *alreedse* deurbraak van die Koninkryk van God deur die Jesusgebeure en die *nog nie* van die toekomstige aanbreek van God se volmaakte heerskappy. Die Ou Testament se verwagting van hoop vir die volk van God gaan in vervulling in Jesus se eerste koms, maar die volmaakte sal eers met die wederkoms aanbreek. "Die *alreeds* en die *nog nie* is aspekte van God se een groot verlossingsdrama met die mens in sy leefwêreld" (Du Rand, 2013:36).

5.3.1.2.2 ŉ Historiese fundering

Die tweede beginsel is geleë in ŉ *historiese fundering* van die bybelse eskatologie. Hiermee word bedoel dat Israel se geloof geanker was in die oortuiging dat God die *beloftes* wat Hy gemaak het in vervulling sal laat gaan in die geskiedenis met 'n spesifieke doel voor oë. Du Rand (2013:36) wys daarop dat: "In haglike omstandighede het God die eksodus van bevryding laat plaasvind. Israel is deurgaans *herinner* aan God se *hoopvolle toekoms*. Die dag van die Here en die koningskap van Dawid sou kragtige oorleweringe word in die eskatologiese *ketting* van God se *beloftes*. Dit is vervul in die historiese menswording van Jesus. Die Messias sal weer kom om

die dood te vernietig (I Kor. 15:26). Jesus se wederkoms sal letterlik en histories vir almal sigbaar wees (1 Tess. 4)".

5.3.1.2.3 Die Immanuel-werklikheid

Die derde beginsel in die verstaansraamwerk van die eskatologie is die *Immanuel-werklikheid*: "*Jesus Christus* bring die bybelse geskiedenis en bybelse teologie by mekaar uit deurdat *Hy* die eskatologiese *middelpunt* van die Ou en Nuwe Testament geword het" (Du Rand, 2013:36).

Du Rand meld dat bybelse eskatologie die verhaal vertel van God se *verlossingspad* (ons het al vroeër verwys na 'n soortgelyke mening van Möller [1997]) met die mens en die heelal. Die Ou Testament vertel van God se verlossingsdade rakende Israel. Hy het telkens sy volk op die *toekoms* gewys. "Die optredes van Abraham en Moses spel in dade God se eskatologiese bedoelinge met Israel uit, Israel was deurgaans bewus van God se toekoms vir hulle" (Du Rand, 2013:37).

God se verlossingswerk en sy besondere verhouding wat Hy daardeur met die mens bewerkstellig het, is tereg die middelpunt in die geskiedenis van die mensewêreld. Die eskatologie speel binne dié God-perspektief af – *God die Vader en die Seun en Heilige Gees wat met die mens op 'n verlossingspad is.* God kom na die mens in *Jesus Christus*. "Christus se menswording, verheerliking en opwekking rond die Emmanuel-werklikheid, *God met ons*, af. Die hoogtepunt van die *Immanuel-werklikheid* is ongetwyfeld Jesus Christus se wederkoms" (Du Rand, 2013:36-37).

5.3.1.2.4 Die ekklesiologiese teologiese interpretasiebenadering

Die laaste beginsel in hierdie verstaansraamwerk fokus op Israel as volk van God in die Ou Testament wat oorgegaan het in die *kerk* as die *nuwe geloofsvolk* van God. Miskien is Du Rand se verbintenis tussen die nasionale Israel en die kerk te direk en moet eerder gestel word dat die gelowiges uit Israel oorgegaan het in die kerk as die nuwe verbondsvolk van God. Du Rand (2013:45) meen dat die *ekklesiologiese teologiese* benadering die groter eskatologiese prentjie in ag neem. God berei vir hom 'n heilige volk voor as eiendom deur met die gelowiges van die ou en nuwe bedeling 'n pad na vervolmaking te loop (Deut. 7:6; 26:18-19; Joël 2:16; Sef. 3:10; 1 Pet. 2:9; Op. 1:5-6; Matt. 16:18; Rom. 9-11).

In die verstaan van die ekklesiologiese benadering is dit nodig dat die posisie van Israel as volk eers uitgeklaar moet word.

Du Rand (2013:44-45) wys daarop dat toe die stamme van Israel byeengekom het (waarskynlik by Sinai), was hulle allermins 'n volk, maar eerder die somtotaal van verskillende stamme. Hy (Du Rand, 2013:44) verklaar verder:

> Dit was 'n *religieuse gemeenskap* met 'n bepaalde doel en rol om te vervul. Israel se *identiteit as religieuse instrument* was 'n belangrike deel van God se Ou Testamentiese eskatologie. Slegs 'n oorblyfsel van die nasie Israel sou God se toekomstige eskatologiese oordeel vryspring (vgl. Am. 3:12; 5:15). Jesaja bevestig dat *geloof* in Jahwe die enigste maatstaf van redding vir die Oorblyfsel is (Jes.7:9).

Du Rand sê dat Jesaja Israel nie primêr as 'n *etniese of politieke eenheid* gesien het nie, maar as God se religieuse instrument in sy wêreld. Eségiël, terwyl hy self na Babilon verban was, het in 11:18-21 gewys op die totstandkoming van 'n nuwe geestelike Israel. Du Rand meen dat die teruggekeerde Israel verstaan moet word as 'n *religieuse gemeenskap rondom die tempel* (vgl. Joël 2:32; Sef. 3:12; Jer. 31:1-34; Eség… 11:16-21). Hulle is die begunstigdes of uitverkorenes van die *nuwe verbond*. "Die verbond is die eskatologiese en teologiese raamwerk waarbinne die Ou Testamentiese profesieë gelees en verstaan moet word" (Du Rand, 2013:44). Du Rand verduidelik dat God se eskatologiese plan met Israel (teologies gesien vanaf die verbonde wat God gesluit het) uitloop op die koms van die Messias en die Messias berei weer die weg vir die finale einde voor wanneer Christus weer kom (Matt. 16:18; 13:41).

Die ekklesiologiese teologiese interpretasiebenadering wil sien dat God in die wêreldgebeure en geskiedenis besig is om deur sy versoeningswerk 'n geloofsgemeenskap, die kerk, voor te berei. 'n Aanhaling van Möller (2013:1) sluit hierby aan:

> Die doel van God se versoening in Christus is om uit die smeltkroes van hierdie wêreld vir sy Seun 'n liggaam voor te berei om saam met Hom die ewige erfdeel van God te verkry. Met ander woorde, die sigbare hemel en aarde met alles wat daarop is, is die milieu waarin die Here die gelowiges vorm tot die liggaam en uiteindelik die bruid van Jesus Christus om in volmaaktheid altyd by Hom te wees. Die wêreldgeskiedenis staan in diens van hierdie waarheid en kom tot 'n einde wanneer die getal van die bruid van die Here sy volheid bereik. Dan breek die volmaakte aan waar God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:26).

Wat Israel betref, verklaar Möller (2013:2, 3):

> ...is dit nodig om duidelik te onderskei tussen uitverkore met die oog op ’n sekere taak, en uitverkore met die oog op saligheid. Israel was uitverkore met die taak om die Messias voort te bring soos aan hulle belowe is, en wat uitdrukking gevind het in die verbond van die besnydenis. Om die taak te vervul, wou God ook hê dat hulle Hom sou dien en in Hom sou glo. Diegene wat dit gedoen het, het guns by God ontvang in dié sin dat hulle ook as uitverkorenes van God gesien is met die oog op saligheid.

Paulus maak ’n onderskeid tussen Israel as ’n etniese of politieke eenheid en Israel as gelowiges in Romeine 9:8: “Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat kinders van die vlees is nie,” en in 2:28-29: “Want nie hy is ’n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is ’n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is die van die hart, in die gees – -“.

Die religieuse gemeenskap rondom Christus bestaan uit gelowiges uit Israel en die kerk en hulle word in Galásiërs 6:15 na verwys as “’n nuwe mens” en in 16:6 as “die ware Israel”. Dié wat in Hom *glo* (Gal. 2:16; 3:22; Rom. 1:17; 3:22), wat aan Hom verbonde is (Gal. 3:28-29; Kol. 2:9-12; 2 Kor. 6:16), is die lang verwagte of beplande *geloofsgemeenskap* (Ef. 1:4-5, 11; Rom. 8:29; 9:4-8; Kol. 1:12-20; 1 Pet. 2:9). Deur geloof in Christus word mense losgekoop sodat hulle die aanneming tot kinders kan ontvang. “En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!” (Gal. 4:6). “As julle aan Christus behoort is julle nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (Gal. 3:29).

Die finale openbaring van die *gemeente* van God geskied met die wederkoms wanneer hulle in ’n oomblik, in ’n oogwink verander sal word en so altyd by die Here sal wees (Rom. 8:18-30; 1 Kor. 15; 1 Tess. 4:17; Joh. 14:2; 17:28; Op. 7:9-17; 21:7; Jer. 31;33).

Du Rand (2013) se opmerkings in verband met ’n bybelse en verwante eskatologiese perspektief kan tweeledig uitgespel word: 1) die Ou Testament word nie genoeg in eie reg ontleed en verstaan as eskatologiese onderbou van die Nuwe Testament nie en 2) die *sorg van die lewende God* strek vanaf sy skeppingsgebeure en vloei tot die toekoms in.

5.3.2 Die ontdekking van die boodskap van die eskatologie in die groter God-en-mens-verhaal

Na aanleiding van gedeeltes soos onder andere Johaannes 1:1-14 en 2 Korintiers 4:6 is die navorser van mening dat wat nou in die nuwe bedeling ervaar word asook die hoop in die

toekoms teruggeneem kan word na die eerste bladsy van die Bybel (Gen. 1:2). Hieruit spruit die gedagte voort dat in die groter verhaal van God moet dit noodwendig oor ŉ *boodskap,* oor *goeie nuus* vir die mens gaan.

Hierdie omvattende perspektief van die eskatologie word in die openbaring van God in Jesus Christus gevind (Joh. 1:1-12; Ef. 1:3-5; Kol. 1:15-20). Dit beteken dat die eindgebeure gesien moet word in die lig van God se ewige bedoelinge met die mens. In die navorsing word geglo dat die skepping en al God se handelinge deur die eeue heen gebeure is van sy liefdesbedoelinge wat in en deur Jesus Christus gaan uitloop op die nuwe hemel en aarde, die nuwe Jerusalem en die ewige saamwees met Hom (Ef. 1:4-5, 11; Rom. 8:29; 2 Tess. 2:13; 2 Pet. 3:13; Op. 21:2). Dit bring mee dat die volmaking of voleinding verlig word uit die verlede en die hede. Aan die ander kant kry die verlede en die hede besondere betekenis in die lig van die voleinding. Die verwagting is dat dié benadering ŉ *geheelbeeld* van die God-en-mens-verhouding sal uitbring. Dit verlig die *op pad-wees* van die mens saam met God in Christus Jesus en die Heilige Gees, en die boodskap behoort baie opwindend te wees: God is met sy mens *op pad* na die *volmaakte.* Dit is ŉ reis van *hoop* in 'n donker wêreld.

5.3.2.1 Die boodskap, "die goeie nuus", is vanaf Genesis

Openbaring 14:6 en 7 wys op 'n *ewige evangelie* en sluit aanbidding in wat op die Skepper gerig is:

> En ek het ŉ ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ŉ *ewige evangelie* om te verkondig aan die *bewoners van die aarde* en van die nasies en stamme en tale en volke. En hy het met ŉ groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Paulus haal in Romeine 10:15 aan uit Jesaja se boodskap vir die volk in ballingskap: "Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat die goeie tyding bring" (Jes. 52:7). Hy bring dit in verband met geloof in die opstanding van die Here Jesus en redding (10:6-7, 9), en sê: "Elkeen wat die Naam Here aanroep, sal gered word" (10:13). In sy boodskap van die redding van heidene sluit hy aan met die *"evangelie verkondiging"* aan Abraham: "En die Skrif wat *vooruit gesien het* dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooruit aan Abraham die *evangelie verkondig* met die woorde: In jou sal

al die volke geseën word, sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham" (Gal. 3:8-9).

Die skrywer van Hebreërs haal die boodskap ook ver terug. Hy verwys na die Sabbatsrus wat oorbly vir die volk van God (4:9). In die konteks waarin die sabbatgedagte gebruik word, kan 'n lyn getrek word vanaf die skepping tot aan die einde. Hy maak die Sabbatsrus van toepassing op Israel se intog in Kanaän (4:3) en dan maan hy weer sy *lesers* dat, terwyl die belofte om God se rus in te gaan nog standhou, dit nie later moet blyk dat een van *ons* sal agterbly nie (4:11). Hy maak die vergelykende stelling: "Want aan ons is *die evangelie ook verkondig net soos aan hulle*: maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met geloof verenig was nie" (4:1-2). Hebreërs 4:6-7 (1983) sê:

> Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus in gegaan nie, maar vir sommiges bly die moontlikheid bestaan om in sy rus in te gaan. God het immers weer 'n dag bepaal, naamlik 'vandag', wanneer Hy, soos reeds voorheen aangehaal, soveel later by monde van Dawid sê: 'Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie'.

Ellingworth en Nida se kommentaar oor die terme "die evangelie" of "goeie nuus" wat gebruik word vir Israel met hulle uittog uit Egipte, en vir ons vandag, is onder meer: "The comparison may then be translated as 'we heard the Good News about the rest in the *same way* that they heard about it'" (Ellingworth and Nida, 1985:74). Hulle meen dat die woorde in vers 6, "die evangelie eers verkondig", ook vertaal kan word met: "what God had promised them" of ook: "the message about being able to rest" (1985:79). Met ander woorde, die evangelie aan Israel, of die belofte aan hulle van Kanaän, word verbind met die Sabbatsrus en ook word dit in korrelasie gebring met die evangelie van Jesus, en so kry hierdie teks 'n eskatologiese karakter.

Die begin van Génesis, naamlik: "dit was *donker* op die diep waters, maar die Gees van die Here het oor die waters gesweef. Toe het God gesê: 'Laat daar *lig* wees!' En daar was lig" (1:1-2, 1983) blyk ook 'n aanduiding te wees dat die Bybel met goeie nuus begin en dat dit dan voortsnel tot in die nuwe wêreld. Johannes het in sy evangelie ook hierdie tema van duisternis (1:6) en in Christus is die lig en die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie (1:1-10; kyk ook 3:19). In Openbaring 21:23; 22:5 het die nuwe Jerusalem die son en die maan nie nodig nie, want die Here sal dit self verlig met sy heerlikheid. In 2 Korinthiërs 4:6 sê Paulus:

“God wat gesê het: Laat daar lig skyn uit die duisternis, het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal”.

Stellig kan die boodskap van oorwinnende goeie nuus ook in die *herhalings* in die skeppingsverhaal gevind word*:* “toe sien God dat dit goed was” (Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25) en in die slotopmerking: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed” (1:31).

Genesis het die nuus dat God met die skepping die mens na sy beeld, na sy gelykenis, gemaak het en dié goeie nuus het met die koms van Jesus, sy dood en opstanding, en met die koms van die Heilige Gees ŉ nuwe dimensie bereik. In Romeine 8:29 sê Paulus dat ons bestem is om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat die Seun broers kan hê. In 2 Korinthiërs 3:18 hoor ons dat ons al meer verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word. 1 Petrus 1:3-5 en 2 Petrus 1:3-4 vertel van die nuwe lewe en Goddelike natuur waaraan ons deel gekry het. By die wederkoms vind ons die volmaking van hierdie boodskap: 1 Johannes 3:2 leer dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.

5.3.2.2 Die evangelie – 'n verborge plan deur Jesus uitgevoer, maar nog steeds 'n geheimenis?

In die “ewige evangelie” is daar nog steeds 'n verborgenheid. Daar is vroeër na ŉ eskatologiese denkraamwerk verwys wat aangetoon het hoe die bybelse eskatologie van die begin van die bybelse boodskap oopvou. Die evangelie vra ŉ o*nthullende eskatologiese* lees van die bybelse boodskap. In die eskatologiese program vind ons die ontvouing van die bedoelinge van die Almagtige God met sy skepping, maar steeds kyk ons deur 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld (I Kor. 13:12).

Paulus sê dat wat geken kan word van God in die mens geopenbaar is: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid” (Rom. 1:20, kyk ook Ps. 8 en 9; Hand. 14:17; 17:24-27). In Hebreërs 1 lees ons dat God baie keer en op baie maniere gepraat het, maar tog is dit egter die evangelie van die onnaspeurlike rykdomme van God wat eers in Christus ten volle openbaar word. Wanneer Paulus die *geheimenis* van God verkondig, sê hy onder meer vir die Jode: “ook

mense wat nie Jode is nie, (word) saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook deel aan wat God belowe het" (Ef. 3:6, 1983). Hy noem dat dit gaan oor die rykdomme van die heerlikheid *in Christus* (Kol. 1:26-29; 4:3; Ef. 1:9-11, 17; 3:8-12). Dit is 'n insig van die geheimenis van Christus wat, sê hy: "Nog nooit te vore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie" (Ef. 3:5, 1983). Dié onpeilbare rykdom van Christus wat Paulus verkondig is 'n *eeue oue* geheim, dit kom van die skepping af:

> Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy *verborge plan uitvoer* nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het. Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewig af al voorgeneem het om deur *Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring* (Ef. 3:9-11, 1983).

In Kolossense verwys Paulus ook na die geheimenis wat *eeue en geslagte lank verborge was*, maar nou geopenbaar word aan die mense wat aan Hom behoort (1:26). Hy sê dat God besluit het om aan hulle bekend te maak hoe *seënryk* en *heerlik* hierdie geheimenis vir die mense is: "Die inhoud daarvan is: Christus in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid van God" (1:27).

In die Ou Testament is mense opgeneem in God se program, maar hulle het steeds *vooruit* gekyk na 'n beter toekoms en daarvolgens geleef (Heb. 11:13-40). Daar was altyd 'n *groter* vervulling van God se beloftes in die vooruitsig, maar die volle omvang van God se beloftes, en hoe om daar uit te kom was bokant hul begrip en het onmoontlik gelyk (Gen. 45:7-8; Eks. 4:1; 5:21; 14; Num. 14). Die verre toekoms is ook nie aan hulle geopenbaar nie (Ef. 3:9; 3-5; 1:9-11). Dit was nie vir Abraham moontlik om regtig die toekoms in God se beloftes "en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3) te verstaan nie. Tog het Abraham wel geglo dat hy die vader van baie nasies sou wees. Hy het geglo dat God die dooies lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie roep asof hulle bestaan (Rom. 4:7). Hy moes iets verborge, iets van die nuwe wêreld, gesien het as die skrywer van Hebreërs van Abraham sê: "Want hy het 'n stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is" (11:10). Jesus het aan sy dissipels gesê: "Salig is die oë wat sien wat julle sien; want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie" (Luk. 10:23-24).

In die Nuwe Testament het dit wat in die "verte" was (Heb. 11:13) in Jesus Christus "naby" gekom (Mark. 1:15; Matt. 12:28; Gal. 4:4-6), maar aan die ander kant bly daar nog steeds 'n "verte" (2 Kor. 3:18; Mark. 14:25). "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en ons sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is" (1 Kor. 13:12; vergelyk ook 2 Kor. 4:18; 5:7; Rom. 8:25; Heb. 11:13-14).

Alhoewel die bedekking in Jesus weggeneem is, bly dit steeds bo ons vermoë om oor die wonder van die volmaking te praat. Die woorde en begrippe waarmee ons die *einde,* of is dit die *"begin"*? benoem, laat 'n mens soms ongemaklik voel: Kan iemand die *nuwe* en *ewige saamwees* met God beskryf? Ken ons God regtig? Weet ons iets van die volmaakte werklikheid en iets van God se "tuiste"? Dit het duidelik geword dat ons beslis 'iets' weet, maar nie 'alles' nie. Daar is reeds daarop gewys dat, in die begin, die Tuin van Eden in 'n sin God se "adres" geword het, maar hoe gaan die "adres" in die volmaking wees? Dit is alles in die boodskap van die eskatologie – die goeie nuus dat God ons iets gun van wat Hyself is en iets van ook die liefdeseenheid wat daar in die Drie-eenheid is.

Die eerste koms van Jesus en die gebeure wat daarmee saamgaan, getuig dat baie van God se heerlikheid *alreeds* in sy kinders gerealiseer het (Ef. 1; Rom. 6; 2 Pet. 1). Schwarz (2011) verwys na die *alreeds* as 'n "byvoorbaat" lewe van die ewige. Dit raak gelowige se saamwees, hulle vieringe van hulle nuwe lewe en aanbidding, en alle fasette van hulle lewe. Schwarz verwys na die einde as die "nuwe wêreld". Terwyl Du Rand (2013:49, 107, 221) na die *alreeds* verwys, praat hy met die idee van "voltooiing", maar wat na die verskyning van Jesus in sy heerlikheid verwys hy as die "volmaking".

Die gelowige kan dit moeilik vind om die omvang van die wonderlike *alreeds* van God te verstaan, te glo en deur die Heilige Gees as individue te ervaar. Dit is ook moeilik om die werklikheid wat Christus vir sy kerk berei het gemeenskaplik uit te leef (Rom. 6:1-14; 8:31-39; 1 Kor. 12; 2 Kor. 2:14-17; 3:16-18; 4:6-7; Kol. 2:9-15; 3:1-3; Fil. 3:10-14; Joh. 14:14-18; 16:13-15; Op. 2-3). De Smidt (2012:2) sê oor die opstanding van Jesus (die inbreek van God se *nuwe skepping* in hierdie ou skepping) dat die Evangelies eintlik vertel van God se "nuwe Genesisverhaal, skeppingsverhaal", wat toe begin het: "Jesus was voorwaar die nuwe tuinier wat God se nuwe wêreld in hierdie ou wêreld kom inspit het. God se nuwe wêreld gaan met die wederkoms tot volle ontplooiing kom."

In die Ou Testament was God se reis met sy mense na die Beloofde Land dikwels in die weegskaal, want die volk was beperk in hulle begrip van God en hulle geloof het hul dikwels in die steek gelaat. In Dawid se ontmoeting met Goliat sien ons dat hy, in teenstelling met Saul en die leër van Israel, iets verstaan het van die Emmanuel teken en God se goedheid (1 Sam. 17).

In die brief aan die Efésiërs vertel Paulus dat hy gedurig vir hulle bid (1:16, 3:14). Hy bid tot God dat hulle ten volle die omvang van die heerlikheid van God kan *begryp* en innerlik deur sy Gees versterk kan word. Hulle moet iets kan *verstaan* van die rykdom van sy *wysheid*, die *hoop* wat sy *roeping* inhou, die rykdom van sy *erfenis* en die geweldige grootheid van sy *krag* wat Hy uitoefen in hulle wat glo. Hoe meer ons op die reis die heerlikheid, die *alreeds ontdek* (3:18-19), hoe groter word die heerlikheid van God in ons wat glo (Ef. 1:16-23; 3:9-11; 14-21). Maar dit lyk of Paulus wil sê dat die *alreeds* self bo ons begripsvermoë lê: "..... En die liefde van Christus te ken wat die *kennis oortref* ("wat ons verstand te bowe gaan", 1983), sodat julle *vervul* kan word tot al die *volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk*" (Ef. 3:19-20).

Die *ervaring* van God se heerlikheid in die *alreeds* is baie anders as die mens se gewone gang in die lewe. Dit is 'n ontdekkingsreis om daagliks saam met God te leef, om deur die Heilige Gees aan die hand geneem te word (Rom. 8:14-17; 14:17; 15:13; Gal. 5:18, 22; 1 Kor. 2:12 Ef. 1:17-23; 3:16-19; 2 Tim. 1:7).

Alhoewel ons sê dat die heerlikheid van die hede 'n lig werp op die toekoms en dat die hede verlig word deur die verwagting van die volmaakte blyk die heerlikheid van die boodskap van die einde nog 'n verborgenheid, nog 'n groot ongekende heerlikheid, te wees. In 1 Korinthiërs 2:9 lees ons: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie, dit wat God berei het vir die wat Hom liefhet". Ons gaan nog ontdek wat God alles in Openbaring 21:7 bedoel as Hy sê: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees".

In Openbaring 21 en 22 poog die Bybel om op 'n manier iets te sê van die "onuitspreekbare" waarin ons tog iets kan aanvoel en verstaan (Möller, 2013:6). Dit wil die nuwe woonplek en saamwoon met God beklee met dit wat vir ons bekend is. Met 'n "skrefieblik" op die volmaking is die boodskap van die eskatologie groot, maar nog steeds 'n "geheimenis" of "raaisel" (1 Kor.

13:12; 2:3:18). Johannes skryf: “Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is” (1 Joh. 3: 2, 1983).

Die boodskap van die evangelie is ’n boodskap van die eskatologie en dit bly egter ’n boodskap van *geheimenisse*. Dit is ’n boodskap van die “alreeds”, maar ook van die toekoms en dit dui op meer as 'n spesifieke tyd en plek in die verskiet. Dit is die nuus van *God*, die *Almagtige*, en sy mense *op pad* na ’n *volmaakte saamwees*, na 'n *nuwe wêreld*.

5.3.2.3 Skeppingsbedoeling

Die oortuiging is dat dit in die breër benadering van die eskatologie gaan oor 'n onthulling en ontvouing van die bedoeling van God met die mens en die skepping. Hierdie skeppingsbedoeling van God met die mens behels onder meer, soos reeds na verwys is, dat Hy iets van wat Hyself is aan die mens *gun* en met hom *deel*, veral die *liefdesverhouding* en eenheid wat daar tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan (Gen. 1; Joh. 1; 17; 3:16). Die Drie-enige God reik in Jesus Christus uit om ons *deel van Homself te maak* (Joh. 3:16; Rom. 8:15-17, 29-30; Luk. 15:31; 1 Joh. 1:3; 2:5, 24; 4:12-16; Kol. 3:10).

Met die woord “skeppingsbedoeling” word gepoog om aan te dui dit dat meer is as bloot ’n besluit van God. Dit is 'n saak van sy hart waarin Hy Homself verweef (Gen. 2:26, 31; Jer. 31:33-34; 32:40-41; Hos. 6:3,6; 11:8; Hand. 2:24-26; Rom. 8:31-39; in Job 42:3 {Bybel, 1983} lees ons van die “bedoelinge” van God). God *ontledig* Hom in *liefde* vir die mens wat Hy na sy beeld maak; die mens wat 'n gevangene van die sonde en die dood geword het (Jes. 53; Joh. 3:16; 1 Jon. 4:9; 2 Kor. 8:9; Fil. 2:6-8; Joh. 8:34-36; Rom. 3:10-18, 23; 6; Ef. 2:1). God het die wêreld só *lief* dat hy sy Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, en saam met Hom ons alles genadiglik skenk (Joh. 3:16; Rom. 8:32). Deur sy kruisdood het Hy ons losgekoop van ons nietige lewenswandel, sodat ons as sy kinders aangeneem kan word om in ewigheid saam met Hom te wees (Gal. 3:13; 4:5-6; 1 Pet. 1:18-19; Joh. 14:2-3; 17:24).

5.3.2.3.1 God se ewige voorneme om in Jesus Christus uit te reik na die mens

Die eskatologiese reis met die skepping is die Drie-enige God se ewige voorneme in Jesus Christus (Op. 4:8-11; 10:6-7; Kol. 3:10; Hos. 11:1-4; Rom. 5:8-10; Tit. 3:3-4; Joh. 17:23, 24, 26;

1 Joh. 3:1, 16). Dit gaan hier om aan te dui dat dit 'n ewige voorneme is en daarmee saam vind ons die sentrale posisie van Jesus in God se "uitreik". Vir 'n interpretasiebenadering word heil van God soms vanuit 'n verterkpunt in term van "Christosentries" of anders "Christologies" uitgelê (Möller, 1998:75; Du Rand, 2013:45).

In Kolosse het dwaalleraars die gemeente in hulle leer waarin hulle belangrike funksie aan geestelike magte toegeken het, verwar (hoofstuk 2). Robertson Nicoll (1970, 3:502) sê dat Paulus in Kolossense 1:15-21: "… aim (is) to refute the false doctrine, according to which angelic mediators unsurped the place and functions of the Son in nature and grace". In Paulus se lering beskryf hy die ewige oppergesag van Christus in die skepping en in die kerk:

> Die Seun is die beeld van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, ook die engele op die troon, en al die geestelike magte. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen (Kol. 1:15-20, 1983).

Wanneer Paulus in Efésiërs 3:9-11 (1983) van die verborgenheid van die onnaspeurlike rykdom van die evangelie in Christus skryf, sluit hy by hoofstuk 1:3-11 aan. Die saligheid is 'n ewige voorneme van God se liefde en wysheid en dit in Jesus Christus tot uitvoering te bring:

> Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue heen geheim laat bly het. Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan die bose magte in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, onse Here, tot uitvoering te bring.

In 1 Korintiërs 8:6 het ons 'n verder "voor-skeppingverwysing" omtrent Christus: "… daar (is) een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe".

As Paulus in Romeine 11 die ontferming van God oor die mensdom (die heidennasies en vir Israel) besing, gebruik hy onder meer gedeeltes in Jesaja en Job wat spreek van verwondering oor God se skepping. (Jes. 40:13 en Job 41:1):

> O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! (Rom. 11:33-36, 1983).

Johannes trek in sy evangelie 'n lyn vanaf die skepping na Jesus se menswording en die saligheid van die mens deur Jesus Christus. Almal wat in Hom glo, het Hy die reg te gee om kinders van God te word (1:12). Johannes het verklaar:

> Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was die *lewe*, en die lewe was die *lig* van die mense. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan (1:3-4, 9).

Die skrywer van Hebreërs wys ook in hoofstuk 1:1-14 op die verhewe posisie van die Seun: Deur Hom het God die wêreld geskep en Hom erfgenaam van alles gemaak en: "Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle ding deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel" (1:3, 1983). In die gedeelte is die eskatologiese lyn wat deur die Ou Testament na die Nuwe Testament loop ook duidelik. Ellingworth en Nidia (1983:14) sê: "Verses 5-14 consist almost entirely of quotation from the Old Testament which are used to illustrate the fact that God has given the Son greater authority than angels".

5.3.2.3.2 God se bedoelinge met die mens – sy liefde vir die mens

Johannes maak die stelling: "God is liefde" (1 Joh. 4:8), en dan verklaar hy in die volgende vers: "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur hom kan lewe".

As die Bybel vanaf die eerste bladsy *eskatologies gerig* is, en ons leer dat God met sy skepping *op pad* is na 'n *toekoms, die nuwe wêreld*, en sy mense daarheen *begelei*, dan moet dit ook duidelik wees dat ons van die begin af gekonfronteer word met God se *liefde*, anders gestel: God se *goedheid en guns* wat eendag sal uitloop op die volmaakte vervulling van sy liefde.

Die studie wil die Bybel sien as 'n verhaal van die openbaring van God wat uit sy liefde deur Jesus die mens skep (Kol. 1:15-20; Ef. 1:5, 11; Joh. 17:23-24; 1 Pet. 1:20), uit sy liefde vir die mens ruimte naas Hom gee (sy kinders maak {Ef. 1:5; Rom. 8:15}; sy bruid maak {Jes. 54:4; Op. 21:9}) en van dit wat Hyself is, wil Hy van die begin af aan die mens gun en met hom deel (Ef. 1:3-4; Luk. 15:31; Joh. 17:22-26; Rom. 8; Heb. 2:9-10).

5.3.2.3.3 Die "vreemdheid" van Jesus se koms – van die liefde van God

Ons het daarop gewys dat Johannes verklaar dat met die koms van die Skepper na sy eie mense, sy eiendom Hom nie geken het nie en Hom nie aangeneem het nie (1:11).

Toe Jesus by Saggeus, 'n hoof van die tollenaars, tuisgegaan het, het die mense daaroor gemurmureer. Jesus het daarop geantwoord: " – die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:10). Toe die Fariseërs en die skrifgeleerdes teen Jesus se uitreik en ontvangs van sondaars beswaar gemaak het (Luk. 15:2), het Jesus deur drie gelykenisse (die afgedwaalde skaap, die verlore muntstuk en die verlore seun) sy gesinheid vir die wêreld beskryf. In die eerste twee gelykenisse doen die mense groot moeite en sorg om hulle verlore eiendom te vind en vier dan saam met vriende fees omdat hulle dit gevind het. Jesus het dit toe op Hom van toepassing gemaak: "Ek sê vir julle: Netso sal daar ook *blydskap* in die hemel wees oor *een* sondaar wat hom bekeer" (15:7, 10).

In gelykenis van die verlore seun wat sy pa se besittings deur losbandigheid verkwis het, word God se gesindheid nog duideliker. Jesus hou hierin 'n eerlike en onvoorwaardelike pad van terugkeer vir die Fariseërs (vir 'n sondaar) na die liefde van God voor. Jesus het gesê dat die seun by homself gekom het en gesê het:

> My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal *oorgenoeg* kos, en hier *vergaan* ek van honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners. En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan (Luk. 15:17-20, 1983).

Met die seun se terugkeer was daar 'n besondere teer en intiem ontmoeting en gulde ontvangs, herstel van die seun se posisie in die huis en 'n uitstaande fees (15:22-23, 1983). Vir die pa was sy seun dood, en het weer lewend geword, was verlore en hy het hom weer teruggekry (15:24).

Dit blyk dat Jesus in hierdie gelykenis ook 'n verkeerde begrip van die saligheid en verhouding wat bloot uit pligte sou bestaan by die Jode wou aanspreek. Die oudste seun was kwaad oor die feesviering, oor die liefde en guns van sy pa aan die jongste seun en het vir sy pa gesê:

> Kyk al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa die vetgemaakte kalf geslag! (Luk. 15:29-30).

In die pa se antwoord vind ons 'n idee van die betekenis en die uitkoms van ons eskatologiese reis: "Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is ook joune" (Luk. 15:31, 1983).

Die vreemdheid dat Jesus die sondaars "ontvang", soos die Fariseërs en die skrifgeleerdes gestel het, word die grootheid van die eskatologiese verhaal.

5.3.2.3.4 "Kind jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is joune"

Hierdie gesindheid van God om Homself vir die mens te gun, word ook deur Paulus beskryf:

> Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!'. Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam Christus," (Rom. 8:15-17, 1983).

Robertson Nicoll (1970, 2:648) wys daarop dat die aoristus vorm van die werkwoord *ontvang*, hierbo, op 'n gebeure dui wat deur die Gees in kinders van God se lewe plaasgevind het. Oor *kinders*, of meer direk vertaal as *seuns*, sê hy:

> The word serves to distinguish those who are made sons by an act of grace from the only begotten Son of God… it is accomplished in the giving of a spirit which creates in us a new nature. In the spirit of adoptoin we cry Abba, Father. We have not only the status, but the heart of Sons. (Cry) is a strong word: it denotes the loud irrepressible cry with which the consciousness of sonship breaks from the Christian heart in pray… Its from God the inheritance comes, and we share in it with Christ.

In Galásiërs 4:6 lees ons ook dat God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur het en dat Hy in ons uitroep: Abba, Vader! In vers 7 (1983) lees ons: "Jy is (dus) nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook erfgenaam gemaak".

Die woord vir "vader" kom in beide Romeine 8:15 en Galásiërs 4:6 twee keer voor, eers in Hebreeus en dan in Grieks. Robertson Nicoll (1970, 2:648) verklaar: "The last word certainly interprets the first, but it is not thought of as doing so: We cry, Father, Father". Murray (1967:296) meen: "The repetition indicates the warmth as well as the confidence with which the Holy Spirit emboldens the people of God to draw nigh as children to a father able and ready to help them".

In Romeine 8:32 sê Paulus: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?". Hebreërs 1:2 kan hiermee saamgelees word: "God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak" (1:2). Ellingworth en Nida (1980:8) maak die opmerkings dat dit vir die skrywer nie gaan oor wanneer Jesus as erfgenaam aangestel is nie, "but it should be note that the verb refers an event which occurred at some particular point in time". Ellingworth en Nida meen dat die Ou Testament verhaal van Israel wat die Beloofde Land in besit neem in gedagte was. Daar moenie gedink word aan die dood van 'n vorige persoon wat die besitter was nie, maar: "The emphasis in the Bible is upon 'coming to possess what is rightfully one's own'". In Efésiërs 1:3 (1983) hoor ons ook: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is". Die seën hoort in die hemel en van daar kom dit na ons deur Jesus om ons huidige besit te word op aarde en: "… they are blessings which have their seat where God Himself is and where Christ reigns" (Robertson Nicoll, 1970, 3:247). In vers vier verduidelik Paulus: "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus *uitverkies* om heilig en onberispelik voor Hom te wees". Robertson Nicoll (1970, 3:247) verklaar: "The 'blessings' proceeded on a Divine election, and tooks effect in accordance with that. ... It has its fondation, therefore, in *eternity*, and is neither an incidental thing nor an afterthought of God". Die klem van hierdie vers is op wat God vir die mens in Christus doen: "And the idea is that that election has its ground in Christ, in the sense that apart from Christ and without respect to His special relation to us, and His foreseen work, there would be no election of us". Die woorde: *voordat die wêreld geskep* is, dui nie op 'n historiese seleksie nie, maar "an eternal choice, a determination of the Divine Mind before all time" (Robertson Nicoll, 1970, 3:248). In die volgende vers werp Paulus verdere lig op hierdie ewige besluit van God as hy sê: "In sy liefde het hy ons, volgens sy genadige beskikking, *toe ook*

al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy *kinders* te wees ("aan te neem" {Bybel, 1953})" (Ef. 1:5, 1983; kyk ook Rom. 8:15 en Gal. 4:5).

Soos reeds genoem verwys ook Johannes na die gelowige se kindskap: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die mag gegee om *kinders* van God te word" (1:10-12). Johannes onderskei dié kinders as diegene: "wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is "(1:13). In vers 16 sê Johannes: "En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade".

Ook in Jesus se gebed in Johannes 17 is hierdie ewige voorneme van God met sy mense duidelik: Hy wil die mens intrek en deel van Hom maak. In die gebed verklaar Jesus dat Hy aan sy mense die *heerlikheid* gegee het wat die Vader *Hom gegee* het, sodat hulle *een* kan wees, net soos Hy en die Vader een is: Hy in hulle en die Vader in Hom, sodat hulle volkome een kan wees, en dat die wêreld kan weet dat die Vader Hom gestuur het, en hulle *liefhet* net soos die Vader Hom liefhet. Jesus het verder gebid: "Vader, Ek wil hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld" (Joh. 17:24). Hendriksen (1959:366) meen 'n meer direkte vertaling mag wees: "Father, that which thou hast given me, I desire that where I am, also they be constantly with me…". Hendriksen (1959:367) verklaar verder: "He desires that all these given ones shall dwell forever in his immedaite presence, in order that they may delight forever in the vision of the glory of God in Christ, vision which begins here on earth (2 Cor. 3:18), and reaches its climax in heaven". Die heerlikheid wat Jesus van die Vader ontvang en aan sy mense gegee het, gaan om 'n eenheid wat gesetel is en geïdentifiseer word in die eenheid wat tussen die Vader en die Seun is. Die boodskap is dat gelowiges nou reeds iets van die eenheid wat daar tussen die Vader en Seun is, onder mekaar en ook in hul verhouding met God kan beleef (21, 23). Dit is 'n realiteit wat gegrond is in God se liefde vir die wêreld en sy Seun.(23).

Johannes wys na die wederkoms en verklaar: "Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Joh. 3:2). Johannes skryf verder oor die finale bestemming: "En Hy wat op die troon sit, het vir my gesê: Kyk, Ek maak alle nuut.- Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir my 'n seun wees" (Op. 21:5, 7).

5.3.2.3.5 God se liefde skep identiteit en verhouding

God verleen *identiteit* en bewerkstellig *intimiteit*. Na die opstanding het Jesus dit op 'n merkwaardige wyse aan Maria Magdalena uitgedruk: "gaan na *my broers* toe en sê vir hulle: Ek vaar op na *my* Vader toe, wat ook *julle* Vader is, na *my* God, wat ook *julle* God is" (Joh. 20:21).

Die Hebreërskrywer verwys na die "groot saligheid" (2:3) en skets *verhouding* deur na die motief van saligheid te verwys:

> God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie *deel* laat kry aan sy *heerlikheid* ("*baie kinders* na die heerlikheid wou bring", {1953}). En daarom was dit reg ("dit het Hom betaam", {1953}; "it was fitting" {NIV}) dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring (2:10, 1983).

Die skrywer verklaar verder:

> *Hy* wat heilig maak, sowel as die *mense* wat geheilig word, is almal uit *een Vader*. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle broers te noem nie. Hy sê tog: 'Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing'. Ook sê Hy: 'Ek sal altyd op Hom vertrou.' En verder: 'Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het' (2:11-13, 1983).

Roberbertson Nicoll (1970:265) sê dat "baie deel laat kry", of "baie kinders (letterlik *uious*: 'seuns') na die heerlikheid wou bring" (Heb. 2:10) oor meer gaan as net 'n deel van die wêreldbevolking wat tot bekering moet kom: "It was God's purpose not only to have one Son in glory, but to bring many to be partakers with Him". Met ander woorde dit gaan ook oor 'n God wat identiteit, intimiteit en verhouding skep.

Hierdie waarheid moet egter ook uitkring na die gelowiges onder mekaar en na ander mens, sodat dit sy invloed oor die wêreld kan laat geld. God het immers die ganse wêreld in die oog. Hierdie eskatologiese lyn dat Hy na alle mense uitreik, is van die begin af getrek en loop regdeur die mens se geskiedenis. In die verhaal van Kain en Abel was God besorg oor die verhouding tussen die twee broers (Gen. 4:6-7). Ook toe die Here Abraham geroep het, het Hy onderneem om in hom al die geslagte van die aarde te seën. In een van die laaste onderwysings van Jesus het Hy vir sy dissipels gesê: "'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is"

(Joh. 13:34-35; kyk ook 1 Joh. 2:9-10; 4:7-8; 4;12). Die gelowiges moet aan mekaar en aan alle mense liefde en goedheid bewys (Matt. 5:38-47; Gal. 6:9-19; 1 Tes. 5:15).

Wat die Here skep, is 'n identiteit en intimiteit wat 'n verhouding veronderstel van besondere sorg. Hierdie sorg van die Here is reeds aan die begin van die skepping oor Adam en Eva in die Tuin sigbaar (Gen. 2:15-16). Jesus leer ook in die bergpredikasie dat *ons hemelse Vader* weet dat ons al die dinge (kos en klere) nodig het. *Ons hemelse Vader sorg* immers vir die voëls van die hemel en klee die lelies van die veld (Matt. 6:26-34; kyk ook Rom. 8:32).

Eskatologies verseker Jesus sy dissipels dat in die huis van sy Vader daar baie woonplek is. Hy gaan om vir hulle plek gereed te maak, en as Hy klaar is, kom Hy weer en neem hulle na Hom toe (Joh. 14:2-3). God verleen deur sy liefde identiteit en skep verhouding met sy mense en met sy wederkoms gaan alles tot volmaking kom.

5.3.2.3.6 God gun ons iets van wat Hyself is – 'n dinamiese gebeure van die Heilige Gees

Vanaf die begin van die skepping word ons met die werklikheid en betrokkenheid van die Heilige Gees gekonfronteer (Gen. 1:2). Die ervaring van die nuwe lewe in Christus staan vir die gelowige in die konteks van die werk van die Heilige Gees. Deur die Heilige Gees spring 'n fontein van lewe in die gelowige op tot in die ewige lewe (Joh. 7:37-39; kyk ook 4:10-14; 14:16-16:15; Eség… 36:26-27; 37:17; Hand. 2:4, 17, 33, 38-39; 1 Kor. 2:10-12; Ef. 1:13-23; Rom. 8).

Later in die hoofstuk word meer verwys na die werking van die Heilige Gees in die eskatologiese program van God.

Samevatting en enkele opmerkings

Dat God aan die mens iets van sy eie identiteit oordra, 'n plek by Hom gee, 'n intieme verhouding met hom skep, kom tot uitdrukking in die God-mens-geskiedenis. Die begronding van dié heil is in die Jesusgebeure, en dit sal aan die einde tot volle ontplooiing kom by die volmaking. God is liefde en sy liefde vir die mens waarin Hy aan die mens iets gun wat Hyself is, word sigbaar by die skepping, vloei deur die Ou Testament na die Nuwe Testament en word in die besonder openbaar in ons kindskap van God deur Jesus Christus. Die oortuiging is dat dit 'n deurlopende

tema in die Bybel is wat sy volkome gestalte en klimaks met die wederkoms vind; die aanbreek van die *nuwe wêreld* en *ewige saamwees met God en mekaar*.

Om die Bybel te verstaan as ’n eskatologiese verhaal van God wat iets wat Hyself is aan sy mense openbaar, aan sy mense gun, God wat met sy mense op pad is na ’n volmaakte einde, staan nie teenoor die gedagte om die Bybel te verstaan in die lig van die Koninkryk van God nie.

5.3.3 Verdere Skriftuurlike begronding van die eskatologie as 'n gebeure van God en sy mense op pad na ’n volmaakte einde

5.3.3.1 Inleiding

Die voorafgaande gedeelte het gehandel oor die ontdekking van die boodskap van die eskatologie in die groter God-en-mens-verhaal. Daarin is alreeds die Skriftuurlike begronding van 'n omvattende benadering tot die eskatologie duidelik. In hierdie gedeelte sal gelet word op verdere Skrifgrondslae en na hoe die eskatologiese fokus vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament oorloop.

Daar is belangrike verwysings in die Nuwe Testament waarin die begin en die einde van God se betrokkenheid en werksaamhede met die mens saamgebind word. Dit behels gedeeltes soos Johannes 1:1-14; Romeine 11:33-36; 16:25-27; 1 Korinthiërs 8:6; Kolossense 1:15-20, 24-29; Hebreërs 1-4; 12:2; en 1 Petrus 1:19-21 waarna reeds verwys is. Ons het ook daarop gewys dat Paulus in sy brief aan die Efésiërs na God se voorneme met die mens verwys wat van voor die skepping in sy verborge plan 'n geheimenis was (1:3-11; 3:5, 9; kyk ook Hand. 2:23 en Op. 13:8).

Johannes wys in die boek Openbaring daarop dat die ewigheid van Christus alle tyd oorspan: “van Hom wat *is* en wat *was* en wat *kom*” (1:4). In vers agt van dieselfde hoofstuk stel die Here Homself voor as: “Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en was en wat kom, die Almagtige”. Dit is van dié Here wat Johannes sê: “Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien” (1:7).

In die Bybel kry ons van die begin af 'n fokus wat op die toekoms wys – ’n toekoms wat deur die werklikheid van God self verseker word (Op. 1:8; Kol. 1:15-20, 24-29; Joh. 1:1-14). Vanaf die begin het God die einde in gedagte gehad (Gen. 3:15; 9:16; 12:3; 2 Sam. 7:13; Ef. 1:4-5; 3:5-11;

2 Tess. 2:13; Heb. 1:1-4; 2:10). Met Christus se eerste koms het God se heilsplan in die besonder ontplooi deur die vleeswording van sy Seun (Ef. 1:3-5, 9; 1 Pet. 1:20: Hand. 2:23; Op. 13:8) en daarmee het iets van die toekoms besonder kragtiger in die hede deurgebreek, maar steeds met 'n uitsig op die volmaakte, 'n *ewige nuwe saamwees met God:* "En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem" (Joh. 14:3; kyk ook na Joh. 17:24).

Vanuit hierdie verwysings, en wat reeds gesê is, is dit duidelik dat die eskatologie uit 'n breër perspektief Skriftuurlik gegrond is. Teen hierdie agtergrond beteken dit dat, terwyl ons 'n *wyer begrip van die eskatologie Skriftuurlik begrond, ons ook verwys na God se ewige bedoelinge.* Die tekens van die *ingryping* en *sorg* van die lewende God is alreeds duidelik by die skepping van die hemel en aarde en kan soos 'n silwer draad gevolg word tot by die *nuwe wêreld*.

Volgens Du Rand (2013:55) is die eskatologiese boodskap van die Ou Testamentiese boeke nie slegs 'n element van die Ou Testamentiese boodskap nie, maar 'n samevatting van die Christelike proklamasie en bestaan as sodanig. Selfs terme soos *voltooiing* en *volmaking* is reeds 'n aanduiding van die *intensiteit* van God se *betrokkenheid* en *goedheid*.

Du Rand (2013) wys daarop dat die eskatologiese fokus verskuif van die Ou Testament na die Christus-hede en van die hoop wat gerig bly op God se toekoms. "Wat in die Ou Testamentiese verwagting nog vaag en veraf gelyk het, het in die Nuwe Testament dringend nader gekom. Die Jesus-gebeure lewer 'n hemelse eskatologiese stroomversnelling op aarde" (Du Rand, 2013:104). Jesus Christus is God se almal- en allesbepalende eskatologiese antwoord op verlossing (Du Rand, 2013). God se heerskappy het deur Jesus aangebreek (Mark. 1:15) en die lewe in die hiernamaals en die nuwe wêreld het deur sy opwekking uit die dood *naby gekom.* Du Rand (2013:106) maak verder die opmerking: "Die uitstorting van die Heilige Gees is 'n duidelike aanduiding dat die *nog nie* 'n *alreeds* geword het as deel van God se eskatologiese program". Volgens Du Rand het Jesus, die mensgeworde Messias, voldoen aan die verwagting van die profete. Die koninkryk het volledig en alreeds aangebreek, maar moet nog aan die einde in sy volmaaktheid aanbreek. Du Rand wil beklemtoon dat die *nuwe skepping*, *nuwe uittog* en die *komende era* wat ons verwag met Jesus, alhoewel nog nie volmaak nie, aangebreek het (Du Rand, 2013:24).

Du Rand se opmerking oor die drie Goddelike ingrypings (die skepping, die herskepping en die wederkoms) steun die gedagte van 'n wye perspektief op die eskatologie. Dié drie groot bakens konstitueer die *verhouding* tussen God en mens. Du Rand meen dat dit as padtekens dien en merkers van God se *betrokkenheid* by die mens is. Dit wys die pad aan na die finale einde wanneer God *alles in almal en alles sal wees* (1 Kor. 15:28) (Du Rand, 2013:22).

5.3.3.2 Die skepping – "die begin" van die eskatologiese verhaal – 'n verhaal van die ontplooiing van God se liefdevolle verhouding en sorg vir sy mense

5.3.3.2.1 God dra identiteit oor, skep verhouding, versorg en betrek die mens in sy program

Psalm 8, 19 en Job 38-41 verwys na die skepping (werke van God) en ons vind daarin iets van hoe God oor die mens dink.

In Psalm 8 besing Dawid die skepping van God en vertel ook hoe God na die mens uitreik deur *verhouding, sorg* en *identiteit* aan hom te *verleen*. Die glansryke hemelruim waarin God die maan en die sterre geplaas het, weerkaats God se goedheid:

> O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele. As ek die hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom *dink* en die mensekind dat U hom *besoek* ("*omsien"* {Bybel, 1983}. U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met *eer* en *heerlikheid* gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel" (8:2, 4-7).

Naas die verwondering oor die skepping en God se goedheid aan die mens sê Dawid in vers drie dat kinders en suigelinge die magtige werk wat God tot stand gebring het, besing (Bybel, 1983).

In Psalm 19 het ons ook 'n lied van die skepping wat God verheerlik: "Die hemel vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een *dag* stort vir die ander 'n *boodskap* uit, en die een *nag kondig* vir die ander *kennis aan*" (19:2-3). Hierdie boodskap van die skepping wat sonder spraak en woorde is, bereik die *uithoeke van die aarde*. Hieraan koppel Dawid God se verhouding met die mens deur daarop te wys dat die woord van die Here is volmaak: dit verkwik die siel. Die gebod van God gee regte koers en bring blydskap. Dit wat die Here van die mens verwag, staan altyd vas en is regverdig; hulle is begeerliker/kosbaarder as selfs

baie goud, en soeter as heuning. Dawid se reaksie hierop is dat hy daardeur geleer wil word, want in die onderhouding daarvan is groot beloning en tog is daar ook ŉ mate van vrees by hom soos weerspieël word in: "Wie sien sy eie afdwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie" (19:13, 1983). Dawid wil graag inpas by God se wil en bid dat hy bewaar sal word van opsetlike sondes; hy wil onberispelik wees en vra: "Mag wat ek sê en wat ek dink vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en Verlosser" (19:13, 1983). Met ander woorde hy wil nie bedoeling van God met hom as mens mis nie.

Beide hierdie Psalms word ook in die Nuwe Testament aangehaal en in verband met Christus se koms; dit word deel van God se eskatologiese boodskap van verlossing en sorg. In Matthéüs 21 word byvoorbeeld ŉ eskatologiese lyn van Psalm 8 tot by Jesus se intog in Jerusalem getrek. Die *kinders* se gejuig: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" (21:15) het Jesus, tot die skrifgeleerdes se verontwaardiging, met Psalm 8:3 verbind: "Ja, het *julle nooit gelees:* Uit die mond van kinders het U vir U lof berei nie?" (21:16}.

In Hebreërs 2 word uit Psalm 8:5-7 aangehaal om aan te dui hoe God vir die mens in Christus voorsien het: "U het hom ŉ *kort tydjie* minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon; U het alles aan hom onderwerp" (2:7-8, 1983). Oor die feit dat "alles is aan hom onderwerp" is, sê hy: "Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie" (2:8), en, maak dit dan van toepassing op Jesus: "Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. *Hy is ŉ kort tydjie minder gemaak as die engele*, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe" (2:9, 1983). Hy sê dit het God betaam, "ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak" (2:10). God se koms in Jesus stel hy verder in vers 14 voor: "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag het oor die dood – dit is duiwel".

Paulus gebruik Psalm 19:5 ("exactly as in LXX" {Robertson Nicoll, 1970:674) in Romeine 10:18 as ŉ uitdrukking en bewys dat die mense die evangelie gehoor het: "Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde".

Psalm 110:1: “totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete” word onder andere aangehaal of op gesinspeel in Matteus 22:24; Romeine 16:20; 1 Korintiërs 15:25, 27 en Efesiërs 1:22. Volgens Brown (2010:7) is Psalm 110:1 die Ou Testament teks wat die meeste aangehaal of na verwys word in die Nuwe Testament. Dikwels is Psalm 8:7 daarmee verbind om Christus se oorwinning en verhoging te bevestig (Matt. 22:44; 26:64; Hand. 2:33; Kol. 3:1). In Romeine 8:34 druk Paulus ook Christus se intree aan die regterhand van God vir ons uit in die taal van Psalm 110:1 (Brown, 2010:8). Hy meen verder dat Paulus Psalm 110:1 in vers 38-39 toegepas het. Dit is veral in 1 Korintiërs 15:20-28 waar Paulus op Psalm 110:1 sinspeel. In samehang met Psalm 8:7 gaan “alles” en “al sy vyande” eskatologies aan die voete van Jesus onderwerp word. Volgens Brown (2010:8) gebruik Paulus die vroeë Christelike tradisie om Psalm 110:1 te interpreteer as ’n verwysing na die onderwerping van Christus se vyande aan sy voete vir pastorale sorg vir die Romeinse Christene. Volgens die belofte sal die gelowiges in die eskatologiese oorwinning, wanner God finaal Satan onder sy voete vernietig word, deel.

In Job 38-41 gebruik God die wonder van die skepping om sy majesteit, sy instandhouding van alles, sy sorg en heerskappy aan Job te toon en versterk hom emosioneel en geestelik. Job was, te midde van sy onbeskryflike ellende, in *vervoering* oor die *sorg* en *wysheid* van God en het gesê: “Nou weet ek dat U tot *alles in staat is* en kan uitvoer wat U *besluit* het. Wie is dit wat U *bedoelinge* wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het?” (42:2-3; 1983). God is van die skepping af in beheer en is op pad met die mensdom. Waarskynlik kan ons reeds vroeër in die lewe van hierdie man van ouds (Eség… 14:14), wat moontlik in die tydperk van die aartsvaders gelewe het (Grosheide {1966:255}), 'n eskatologiese oortuiging optel as hy verklaar: “Ek weet my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer! Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe en God sien, met my eie oë sal ek Hom sien, Hom en niemand anders nie. Ek smag daarna met my hele lewe “ (Job 19:25-27).

In die begin van die skepping word God se betrokkenheid beskryf in die konteks van die Heilige Gees wat gesweef het oor die donkerte en diep waters. Dit kan beteken dat God Homself persoonlik blootgestel het aan sy skepping. Du Rand (2013:56) sê: ”Die uitdrukking: ’maar die *Gees* van God het oor die waters *gesweef*’ (Gen. 1:2) is veelseggend (vgl. ook Jes. 61:1). Die skepping benadruk die *intieme verbintenis* tussen God en mens”. Du Rand maak tereg die opmerking:

> ...dit dien ook as vertrekpunt van die mens en sy wêreld se *Goddelike identiteit* wat ingebed is in die skepping. Génesis 1:26 versterk dié gedagte toe God gesê het: *Laat Ons mense maak volgens ons beeld; 'n afbeelding van ons.* Dit beskryf die mens se verteenwoordigende funksie in God se skepping en word gesien as God se adres op aarde (Du Rand, 2013:56).

5.3.3.2.2 "Die Sabbat is vir die mens gemaak"

Nadat God die skepping voltooi het, het Hy gerus (Gen. 2:2-3). Ons sien egter dat vanaf die *Sabbat* 'n eskatologiese lyn getrek word na God se *bedoeling* en *goedheid* vir sy eie mense. Met die Sabbat is God, net soos met al sy werke, besig om *identiteit te verleen* (ons rus word soos sy rus), *intieme verhouding te skep, en te versorg.*

Die skrywer van Hebreërs verwys na die Sabbat en verklaar in 4:9: "Daar bly dus 'n *Sabbatsrus* oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie". Die skrywer maak 3:18, 19 en 4:4-6 ("rus ingaan") van toepassing op Israel wat die Beloofde Land ingaan en in hoofstuk 4:11 word die Sabbat 'n eskatologiese beeld van die *nuwe werklikheid* in Jesus Christus: "Laat ons ons dan beywer om daardie rus in te gaan" (4:11). God se rus op die sewende dag word dus gebruik om die Beloofde Land te beskryf, maar wys ook op die gelowige se verhouding met Christus. Laastens word dit ook 'n beeld van ons finale tuiste saam met God ("daar bly 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God ---" {4:9-10}).

Die Sabbat, soos ons hierbo gesien het, word in Hebreërs 4 ook in terme van skeiding tussen die wat glo en die wat nie glo nie, geïnterpreteer:

> ...maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die *rus* in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie – alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is (Heb. 4:2-3).

Die boodskap van God se *goedheid en* sy *liefde* word verder deur die Sabbat in Levitikus 25 voorgestel. Elke sewende jaar moes as 'n Sabbat gehou word. In die jaar moes die land rus- hulle mag nie op die lande saai en die wingerde snoei nie. Van die oes wat opgelaat het moes hulle eet: "Die opbrings van die Sabbat van die land sal julle voedsel wees; vir jou en jou slaaf en jou slavin en jou dagloner en jou bywoner wat by jou vertoef, en vir jou vee en die wild wat in jou land is,

sal die opbrings daarvan wees om te eet" (25:6-7). Die reëling is verder uitgebrei na sewe siklusse van sewe jaar, met ander woorde, die aanbreek van die vyftigste jaar moes vir hulle 'n jubeljaar ("jaar van welbehae" {Jes. 61:2}; "genadejaar" {Luk. 4:19}) wees, en die jaar moes aan die Here gewy word. Die jaar het gepaard gegaan met 'n landswye afskrywing van skuld en elkeen moes sy grond wat verkoop is, of weens skuld verloor het, terugkry. Deur die Sabbat het God sy volk geleer dat die grond aan die Here behoort (25:23); dat die mens en die aarde in die rus van God moet deel (25:5), dat daar vryheid vir die volk van God is en arbeid onder die voorsiening van God staan (25:4-8, 14, 17, 20-21, 25).

Die eskatologiese gedagte van die Sabbat, en die Sabbatsjaar, en die jubeljaar, vind ons ook by Jesus. Hy het in Nasaret op die Sabbatdag uit die boek van Jesaja gelees: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees; en om aan gevangenes vrylating te verkondig – – om die aangename jaar ("genadejaar" {Bybel, 1983}) van die Here aan te kondig" (Luk. 4:18-19 {61:1-2}). Jesus het die profesie van Jesaja op Homself van toepassing gemaak en gesê: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (4:21). Die jubel jaar of die jaar van welbehae het 'n heenwysing geword na die genade en bevryding wat in Jesus Christus gekom het.

Om die Sabbat bloot te sien as 'n wettiese instelling is beperkend. Die Fariseërs het Jesus veroordeel en wou Hom ombring omdat Hy 'n man met 'n verdorde hand (Matt. 12:9-14) op die Sabbat genees het. Jesus het in sy reaksie op hulle wettiese siening gevra watter mens sal nie sy skaap wat op die Sabbat in 'n sloot val, gryp en uithaal nie (Matt. 12:11)? Net so was die owerste van die sinagoge verontwaardig dat Jesus 'n vrou wat agtien jaar lank "'n gees van krankheid gehad het," op die Sabbat genees het (Luk. 13). Hier het Jesus hulle toe beskuldig van skynheiligheid en gesê: "hier is 'n vrou, 'n kind van Abraham, wat werklik al agtien jaar lank deur die Satan gebind is. Mag sy dan nie op die Sabbatdag van hierdie band losgemaak word nie" (Luk. 13:15-16)? Op kritiek oor sy dissipels wat op die Sabbat are gepluk en geëet het, het Jesus veelseggend geantwoord dat *die Sabbat vir die mens gemaak is*, nie die mens vir die Sabbat nie, en bygevoeg: "Daarom is die Seun van die mens ook Here van die Sabbat" (Mark. 2:27-28).

Dit blyk dat die Seun van die mens in sy wysheid en krag nog altyd meer in gedagte gehad het met die Sabbat as 'n sewende rusdag. Met die Sabbat is daar 'n boodskap van rus en versorging waarheen die alleenwyse God met die mens op pad is – na 'n volmaakte toekoms. Du Rand

(2013:477) se kommentaar op Jesus se opmerkings oor die *Sabbat* in Markus 2:27-28 is: “Vanaf die skepping tot by die finale voleinding gaan dit oor God se verhouding met die mens. Al die eeue en al die bybelse paaie lei na die einde, totdat God alles in almal en alles sal wees (1 Kor. 15:28)”.

5.3.3.2.3 Die Tuin van Eden en die sondeval

Toe God in die skeppingsverhaal *besluit* het om mense na sy beeld en gelykenis te maak, het Hy begin om sy identiteit aan die mens oor te dra en om 'n verhouding te skep (Gen. 1:26). Paulus sluit in Romeine 8:29 met diepte en uniek hierby aan: “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broers; –“. Robertson Nicol (1970, 2:652), in sy kommentaar oor die gedeelte (8:29-31) wys daarop dat: “That salvation begins with God, and begins in eternity –“. Hy maak die opmerking oor *gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun*: “This conformity is the last stage in salvation, -The image is in import not merely spiritual but eschatological.”

Die voortgang van God se besluit was dat Hy vir die mens ’n tuin gegee het om te *bewoon*, te *bewerk* en te *bewaak* (Gen. 2:8, 15). Die beskrywings en gebeure in die tuin spreek van God se *vereenselwiging* met sy mense, van ’n *intieme verhouding* met hulle, sy *versorging* van hulle, en dat Hy hulle *medeverantwoordelik* gemaak het in die tuin (Gen. 2:4-25). Daar was ’n boom in die middel van die tuin waarvan God gesê het: “Julle mag daarvan nie eet nie –” (Gen. 3:3). Met hierdie verbod handhaaf Hy sy soewereiniteit in sy verhouding met die mens en stel Hy die mens voor ’n keuse tot 'n verhouding met Hom.

Met die oortreding van Adam en Eva deur van die boom te eet, het daar 'n dwarsboming van God se bedoeling ingetree. Verwydering van God, smart en swaarkry het deel van die wêreld geword (3:17-19). Dan kom daar 'n *vyandskap* tussen die slang aan die eenkant en die vrou en haar saad aan die ander kant, maar tog ook 'n belofte vir die gevalle mens: “Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal kom in die hakskeen byt” (3:15). Dié eskatologiese lyn van hierdie vyandskap kan gevolg word tot in die Nuwe Testament en ons hoor ook van die Antichris en die duiwel wat in die poel van vuur en swawel gewerp word (1 Kron. 21:1; Sag. 3:1; Matt. 4:3-11; 12:24-29; 24:15; 2 Tess. 2:2-10; 1 Pet. 5:8; Op. 12:17; 20:10).

Alhoewel daar in die Bybel nie direkte verwysings is wat Génesis 3:15 aan Christus en sy kruisdood verbind nie meen Van Selms (1967:72): "Neemt men de slang als beeld van de macht van het kwade (nieuwtestamentisch: van de macht van de Boze), dan kan men inderdaad deze teks als een *protevangelium* beschrijven, doch niet in directe zin, al, als zou met het vrouwenzaad hier Christus bedoeld sijn -". Brown (2010:5) stel dat Paulus in die eskatologies belofte in Romeine 16:20: "En die God van vrede sal die *Satan* spoedig onder julle *voete verbrysel*" stellig nie direk sinspeel op Genesis 3:15 nie, maar dat sy gedagtes deur die Christelike tradisie (onder meer Lukas 11:19, wat deur Gen. 3:15 beïnvloed is) gevorm is (2010:7). Brown wys daarop dat Paulus verskil van Genesis 3:15 deur te praat van die "Satan" en nie van die "slang" nie en hy meen ook dat Paulus 'n meer aggressiewe werkwoord gebruik as wat ons in Genesis 3:15 vind. In Jesus se beeldspraak vertoon 'n parallel met Gen 3;15 wanneer hy stel: "Kyk, Ek gee aan julle die mag om op *slange* en skerpioene te *trap,* en oor al die krag van die *vyand* –" (Luk. 10:19). Die skrywer van Hebreërs skryf van Jesus wat mens geword het, "sodat Hy deur die dood hom *tot niet maak* wat mag oor die dood het – dit is die *duiwel*" (Heb. 2:14). Johannes maak die opmerking: "Vir hierdie doel het die Seun van die mens verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek" (1 Joh. 3:8). In Openbaring vind ons die beeld van die groot draak, die ou *slang* wat die hele wêreld verlei, wat op die aarde *neergewerp* word (Op. 12:9).

In Lukas 23 vra die sondaar aan die kruis vir Jesus om aan hom te dink. Dit is opmerklik dat Jesus in sy antwoord teruggegryp het na die begin en gesê het: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy *saam met My in die Paradys* wees" (Luk. 23:43). Hierdie eskatologiese tema van die tuin en die boom van die lewe vind ons ook in die eindtoneel van die wêreld. Die finale tuiste word onder meer so uitgebeeld: "Aan hom wat oorwin sal Ek gee om te eet van die *boom van die lewe* wat binne-in die *paradys* van God is" (Op. 2:7). In Openbaring 22:2 lees ons van die nuwe Jerusalem: "In die middel van die straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat gedurig vrugte het", en in vers 14 word diegene gelukkig genoem wat reg op die boom van die lewe het. Paulus lê 'n band tussen die verleiding deur die slang in die tuin en die toestand in die Korinthe gemeente: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien verdorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus" (2:11:3) word 'n deurlopende program van die bose duidelik.

By God is gister, vandag en more deel van een verhaal. Die hede, die verlede en toekoms is vervleg. Hy is van die begin af met die mens op pad na sy beplande bestemming waar al wat

Syne is: “binne-in die *paradys van God*” (Op. 2:7). Die eindtonele van sy *saamwees* en *sorg* sluit aan by die begin, by die Tuin van Eden. Die eskatologiese verhaal van God met sy mense begin onder meer met 'n tuin en by die “einde” lê 'n tuin, maar die slang en die dood sal daar nie meer wees nie (Op. 20:10; 21:4).

5.3.3.2.4 Adam

Ons het alreeds op die eskatologiese verbintenis tussen die skepping van die mens na God se beeld en die mens in volmaking gewys (I Joh. 3:2). Paulus maak ook ’n verbintenis tussen Adam en Christus, tussen die veroordeling en die dood wat heers deur die oortreding van Adam teenoor die genade wat heers deur *geregtigheid* tot die ewige lewe deur Jesus Christus onse Here (Rom. 5:12-21). Paulus verwys na Adam:

> (Hy) wat ’n voorbeeld is van Hom wat sal kom. Maar dit is met die misdaad nie soos met die genade nie; want as deur die misdaad van die een baie gesterf het, veel het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedige geword (Rom. 5:14b-15).

Die Genesisverhaal se begin skep ’n voortvloeiende gedagte: “God het die mens geskape as sy *verteenwoordigers*, as *beeld* van God het Hy die mens geskep… Toe het God hulle *geseën*… Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het en dit was *baie goed*” (1:27a; 1:28a; 33a, {1983}).

Die gevolgtrekking is dan, alhoewel daar in die Ou Testament nie soseer direkte stellings oor die eindtyd, soos die wederkoms, gemaak word nie is daar ’n blik wat van die skepping af uitstrek tot ver die toekoms in. Dit is ’n blik op God wat herhaaldelik *uitreik* na die mens en met hom *deel*. God dra 'n *Goddelike beeld* aan die mens oor, bewerk ’n *noue verbintenis* en *voorsien hemelse sorg*. Du Rand (2013:354-355) meen: “God is op elke bladsy van die Bybel besig om eskatologies te vernuwe totdat Hy in Openbaring 21:5 (NAV) die klimaks van vernuwing aankondig: ‘Kyk, Ek maak alles nuut’. Hy stuur die geskiedenis in 'n rigting: vanaf volkome harmonie meet Adam en Eva, deur sonde heen, tot by die volmaakte hemelse harmonie aan die einde.” In hierdie *op pad-wees* en die *transformasie* bly God besig om die *noue verbintenis, identiteit, verhouding* en *betrokkenheid* met sy geskapenheid gedurig uit te bou.

5.3.3.3 Die na-skeppingsverhaal – die eskatologiese karakter van God se liefdesbedoeling word duideliker

Die eerste spore van die *eskatologiese sorg* wat ons by die skeppingsverhale optel, loop soos 'n silwer draad tot by God se uitkoms, die *nuwe wêreld* (Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 3:13; Op. 21:1). Du Rand (2013:97) skryf oor die boek Daniël: "Samevattend, die boek Daniël bevestig net God se eskatologiese pad wat oor elke bladsy van die Ou Testament geskryf staan: God *gee om*, want Hy is heilig; God *gryp in*, want Hy beheer die geskiedenis van volke en nasies; God *voltooi* wat Hy begin het". Al sou die Ou Testament nie uitdruklike uitsprake maak oor sekere bepaalde eskatologiese oomblikke soos die wederkoms, die oordeel of die hel en hemel nie, moet die eskatologiese karakter van die Ou Testament raakgesien en ontleed word (Du Rand, 2013:55).

Die Ou Testament bied vir ons dus 'n verhaal van God se *uitreik* na die mens, God se *opneem* van sy *eie mense* in sy besondere *toekomsplan*. Die Bybel het geleidelik 'n *plan van verlossing* laat ontvou (Horton, 1995:597). Ons vind *beloftes* aan Noag (Gen. 9:16; Op. 10:1), aan Abraham (Gen. 12:3), aan Dawid (2 Sam. 7:11, 16; Ps. 110:1) en aan die Ou Testamentiese profete. Dié beloftes het vorentoe gewys na die koms van Jesus en sy beslissende oorwinning (Hand. 2:33-36; Gal. 3:8; Luk. 18:38; 24:27, 44; Matt. 22:41-44).

Wanneer Du Rand (2013:55) sê ons moet die eskatologiese kultuur of atmosfeer van die Ou Testamentiese getuienis fyn raaksien en ontleed, skryf hy:

> Geloof in die God van Israel en gemoedsrus laat die Ou Testamentiese gelowige insien dat wat nog moet kom (al is dit ook katastrofies) slegs deur Goddelike ingrypinge is. Hulle verwagting is deurgaans gevestig op God se toekomstige oordeel, maar ook op die *nuwe* wat moet aanbreek.

Du Rand (2013:55) meld verder:

> Samevattend, gaan dit oor 'n *nuwe toekoms* wat grotendeels reeds in hierdie bedeling aanbreek. Sonder om te veel te waag, meen ek dat die tema *vernuwing* wat ook die Messiaanse verandering insluit, en Jerusalem (Sion), die tipiese van Ou Testamentiese eskatologie definieer.

Du Rand meen dat, naas die temas soos die skepping en sondeval, word eskatologiese temas ook duidelik in die geskiedenis van die sondvloed, verbond(e), die uittog uit Egipte en die Beloofde Land, die Oorblyfsel, Koningskap en Koninkryk, Dawid se rol, Jerusalem (Sion) en die profetiese

en ballinskap-eskatologie. Volgens Du Rand (2013:56) is hierdie temas verweef met die verwagting van ’n Gesalfde as Verlosser, “die lydende Kneg van die Here, die Dag van die Here, die herstel van Israel en die nuwe hemel kom ook ter sprake”.

5.3.3.3.1 God stel belang in persoonlike verhoudings met eskatologiese betekenis

Psalm 24:1-2 (1983) sê: “Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles *behoort* aan die Here, want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig op die waters”. Die hele wêreld is die Here se eiendom en Hy beheer dit, maar dit verhinder Hom nie om in ’n persoonlike verhouding met die mens te tree nie. Toe die mens en sy vrou vir die Here God tussen die bome van die tuin weggekruip het, het Hy na die mens geroep: “Waar is jy?” (Gen. 3:9). Hierdie persoonlike verhouding met die mens is ook in die Kain en Abel verhaal, wanneer die Here vir Kain vra waar sy broer is en hom ook op sy naam noem, sigbaar (Gen. 4:9).

In die gevalle van Henog en Noag vind ons belangrike verwysings na wedersydse *verhoudings* tussen God en individue, wat tot bepaalde gevolge gelei het. Hulle het deur geloof met Hom “*gewandel”* (Gen. 5:22, 24) en naby Hom geleef (Gen. 6:9; Heb. 11:5). Ons lees dat God Henog lewend *weggeneem* het, en dat “hy geleef het soos God dit wou” (Heb. 11:5 {1983}). Noag weer het deur geloof en met eerbiedige vrees, onder die leiding van God, ’n ark tot *redding* vir sy huisgesin gebou, “waardeur hy die *wêreld veroordeel* het en 'n *erfgenaam* geword van die *geregtigheid* wat volgens die geloof is” (Heb. 11:7; kyk ook Luk. 17:26-27; 1 Pet. 3:20).

In God se verbond met Noag het Hy die skepping betrek: “my boog gee ek in die wolke; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde” (Gen. 9:13; vergelyk verder 9:14-17; Heb. 11; 1 Pet. 3:20-22; Op. 4:3; 10:1).

Dié twee mense (Henog en Noag) van die “ou tyd” (11:2) is saam met ander deel van Hebreërs 11 en 12 se wolk van getuies rondom “ons” (12:1). Hulle is daar om ons aan te spoor in ons *wedloop* van geloof. Dit is ’n wedloop waar sonde en laste dreig, maar ons oog is gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof (12:3).

Die voortsetting van God se plan met die Aardsvaders het ’n baie persoonlike karakter gehad. Die eskatologiese lyne van God wat met sy *eie mense* op pad na sy eie bestemming het al duideliker geword. God het aan Abraham verskyn in Mesopotamië, die land van die Galdeërs, en hom laat

trek *uit* sy land en sy familie na ŉ land wat Hy hom sou aanwys (Hand. 7:2-4). God het onderneem om hom 'n groot nasie te maak, hom te seën en hom ŉ man van aansien te maak, en deur hom al die geslagte van die aarde te seën. Dit het die geskiedenis van die *Beloofde Land* ingelei en die *seën vir al die nasies* word as ŉ eskatologiese tema uitgelig (Gen. 12:2-3; 18:18). God se verhouding met Abraham, en later ook Isak en Jakob word gevestig deur ŉ verbondsooreenkoms (Gen. 15; 26; 28). Die skrywer van Hebreërs sien ŉ sterk eskatologiese strekking as hy sê dat Abraham in "tente gewoon (het) met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad *verwag* wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is" (11:9-10). Abraham word ŉ *vriend* van God genoem (2 Kron. 20:7; Jes. 41:8; Jak. 2:23), en in Johannes 15:15 noem Jesus ook diegene wat deel van Hom is *sy vriende*.

In die Ou Testament is die Skepper as Israel se man voorgehou (Jes. 54:5; kyk ook 61:10). In die Nuwe Testament word die kerk voorgestel as die bruid van Christus. Jesus het gesê dat die koninkryk van die hemel soos ŉ koning is wat ŉ bruilof vir sy seun berei het (Matt. 22:1-14). Paulus skryf aan die gemeente van Korinthe dat hy hulle aan een man as ŉ bruid verbind het (2 Kor. 11:2). In Openbaring 19:7 word die einde voorgestel as ŉ bruilof: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak." In Openbaring 21:9 word Johannes genooi om te kom kyk hoe lyk die bruid van die Lam en dan word sy uitgebeeld as ŉ stad, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel neerdaal. Du Rand (2013:363) sê: "Uit die veelseggende beeldspraak kan ons aflei dat die hemelse verblyf saam met God en die Lam intiem en vir ewig sal wees. Dit het God se enigste Seun gekos om die eskatologiese huwelik moontlik te maak".

5.3.3.3.2 Die mens – God se medewerkers in sy eskatologiese program

Wanneer gelet word op die mens se medewerkende funksie word die Skriftuurlike begronding van ŉ wyer begrip van die eskatologie verder beklemtoon. Daar is reeds verwys na die mens se verteenwoordigende funksie in God se skepping, God se adres op die aarde (Gen. 1:26) en ook op God se persoonlike verhouding met gelowiges. Uit liefde betrek God die mens by sy eskatologiese program. Hy het immers aan die begin gesê: "Kom ons maak die mens as *ons verteenwoordiger, ons beeld*" (1:26). Hierdie *identiteit* wat God aan die mens verleen en die mens se *betrokkeheid* as *instrument* in God se hand word veral duidelik in die belofte aan die

vrou dat haar saad die slang se kop sal vermorsel (Gen. 3:15). Paulus skryf in Galásiërs 4:4: "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n *vrou*, gebore onder die wet". Hierdie tema van God se reddingsplan loop reg deur die Ou Testament.

Abraham se roeping as medewerker van God was toekomsgerig en in die nuwe bedeling was hy 'n belangrike verwysing in die evangelie van die geregtigheid deur geloof (Gen. 12:2-3; 17:5; 18:18-19; Luk. 1:73; Hand. 3:25; Rom. 4; Gal. 3; Heb. 11:8-10, 17-18). Jesus het na die vrou wat agtien jaar lank siek was, verwys as 'n dogter van Abraham wat die Satan gebind het (Luk. 13:16). Die dag toe Saggeus tot redding gekom het, het Jesus hom 'n seun van Abraham genoem (Luk. 19:9). God se vereenselwiging en verhouding met Abraham was verder duidelik met die Here se "besoek" aan hom op pad na Sodom. Hy het besluit dat Hy nie vir Abraham, as gevolg van Abraham se *posisie* (Hy sal 'n groot en magtige nasie word en al die nasies sal deur hom geseën word {Gen. 18:18-19}), kan verberg dat Hy Sodom gaan verdelg nie. Op Abraham se onderhandelinge met God om die regverdiges in Sodom te spaar, het God positief reageer.

Die verhaal van Josef is besonders in dié verband: In negatiewe omstandighede het hy 'n verhouding met God gehad (Gen. 37-47). Hy was soos die gelowiges (Abraham, Isak en Jakob) saam met God in hierdie *donker wêreld op pad* (Gen. 45:7-8; 50:24-25; Hand. 7:9-15) en God het hom gebruik in die voortgang op die eskatologiese pad. Geloof in God het vir Josef 'n Goddelike toekoms beteken. Afgesien van moeilikhede het God hom geseën en hom guns by mense gegee (Gen. 39:4, 21; 45: 8). Toe sy broers wat hom verkoop het, bang was vir moontlike wraak, het hy hulle getroos: "God het my voor julle *uitgestuur* om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker" (Gen. 45: 7). In Genesis 50:24 het hy sy broers verseker dat God ná sy dood na hulle sal omsien en dat Hy hulle uit daardie land sal laat uittrek na die land wat Hy met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het. Hy het sy broers ook met 'n eed laat beloof dat wanneer God na hulle sal *omsien*, hulle sy liggaam van daar af moet saamvat (Gen. 50:25; Heb. 11:22). Dit alles spreek van God se betrokkenheid by die mens, en die mens as medewerker van God op hierdie eskatologiese reis.

Daar was dus altyd mense wat op 'n besondere wyse medewerkers van God se toekomsplan geword het. Mense soos: rigters, konings, profete en selfs mense soos Ragab, die prostituut van Jerigo en Rut, die Moabitiese vrou (Heb. 11). Dit is toepaslik en noodwendig as ons na sy beeld en gelykenis gemaak is dat ons medeverantwoordelik en medewerkers van God sal wees in sy

eskatologiese program (Gen. 1:27; Ef. 2:10; 1 Pet. 2:9). Stellig kan dit betekenis byvoeg as ons Jesus se woorde in Johannes 20:21 ook in dié lig verstaan: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” . Nadat Hy dit gesê het, het Hy op hulle geblaas en gesê: “Ontvang die Heilige Gees” (Joh. 20:22). Net voor sy hemelvaart het Hy sy dissipels meegedeel dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom en dat hulle sy *getuies* sal wees tot aan die uiterste van die aarde (Han. 1:8). 'n Lyn kan deur die Bybel gevolg word van die verbintenis die Heilige Gees en die gelowiges in hulle betrokkenheid in God se Koninkryk en dit moet spreek van 'n identifisering van God met sy mense (kyk Hand. 2:11, 14-4:31).

5.3.3.3.3 Die eskatologiese elemente van geloof en verhouding met die Here.

Daar is reeds op gewys dat bybelse figure wat *geloof* in God gehad het, ook in ’n *verhouding* met God geleef het. Hulle geloof en verhouding met God was nie sonder 'n toekomselement nie.

In Genesis 4 neem die Here Abel se offer aan en dié van Kain word verwerp. Volgens Hebreërs 11:4 (1983) het Abel deur geloof ’n beter offer as Kain gebring: “Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy ’n opregte man is… en deur dieselfde geloof spreek hy nog, al is hy dood”.

Die Bybel onderstreep ook Henog en Noag se *geloof* in God sowel as hulle *verhouding* met Hom; hulle het met God gewandel (Gen. 5:24; 6:8-9; Heb. 11:5-7). Hebreërs 11:5 (1983) verklaar dat, omdat Henog geglo het, hy weggeneem is sonder dat hy gesterf het, en sê: “Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou”. Beide Henog en Noag gebruik die skrywer van Hebreërs om die gelowiges aan te spoor om te volhard in die hoop op God se toekoms (Heb. 11en 12). Petrus maak in sy eerste brief die verhaal van Noag en die ark van toepassing op die gelowiges (1:3:18-22). Van Noag lees ons weer in vers 11:7:

> Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was ’n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof is.

Van Abraham, nadat God ’n belofte aan hom gemaak het, word verklaar: “En hy het in die Here *geglo*; en Hy het hom dit tot *geregtigheid* gereken” (Gen.15:6). Paulus maak 'n verbintenis met die Abrahamverhaal in Romeine 3:22 deur te skryf dat die geregtigheid van God vir almal is wat

glo in Jesus Christus. Abraham het die belofte dat hy *erfgenaam* van die wêreld sou wees nie deur die wet te onderhou nie, maar deur die *geloof* (Rom. 4:13); en ook: "dat die wat uit die *geloof* is, hulle is *kinders van Abraham*" (Gal. 3:7); en: "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die *Gees* deur die *geloof* kan ontvang" (Gal. 3:14); verder skryf hy: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Gal. 3:29).

Later word daarop gewys hoe ongeloof in die woestyn gelei het tot die krisisse in Israel se verhouding met God, en ook hoe baie van Israel deur ongeloof nie *kon deel in die beloofde toekoms* wat die Here vir hulle beoog het nie. Die eskatologiese elemente sal daarin duidelik word.

5.3.3.3.4 Die eskatologiese elemente van 'n onderskeid tussen die mense wat God glo en gehoorsaam en die mense wat nie glo en gehoorsaam nie

In hierdie eskatologiese reis van God met die mensdom, was daar altyd 'n onderskeid tussen diegene wat aan God gehoorsaam was en dié wat ongehoorsaam was. Dit sien ons reeds in die verhaal van Adam en Eva, en regdeur die Ou Testament tot en met die Nuwe Testament. Na Adam en Eva se ongehoorsaamheid teen God se bevel (Gen. 2:7) volg daar onmiddellik 'n verwydering met God (Gen. 3:7-8). Jesus se uitspraak oor die koms van die Heilige Gees in Johannes 16:8 (1983) blyk te korreleer met die oordeel in Génesis 3 oor die Satan en die mens: "En wanneer Hy kom, sal hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het… die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is al klaar veroordeel".

In die verhaal van Kain en Abel vind ons 'n soortgelyke onderskeid toe die Here Abel en sy offer genadig aangesien het, maar Kain en sy offer verwerp het (Gen. 4:4-5). Die Here het Kain verantwoordelik gehou vir sy broer se dood. Hier word 'n verband gevind in God se oordeel oor Kain, naamlik: verdrywing uit die land, die onvermoë van die grond om vrugbaar te produseer (Gen. 4:11-14) en God se oordeel vroeër oor Adam: "vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe" (Gen. 3:17-24). Aan die ander kant kan gewys word op die seën van God oor die wat in Hom glo en gehoorsaam is (Gen. 12:2; 26:12-14; Deut. 28; Job 42:12).

In Hebreërs 11 word verwys na die onderskeid tussen Abel en Kain – Abel het "getuienis ontvang dat hy geregverdig was" (11:4). Toe Jesus die skrifgeleerdes en die Fariseërs in Matthéüs berispe dat hulle kinders is van die wat die profete vermoor, en dat die oordeel van die hel op hulle wag, wys Hy op die moord op Abel (23:31, 33, 35). By Johannes kry ons ook 'n verdere eskatologiese aansluiting met die Kaingebeure: "Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, is dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die bose was en sy broer doodgeslaan het" (1 Joh. 3:11-12). Judas sê dat die goddelose en valse leraars geoordeel sal word, want hulle het die weg van Kain bewandel (vers11).

Waarskynlik dui die feit dat Abraham moes *wegtrek* uit sy land, uit sy familie en die huis van sy vader na die land wat die Here vir hom sou aanwys (Gen. 12:1; Hand. 7) op onderskeid tussen die wat in God glo teenoor die wat nie glo nie. In Hebreërs 11 lees ons dat Abraham in *geloof* en *gehoorsaamheid* weggetrek het en dat hy in die verwagting geleef het van 'n *stad* wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is (11:9-10). In hoofstuk 12 kry ons 'n eskatologiese voortsnel as verwys word na die stad van die lewende God, "die hemelse Jerusalem – en die feestelike vergadering en die gemeente van die eersgeborenes wat in die hemel opgeskryf is" (12:22-23; kyk ook 2:12 en Luk. 10:20). In die hoofstuk word die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges voorgehou en daar is ook verwysings na die onheilige Esau (12:16, kyk ook vers 24) en na Israel by die berg, Sion, wat nie die oordeel ontvlug het nie (12:22, 25).

Met Israel se uittog uit Egipte maak God 'n onderskeid tussen "*my leërskare, my vol*k" en die "Egiptenaars", en Hy lei hulle uit Egipteland uit na die land wat Hy eeue gelede belowe het (Eks. 7:4-5; 6:3; Gen. 17:8). Die onderskeid tussen Israel en die ander nasies word ook duidelik in Israel se roeping (Gen. 12:2-3). God het hierdie afsonderlikheid van Israel en die uittog gebruik om Homself onder die nasies te verheerlik en dit het deel geword van die vervulling van die belofte aan Abraham, dat Hy in hom al die geslagte van die aarde sal seën: Ragab het gesê: "Toe ons dit hoor (die uittog), het ons hart gesmelt…, want julle God, Hy is die God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder" (Jos. 2:11; kyk ook 2 Sam. 7:23; Ps. 86:8-9). Maar die onderskeid van die wat glo teenoor die wat nie glo, is selfs in die geledere van Israel ook duidelik. Du Rand (2013:44) maak die opmerkings:

> Slegs 'n oorblyfsel van die nasie Israel sou God se toekomstige eskatologiese oordeel vryspring (vgl. Am. 3:12; 5:15). Jesaja bevestig dat geloof in Jahwe die enigste

maatstaf van redding vir die Oorblyfsel is (7:9 in 734-733). Vir Jesaja is Israel nie 'n etniese politieke eenheid nie, maar God se religieuse instrument in sy wêreld.

Dit is duidelik dat daar vanuit die Ou Testament eskatologiese verwysings is wat ŉ onderskeid aandui tussen God se eie mense, dié wat in God glo, teenoor dié wat nie in God glo nie, of nie sy mense is nie. Hierdie onderskeid loop deur na die "nuwe mens" in Jesus Christus, en "die ware Israel". Die onderskeid volg die bakens van geloof in God, in Christus Jesus, die Seun van God, en die werk van die Heilige Gees (Joh. 3:36; 7:38; Gal. 3:14; 6:15-16; Rom. 1:17; 2 Kor. 5:17; Ef. 2:15; 2 Kor. 4:6; 5:5; Heb. 4:1-13).

5.3.3.3.5 Herhaaldelike vernuwing op die reis

In die Ou Testament gaan dit oor herhaaldelike *vernuwing* wat God bring (Du Rand, 2013). Dit sluit die *vernuwing* van die individu en die gemeenskap in. Die vernuwing sluit verder in dat God vir sy mense 'n *tuiste*, ŉ beloofde land, ŉ goeie en wye land, ŉ land wat oorloop van melk en heuning voorsien (Eks. 3:8). By die profete hoor ons ook van vernuwing in terme van herboude stede, van die natuur wat oorvloedig produseer, die herstel van die ryk van Dawid, van Israel wat ŉ getuie vir die nasies kan wees en van God wat sy heiligdom in hulle midde vir ewig vestig (Eség… 36-38).

Die uittog (Eksodus) is die begin van die trek na die Beloofde Land en het besondere vernuwende en eskatologiese betekenis. Die uittog na die nuwe begin word ingelei met die gedagte van *versoening*, van ŉ offer van *ŉ lam sonder gebrek* vir versoening (Eks. 12:27; 34:25; 1 Kor. 5:7). Hulle moes dié nag van hulle redding op pad na hulle nuwe tuiste die vleis saam met ongesuurde brood eet (Eks. 12:3-13). Op die eskatologiese pad van vernuwing verwys Jesaja 53:7 na die Kneg van die Here wat soos 'n lam na die slagplek gelei word en Paulus pas in 1 Korinthiërs 5:7-8 die gebeure van daardie nag in Egipte toe op die vernuwing deur Christus se dood toe hy sê: "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ŉ nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus". Petrus sluit ook aan as hy sê dat ons is losgekoop "deur die kosbare bloed van Christus, soos ŉ lam sonder gebrek" (1 Pet. 1:19; kyk ook Joh. 1:29, 36; Hand. 8:32). In Openbaring 5:2 is dit die Lam wat geslag is wat waardig is om die boek oop te maak en sy seëls te breek, sodat die *toekoms* van God se plan vir die mens kan ontvou (Du Rand, 2007:251). Die finale vernuwing, volmaakte dispensasie aan die

einde is die bruilof van die Lam, die vrou van die Lam en die troon van God en van die Lam (Op. 19:7, 9; 21:9; 22:3).

5.3.3.3.6 Die woestyntog – verinniging van verhouding en ’n eskatologiese leerskool

In God se openbaring in die woestyntog het Hy op 'n “nuwe wyse nader gekom”, 'n “nuwe saamwees” bewerk waaruit die verhouding sou vloei en intiemer word. Hierdie verinniging met sy “nuut gevonde” mense was vir God in sy eskatologiese program belangrik. Die Here het op 'n unieke wyse sy *teenwoordigheid* geopenbaar en liefdevol *identiteit* oorgedra en dit was die stene waarop die *verhouding, leiding* en *sorg* gebou was (Eks. 19:4-6; Deut. 6:4,5,6,15). Die woestyntog was 'n eskatologiese leerskool (Deut. 8:3-20; 11). Die Here was soos 'n vader besig om hulle aan hand te neem, wonderbaarlik te versorg en na 'n uitsonderlike bestemming te lei (Eks. 16; Deut. 8:5; Ps. 78; Jer. 3:19; Jes. 63:16; 64:8; kyk ook Eks. 13:21; Neh. 9:12).

Moses het na die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags as ’n duidelike waarneembare verskyning van die Here verwys (Num. 14:14). In die wolkkolom het die Here met hulle gepraat (Ps. 99:7); hulle gelei (Neh. 9:12; Ps. 78:14) en dit was 'n bedekking en 'n vuur om die nag te verlig (Ps. 105:39).

Die teenwoordigheid van die Here het ook in die tabernakel wat hulle moes oprig gestalte gevind, ’n tent van samekoms, ook ’n heiligdom genoem (Eks. 13:21-22; 14:24; 25:8-9: 29:44-45; 40:34). Die tabernakel was met die “die magtige teenwoordigheid van die Here” gevul (Eks. 40:34, 1983) en in Eksodus 33:11 lees ons: “Dan spreek die Here met Moses van aangesig tot aangesig soos ’n man met sy *vriend*”. In Johannes 15:14 vind ons ook die verinniging as Jesus sy dissipels oor hulle verhouding met Hom leer: “Julle is my vriende --” (kyk ook vers 15). Die tabernakel was eskatologies die voorloper vir die tempel en later word dit vervang met God se inwoning deur die Heilige Gees in die lewe van die gelowiges en hulle word tempel en tabernakel van die Heilige Gees (Hand. 7:48; 17:24; 1 Kor. 3:16; 1:6:19; 2:6:16; Joh. 14:17). Eskatologies word ook die nuwe hemel en die nuwe aarde (Op. 21:1), onder meer, in Openbaring 21:3 as 'n tabernakel voorgestel: “Kyk, die tabernakel van God is by die mense- -“.

In die nabye en op pad-verhouding in die woestyn word die volk se reaksie op God se toenadering ook sigbaar. Hulle het baie vrese en twyfel gehad en dikwels na Egipte terug verlang (Num. 11:4-5; 13-14; kyk ook 1 Kor. 10:1-13; Joh. 3:14-16; Heb.4:1-13). Om die verhouding te vestig was dit belangrik om presies volgens elke reëling van Hom te handel (Eks. 16:15-28; Num. 20:8-12; Deut. 8), maar Israel was dikwels ongehoorsaam en kon hulle nie volkome in die hand van die Here plaas nie (Eks. 16:3; 16:8; 20:8-13; Ps. 78:19-22). In Deuteronomium 8:3 het die Here gesê:

> En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou *bekend* te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van *alles* wat uit die *mond van die Here uitgaan*.

Die Here was oor hulle ongeloof en ongehoorsaamheid in die verhouding ontsteld (Eks. 16:28; 17:2; Num. 12, 16). Nadat hulle afgode aanbid het, het Hy hulle verwyt: "dit is 'n hardnekkige volk" (Eks. 32:9) en wou Hy hulle ombring (Eks. 32:10). Toe Israel bevrees was om Kanaän in te gaan en hulle begeer het om eerder na Egipte terug te gaan, het die Here gesê; "En hoe lank sal hulle in my nie *glo* nie, ondanks al die tekens wat ek onder hulle gedoen het" (Num. 14:11). Hy het gesweer:

> ...so waar as Ek leef en die hele aarde van die Here se heerlikheid vol sal word, al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al tien maal versoek het en na my stem nie geluister het nie, hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het nie, ja, almal wat My verag het, sal dit nie sien nie (Num. 14:21-23).

Die eed van God: "So waar as Ek leef en die hele aarde van die Here se heerlikheid vol sal word", kan op 'n groter toekoms as Kanaän dui. In Psalm 72 waar die geregtigheid van 'n ideale koning as verteenwoordiger van God beskryf word, word 'n soortgelyke aanhaling gevind (19). Gemser (1959, 1:312) meen die digter het die "ideale koning" teen die agtergrond van die regering van Salomo (72:8 en 10) op oog, maar sê: "Die ideaal word eers in die Messias ten volle verwesenlik" (kyk ook Jes. 6).

In die eskatologiese pad word die verhaal van die uittog en die woestyngebeure as 'n spieël vir onderrig in die nuwe bedeling gebruik. In Jesus se versoeking in die woestyn waar die duiwel sy *identiteit,* sy *verhouding met God* en *versorging* bevraagteken het: "As U die Seun van God is, sê dat die klippe brode word" (Matt. 4:3), stel Jesus in sy verweer teen die bose: "Die mens sal nie

van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Matt. 4:3-4) uit Deuteronomium 8:3 aangehaal. Met die aanhaling het Hy 'n verbintenis met Israel in die woestyn gemaak. Paulus moes die uittog ook in gedagte gehad het toe hy in Romeine 15:4 geskryf het dat *alles* wat te vore geskryf is, tot ons *lering* geskryf is, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. In 1 Korinthiërs 10 verwys hy na die woestyntog en sê dat die dinge 'n voorbeeld vir ons was en: "dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie" (vers 6). In vers 10 skryf hy dat ons nie moet murmureer soos ook sommiges van hulle nie en hulle het deur die verderwer omgekom. Paulus sê dat al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons op wie die einde van die eeue gekom het (vers 11). In Hebreërs 3 word 'n vergelyking getref tussen Moses wat getrou was "in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word" (3:5) en "Christus as Seun van sy huis" (3:6) gemaak. Die gelowige word dan vermaan om tot die einde toe onwrikbaar te glo (3:6-19). In die hoofstuk 12:18-29 word 'n verdere lyne getrek vanaf die Sinaigebeure na die eindtonele van hierdie wêreld.

Die manna was ook 'n eskatologiese vooruitgryp na God se *ewige sorg*. Hy, die Messias, is self die *Manna*: "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee", en "die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee" (Joh. 6:32-33, 51b). In die woestyn het die Here uit 'n rots strome van water laat vloei (Eks. 17:6; Num. 20:10-11; Ps. 72:15-16), maar in die nuwe bedeling word Jesus self die *Fontein*: "Wie na My kom, sal nooit honger kry nie, en wie in My glo sal nooit dors kry nie" (Joh. 6:35); "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Joh. 7:37-38). By die finale afronding aan die volmaakte einde hoor ons dieselfde eskatologiese tema: "Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van water van die lewe, verniet. En laat hom wat dors het, kom--" (Op. 21:6), en "aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna" (Op. 2:17).

Die aankoms by Sinaiberg was 'n belangrike gebeurtenis in die eskatologiese gang van God met sy eie mense. God bevestig sy soewereiniteit; "die hele aarde is myne", maar "Ek (het) julle op arendsvlerke gedra en julle *na My toe gebring*. En julle sal vir My 'n koninkryk van *priesters* en 'n heilige nasie wees" (Eks. 19:4-6). Hierdie roeping van die eens slawe in Egipte wat uit die besondere verhouding tot God gespruit het, word in Christus uitgebou en strek tot aan die voleinding (1 Pet. 2:9; Op. 1:6; 5:10; 20:4).

By Sinai het groot verandering plaasgevind. Dit was ŉ *liefde-ingryp* van God en ŉ *blootstelling* van Homself aan sy mense. God se bepalings by die berg was sy *verbintenis* tot hulle, en ook sy algehele *aanspraak* op hulle:

> Hoor, Israel, die Here ons God is ŉ enige Here. Daarom moet jy die Here *jou* God *liefhê* met jou *hele hart* met jou *hele siel* en met *al jou krag*. En hierdie woorde – moet in jou hart wees; – want die Here jou God is ŉ *jaloerse* God *by jou* (Deut. 6:4, 5, 6, 15).

Die gedagte agter die verbond is God wat *liefhet* en ŉ *verhouding* tussen Homself en die mens wil vaslê. Du Rand (2013:61) sê:

> Die tien leefstylbepalings moet nie as voorwaardes gesien word nie, maar is die spontane *identiteitsaanduidende belewing van ŉ verhouding met die lewende God.* Verbondskinders op pad na die *einde* leef in die dampkring van God se *onverdiende goedheid*.

Terwyl Paulus in Romeine 13:8-14 oor die gelowiges se spiritualiteit skryf, sê hy: “hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul” en trek hy 'n lyn van die gebooie na 'n samevatting: “jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (13:9) en wys daarmee saam op die nabye einde: “die tyd van die finale verlossing is nou nader -. Die nag is byna verby, dit is amper dag. – Maar beklee julle met die Here Jesus Christus” (13:11-12, 14).

5.3.3.4 Verwysings in die Nuwe Testament na die Ou Testamentgebeure

Die wyse waarop die Nuwe Testament na die ou bedeling verwys, bevestig dat God van die begin af met sy mense op ŉ eskatologiese reis is.

5.3.3.4.1 God se “goedheid” (die heil in Christus) word met die “begin” verbind

Paulus trek in 2 Korinthiërs 4:6 ŉ eskatologiese lyn vanaf die skeppingsverhaal (Gen.1:2-3) deur na die *verlossing* in Jesus Christus as hy sê: “Want God wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die *kennis* van die *heerlikheid* van God in die aangesig van Jesus Christus”. Daar is reeds verwys na God se goeie motiewe met die mens wat in Efésiërs 1:3-5 teruggedateer word tot voor die skepping. Dat God ons wil aanneem as sy kinders is dan eintlik ŉ reuse “oerverhaal” van God. Dit was vir eeue verborge in Hom wat alles geskape het en nou kom dit aan die lig (Ef. 3:9-11).

Daar is 'n verbintenis met die begin as Paulus in Romeine 8 sê dat die *hele skepping* tot nou toe in barendsnood is en sug na die onverganklike.

Daar is reeds verwys na God se unieke uitspraak in die begin in Génesis 1:26: "Laat ons mense maak na ons *beeld*, na ons *gelykenis*". In die Nuwe Testament word dit geëggo met verwysing na die *nuwe lewe* van die gelowige. Paulus leer in Kolossense 3:9-11 dat die gelowiges die ou mens afgelê het en dat hulle hul met die nuwe mens beklee het, wat al hoe meer *vernuwe* word tot kennis en na die *beeld van sy Skepper*. Die korrelasie is ook met 2 Korinthiërs 3:18: "terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na *dieselfde beeld*, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is", en so stel Paulus dit ook uniek in Romeine 8:29: "die wat Hy vantevore geken het, dié wat Hy ook vantevore verordineer het om gelykvormig te wees aan die *beeld* van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broers". Dit wil voorkom of Johannes ook aansluit met Génesis 1:26 as hy skryf oor die gelowige se toekoms: "ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom *gelyk* sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1:3:2).

Wanneer Petrus in sy tweede brief in hoofstuk drie oor die wederkoms praat, bou hy 'n brug tussen die huidige skepping en die nuwe skepping. Teenoor die spotters wat sê: "En wat het nou geword van die *belofte* van die wederkoms?" (2 Pet. 3:4, 1983), skryf Petrus dat hulle vergeet dat God van die begin af besig is met sy skepping. Die hemel en aarde is deur sy *woord* tot stand gebring, maar dié teenswoordige wêreld word deur dieselfde *woord* bestem en bewaar vir die vuur. Dit word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word (2:3:7). Petrus beskryf dié onverwagse dag van die wederkoms: "En op dié dag sal die hemel met groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan" (2:3:10, 1983). Petrus sê: "Maar ons leef in die verwagting van 'n *nuwe hemel* en 'n *nuwe aarde* wat God *belowe* het en waar die wil van God heers*"* ("the home of righteousness" {NIV, 1984}) (2 Pet. 3:13 {1983}).

In Johannes se Evangelie vind ons ook dat lyne van die *skepping*, die *lig* en die *lewe*, deurgetrek word tot by Jesus en so tot in die ewigheid. Johannes begin sy evangelie by die skepping en vandaar lê hy die boodskap van saligheid uit:

> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het

> nie. In Hom was die *lewe*, en die *lewe* was die *lig* vir die mense. En die lig skyn in die *duisternis*, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Die *waaragtige lig* wat elke mens *verlig* was aan kom in die wêreld (Joh. 1:1, 3-5, 9).

Wanneer Johannes die einde in Openbaring 21:10, 23 beskryf as die heilige Jerusalem wat uit die hemel *van God neerdaal*, lê hy 'n eskatologiese verband vanaf die aardse Jerusalem. In die beeld van die stad word sekere elemente in die natuur vervang deur die heerlikheid van God: "En die stad het die *son* of die *maan* nie nodig om in hom te skyn nie, want die *heerlikheid* van God het hom *verlig*, en die *Lam is sy lamp*"(21:23).

5.3.3.4.2 Verwysings in die Nuwe Testament na heenwysings en skadubeelde in die Ou Testament

In die Nuwe Testament kan die gebruike en instellings in die ou bedeling gesien word as gebeure wat dui op die "ware" voortgang van die eskatologiese program van God in Jesus. Die oue was 'n tekening van die toekomstige weldade (Heb. 10:1). Paulus skryf in Kolossense 2 dat ons in ons verbondenheid met Christus deel aan die volheid van God en maan dan die gemeente dat niemand by die "skadubeeld" moet staan of hulle laat voorskryf oor wat hulle moet eet of drink, of dat hulle jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbat moet vier nie. Hy sê: "Dit is alles maar net die *skaduwee* van wat sou kom; die *werklikheid is Christus*" (Kol. 2:16-17).

Dit is veral die skrywer van Hebreërs wat die verbintenis maak tussen die ou bedeling en nuwe bedeling deur op die voorlopigheid van die priesterdiens wat die verskillende rituele en feeste insluit te wys. Die ou bedeling gaan in vervulling in die Hoëpriester, Jesus Christus. Die ware priesterdiens is in Christus en dit neem ons na die eindbestemming.

Die ou priesterdiens, met sy bepalings is "afgeskaf – weens die *kragteloosheid* en die *nuttelоosheid* daarvan", en 'n *beter hoop* is ingevoer waardeur ons tot God nader (Heb. 7:12, 16, 18-21, 24-28; kyk ook hoofstuk 8, 9, 4 en 5; Rom. 8:3; Gal. 4:9). In die ou priesterdiens is slegs "'n *afbeeldsel* en 'n *skaduwee* van die *hemelse dinge* bedien" (8:5). Die NIV vertaling sê: "They serve at a sanctuary that is a copy and shadow of wat is in heaven". In Hebreërs 10:1 (1983) staan: "Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die *weldade wat sou kom*, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offer gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie" (10:1, 1983).

5.3.3.4.3 ’n Eskatologiese verwagting by geloofsgetuies van die “ou tyd” – Hebreërs 11 en 12

In Hebreërs 11 en 12 sien ons ’n unieke eenheid van al die mense wat saam met God op pad is na die wederkoms.

Hulle was geloofsgetuies van die ou bedeling, maar vorm 'n eenheid met die kerk van die nuwe bedeling. Dit is mense wat in God geglo het en 'n toekoms verwag het, mense soos Abel, Henog, Noag, Abraham die rigters, Dawid, die profete en andere.

In sommige van die voorstellings van die ou bedeling in die hoofstuk 11 klink dit asof die skrywer van Hebreërs van die lydende kerk in die nuwe bedeling praat. Dit is asof hy die kerk wat op die wederkoms wag, voorstel:

> Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na ’n vaderland. – Maar hulle het na ’n beter vaderland, dit is die hemelse verlang (11:13-14, 16 {1983}).

Behalwe vir die laaste sinsnede van die gedeelte wat volg, hoor ons van dié mense se lyding en verwerping in die wêreld asof ’n bladsy uit die kerkgeskiedenis gehaal is:

> Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot ’n beter lewe deelagtig word. Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangeskap. Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe. En alhoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie (11:35-40).

In hoofstuk 12 word van hierdie geloofsgetuies van die ou bedeling, as voorbeelde gebruik om die gelowiges in die *nuwe bedeling in hulle wedloop aan te spoor*: Terwyl ons dan so ’n groot skare van geloofsgetuies (hoofstuk 11) rondom ons het, laat ons elke las en sonde afgooi en met volharding hardloop in die wedloop wat voor ons lê. Hy gebruik dié geloofshelde van die ou bedeling om die gelowige se oë op Jesus, die Begin en die Voleinder van ons geloof te gevestig. Ons moenie geestelik moeg word en uitsak nie (12:3). Dit is ’n stryd om lewe en dood (12:4).

Die skrywer van Hebreërs wys in die vergelyking van die ou en nuwe bedeling op die gevaar om deur God verwerp te word soos in die geval van Esau en die mense by die berg Sinai (12:16, 25):

> ...want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder ons wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog eenmaal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die *onwankelbare kan bly* (Heb. 12: 25-27; kyk ook 8:5; 12:18; Eks. 19:12; 18-20; 25:40; Num. 8:4; 1 Kron. 28:11, 19).

Die gelowiges van die nuwe bedeling, moet egter sorg dat nie een van hulle van die genade van God afvallig word nie (12:15), want nou het hulle immers nie gekom by 'n tasbare berg en 'n brandende vuur en donkerheid en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby hoorders gesmeek het dat hulle geen woord toegevoeg sou word nie, maar inteendeel, hulle het by die werklike beeld gekom:

> ...julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van die eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel (12:22-24).

5.3.4 Die betrokkenheid van die Heilige Gees in die eskatologiese reis van God na sy nuwe wêreld

Die eskatologiese boodskap in die groter God-mens-verhaal is reeds bespreek. Daarna is daarop gewys hoe die eskatologiese boodskap van God vanaf die skepping ontvou het en dit dien om die Skriftuurlike grond van 'n wyer benadering oor die eskatologie verder te belig. In hierdie eskatologiese reis van God met sy mense is die Heilige Gees wesenlik betrokke.

5.3.4.1 Verwysings na en die werking van die Heilige Gees in God se eskatologiese reis in die ou bedeling

God se betrokkenheid en handelinge in die Ou Testament word nie altyd in die lig van die *Gees* nie beskryf nie. Maar ons het uitdrukkings soos: "die Gees van God het gesweef" (Gen. 1:2); "die Gees het op hulle gerus" (Num. 11:6); "die Gees van die Here het op hom gekom" (Rig.

3:10); “die Gees van die Here het hom begin drywe” (Rig. 13:25); en ”Neem die Heilige Gees nie van my weg nie” (Ps. 51:13). Toe die Here die mens se lewenspan verkort het, het Hy gesê: “My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie” (Gen. 6:3).

In Psalm 104 word na die skepping verwys as die werk van die Gees: “U stuur u *Gees* uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut” (30). Job het gesê: “Die *Gees* van God het my geskape” (Job 33:4). As Nehemia lof bring aan God wat die hemel en aarde gemaak het en alles in die lewe onderhou, skryf hy onder meer oor Israel: “En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie, en aan hulle water gegee vir hulle dors” (9:20). Jesaja sê dat toe die volk later oor die ou dae gedink het, hulle gevra het: “Waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat sy *Heilige Gees* onder hulle gegee het?” (63:11). Wanneer Jesaja dan ’n samevatting gee van die geskiedenis van Israel se uittog, oor die *teer* en *liefdevolle vestiging* en *versorging* van hulle as God se volk, beskryf hy dit ook in konteks van die *Heilige Gees*: “Wat hulle deur die watervloede laat trek het soos ’n perd deur die woestyn, sonder om te struikel. Soos vee wat aftrek in die laagte, het die *Gees* van die Here hulle na rus gelei. So het U u volk gelei, om vir U ’n heerlike naam te maak” (63:13-14). Jesaja vertel van die Here se verlossing deur sy liefde en ontferming, dat Hy hulle optel en altyd dra en wanneer Jesaja dan na hulle opstand teen die Here verwys, sê hy: “en (hulle) het sy *Heilige Gees* bedroef “ (63:10). Mens kry dieselfde gedagte by Paulus as hy aan die gemeente in Efese skrywe: “En bedroef die Heilige Gees nie” (Ef. 4:30). Die skrywer van Hebreërs praat van die straf van iemand wat ”die Gees van genade gesmaad het” (10:29). In Dawid se boetelied, nadat hy met Batseba oortree het, verbind hy die Heilige Gees en saligheid, en bid: “Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur ’n gewillige gees.” (Ps.51:13-14).

Ons het reeds gewys op die *Gees* wat reg aan die begin betrokke was. Génesis 1 sê dat die aarde woes en leeg was, dat duisternis op die watervloed was, maar dat die *Gees* van God oor die waters gesweef het, en God het gesê: “*Laat daar lig wees*!” (Gen. 1:3). In hierdie stelling oor die Gees kan ons die aanvang van die *intieme verbintenis* tussen God en mens verstaan. Du Rand (2013) het opgemerk, soos gemeld is, dat dit verder dien as vertrekpunt van die mens en sy wêreld se *Goddelike identiteit* wat ingebed is in die skepping. Dié gedagte van God se verbintenis en identiteit is versterk toe God gesê het: “Kom Ons maak die mens as verteenwoordiger, ons beeld” (Gen. 1:26).

Toe die Farao vir Josef oor die hele Egipteland aangestel het, het hy hom só aan sy dienaars voorgestel: "Kan ons wel iemand vind soos hierdie man *in wie die Gees van die Here is"* (Gen. 41:38). Behalwe vir die drome wat hy uitgelê het, moet ons ook sy getrouheid in baie negatiewe omstandighede, sy verhouding met God (39:9-12) en dat hy aan die beloftes van God vasgehou het (Gen. 45:7; 50:24) aan die Heilige Gees toeskryf. Dit is opmerklik dat in alles wat hy gedoen het, was hy deur die Here geseën en voorspoedig; die Here was by Hom en het dit laat slaag (Gen. 39). God se guns aan hom het ook noodwendig na die omgewing om hom *oorgespoel* en dit verander (Gen. 39:4-6; 22-23). Met Josef, 'n man in wie die Gees van die Here is, kap God 'n pad in die wêreld oop na sy *toekoms* vir sy mense (Gen. 45:7).

Met Israel se reis deur die woestyn is die werking van die Gees sigbaar. Toe die las van die mense vir Moses te veel geword het (Num. 11), het die Here hom bygestaan deur sewentig man uit die oudstes bymekaar te bring en die *Gees* wat op Moses was op hulle laat neerkom. Vers 25 sê: "En terwyl die *Gees* op hulle rus, het hulle geprofeteer". Toe twee van hulle aanhou profeteer, het iemand Moses versoek om hulle te stop, en Moses se reaksie was: "Bekommer jy jou oor my posisie? Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy *Gees op almal mag lê*" (Num. 11:29, 1983).

Hierdie wens van Moses na die Heilige Gees vind weerklank op die eskatologiese reis in die profesie van Joël: "En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees" (2:28). Keil & Delitzsch (1969, 1:210) sê: "What Moses expressed in a wish – namely, that the people were all prophets, and that the Lord put His Spirit upon them (Num xi:29) – was to be fulfilled in the future". Dit is opmerklik hoe insluitend die woorde van die Here in Joël 2:28-29 is:

> En daarna sal Ek my Gees uitstort op *alle vlees*, en julle seuns en dogters sal profeteer, julle oumense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde (selfs op dié wat nie in aansien is nie {1983}) sal Ek in die dae my Gees uitgiet.

Keil & Delitzsch (1969, 1:211-212) skryf in hierdie verband: "The outporing of the Spirit upon slaves (men-servants and maidens) is connected 'and also', as being something very extraordinary, and under existing circumstances not to be expected. Not a single case occurs in the whole of the Old Testament of a slave receiving the gift of prophecy." Op die Pinksterfees (Hand. 2) is die profesie vervul toe die Heilige Gees uitgestort is en ons lees van die mense wat bymekaar was: "En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale,

soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek" (Hand. 2:4). Petrus het verduidelik dat Joël se woorde waar geword het.

In beide die gedeeltes van Numeri 11 en Joël 2 het ons *ingrypinge* (by Joël kom die belofte in die agtergrond van *droogte en sprinkaanswerms*) van God deur die Heilige Gees. In Moses se geval word na die Heilige Gees verwys in die lig van God wat aan Moses mense gegee het om hom te help om die *las te dra*. In Jesaja word die agtergrond ook negatief voorgestel: "totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die *woestyn* 'n vrugte boord" (32:15) en: "Want Ek sal water giet op die *dorslande* en strome op die droë grond. Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomeling" (44:3).

Toe die kinders van Israel die Here aangeroep het omdat hulle in moeilikheid was oor hulle sonde het die Here 'n verlosser, Otniël, vir hulle verwek (Rigters 3). Vers 10 sê: "En die Gees van die Here het op hom gekom, en hy het Israel gerig -". In Rigters 6:34 hoor ons: "Die *Gees* van die Here het vir Gideon *vervul*" en hy het onder leiding van die Here begin optree en die Here het 'n wonderlike redding bewerk. Van Simson lees ons dat "die Gees van die Here het hom begin drywe" (13:25) en "die Gees van die Here het oor hom vaardig geword" (14:6,19).

Die besondere werksaamheid van die Heilige Gees was ook opmerklik in die aanstelling van die volk se eerste koning (1 Sam. 8-10). Samuel het aan Saul gesê: "Die Here het jou tot regeerder oor *sy besitting gesalf*" (1 Sam. 10:1, 1983) en in 1 Samuel 10:6 vervolg hy: "Dan sal die *Gees* van die Here *kragtig in jou werk.* Jy sal saam met hulle profete optree en in 'n *ander mens* verander word. Wanneer hierdie tekens oor jou kom moet jy doen wat jou hand vind om te doen, want God is *by jou*" (1 Sam. 10:6-7, 1983). Toe Saul die profeterende profete ontmoet, lees ons: "Die Gees van die Here het *kragtig in hom gewerk*, en hy het saam met hulle as profete opgetree" (1:10:10, 1983). Keil & Delitzsch (1971, Sameul:100) sê dat "profeteer" verstaan moet word as:

> ...an ecstatic utterance of religious feelings to the praise of God, as in the case of the seventy elders as in the time of Moses (Num. xi:25). The Spirit of Jehovah, which manifested itself in the prophesying of the prophets, was to pass over to Saul, so that he would prophesy along with them, and was *entirely to transform him.*

Keil & Delitzsch meen dit het 'n verandering bewerk in Saul:

> ...which effected the entire disposition of mind, and by which Saul was lifted out of his former modes of thought and feeling, which were confined within a narrow earthly sphere, into the far higher sphere of his new royal calling, was filled with kingly thoughts in relation to the sevice of God, and received 'another heart' (vers 9).

Ná hierdie gebeure het die Ammoniete die stad Jabes in Israel beleer. Toe Saul dit hoor sê die Skrif: "Die Gees van God het kragtig in Saul gewerk toe hy dit hoor, en hy het woedend geword" (1 Sam. 11:6, 1983). Hy het toe onmiddellik opgetree en die volk saamgeroep tot oorlog.

Dit is dus duidelik dat God deur die Gees mense se lewens verander het en dat hulle medewerkers in die openbaring van die Here se krag en verlossing geword het (1 Sam. l 10:6, 7, 11; Rig. 3:10; 6:34; 13:25; 14:5). Die *teenwoordigheid* van God deur sy Gees was 'n intense ervaring en 'n belewenis van *identiteit* en *sorg*. Deur die Heilige Gees het God sy mense in 'n donker wêreld na sy bestemming vir hulle geneem.

5.3.4.2 Die verwagting van die Messias en die Heilige Gees

In die vooruitbeskouing van die Messias is dit opmerklik hoe die werking van die Heilige Gees aksentueer word. Jesaja skryf: "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, – Die *Gees* van die Here sal op Hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here" (Jes. 11:1-2, 1983). Daarna brei Jesaja uit oor die seën van die koms van die Messias waarop die Gees rus: Aan die *armes* sal in geregtigheid *reg* gedoen word en die *sagmoediges* van die land sal met billikheid geoordeel word, maar die goddelose sal *vernietig en geoordeel* word. Hy skets 'n prentjie van 'n harmonieuse nuwe wêreld waar ook geen kwaad meer sal wees nie. Die aarde sal vol wees van die *kennis van God* (Jes. 11). Jesaja 42:1 wys ook daarop dat die Gees wat op die Messias sou kom die wil van die Here aan die nasie bekend sal maak (42:1, 1983). Jesaja volg dan ook met 'n beeldryke vooruitskouing van die koms van die Messias. 'n Liefdevolle en teer prentjie word geskilder van die Messias se uitreik na 'n stukkende mensdom in 'n donker wêreld (42:2-4). Die koms van die Messias en die Gees op Hom, is God, die Skepper, self in aksie. In vers vyf stel God Homself in sy totale skepping voor: "Hy wat die hemelkoepel geskep en oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op die aarde asem gee, die lewe gee aan alles wat op die aarde beweeg: Ek is die Here". Die gedeelte word opgevolg met die Messias waarop die Gees gekom het en sê: "Ek vat u hand en behoed U, en gee U as 'n verbond van die

volke; as ’n lig vir die nasies, om blindes se oë te open; om die gevangenis uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit” (Jes. 42:6-7).

Die profesieë van Jesaja dat die Heilige Gees op die Messias sou kom, het waar geword toe Jesus deur Johannes gedoop is.(Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22; Joh. 1:31-34). Johannes het gesê:

> Ek het duidelik die Gees soos ’n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie; maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God (Joh. 1:32-34, 1983).

Johannes die Doper het ook oor Jesus verklaar: “Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die *Gees* nie met mate nie. Die Vader het die Seun lief en het *alles in sy hand gegee”* (Joh. 3:34-35).

In Jesaja 61 het ons ook ’n profesie van die verwagte Messias en dit word ingelei met ’n verklaring oor die Heilige Gees: “Die Gees van die HERE is op My, omdat die Here My gesalf het om ’n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; -“ (61:1, 1983). Eeue later lees Jesus uit hierdie gedeelte in die sinagoge te Nasaret voor, en terwyl almal se oë op Hom gerig is, verklaar Hy: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul” (Luk. 4:21, 1983).

5.3.4.3 Die verwagting in die ou bedeling na ’n toekomstige vernuwing deur die Heilige Gees

In die Ou Testament is daar verskeie verwysings na ’n toekomstige vernuwing deur die Heilige Gees. Eségiël wys byvoorbeeld daarop dat ons ’n nuwe hart sal kry en ’n nuwe gees in ons binneste. Die Here sal die hart van klip uithaal en ons ’n hart van vlees gee, en Hy het gesê: “En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen” (36:26-27). In hoofstuk 37:14 lees ons: “En Ek sal my Gees in julle binneste gee, dat julle lewendig kan word”.

Hierdie vernuwing vind ons ook in die woorde van Jesaja in hoofstuk 44:3-5:

> Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge. En hulle sal uitspruit tussen die gras in, soos wilgerbome by waterlope. Die een sal sê: Ek behoort aan die Here; en die ander sal die naam van Jakob uitroep; en die ander sal met sy hand skrywe: Ek behoort aan die Here, en hom met die erenaam Israel noem.

God wat iets van Homself in liefde aan sy mense gun, loop soos 'n silwerdraad deur die Bybel. Deur middel van die Heilige Gees het God altyd *mense betrek* in *sy eskatologiese program* oppad na 'n *nuwe toekoms* Van die begin af het Hy mense as sy verteenwoordigers hierin gebruik.

5.3.4.4 Die Heilige Gees in die Nuwe Testament

In die Ou Testament is 'n verwagting na 'n *nuwe bedeling*: Dit is die koms van *Christus* in die lig van die werking van die Heilige Gees, en ook die *nuwe lewe* van die gelowige deur die Heilige Gees. Verder is reeds daar op gewys dat God in sy eskatologiese pad met die mens sy Gees op alle vlees sou *uitstort* (Hand. 2:28). Petrus het die vervulling daarvan in verband met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag gebring, en verder daarop uitgebrei deur te sê:

> Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep (2:38-39).

Die koms van Christus en die gepaardgaande werk van die Heilige Gees is opvallend. Met sy geboorte kom die profesie van Jesaja dat die maagd sal swanger word, en die seun Immanuel genoem sal word, tot vervulling (Jes. 7:14; Luk. 1:31; Matt. 1:23). Op Maria se beswaar dat sy nie 'n man nie, het die engel geantwoord: "Die *Heilige Gees* sal oor jou kom en die *krag* van die *Allerhoogste* sal jou *oorskadu*. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." (Luk. 1:35; kyk ook Matt. 1:18, 20).

Met Maria se besoek aan Elisabet is sy vervul met die Heilige Gees (Luk. 1:41) en het uitgeroep: "En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom" (Luk. 1:43). Maria het by haar aangesluit met 'n lofsang oor die groot dade van God (Luk. 1:46-55). Net so het die Heilige Gees ook Sagaria vervul en hy het profeteer en God groot gemaak (1:67-79). Lukas vertel van 'n ou man Simeon waarop die Heilige Gees gerus het. Hy het "deur die Gees in die tempel gekom en toe die ouers die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die

gebruik van die wet, het hy die Hom in sy arms geneem en God geloof…" (2:27). Die verhaal van Anna, 'n ou profetes, sluit hierby aan (2:37-38).

Verder sien ons dat Lukas dit nodig gevind het om op die betrokkenheid van die *Heilige Gees* te wys in die grootword van die Kindjie: "En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees" (2:40).

Met Jesus se doop in die Jordaan het die voorspellings van Jesaja waar geword en het die Heilige Gees op die Messias *neergedaal* (Luk. 3:21-22), en dan sien ons hoe die Heilige Gees Hom *lei* (Luk. 4:1). Lukas 4:14 verklaar: "En Jesus het in die krag van die Gees na Galilea teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele land gegaan". Ons het reeds daarop gewys dat Jesus in die sinagoge in Nasaret die verklaring uit Jesaja 61 op Hom van toepassing gemaak het: "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees; -- om die aangename jaar van die Here aan te kondig" (Luk. 4:18-19).

Petrus het in die huis van Kornelius gewys op die *betrokkenheid* van die *Heilige Gees* in Jesus se bediening: "Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was met Hom" (Hand. 10:38, 1983). Terwyl Petrus die evangelie van Christus aan Kornelius en sy mense verkondig het, het die Heilige Gees op almal gekom wat die woord gehoor het (10:44). Die gelowiges wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op hulle uitgestort is: "Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak" (10:46). Petrus het daarna gereël dat hulle gedoop moet word, want hulle het "net soos ons die Heilige Gees ontvang" (10:47).

In Handelinge 1:2 is dit opmerklik dat Lukas skryf dat Jesus, voordat Hy opgeneem is, aan die apostels deur die *Heilige Gees* bevele gegee het. Dit verwys waarskynlik na die opdragte in Matthéüs 28:19; Markus 16:15 en Johannes 20:21 waarin Hy hulle gestuur het om die wêreld te evangeliseer. Die bevele het ook ingesluit dat hulle nie van Jerusalem moes weggaan nie, maar dat hulle moes wag op die belofte van die Vader, wag om *gedoop* te word met die *Heilige Gees* en so toegerus te word met krag uit die hoogte om getuies van die evangelie van Christus te wees (Hand. 1:4-5; Luk. 24:49).

5.3.4.4.1 Die Heilige Gees bring vernuwing

Ons het reeds daarop gewys op hoe die Heilige Gees mense in die ou bedeling verander het (1 Sam. 10:6, 7, 11; Rig. 3:10; 6:34; 13:25; 14:5) en op die profeet Eségiël (37) wat geprofeteer dat God sy *Gees* in ons sal gee sodat ons weer "*lewend*" kan word. Die nuwe bedeling is 'n groot sprong in God se eskatologiese program om die mens deel van Hom te maak, "om ons as sy kinders vir Homself aan te neem" (Ef. 1:5; kyk ook Joh. 3:6; 7:37-38; 16:7-15; Hand. 20:28; Rom. 5:5; 2 Kor. 2:14; 1 Tess. 1:5; Tit. 3:5; Heb. 2:4). Daar is reeds verwys na Du Rand (2013:106) se opmerking dat die uitstorting van die Heilige Gees 'n duidelike aanduiding is dat die *nog nie* 'n *alreeds* geword het as deel van God se eskatologiese program.

Jesus het vir Nikodemus op die noodsaaklik van 'n nuwe geboorte gewys ten einde die Koninkryk van God te sien (Joh. 3:1-21). Toe hy die begrip van "weergeboorte" nie kon verstaan nie, het Jesus gewys op die "hemelse": die *Heilige Gees wat 'n nuwe geboorte meebring:*

> Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is (Joh. 3:6-8; 1983).

Dan sluit Jesus in die verduideliking van die *nuwe geboorte* eskatologies aan by die woestyngebeure waar baie uit die volk weens hulle sonde gesterf het: "Soos Moses die slang verhoog het, moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:14-15; kyk ook 6:40). Hierdie nuwe geboorte is gegrond in God se liefde vir die mens: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun *gegee* het, sodat elkeen wat in Hom glo, *nie verlore* mag gaan nie, maar die *ewige lewe* kan hê" (3:16; kyk ook vers 17 en Rom. 5:8; 1 Joh. 4:9).

In die gesprek met die sondige *Samaritaanse* vrou by die fontein van Jakob neem Jesus die tema van vernuwing verder. Hy wys daarop dat Hy die lewende water aan die wat Hom vra, gee, en as iemand van dié water drink, sal hy in *alle ewigheid nooit dors kry nie:* "Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee" (Joh. 4:14). In die gesprek word nuwe inhoud aan verhouding en aanbidding gegee. Die ou gebruike en aanbiddingsplekke moet plek maak ("nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem nie" {Joh.4:21}) vir die Heilige Gees ("daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die

Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mens wat Hom glo, dit so moet doen" {4:23; 1983}). Jesus verklaar toe: "God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet hom deur die Gees en in waarheid aanbid" (4:24; 1983). Hierdie gebeure het op 'n nuwe realiteit van goddelike *identiteit, intimiteit* en *sorg* gewys.

In Johannes 7 sluit Jesus by hoofstuk vier aan waar Hy uitgeroep het dat as iemand dors het en by Hom kom drink en in Hom glo dit sal wees soos die Skrif sê: "strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (7:38). Johannes het toe verduidelik dat Jesus na die *Gees* verwys het wat dié sal ontvang wat in Hom glo; "want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie" (7:39).

Ons deelname in God se heil is deur geloof in Jesus Christus (Joh. 3:36) en die werk van die *Heilige Gees* in ons lewens. Titus bevat ook 'n eskatologiese verwysing:

> maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus ons Verlosser; sodat ons geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe (3:5-6).

Paulus het talle verwysings na die *Gees* wat in die gelowiges se lewe betrokke is. Hy beeld in Romeine 8:14-17 die werk van die Gees baie persoonlik uit wyl ons op pad is na die volmaakte:

> Want almal wat deur die *Gees* van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die *Gees* van *aanneming tot kinders*, deur wie ons roep: *Abba*! (Dit beteken Vader.) Die *Gees* getuig saam met ons gees dat ons *kinders van God* is; en as ons kinders is, dan ook *erfgename*, erfgename van God en *mede-erfgename van Christus*, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook *saam met hom verheerlik* kan word.

Paulus stel dit ook so: "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: *Abba*, Vader" (Gal. 4:5), en "Ons dien Hom in die nuwigheid van die Gees" (Rom. 7:6). Die mense wat die seën van Abraham in Christus ontvang, ontvang die belofte van die *Gees* deur geloof (Gal 3:14). Hulle *leef* deur die Gees en *wandel* deur die Gees (Gal. 5:25, 16, 18). In laasgenoemde perikoop stel Paulus 'n lewe voor wat deur die Gees van God beheer word teenoor 'n lewe wat swig voor die sondige natuur. Hy noem praktyke van die sondige natuur en stel dat wie hom aan sulke dinge skuldig maak, nie die Koninkryk van God as erfenis verkry nie. Paulus meld ook die vrugte van die Gees en wys daarop dat dié wat aan

Christus behoort die hartstogte van die sondige natuur gekruisig het. Hulle lewe deur die Gees en die Gees bepaal hulle gedrag.

Deur die Gees word ons *afgesonder* om God gehoorsaam te wees (1 Pet. 1:2; 2 Tess. 2:13). "Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur die Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op die uiterlike dinge vertrou nie" (Fil. 3:3; kyk ook Jer. 31:33-34; Eség… 11:19-20; 36:27-28). Paulus sê in 1 Korinthiërs 6:19-20: "Of besef julle nie dat julle liggame 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik".

Die inkarnasie van Christus, sy dood, sy opstanding en hemelvaart is 'n verhaal wat deurweef is met die werking van die *Heilige Gees* (Luk. 1:35; 3:22; 4:18; Heb. 9:14; Rom. 8:11; 2 Kor. 4:14; 1 Pet. 3:18; Ef. 1:19-23). Ons sien in hierdie werkinge van die Heilige Gees die *ontvouing* van God se *ewige liefde,* die oordrag van Goddelike *identiteit* aan die mens, die ontplooiing van 'n *intieme verhouding,* en God se *ewige sorg* wat uitloop op die *volmaking.* Deur die Heilige Gees realiseer God se *eenwording* met sy mense saam met die belofte dat ons mede-erfgename van Hom sal wees (Kol. 2:9-12; Ef. 2:17-19; 3:19; Rom. 8:14-17; Luk. 15:31)**.**

Deur die Heilige Gees is God saam met sy eie mense (ook genoem sy "kinders", of sy "bruid") op pad na die wederkoms, na die nuwe wêreld (Rom. 8:15, 23; Op. 19:7; 22:17; 2 Pet. 3:13). Ons is "verseël met die Heilige Gees van die belofte, wat ook die onderpand is van die erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid" (Ef. 1:13-14). Die gelowige word in sy eksodus soos Israel na sy rusplek gelei (Jes. 63:13-14).

5.3.4.4.2 Vervulling met die Heilige Gees

Na aanleiding van alles wat reeds oor die Heilige Gees gesê is, kan gesê word dat die Heilige Gees die *Almagtige Skepper God in aksie* in ons lewens is (kyk Gen. 1:2-3, 26; Ps. 104; Jes. 9:21; 42:2-5; 63:11, 13-14; Luk. 1:35; Matt. 1:18, 20). In konteks van die *vervulling* met die Heilige Gees kan God se handelinge omskryf word as dat God, die Almagtige Skepper, "*oor julle (die mens) kom"* (Hand. 1:8), of, anders gestel: Joël 2:28: "my Gees *uitgiet* op alle vlees".

In Jesus sy lering in Johannes 14:15-16 word 'n onderskeid gemaak tussen die gebeure om 'n gelowige as so danig te wees (15), en om 'n gelowige te wees wat vervul word met die Heilige Gees (16). In vers 15 het Jesus vir hulle gesê: "As *julle* My *liefhet*, bewaar my gebooie". Dit veronderstel dat Jesus hier met volgelinge van Hom, gelowiges, praat en dán meld Hy van 'n verdere ervaring vir hierdie gelowiges in vers 16: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal *julle* 'n *ander* Trooster *gee* om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die *wêreld nie kan ontvang nie*, omdat dit Hom *nie ken*; maar *julle ken Hom*, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (16-17). Hierdie verdere ervaring in die gelowige se lewe is ook duidelik in Johannes 7:38-39: "Hy wat in *My glo*, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat *die* sou ontvang wat in *Hom glo*; want die Heilige Gees *was daar nog nie*, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie". Hierby sluit die belofte van Joël 2:28 aan: "En *daarna* sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees" (kyk ook Hand. 2:39).

In Handelinge 1:4 het Jesus vir sy dissipels *bevel* gegee "om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te *wag* op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het". Hulle moes wag vir 'n belofte van die Vader. Johannes die Doper het twee voorstellings van Jesus gemaak: Die een was: "Hy sal julle doop met die Heilige Gees en vuur" (Matt. 3:11), en die ander: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem" (Joh. 1:29). Jesus het vir hulle gesê dat dit *voordelig* is dat hy weggaan, want as Hy nie weggaan nie, sal die Trooster nie na hulle kom nie (Joh. 16:7). En toe gebeur dit op die dag toe die Pinksterfees aangebreek het:

> En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, hulle het tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek (Hand. 2:2-4).

Die menigte wat saamgedrom het, het gehoor hoe hulle oor die *groot dade* van God spreek. Petrus het opgestaan en verduidelik dat die mense nie, soos hulle dink, dronk is nie. Dit is die laaste dae en dit is wat deur die profeet Joël gespreek is – dat God sy Gees op alle vlees sal uitstort en hulle sal profeteer.

Op die skare se vraag: "Wat moet ons doen, broeders?" (Hand. 2:36). het Petrus het vir hulle geantwoord:

> Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die *gawe* van die Heilige Gees ontvang. Want die *belofte* kom julle toe en julle kinders en *almal* wat daar ver is, die wat die Here ons God na Hom sal roep (2:38-39).

Daar is verwys na die ervaring van spreek in ander tale (Mark. 16:17; Hand. 2:4; 10:46; 19:6), maar die doop of vervulling met die Heilige Gees moet veral beskryf word as *'n besondere intense ervaring van die teenwoordigheid van God.* Dié ervaring van dié besondere teenwoordigheid moenie verklaar word dat die ervaring van die inwoning van Christus en die Heilige Gees by 'n wedergebore gelowige gediskrediteer word nie (Hand. 2:38; 4:4; 8:12, 16-19; 19:1-6). 1 Johannes 4:13 sê: "Hieraan *weet* ons dat ons *in Hom bly en Hy in ons*, dat Hy ons *van sy Gees gegee het*", en Jesus het in Joh. 14:17 van die Trooster wat die Vader gaan gee, gesê: "omdat Hy by julle bly en in julle sal wees". In die konteks van die koms van die Heilige Gees het Hy gesê dat Hy ons nie *wees* sal agterlaat nie (Joh. 14:18). Hy het gesê dat dit voordelig is dat Hy weggaan, sodat Hy die Trooster kan stuur (Joh. 16:7). Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid en Hy sal Jesus verheerlik, omdat Hy sal neem uit dit wat aan Jesus behoort en aan ons verkondig.

Wanneer Johannes in sy eerste brief oor die inwoning van God deur die Heilige Gees in gelowiges skryf ("Hieraan weet ons dat *ons in Hom bly en Hy in ons*, dat Hy ons van sy *Gees* gegee het" {4:13}), verbind hy in vers 16 die inwoning van God met 'n ervaring van die liefde van God: "En het ons die *liefde* wat God tot ons het, leer *ken* en *geglo*. *God is liefde*; en hy wat in die *liefde bly, bly in God, en God in Hom*". In die lig daarvan dat ons die liefde van God leer *ken* en *glo* deur die inwoning van God kan ons die vervulling met die Heilige Gees óók beskryf as *'n besondere intense ervaring* van God *se liefde.* Die afleiding is dat as jy die liefde leer *ken* en *glo*, dat jy *intens die liefde van God ervaar* en dat jy nou kan bely: *God is liefde*. As ons sê dat God dink aan 'n meer totale (geheel) werk in ons lewens, in die nuwe geboorte deur die Heilige Gees én die vervulling met die Heilige Gees (kyk Joh. 1:29, 33; Hand. 2:38; 10:44-48; 19:2-6; 2:4, 17-18), dan kan Romeine 5:5 stellig interpreteer word dat God in die gebeure van die wedergeboorte én in die gebeure van die vervulling met die Heilige Gees sy liefde in ons harte uitstort. Die vraag kan vra word: verwys 1 Johannes 4:13 en 16 nie na die doping in die Heilige Gees nie? As dit na die doping in die Heilige Gees verwys, dan kan dit beteken dat slegs hulle wat met die Heilige Gees gedoop is, weet dat *ons in Hom bly en Hy in ons*, maar dit is stellig nie die geval nie. Die gevolgtrekking is dus dat die vervulling met die Heilige Gees, naas die wedergboorte, 'n verder intense ervaring van die liefde van God is.

Die gedagte van die doop in die Heilige Gees, soos hierbo gemeld, as *'n besondere intense nabye ervaring van die persoon van die verheerlikte Jesus* en *'n intense ervaring van die liefde van God in Christus,* kan behoort in die lig van Efésiërs 3 verstaan te word. God gee dat sy *Gees* die gelowige *innerlik versterk* na die *rykdom van sy heerlikheid* (16), dat Christus in ons kan *woon* – ons wat in die *liefde gewortel* en *gegrond* is (17). In dié konteks kan ons dus sê dat die doop in die Heilige Gees 'n *konstante innerlike ervaring van God en sy heerlikheid* is, en dat dit die konstante *verrassende nabye ervaring van God se teenwoordigheid en liefde in Christus* is (Ef. 1:15-23; 5:18; Rom. 8:14-17). In die liefde word ons geplant soos 'n boom en gebou soos 'n huis (Ef. 3:17). Ons asem deur die Gees die liefde van God. God kom uit sy luisterlike hemel en neem ons, as wedergeborenes deur die Heilige Gees en vervul met die Heilige Gees op die reis van die begrip van die breedte en lengte en diepte en hoogte van sy liefde. Hy woon in ons en ons word *vervul* met sy volheid (18-19). Deur die proses van innerlike versterking deur die Heilige Gees na die rykdom van sy heerlikheid woon Christus deur geloof in ons en ons ontdekking meer en meer die liefde van Christus. Paulus koppel wonderlike gebedsverhoring aan die proses en so kom deur hierdie verbondenheid aan Christus ewige eer aan Hom toe (Ef. 3:20-21).

Verder is die intense ervaring en ontmoeting met die opgestane en verheerlikte Christus in die doping in die Heilige Gees belangrik vir die toerusting met krag uit die hoogte om getuies van Jesus te wees tot aan die uitterste van die aarde (Luk. 24:49; Hand. 1:8; Ef. 1:17-21; kyk ook Han. 5:32). Dit blyk moontlik dat dit korreleer met die Ou Testament in die gebeure soos van die sewentig manne wat Moses moes help, van die rigters en van die konings. Hulle het in diens van God gestaan. Met die sending van die dissipels word in Matthéüs 28 nie melding gemaak van die Heilige Gees nie, maar dit moet in samehang met Lukas 24:46-49 en Handelinge 1:4, 8 gelees word. Dit is ook opmerklik dat Jesus in die konteks van die sending gesê het dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is (28:18) en aan hulle belowe dat Hy met hulle sal wees tot aan die *voleinding van die wêreld* (28:20).

In die Ou Testament was dit reeds duidelik dat die spesifieke betrokkenheid van die Heilige Gees mense se lewens beïnvloed het (Num. 11:17, 25, 29; Rig. 6:34; 13:25; 1 Sam. 10:6). In Handelinge 4:13 was die Joodse leiers (4:5) in die verhoor van Petrus en Johannes verwonder oor hulle vrymoedigheid ("want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense"). Later die aand, nadat hulle met dreigemente vrygelaat is, het hulle om vrymoedigheid gebid. "En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die

Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek" (4:31) Die gedagte van "invloed" of "beheer" van die Heilige Gees kan waarskynlik in Efésiërs 5:18 ook verstaan word. Paulus vermaan die gemeente om nie dronk te word van wyn nie – "daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul". Robertson Nicoll (1970, 3:363) meen: "The contrast is not between the instruments but between the states – between two elevated states, one due to the excitement of wine, the other to the inspiration and enlightenment of the Spirit". In Wuest (1973, 1:129) se kommentaar, maak hy 'n aansluiting met die aanstel van diakens in Handeling 6 (manne "vol van die Heilige Gees" {6:3} en na die gebeure by die dood van Stefanus) en sê: "Therefore, the fullness of the Spirit has reference to His control over the believer yielded to Him". Na aanleiding van die teenwoordige imperatief van die werkwoord vertaal hy die gedeelte: "Be constantly being filled with the Spirit" en sê die interpretasie is: "Be constantly, moment by moment, being controlled by the Spirit".

In die Eskatologiese pad van die vervulling met die Heilige Gees kan onder meer verwys word na die gebeure waarna ons reeds verwys het: Die 70 manne in die woestyn (Num. 11), die ervaring van rigters, die salwing van konings en die vervulling van die profesie van Joël 2 op Pinksterdag (Hand. 2). In Johannes 14-17 word na die Heilige Gees, die Trooster, wat die Vader sal stuur en wat by Jesus se mense sal bly en hulle sal leer, verwys in 'n raam van die eskatologiese verwagting. Paulus maak ook 'n eskatologiese aansluiting as hy skryf dat die gelowiges deur die Heilige Gees *beseël* word as God se eiendom en dat dit ook ŉ *waarborg* is dat ons verder die finale verlossing wat God belowe het, sal ontvang (Ef. 1:13-14; 2 Kor. 1:22; 2 Kor. 5:4-5). God dink aan ŉ totale werk van die Gees: nuwe geboorte deur die Heilige Gees, die doop met die Heilige Gees van die belofte waardeur gelowige krag ontvang om getuies te wees tot aan die uitterste van die aarde, en wat ons ook "verseël" as sy eiendom en wat ŉ waarborg is van wat aan die einde kom (Joh. 3; Hand. 1:8; 2:38-39; 9:17; 19:1-6; Ef. 1:13; 2 Kor. 1:22). Die vervulling met die Heilige Gees is in die *op pad-wees* na die volmaakte ŉ spesiale *alreeds-ervaring* van die lewe wat in die nuwe wêreld en ewige saamwees met God sal ontvou en ook 'n spesiale *aan-die-hand-neem* na die finale einde.

5.3.4.5 Die Heilige Gees by ons eindverandering

Die Gees sal ons ook verlos van ons sterflike liggame: "En as die *Gees* van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle

sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle is" (Rom. 8:11). Ons wat die Gees as eerste gawe van God ontvang het, sug in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam (Rom. 8:23). In 1 Korinthiërs 15 gee Paulus onderrig oor die opstanding en sê: "Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid" (1:15:42); "'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek, --. So is daar geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees" (44a, 45). Paulus verduidelik dan ons liggaamlike eindverandering so:

> En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra. Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die Koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die onverganklike nie die verganklike nie. Kyk ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal nie almal ontslaap nie, maar *ons sal almal verander word*, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met die *onverganklike* beklee word, en hierdie sterflike moet met die *onsterflike* beklee word – dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal (I Kor. 15:49-54).

Paulus skryf in 2 Korintiërs 5:4-5 oor ons sug in ons aardse liggaam na 'n hemelse liggaam en sê: "Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee".

5.3.5 Die eskatologie – 'n Christelike lewe van hoop

In die omvattende benadering van die eskatologie het dit reeds duidelik geword dat die *op pad-wees* van God met sy mense 'n opwindende ervaring en reis van *hoop* is. In die volgende gedeelte word die eskatologie bespreek in die konteks van die hoop wat gevind word in die teenwoordigheid van God en die vooruitsigte in Hom.

Die Premillennialiste se benadering van die eindgebeure het daartoe gelei dat die Christelike hoop hoofsaaklik gewentel het rondom sekere momente of gebeure wat in hulle leerstukke na vore kom, soos: die hoop op 'n geheime wegraping van die gelowiges, die hoop op 'n sewe jaar bruilof iewers in die lug, en die hoop op die ontsnapping van die Groot Verdrukking (Kleynhans 2000; Walvoord 1977; Horton, 1995).

Die hoop moet ons egter nie soek in 'n uitgespelde toekoms nie, maar in God self, die Skepper, Onderhouer en in ons Verlosser Jesus Christus. Volgens die Bybel behoort die mens in die

aanskou van sy werke 'n sekere bewussyn van sy omgee, sy bedoelinge, sy ewige krag en goddelikheid te vind. Uit die bewussyn behoort 'n verheerliking asook 'n soeke na God om Hom te vind, voort te vloei (Ps. 8; 19; 50:6; 97:6; Rom 1: 20; Hand. 14:17; 17:24-27). In die eerste plek lê hoop in die teenwoordigheid van die Almagtige God. In Hom is daar 'n toekoms. Hoop word al vroeg sigbaar in Abel se offer, in Henog se wandel met God en in Noag wat met eerbiedige vrees 'n ark gereed gemaak het tot redding van sy huis.

Hebreërs 11:1 wys op ŉ korrelasie tussen geloof en hoop in ons: "Om te *glo*, is om seker te wees van die dinge wat ons *hoop*, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie".

Wanneer God na die mens uitgereik het, was daar altyd ŉ *verwagting,* 'n *eskatologies hoop.* Van die begin af het God die *reis* met sy mense gevul met *beloftes* (Gen. 3:15; 9:13-17; 12:2-3; 2 Sam. 7:13-16; Jes. 1:9; 10:20-22; Miga 4:6-7; 5:6-7; 7:15; Joël 2:28; Jes. 9; Jer. 31:31-34; Eség… 36). Hebreërs 11 beskryf hoe die mense van die "ou tyd" (11:2) se lewe gerig was op 'n verwagting in die toekoms en sê: "hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was" (11:13). God neem in sy liefde sy mense na ŉ volmaakte "einde", sy nuwe wêreld, ŉ ewige saamwees (Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 3:9-14; Joh. 14:3; 17:24; 1 Tess. 4:17; Rom. 8:15-17, 29; Matt. 25:34; Luk. 15:31; 1 Joh. 3:2; Op. 21:7; 22:4-5). God-met-sy-mense (gelowiges) is ŉ verhaal van hoop, ŉ reis van hoop.

Die gelowige het deur sy geloof in die genade van God in Jesus Christus, en deur die werk van die Heilige Gees 'n *lewensstyl* van hoop (Ef. 1:13-14; 4:30; 2 Kor. 1:20-22; 2 Kor. 5:4-6). Petrus skrywe in sy eerste brief: "Geseënd is God die Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die *wedergeboorte* geskenk het tot ŉ *lewende hoop* deur die *opstanding* van Jesus Christus uit die dode" (1:1:3). In Romeine 5:2-5 verklaar Paulus:

> En ons verheug ons ook in die *hoop* om *deel te hê* aan die *heerlikheid* van God. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof *kweek hoop*; en die *hoop* beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Dit beteken dat ons nou reeds in die hede, in ons verhouding met God, *deel het* aan die heerlikheid van God wat vir die gelowiges in die toekoms voorlê. Du Rand (2013:269) maak die stelling: "*Hoop* is die sigbare werklikheid van ŉ Goddelike toekoms en geloof en liefde moet haar

(Die beeld is dat hoop 'n klein sussie van geloof en liefde is.) aan die hand help om daar uit te kom". Hoop bestaan in die werklikheid van *alreeds* én *nog nie* van God se skeppingsbedoeling met die mens wat ons onder meer kan beskryf: "Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is ook joune".

Hoop funksioneer dus binne die werklikheid van die *groter verhaal* van God se bedoeling met die mens. Die gelowige beleef inderdaad deur die Heilige Gees 'n *nuwe lewe* (2 Kor. 5:7; 1 Kor. 6:19-20; Joh. 15:7-8), maar tog word in die *alreeds* van die saligheid sekere gebede soms nie verhoor nie. Ons kan ook sê dat die gelowige geestelik soms nie arriveer soos verwag nie, maar bly tog *hoop* op 'n vervulling wat by die *alreeds* hoort. Paulus vertel van sy stryd teen die bose – hy het vir God gebid om verlossing, maar God het slegs geantwoord: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring" (2 Kor. 12:9). Hy skryf ook oor sy toewyding aan die Here, die volgende:

> Ek sê nie dat ek alles al het nie of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my *reeds Syne gemaak het*. Broers, ek verbeel my nie dat ek alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Jesus Christus (Fil. 3:12-14, 1983).

Die gelowige weet egter dat die finale vervulling van die beloftes eers aan die einde, met die *nuwe wêreld* sal geskied (Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 3:13; Op. 21:1). Die saak van die *hoop* omarm alles van die begin tot die "einde" – die hele skepping en die hele menslike geskiedenis. Dit is 'n hoop op 'n geheel en totale *nuut* maak van alles en is op God se krag, sy heerskappy en liefde gefundeer soos in die *Jesusgebeure* realiseer*:* sy vleeswording, sy dood, sy opstanding, en die koms en die uitstorting van die Heilige Gees, en die wederkoms (Kol.1:13, 15-20; Heb. 1; 2:9-10; 9:14; Rom. 5:8; Erf. 2:4-7; Tit. 3:4-5). Kolossense 1:27 sê: "- dit is *Christus* onder julle, die *hoop* van die heerlikheid". Die Ou Testament sien die geskiedenis, die sorg en die toekoms in die hande van die God wat die hemel en aarde gemaak het (Gen. 14:19; Deut. 10:14; Neh. 9:6-15; Ps. 8; 19; 90; 105; 115:15; 121:2; 124:8). Die Nuwe Testament verwys na die skepping wat sug en in barendsnood is met die *hoop* om vrygemaak te word van die slawerny van verganklikheid. Die verwagting is dat dit gebeur by die openbaarmaking van God se kinders, naamlik die verlossing van hulle liggame (Rom. 8). Schwarz (2000) wys daarop dat 'n volhoubare hoop vir die toekoms deur God gewaarborg word. God wat die wêreld geskape het, dit onderhou en sal verlos.

5.3.5.1 Die Christelik hoop in ’n onvolmaakte wêreld

Ons eskatologiese hoop funksioneer teen ’n *donker* agtergrond. Miskien sien ons die agtergrond reg in die begin: “dit was *donker op die diep waters*, en die Gees van God het oor die waters gesweef. Toe het God *gesê*: ‘Laat daar lig wees’” (Gen. 1:2-3, 1983; kyk ook Joh. 1:1-14 en 2 Kor. 4:6). Die agtergrond is duidelik in die Tuin van Eden: “En Ek sal *vyandskap* stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt” (Gen. 3:15; kyk ook 2 Tim. 1:10; Heb. 2:14; 1 Joh. 3:8 en Op. 12).

Die gelowige bevind hom in 'n wêreld waar omstandighede baie teleurstellend en soms in skrille kontras kan staan met die goeie nuus van die verwagte volmaakte toekoms. In homself as 'n “nuwe skepsel” (2 Kor. 5:17; Rom. 6:4; Gal. 6:15) worstel die gelowige met die “liggaam van die sonde”, “die liggaam van die dood” (Rom. 6:6-13; 7:19-26; kyk ook 1 Kor. 5:6-8). Dit is juis in dié gebrokenheid waarin die Goddelike *verwagting* die gelowige reisiger *begelei* (Fil. 3:8-21; 1 Kor. 9:24-26; Rom. 5:2-5).

Abraham se lewe was gebou op hoop. Hy het die land Kanaän as 'n belofte van God vir hom en sy nageslag ontvang, maar tog het hy geen eiendom in die land besit nie. Die seun waaruit sy nageslag sou kom, is ook eers op baie hoë ouderdom vir hom gebore (Hand. 7). Hebreërs 11:9-10 meld dat hy saam met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte, in die land van belofte soos ’n *vreemdeling* in ’n vreemde land in *tente* gewoon het. Paulus skryf van sy geloof dat, al was hy sowat honderd jaar en het hy goed besef dat sy liggaam gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, hy nie gelet het op “sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was” nie (Rom. 4:19). Hy het bly glo dat hy die vader van baie nasies sou word (Rom. 4). Die skrywer van Hebreërs wys ook na Abraham se geloof toe hy op die proef gestel is om vir Isak, sy eniggeborene, te offer (11:17). Dit was die *hoop* wat Abraham aan die hand geneem het om te *wag* op die *vervulling* van God se *beloftes* en wat hom laat *handel het* soos wat God verwag het. In Romeine 4:16-18 leer ons van Abraham se hoop:

> Hy is immers die vader van ons almal, soos daar geskrywe staan: Ek het jou ’n vader van baie nasies gemaak. Dit is hy in die oë van God in wie hy geglo het, wat dooies lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham *nog gehoop* en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: ‘So sal jou nageslag wees’.

Paulus maak 'n verbinding tussen Abraham se geloof, hoop en genade wat hy ontvang het, met ons geloof, genade en hoop (Rom. 4:16-17; 5:1-2). Dan wys hy op die *groei* van ons hoop in swaarkry:

> En ons verheug ons in die *hoop* op die *heerlikheid* wat God vir ons *bestem* het. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van die geloof, en egtheid van die geloof kweek *hoop*; en die *hoop beskaam nie*, want God het sy *liefde in ons harte uitgestort* deur die *Heilige Gees* wat Hy aan ons gegee het (Rom. 5:2-5, 1983).

Ons het 'n besondere voorbeeld van die *eskatologiese hoop* in die lewe van Job. Hy is deur die Satan aangeval, het onbeskryflike verlies gely en was siek, maar verklaar: "Ek *weet* my *Losser* leef, *uiteindelik* sal Hy op die aarde *triomfeer*! Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog *lewe* en God *sien*. Ek sal Hom sien, met my eie oë sal ek Hom sien, Hom en niemand anders nie. Ek smag daarna met my hele wese" (19:25-27, 1983). Nog steeds in dieselfde omstandighede sê hy in die laaste hoofstuk: "Nou *weet* ek dat U tot *alles in staat is* en dat U kan *uitvoer wat U besluit het"* (42:2, 1983). Dan vra Job die vraag: "Wie is dit wat u *bedoelinge* wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het?" (42:3, 1983). Du Rand (2013:272) sê: "Hoop en eskatologie sit saam om dieselfde tafel om die gelowige in staat te stel om die op pad-wees na die einde so betekenisvol moontlik te laat verloop".

Die eskatologies verhaal van hoop moet gesien word teen die agtergrond van die verwoestende werk van die bose wat sal toeneem met die openbaring van die seun van die verderf (2 Tess. 2). Dit raak die ganse mensdom, maar dit het veral betrekking op God se mense. Die bose word uitgebeeld as die listige slang, die bedrieër, verleier, leuenaar, dief en aanklaer (Gen. 3:1-5; Ef. 6:11-12; 2 Kor. 11:3; 1 Joh. 3:8; 1 Pet. 5:8; Op. 12:9; 20:2). Jesus het gesê dat hy van die begin af 'n mensemoordenaar is en nie in die waarheid staan nie (Joh. 8:44; kyk ook Eks. 1:16 en Matt. 2:13-18).

Die wêreld haat en smaad die gelowiges oor hul *hoop* op God: "want hiervoor arbei ons ook en word ons gesmaad, omdat ons *gehoop* het op die lewende God wat 'n *behouder* is van alle mense, insonderheid van die gelowiges" (1 Tim. 4:10). Gelowiges se swaarkry of verdrukking gaan tot 'n groot mate oor 'n regverdige lewe in Christus in 'n onregverdige en goddelose wêreld. Johannes 15:20 het Jesus gesê: "Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg" en in vers 21: "Maar al hierdie dinge sal hulle

aan julle doen ter wille van my Naam, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie". Die aand voor die kruisiging het Jesus verklaar: "In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Joh. 16:33). Die draak van Openbaring 12:3-6, 13-17 met sy twee helpers wil nog steeds die *vrou en haar nakomelinge verslind* (Du Rand, 2013).

Ons het reg deur die Bybel aanduidings dat die bose, en die goddelose wêreld, die waarheid van die geloof bevraagteken, verkleineer, twyfel saai oor die uitkomste en die gelowige wil verlei (Gen. 3:1-5, 13; 39:7-12; Rig. 8:22-23, 24-28; 1 Sam. 17; Ps. 2:1-2; Neh. 2:19; Jes. 36:15-20; 37:4; Matt. 4:1-11; Hand. 4:25-29; 24:39-41; Joh. 16:33; 1 Joh. 2:18, 22-24; 2 Joh. vers 7-9; 2 Tess. 2:7-9; Heb. 3:12-14; Tit. 1:10-11). Volgens Paulus kan die swaarkry en verdrukking in die gebroke wêreld in baie vorms na vore kom (Rom. 8:35-39; 1 Kor. 4:9-13; 2 Kor. 1:4-10; 6:5; 11:23-30; 12:7-10; Fil. 4:12; 2 Tim. 3:11, 12; 4:14-16).

Die eskatologiese hoop of lewenstyl van hoop dra God se mense in 'n donker wêreld. Dit gaan oor die teenwoordigheid en ontmoeting met die Lewende God en sy toekomstige nuwe wêreld waarheen Hy met sy mense op pad is. Du Rand sê tereg: "*Hoop* begelei en dra ons deur sulke driwwe van verontregting en onvolmaaktheid tot by die volmaakte Nuwe Jerusalem en volmaakte saamwees met God" (Du Rand, 2013:297). 2 Tessalonisense 2:16-17 sê: "En mag onse Here Jesus Christus self en onse Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke". Volgens Filippense 1:29 is lyding selfs 'n genade daad van God: "omdat dit aan julle terwille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly". In 1:28 is dit 'n bewys van ons redding (1:28).

5.3.5.2 Kan 'n Christen hoop verloor?

Die gelowige kan in hierdie goddelose wêreld sy hoop op God verloor. In Romeine 15:1-3 wys Paulus daarop dat gelowiges onder die verpligting staan om na mekaar om te sien. Die sterkes moet die swakkes dra en dink aan wat vir die naaste goed is en wat hom in die geloof kan opbou. Christus het ook nie aan Homself gedink nie, en voeg dan in vers 4 (1983) by: "Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die *standvastigheid* en *bemoediging* wat die Skrif ons gee, vol *hoop* kan wees" (Rom. 15:4, 1983). In 1 Tessalonisense 1:3 dank hy God vir die *volharding* van hulle *hoop* op onse Here Jesus Christus.

Die brief Hebreërs is aan Joodse Christene gerig om hulle te waarsku teen verslapping en afvalligheid (Inleiding, Bybel, 1983). Die hoop is wonderlik, maar hulle moet daaraan vashou: "En ons is sy huis as ons net die *vrymoedigheid* en die *roem* van die *hoop* tot die einde toe *onwrikbaar vashou"* (3:6); in 6:18 bemoedig hy die gelowiges: "om vas te hou aan die hoop wat voorlê" en in 10:23: "Laat ons die belydenis van die *hoop* onwankelbaar vashou, want Hy wat dit *beloof het, is getrou".*

5.3.5.3 'n Lang en moeisame "wedloop"

Die Christelike hoop word beproef omdat die volmaakte vervulling van die beloftes lank neem om te realiseer. Dit is 'n patroon wat duidelik te onderskei is in die geskiedenis van die voorlopige vervulling van God se plan.

In die verhale van mense soos Josef, Moses en koning Dawid was daar baie onverklaarbare gebeure, teleurstellings en lyding. Dit het lank geneem vir die *ontplooiing* van God se plan met hulle. In Psalm 18:18 praat Dawid van sy magtige vyande en sy haters wat vir hom te sterk was.

Ook die skrywer van Hebreërs wys ons daarop dat die geloofsreis na die *finale bestemming* lank is; die finale vervulling van die beloftes het nog in die verte gelê:

> In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die *verte* gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n *vaderland* soek. En as hulle bly dink het aan dié *vaderland* waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou *verlang* hulle na 'n *beter* een, dit is 'n *hemelse.* Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n *stad berei* (Heb. 11:13-16).

Volgens Hebreërs 11:10 was ook die werklike hoop van Abraham geleë in die *verre* toekoms. Die Heilige Gees moes hom in dié verwagting bygestaan het: "Want hy het die *stad* verwag wat fondamente het, waarvan God die *boumeester en oprigter* is."

In Hebreërs 11 en 12 word die lesers vermaan om in die langafstand geloofswedloop nie in hulle siele vermoeid te word en te verslap nie (12:3). Daar is natuurlik ook die gevaar dat hulle sonde in hulle lewens kan toelaat (12:1), dat verbittering kan intree (12:15), of dat iemand soos Esau sedeloos en goddeloos kan word en dan sy "eersgeboortereg" vir een maaltyd verkoop (12:16).

Ook Jesus het op gevare gewys as die Here talm om te kom. Hy het die beeld van ’n slaaf gebruik wat sy eienaar oor ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee, en gesê: “Maar as dit ’n slegte slaaf is, sal hy by homself dink: ’my eienaar bly lank weg’. Dan sal hy die ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink” (Matt. 24:48-49, 1983). ’n Ander beeld van Jesus was van tien meisies wat hulle lampe geneem het om die bruidegom in te wag: “Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak” (Matt. 25:5).

In die *lang* en dikwels *moeisame* (Heb. 12:7) wedloop moet gelowiges se oë gevestig bly op Jesus, “die Begin en die Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in *vooruitsig* was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God” (Heb. 12:2, 1983).

5.3.5.4 Dit is ’n onwankelbare koninkryk – hou aan die hoop vas!

Volgens Hebreërs gebruik God uit liefde ook swaarkry om gelowiges tot hul beswil te dissiplineer, sodat hulle in sy heiligheid mag deel (Heb. 12:10). Hulle moet aan die genade vashou, want, sê hy, dit blyk duidelik dat die geskape dinge reeds aan die wankel is en “finaal weggeneem sal word, sodat die onwankelbare dinge kan bly. “Laat ons wat ’n *onwankelbare* koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil” (Heb. 12:27-28, 1983). Miskien is die gedagte van die onwankelbare reeds duidelik as daar geskryf word dat Abraham gehoop het op ’n *stad* wat fondamente het, waarvan God die *boumeester en oprigter* is (11:10).

Die waarborg van die verandering van die wankelbare na die onwankelbare lê in die bediening van Christus. Hy het homself deur die ewige Gees aan God geoffer en reinig ons gewete van dooie werke om die lewende God te dien (Heb. 9:14). Die skrywer van Hebreërs sê:

> En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit *onveranderlik* is, het Hy dit ook met ’n *eed* gewaarborg. Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg God dat Hy sy woord gestand sal doen, en vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, ’n *kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop wat vir ons weggelê is* (6:17-18, 1983).

Christus “is as Seun getrou oor die huis van God. En ons is sy *huis* as ons maar net met *moed* en *oortuiging* bly *vashou* aan wat ons *hoop*” (Heb. 3:6). Die skrywer wens dat hulle end-uit

dieselfde ywer aan die dag sal lê totdat die dinge waarop hulle hoop, vervul is (Heb. 6:11). Met ons harte gereinig van 'n skuldige gewete: "laat ons *styf vashou* aan die *hoop* wat ons bely, want God is *getrou*: Hy doen wat hy beloof het" (Heb. 10:23).

Christus het volmaakte versoening bewerk en verseker dat die gelowiges *altyd* aan Hom kan *behoort*, dat hulle *saam* met Hom kan wees, dat hulle *altyd* in sy *liefhê* kan bly en dat Hy vir ewig sy goedheid aan hulle kan bewys (Jer. 32:38-40). Terwyl Paulus 'n samevatting maak van die lewe van God se "regverdiges," en dié wat Hy "verheerlik", vra hy: "Wat sal ons van al die swaarkry sê?: As God vir ons is, wie kan teen ons wees?" (Rom. 8:31). Hy verklaar dan dat niemand God se mense kan beskuldig of veroordeel nie, want Christus het vir hulle gesterf, is opgewek en tree vir hulle in by die regterhand van God. God self spreek hulle vry (Rom. 8:33-34). Niks kan hulle skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (8:39). Die gelowiges is eintlik meer as *oorwinnaars* deur Hom wat hulle liefhet (8:37; kyk ook Ek. 15:11-18; 1 Sam. 17; Ps. 68; Dan. 3, 6; Luk. 10:18-19; Matt. 28:18-20; 2 Kor. 2:14; Op. 12:10-11).

Om saam met Jesus op pad te wees, is 'n geloofsreis en die gelowiges se hoop is beslissend. Hulle moet vashou aan die *hoop* wat hulle bely. God is *getrou* en Hy sal doen wat Hy *beloof* het (Heb. 10:23).

5.3.5.5 Die eskatologiese reis – 'n opwindende lewe van hoop

Die boodskap van Jesus Christus moet in die gesigskring van die eskatologiese *optog van God* verstaan word. God is in Jesus, en deur die werk van die Heilige Gees, met sy mense *op pad* na sy toekoms, na die nuwe wêreld en ewige saamwees. Dit is 'n reis van *Goddelike hoop* in 'n donker wêreld. Die *op pad-wees* saam met God, die Skepper van die hemel en aarde is opwindende gebeure van hoop.

Die *hoop* op die *toekomstige ingryping, 'n fees,* van God word voorgehou as deel van God se *verhouding* met die mens (Matt. 22:2-14; 25:34; Luk. 12:32-33; 22:29-30; Op. 19:7, 9; 21:1-7; 22:1-5).

Die eskatologiese *op pad-wees* van *hoop* is nie net gerig op die toekomstige verwagting nie, maar die reis was vanaf die begin self 'n ervaring van die *"heerlikheid"* van die Here. Terwyl God met sy mense (gelowiges) op pad was na 'n groter vervulling was daar altyd 'n ervaring van *Goddelike*

identiteit, verhouding, sorg en *medeverantwoordelikheid* met God. God se interaksie met sy mense kan nie anders interpreteer word as 'n deurlopende belewenis van God se *heerskappy, krag* en *liefde* nie. Die lewens van God se mense, soos Noag, Abraham, Moses, Dawid en andere moes 'n verrassende en verheffende *ondervinding* van *innigheid* en *betrokkenheid* van *God* gewees het.

Die *eskatologiese gebeure* en die gepaardgaande hoop het in die nuwe bedeling 'n omwentelende *invloed* op die gelowige se lewe en neem hulle aan die hand vir die toekoms (Heb. 3:6; 6:11-18; 7:19; 10:23; 1 Pet. 1:3; 3:15; 1 Joh. 3:3). Dit wat hulle hoop, die gebeure van God wat besig is om iets van wat Hyself is aan hulle te gun en om met hulle op pad te wees na die nuwe wêreld, is 'n belewenis wat deur die *Heilige Gees* ervaar word en dit skep 'n *lewensstyl van hoop.*

Deur geloof in Jesus Christus, en die werk van die Heilige Gees, het die toekoms, die nuwe lewe wortelgeskiet. *Die hoop*, die nuwe wêreld, die heerlike toekoms het 'n greep op die gelowige. Deur die Heilige Gees het dit deurgebreek in hulle leefwêreld. Hoop is 'n versekerde "jaag" en "gryp" na die opstanding, na die nuwe wêreld, omdat hulle reeds "deur Jesus Christus gegryp is" (Fil. 3:12-14). Die hoop wil sy hande lê op die opstanding van Jesus ten opsigte van die *alreeds* van die heerlikheid van God, én strek hom ook uit na die heerlikheid wat by die *volmaking* wag. Dit is om nou reeds in die hede *deel te hê* aan die heerlikheid van God wat vir die gelowiges in die toekoms voorlê (Du Rand, 2013). Hoop funksioneer binne die werklikheid van die groter verhaal van God se bedoeling met die mens. Du Rand (2013:424, 421) skryf: "Die dinamiese eskatologiese spiritualiteit haal asem uit die onbeskryflike dieptes van die Vader, Seun en Gees… is 'n Geesgeoriënteerde *verhouding* met die lewende Drie-eenheid wat uitloop op 'n besondere *verhouding* met ander ". "Die *nuwe skepping* is reeds deel van die eskatologiese verwagting en nie maar net 'n vernuwing of herstel van die oue nie. Hierdie alreeds *nuwe skepping* is volledig, maar wag tog nog op die volmaakte" (Du Rand, 2013:426).

Paulus skryf aan die Efésiërs:

> Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het – (Ef. 1:18-20, 1983).

Oor hierdie *hoop-lewensstyl* sê Paulus: "Mag die God van die hoop, julle deur julle geloof met *alle vreugde en vrede vervul,* sodat julle *hoop* al hoe *sterker* kan word deur die krag van die *Heilige Gees*" (Rom. 15:13, 1983). Die *alreeds,* of die *realisering* van die *nuwe skepping* is die gelowige se *op pad-wees* na die *volmaakte einde* (Gal. 6:15; 2 Kor. 5:17; 2:3:16-18; 1 Joh. 3:2). Daar is 'n *op pad-wees* ín die *alreeds* of tot *die alreeds* self. Anders gestel: Daar is 'n belofte en 'n groter vervulling in die huidige *ervaring* van die gelowige waarop nog *gehoop* word, waarna nog *gegryp* word. Du Rand (2013:479) sê: "Die liefde gee dinamiese lewe aan Christen-wees (vgl. Gal. 5:14; Rom. 13:8-10; Joh. 13:34-35) omdat dit elke vertakking van mens-wees raak. Die radikale van die opdrag is om ook die vyande (Matt. 5:44) en die vreemdeling (Luk. 10:30-37) lief te hê".

5.3.5.6 Die reis van hoop se invloed op baie mense

Daar is gewys op die vyandskap tussen die lig en die duisternis, maar die verhaal van God se opmars met sy mense na die *beloofde* land het dikwels baie mense aangegryp. By die Skelfsee het Israel onder meer gesing: "U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het; U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer. Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; weë het die inwoners van Filistéa aangegryp" (Eks. 15:13-14).

Daar is ook verwys na Ragab, 'n prostituut in Jerigo, wat in God geglo, en gesê het: "Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, – want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder" (Jos. 2:11). In haar dade en onderhandelinge met die twee verkenners het sy deel geword van dié wat op God *hoop* en so deel geword van God se eskatologiese reis met sy mense (Heb. 11:31; Jak. 2:25; Matt. 1:5). Net so het die Moabitiese vrou Rut geglo en haar *hoop* op God gestel en saam met Naomi teruggekeer na Betlehem. Sy het aan Naomi gesê: "Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God" (Rut 1:16). Rut is ook een geslag later betrek in die geslagregister van Dawid en Jesus (Matt. 1:5).

Petrus skryf: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die *hoop wat in julle lewe is" ("the reason for the hope that you have*" {NIV}) (1 Pet. 3:15, 1983). Die gelowige is die *sout* van die aarde en die *lig* van die wêreld, 'n lig op die *staander* wat vir *almal* skyn (Matt. 5:13-15). Hulle is "kinders van God sonder gebrek te midde

van ’n krom en verdraaide geslag onder wie hulle skyn soos ligte in die wêreld” (Fil. 2:15). Hulle is uitverkies en aangestel om vrug te dra en die Vader word daardeur verheerlik deurdat hulle baie vrug dra (Joh. 15:16, 8). God voer ons saam in sy *triomftog*. En omdat die gelowige *een* is met Christus word die kennis van Christus oral soos ’n aangename geur versprei: “Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word. Vir die wat *verlore* gaan, is dit ’n *doodsreuk* wat dood bring; vir die wat *gered* word, is dit ’n *lewensgeur* wat lewe wek” (2 Kor. 2:15-16).

5.3.6 Die finale afronding van die eskatologiese hoop

Dit is moontlik dat Jesus toe Hy gesê het dat Hy die *lig* van die wêreld is by Génesis 1:2 aangesluit het (Joh. 8:12 en 9:5; kyk ook Joh. 1:4-11). Johannes 12:35-36 is stellig ook 'n aansluiting as Hy die sonde en verderf as duisternis voorstel:

> Nog net ’n kort tydjie is die *lig* by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die *duisternis* julle nie oorval nie. Wie in die *duisternis* lewe, *weet nie waar gaan hy uitkom nie*. Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees (Vergelyk ook Joh. 1:4-11).

Johannes 3:19 sê dat die mens die *duisternis liewer* gehad het as die lig. In Openbaring hoor ons dat daar mense is wat hulle *nie sal bekeer nie* en God sal sy regverdige *oordeel* oor hulle voltrek. Die *tweede dood* sal oor hulle mag hê (Op. 2:21; 9:20, 21; 16:9, 11; 19:2; 21:8).

Die Christen se oë is op Jesus gevestig, die *Leidsman* en die *Voleinder* van die geloof. Alles is in sy hande en Hy is besig om alles af te rond vir die *einde*: *die nuwe wêreld en nuwe ewige saamwees met God in al sy heerlikheid.* Du Rand (2013:422) praat van 'n eskatologiese spiritualiteit en sê:

> Eskatologiese spiritualiteit belewenis is gevul met gereedmaking, verwondering en ’n hoopvolle afwagting. Dit is ’n bewustelike strewe na ’n uitreik en Geestelike aanraking van die onsienlike. Om dit konkreet voor te stel: ’n Eskatologiese spiritualiteit beleef reeds op aarde die simboliese universum (wêreld) van projeksies soos die boek Openbaring dit voorstel. Deur die Gees weet ’n gelowige dat hy/sy deel is van die navolgers van die Lam, deel van die martelare aan die voet van die altaar (Op. 6); deel is van die 144 000 op Sionsberg (Op. 14); deel is van die bruilof van die Lam (Op. 19); deel is van die hallelujakoor (Op. 19) en deel is van die Nuwe Jerusalem.

Openbaring 21:1-7 (Bybel, 1983):

> Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien kom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. Toe het ek 'n harde stem van die troon hoor sê: 'Kyk, die woonplek van God is nou by die mens. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volk wees, en God sal self by hulle wees as hulle God. Hy sal al hulle trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verby gegaan.' Toe sê Hy wat op die troon sit: 'Kyk, Ek maak alles nuut'…. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fonteine met die water van die lewe, verniet. Elkeen wat die oorwinning behaal sal alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

Dit wat vir die gelowige voorlê, is van *ewig* af voorberei, van die grondlegging van die wêreld af (Matt. 25:34). Paulus sluit waarskynlik by Jesaja 64:4 aan wat praat van God wat van ouds af ("since the beginning of the world" {King James}) werksaam is vir dié wat op Hom vertrou, as hy sê; *"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en die hart van die mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir die wat Hom liefhet"* (1 Kor. 2:9). Paulus het met die vers eerstens bedoel om te wys op die heerlikheid wat die gelowig *nou* ervaar, maar in vers 7 skryf hy van "ons *ewige* heerlikheid", en ons weet dat dit wat die kennis en begrip van die mens te bowe gaan, soveel te meer sal geld by die volmaking. In Romeine 8:18 hoor ons dat die lyding wat ons nou verduur, nie kan "opweeg teen die *heerlikheid* wat God vir ons in die *toekoms* sal laat aanbreek nie". Johannes skryf uit Patmos aan gelowiges wat tot die dood vervolg en verdruk word. Met beelde en simboliese taal word hulle bemoedig dat God sekerlik die loop van die geskiedenis in sy hand het. God het in Christus reeds die vyand verslaan, maar uiteindelik sal sy vyand, en die gelowige s'n, finaal verslaan en verdelg word. Dié wat getrou bly sal alles beërwe: die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die *"onsêbare"* van die nuwe wêreld wil Openbaring tog beklee met dit wat vir sy lesers bekend is. So word ons "*woonplek"* onder meer beklee as 'n Nuwe Jerusalem wat uit die hemel kom. Die stad word fisies fabelagtig beskryf. Deur beelde en getalle word waarskynlik iets gesê sodat ons 'n beeld daarvan kan vorm (fondamente en poorte en geboue van God {Op. 21:14, 7; 14:1; 1 Kor. 3:9; Ef. 2:20-21}), maar tog kom dit volledig uit die hemel: dit is iets wat ons ken, maar tog het ons nog nooit dié *nuwe wêreld* gesien en ons kon nog nooit so 'n "*wêreld"* bedink nie. Wat die "fisiese" of die "sigbare" betref, en hoe dit gaan wees, is *onuitspreekbaar*. Wat ons wel weet, is dat dit God se ewige heerlikheid is en ons is eintlik lankal deel daarvan, maar die Skepper gaan dit volmaak ontplooi. Jesus van Nasaret is ook die *Skepper* (Joh. 1). Wie Hom gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9), en Jesus Bid: "dat *almal een* mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle in

ons een mag wees" (Joh. 17:21). In 2 Timoteus 4 blyk dit dat Palus meen dat die einde van sy lewe naby is en sê: "Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, *die lewe by God* (2:4:8)". Openbaring 21:7: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe".

5.3.7 Samevatting en enkele opmerkings

In hierdie hoofstuk is gewys op die eskatologiese band tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die Gees van God was vanaf die skeppingsverhaal dwarsdeur die geskiedenis werksaam en is met die gelowiges op pad na 'n bepaalde bestemming. Die Bybel is eskatologies gerig. Deur die eeue was God se bedoelinge om iets van wat *Hyself* is aan die mens te *gun.* Hy was van die begin af besig om *Goddelike identiteit* aan sy mense te verleen, om 'n *intieme verhouding* te vestig en om hulle uniek te *versorg.* Al God se handelinge het altyd gewys na 'n *groter vervulling*. Daar is ook gewys op die betrokkenheid van Heilige Gees met die koms en werk van Jesus Christus, die vernuwingswerk in gelowiges, die vervulling van die Heilige Gees, en die Gees se begeleiding van gelowiges op hul eskatologiese pad. Die Gees sal ook met die wederkoms by die *verheerliking* van gelowiges en hul leefwêreld betrokke wees.

Hierdie *ewige bedoelinge* van God om iets wat *Hyself* is met die mens te *deel,* hierdie uitreik van God is sigbaar in Génesis toe die *Gees* van God in die donkerte oor die diep waters gesweef het, en Hy gesê het: "Laat daar *lig* wees", en ons vind dit later as Paulus in 2 Korinthiërs 4:6 (1983) verklaar: "Want God wat gesê het: 'Laat daar lig skyn uit die duisternis,' het ook in ons harte 'n *lig* laat skyn om ons te verlig met die kennis van die *heerlikheid van God,* wat van Jesus Christus uitstraal".

Al die eskatologiese temas loop uit op 'n allesomvattende *nuwe skepping:* die *nuwe hemel* en *nuwe aarde* die *nuwe mensheid,* die *nuwe tuiste* en *ewige saamwees* met God. Met dié *volmaking* word God se ewige *liefdesbedoelinge* afgerond (Gen. 1:26; Dan. 7:18; Jes. 65:17-18; 66:22; Matt. 25:34; Rom. 8:28-30; 2 Pet. 3:12; 1 Joh. 3:2; Op. 21:1, 7; Joh. 14:3; 17:23-24; 1 Kor. 15:54; 1 Tess. 4:15-18; 5:10; 2 Tim. 1:10).

God se openbaring getuig van sy bedoeling om iets van wat Hyself is ook vir die mens te gun. Dit gaan veral oor die *liefdesverhouding* wat daar tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees is en wat uitreik om die gelowige volkome deel van Homself te maak. God is *liefde*. Die

begronding van God se eskatologiese program is in die Jesusgebeure: in die kruisdood, die opgestaan die hemelvaart van Jesus en die koms van die Heilige Gees. Die Vader het die Seun liefgehad voor die grondlegging van die wêreld en deel sy heerlikheid met Hom, en Hy het sy eie mense (Joh. 13:1) net so lief soos Hy sy Seun liefhet (Joh. 17:24, 23; kyk ook Gen. 9:9-17; 12:2-3; Eks. 3:6-8; 2 Sam. 7:11, 13, 16; Ps.8, 19; Gal. 4:30; Joh. 8:35; Luk. 15:31; 1 Joh. 1:3).

Daar is dus 'n spoor wat gevolg kan word van die skepping af tot by die wederkoms, tot by die *nuwe saamwees* in die *nuwe wêreld*. Die *identiteit, intimiteit, verhouding* en *sorg* snel van die begin af voort na die volmaking: In die begin het God die mens na sy *beeld* gemaak, na sy gelykenis. Voor die grondlegging van die wêreld het Hy ons voorbeskik om ons as sy kinders in Jesus Christus, deur wie Hy alles gemaak het en instand hou, aan te neem (Ef. 1:4-5). Paulus sê dat die kinders deur die Gees vir God Vader roep en dan ook erfgename van God en mede-erfgename van Christus is" (Rom. 8:14-17). Jesus het gevra: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wie U My gegee het, ook *saam met My sal wees*, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefhet voor die grondlegging van die wêreld" (Joh. 17:24).

Daar is verwys na Horton (1995:597) wat aantoon dat die verlossingsverhaal reeds vanaf die Génesisgebeure deur die Bybel ontvou: "the whole Bible focuses on the future, a future that is assured by the very nature of God himself."

Möller (2013:1) laat in die eskatologie die fokus op die versoeningswerk van Christus val:

> Die kern en fokuspunt van die eskatologie is Jesus Christus wat kom om sy versoeningswerk op aarde tot finaliteit te bring. Die doel van God se versoening in Christus is om uit die smeltkroes van hierdie wêreld vir sy Seun 'n liggaam en bruid voor te berei om saam met Hom die ewige erfdeel van God te verkry. Met ander woorde, die sigbare hemel en aarde met alles wat daarop is, is die milieu waarin die Here die gelowige vorm tot die liggaam en uiteindelike bruid van Jesus Christus, om volmaak altyd by Hom te wees.

By Möller (1998) word ook 'n meer omvattende begrip aan die betekenis van die eskatologie gegee. Die eindgebeure moet in konteks met al God se handelinge gesien en geïnterpreteer word; daar is 'n *groter* prent. Möller (1998:1, 2) sê:

> Not only does eschatology deal with events of that great and illustrious day; it also includes everything that points to, is preparatory to, and which will culminate in the return to Christ. We are dealing here with an endtime dispensation. Each person, but

> also the entire world, is running a course towards the fullness of time. Everything is under way to reaching a goal and nothing in its present state is permanent or eternal.

Die eskatologie is dus ’n verhaal van God wat deur Jesus Christus met sy mense op pad is na sy *volmaakte toekoms*. Die hele reis is gevul met God wat in sy *liefde* deur Jesus Christus na sy mense uitreik. Dit is ’n feesviering van *Goddelike* identiteit aan hulle verleen deur hulle gelyk aan Hom te maak (Gen. 1:26; Kol. 3:10; 1 Joh. 3:2); ’n viering van *verhouding* deur hulle as sy familie aan te neem (of bruid {Matt.22:12; Op. 19:7; 22:7}), en hulle te *versorg* deur hulle te laat deel in wat syne is. Die gelowige se lewe saam met God in Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees raak hul totale mens-wees: hul innerlike, hul gedrag en liggaamlike bestaanswyse; hulle maak nou reeds iets van die komende heerlikheid sigbaar. Daar is egter steeds stryd tussen lig en duisternis aan die gang. Die draak is woedend en agtervolg die nakomelinge van die vrou wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis van Jesus vashou. Dit is ’n periode van vorming en suiwering van die gelowige. Die gelowiges is eskatologiese pelgrims wat in Christus en deur die Heilige Gees met hoop gevul is en wat weet dat hulle hoop gewaarborg is en nooit sal beskaam nie.

Eskatologie is die openbaring van God wat in sy soewereiniteit sy bedoelinge uitvoer. Dit is ’n verhaal waarin God van die begin af Homself handhaaf deur nee te sê vir dié wat nie glo nie, en waar God in sy liefde en almag iets van Homself aan sy eie mense gun. Die oortuiging is dat die eskatologie vanuit ’n geheel perspektief benader moet word. Wanneer die Bybel eskatologies interpreteer word: God wat sy ewige voorneme in Jesus Christus tot uitvoering bring; met sy eie mense en hulle bestaanswêreld na sy eie toekoms op pad is, kan dit 'n helder lig op die evangelie werp.

Die pa van die verlore seun het vir die seun by die huis verduidelik: “*Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune”* (Luk. 15:31).

HOOFSTUK 6: DIE BEOORDELING VAN PREMILLENNIALISME IN DIE AGS EN ’n ALTERNATIEWE ESKATOLOGIESE BENADERING

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die Premillennialistiese beskouing nie Bybels verantwoordbaar is nie, en neerkom op ’n verskraling van die Evangelie van die Koninkryk van God. Daar is kommer dat die AGS van Suid Afrika nog nooit voldoende oor die eskatologie besin het nie.

In hoofstuk 2 is die historiese agtergrond van Millennialisme nagevors, in hoofstuk 3 is op die leer van Premillennialisme (veral in die AGS) gelet en daarna is die boodskap van Premillennialisme (hoofstuk 4) verder bespreek. Die oortuiging is dat die ondersoek aandui dat die Premillennialistiese beskouing nie Bybels verantwoordbaar is nie, oneer doen aan Jesus Christus en neerkom op ’n verskraling van die Evangelie.

’n Alternatiewe eskatologiese beskouing, soos in die sentrale teoretiese argument van die studie gestel is, is in hoofstuk 5 voorgehou. Die mening is dat die alternatiewe eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens Skriftuurlik begrond is. Die skeppingsbedoeling van God met die mens toon aan dat God iets van dit wat Hyself is aan die mens gun, veral die liefdeseenheid wat daar tussen die Vader, Seun en Heilige Gees bestaan. Hierdie liefdeseenheid sien ons vanaf die begin van die Ou Testament en vind gestalte in ons kindskap van God in Jesus Christus. Dit kom tot uitdrukking in Christus se dade waardeur Hy aan die mens 'n *Goddelike identiteit* te verleen, 'n *intieme verhouding* tussen Hom en die mens vestig, en unieke *versorging* voorsien. Die mens word ook bevoorreg om *medeverantwoordelik* of *medewerkend* op reis met God te wees. Hierdie waarheid is 'n deurlopende tema wat sy volkome gestalte en klimaks met die wederkoms sal vind– dus hoort die proton en die eskaton bymekaar.

Die eskatologie word daarom as 'n verhaal van God gesien wat met sy mense na sy bepaalde bestemming op reis is, die nuwe skepping. Dit is ’n verhaal van Goddelike hoop in ’n donker wêreld waar die Heilige Gees besig is om die rykdom van God se heil in sy mense en in die skepping realiseer. Die grondslag van God se reis met die mens na die ewige en volmaakte saamwees is in Jesus Christus geleë en was al voor die grondlegging van die wêreld sy liefdesvoorneme. Die verwagting is dat hierdie perspektief op die eskatologie verrykende gevolge vir die verstaan en die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk van God kan inhou.

6.1 PREMILLENNIALISME SE AANSPRAAK OM HISTORIES DIE LEER VAN DIE KERK TE WEES

Die doel van die historiese ondersoek is om vas te stel wanneer die leerstelling van Premillennialisme ontstaan het en hoe algemeen aanvaarbaar dit in die kerk was. Die vraag is ook: Wat was die historiese inhoud van 'n vroeë standpunt van die Premillennialisme en watter veranderinge het mettertyd ten opsigte daarvan ingetree?

6.1.1 Premillennialiste se bewering dat 'n bepaalde teologiese ontwikkeling in die kerk Millennialisme as die algemene siening van die kerk sou kelder

Daar is op gewys dat die Premillennialiste meen dat die Millenniumhoop sterk en algemeen tot in die middel van die tweede eeu was. 'n Argument wat die Premillennialiste aanvoer om hulle leer as histories die leer van die vroeë kerk te staaf, is dat daar in die kerk in reaksie op Judaïsme se verwerping van Christus, 'n *teologiese ontwikkeling* (Du Plessis, 2006:188; Kleynhans, 2000:50, 7) ontstaan het wat die kerk onbybels met Israel gelykgestel, of vervang het. Met hierdie *dwaling* van die vroeë kerk om 'n geestelike Israel op die kerk van toepassing te maak, word beweer dat die kerk die Millenniumleer opsy geskuif en God se ewige plan met Israel misken het. Wat Amillennialisme of antichiliasme betref, word gesê (Kleynhans, 2000:7), dat dit hoofsaaklik na Augustinus (396 n.C.) se allegoriese interpretasie van sekere Skrifte teruggevoer kan word.

Met hierdie beskouing op die *teologiese ontwikkeling* wat sou plaasgevind het, maak die Premillennialiste die aanname dat die vroeë kerk se eskatologiese siening Premillennialisties of ten minste Millennialisties sou wees, en daarom skriftuurlik is. Dit sou beteken dat Jesus 'n Millennium Vrederyk geleer het.

Dit moet aanvaar word dat die vroeë kerk se beskouing oor die eindgebeure sou ooreenkom met wat Jesus geleer het. 'n Betroubare aanname van die vroeë kerk se siening berus dus op wat in die Evangelies geskryf is en wat in die res van die Nuwe Testament weerspieël word. Die Nuwe Testament bied dan 'n weergawe van die kerk se eskatologie tydens eerste dekades. Daarom moet vanuit die *Nuwe Testament* vasgestel word wat die *historiese siening* van die vroeë kerk was.

Die probleem is egter dat die Millennialiste waarskynlik eers *gedurende die negentiende eeu* tot die insig van die prominensie van Israel in 'n wêreldstaat gekom het. Dit het, volgens hulle, gebeur toe daar groter openbaring gekom het ten opsigte van die *letterlike* vertolking van sekere profesieë (Horton, 1995:615). Met hierdie insig is 'n bepaalde beeld van hoe die wêreldgeskiedenis verloop, ontwikkel. Dit blyk verder dat Millennialisme in die vorige eeue hoofsaaklik 'n *materiële* koninkryk verwag het, en dat daar nie soseer gefokus was op die *herstel van Israel* of sy prominente posisie in die wêreldgebeure nie. Dit verklaar waarom dit dikwels in die geskiedenis vir Millennialiste, vanaf Montanus in die tweede eeu, moontlik was om 'n hemelse Jerusalem op *verskeie plekke* en *tye* te verwag (twee van die belangrikste geleenthede was toe Montanisme in die 2de eeu die Nuwe Jerusalem op 'n vlakte in Frigië verwag het en in 1534 is die stad Munster as die verwagte Nuwe Jerusalem voorgehou {Walker, 1968:55-56, 33}).

Ons het reeds daarop gewys dat die historiese omstandighede as volg verloop het: Daar was wel 'n beskouing dat die koms van Jesus met 'n aardse koninkryk gepaard sou gaan, maar die algemene die kerk het dié beskouing afgekeur en daarop gewys dat Christus se regering geestelik in die lewens van mense realiseer en nie 'n materiële ryk behels nie (vergelyk De Smidt, 1993; Berkhof, 1963; Schwarz, 2000; Möller, 1998).

6.1.2 Openbaring 20 as 'n historiese bewys van die leer van Premillennialisme

Om Premillennialisme in die Nuwe Testament te fundeer, word veral na Openbaring 20 verwys. Bavinck (1996:112) verwys na Openbaring 20:1-10 as, naas die Ou Testament, die Premillennialiste se kragtigste ondersteunende gedeelte en volgens König (2009:365) en Du Rand (2007:551) is dit die beroemdste en mees omstrede deel in die boek Openbaring. Die outeur van Openbaring sou hiervolgens die siening van 'n Millenniumryk in hoofstuk 20:2-6 geleer het en aangesluit het by die *Joodse tradisie* van die verwagting, wat die profete sou geleer het, op die herstel en prominensie van Israel in die wêreld. Alhoewel Johannes die beeld van 'n duisend jaar regering gebruik het (die enigste plek in die Bybel waar van ’n duisend jaar regering gelees word, maar niks van Israel gemeld word nie), het hy hom in die gedeelte geensins verbind aan ’n leer van ’n *aardse ryk van Jesus* vir duisend jaar nie en daar is geen aanduiding van 'n nasionale herstel van *Israel* nie (kyk Möller, 1998; Möller, 2011; Bavinck, 1996; König, 2009; Du Rand, 2007). Die apostel Johannes (wat na alle waarskynlikheid die outeur van Openbaring was) het in sy Evangelie (Joh. 14, 16) en in sy briewe (1 Joh. 2, 3, 4) oor die wederkoms geskrywe sonder enige verwysing

na 'n verwagte aardse ryk nie. Gevolglik is dit problematies om Openbaring 20:2-6 met sy hoogs simboliese inhoud as 'n Skriftuurlike begronding vir die leer van Premillennialisme te sien. Dit kan nie as bewys aangevoer word dat die vroeë kerk millennialisties was nie. Du Rand (2007:563) voer aan dat dit verkeerd sal wees "om die Joodse en buite-bybelse verwagtings oor die eindgebeure gesaghebbend te maak om daarvolgens God se eindplanne te verklaar".

6.1.3 Die agtergrondprobleem van die leer van Millennialisme

Met die Premillennialiste se aanspraak dat hulle benadering van die begin af die vroeë kerk se beskouing was, gaan dit oor 'n aanspraak van 'n *bybelse fundering* waarvan die kerk later *afgedwaal* het. Daar is reeds op gewys dat dié dwaling realiseer het deur 'n bepaalde teologiese aanname wat die kerk sou gemaak het.

In hierdie ondersoek word aangetoon dat daar wel vroeë getuies was van die Millenniumidee, maar die wortels van Millennialisme lê in ander bronne as die Bybel. Volgens Schwartz is daar vanuit buite-bybelse bronne en ongeskrewe bronne geput om die leer te vestig (Schwarz, 2000:321, 324). Die visie van 'n duisend jaar moet teen die agtergrond van die Joodse apokaliptiek, soos die Sibillynse Orakels (3:652 -653), 2 Barug 40:1-3 en andere geskrifte gesien word (Schwarz, 2000; De Smidt, 1993; Du Rand, 2007). Die Joodse Christene kom uit 'n agtergrond van Judaïsme en sommige van hulle het 'n Messias verwag wat die troon van Dawid sou herstel. Dié Christene was aan vervolging blootgestel en dit was as 'n ideaal gesien in die vorming van 'n apokaliptiese gemeenskap. Hierdie apokaliptiese verwagting het onder andere 'n ingrype van God behels wat hulle sou verlos en 'n toekomstige utopie sou bewerkstellig. Dié apokaliptiek was aan 'n getalleteorie verbind, wat die skeppingsverhaal van ses dae en die sewende dag as rusdag vergeestelik het om sodoende die idee van 'n Millennium-eindtyd in te pas (Berkhof, 1963; Schwarz, 2000). 2 Petrus 3:8 en Psalm 90:4 word as Skriftuurlike begronding hiervoor gebruik. Die idee is dat God in hierdie gebroke en sondige wêreld gaan *ingryp*, 'n soort *paradys-era* gaan skep en dat Jesus vir *duisend* jaar fisies oor sy vyande sal regeer om die wêreld draaglik en aangenaam vir sy mense te maak, maar dit is egter nie die finale einde nie. Dit word as 'n tussenperiode of oorgang gesien wat gekombineer word met die finale einde. Aanvanklik het dit dus in Millennialisme oor 'n materiële ryk gegaan, maar daar is nie aanduidings dat Israel prominent in hierdie ryk was nie.

Dit blyk dus dat die ontstaan van Millennialisme soos ons dit vandag ken nie Skriftuurlik fundeer kan word nie, en daarom kon dit ook nie die vroeë kerk se standpunt gewees het nie.

Die historiese bevinding van Berkhof (1963) dat die kerk altyd 'n eenvoudige verwagting van die wederkoms van Jesus gehad het, bevestig verder dat die vroeë kerk nie millennialisties was nie. Hierdie eenvoudige verwagting het behels dat Jesus se koms gepaard sou gaan met die opstanding uit die dode, die ewige oordeel van die ongelowiges, en die hemel as die uitkoms vir die wat glo (Berkhof, 1963). Die kerk het altyd die idee van 'n materiële ryk van Christus afgewys en by tye het Millennialisme byna van die toneel verdwyn (kyk De Smidt, 1993; Berkhof, 1963; Schwarz, 2000; Möller, 1998). Millennialisme het dikwels as reaksie op laagtepunte in die kerklewe en in krisisse in die wêreld opgevlam. Die Premillennialis, Horton (1995:614), het oor die posisie van Millennialisme geskryf: "Christianity turned attention away from the future hope. Only occasionally did the belief in a future Millennium flare up, usually in protest against hierarchical authority".

6.1.4 Ontwikkeling of verandering in die leer van Millennialisme teenoor die aanspraak om histories die leer van die kerk te wees

Die ontwikkeling en veranderinge in die leer van Millennialisme maak dit onmoontlik om Premillennialisme as die historiese leer van die vroeë kerk te sien.

Dit kan aangeneem word dat die verwoesting van *Jerusalem* (70 n.C.) en die gepaardgaande ondermyning van die *Joodse* godsdienstige lewensstyl, as ook die onmiddellike verwagting van 'n *sekulêre* en M*essiaanse* Ryk, die Joodse apokalips *beïnvloed* het (Gould, 1997:43). Hierdie beïnvloeding het reeds in die tweede eeu met Montanisme se onmiddellike verwagting van die *hemelse Jerusalem* op 'n vlakte in *Frigië* duidelik geword. (Walker, 1968:55-56).

Verskeie persone in die vroeë kerk het stand ingeneem teen Chiliasme, waarvan Augustinus die belangrikste was. Möller (1998:59) sê: "On account of his refutation, the chiliastic viewpoint remained in the background for almost a thousand years".

'n Latere *ontwikkeling* van Millennialisme het deur die invloed van Joagim van Fiore (1135-1202) gekom. Fiore het beweer dat hy 'n *openbaring* van die boek Openbaring ontvang het waarop hy op 'n profetiese wyse die toekomstige fases (drie fases) van 'n voorsiende ontwikkeling van die

geskiedenis uitgespel het. Schwartz (2000:326, 327) skryf oor hierdie ontwikkeling: "Joachim opted more for a *radical spiritualization* of the world during the time than an early renewal", maar sy volgelinge het hiervan afgewyk en aan sy gedagtes 'n sterker *materiële* basis gegee en sê: "For instance, the Franciscan Spirituals in the thirteenth and fourteenth centuries attempted without compromise to fulfill laws of the kingdom of God in the present age. While the Dominicans denounced them, and both church and state persecuted them, the idea of a total renewal and cleansing of the earth persisted." Schwarz (2000:327) meld verder: "In the context of these secularized versions of millennialism, we must also mention the idea of the kingdom of God in America, a country which is not called the New World just because it was discovered relatively late." Schwarz verwys ook na Marxsisme en Nazisisme:

> ...the Marxian dialectic of the three stages of primitive communism, class society, and the finale communism as the realm of freedom in which the state will have withered away, has it antecedents in Joachim's three ages. This is no less true of the phrase 'the Third Reich", as a name for that 'new order' which was to last a thousand years but fortunately only lasted from 1933 to 1945. The messianic selfconsciousness of the Nazi ideology can be seen in the fact that Adolf Hitler was called '*der Führer'* (leader) of his ('empire' or 'kingdom') and was greeted by millions with 'Heil' (salvation) (Schwarz, 2000:329).

Thomas Münster (1490-1525) het ook verwys na Fiore en hier word 'n *radikale* element in die Apokaliptiese Millennialisme sigbaar (Schwarz, 2000; kyk ook Gould, 1997)). Münster was oortuig hy leef aan die einde van die eeue en wou 'n nuwe godstaat tot stand bring. Münster en sy volgelinge se poging om die eindtyd in 1525 te vestig het 'n opstand teen die staat en die kerk gelei. Daar was ook die sogenaamde Hussiete, volgelinge van die Tsjeggiese hervormer Jan Hus (1369-1415), wat met moord en brandstigting deur die land getrek het. Hulle het 'n sterk toekomsverwagting gehad en hulleself as werktuie van 'n goddelike gerig gesien.

Onder die Anabaptiste was daar ook 'n *revolusionêre* vleuel (kyk Walker, 1968:331 en Burger, 1987:44-45) soos dié van Hans Hut wat verwag het dat die einde van die wêreld in 1528 sou aanbreek. Melchior Hoffman het voorspel dat die finale oordeel in 1533 sou wees en die Nuwe Jerusalem sou in Straatsburg gevestig word (Meyer, 1969; Berkhof en De Jong, 1967). Volgens Berkhof en De Jong (1967:163) was Hoffman self nie revolusionêr nie, maar meld dat revolusionêre geeste wat geglo het "dat de gelovigen zelf het ophanden zijnde Godsrijk moesten verwerkelijken – het bestuur over de stad Munster in handen te krijgen (1534)" en hulle het besluit dat Münster die plek van die Nuwe Jerusalem sou wees. Na 'n jaar se beleg deur die Roomse

Katolieke Biskop van Münster en met die hulp van Lutheraanse prinse is die stad te midde van groot bloedvergieting herower. Hierdie millennialistiese beskouings het die eskatologie verander na geskiedskrywing om sodoende te ontwikkel tot die ware leer van die "laaste dae" (cf. Rouse & Neil, 1967:83-84).

De Smidt (1993:86-87) se verwysing na *drie variasies* van die Westerse Millenniumgedagte, naamlik die Apokaliptiese Millennialisme, Allegoriese Millennialisme en Progressiewe Millennialisme dui ook op veranderings in die ontwikkeling van Millennialisme. In die veranderings is dit duidelik dat Israel in die vroeë Millenniumidee nie prominent was nie; die verwagtings was baie materieël (Nuwe Jerusalem) en later was dit meer radikaal gerig.

6.1.4.1 'n Belangrike ontwikkeling van Dispensasionalisme in die negentiende eeu

Die periode sedert die einde van die agtiende eeu tot in die twintigste eeu word as 'n revolusietydperk beskryf (kyk Meyer, 1969:247). Dit was die periode wat *Verligting* genoem is en waarin rasionalisme prominent was. (kyk Berkhof & De Jong, 1967:232-233; Shelley, 2013:323-332, 355-365; MacCulloch, 2009:785-815). Daar was in hierdie tyd 'n ontevredenheid met politieke en korrupte instellings, ongelykhede, en die kerklike rykdomme en tradisies (Walker, 1964:484). Die Verligting was egter meer verdraagsaam teenoor andersdenkers en het so ook godsdiensvryheid gebring (Meyer, 1969:248). Saam met nog vele ander denkrigtings was daar ook weer opnuut 'n kritiese studie van die inhoud en bronne van die Bybel. Soms was dit baie negatief ingestel teenoor geloof in die bonatuurlike en die integriteit van die Bybel (cf. Meyer, 1969:274). Die *Franse Revolusie*, 'n voortvloeiing van die Verligting se promovering van vryheid, gelykheid en die aksie teen korrupte howe en adelstand, was in die agtiende eeu 'n belangrike gebeure in die geskiedenis van die Weste, beide polities en kerklik (MacCulloch, 2009:799, 806-812; Meyer, 1969:249-250). Die *Industriële Revolusie* in die negentiende eeu het op sy beurt gedwonge verstedeliking geskep sonder die nodige strukture en beskerming van menseregte. Dit het aanleiding tot groot sosiale en etiese probleme gegee. (kyk Biggs, 1965; MacCulloch, 2009).

Die denkrigtings, ontwikkelings en gebeure in hierdie veranderende wêreld het 'n invloed op die kerk gehad (kyk Meyer, 1969:274; Biggs, 1969:187, 190, 208; Walker, 1968:485:45-487; Burger, 1987:52). Die tydperk is in vele kerklike kringe geken as 'n tyd van geestelike louheid, rasionalisme en liberalisme wat die kerk verlam het. Reaksie teen die groot veranderings in die 18

de eeu het egter later aanleiding gegee tot 'n groot herlewing in die kerkwêreld en in die 19 de eeu die pad gebaan vir 'n evangeliese herlewing in Europa. In Amerika was daar ook 'n reaksie teen rasionalisme, maar dit was veral die sosiale en geestelike isolasie van die mense op die Amerikaanse grensgebiede wat deurslaggewend was in die geestelike ontwaking van daardie tyd (kyk Shelley, 2013:358-359; Walker, 1969:507; Rouse & Neill, 1969:232).

Met hierdie geestelike herlewing het daar onder andere 'n *oplewing* in die *toekomsverwagting* gekom. In dié tyd het die leerstelling van *Dispensasionalisme* in die Millenniumidee ontwikkel. (cf. Horton 1995:615). Volgens Horton het Dispensasionalisme klem gelê op 'n letterlike vertolking van *profesieë* wat in *skrille kontras* gestaan het met die figuurlike interpretasie daarvan by Postmillennialiste en Amillennialiste.

Hierdie veranderde wêreld met sy snelle, ontwikkeling, sy besondere fokus op die individu, groter vryheid vir kerke en aanbiddingsvorme, sy sosiale nood, en geestelike ontwaking het aanleiding tot die vorming van *nuwe kerke* en *geestelike groepe* gegee (Shelley, 2013:358-359; Meyer, 1969:277; Rouse & Neil, 1976:232). Dit het meegebring dat die millennialistiese idee groter aanhang gekry het en die amptelike beskouing van sekere kerke geword het. Historici meen die elemente van die Christelike geloof wat deur die tradisionele kerke verwaarloos is, soos onder andere die geloof in 'n toekomsverwagting, het weer besondere aandag gekry. Die historikus, Walker (1968:615), wys byvoorbeeld daarop dat daar verdraaiings van die Evangeliese Protestantepatroon was soos dié van William Miller (1782-1849). Die Baptiste-boer, Miller, was 'n gewilde spreker en het vanuit die boek Daniël die wederkoms, en die aanbreek van die Millenniumregering van Jesus wat in 1843 sou plaasvind, verkondig.

'n Belangrike propageerder van die nuwe millennialistiese idee en Dispensasionalisme, was John Darby van die "Plymouth Brethren". Net na 1830 het hy 'n "*geheime wegraping*" van die gelowiges geleer (Schwarz, 2000:334). Hy het die beweging van die "Brethren" in verskeie lande, asook in Amerika, gevestig (Walker, 1968:500). In Noord Amerika het die leer van Darby gewild geword deur die Scofield Reference Bible (1909). Daarin word sewe onderskeie periodes van saligheid voorgehou. Die huidige tyd val tussen die sesde en die sewende tydvak en dit is naby die beslissende einde (Schwarz, 2000:334; Flesher, 2009:38; North, 1996:2).

Tussen 1880 en 1900 het die *Nasionale Heiligheid Beweging* in Europa en Amerika gegroei en verskillende denominasies het daaruit gespruit. Hulle was streng Premillennialisties. Van die leiers van verskeie Pinkster groepe wat rondom 1900 tot stand gekom het, was geassosieer of het kontak met die *Heiligheidsbeweging* gehad en hulle leer van *Premillennialisme* is aanvaar (kyk Berkhof & De Jong, 1967:286).

6.1.4.2 Premillennialisme – 'n filosofie oor 'n teokrasie

In die historiese beoordeling van Premillennialisme is dit belangrik om op die *veranderings* wat in Millennialisme gedurende die negentiende eeu gekom het, te wys. Die veranderings staan veral in verband met die leer van Dispensasionalisme.

Berkhof (1963:708-712) meen dat daar in die geskiedenis van die kerk altyd uiteenlopende en gemeenskaplike benaderings aangaande die Millenniumidee was. Die beste weergawe van millennialistiese oortuigings in die vroeë eeue is waarskynlik die volgende: Die huidige wêreld, in ooreenstemming met die ses dae van die skepping, sal ses duisend jaar bestaan (hoe algemeen hierdie *sesduisendjaarbeskouing* was, kan net oor gewonder word. Baie Millennialiste het die wederkoms eeue vroeër voorspel, selfs in die tweede eeu). Aan die einde van die ses duisend jaar sal lyding en vervolging van die heiliges sterk toeneem totdat die finale inkarnasie van die boosheid in die persoon van die Antichris sal verskyn. Na die Antichris se vervolging sal hy in die tempel van God gaan sit waarna Christus in hemelse heerlikheid, triomferend oor sy vyande, sal verskyn. Hiermee saam sal die fisiese opstanding van die gelowiges plaasvind en die Koninkryk van God op aarde in sy volle gestalte realiseer. Die Millenniumheil, wat duisend jaar sal duur, sal ooreenkom met die sewende dag van die skepping. Aan die einde van die duisend jaar sal die finale oordeel aanbreek en 'n nuwe skepping sal realiseer.

Die nuwe ontwikkeling van Dispensasionalisme in Millennialisme tydens die 19de eeu word beskryf as 'n *nuwe filosofie van verlossing* (Berkhof, 1963:710-711 en De Smidt, 1993:80-81). Premillennialiste het hulle siening beskou as 'n moderne metode van die lees van die Bybel en 'n strukturering van tyd volgens 'n program wat God met die wêreld het (North, 1996:125). In Premillennialisme vervul Israel 'n leidende rol in die Millenniumryk en dit bring mee dat die kerk 'n *tussenspel* voor die Millennium is. In hierdie siening het God se *teokrasie in Israel* 'n spesiale plek in die Here se handeling met die mens gehad en was beskou as die inleidende gebeure tot die

verskyning van die Koninkryk van God. Dit word gevolg deur nog 'n gestalte van die koninkryk, naamlik die *geestelike koninkryk* waar Jesus nou uit die hemel oor sy kerk regeer en dit mond weer uit in 'n verdere gestalte wat die *aardse vrederyk* van duisend jaar is. Volgens Premillennialiste het Jesus nog nooit op die aarde regeer nie. Met die Millenniumryk word die belofte van die herstel van die ryk van Dawid vervul en Jesus, as die Seun van Dawid, regeer dan as die ware Messias. In die proses, word geleer, kom verlossing tot sy volle ontplooiing.

Hierdie nuwe ontwikkeling in die Millenniumidee het die eskatologiese program van die Millennialiste radikaal geraak en kom op die volgende neer (Berkhof, 1963:710): Daar sal twee wederkomste wees (die eerste is die wegraping), twee of meer opstandings uit die dood, en meer as een geleentheid waarop geoordeel gaan word. Tussen die twee wederkomste word ook die Groot Verdrukking van sewe jaar geplaas, en dit is gedurende dié tyd wat die bruilof van die Lam in die hemel, waar die weggerape kerk die bruid is, plaasvind. Volgens die Premillennialiste is daar, of sal daar twee afsonderlike volke van God wees, die kerk en Israel. Sommiges reken dat die skeiding tussen die kerk en Israel vir altyd sal wees. Israel (God het 'n ewige verbond met hulle) sal op die aarde wees en die kerk in die hemel. Die beginsel forseer hulle ook om die Bybel eintlik in “twee boeke” te verdeel, naamlik die “boek” van die koninkryk en die “boek” van die kerk.

Die ontwikkelings en veranderings wat in die leer van Millennialisme deur eeue plaasgevind het, skep noodwendig 'n probleem vir hul aanspraak dat hul leerstelling histories van die vroeë kerk afkomstig is. Hierdie ontwikkeling is veral sigbaar toe daar in die tweede eeu ’n plek en tyd van 'n hemelse Jerusalem aangedui is, later het die oortuiging gekom dat die millennium-koninkryk radikaal deur gelowiges bewerstellig sal word. Die ontwikkeling van Premillennialisme in die negentiende eeu waarin Israel prominent in 'n wêreldregering in die Millennium Vrederyk figureer, verskil duidelik van hulle aanvanklike beskouing.

Premillennialisme kan dus nie as die historiese leer van die vroeë kerk aanvaar word nie (kyk Flesher, 2009:42). Die veranderings tydens die negentiende eeu in die leer en uitbreiding in die eskatologiese program (Israel, die wegraping en die Groot Verdrukking) word deur hulle verklaar as groter en verdere openbarings van die Skrifte (Walvoord, 1977). Hierdie groter openbarings hang saam met die beskouing dat daar vir die vroeë kerk en selfs vir die Nuwe Testamentiese skrywers, ’n bepaalde verborgenheid oor die eindgebeure was en wat toe later ontsluit is

(Kleynhans, 2000). So 'n benadering is egter onaanvaarbaar en bring die leer van die Nuwe Testament oor die eindgebeure noodwendig onder verdenking.

Millennialiste wys daarop dat dit wat Jesus geleer het en wat verder in die Nuwe Testament gevind word, verstaan en vertolk moet word in die lig van 'n *letterlike* interpretasie van bepaalde profesieë en apokaliptiese beelde en visioene. Hierdie profesieë, apokaliptiese beelde en visioene word interpreteer vanuit 'n *denkskema* waarin 'n duisend jarige aardse regering vanuit Israel voorop staan.

6.1.5 Die wederkomsverwagting in die dominante kerklike tradisies?

Volgens Berkhof (1963:662) was daar altyd in die kerk 'n verwagting op die wederkoms gewees. Hy wys daarop dat die kerk dikwels deur probleme geteister was en in talle verleidings verstrik geraak het en dit het die aandag aan die toekoms ondermyn. Die kerk het egter nooit die heerlike verwagting van die wederkoms vergeet nie en altyd daarin troos gevind. Alhoewel daar nie altyd 'n formele leer oor die eskatologie was nie, was die kerk deurgaans bewus van sekere elemente in hulle hoop, soos dat Christus weer sal kom, dat daar 'n geseënde opstanding van God se mense sal wees, en dit gevolg sal word deur 'n ewige veroordeling van die goddeloses en 'n beloning van ewige heerlikheid vir die regverdiges.

In die lig van bogenoemde is die gevolgtrekking dat Premillennialisme nie daarop aanspraak kan maak dat hulle leerstellings histories die leer van die vroeë kerk was nie en hulle kan dus ook nie, soos hulle wel doen, om op historiese redes aanspraak te maak dat hulle leer Skriftuurlik gegrond is nie.

Die bewering dat 'n bepaalde teologiese ontwikkeling gedurende die tweede eeu in die kerk, Millennialisme verloën het, berus op die foutiewelike aanname dat die vroeë kerk Millennialisties was. Die Nuwe Testament moet as 'n weergawe van die basis van die vroeë kerk in die eerste dekades se eskatologiese beskouing gesien word en uit die Nuwe Testament moet die leer van die eskatologie vasgestel word.

Die agtergrond waaruit die Millennialisme spruit, naamlik *buite-bybelse bronne*, *Joodse apokaliptiese* verwagtings en die *getalleteorie* wat gebaseer is op 'n *vergeesteliking* van die *skeppingsverhaal*, weerspreek die aanspraak van Premillennialiste dat hul leer 'n Nuwe Testament-oorsprong het, en dié van die eerste kerk was.

Die *veranderings* of *ontwikkelings* in die loop van die eeue in die Millennialistiese-idee is ŉ verdere rede waarom dit onmoontlik is om dit as die leer van die Nuwe Testamentiese kerk te sien. Die beweerde *dieper insig* wat in die negentiende eeu sou kom (Walvoord, 1977:13), asook die *verborgenheid* ten opsigte van profesieë, apokaliptiese beelde en visioene wat self vir bybelskrywers nie beskore was nie (Kleynhans, 2000:29), is problematies. So 'n benadering bring die verstaan van die Nuwe Testament as vertrekpunt vir die leer van die eindtyd in gedrang. Die beteken dan dat die Nuwe Testament uitgelê moet word in die lig van ŉ *letterlike* vertolking van bepaalde profesieë, apokaliptiese simboliek en visioene.

Daar was vroeë getuies van ŉ vorm van Millennialisme, maar dit was nooit die algemene of amptelike siening van die kerk nie. Dit was eerder 'n randverskynsel naas die algemene wederkomsverwagting van die kerk. Sommiges meen dat dit slegs deur individue aangehang is. Die kerk het altyd die idee van 'n materiële ryk van Christus *afgewys* en by tye het die idee van ŉ millennialisme-ryk byna van die toneel verdwyn. Met die opkoms van Dispensasionalisme in die Millenniumbeskouing het Premillennialisme in die negentiende en die twintigste eeu groter prominensie verkry, en het in sommige kerke van die dag byval gevind.

Premillennialisme, soos wat in baie AGS gemeentes geleer word, het duidelik eers in die negentiende eeu sy huidige formaat aangeneem. Die verskil tussen die huidige Millenniumbeskouing en die algemene Millenniumbeskouing van die vorige eeue dui op totaal nuwe sleutel elemente wat na vore gekom het. Hier kan onder meer verwys word na die leer van die prominente posisie van *Israel* in die wêreldgebeure, die *letterlike* vertolking van profesieë en daarmee saam waarskynlik die uitleg van wêreldgebeure in die konteks van die tekens van die tye. Die leer van die *wegraping* (twee wederkomste), meer as een oordeel, die *sewe jaar van die Groot Verdrukking* en in dié tyd *die bruilof van die Lam*.

6.2 BEOORDELING VAN DIE LEER VAN DIE PREMILLENNIALISME

Die boodskap van Premillennialisme strek veel verder as die begronding en die uitleg van die leer en het inderdaad 'n boodskap met baie elemente, temas en leerstukke wat besondere implikasies vir die kerk inhou. Verder preek en leer die Premillennialiste meer oor die eindgebeure as andersdenkendes.

Premillennialiste het 'n sterk oortuiging oor hulle leer en reageer soms heftige op andersdenkendes. Daar is verwys na Kleynhans (2000:11) wat *saligheidswaarde* aan sy beskouing heg en dit jammer vind dat soveel mense deur hulle eie toedoen gaan agterbly. Kleynhans skryf die mense se onkunde en teologiese vooroordele toe aan die god van hierdie wêreld wat hulle sinne verblind. Daar is ook verwys na Du Plessis (2006:189) wat dit betreur dat die *kettery* (aanname wat die kerk met Israel gelyk stel) die denke van welmenende gelowiges in hulle verstaan van die ekklesiologie en die eskatologie so lank reeds *korrupteer*. Kleynhans (2000) en Du Plessis (2006) beskou die Millennium Vrederyk as 'n *noodsaaklikheid* vir die uitbreiding van die heil van God – dit is die *heilseeu by uitnemendheid*.

Met bogenoemde in aanmerking word gereken dat verdere besinning oor verkondiging van die Premillennialiste noodsaaklik is.

6.2.1 Die boodskap van die Messiaanse Vrederyk

In die beoordeling van die Premillennialiste se siening oor die eindgebeure is gevind dat die kern van hulle leer gaan oor 'n verwagte herstel van Israel en die oprigting van 'n sogenaamde ewige *Dawidiese* wêreldryk (Jesus as die Seun van Dawid) vir *duisend jaar* (cf. Walvoord, 1970:128; Kleynhans, 2000:95; Du Plessis, 2006:338, 342). Dit word genoem die Millennium Vrederyk (Jes. 9:6; 11; 65:25; Op. 20:2-6). Rondom dié tussenryk as eindgebeure is daar, soos na verwys is, verskeie ander leerstukke soos die prominensie van Israel onder die volke, die wegraping en die Groot Verdrukking. Die wederkomsboodskap word ook grootliks gevul met 'n siening van die geskiedenis of verwagte wêreldgeskiedenis van die nasies.

Die uitgebreide regeringstelsel (wêreldregering) in die Millennium Vrederyk sal uit verskeie verteenwoordigers saamgevoeg word, naamlik *Jesus* wat fisiese betrokke sal wees in die regering; verheerlikte Christene wat as bruid langs Hom op die troon sal sit; Dawid, as leier onder Jesus, en die verskillende apostels (dit is nie seker of hulle verteenwoordiging spruit uit hul Joodse agtergrond of uit hul Christenskap nie). Uit die “aardse” nasies sal bepaalde konings en regters in die sisteem betrokke wees. Tesame met die stelsel sal die aarde, of gedeelte van die aarde, 'n paradysstatus hê (kyk Walvoord, 1977:120-123; Du Plessis, 2006:350).

Dit moet verder in gedagte gehou word dat die Premillennialiste die periode van teokrasie gedurende die Millennium tussen die genadetyd en die finale einde as 'n noodsaaklike gebeurtenis in die uiteindelike volvoering van God se verlossingswerk sien. In hierdie periode van teokrasie sal mense geleer word om God te dien en vir die *eerste keer* afstand doen van selfverafgoding en selfaanbidding (Du Plessis, 2006:331-333, 350). Hiermee sal die verlossingswerk voltooi word en die einddoel van God op die aarde bereik word (Kleynhans, 2000:252-266). *Massabekerings* van Jode en heidene sal plaasvind, meer as wat in die genadetyd plaasgevind het. Die kerk word as 'n *interimgebeure* gesien, en die *geheime wegraping* maak dit moontlik om Israel en die kerk in aparte posisies te plaas.

Volgens Premillennialiste is die totstandbringing van die Millennium Vrederyk die *enigste wyse* waarop God se verbondsbeloftes aan Israel bevestig kan word en die beloofde seën al die nasies kan bereik. Die onfeilbaarheid van die Bybel word dan ook gehandhaaf (kyk Du Plessis, 2006:331; Walvoord, 1977:115-118; Kleynhans, 2000:257).

6.2.2 Die Skriftuurlike fundering van Premillennialisme

Die Skriftuurlike fondasie van Premillennialisme is twyfelagtig omdat volgens die historiese ondersoek hulle gebruik gemaak het van buite-bybelse bronne, mondelinge oorlewerings en die getalleteorie wat gebaseer was op die vergeesteliking van die sewe dae van die skepping.

Daar is reeds daarop gewys dat Openbaring 20:2-6 (die enigste plek in die Bybel waar gepraat word van 'n duisend jarige regering) wat as dié belangrike Skriftuurlike agtergrond vir die leer van 'n Millenniumryk voorgehou word, nie geldig is nie. Die historiese agtergrond van hierdie gedeelte moet in ag geneem word. Openbaring 20 was 'n unieke boodskap in simboliek aan die gemeentes in Klein-Asië vir bemoediging en versekering in moeilike omstandighede (De Smidt, 1994:75; kyk ook Du Rand, 2007). Al is daar swaarkry en dreiging, God het reeds in Christus oorwin en die toekoms is verseker. Dit was die boodskap van God vir sy mense in die eerste eeu, maar ook die boodskap vir alle gelowiges tot aan die finale einde. Die tyd waarin die gelowiges geleef het, is voorgestel as ’n simboliese periode van duisend jaar wat 'n blik op die lyding van die hede en op ’n ingryp van God in die toekoms gewerp het. Daar is geen chiliastiese gedagtes van 'n aardse regering van Jesus nie

Die leerstelling van ’n Millennium Vrederyk berus op ’n uitgangspunt wat bepaalde profesieë letterlik vertolk en tot die prominensie van Israel in God se ewige plan lei. Die sewe jaar van die Groot Verdrukking word ook gesien as 'n besondere vervulling van Ou Testament profesieë.

6.2.2.1 Premillennialiste se letterlike vertolking van profesieë

Volgens Premillennialisme word profesieë beskou as vooruit geskrewe geskiedenis (Kleynhans, 2000:31-33, 102). Om die *letterlike* vervulling te bevraagteken beteken min of meer om die alwetendheid van God te kritiseer (Du Plessis, 2006:36). Wat belangrik vir die Premillennialiste is, is die voorspellings van ’n ewige vereniging van die verskeurde Koninkryk van Israel onder die regering van koning Dawid onder Jesus (Ps. 89:4, 5; Eseg. 34:23, 24; 37:24; 3:4, 5). “Die opwekking van koning Dawid uit die dood sal by die wegraping van die kerk geskied wanneer hy met verheerlikte liggaam sal opstaan” (die afleiding is dan dat die opgestane Dawid gedurende die Groot Verdrukking iewers sal wees, maar nie sal optree nie) (Du Plessis, 2006:350). Die profesieë oor die Millennium is nog nooit bewaarheid nie, maar by Jesus se tweede koms, word dit 'n werklikheid. Hierdie beskouing om profesieë letterlik te vertolk het hoofsaaklik in die negentiende eeu na vore gekom (Horton, 1995).

Daar is reeds op gewys dat ’n letterlike vertolking van profesieë, veral in die Ou Testament, Premillennialiste tot weersprekende uitsprake lei. Dit word veral duidelik in die leer van die Groot Verdrukking waar daar groot verwarring is oor die talle rolspelers met hul uiteenlopende motiewe en verskeie groot oorloë.

'n Verdere onduidelikheid heers oor die herstel van die verskeurde Israel. Die huidige terugkeer van Israel word soms verklaar vanuit 'n sekulêre Sionistebeweging, terwyl Eségiël 36:24-28 en Jeremia 31:33 praat van 'n geestelike terugkeer van Israel na die Here (Jeremiah, 2008:18). Dit is dus onduidelik of die profesieë noú vervul word in die terugkeer van die Jode na Palestina of in 'n groot dramatiese bekeringsgebeure wat nog voorlê. Is die Jode wat nou na hulle land teruggekeer het (Es. 36:24) ”die hele Israel wat gered word” volgens die Premillennialistiese vertolking van Romeine 11:26, of is hulle die “144,000 verseëldes uit al die stamme van Israel” (Op. 7:4) wat gered gaan word?

'n Verdere verwarring wat 'n letterlike vertolking van profesieë meebring is geleë in die verskillende bekeringsmomente wat vir Israel voorgehou word. Daar word soms verwys na die unieke omstandighede wat aanleiding sal gee tot die massabekerings, naamlik die binding van die Satan en die "fisiese" teenwoordigheid van Jesus en verder dat die verkondiging in die tyd sal gaan oor die evangelie van die Millennium Vrederyk (Kleynhans, 2000). Hierdie boodskap word voorgehou as meer effektief as die evangelie van genade. Dié beskouing veronderstel dat die bekering van Israel eers in die Millennium sal plaasvind, maar daar word ook geleer dat gedurende die groot verdrukking 'n besondere oproep tot bekering sal plaasvind. Die twee profete, Moses en Elia, sal tydens die Groot Verdrukking uit die dood opstaan en getuienis lewer. "Verder sal 'n engel 'n ewige evangelie verkondig en die mense oproep om God te vrees en Hom te aanbid" (Du Plessis, 2006:317; kyk ook Kleynhans, 2000:229). Walvoord (1970:118) bou die herstel van Israel rondom Eségiël 20:34-38 en sê dat die herstel aan die begin van die Millennium met 'n oordeel sal plaasvind: Nadat God Israel uit al die lande versamel het, sal Hy hulle "bring in die woestyn van die volk", en daar met hulle "in die gerig tree van aangesig tot aangesig" (20:35). Dan is daar 'n uitleg wat die bekering van die Jode met die verskyning van Jesus op die Olyfberg, met die Armageddongebeure verbind. Daar word ook geleer dat hierdie bekering "met eens" sal wees met die uitstorting van die Heilige Gees oor die volk Israel. Du Plessis (2006:340) meen dat die profesie van die uitstorting van die Heilige Gees in Joël 2:28-32 dui op 'n "dubbele vervulling": Petrus kwoteer op Pinksterdag slegs Joel 2:28,29 en haal nie 2:30-32 aan nie, want, volgens Du Plessis, wys 2:30-32 na die vervulling by die wederkoms wanneer die son in duisternis en die maan in bloed verander (2:31; Matt. 24:29). Die vraag is ook: Is dit net *144,000* wat die Millenniumryk sal betree (Walvoord, 1970:112)? Boettner (1964:305) en Murray (1960:87) reken dit is wat geleer word, of word *almal* in die land op een dag bekeer soos wat ander beweer (Du Plessis, 2006)?

6.2.2.2 'n Wyer blik op die verstaan van profesieë

Uit die volgende argumente blyk dit dat, teenoor die letterlike vertolking van profesieë, 'n wyer blik op die verstaan daarvan nodig is:

1. In hierdie studie word daarop gewys dat dit dikwels by die profete juis gegaan het om 'n stryd teen 'n veruitwendiging van die godsdiens en 'n selfregverdiging van die mense, en die wese van die toekomstige bedeling is dat God juis 'n nuwe verbond met sy mense wil

maak: Hy wil sy Gees op almal laat kom dat hulle Hom sal liefhê met hulle hele hart (Deut. 30:6; Eség… 11:19; 36:26; Jer. 31:33; Joël 2:28; Sag. 12:10) (Bavinck, 1996:94).'n Geestelike betekenis word aan wette en gebruike gegee, soos: Hy wil hulle 'n nuwe hart gee (Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:4) en die offer wat God behaag is ŉ gebroke hart en verslae gees (1 Sam. 15:22; Ps. 40:7; 50:8-15; 51:19; Jes. 1:11-16; Hos. 6:6). Bavinck (1996:94) meen dat dit duidelik is dat die Ou Testament self op 'n nuwe en ander vertolking van die profetiese verwagting dui as dié van die Chiliaste. Hy maak ook die opmerking: "It is also incorrect to say that the prophets themselves were totally unconscious of the distinction between the thing (they asserted) and the image (in which they clothed it)" (Bavinck, 1996:95). Die profetiese boeke het die gedagte van 'n geestelike vervulling van profesieë ingesluit.

2. Bybelse beloftes word dikwels verkeerd verstaan as voorspellings wat presies uitkom. Beloftes het sy eie aard en het 'n rykdom wat so oorweldigend is dat dit nie in hierdie wêreld ten volle vervul kan word nie. Dit word eers vervul in 'n wêreld wat by God pas – in *die nuwe hemel en op die nuwe aarde* (König, 1970; Möller, 1998).

3. Die Ou Testament is beslis nie Chiliasties nie, maar stel 'n volkome ryk van God (sonder ŉ tussenryk) voor wat sonder einde (Dan. 2:44) sal wees. "The Old Testament does not view the messianic kingdom as provisional and temporary, but as end-result of world history, chiliasm is quilty of the greatest arbitrariness in interpretation prophecy" (Bavinck, 1996:93).

4. Premillennialisme werk met 'n *Judaïstiese paradigma* en as gevolg daarvan word die profesieë van die Ou Testament letterlik in terme van Israel verklaar (Möller, 1998:65). Die metodologie wat voorstelgestel word, is dat die uitleg van die eskatologie moet begin met wat Christus oor die wederkoms geleer het. Nadat dit eers vasgelê is, kan gepoog word om ander profesieë en visioene vanaf dié basis te verklaar. Daar is wel profesieë wat letterlik vervul word, maar om die eindgebeure vanuit ŉ letterlike vertolking van profesieë te verklaar is verkeerd. In baie van die profesieë is apokaliptiese simboliek, soos: In Jesaja 51:1 beklee Jerusalem haar met sierlike klere; in Ségiël 39:9 verdwyn moderne tegnologie en 2000 jaar gelede se wapens word gebruik; en in Openbaring 20:1 word die Satan letterlik met ŉ ketting gebind. Möller (1998:70) verwys na die metafore en sê: "To take this literally amounts to render the holy writ senseless".

6.2.2.3 Profesieë in Christus vervul

Die aanbreek van die heilsgebeure in Christus se koms is die afsluiting van God se geskiedenis met die nasionale Israel. In Jesus vind ons die betekenis en die middelpunt van God se woorde en dade in die geskiedenis. Die mens se geskiedenis begin by Hom en vind sy klimaks en ewige bestemming in Hom (Kol. 1:15-17: "Alles is deur Hom en vir Hom geskep"). Jesus is die Messias en die beloftes van die Ou Testament word in Hom vervul en so kom *"die nuwe mens"* (Gal. 6:15), *"die ware Israel",* (Gal. 6:16) tot stand en eendag by die voltooiing sal alles by die aanbreek van God se *nuwe hemel en die nuwe aarde* en die *nuwe saamwees* met Hom volmaak wees (Luk. 24:25-27, 44, 46-47; Heb. 1) (kyk König, 1970:162, 195, 452; Bavinck, 1996:96-97; Möller, 1998:68).

6.2.3 Die kerk-en-Israel-verhouding

Naas die letterlike vertolking van sekere profesieë van die Ou Testament wat op die herstel en prominensie van Israel sou dui en so die basis vir 'n Millenniumryk vorm, poog die Premillennialiste om ook uit die Nuwe Testament hulle leer te staaf. Du Plessis (2006:105, 189-190, 270-277, 334-338) beweer die volgende:

1. daar is duidelike skrifbewyse wat Jode en heidene as twee "afgeskeie sosiologiese groothede" in die Nuwe Testament skets;
2. daar is ook gedeeltes wat die geestelike herstel van Israel in 'n Millenniumryk leer; en
3. daar is Skrifte wat beide die geestelike koninkryk (die kerk) en die Messiaanse Vrederyk beliggaam.

Met hierdie ondersoek is bevind dat daar in die Skrifte wat genoem word, geen bevestiging is van 'n aparte onderskeie posisie van Israel nie en ook nie enige aanduiding van 'n Millenniumidee is nie.

6.2.3.1 Die kerk is die voortsetting van God se beloftes aan Israel

Vanweë die prominensie wat Israel in die leer van Chiliasme geniet, word die bestaan van die kerk noodgedwonge as 'n interimgebeure gesien.

Die Premillennialiste leer dat die Nuwe Testament nêrens sê dat die kerk Israel is nie; tog blyk dit juis die boodskap van Galásiërs 6:11-17 te wees. Die "nuwe skepsel" is die Israel van God. Hulle word geïdentifiseer (Heb. 11 en 12) saam met ander gelowiges in die Ou Testament as God se verloste mense met wie Hy al die eeue op pad is. Romeine 8:8 sê: "Nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie". Die wat aan Christus behoort, is die nageslag van Abraham (Gal. 3:9, 14, 28, 29; 5:6; Matt. 3:9, 10; 8:11, 12; Fil. 3:3). In die Nuwe Testament fokus God nie op Israel as volk nie, maar op 'n *nuwe mensheid* (die ware kerk) wat Hy Hom van ewigheid af in Jesus Christus voorgeneem het (Ef. 1:1-6; 2:15; Joh. 3:5-7; 2 Kor. 5:17; Gal. 6:15-16; Heb. 2:10-18). Jesus het deur sy soendood en sy opstanding en met die koms van die Heilige Gees, volkome versoening bewerk en die deur oopgemaak om die wat glo as sy kinders aan te neem. Daar is geen verdere behoefte aan 'n heilseeu, 'n tussenryk, of 'n Messiaanse vrederyk nie (1 Kor. 1:23, 24).

Bavinck (1996:98), soos gemeld is, het daarop gewys dat die Nuwe Testament die langverwagte doel, die direkte voortsetting, en die ware vervulling van die Ou Testament is. As die Chiliaste dit anders beoordeel, kom dit in konflik met die Christendom self. Dan is dit uit beginsel eens met Judaïsme en dit stel die geestelike ondergeskik aan die materiële. Dit bevestig die vleeslike gedagte van die Jode in hulle verwerping van die Messias en versterk die sluier wat oor hulle gedagte lê wanneer hulle die Ou Testament lees (2 Kor. 3:13-14). Die illusie dat 'n fisiese nageslag van Abraham die hemelse koninkryk sal beërwe, word gepropageer.

Dit is belangrik om te onthou dat God se beloftes, die gedagte van 'n verbond en van verkiesing teruggegaan het tot vóór Israel (Gen. 3:15, 9:12-16; Ef. 1:3-6). Israel is in werklikheid die interim gebeure in God se plan met die mensdom (Bavinck, 1996). Möller (2011) het daarop gewys dat Israel in die Bybel as idioom gebruik word om die Koninkryk van God voor te stel. In die lig van bogenoemde stellings verstaan ons in die Israelverhaal die saak van die "oorblyfsel" van die wat gered word (1 Kon. 19:14; 2 Kon. 19:4; Jes. 1:9; Rom. 9:27; 11:5). Jesus self het nie iets uitsonderliks aan die volk Israel geheg nie; inteendeel, Hy het die Jode soms afgewys (Matt. 8:11, 12; Joh. 8:33-58). Johannes die Doper het dit ook gedoen (Mat. 3:9-11). Daar is ander kriteria ter sprake om deel van God se koninkryk te wees (Matt. 8:10; Joh. 8:51).

Die prominensie van Israel waarop die verwagte Millenniumryk gebou word, word deur Bavinck (1996:99) afgewys op grond daarvan dat die verwagting van die Chiliaste van 'n bekeerde Israel,

herstel in Palestina, onder Jesus se bewind nie bybelse gronde het nie. Bavinck het daarop gewys dat wat ook al die politieke toekoms van Israel is, die ware volk van God etniese grense oorskry. Die koninkryk wat Jesus geleer het, is nie 'n politieke realiteit nie, maar 'n ryk wat uit die water en die Gees gebore is (Joh. 3:3). Bavinck (1996:99) maak die stelling: “The salvation rejected by Israel is shared by the Gentiles, and the community of Christbelievers has in all respects replaced national Israel”. In die Ou Tetament is dit reeds duidelik dat dit oor meer as ’n nasionale Israel gaan. Daar kan vanaf die Ou Testament ’n lyn van gelowiges getrek word; dit is ’n gemeenskap op sy eie van die vroegste tye af.

6.2.4 Die posisie van die volk Israel in die eskatologie

Die totstandkoming van die staat van Israel in die twintigste eeu dien vir die Premillennialiste as bewys van die leer van die Millennium Vrederyk, 'n bevestiging van die prominensie van Israel in die eindgebeure en die herstel van die Dawidiese ryk.

6.2.4.1 Die verkiesing van Israel

In die verweer teen die prominensie van Israel is dit belangrik om die verkiesing van Israel te verstaan. Daar is nie 'n verkiesing wat Israel in 'n “prominente” posisie of 'n *ewige* prominente posisie plaas nie.

In die Ou Testament het God die volk Israel gekies sodat in die volheid van die tyd die werklikheid van saligheid in Jesus Christus die hele wêreld kan kom. Van die begin af het God se beloftes aan Noag en Abraham universele krag gehad (Bavinck, 1996:98). Israel is nie uitverkies omdat God nie in die ander volke belang gestel het nie, maar omdat Israel God se metode was om die hele wêreld te bereik, om die pad vir die Messias te berei (Boettner, 1964; Möller, 2011).

Möller (2011:3) wys daarop dat die geboorte van die Messias, Jesus Christus, die slotwoord van God aan Israel as uitverkore volk met die oog op 'n spesifieke taak was.

Israel as 'n verkose volk, was onderskeie van ander volkere met 'n spesifieke land, Palestina. Daar was onderskeie elemente in die sisteem van hulle verhouding met God soos onder andere: die priesterdom, die tempel, die liturgiese gebruike, die offersisteem en wette wat hulle onderskei het van die ander nasies. Dit was goddelike instellings wat betekenis gehad het met die oog op

die koms van die Messias, maar toe die Messias gekom het, is die spesiale rol van Israel in die realisering van versoening vir die hele wêreld, vervul (Boettner, 1964:311).

6.2.4.2 Israel en die besit van Palestina

Dit blyk dat die nasionale Israel nie meer ’n spesiale plek in die goddelike plan het nie, maar dit beteken nie dat God hulle as volk verwerp nie. Boettner (1964:312) maak die opmerking dat God niks van die Jode individueel geneem het nie, maar slegs dat: “The blessings and privileges of salvation which they enjoyed during the Old Testament dispensation have been magnified and heightened and extended to all nations and races alike”.

Boettner (1964:311,312,322) meen dat die land wat God aan Israel gegee het *sy* doel gedien het. Die Joodse besit van Palestina is soos die van enige ander nasie wat 'n bepaalde land besit, daar is nie enige onvervulde profesie in dié verband nie (cf. Boettner, 1964:311, 312, 322). Boettner meen ook dat Premillennialiste oortree deur die Jode aan te moedig om te glo dat hulle die regmatig eienaars van die land is, en dat dit goddelik so georden is dat hulle dit weer sal besit – en dan nie net die deel wat hulle nou besit nie, maar die hele gebied van die Eufraatrivier tot by die grens van Egipte.

Bavinck (1996) meen dat na aanleiding van Romeine 11:25-26 daar moontlik 'n *afsonderlikheid* van Israel afgelei kan word en dit mag op ’n afsonderlike *voortbestaan* van Israel naas die heidene dui. Dit beteken dan dat uit hulle, sowel as uit die heidene, sal daar 'n “volheid” kom vir die Koninkryk van God. “Never, up untill the end of the ages will God totally reject his ancient people; he will always bring to faith in Christ, alongside a part from the gentile world, a part from Israel as well” (Bavinck, 1996:106).

Schwarz (2000:376) wys daarop dat daar nooit meer gedink kan word aan die “hele Israel” (Rom. 11:11-26) sonder 'n eenheid tussen Jood en heiden nie. Schwarz meen egter dat God nog 'n boodskap deur Israel vir die wêreld het. Die Joodse volk is 'n bron van inspirasie en hoop. Hulle herinner ons dat God sy mense deur donker dieptes lei, hulle onderhou, roep en versorg. Hierdie siening van Scgwarz (2000) kan die idee van 'n sekere “afsonderlikheid” van Israel ondersteun.

Möller (2011:3) merk op dat die enigste moontlike guns wat Israel as volk voor God mag hê, is dat God hulle hul land sal laat behou. In Génesis 13:15 belowe die Here aan Abraham: “Die hele

land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag." Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat die woorde "vir altyd" (vanaf die Hebreeuse woord *ad olaam*) op 'n onbeperkte tyd dui nie. Die gedagte dat Israel hulle land sal behou word moontlik deur Paulus in Handelinge 17:24-28 ondersteun:

> God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde, – dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enige van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.

Daar is verwys na die Premillennialis, Balfour (2011:132-140), wat Premillennialiste aanmoedig om in dialoog met anders denkende eskatoloë te tree. Ten opsigte van die eskatologiese belangrikheid van Israel wys hy daarop dat Openbaring ook klem lê op al die volke en tale in die hemel. Hy beklemtoon ook dat die Jesus wat uit die dood opgestaan het se opdrag aan sy dissipels was om al die nasies te evangeliseer.

Dit is egter onmoontlik om die vestiging van Israel in Palestina sondermeer aan 'n Dawidiese Millennium te koppel.

Die herstel van en die toetree van Israel in Palestina word deur Premillennialiste gekoppel aan 'n massa-bekering van Israel (kyk Du Plessis, 2006; Kleynhans, 2000; Walfoord, 1970), maar Jesus het in sy opdrag aan dissipels al die nasies in die oog gehad (Matt. 28:19-20). In Lukas 24:46-49 en in Handelinge 1:8 is ook geen verwysing na 'n massabekering van Jode aan die einde nie, maar slegs dat die evangelie aan alle mense verkondig moet word en dat sy dissipels oral getuies sal wees. Dit is aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom (1 Tim. 2:4). Jesus het ook vir sy Joodse gehoor in Matthéüs 7:14 geleer: "Maar die poort wat na die hemel lei, is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min." Dit is moeilik om te glo dat Jesus nie bewus was van 'n massa-bekering van die Jode teen die einde nie.

Die huidige herstel van die Joodse staat in Palestina kan daarom nie verbind word aan 'n verwagting van 'n 1000 jarige Messiaanse Vrederyk nie en is ook nie 'n bevestig daarvan nie.

Jesus en die skrywers van die Nuwe Testament het nie so 'n Dawidiese nasionale ryk geleer nie en dit kan ook nêrens ingepas word in die raamwerk van die eindgebeure nie. Daar is dus geen bewyse in die Nuwe Testament om aan te neem dat daar is 'n spesiale, aparte toekoms vir die Jode in die konteks van 'n Millenniumryk is nie. Die Koninkryk van Christus is nie 'n aardse koninkryk nie, maar 'n geestelike koninkryk (Joh. 18:36; Rom. 2:18-29; 4:16-17). As die skrywer van Hebreërs 11 na die "mens van die ou tyd" verwys, blyk dat hulle ook verby Palestina gekyk het as hy skryf: "en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland - - - hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang" (11:13-14, 16).

6.2.5 Die wegraping

6.2.5.1 Die wegraping – 'n sleutel-element in die leer van Premillennialisme

Die gedagte van 'n wederkoms kan by Premillennialiste tot verwarring lei, omdat dit op twee moontlike gebeurtenisse dui. Dit kan óf na die wegraping óf na die Here se koms na die groot verdrukking verwys. Die "eerste koms" (wegraping) is naby en niemand weet wanneer dit sal plaasvind nie, maar die tweede is nie so onverwags nie, dit volg duidelik op *bepaalde gebeure* wat gedurende die sewe jaar van verdrukking sal plaasvind.

Die leer van die wegraping is vir die Premillennialiste belangrik. Dit is 'n spilpunt in hul beskouing oor die eindgebeure. Die genade tyd word daarmee beëindig, die kerk as 'n tussengebeure sluit af, en die ewige Israelgebeure breek aan. Die wegraping is saam met die Groot Verdrukking sleutelelemente en hoofkwessies in terme van die eskatologie. Hulle meen dat die wegraping die kontras tussen die kerk en Israel aksentueer en dat die skriftuurlike program vir die kerk, die liggaam van Christus ('n tussengebeure), as ook die (ewige) program van God vir Israel so suksesvol erken word (Walvoord, 1977:161-167; Kleynhans, 2000:4).

6.2.5 2 Die skriftuurlike begronding vir 'n geheime wegraping

Die gedagte van die wegraping is nie so oud soos die voorstanders daarvan wil voorgee nie. Dit blyk dat die geheime wegraping eers rondom 1830 gepropageer is en waarskynlik momentum gekry het toe die drome van 'n sekere MacDonald openbaar gemaak is (Schwarz, 2000:334; Du Rand, 2007:317). Toe die nasionale herstel van Israel deur die benadering van die letterlike

vertolking van die profesieë (in die negentiende eeu) ontwikkel het, het die geheime wegraping wesenlik deel van die leer geword.

Om die geheime wegraping Skriftuurlik te begrond, word na die sogenaamde onderskeid tussen die wederkomstekste in die Nuwe Testament gewys. Talle tekste wat die wegraping sou ondersteun teenoor die wat die wederkoms ondersteun, is vergelyk. König (1970; 2009:88-92) het aangetoon dat al die tekste op 'n "gewone" wederkoms dui en dat daar niks anders staan nie as dat Christus sal kom of verskyn, die dooies sal opwek, die mensdom sal oordeel, gelowiges Hom sal verwag, dat sy koms naby is en dat gelowiges met Hom herenig sal word.

Die belangrikste teks waarop die Premillennialiste geheime wegraping begrond, is 1 Tessalonisense 4:17: "saam met Hom in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug".

Die teks in sy konteks maak dit nie moontlik om 'n geheime wegraping wat die wederkoms voorafgaan in te lees nie. Dit gaan nie oor gelowiges teenoor ongelowiges nie. Paulus wou die gemeente inlig dat die gelowiges wat oorbly by die wederkoms, nie die ontslapene heiliges voor sou wees nie. Verder wys vers 16 daarop dat dié gebeure openbare gebeure is: "met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God" (kyk ook 1 Kor. 15:52). Jeremiah (2008:112) verdedig 'n geheime gebeure met die aanname dat die klank eksklusief gerig sal wees – dit sal net gehoor kan word deur dié wat hulle vertroue in Christus gestel het.

Net so is die drie ander belangrike tekste wat ter stawing van die geheime wegraping gebruik word, naamlik 1 Korinthiërs 15:52; Johannes 14:3 (die gedeelte word nou selde gebruik {König, 2009}) en Matthéüs 24:40-41 geen bewyse van 'n geheime wegraping nie.

Die gevolgtrekking is dat hierdie interpretasie vanuit die vooropgestelde denkskema van Premillennialisme geskied en nie Skrifgrond het nie.

6.2.6 Die wederkoms (die tweede koms) en die gebeure wat volgens die leer van die Premillennialiste daarmee gepaard gaan

Die tweede koms, die eintlike wederkoms volgens die leer van die Premillennialiste, is die afsluiting van die sewe jare van die Groot Verdrukking en inleiding van die Millennium Vrederyk.

6.2.6.1 Die Groot Verdrukking

Die Premillennialiste het in die negentiende eeu die feit van die verdrukking van die gelowiges grootliks met die leerstuk van die Groot Verdrukking wat na die sogenaamde wegraping sal plaasvind, vervang. Hierdie verdrukking het dan betrekking op die Joodse nasie, Jerusalem en Palestina en is deel van ŉ *ingewikkelde wêreldgebeure*. Die wêreldtoneel gaan oorheers word deur oorloë, verwoesting en massa uitdelging van mense (die helfte van die aarde se bevolking sal binne slegs 'n paar jaar uitgewis word {Lindsey, 1996}. Du Plessis (2006:316) meld omtrent die Jode: "Daarom kan Sagaria met reg voorspel dat twee-derdes van die Joodse volk in Israel deur die Antichris uitgemoor sal word" (13:8).

Alhoewel die *genadebedeling* en die *kerk* in die konteks van die Groot Verdrukking, volgens die Premillennialiste, verby of voltooi sal wees (Kleynhans, 2000:168-9, 229; Du Plessis, 2006:262, 280, 282; Jeremiah, 2008:155; kyk ook Boettner, 1964:150), leer hulle tog dat, naas die oorloë van nasies onder mekaar en teen Israel, daar nog vervolging van gelowiges sal wees. Wie dié gelowiges sal wees wat deur die Europese leier, die Antichris, vervolg sal word, is nie duidelik nie en verder is daar ŉ verskil in die "verdrukking" van die gelowiges en die ongelowiges, of eerder die nasies.

Kleynhans (2000) stel dit duidelik dat die wegraping 'n finale skeiding is tussen die wat in *Jesus glo* tot redding en die wat *Hom verwerp* (Kleynhans, 2000:171-192; kyk ook Jeremiah, 2008:155). Hiermee bedoel hy dat geen gelowiges met die wegraping sal agter bly nie. Kleynhans kritiseer diegene wat meen dat sommige gelowiges met die wegraping nie gered sal word nie en verwys daarna as die "Gedeeltelike Wegrapingsteorie" (Kleynhans, 2000:171), maar tog kom die gedagte van agtergeblewe Christene wel by hom na vore as hy beweer: "Op ŉ

wonderlike wyse sal God sy uitverkore kinders (Jode en die wat agter gebly het) vrywaar van sy plae (God se wraakplan) wat oor die goddelose sal kom".

Dit is egter veral nuwe bekeerlinge van die Groot Verdrukking wat vervolg gaan word (Kleynhans, 2000; Du Plessis, 2006). Volgens Kleynhans (2000) blyk dit of daar nie baie bekerings in die Groot Verdrukking sal wees nie, want die enigste wenke, meen hy, wat ons kry van verkondiging is die twee getuies in Openbaring 11 en die van engele in Openbaring 14:6 en 8-10 en die boodskap van die engele sal eerder op die komende oordeel as om die genade-aanbod van God te aanvaar, gerig wees. Hy verklaar verder: "Omdat die goddeloses in die welaangename tyd die Heilige Gees weerstaan het, sal hulle tydens die Groot Verdrukking oorgegee word aan die vreeslike oordeel van verharding" (Kleynhans, 2000:228, 300). Boettner (1964:185, 305) beweer egter dat die Premillennialiste (ten spyte van die feit dat die Heilige Gees nie aanwesig sal wees soos in die kerkperiode) 'n massa bekering ("'n groot menigte wat niemand kon tel nie" {Op. 7:9}) uit die nasies voorhou. Dié "grootste herlewing van alle eeue" wat gedurende die Groot Verdrukking sal plaasvind, sal te danke wees aan 144 000 Joodse sendelinge. Murray (1960:87, 139) verwys ook na hierdie gelowiges: "It is said that during the tribulation 144 000 Jews will be saved and they will cary on a vigorous work of evangelism, winning many souls of a apostate world, despite the fact that the Holy Spirit and the church are taken out of the world prior to this" en meld dat die idee van die groot herlewing na die wegraping: "quite a modern invention" van Premillennialisme is. Du Plessis (2006:317, 326) verwys ook na die 144 000 Jode uit die stamme van Israel (Op. 7:2-8) en na dié groot menigte wat tydens die Groot Verdrukking gered gaan word, maar beweer dat die mense positief op die twee getuies (Du Plessis meen dit is Henog en Elia {175-178, 326}) en die engel van Openbaring 14:6-7 se boodskap sal reageer. Die gelowiges, hulle is nie deel van die kerk nie (Kleynhans, 2000:185; kyk ook Du Plessis, 2006:319), gaan die beeld van die Antichris nie aanbid nie en hulle sal met hul bloed vir hul verhouding met Christus betaal (Du Plessis, 2006:317; Jeremiah, 2008:155; Kleynhans, 2000:228).

Die gelowiges, die wat met die wegraping agter bly en die nuwe bekeerlinge, se lyding in die verdrukking sal verskil van die lyding van die Jode en die nasies. Die gelowiges sal onder die woede van die Antichris 'n marteldood vir hulle geloof sterf, maar sal die woede van God (plae van God) wat op die goddelose mense in die tyd uitgegiet sal word, vryspring (Jeremiah, 2008:155; Du Plessis, 2006:317, 319; Kleynhans, 2000:171, 228). Kleynhans (2000:225)

verklaar egter dat dié straf oor die goddelose mense net ’n “aanvanklike oordeel oor die lewende nasies van die wêreld” sal wees en nie die finale oordeel nie.

Die Premillennialiste verklaar dat Openbaring 4 tot 18/19 ten opsigte van die nasionale Israel en die Groot Verdrukking handel en nie vir die kerk bedoel is nie (Du Plessis, 2006:324; Kleynhans 2000:208), maar tog kan die gedeeltes, soos byvoorbeeld: 7:9-14, 17; 11:3, 6, 7; 14:6, 7 nie verklaar word sonder om die kerk te betrek nie. Byvoorbeeld: Die “ontelbare menigte” in Openbaring 7:9: “en kyk, daar was ’n groot menigte *wat niemand kon tel nie*, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande” is volgens die Premillennialiste se uitgangspunt die gelowiges, soos reeds na verwys is, wat *agtergebly* het en die wat tot *bekering* gekom het in die Groot Verdrukking. Die ”ontelbare menigte” is dus nie die kerk nie, maar: “Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom” (7:14). Hierdie verklaring van die ”ontelbare menigte” verbind die Premillennialiste met hulle leer van ’n massa bekering in die sogenaamde Groot Verdrukking, maar in die lig van die kerk se bestaan deur die eeue en in die lig van die kerk se opdrag om die evangelie aan al die nasies te verkondig, is die siening onwaarskynlik. Openbaring 7:9-14 dui op die kerk. Möller (2013:19) verwys na vers 14: “en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam” en sê: “Hierdie mense is duidelik geredde mense en daarom deel van die kerk. Daar is geen aanduiding dat hulle eers later deel van die kerk geword het nadat die res in die hemel opgeneem is nie”.

Deur die *letterlike* vertolking van die profeties-apokaliptiese simboliek en afleidings word 'n toneel van ’n oorheersende bose wêreld geskets. As gevolg van die Heilige Gees en die kerk wat “ontruim” sal wees, sal alles verval in boosheid, misleiding, hebsug, bedrog, sameswerings en wêreldoorloë. Daar sal aanvalle op die Joodse volk, massa-uitdelging van mense en ’n verwoesting wees wat geen enkele mens sal kan ontvlug nie. Naas die toestand wat as gevolg van die verval van die mensdom sal wees, word die Groot Verdrukking ook voorgehou as die magtige dade van God se *wraak* op Israel, omdat hulle Christus verwerp het, en sy optrede teen die volke wat Israel vyandig was en ook teen die Antichris. Aan die ander kant is dit ook die magtige dade van God se *liefde* en krag om mense tot bekering te bring (Jeremiah, 2000; Lindsey, 1996; Kleynhans, 2000; Du Plessis, 2006).

Die Premillennialiste gebruik die Skrifte vir hulle letterlike verklaring van die eindtoneel dus verskillend. As Openbaring 19 as basis gebruik word om die Here se finale ingryp met die Armageddon te beskryf, sal die Here op 'n wit perd uit die hemel kom (Jeremiah, 2008). Die leërs in die hemel sal Hom volg op wit perde, gekleed met wit en rein fyn linne. Al die magtige engele sal ook neerdaal en saam met menslike heiliges sy aan sy veg. Wanneer die beelde in Sagaria 14 (Lindsey, 1996 en Kleynhans, 2000) vir die finale slag gebruik word, sal die Here met sy voete kom staan op die Olyfberg wat aan die oostekant voor Jerusalem lê. Die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n groot dal en die helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En die mense van Jerusalem sal vlug in die dal van die Here se berge. Die beelde in Openbaring 19 en Sagaria 14 word soms saamgevoeg (Du Plessis, 2006).

In die warboel van *weersprekende* en *verwarrende* voorstellings word willekeurig besluit wat letterlike en wat simbolies is. Jeremiah (2006:187-188) skryf byvoorbeeld dat deur "gesonde verstand" verstaan ons dat as die profeet in Eségiël 38 na antieke wapens verwys in sy beskrywings wat hy en die mense van sy tyd verstaan het, gebruik. Tog blyk dit dat Jeremiah meen dat Israel wel sewe jaar lank van die wapens vuur sal maak (Eség… 38); dat dit hulle sewe maande sal neem om die dooies te begrawe en dat die voëls geroep sal word om die dooies te eet (Eség… 39). Openbaring 14:20 waar geskryf is dat die bloed tot aan die tooms van die perde sestien honderd kilometer (Op. 14:20, 1983) sal vloei, word letterlik opgeneem (Jeremiah, 2008:201; Lindsey, 1996:263; Du Plessis, 2006:34).

Die afgebakende periode van sewe jaar (Groot Verdrukking) waarin die wêreld onder die Antichris, of wie ookal, se heerskappy staan, met al die gebeure wat plaasvind, hetsy van die nasies of van God se kant, is totaal vreemd: dit kan nie Godswêreld wees of met Jesus Christus vereenselwig word nie. Die Premillennialiste se leer oor die verdrukking kan in hulle pad staan om die gelowiges toe te rus teen die aanslae van die bose. Die skrifte wat hulle voorhou vir ontvlugting van die verdrukking het nie betrekking nie (Tess. 1:10; 5:9; Rom. 5:9), en dit is jammer dat hulle leer onder meer 'n ontvlugting van verdrukking behels. Daar is gemeld van Du Rand (2007:320-321) se verwysing na die Premillennialiste se argumentasielyn ten opsigte van die Groot Verdrukking "dat God nog altyd in die verlede sy eiendom uit nood gered het, en dat Hy dit ook in die toekoms met sy kerk sal doen". Du Rand verklaar dan dat die grootste kritiek teen die wegraping met hierdie opvatting van redding uit die verdrukking saamhang. Hy sê tereg:

“Die grootste uitredding wat God nog vir sy eiendom bewerk het, was deur die dood en opstanding van sy Seun, Jesus Christus” (Du Rand, 2007:321).

6.2.6.2 Die kerk in die verdrukking

Volgens die Premillennialiste sal die kerk weggeraap word voor die Groot Verdrukking en die verdrukking staan grootliks in verband met Israel.

Daar is nie bybelse getuienis om die kerk buite die verdrukking, of genoem: die “Groot Verdrukking”, te plaas nie. Millennialisme het altyd geleer dat die kerk onder die Antichris in die Groot Verdrukking gaan ly (Berkhof, 1963; Boettner, 1964). In verdediging van die Premillennialistiese siening dat die kerk nie in ’n groot verdrukking gaan ly nie verwys Du Plessis (2006:319) na die verdrukking van die kerk as ’n *ligte* verdrukking (2 Kor. 4:17) (Du Plessis, 2006:319). Om in dié teks 'n verskil van die graad van verdrukking te lees, is om ongeldig met die teks en sy konteks om te gaan. Paulus kontrasteer in die vers die lyding van gelowiges in hierdie lewe (“vir 'n oomblik”) teenoor – “'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid” (vers17). Hy weeg in die vergelyking die verganklike teenoor die onverganklike op, en 'n aardse tentwoning teenoor 'n huis in die hemel wat nie met hande gemaak is nie (2 Kor.4:18; 2:5:1. Vroeër in die hoofstuk brei Paulus uit oor die verdrukking en vervolging van gelowiges, en in vers 8 identifiseer hy die gelowige se lyding met dié van Christus: “Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om” (10). Hierdie gedagte word ook verder in Kolossense 1:24 ondersteun: “Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam wat die gemeente is”.

6.2.6.3 Sal die verdrukking toeneem nader aan die wederkoms?

Jesus en die skrywers van die Nuwe Testament het geleer dat misleiding en vervolging altyd deel van die kerk sal wees, maar is 'n toekomstige hewiger verdrukking deel van die eskatologiese gebeure?

Daar is teoloë wat meen dat die Groot Verdrukking (Matt. 24:15-22) 'n onverbiddelike en definitiewe fase in God se eskatologiese program is (Möller, 1998:29-30; Du Rand, 2013:230). Hiermee word nie die futuristiese sewejaar-verdrukking wat die Dispensasionaliste voorsien, bedoel nie. Daar word gemeen dat Jesus van die groot verdrukking in die konteks van Daniel

11:31; 12:11 gepraat het, en sodoende na gebeure van die Makkabese opstande toe 'n altaar ter ere van Zeus in die tempel in 163 v.C. opgerig is, verwys het (Matt. 24:15). Verder word gereken dat Jesus profeties na ’n komende oorlog tussen die Romeine en Israel (66-70 n.C.) gewys het. Met die voorspelling kan waarskynlik gesê word dat Jesus die vraag van die dissipels na wanneer die verwoesting van die tempel, sal plaasvind, beantwoord het (Matt. 24:2-3). Maar na aanleiding van die vraag na die *teken* van die koms van Jesus en die voleinding van die wêreld (Matt. 24:2-3), kan aangeneem word dat Jesus wou sê dat Daniël se profesie nóg 'n keer (naas 66-70 n.C.) vervul sal word (Matt. 24:15 en 2 Tes. 2:3-17; kyk ook die aansluiting met Dan. 11:31; 12:11). Die profesie van Daniël is nog nie volledig vervul nie (Du Rand, 2013:231) en ons moet dus na die toekoms kyk vir ’n verdere gebeure voor die voleinding van die wêreld.

Die gevolgtrekking is dat ons nie aan die idee van 'n groot verdrukking moet dink los van die eeue oue vervolging van gelowiges nie (Joh. 16:32). Verder blyk dit dat Jesus inderdaad na ’n groot verdrukking voor die wederkoms verwys. Dit word teologies met die verskyning van die “gruwel van verwoesting” (Matt. 24:15), die “mens van die sonde, die seun van die verderf” (2 Tes. 2:3-10), die koms van “die Antichris” (1 Joh. 2:18) verbind. Dié persoonlikheid “sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo alles verhef”, maar Paulus het geskryf dat hy nog teëgehou word, “sodat hy eers as dit sy tyd is, sy verskyning sal maak” (2 Tess. 2:4, 6).

Johannes leer ook dat die Antichris sal kom, maar sê hy: “daar is nou reeds baie antichriste is” (1 Joh. 2:18, 1983), en dat “die gees van die Antichris nou al in die wêreld is” (1 Joh. 4:3) en die “verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk” (2 Tes. 2:7). Met ander woorde, daar is reeds voorlopers van die eintlike antichris, en sy gees van ongeregtigheid is ook reeds in die wêreld sigbaar.

Die verdrukking, soos reeds gesê, is ’n geveg tussen lig en duisternis (Joh. 1:5; 3:19; Ef. 6:12; Kol. 1:13). Wat die hewige verdrukking alles behels, of sal behels, weet of besef ons waarskynlik nie en miskien het die kerk nog nooit die verantwoordelikheid van die versorging van sy lidmate in ’n Antichriswêreld goed verdiskonteer nie. As die verdrukking aan die einde sal toeneem: “die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om *oorlog* teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis vashou wat Jesus gelewer het” (Op. 12:17, 1953); as daar op een of ander wyse, met die toeneem van die ongeregtigheid, ’n

openbaring/verskyning gaan wees van "die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Tess. 2:3-4); as die "die gees van die dwaling" (1 Joh. 4:6) en "verleidende geeste en leringe van duiwels" (1 Tim. 4:1) gaan toeneem ("En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier die mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" {Op. 13:4}) *hoe nodig en belangrik behoort versorging van God se mense nie te wees nie?* Die Bybel sê: "Die duiwel sondig van die begin af" (1 Joh. 3:8); die slang was van die begin af listig en 'n bedrieër. Eva het in die tuin vir God gesê: "Die slang het my bedrieg" (Gen. 3:1, 8); Paulus skryf aan die gemeente van God wat in Korinthe is: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle *sinne so bedorwe* kan raak, *vervreemd* van die *opregtheid* teenoor Christus" (2 Kor. 11:3, 1933-vertaling). Die 1983 vertaling lees: "Maar ek is bang dat julle *gedagtes* weggelei sal word van die *onverdeelde* en *suiwere toewyding* aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang".

God verseker van die begin af sy mens van sy beskerming en sorg. Hy het na Abraham gekom en hom versekering gegee vir sy tog met Hom en gesê: "Vrees nie, Abraham, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot" (15:1). Só het God sy mense die hele pad verseker dat Hy na hulle in die wêreld omsien en dat Hy hulle beskerm teen die geweld van die bose; Hy is in beheer en hulle sal oorwin (Eks. 3:12; Jos. 1:5-6; 1 Sam. 16:13; Luk. 10:19; Matt. 29:20; Joh. 16:33; 15:20; 17:14, 15; Op. 4; 7:4; 11:11; 12:16; 14:1-5; 17:14; 19, 21; 22).

6.2.7 Die tekens van die tye

Die tema van die tekens van die tye is in die Premillennialistiese boodskap baie sentraal. In dié boodskap wil die Premillennialis die naderende einde aandui en die verwagte donker wêreldgebeure wat met die Groot Verdrukking gepaard gaan, skets. Die Groot Verdrukking sal tot God se ingryp met die totstandkoming van die Millenniumryk lei. Die verskyning van die vrederyk op aarde geskied dus teen die agtergrond van oorloë, boosheid, onbeskrylike geweld en ongeregtigheid. Die verwagte ingryp van Christus gaan oor die fisiese oprigting van sy duisend jaar lange ryk wat *vrede, geregtigheid* en *voorspoed* op die aarde sal bewerk. Tekens is deel van die vooruitgeskrewe wêreldgeskiedenis.

6.2.7.1 Die verstaan van die tekens – 'n geheime kennis

Daar is gewys op die onaanvaarbare bewering dat dit vir die vorige geslagte onmoontlik was om sekere profetiese sake in die Bybel te ontsluit, want die onderwerpe was “as’t ware verseël” (Kleynhans, 2000:29). Baie het in die duisternis rondgetas, totdat die spreekwoordelike skakelaar (waarskynlik in die negentiende eeu) uiteindelik gevind is. Hiermee word verstaan dat nie almal die buitengewone vermoë het om met die geestes-oog na die wêreldgebeure te kyk nie (Kleynhans, 2000:27-30). Hierdie bewerings beteken dat Nuwe Testamentiese skrywers en die kerk in die vorige eeue nie die eskatologiese program van God kon verstaan nie, in die besonder wat met Israel sou gebeur nie.

6.2.7.2 Tekens van die tye en 'n donker verhaal

Soos reeds gemeld word die negatiewe omstandighede van die huidige en die verwagte toekomstige wêreldgebeure aan die hand van die uitleg van bepaalde profesieë verklaar en uitgelig. In aansluiting met die huidige wêreldtoestand word profeties die verloop van sewe jaar van die Groot Verdrukking voorspel. Daar is reeds gewys op die wyd uiteenlopende beskrywings van die motiewe, die faktore en magte wat teenoor mekaar gaan afspeel. Sommige van die hoofmomente is bedreigings van Islam, groeperinge van magte uit die noorde en ooste (Rusland en sy bondgenote en later China), die hergeboorte van die antieke Romeinse Ryk en 'n nuwe wêreldorde wat sake soos godsdiens, politiek en ekonomie gaan saambind. Dit gaan die aakligste periode in die menslike geskiedenis wees. Premillennialiste erken dat profesieë negatief en verswarend kan wees, want die planeet is op ’n doodstog (Kleynhans, 2000 en Lindsey, 1996).

Daar is na kritiek teen die Premillennialiste se baie negatiewe skets van die eindtyd verwys. Joubert (2012:37, 38) beweer dat die eindtydskrywers op slegte wêreldnuus, naamlik “slegte politieke verwikkelinge in die Midde-Ooste (die rol van die Palestyne, Iran en Sirië) en die VSA (’n reuse aardbewing die VSA sou tref) as uuraanwysers op die eindtyd-horlosie” teer. Hy meen seën en voorspoed is geensins op hulle radarskerm nie. 'n Pessimistiese wêreldbeskouing is aan die orde van die dag. Wyl Joubert hierdie dinge noem, bedoel hy nie dat daar geen swaarkry aan die einde sal wees nie, inteendeel, hy meen tereg dat die Christen vanaf Jesus se Hemelvaart tot en met sy wederkoms op die aarde gaan swaarkry. “Ons is nie in watte toegedraai omdat ons aan die Here glo nie,”… daar is “geen kortpaadjies nie”. (Joubert, 2012:112). Joubert verwys verder

na 2 Timotheüs 2 en sê dat ons lei uit hierdie teks af dat een of ander bose mag (Antichris) op pad is, maar wie dit is, en waar en wanneer hy / dit verskyn, weet ons nie. Die bose figuur sal met bose planne besig wees. Hy sal in staat wees om groot wonders en spesiale tekens te doen. Hierdie goddelose figuur sal dit gebruik om mens te verlei (Joubert, 2012:94, 96).

6.2.7.3 Die tekens van die tye en die nabye wederkoms

Premillennialiste beweer onder meer dat slegs 'n wegraping voor die Groot Verdrukking na *'n nabye* wederkoms kan verwys (Walvoord, 1977:165-167). Die wegraping kan enige tyd gebeur, maar voordat die wederkoms (die tweede koms) kan plaas vind, moet daar volgens hierdie standpunt nog sekere profesieë in vervulling gaan (Walvoord, 1977; Lindsey, 1996). Dié profesieë is egter besig om reeds in vervulling te gaan en daarom is die wederkoms naby (Du Plessis, 2006).

Sommige Chiliaste (Kleynhans, 2000; Lindsey, 1996) verwys na die intensiteit van sekere *tekens* soos onder andere oorloë, hongersnode, aardbewings, pessiektes, die morele verval van die kerk en die wêreld wat toeneem. Hierdie gebeure dui op die onmiddellike nabyheid van die wederkoms (Matt. 24; Luk. 21; 2 Tes. 2:3; I Tim. 4:1; 2:3:1-5). Daar is egter Premillennialiste wat meen dat die tekens slegs *algemene tekens* is en net beteken dat Jesus nog nie gekom het nie, dat dit nog nie die Millenniumryk is nie (Horton, 1995; Du Plessis 2006:299). Du Plessis (2006:299) stel verder dat daar agt "negatiewe tekens" ("hierdie tekens bevestig dat Jesus nog nie gekom het nie") en dat daar drie tekens is wat op die onmiddellike nabye wederkoms, die *tweede koms,* van Jesus dui, te wete die *wêreldevangelisasie* (Matt. 24:14), die *herstel van Israel,* wat ook die bevryding van Jerusalem genoem word (Luk. 21:14) en die gruwel van verwoesting (die verskyning van die Europese leier, die *Antichris).* Hierdie tekens is egter besig om vinnig in vervulling te gaan sodat die wegraping enige oomblik kan plaasvind, aldus Du Plessis (2006:322). "Die laaste Antichris sal direk voor die wederkoms (die wegraping) van Jesus op die wêreldtoneel verskyn" (Du Plessis, 2006:309).

Die onderskeid tussen die wegraping en wederkoms by Premillennialiste, as ook die nabyheid van die wegraping teenoor die tekens (profesieë) wat voor die wederkoms eers vervul moet word, is problematies. As dit twee onderskeie gebeure is dan behoort die teken van die *verkondiging van die evangelie* eerder met die wegraping en nie met die wederkoms geassosieer te word nie. Die

nabye wegraping en wederkoms waar sekere profesieë eers vervul moet word, word deur sewe jaar geskei (die 70ste jaarweek van Dan. 9:27 {Kleynhans, 2000:216; Du Plessis, 2006:311}). Dit beteken dat die wederkoms, die wegraping, alhoewel dit al kon gebeur het omdat daar nie nog profetiese vervullings nodig is ten opsigte van die wegraping nie, altyd "saamsleep" om die sewe jaar tussenin tydperk toepaslik te maak. Verder verklaar hierdie koppeling van die gebeure dat wanneer die wegraping wel plaasvind dan sal die wederkoms bepaald sewe jaar later plaasvind. Hierdie onderskeiding van 'n wegraping teenoor die wederkoms is slegs 'n uitvloeisel van die Premillennialiste se denkskema en word nie in die Bybel gevind nie.

Die Nuwe Testament leer 'n nabye wederkoms van Jesus (2 Pet. 3:3; 1 Joh. 2:18; Jud. vers 18). Paulus het altyd 'n nabye verwagting gehandhaaf en nie na gebeure wat voorspel was, verwys asof dit iewers in die verre toekoms sal plaasvind nie (1 Tes. 4:15-18; 1 Kor. 15:51-58). In die boek Openbaring vind ons ook 'n dringende boodskap van die nabye wederkoms (1:1, 3; 3:10; 22: 6-7, 12). Jakobus het gesê: "Kyk, die Regter staan voor die deur" (5:9). Jesus het in Matthéüs 24:48 waar die dienskneg in sy hart sê: "My heer *talm* om te kom" en in 25:5: "En terwyl die bruidegom *talm* om te kom" aangedui dat daar voor die wederkoms 'n tyd sal verloop, maar "talm" wys nie noodwendig op 'n lang tyd nie; dit kan slegs beteken dat dit dalk nie so gou gaan wees nie en Jesus wys dan op die gevaar dáárvan. Een saak wat ons wel duidelik weet, is dat niemand die dag en die uur weet nie, maar net die Vader alleen (Matt. 24:36).

König (1970) wys op tekens wat hy meen in verband met die wederkoms in die Nuwe Testamentiese tyd tot vervulling gekom het soos die "groot hongersnood" (Hand. 11:28: "oor die hele wêreld"; kyk Matt. 24:7), herhaaldelike verdrukking (Op. 3:10; 2:9) en dan wys hy op uitsprake van Paulus oor die verkondiging van die evangelie aan die nasies: "wat julle sowel as die hele wêreld bereik het" (Kol. 1:6); "wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel" (Kol. 1:23); "sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor" (2 Tim. 4:17). (Die vraag kan egter gevra word of Paulus hiermee bedoel het dat die verkondiging van evangelie aan al die nasies as 'n teken vervul is?) In die lig van hierdie stellings verklaar König (1970:466) dan dat dit duidelik is dat Jesus Christus in die 19 eeue wat verby is, werklik enige oomblik kon gekom het en dan sou geen teken onvervuld gewees het nie. König meen dat as tekens gesien word as vooruitgeskrewe geskiedenis van wat in 'n bepaalde (toekomstige) eindtyd sal gebeur, verloor die tekens sy boodskap vir die kerk van die afgelope 19 eeue en kon die kerk nooit met 'n goeie gewete gedurende die eeue gepreek het dat die

wederkoms naby is nie. König meen dat die werklike betekenis van die tekens miskien in alle eeue daarin was om die boodskap te bring dat die mense gereed moet wees. Om bloot met hierdie betekenis van die tekens te volstaan, kan dit wees dat König nie genoeg maak van Jesus se reaksie op die vraag van die dissipels: "wat is die teken van u koms en van die voleiding van die wêreld?" (Matt. 24:13). Daar moet gebeure wees wat as 'n teken of tekens in die toekoms lê, en dit beteken nie dat tekens werklik gelyk aan vooruitgeskrewe geskiedenis is nie.

Terwyl Du Plessis (2006:301-302) na wêreldevangelisasie as 'n teken verwys, beweer hy dat onmoontlik was dat die wederkoms vroeër kon wees, veral nie voor die twintigste eeu nie. Du Rand (2007:27-29) wys egter daarop dat histories het elke geslag nog hierdie "tekens" geïnterpreteer asof dit daarop dui dat die wederkoms in hulle leeftyd sou plaasvind. Die Premillennialiste se aanname dat volgens hulle kennis en uitleg van profesieë, die tekens van die wederkoms *nou* vervul word en dat die wederkoms enige oomblik kan plaasvind, kom daarop neer dat die bybelskrywers en die gelowiges deur die eeue *nie geweet* het dat die wederkoms *duidelik* vir vandag, 21 eeue later, bedoel is nie.

Kennis moet daarvan geneem word dat die verwagting van die wederkoms van Christus al die eeue aktueel was. Verder, Jesus *het* gereageer op die dissipels se vraag na *die teken* van die voleinding van die wêreld (Matt. 24:3) en sekere aanduidings gegee (Matt. 24; Luk. 21), maar dit mag wees dat van die tekens (Matt. 24) ook wys op die gebroke en donker wêreld en dat Jesus weer gaan kom. Die mens moet in verwagting en in gereedheid leef.

Die verklaring van Jesus: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor, en dan sal die einde kom" (Matt. 24:14), moet nie soseer as 'n *teken* van die einde verklaar word nie. Dit is eerder 'n stelling van Jesus, 'n voorneme van God, ten opsigte van die verkondiging van die evangelie aan al die nasies voordat die einde kom. Die uitspraak het gevolg op Jesus se woorde dat die wat volhard tot die einde toe gered sal word. Van Der Watt en Joubert (1999) se vertaling en interpretasie van die vers ondersteun die mening: "Een ding is egter seker. Al hierdie haat en vyandskap sal nie die boodskap van God in hierdie wêreld kan stilmaak nie. Die goeie nuus van God sal uitkom vir almal om te hoor. Oor die hele wêreld sal dit weergalm. Dit sal by elke nasie uitkom. Dan sal die einde van die hierdie wêreld kom." Die gedeelte (Matt. 24:14) het ooreenkoms met Lukas 24:47 waar Jesus meld van die verkondiging aan alle nasies en ook met die opdrag van Jesus in

Matthéüs 28:19 om van al die nasies dissipels te maak (kyk ook Hand. 1:8). 'n Verdere ondersteuning van die gedagte dat God in sy liefde die wêreld voor die wederkoms met die verlossing deur sy Seun wil konfronteer, vind ons in 2 Petrus 3:9: "Die Here vertraag nie die belofte soos sommiges dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (kyk ook 1 Tim. 2:4). Aan die ander kant lyk dit of Paulus gemeen het dat in sy tyd almal, die hele wêreld alreeds die evangelie gehoor het. Dit is nou twintig eeue later. In die lig van dit alles moet ons waarskynlik volstaan met die gedagte dat niemand weet wanneer Jesus sal kom nie, niemand weet wanneer God sal besluit ten opsigte van die volbringing van die "verkondiging in die hele wêreld tot 'n getuienis van al die nasies".

Wat die *tekens* van 'n nabye koms verder betref, is reeds daarop gewys dat te midde van al die vervolgings deur al die eeue heen dit tog blyk dat daar *'n* onverbiddelike en definitiewe fase van 'n *hewige verdrukking* in die eskatologiese verloop sal wees (Matt. 24:15-22). Wat dié "Groot Verdrukking" verder as 'n aanduiding van die *teken* van die einde van die wêreld vestig, is die dramatiese gebeure van die *verskyning* van die "gruwel van verwoesting" (Mat. 24:15) wat daaraan gekoppel word. Paulus het hierby aangesluit toe hy genoem dat eers moet "die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf", "die ongeregtige geopenbaar word", en hy verder die werking van Satan se kragte voor die koms van Jesus beskryf het (2 Tes. 2:3-10). Johannes het aan die gemeente gestel dat dit die laaste uur is en dat hulle gehoor het dat die *Antichris* kom (1 Joh. 2:18; 4:3).

Wat die *verskyning* of *openbaring* van die bose, van die Antichris, behels, is stellig vir ons onduidelik en onbekend, want baie het dikwels in die verlede gereken dat die ongeregtigheid en die wêreldgebeure in hulle tyd op die einde van die einde dui. Maar tog sal hierdie eindtonele moontlik nie so *vreemd* nie wees, want "die ongeregtigheid is al aan die werk" (2 Tes. 2:7) en "daar bestaan nou ook antichriste" (1 Joh. 2:18), maar aan die ander kant sal die gruwel van verwoesting, die openbaring en die werking van boosheid, kragte, verleiding, vervalsing en verdwaling en die verdrukking wat gaan kom, *onderskeie* wees van dit wat die wêreld ken (Matt. 24:21-26; 2 Tes. 2:8-12; 1 Tim. 4:1-3). Hierna volg die koms van die Seun van die mens met kosmiese tekens en katastrofes en die nuutmaak van alles en die volmaking (Joël 2:30-31; Matt. 24:27-31; Luk. 17:24; 2 Pet. 3:10-14).

Die vraag is: Sal die gelowige dié fase, dié Groot Verdrukking, kan onderskei om te weet dat die verlossing nou naby is (Matt. 24:33)? Daar was altyd terwille van Jesus uiterste vervolging: "Om U ontwil word ons heeldag gedood, ons is gereken as slagskape" (Rom. 8:36), maar tog wil Jesus duidelik sê dat daar voor die koms van die Seun van die mens 'n groot verdrukking sal wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie (Matt. 24:21-22).

Daar is reeds op gewys dat die skrywers van die Nuwe Testament, alhoewel hulle moes kennis gedra het dat Jesus daarop gewys het dat daar 'n tyd kan verloop voordat Hy kom (Matt. 24:48; 25:5), tog 'n nabye wederkoms verwag het – waarskynlik in hulle leeftyd. Hulle het nie geweet wat Jesus met "*talm"* bedoel het nie. Petrus het oor die feit dat Jesus nog nie in hulle leeftyd gekom het nie (sommiges het gedink dit is sommer stories) gemeld dat *tyd* by God anders as by die mens verreken moet word. God is *lankal* met die hemel en aarde besig. Daar was 'n sondvloed en deur dieselfde woord waardeur alles ontstaan het, word die hemel en aarde vir die vuur teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense bewaar. Hulle moet onthou dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag (2 Pet.3). Die wederkoms van Jesus moet dus in die konteks van *al sy handeling vanaf die skepping* gesien word (Möller, 1998).

Möller (1998:47-47) maak ook die opmerking dat wanneer Jesus na die nabye koms verwys, dit gewoonlik in verband staan met die tekens van die einde self, naamlik die *kosmiese* tekens wat met sy koms sal plaasvind (Matt. 24:29-31; Mark. 13:24-27; Luk. 21:25-27).

Dit is maklik om 'n nabye verwagting te kritiseer, want twintig eeue het sedert Jesus se Hemelvaart verloop. In die lig van Jesus se woorde: "So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is" (Matt. 24:33), kan daar moontlik op grond van seker gebeure (in konteks van die verskyning van die seun van die verderf) iewers in die toekoms *meer sekerheid* wees dat die wederkoms "*naby"* is, tog was daar nog altyd gebeure van die bose. Wat ons wel weet, is dat Jesus wou hê (dit was waarskynlik ook 'n gepaste posisie wat die Seun inneem, want van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die *Vader* {Mark. 13:32}) dat sy mense sy verskyning enige oomblik moet verwag, altyd in verwagting moet leef en gereed moet wees vir die finale afronding van God se ewige bedoelinge (Matt. 24:42, 44, 48-50; 25:5-6; 13; Luk. 21:31, 34-36; Joh. 14:1-3). Van der Walt

(2008:18) stel dit so dat ons is in die voorwedstryd is en ons weet nie wanneer die hoofwedstryd sal wees nie – selfs die Sleutelspeler in die hoofwedstryd weet dit nie.

6.2.8 Die afwesigheid van die Heilige Gees in die eindgebeure

Dit is belangrik om in die evaluasie van die leer van Premillennialisme 'n opmerking te maak oor die posisie van die Heilige Gees in die eindgebeure.

Dit is moeilik om die posisie en die rol van die Heilige Gees in hulle voorstelling van die Groot Verdrukking te verstaan. Dit wil voorkom asof *die Heilige Gees geensins daar betrokke sal wees nie*. Met die wegraping is die genadetyd verstreke, die kerk sal weggeneem wees en so die werking van die Heilige Gees (Kleynhans, 2000; Jeremiah, 2008:118). Die Heilige Gees word soms direk en soms indirek (in konteks van die wegraping van die kerk) as die teëhouer vir die verskyning van die Antichris beskou (2 Tess. 2:7) (Kleynhans, 2000:139). Dit beteken *'n afwesigheid van die Heilige Gees* op die aarde in die na-wegrapingsera. Tog word in die sewe jaar van die Groot Verdrukking, ten spyte van die afwesigheid van die Heilige Gees, verskeie ingrype van God in oorloë en baie bekerings verwag. Die bekerings word onder meer verwag na aanleiding van die verkondiging deur die twee getuies wat uit die dood sal opstaan, naamlik Elia en Moses, asook 'n engel (Kleynhans, 2000; Du Plessis, 2006:177-178) en 144 000 Joodse sendelinge, soos ons reeds na verwys het. Dié verkondiging sal gefokus wees op die verwagte aardse ryk van Christus (Kleynhans, 2000). Daar word wel geleer dat die hele Israel op een dag, waarskynlik teen die einde, met die Heilige Gees gedoop gaan word (Du Plessis, 2006), maar hoe die Heilige Gees in die periode inpas en die doel daarvan word nie verduidelik nie. Met die slag van Armageddon sal *al die engele* saam met Christus en sy bruid toetree tot die oorlog (Jeremiah, 2008).

Die gevolgtrekking is dat terwyl in die Bybel die betrokkenheid van die Heilige Gees in *al* God se werke te vinde is, stel die Premillennialiste skynbaar die gebeure van die sewe jaar van die Groot Verdrukking *sonder die werking van die Heilige Gees* voor.

Om die rol van die Heilige Gees in die sogenaamde aardse Millennium Vrederyk vas te stel is ook moeilik. Indien daar 'n gebrek in aanduiding van die Heilige Gees is, is die vraag: Moet 'n afwesigheid van die Heilige Gees in die duisend jaar in die lig van die *aard* van die voorgestelde

ryk verdiskonteer word? Die ryk sal 'n besondere *fisiese* bestel wees, menende dat die *verheerlikte* Jesus *persoonlik* ("fisies") teenwoordig sal wees (Kleynhans, 2000). Dan is daar in die bestel verder die betrokkenheid van die opgestane Dawid, die apostels en die *verheerlikte bruid* van Christus wat langs Hom sal sit en regeer (Du Plessis, 2006).

6.2.9 Opsommende opmerkings oor die leer en boodskap van Premillennialisme

Dit is duidelik dat die leer van Premillennialisme nie 'n basis in die Skrif het nie. Die Chiliaste vertrek nie vanaf die raamwerk van duidelike uitsprake van Jesus oor sy wederkoms nie, maar gebruik eerder figuurlike voorstellings van die profete en profetiese apokalips as basis vir hulle leer en poog dan om Jesus se verkondiging daarby te laat aansluit. Hulle hou aan 'n Judaïstiese verwagting van 'n letterlike Messiaanse ryk vas. Volgens Flesher (2009:44) berus Premillennialisme op: "the faulty foundation of the dichotomy between Israel and the Church, as well as the rigid application of a literal interpretation of Scripture, especially for prophetic texts".

Die Bybel leer nie *twee aparte toekomste*, een vir Israel en een vir die kerk van Jesus Christus, wat deur 'n *geheime wegraping* moontlik gemaak word nie. Jesus het nie 'n Millenniumryk en alles wat daarmee saamhang, geleer nie. Die idee van die Millennium Vrederyk pas nie in die openbaring van God in Jesus Christus as die Messias, die Verlosser van die wêreld in nie en doen die koms van God in sy Seun 'n oneer aan (Joh. 1:9-14, 29, 50-52; 3:5-6, 16, 36; 6:68-69; 1 Joh. 5:12; Rom. 8; Ef. 2).

Volgens die Bybel is daar net een *nuwe mensheid* wat God Homself van ewig af in Jesus Christus voorgeneem het (Ef. 1:1-6; 3:9, 11; 2:15; Gen. 1:26-27; 2 Sam. 7:13; 2 Kor. 5:17; 3:16; Gen. 12:3; Gal. 3:9, 14, 28, 29; 6:15-16). Hy neem deur die Heilige Gees sy *eie mense* (Joh. 3:5-7; 13:1; Rom. 8:14-17; Ef. 2:12-15) en die skepping met Hom saam op pad na die *nuwe hemel en aarde* (Jes. 65:17; 66:22; Joh. 14:3, 28; 17:24; Hand. 1:11; Ef. 1:13-14; 4:30; 2 Kor. 1:22; 1 Tes. 4:16-18; Heb. 11:10; 2 Pet.3:13).

Daar is reeds op gewys dat met die voorstelling van die Millennium Vrederyk tydelike en ewige dinge, aardse en hemelse, sondigheid en sondeloosheid *vermeng* word. Daar is *botsende* bewerings, *verwarrende* saamvoeging van begrippe en werklikhede wat *nie saam hoort of saam kan bestaan nie*. Die plek van broederskap word voorgestel waar die *Vredevors met sy "fisiese*

regering" vir die eerste keer *ware geregtigheid* en *vrede* op die aarde sal bring. Elke knie sal voor Hom buig en elke tong sal Hom bely, maar tog is dit ook 'n wêreld waarin valsheid en rebellie sal wees. Hierdie vrederyk gaan op die end in 'n groot opstand en oorlog teen die ysterstafregering wat afgedwing word, oorspoel (Du Plessis, 2006; Kleynhans, 2000). So 'n beeld van God se ewige plan dien nie tot sy eer nie. Die *koninkryk* van die *hemel* word deur die Premillennialiste tot 'n *politieke,'n tydelike en 'n materiële ryk reduseer*.

Die idee van 'n *politieke ryk* van Jesus Christus, die Seun van God, die Skepper van hemel en aarde, naas ander konings hier op aarde, is ondenkbaar (Heb. 1:2; Joh. 1:3; Kol. 1:15-18; Ef. 1:20-21; Jes. 44:28-45:1). Stefanus het voor die Joodse Raad uit 1 Konings 8 en Jesaja 66 aangehaal en gesê: "God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel: Die hemel is my troon en die aarde is die rusplek vir my voete, sê die Here" (Hand. 7:48-49, 1983).

Om die komende nasionale politieke ryk betekenis te gee, dra Premillennialiste die bedoeling van die Messias en sy verlossingswerk na die Millenniumryk oor en as gevolg daarvan speel die rol van die Messias primêr in die duisend jaar af: Dit sal onder meer die hoogtepunt van verlossing wees deurdat Jesus as Vredevors en Koning van die konings sal regeer en vrede en geregtigheid op aarde sal bring. Dit is Premillennialiste se persepsie van hoe die seën van Abraham na alle nasies sal vloei. Verder beteken dit dat die *genadetyd,* of die *kerkperiode*, wat as 'n tussenperiode beskou word, *gebrekkig,* of *onvoltooid,* voorgestel word.

Twee Messiaanse beelde word voorgehou en die boodskap van Jesus die Messias, die Seun van God word aangetas – nóg in die sogenaamde eerste, nóg in die tweede profiel van die Messias word God verheerlik. Vir 'n gelowige wat deur geloof in die dood en opstanding van Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees leef, is dit onmoontlik om te verstaan dat daar eintlik nog 'n groter of ware verlossing in 'n toekomstige tussenera lê. Dan is gelowiges deur Jesus en die Nuwe Testament skrywers oor die boodskap van verlossing mislei, want hulle het gelowiges nie ingelig oor die sogenaamde Millenniumryk as die enigste manier waarop humanistiese sekularisme, selfverheerliking en die selfgenoegsaamheid van die Postmoderne mens aangespreek kan word nie. Paulus was dan ook verkeerd as hy vir die Korinthiërs skryf: "Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een

man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na Hom toe wil bring. Die man is Christus" (2 Kor. 11:2, 1983).

Die leer van 'n verwagte duisend jarige aardse ryk word deur Premillennialiste teologies verbind aan God se trou aan sy woord, sy verbond met Israel en sy beloofde seën aan al die nasies. Hulle beweer dat dit tye van *verkwikking* vir die *vermoeide mensdom*, die *oorgang* van die ou aarde na die nuwe aarde en die voorportaal van die ewigheid sal wees. As Jesus die tweede keer verskyn (vir die Millenniumryk), kom Hy nie om dit wat sondig en verganklik is te vernietig nie, maar om verlossing te bring vir die wat Hom verwag (Heb. 9:27, 28) (Kleynhans, 2000:263). Met ander woorde, die Messias, God se Koninkryk en die kerk word in konteks van dié sogenaamde verwagte aardse ryk verstaan en geïnterpreteer.

Die Bybel leer egter dat die Ou Testamentiese profesieë aangaande die Messiasryk in Jesus in vervulling gaan. Anders gestel: Die Messiaanse Koninkryk van die Ou Testamentiese profete is die Koninkryk van God wat in Jesus se vleeswording en wederkoms geopenbaar word (Luk. 1:32-33; Matt. 2:2; 26:63-64; 27:37; Joh. 1:47; 18:37; Hand. 2:30-36; Rom. 4:11, 17).

Die Koninkryk van God is veral 'n *gebeure in die lewens van mense*. Lukas skryf:

En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die Koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die Koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! Of: Kyk daar! nie; want die Koninkryk van God is binne-in julle (Luk 17:20, 21).

Maar tog raak God se handeling die hele skepping. Op Johannes die Doper se vraag of Jesus die *Een* is, het Hy vir Johannes se dissipels gesê om hom te vertel wat hulle hoor en sien: "blindes sien weer sien en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, die dooies opgewek word en aan die armes word die evangelie verkondig" (Matt. 11:3-6).

Daar is beslis ook fisiese gebeure wat in die Koninkryk van God realiseer. Die Ou Testament getuig by herhaling van God se ingrype in die fisiese wêreld asook in die verloop van die wêreldgeskiedenis. In die Nuwe Testament het ons gebeure soos die vermeerderings van die brood, Jesus wat op die water loop, die buitengewone visvangste, genesings en ook ander soortgelyke manifestasies van God se werkinge. Wonderwerke kan ook ondermeer as tekens gesien word wat heenwys na die *nuwe hemel en aarde* waar siekte, dood en armoede nie sal

bestaan nie. Daar is egter nie 'n sogenaamde 1000 jarige Dawidiese ryk, 'n soort utopie, nodig om die nuwe hemel en nuwe aarde, die volmaking, te vestig nie. Uit die aard van God se handelinge met die mens is dit nie moontlik om ’n geestelike en ’n fisiese Koninkryk van God teenoor mekaar te stel nie (kyk Ps. 105; Matt. 5:45; Luk. 1, 2). Met die koms, die dood en opstanding van Jesus Christus, word Hy as die Here van die ganse skepping voorgestel (cf. Ef. 1:21-23; Fil. 2:9-11; Kol. 1:13-23; Luk. 1:30-32; Hand. 5:31, 32; Rom. 8:29-30; Jak. 1:18; Op. 14:4; 2 Kor. 3:18; Ef. 2:10; Kol. 3:1-3; 1 Joh. 3:2; Gal. 4:6).

Die Ou Testamentiese profete het nie Jesus se koms na die aarde en sy wederkoms as twee aparte gebeure gesien nie. Alles is oor een boeg gegooi in die oorwinning van die Messias (Möller, 1998). Die eerste koms van Jesus is beskryf as laaste dae (Heb. 1:1-2: “in hierdie laaste dae {het God} tot ons gespreek deur sy Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het)". Die uitstorting van die Heilige Gees word weergegee as gebeure van “die laaste dae” (Hand. 2:17). Tog getuig die Nuwe Testament ook van ’n verwagting van 'n verdere ingryp van Bo (1 Pet. 1:13). Alhoewel iemand in Christus 'n nuwe skepsel is, en die ou dinge verby gegaan het en alles nuut geword het (2 Kor. 5:17), is daar nogtans 'n verwagting dat “as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou van God het, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemel” (2 Kor. 5:1). Petrus verklaar dat die gelowiges volgens God se belofte “'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Pet. 3:13), verwag.

Die verwagting na die wederkoms van Jesus is deur Premillennialisme aan die een kant lewend gehou, maar aan die ander kant, soos vroeër gemeld is, het hulle leer waarskynlik aanleiding gegee dat die kerk uit reaksie op Millennialisme die boodskap van die wederkoms verwaarloos het. Die eskatologiese boodskap strek vanaf voor die skepping en is een verhaal wat uitloop op die nuwe skepping – ’n reis van God met sy mense en die skepping wat voortsnel tot die volmaakte saamwees met God in die nuwe skepping. Die sin van die wederkoms is sigbaar in die begin en in elke bladsy van God se geskiedenis met die mens, en net so ontvou die sin van die geskiedenis in die vooruitsig van die volmaakte *voltooiing.* In Premillennialisme is die gevaar dat die heerlike verwagting van Jesus se wederkoms en die betekenis wat hierdie op pad-wees na die nuwe hemel en nuwe aarde vir die gelowige inhou, verplaas word met onbybelse leerstukke. Die verhaal van God se reis met sy mense na sy ewige toekoms word vervang met ’n leer van voorspelling van wêreldgebeure, 'n geheime wegraping, 'n beskrywing van 'n sewe jaar van Groot

Verdrukking en 'n duisend jarige aardse ryk ('n soort utopie) wat eintlik oor 'n nasionale Joodse ryk handel.

Daar is reeds verwys na 'n opmerking van Calvyn, naamlik dat die Chiliaste se versinsel te kinderagtig is om te weerlê en hulle bemerk nie watter groot smaad hulle op Christus en sy ryk laai nie (Institusie. 3.25.5).

Maier (1999:39) betreur Premillennialisme. Volgens hom word die leer van die Skrif ten opsigte van die eindgebeure verdraai en Premillennialisme laat die Christelike hoop wentel om wêreldse geluk in 'n aardse millennium-periode met die vooruitsig van uiterlike vrede. Maier wil voorhou dat Chiliasme skadelik en gevaarlik is. Die harte en gedagtes van gelowiges word weggedraai van die heerlike ervaring van God se teenwoordigheid en hulle verwagte hemelse erfenis en word gevul met 'n uiterlike en wêreldse grootheid.

Joubert verwys na "die holrug geryde rillerverhale wat gedurig deur sogenaamde eindtyd-kenners (Premillennialiste) aan ons opgedis word" (Joubert, 2012:55). Hierteenoor, sê hy, is die aksent van die Bybel in terme van die eskatologie nie op drogbeelde en verskrikkinge nie, maar eerder op troos, gerusstelling en bemoediging.

König (2001:371) meen dat ons teenoor Premillennialisme verdraagsaam moet wees en sover as moontlik vir mekaar moet ruimte laat, want ons het nie hier te doen met waarhede wat beslissend tot die wese van die evangelie is nie. Mense word nie gered of gaan verlore deur hierdie oortuigings nie. Tog verwys König na Berkouwer se gevolgtrekking oor Chiliasme: "In dese visie op de voleinding kunnen wij het bijbels eschatologisch getuigenis niet vertolkt zein" (König, 1970:358 & 359). Hy verwys met Berkouwer na bepaalde wesenlike trekke van Chiliasme wat die onuithoudbaarheid van die standpunt onderstreep, soos: dubbele verwagtings ('n eerste wederkoms en 'n tweede wederkoms, ensovoorts), die oorwegende pessimistiese visie op die lewe en dat hulle nie reg laat geskied aan Jesus se aardse lewe nie.

Du Rand (2013:40) reken dit is gesond dat absolute outoritêre interpretasies oor die eskatologie getemper en deeglik oorweeg moet word: "Om fanaties, en selfs sensasioneel, net Postmillennialisties of net Premillennialisties of net Amillennialisties te dink en bybelse eskatologie gegewens in selfgemaakte *vasstaande* kategorieë in te dwing, is onaanvaarbaar."

Daar is verwys na Schwarz (2000:320, 335) se kritiek op Lindsey: “Yet we wonder about the appropriateness of Lindsey’s highly imaginative but entirely unhistorical approach to the Scriptures”. As hy die wegraping evalueer by die Millennialisme merk hy op:

> We could simply discard these theories as ‘undue speculation over highly symbolic teachings’. Indeed, most of these speculations do not stand up to historical informed exegesis of the biblical text, and, as we have seen with Lindsey, they often rest on dangerous theological presuppositions”.

Du Rand (2007:14) stel die boodskap van Openbaring (eindgebeure) voor as 'n diamant met strale wat ons hede en die toekoms verlig. Die boodskap van die eskatologie help ons om die hede beter te verstaan en bring uitsig op God se toekoms. Openbaring probeer, volgens hom, om twee vrae te beantwoord, te wete wie beheer hierdie menswêreld waarvan ons deel is?; en wat is die betekenis van al hierdie hartseergebeure in ons daaglikse geskiedenis?

Wyl Schwarz (2000) na die eskatologie verwys, beskryf hy die kerk en die lewe in die kerk, of om 'n gelowige te wees, as 'n vooruitgrype of 'n byvoorbaat van die komende nuwe wêreld. Daar word nou alreeds as 'n *nuwe-wêreld-mens* geleef, maar die volmaakte is nog in vooruitsig.

6.3 'n ALTERNATIEWE BESKOUING VAN DIE ESKATOLOGIE

6.3.1 Inleiding

Soos aan die begin van die hoofstuk genoem is, is ’n alternatiewe eskatologiese beskouing, soos in die sentrale teoretiese argument van die studie gestel is, in hoofstuk 5 voorgehou. Die mening in die navorsing is dat dié alternatiewe eskatologiese benadering vanuit die perspektief van die skeppingsbedoeling van God met die mens – God wat iets van dit wat Hyself is vir die mens gun – Skriftuurlik begrond is. Daar is aangetoon dat dit veral gaan oor uitdrukking van die liefdeseenheid wat daar bestaan tussen die Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie liefdeseenheid sien ons vanaf die begin van die Ou Testament en vind gestalte in ons kindskap van God in Jesus Christus; dit kom tot uitdrukking in sy dade om aan die mens 'n *Goddelike identiteit* te verleen, daarmee saam 'n *intieme verhouding* tussen Hom en die mens te vestig en om unieke *versorging* te voorsien. Uit die aard van dié onderneming van God met die mens is die mens ook bevoorreg om *medeverantwoordelik* of *medewerkend* met God op die reis te wees. Hierdie uitreik van God na die mens (die

eskatologieprogram) is 'n deurlopende tema wat sy volkome gestalte en klimaks met die wederkoms sal vind – dus hoort die proton en die eskaton bymekaar.

In hierdie beskouing word die eskatologie gesien as 'n verhaal van God wat met sy mense na sy eie bestemming op reis is, die nuwe skepping; dit is ’n verhaal van Goddelike hoop in ’n donker wêreld waar die Heilige Gees die rykdom van God se heil in sy mense en in die skepping realiseer. Die grondslag van God se reis met die mens na die ewige en volmaakte saamwees is in Jesus Christus, sy Seun, geleë; dit was al voor die grondlegging van die wêreld sy liefdesvoorneme. Die verwagting is dat hierdie perspektief op die eskatologie verrykende gevolge vir die verstaan en die verkondiging van die Evangelie kan inhou.

In hierdie navorsing is opgemerk dat sommige eskatoloë die eindgebeure ook in die konteks van die breër dogmatiek betrek en moet betrek.

6.3.2 Sekere skrifverwysings wat aanleiding gee tot 'n breë benadering tot die eskatologie

Daar is gewys op belangrike gedeeltes in die Nuwe Testament waar, terwyl na die openbaring van God verwys word, die begin en die einde saamgebind word, (kyk Joh. 1:1-14; Rom. 11:33-36; 16:25-27; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15-20, 24-29; Heb. 1;1-4; 12:2; 1 Pet. 1:19-21). Petrus het in sy verwysing na Christus as 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos verder teruggegaan as die uittog van Israel uit Egipte (Eks. 12) wanneer hy skryf: “wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld” (1 Pet. 1:19-20). Paulus verwys in Efésiërs na die *verborge plan* van God wat deur al die eeue 'n geheim was (3:5, 9; 1:9-11). In hoofstuk 1:3-5 lees ons van 'n ewige voorneme van God, die Vader van ons Here Jesus Christus, om ons in sy Seun met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is, te seën. God het, voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om Syne te wees. In sy liefde het Hy volgens sy genadige beskikking, bestem om ons deur Jesus Christus sy kinders te maak (1:3-5).

In Johannes se briewe in Openbaring aan sewe die gemeentes word die boodskap in 'n eskatologiese konteks wat die begin en die einde saamvoeg, geplaas: In 1:4 groet hy die gelowiges: “Genade vir julle en vrede van Hom wat *is* en wat *was* en wat *kom*”; in vers agt stel die Here Homself voor: “Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat

was en wat kom, die Almagtige" (cf. vers 11, 17; 2:8). In 3:14 word Jesus voorgestel as: "Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God"

Daar is verwys na König (1976) se kommentaar dat die begrippe "Alfa en Omega, die begin en die einde, en die eerste en die laaste" in Openbaring 1:8, 11, 17, 2:8, 22:13 op die besondere verhouding van *Christus* met die ganse skepping (die Alfa en Omega) dui. Jesus neem die skepping mee en dit dui ook op 'n heersersverhouding (die begin en die eerste) wat Christus as Here oor die ganse geskiedenis van die geskape werklikheid het. Die doel waarheen die hele skepping op weg is, sal deur Christus bereik word (die einde en die laaste) (König, 1976:178-194). Die mening in die navorsing is dat hierdie verwysings van Johannes na God dit noodsaaklik maak om al God se handelinge in 'n eskatologiese raamwerk te verklaar.

In die alternatiewe benadering van die eskatologie blyk dit dat God, volgens die Bybel, 'n ewige voorneme gehad het om *guns* aan die mens te bewys (Gen. 9:13; 12:2-3; 1 Sam. 7:13; Jes. 9:5-6) Hy is as Here in Jesus Christus met die skepping op weg om sy liefdesdoel te bereik (kyk Ef. 1:3-5; 3:9, 11; Kol. 1:15-23; Rom. 8:29-30; 2 Tess. 2:13-17; 2 Pet. 1:3-4; Op. 1:8, 11, 17, 2:8, 22:13). God het vanaf die begin die toekoms in gedagte gehad (Gen. 3:15; 9:12-13; 12:3; 2 Sam. 7:16; Ef. 1:4-5; 3:5-11; 2 Tess. 2:13; Heb. 1:1-4; 2:10). Met Christus se eerste koms het God die heil waarmee Hy al lankal besig was in sy Seun *ontplooi* en gemaak dat die toekoms ook na die hede *deurgebreek* het (Gal. 4:4-5; Heb. 2:14-16; 1 Pet. 1:10-12), maar daar is ook nog steeds die verwagting van 'n groter vervulling van God se beloftes (Heb. 11:10; 12:22-23), na die *wederkoms* – 'n uitsig na die volmaakte en 'n ewige nuwe saamwees met God in die nuwe skepping (Joh. 14:3; 17:24; 2 Pet. 3:13; 1 Joh. 3:2; Op. 21:1).

Du Rand (2013:55) wys tereg daarop dat die Bybel vanaf die eerste bladsy eskatologies gerig is en noem dat die eskatologiese boodskap van die Ou Testamentiese boeke nie slegs 'n element van die Ou Testamentiese boodskap is nie, maar dat dit 'n samevatting van die Christelike proklamasie en bestaan as sodanig is. Verder verwys Du Rand (2013) na hoe die eskatologiese fokus vanaf die Ou Testament na die Christus-hede verskuif, en *hoop* op God se toekoms gerig bly. Wat nog vaag en ver-af in die Ou Testament was, het in die Nuwe Testament dringend nader gekom. Die Jesus-gebeure is 'n hemelse eskatologiese stroomversnelling op aarde. Jesus Christus is God se almal-en allesbepalende eskatologiese antwoord op verlossing (Du Rand, 2013). God se heerskappy het deur Jesus aangebreek (Mark. 1:15) en die hiernamaalse lewe en

die nuwe wêreld het deur sy opwekking uit die dood *naby gekom.* Du Rand (2013:106) maak verder die opmerking dat die uitstorting van die *Heilige Gees* 'n duidelike aanduiding is dat die *nog nie* 'n *alreeds* geword het en deel van God se eskatologiese program is. Du Rand wys ook daarop dat Jesus, die mensgeworde Messias, aan die verwagting van die profete voldoen het. Die koninkryk het volledig en alreeds aangebreek, maar moet nog aan die einde in sy volmaaktheid aanbreek. Hiermee wil Du Rand beklemtoon dat die nuwe skepping, die nuwe uittog en die komende era wat ons met Jesus verwag, alhoewel nog nie volmaak nie, aangebreek het (Du Rand, 2013:24).

Daar is verder verwys na Du Rand se opmerkings oor drie Goddelike ingrepe in ons werklikheid wat as drie bakens in God se self-openbaring gesien kan word (die skepping, die herskepping en die wederkoms). Dié drie groot bakens (ingrepe) konstitueer die *verhouding* tussen God en mens. Du Rand meen dat dit as padtekens dien en merkers is van God se *betrokkenheid* by die mens en die pad na die finale einde wanneer God *alles in almal en alles sal wees*, aanwys (1 Kor. 15:28) (Du Rand, 2013:22).

6.3.3 God verleen identiteit, skep verhouding, versorg en dra verantwoordelikheid oor

God se eskatologiese voorneme, sy *skeppingsbedoeling* om iets wat Hyself is deur sy Seun Jesus Christus vir die mens te gun, kom tot uitdrukking in sy dade om aan die mens 'n *Goddelike identiteit* te verleen, daarmee saam 'n *intieme verhouding* tussen Hom en die mens te vestig en om unieke *versorging* te voorsien. Uit die aard van dié onderneming van God met die mens is die mens ook bevoorreg om *medeverantwoordelik* of *medewerkend* met God op die reis te wees. Die ingryp van God na die mens word aanvanklik gedemonstreer met die skeppingsgebeure toe sy Gees in die donker oor die diep waters gesweef het en Hy gesê het dat daar *lig* moet wees (Gen. 1:2-3; kyk ook Joh.1:1-9; 2 Kor. 4:6). Hierdie ingryp van God na die mens is ook duidelik sigbaar toe God besluit het om die mens na sy *beeld*, na sy gelykenis te maak, hulle in die *Tuin van Eden geplaas* het en aan hulle *verantwoordelikheid* oorgedra het (Gen. 1:2-3, 26-31). Die grondslag en die volbringing van God se onderneming met die mens is in sy Seun, in sy menswording, sy dood, sy opstanding en die koms van die Heilige Gees gewortel, en sal met die wederkoms tot volmaking kom (Heb. 2:10-16; Gal. 4:4-6; Joh. 3:4-17; 4:13-14; 1:12-13; Jes. 53:5; Rom.4:24-25; 8:13-17; Ef. 1:3-5; Joh. 14:2-3; Kol. 3:4; 1 Joh. 3:2).

In hierdie studie is daarop gewys dat die temas van *Goddelike identiteit, verhouding, sorg* en *medebetrokkenheid,* of medeverantwoordelikheid, deur die Bybel soos 'n silwer draad van die begin tot by die volmaking met 'n *nuwe wêreld* en *nuwe saamwees* loop (Gen. 3:15; 9, 12:2; Ek. 3:1-10; 2 Sam. 7:16; Jes. 7:14; 8:8, 10; 65:17; 66:22; 2 Kor. 4:5-15; 2 Pet. 3:12-13; 1 Joh. 3:2; Op. 21:1, 7). Du Rand (2013:97) meld dat ook die boek Daniël dit bevestig dat God se eskatologiese pad oor elke bladsy van die Ou Testament geskryf staan en samevattend sê dat: God g*ee om*, want Hy is heilig; God *gryp in*, want Hy beheer die geskiedenis van volke en nasies; God *voltooi* wat Hy begin het. Al sou die Ou Testament nie uitdruklike uitsprake oor bepaalde eskatologiese oomblikke soos die wederkoms, die oordeel of die hel en hemel maak nie, moet die eskatologiese karakter van die Ou Testament raakgesien en ontleed word (Du Rand, 2013:55).

In hierdie ondersoek is verwys na die Heilige Gees wat vanaf die skepping en in die hele uitreikproses van God na die mens *werksaam* was. Dwarsdeur die Ou Testament is die Heilige Gees se werksaamheid en betrokkenheid sigbaar. Dit word ondermeer sigbaar met die uittog in die woestyn, die rigters, die konings en die profete. Die menswording van Jesus, sy bediening op die aarde, sy dood en opstanding staan in die lig van die Heilige Gees (Luk. 1:35, 41, 67; 2:25, 40; 3:22; 4:14, 18; Hand. 10:38: Ef. 1:19-23; Heb. 9:14). Die Heilige Gees realiseer ook die versoening en die "*nuwe skepping*" in die gelowige se lewe (Joh. 3; Tit. 3:5; Rom. 6:4; 2 Kor. 5:17). Hulle wat glo word uit die Gees *gebore* en vind 'n nuwe *identiteit* in Christus en staan deur die Heilige Gees in 'n nuwe *verhouding* met Hom. Hulle word deur die Gees aangeneem as *kinders* van God of gemaak tot kinders van God en roep aanhoudend deur die Gees: "*Vader*!" (Rom. 8:15; Gal. 4:6). Hulle is van God se *sorg* verseker en is erfgename van God en mede-erfgename van Christus (Rom. 8:17; Gal. 4:7). Deur die Heilige Gees is die gelowige *beseël as eiendom* van God en die Heilige Gees is ook die *waarborg* dat die gelowige sal ontvang wat God belowe het (Ef. 1:13-14; 4:30; 1 Kor. 1:22). Die Heilige Gees begelei die gelowiges op die pad na volmaking om in hoop te leef, 'n vernuwende leefstyl te beoefen en hul roeping te vervul (Ef. 1; Rom. 8; Gal. 5:16-26). Die doop met die Heilige Gees, wat 'n belofte vir die laaste dae was, is 'n uniek realisering van die Here se liefdevolle teenwoordigheid, Goddelike identiteit, verhouding, sorg en die gelowige se medebetrokkenheid (Joh. 7:38-39; 14:16-18, 26; 16:7-15; Hand. 2:4-11, 17-18, 38-39; Hand. 1:4, 8; Luk. 24:48-49). Die Heilige Gees sal ook betrokke wees met die oorgang na die *volmaking* (Rom. 8:11).

Al die eskatologiese temas gaan uitmond in die alles omvattende nuwe skepping, naamlik die nuwe mensheid (mense wat God gaan sien en soos Hy gaan lyk {1 Joh. 3:2}), die nuwe hemel en nuwe aarde van God, wat die tuiste en ewige saamwees met God sal wees. Dié volmaking is God se ewige liefdesbedoeling in sy almag wat Hy deur sy Seun tot stand bring en sal voltooi (Dan. 7:13-18; Heb. 1:1-8; Jes. 65:17-18; 66:22; Matt. 25:34; Rom. 8:28-30; 2 Pet. 3:12; Op. 21:1, 7; Joh. 14:3; 17:23-24; 1 Kor. 15:54; 1 Tess. 4:15-18; 5:10-11; 2 Tim. 1:9-10). Die eskatologie is dus ŉ verhaal van God, die Almagtige (Gen. 17:1; 2 Kor. 6:18; Op. 1:8; 21:22), wat in die skepping met sy eie mense (gelowiges) op pad is na sy volmaakte toekoms. Die pa van die verlore seun het vir sy seun by die huis verduidelik: "Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune" (Luk. 15:31).

6.3.4 God se skeppingsbedoeling – 'n openbaring van God se groot liefde

Wat in hierdie reis besig is om te gebeur en waarheen die Almagtige met die skepping en sy mense op pad is, is deel van Homself of 'n weerspieëling van wie Hy is: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid" (Rom. 11:36).

Johannes sê: "God is liefde" (1 Joh. 4:8), en dan verklaar hy in die volgende vers: "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe".

As ons aanneem dat die Bybel vanaf die begin eskatologiese gerig is (Du Rand, 2013:55) en ons leer dat God met sy skepping op pad is na 'n toekoms (die nuwe wêreld) en sy mense in liefde daarheen begelei, dan is dit ook duidelik dat ons van die begin af met God se liefde gekonfronteer word wat eendag sal uitloop op sy volmaakte vervulling daarvan in sy "eie mense" (Joh. 13:1). In Psalm 23:6 (1983) sê Dawid: "U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae". Die hooftema van Psalm 136 is ŉ loflied op die "goedertierenheid (1953) of die "liefde" (1983) van die Here wat tot in ewigheid is. Die inhoud van die Psalm bestaan uit lof aan die Here, want Hy is goed (1), Hy is oppermagtig in die hemel en op die aarde (1-4), Hy het die hemel en aarde met insig gemaak (5-9), Hy het wonders gedoen met die totstandkoming van Israel (10-24) en die God van die hemel sorg vir al wat lewe (25-26). Elkeen van dié 26 verse het ŉ refrein: "Aan sy liefde is daar geen einde nie" (1983). Oor hierdie loflied van die liefde van Here merk Geldenhuis (1958, deel 2:1311) op dat dit

opvallend is hoe die skepping van die wêreld en die ‘skepping’ van die volk Israel hier vlak naas mekaar genoem word. Geldenhuis se opmerkings is veral in Jeremia 31:31-36 sigbaar as die profeet van die nuwe verbond skryf en dit verbind aan God se trou aan die skepping.

God het in liefde Homself in Jesus vir die mens ontledig (Jes. 53; 2 Kor. 8:9; Fil. 2:6-8) – dié mens wat 'n ontaarde gevangene van die sonde en die dood was en is (Joh. 8:34; Rom. 3:10-18, 23; 6; Ef. 2:1-7; Luk. 23:33-49; Kol. 2:14-15). Met die koms van Jesus is dit God wat die wêreld só lief gehad het dat hy sy enigste Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, en saam met Hom alles genadiglik skenk (Joh. 3:16; Rom. 8:32). Verder verneem ons dat Jesus nie aan sy bestaan as om aan God gelyk te wees, vasgeklem het nie, maar deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word, het Hy Homself ontledig. In die gedaante van 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood, ja, die dood van 'n kruis (Fil. 2:6-8). Deur sy dood het Hy mense wat glo van hulle nietige lewenswandel losgekoop om hulle as sy *eie kinders* aan te neem/te maak (Rom. 8:15-17; Gal. 3:13; 4:5; 1 Pet. 1:18). Eendag wanneer hulle Hom met sy verskyning sal sien soos Hy is en aan Hom gelyk sal wees, sal hulle die groot liefde van God ten volle ontdek (1 Joh. 3:1-2: Op. 14:1-4; 21:1-7).

6.3.5 Die eskatologie -'n reis van hoop

In hoofstuk 4 het ons gemerk dat die Christelike hoop by die Premillennialiste hoofsaaklik rondom sekere gebeure wat in hulle leerstukke oor die einde na vore kom, wentel. Die gedagte van hoop word veral in die konteks van die geheime *wegraping* van die gelowiges, die *ontsnapping* van die Groot Verdrukking, 'n sewe jarige *bruilof* iewers in die lug en die verwagte *duisend jarige aardse regering* waar die gelowiges aan die regeringstelsel gaan deelneem, genoem.

In die eskatologiese benadering vanuit die perspektief van God se skeppingsbedoeling, word daarop gewys dat God sy eie mense van die begin tot by die volmaking in *Goddelike hoop dra*. As die Bybel vanaf die eerste bladsy eskatologies gerig is, dan is daar vanaf die eerste bladsy 'n *verwagting* en Goddelike *hoop* ter sprake. Die hele skepping en die mensewêreld is van die begin af binne hierdie *eskatologiese hoop* geplaas (Rom. 8:20-30). Trouens, die op-pad-wees saam met God is reeds ’n gebeure van hoop (kyk Hebreërs 11en 12). Paulus se keuse om Christus te dien,

gaan juis oor hierdie hoop en oor die opstanding uit die dode wat 'n belofte van God aan die vaders was (Hand. 23:6; 24:21; 26:6-8). Petrus skryf:

> Geseënd is God die Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemel bewaar is vir ons (1 Pet. 1:3-4).

6.3.5.1 Die hoop funksioneer in 'n negatiewe wêreld

Die omgewing waarin die gelowige hom met sy hoop bevind is 'n *donker en gebroke wêreld* (Gen. 1:2, Jes. 9:1; Joh. 1:5, 9). Die omstandighede is baie teleurstellend en staan soms in skrille kontras met die verwagte volmaakte toekoms. Daar is vanaf die begin 'n vyandskap tussen die bose en God se mense (Gen. 3:15). Hulle word deur die listige slang, die leuenaar, die bedrieër, verlei, verdruk, geroof en vermoor (Gen. 3; 1 Kron. 21:1; Job 1:6-9; Sag. 3:1; Mark. 1:13; Luk. 13:16; 22:31; Joh. 8:44; 10:10; Hand. 5:3; 2 Kor. 11:14; 2:12:7; 1 Pet. 5:8; Op. 12:9). In die Nuwe Testament is dit ook duidelik dat die wêreld God se mense terwille van Jesus en oor hul hoop op God haat en smaad en dit sal aan die einde toeneem (1 Tim. 4:10; 1 Kor. 1:23-24; Matt. 24:13-28; 2 Tess. 2). Die bose, en hierdie donker en gebroke wêreld, bevraagteken gedurig die waarheid van die geloof, verkleineer dit, saai twyfel oor die uitkomste daarvan en poog om gelowiges te verlei tot sonde en ongeregtigheid (Gen. 3:1-5, 13; 39:7-12; Rig. 8:22-23, 24-28; Ps. 2:1-2; Neh. 2:19; Jes. 36:15-20; 37:4; Matt. 4:1-11; Hand. 4:25-29; 1 Joh. 2:18, 22-24; 2 Joh. vers 7-9; 2 Tess. 2:7-9; Heb. 3:12-14; Tit. 1:10-11).

Die skrywer van Hebreërs wys daarop dat die geloofsreis na die finale bestemming lank is en dat daar diegene is wat in die geloof gesterwe het sonder om die belofte te verkry, “maar hulle het dit uit die *verte* gesien en geglo en begroet, en bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde is, want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek” (11:13-16).

In Hebreërs 12 word op die gevaar gewys dat in die maratongeloofswedloop die *hoop verflou* of *geblus* kan word en mense se siele so vermoeid kan word dat hulle in hierdie wedloop kan verslap (12:3). Die bedreiging is ook dat mense sonde kan toelaat (12:1), dat verbittering kan intree (12:15), of dat iemand net soos Esau sedeloos en goddeloos kan word en dan sy “eersgeboortereg” vir een maaltyd verkoop (12:16). As iemand Esau se spore sou volg, bly daar geen geleentheid vir berou oor nie (12:16).

Jesus het ook met gelykenisse op bepaalde gevare gewys wat kan ontstaan as die wederkoms talm om te gebeur. In Matthéüs 24:48-49 het die slaaf in sy hart gesê: "My heer talm om te kom – en hy het sy mededienskнegte begin slaan en saam met dronkaards begin eet en drink"; in Matthéüs 25:5 het die tien meisies toe die bruidegom talm om te kom almal vaak geword en aan die slaap geraak.

Dit is juis in dié *gebroke wêreld* en waar die reis lank is waarin die Christelike *verwagting* die gelowige pelgrim *begelei*. Dit was hoop wat Abraham aan die hand geneem het en hom laat wag het op die vervulling van God se beloftes, en hom laat handel het soos wat God van hom verwag het. Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo in God (Rom. 4:17-18). Ons hoop in God neem ons ook so aan die hand en kan selfs groei in tye van swaarkry:

> ...ons verheug ons in die hoop op die heerlikheid wat God vir ons bestem het. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van die geloof, en egtheid van die geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het (Rom. 5:2-5, 1983).

Daar is ook reeds op gewys dat die gelowige se hoop, nader aan die wederkoms, onder meer druk sal kom. Daar gaan 'n hewige verdrukking wees. Dit is 'n verdrukking wat teologies verbind word aan die verskyning van "die Antichris" (Matt. 24:15; 2 Tes. 2:3-10; 1 Joh. 2:18).

6.3.5.2 Die eskatologiese reis – 'n opwindende lewe van hoop

In die alternatiewe beskouing van die eskatologie wat gebaseer word op 'n geheelperspektief van God se skeppingsbedoeling met die mens het ons één verhaal: God die Skepper en Verlosser van die wêreld is van die begin af met sy mense op pad na 'n bepaalde bestemming, na *'n nuwe wêreld en ewige nuwe saamwees met Hom en mekaar*. God se ewige bedoeling word in die Jesusgebeure en deur die werk van die Heilige Gees duidelik gemaak (Ef. 1; 3:9, 11; Kol. 1:15-20; Heb. 1; Rom. 8:29-30; 1 Pet. 1:2-5; Joh. 1). Dit is 'n feestelike reis van *Goddelike hoop* in 'n wêreld wat van die begin af donker was (Gen. 1:2; Jes. 9:1; Joh. 1;4-5; 2 Kor. 4:6). God se verhouding met die mens het altyd gelei na die vooruitsig op 'n opwindende volmaakte "einde" saam met Hom (Joh. 14:3; Heb. 11:12-16; 1 Pet. 1:3-6; Matt. 22:2; 25:34; Luk. 12:33; 22:29-30; Op. 19:7, 9; 21:1-7; 22:1-5).

6.3.5.2.1 Die reis van hoop vanaf die begin 'n belewenis

Die eskatologiese op-pad-wees van hoop is nie net op ’n toekomstige verwagting gerig nie, maar die reis self is geklee in bepaalde “heerlikheid”. Dit gaan altyd gepaard met 'n ervaring van *Goddelike identiteit, verhouding, sorg* en *medeverantwoordelikheid* met God. God se interaksie met sy mense was en is ’n deurlopende belewenis van sy krag, heerskappy en liefde. Voorbeelde hiervan is onder meer die lewens van gelowiges, soos Noag en sy huis in hulle redding in die sondvloed, Abraham en God se verbond met hom, Moses en die uittog na Kanaän en koning Dawid aan wie die Here bevestig dat sy koninklike troon tot in ewigheid sal wees (Sam. 7:12-16). Dit is ’n eskatologiese verhale van verrassende en verheffende ondervindings, van innigheid, sorg en betrokkenheid van God.

Dit is veral in die nuwe bedeling met die Jesusgebeure wat die eskatologiese hoop, 'n omwentelende invloed op gelowiges se lewens uitoefen en hulle aan die hand neem vir die toekoms. Die hoop, die toekoms, wat in die Jesusgebeure gefundeer is, voorsien vir mense 'n vaste vertroue op die toekoms en open reeds 'n ervaring van God se toekomsheerlikheid vir die gelowige (Heb. 3:6; 1 Pet. 1:3-9; 1 Joh. 3:1-3: Hand. 7:55-60). Deur geloof in Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees het die toekoms en die nuwe lewe, in mense se lewens begin wortelskiet. Hoop is 'n versekerde “jaag” en “gryp” na die opstanding, na die nuwe wêreld, omdat God se mense reeds “deur Jesus Christus gegryp is” (Fil. 3:12-14). Die hoop wil sy hande lê op die opstanding van Jesus ten opsigte van die belofte van die *alreeds* van die heerlikheid van God én strek hom ook uit na die heerlikheid wat by die volmaking *wag*. Dit is om nou reeds in die hede deel te hê aan die heerlikheid van God wat vir die gelowiges in die toekoms voorlê (Du Rand, 2013). Die hoop is al ’n sigbare werklikheid van 'n Goddelike toekoms in die gelowige se lewe. Hoop bestaan in die wonderlike werklikheid van *alreeds* en *nog nie* van God se skeppingsbedoeling met die mens wat kan aansluit by die pa se antwoord aan die seun by die huis: “Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is ook joune” (Luk. 15:31; kyk ook Rom. 8:31-39).

Paulus skryf aan die Efésiërs:

> Ek bid dat julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo, na die werking van die

> krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit dien doodopgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele (Ef. 1:18-19, 1983).

Oor hierdie *hoopvolle lewenstyl* skryf Paulus: “Mag die God van die hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees” (Rom. 15:13, 1983). Die alreeds en die realisering van die nuwe skepping is die gelowige se op-pad-wees na die volmaakte einde (Gal. 6:15; 2 Kor. 5:16-17; 2:3:16-18; 1 Joh. 3:1-2).

6.3.5.3 Die reis van hoop se invloed op die “buite-mense”

Daar was deur die eeue altyd vyandskap tussen die lig en die duisternis, maar tog het die verhaal van God se opmars met sy mense altyd ’n getuienis en invloed op die wêreld oorgedra. Hierdie waarheid word reeds vroeg in die verhale van Abel, Noag, Lot en die Aartsvaders gedemonstreer (Gen. 4:4-5, 8; 6; 7; 14:18-20; 19 26:27-29; Matt. 24:37-38; Luk. 17:28-30; 1 Pet. 3:20; 2:2:5; 2:3:6; Heb. 11). In ’n lied na die tog deur die Skelfsee het Israel onder meer gesing: “U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het; U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer. Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; weë het die inwoners van Filistea aangegryp” (Eks. 15:13-14; kyk ook Num.14:14 en Jos. 5:1).

Daar is verwys na Ragab, 'n prostituut in Jerigo, wat aan die verkenners verklaar het: “Ek weet dat die Here die land aan julle gegee het… Toe ons dit hoor (die gebeure van die uittog), het ons hart gesmelt,… want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder” (Jos. 2:9 en 11). Sy het in die Here geglo en deel geword van dié wat op God gehoop het en so ’n pelgrim op God se eskatologiese reis geword (Jos. 6:25; Heb. 11:31; Jak. 2:25; Matt. 1:5). Net so het die Moabitiese vrou, Rut, geglo en haar hoop op God gestel en saam met Naomi teruggekeer na Betlehem. Sy het aan Naomi gesê: “Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk en u God is my God” (Rut 1:16). Rut het een geslag later ook deel geword van die “geslagregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham” (Matt. 1:1-5).

Petrus skryf: “Wees altyd gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe is” (1 Pet. 3:15, 1983). Moontlik het Jesus ’n eskatologiese lyn vanaf Abraham (Gen. 12:3: “en in jou sal al die geslagte van die aarde van die aarde geseën

word") tot by die kerk getrek in sy verklaring in Matthéüs 5:13- 15 dat die gelowige die sout van die aarde en die lig van die wêreld is, 'n lig op die staander wat vir almal skyn. Paulus wil die gelowiges sien as: "kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie hulle skyn soos ligte in die wêreld" (Fil. 2:15). Hy dank God dat Hy die gelowiges altyd saam in sy *triomftog* voer en, omdat hulle een is met Christus, versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur en sê: "Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word….Vir die wat verlore gaan, is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir die wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek" (2 Kor. 2:15-16, 1983). Jesus het vir sy dissipels gesê dat Hy hulle uitverkies het en aangestel het om uit te gaan en vrugte te dra. Die Vader word juis daardeur verheerlik dat hulle baie vrugte dra en sy dissipels is (Joh. 15:16, 8).

6.3.5.4 Volharding in die reis van hoop

In die donker wêreld waar die gelowiges deur vervolging ly, maar waarin hulle ook bedoel is om soos ligte in 'n donker wêreld te skyn, moet hulle na bo kyk en hulle hoofde ophef; wetende dat hulle verlossing naby is (Luk. 21:28). Eendag sal al die stamme van die aarde die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid (Matt. 24:30). Wanneer mense hulle beledig en vervolg, moet hulle hul verbly en verheug omdat hulle loon groot is in die hemele (Matt. 5:11-12). Openbaring 22:12: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by my, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. – om die loon te gee aan sy diensknegte – klein en groot". "As ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom verheerlik word" (Rom. 8:17). Paulus praat van homself as 'n dienskneg van God "in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het" (Tit. 1:1-2). Hy spoor die gemeente in Kolosse aan om aan die geloof vas te hou en sê dat hulle vroeër ver van God en vyandiggesind teenoor Hom was, maar nou:

> ...het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie (Kol. 1:22-23, 1983).

Aan Titus skryf hy dat die genade aan ons verskyn het en leer ons "om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser Jesus Christus" (2:12-13).

6.4 SLOT

Ten slotte moet ons saam met Joubert en du Rand verklaar dat ons op die aarde nie so tuis mag raak dat ons nie meer die moeite doen om Jesus terug te nooi nie. Ons moet elke dag vir Hom vra om die tyd korter te maak sodat ons saam met Hom by die eindfeesmaal kan aansit (Joubert, 2012:121). Du Rand (2013) noem dat ons geestelike lewe 'n fees is van en 'n bewustelike strewe na 'n uitreik en Geestelike aanraking van die onsienlike. Hy stel dat ons in ons eskatologiese geestelike bewussyn nou reeds op aarde die simboliese heelal (nuwe hemel en nuwe aarde) van projeksie soos die boek Openbaring dit voorstel, beleef. Deur die werking van die Heilige Gees weet 'n gelowige dat hy/sy deel is van die groot menigte navolgers van die Lam, deel is van die martelare aan die voet van die altaar (Op. 6 en 7); deel is van die 144 000 op die berg Sion (Op. 14); deel is van die bruilof van die Lam (Op. 19); deel is van die hallelujakoor (Op. 19) en deel is van die Nuwe Jerusalem (Op. 21) (Du Rand, 2013:422).

Openbaring 7:9, 14-16; 21:6; 22:12 (1983):

> Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kan tel nie. Hulle was uit elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande. Hy sê toe vir my: 'Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien hulle Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit sal by hulle bly. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie, want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die trane van hulle oë afdroog. Verder sê Hy vir my: 'Ek is die Alva en die Omega, die Begin en die Einde. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry'. Jesus sê toe weer: 'Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My ...'"

Die Gees en die bruid sê: "Kom!" (Op. 22:17). "Hy wat dit alles getuig, sê: 'Ja, Ek kom gou!'" (Op. 22:20).

BRONNELYS

ACHTEMEIER, P.J., GREEN, J.B. & THOMPSON, M.M. 2001. Introducing the New Testament – its literature and theology. Grand Rapids: Wm. B. Eerdsman.

BALFOUR, G. 2011. Pentecostal eschatology revisited. *The Journal of European Pentecostal Theological Association*, 31(2):127-140.

BARKER, K.L. 1993. Premillennialism in the book of Daniel. *The Master's Seminary Journal*, 4/1:25-43.

BERKHOF, H. & DE JONG, O. 1967. Geschiedenis der kerk. Nijkerk: G. F. Callenbach N.V.

BERKHOF, L. 1963. Systematic theology. London: The Banner of Truth.

BIGGS, W.W. 1965. An introduction to the history of the Christian church. London: Edward Arnold.

BLOESCH, D.G. 2004. The last things – controversial themes in eschatology. *Christian Foundations*, 28-46.

BOETTNER, L. 1964. The Millennium. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Co.

BOLT, J. *ed*. 1996. The last things. Herman Bavinck. Translated from Dutch by John Vriend. Grand Rapids: Baker Books

BROWN, D.R. 2010. "The God of peace will shortly crush Satan under your feet": Paul's eschatological reminder in Romans 16:20a. *Neotestamentica*, 44(1).

BURGER, I. 1987. Geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. Braamfontein: Evangelie Uitgewers.

COETZEE, C.F.C. 2013. Ho eschatos: the eschatological Christ and the future of reformed theology. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 47(1).

CRUTCHFIELD, L.V. 1988. The apostle John and Asia Minor as a source of Premillennialism in the early Church Fathers. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 31/4: 411-427.

DE SMIDT, J.C. 1993. Chiliasm: an escape from the present into an extra-biblical apocalyptic imagination. *Scriptura*, 45:79-95.

DE SMIDT, J.C. 1994. Revelation 20: Prelude to the omega point – the new heaven and earth. *Sciptura*, 49:75-87.

DE SMIDT, J.C. 2012. Voorkragte van die wederkoms en die koms van God se nuwe wêreld (1 Tes. 5). Wederkoms seminaar, 11-17. September.

DU PLESSIS, L. 2006. Die Wederkoms van Christus. Pretoria: Aktuapers (Edms.) Bpk.

DU RAND, J. 1991. God beheer die geskiedenis : 'n Teologiese-historiese gesigspunt volgens die openbaring van Johannes. *Teologie in konteks*, 582-595.

DU RAND, J. 1995. 666 en die eeuwenteling. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DU RAND, J. 2007. Die A-Z van Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DU RAND, J. 2013. Die einde. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DUVENHAGE, A. 1967. Die institusie van Calvyn. In Afrikaans vertaal en verwerk deur A. Duvenhage. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.

ELLINGWORTH, P. & NIDA, E.A. 1983. A translator's handbook on the letter to the Hebrews. London: United Bible Societies.

FENSHAM, F.C. !981. Die brief aan die Hebreërs. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

FLESHER, L.S. 2009. The historical development of Premillennial Dispensationalism. *Review and Expositor*, 106:35-45.

GELDENHUYS, J.N. 1969. Commentary on the gospel of Luke. London: Marshall, Morgan and Scott.

GELDENHUYS, J.N. reds. 1958. Die Bybel met verklarende aantekeninge. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers..

GOULD, S.J. 1997. Questioning the millennium. Parktown: Random House South Africa.

GROSHEIDE, F.W. red. 1956. Bybelse ensiklopedie. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

HATTINGH, W. J. 1984. Verkondiging en viering as terapeutiese momente in pastorale versorging. Pretoria: UNISA. (Tesis – D. Th.).

HENDRIKSEN, W. 1969. The gospel of John. London: The Banner of Truth Trust.

HORTON, S.M. *ed*. 1995. Systematic theology. Springfield : Logion Press.

ICE, T. 1992. Alan P. Boyd, Premillennialism, and the Post-Apostolic Fathers, part II. *Dispensational Distinctives,* II:1-4.

JEREMIAH, D. 2008. Wat op aarde is aan die gang? Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

JOUBERT, S. 2012. Die wederkoms. Vereeniging: Christelike Uitgewers.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1969. Commentaries on the Old Testament – Minor prophets, vol.1. Grand Rapids: Wm. B. Eerdsman.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1971. Commentaries on the Old Testament – Samuel. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

KLEYNHANS, B. 2000. Eskatologie: die toekomsleer. Pretoria: Kleynhans.

KLEYNHANS, B. 1980. Die Koning kom. Lynn East: Bennie Kleynhans.

KÖNIG, A. 1970. Jesus Christus die Eskatos. Pretoria: N.G.Kerk-boekhandel.

KÖNIG, A. 2001. Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra. Kaapstad: Lux Verbi. BM.

KÖNIG, A. 2009. 'n Perspektief op Openbaring. Vereeniging: Chritelike Uitgewersmaatskappy.

LINDSEY, H. 1996. Planet earth – 2000 A.D. Palos Verdes : Western Front, Ltd.

MacCULLOCH, D. 2009. A history of Christianity – the first three thousand years. London: Penguin Books.

MAIER, W.A. 1999. Eschatological events in New Testament perspective. *Concordia Theological Seminary*, Quarterly:19-39.

MALAN, W.C. 1970. Die wederkoms. Brakpan: Gereformeerde Uitgewers.

MÖLLER, F.P. 1998. Word of light and life- vol.7. The great endtime events. Pretoria: JL v Schaik.

MÖLLER, F.P. 2011. Die eskatologie : Tema 1. Lesings in eskatologie, 1-26.

MURRAY, G.L. 1960. Millennium studies. A search for truth. Grand Rapids: Baker Book House.

MURRAY, J. 1967. The epistle to the Romans. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

NETHERTON, D. 1999. Histotical Premillennialism: Taking a long view. httm//www.christianitytoday.com/history/issues-61/histiry-premillennialism-taking-long-view.html. Date of access:10 November 2016.

NORTH, G. 1996. Millennialism and the progressive movement. *Journal of liberatarian studies*, 12:1:121-142.

PRETORIUS, M. 2007. Shaping eschatology within science and theology. *Verbum et Ecclesia*, 28(1):191-205.

RIDDERBOS, H. 1969. The coming of the kingdom. Vertaal vanaf Nederlands deur H. de Jong. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ROBERTSON NICOLL, W. *ed.* 1970. The expositors Greek Testament, vol.2, 3, 4, 5. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

ROUSE, R. & NEILL, S.C. *eds*. 1967. A history of the ecumenical movement 1517-1948. 2nd ed. London: S.P.C.K.

SCHWARZ, H. 2000. Eschatology. Cambridge: Wm. B. Eerdmans.

SHELLEY, B.L. 2013. Church history in plain language. 4th ed. Nashville: Thomas Nelson

VAN DER WALT, T. 2007(a). Die Koning van die heelal. *Die Kerkblad*, 110:22-23.

VAN DER WALT, T. 2008(a). Die aktualiteit van die wederkoms: die hoofwedstryd – vir voorwedtrydspelers. *Die Kerkblad*, 110(3212):18-19.

VAN DER WALT, T. 2008(b). Hoe moet 'n Gereformeerde teoloog met die Bybel omgaan? *In die Skriflig*, 42(4): 755-771.

VAN DER WALT, T. 2007(b). Die Messias het gekom! Pretoria: V&R Drukkery.

VAN RENSBURG, F.J. 2010. Die eskatologie van 1 Petrus: hoop en vindikasie vir tydelike en permanente uitlanders. *In die Skriflig*, 44(1):201-227.

VAN SELMS, A. 1967. De Prediking van het Oude Testament, Genesis deel 1. Nijkerk: G.F. Callenbach.

VAN WYK, J.H. 2001. John Calvin on the kingdom of God and eschatology. *In die Skriflig*, 35(2):191-205.

VLACH, M.J. 2012. The Kingdom of God and the Millennium. *The Master's Seminary Journal*, 23/2:225-254.

VOSLOO, C. *red.* 2011. 2012 is dit die einde van die wêreld? Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

WALKER, W. 1968. A History of the Christian Church. Edinburch: T & T Clark.

WALVOORD, J.F. 1970. Israel in prophecy. Grand Rapids: Zondervan.

WALVOORD, J.F. 1977. The blessed hope and the tribulation. Grand Rapids: Zondervan.

WAYNE HOUSE, H. 2012. Premillennialism in the Ante-Nicea Church. *Bibliotheca Sacra*, 169:271-282.